

MANUALIA COMPOSITA 4
UNISA 1991



Kinderkeur

*'n Gids tot bekroonde
Suid-Afrikaanse
kleuter-, kinder- en
jeugboeke tot 1989*

J.A. Kruger

*Universiteit van Suid-Afrika
Pretoria*

© 1991 Universiteit van Suid-Afrika
Eerste uitgawe, eerste druk

ISBN 0 86981 657 8

Geset in 10 op 11 pt Clearface deur
Pretoria Setters, Pretoria

Gedruk deur
Sigma Press, Koedoespoort

Uitgegee deur die
Universiteit van Suid-Afrika
Posbus 392, 0001 Pretoria

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier — hetsy meganies of elektronies, met inbegrip van plaat- en bandopnames en fotokopiëring — gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie, met die uitsondering van redelike aanhalings vir navorsings- en resensiedoeleindes.

Inhoud

<i>Voorwoord</i>	ix
------------------------	----

Hoofstuk EEN Die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur

1.1 Die ontstaan van die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur	3
1.2 Holloway, Christina Maria	5
1.3 Rothmann, Maria Elizabeth	7
1.4 Grobbelaar, Pieter Willem	14
1.5 Linde, Christovira Frederika	24
1.6 Heese, Hester Maria	29
1.7 Holloway, Christina Maria	34
1.8 Heese, Hester Maria	38
1.9 Linde, Christovira Frederika	40
1.10 Rupert, Carolina Wilhelmina	42

Hoofstuk TWEE Die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek

2.1 Die ontstaan van die C.P. Hoogenhout-toekenning	49
2.2 Hoogenhout, Casper Peter	55
2.3 Kühne, Wilhelm Otto	57
2.4 Bouwer, Albertha Magdalena	61
2.5 Du Plessis, Francois	64
2.6 Linde, Christovira Frederika	67
2.7 Komnick, Günther	68
2.8 Komnick, Günther	72
2.9 Grobbelaar, Pieter Willem	76
2.10 Bouwer, Albertha Magdalena	79
2.11 Linde, Christovira Frederika	83
2.12 Linde, Christovira Frederika	85
2.13 Rupert, Carolina Wilhelmina	87
2.14 Linde, Christovira Frederika	90
2.15 Heese, Hester Maria	93
2.16 Bouwer, Albertha Magdalena	95
2.17 Tafelberg-Uitgewers	98

Hoofstuk DRIE Die Scheepers-prys vir Jeuglektuur

3.1	Die ontstaan van die Scheepers-prys vir Jeuglektuur	103
3.2	Scheepers, Frederick Lucas	105
3.3	Schoeman, Pieter Johannes	107
3.4	Kühn, Christoffel Hermanus	112
3.5	De Klerk, Willem Abraham	120
3.6	Bouwer, Albertha Magdalena	126
3.7	De Kock, Susara Susanna	130
3.8	Rothmann, Maria Elizabeth	137
3.9	Du Plessis, Izak David	140
3.10	Nortjé, Peter Henry	146
3.11	Joubert, Gert Jacobus	152
3.12	Bouwer, Albertha Magdalena	156
3.13	Vermaas, Hans Jurie	163
3.14	Schoeman, Pieter Johannes	168
3.15	Louw, Anna Margaretha	174
3.16	Venter, Jacobus Philippus Benjamin	177
3.17	Kielblock, Karl	182
3.18	Van Reenen, Rykie van der Byl	186
3.19	Rothmann, Anna Wilhelmina	192
3.20	Linde, Christovira Frederika	196
3.21	Rabie, Jan Sebastiaan	199
3.22	Rupert, Carolina Wilhelmina	204
3.23	Linde, Christovira Frederika	209
3.24	Van Niekerk, Rudolf Johannes	212

Hoofstuk VIER Die Percy FitzPatrick-toekenning vir die beste Suid-Afrikaanse kinderboek in Engels

4.1	Die ontstaan van die Percy FitzPatrick-toekenning	219
4.2	FitzPatrick, James Percy	221
4.3	Poland, Marguerite	225
4.4	Poland, Marguerite	228
4.5	Beake, Lesley	230
4.6	Beake, Lesley	233

Hoofstuk VYF Die Katrine Harries-toekenning vir Kinderboekillustrasies

5.1	Die ontstaan van die Katrine Harries-toekenning	237
5.2	Harries, Katarine Friderike	239
5.3	Harries, Katarine Friderike	243
5.4	Harries, Katarine Friderike	246
5.5	Coetzee, Cornelia	247
5.6	Walton, Anna Helena	252

5.7	Van Zyl, Jacobus Adriaan Louw	255
5.8	Bothma, Alida Susanna	257
5.9	Daly, Nicholas	265
5.10	Grimsdell, Jeremy	268
 <i>Personeregister</i>		 271
 <i>Register van bekroonde boeke</i>		 273

Voorwoord

Tydens die samesteller se jarelange betrokkenheid by die onderwys en die biblioteekwese het hy bewus geraak van die behoefte aan 'n naslaanwerk oor die skrywers en illustreerders van bekroonde Suid-Afrikaanse kleuter-, kinder- en jeugboeke. Hierdie bekroonde boeke, gesien in die raamwerk van die tydperk waarin hulle bekroon is, kan beskou word as die juwele in die Suid-Afrikaanse kleuter-, kinder- en jeuglektuur. Daarom kan daar verwag word dat hierdie werke in die biblioteke van skole, onderwyskolleges en universiteite asook in openbare biblioteke beskikbaar sal wees. In 'n terugskouing oor hierdie boeke mag sommige daarvan, gemeet aan die huidige kriteria, tans moontlik minder geskik wees as ander. Die feit van die saak is egter dat al hierdie boeke gedurende die tydperk tot aan die einde van 1989 bekroon is en dus geëvalueer moet word volgens die norme wat geldend was ten tye van hulle bekroning.

In Suid-Afrika is literêre toekennings, uitgesonderd die Hertzogprys, en die bekroonde boeke en skrywers nie algemeen bekend nie. Met hierdie publikasie word 'n poging aangewend om enkele van hierdie toekennings asook die betrokke boeke en skrywers/illustreerders in 'n wyer kring bekend te stel. Om die omvang van hierdie publikasie binne perke te hou, kon alle toekennings wat bestaan nie ingesluit word nie. Gevolglik is daar besluit om slegs die gekose toekennings as die belangrikstes op die gebied van Suid-Afrikaanse kleuter-, kinder- en jeugboeke in te sluit. Lyste van die bekroonde boeke bestaan wel, maar biografiese besonderhede oor verskeie skrywers en illustreerders en besprekings van die betrokke boeke is dikwels moeilik om te vind.

Hierdie publikasie is nie die resultaat van 'n krities-evaluerende letterkundige ondersoek na die werk van sekere skrywers en illustreerders nie. Daarom word geen kritiese kommentaar deur die samesteller op die boeke of op die resensies of op die werk van individuele skrywers en illustreerders gelewer nie. Diegene wat in hierdie aspekte belangstel, word verwys na ander bronne wat hieraan aandag gee.

Die samesteller het alles in sy vermoë gedoen om die biografiese gegewens so noukeurig en objektief as moontlik aan te bied. In 'n werk van beperkte omvang soos hierdie is dit egter onmoontlik om 'n omvattende en volledige biografie van elke skrywer en illustreerder aan te bied. Nogtans was dit 'n omvattende taak. Dit het gou geblyk dat 'n volledige lys van publikasies van elke skrywer en illustreerder nie moontlik was nie. Teen die tyd dat die gegewens van die laaste persoon op datum gebring is, was die gegewens met betrekking tot die eerste een al weer verouderd. Daarom word daar nie aanspraak gemaak op volledigheid nie.

Ná die biografiese skets van 'n betrokke skrywer/illustreerder volg twee resensies oor die bekroonde boek. In die gevalle waar 'n toekenning gemaak is op grond van verskeie werke deur die skrywer, is daar volstaan met een resensie oor enkele van die betrokke boeke. Alle resensies wat oor die bekroonde boek gepubliseer is, is geïdentifiseer en 'n keuse is hieruit gemaak. Die resensies wat gebruik

is, is geskryf deur verskillende resensente oor 'n lang tydperk en mag daarom van wisselende standaard wees. Sommige is besonder lank, ander weer besonder kort. Die inhoud weerspieël egter die siening van die resensente in die tyd toe dit geskryf is. Daarom word die naam van die resesent, die bron waarin die resensie verskyn het en die datum daarvan aan die einde van elke resensie aangedui. Langs hierdie weg word daar ook erkenning gegee aan die belangrike werk wat deur resensente gedoen word. Die kritiese leser mag soms van die resensente verskil, die resensie moontlik minder aanvaarbaar of selfs onaanvaarbaar vind. Media-onderwysers, klas- en vakonderwysers, bibliotekarisse in openbare en ander biblioteke asook ouers en kinders mag daarenteen die resensies nuttig vind by die keuse van leesstof. Daar word vertrou dat media-onderwysers en bibliotekarisse in veral openbare biblioteke hierdie publikasie 'n bruikbare hulpmiddel by leesleiding sal vind.

Deur die navorsing het die samesteller in aanraking met baie van die betrokke skrywers en illustreerders gekom. Daar moes ook soms met uitgewers, familie en vriende geskakel word vir inligting. Aan al hierdie persone wat inligting en foto's voorsien het, word hiermee dank betuig. Redakteurs, resensente en fotograwe wat almal so vriendelik was om toestemming te verleen dat van hulle werk in hierdie publikasie opgeneem mag word, word eweneens bedank. In enkele gevalle waar geen antwoord van redakteurs en fotograwe ontvang is nie, is daar in goedertrou aanvaar dat daar geen beswaar bestaan nie. In alle gevalle waar die samesteller oor die nodige inligting beskik het, is die nodige erkenning gegee aan diegene wie dit toekom.

*Prof J.A. Kruger
Departement Biblioteek- en Inligtingkunde
Universiteit van Suid-Afrika*

Hoofstuk

EEN



Die Tienie
Holloway-
medalje vir
Kleuterlektuur

1.1 Die ontstaan van die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur

In 1969 het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n toekenning ingestel vir die beste werk van bevredigende gehalte in Afrikaans gelewer in die genre kleuterlektuur, d.w.s. vir kinders onder agt jaar. Hierdie toekenning wat bekend staan as die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur, is deur dr. J.E. Holloway geïnisieer. Dr. Holloway was onder andere Sekretaris van Finansies vanaf 1937 tot 1950, Suid-Afrikaanse Ambassadeur in die Verenigde State van Amerika vanaf 1954 tot 1956 en daarna tot 1958 Hoë Kommissaris in Londen. Hy is op 27 Oktober 1979 oorlede.

Tienie Holloway was die eggenote van dr. J.E. Holloway. Na haar dood in 1967 het die gedagte by dr. Holloway ontstaan om haar naam op paslike wyse te laat voortleef. Met die gedagte aan 'n literêre toekenning vir kleuterlektuur het hy met die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in verbinding getree. Na die onderhandelinge wat gevolg het, het die volgende ooreenkoms tot stand gekom:

1. Dr. John Edward Holloway skenk aan die Akademieraad 500 volopbetaalde aandele van die Afrikaanse Handelsbeleggings Beperk.
2. Die Akademieraad onderneem:
 - (a) om 'n Tienie Holloway-Trustfonds te stig
 - (b) om genoemde aandele, en alle ander bates van welke aard ook wat aan die Trustfonds geskenk word, sowel as die inkomste wat uit die bates van die Trustfonds ontstaan, in die Trustfonds te stort
 - (c) om die Trustfonds te beheer ten einde sover doenlik die kapitaal daarvan in stand te hou of te verbeter ...
 - (d) om 'n medalje vir kleuterlektuur daar te stel met die naam "Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur".
3. Die Skenker sal die koste van die stempel van die medalje betaal.
4. Die medalje word van tyd tot tyd na goeëddunke deur die Akademieraad toegeken aan die skrywer of skryfster wat gedurende 'n tydperk, deur die Akademieraad bepaal, die beste werk van 'n bevredigende gehalte in Afrikaans gelewer het in die genre van kleuterlektuur. Met kleuterlektuur word bedoel lektuur vir kinders onder agt jaar, maar die uitdrukking hoef nie op 'n te beperkende wyse toegepas te word nie.
5. Die Akademieraad kan aan die Letterkundige Kommissie van die Akademie of enige ander komitee van die Akademie opdrag gee om 'n skrywer of skryfster aan te beveel, maar die finale besluit berus by die Akademieraad.
6. Die medalje is hoofsaaklik bedoel vir oorspronklike Afrikaanse werk, maar die Skenker beperk nie die vryheid van die Akademieraad om dit in uitsonderlike geval vir vertaalde werk van hoogstaande gehalte toe te ken nie.
7. Die medalje kan vir kleuterversies, -prosa of -drama toegeken word, maar in geval van twyfel verlang die Skenker dat voorkeur gegee word aan kleuterversies.
8. Die Skenker gee aan die Akademieraad die reg om 'n reglement en voorwaardes vir toekenning op te stel ...

9. Die ontwerp van en bewoording op die medalje is onderhewig aan die goedkeuring van die Skenker en die hoofampenaar van die Suid-Afrikaanse Akademie.
10. Die inkomste van die Trustfonds is die bedrae wat van tyd tot tyd by wyse van diwidende, rente of wat dies meer sy ontvang word. Dit sluit nie skenkings aan die Trustfonds in nie. Waar dit voorkom, moet dit aan die kapitaal bygevoeg word.
11. Uit die inkomste soos hier bepaal word jaarliks tien persent (10%) aan die Akademie betaal as administrasiefooi.
12. Die Akademieraad mag, as die inkomste van die Trustfonds dit moontlik maak, meer as een medalje tege-lyk toeken.
13. Die koste van die medalje of medaljes word uit die inkomste van die Trustfonds betaal.



14. Indien na elke afsonderlike toekenning van 'n medalje of medaljes die inkomste 'n oorskot toon, is dit die begeerte van die Skenker dat die Akademieraad, as hy dit goedgevind, ook 'n geldprys aan een of meer van die medaljes toevoeg.
15. As daar na so 'n toekenning 'n oorskot van minstens twee honderd rand (R200) oorbly, bepaal die Skenker dat minstens een honderd rand (R100) by wyse van prysgeld aangewend word. Die Akademieraad besluit aan welke medalje of medaljes die prysgeld toegevoeg word.
16. Die Skenker stel geen perk op die bedrag van die prysgeld nie, mits die prysgeld alleen uit inkomste betaal word. Die restant, indien enige, van die inkomste na elke toekenning van 'n medalje of medaljes plus prysgeld, word aan die kapitaalsom van die Trustfonds toegevoeg.

Die kriteria waaraan kleuterboeke moet voldoen, word nie in besonderhede uiteengesit nie. Daar word slegs in paragrawe 4 en 6 gestipuleer dat dit die beste werk van 'n bevredigende gehalte in Afrikaans in die genre kleuterlektuur moet wees en dat dit hoofsaaklik bedoel is vir oorspronklike Afrikaanse werk. Verder word daar bepaal dat die toekenning gemaak kan word vir kleuterversies, -prosa of -drama, maar dat dit verkieslik aan kleuterversies gemaak sal word indien daar twyfel bestaan.

Met die instelling van die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur, leef die nagedagtenis van 'n begaafde skryfster inderdaad voort. Sedert die instelling daarvan is die volgende toekennings in chronologiese volgorde gemaak:

- 1970 M.E.R. *Karliën en Kandas*. Kaapstad: Tafelberg, 1969.
- 1971 Grobbelaar, P.W. *Vir al sy kleuterboeke vir geskiktheid vir hardoplees*.
- 1972 Geen toekenning nie.
- 1973 Linde, Freda. *Jos en die bok*. Kaapstad: John Malherbe, 1972.
- 1974–1976 Heese, Hester. *Vir al haar kleuterboeke*.
- 1977–1979 Holloway, Tienie. *Rympies van Tienie Holloway*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1977.
Versies van Tienie Holloway. Kaapstad: Human & Rousseau, 1978.
- 1980–1982 Heese, Hester. *Sy wat die soen op haar voorkop dra*. Pretoria: Qualitas, 1980.
- 1983–1985 Linde, Freda. *Die Keiserkroon*. Pretoria: Qualitas, 1984.
- 1986–1988 Rupert, Rona. *Nou wil almal sien*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1987.

Bronne geraadpleeg

1. *Die Akademie-pryse, 1909–1974* (plus bylae Akademiepryse, 1975–1980) [s.p.]: Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, [s.j.]
2. Holloway, Tienie. *Versies van Tienie Holloway*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1978.
3. Lohann, C.A. *Die bekroonde kinderboek en die aanvaarding daarvan deur die kind, met spesiale verwysing na Suid-Afrika*. D Phil -proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir CHO, 1972.
4. Lohann, C.A. Kinderboektoekennings. *Skoolbiblioteek*, 10(2): 35; Desember 1978.
5. Lohann, Carl. *Kinderlektuur*. Pretoria: HAUM, 1986.

1.2 Holloway, Christina Maria (5 Desember 1888– 17 Junie 1967)

Tienie Holloway is as Christina Maria Purchase op 5 Desember 1888 op 'n plaas in die distrik Lindley gebore. Haar vader, George Purchase, was Engelssprekend en haar moeder, Sannie Stander, Afrikaanssprekend. Tienie was die derde oudste van tien kinders.

Na die Tweede Vryheidsoorlog woon sy die laerskool op haar vader se plaas Chicago by. Die taalmedium is soos in alle ander staatskole in daardie tyd Engels. Van die plaasskool gaan sy na 'n kosskool vir meisies, "The Seminary" te Bethlehem. Op agtienjarige leeftyd skryf sy in as student aan die Normaalkollege te Bloemfontein waar sy na 'n jaar se studie as onderwyseres kwalifiseer. Haar onderwysloopbaan begin sy by die modelskool wat aan die Normaalkollege verbonde is.



(Foto: Harris & Ewing, Washington DC)

Sy is op 17 Desember 1913 met John Edward Holloway getroud wat as onderwyser aan Grey-kollege in Bloemfontein verbonde was. Uit hierdie huwelik is vyf kinders gebore waarvan die oudste op dertienjarige leeftyd in 1927 oorlede is. Tydens die dertiger- en veertigerjare was Jack, soos hy bekend was, en Tienie Holloway bekende inwoners van Pretoria. Hoewel hulle in Arcadia gewoon het, het hulle tog gedroom van 'n plekkie buite die stad. Langs die Morelettaspruit, toe nog buite die stad, was daar 'n skilderagtige krans wat hulle toe saam met die koppie en aanliggende vleigrond van die eienaar gekoop het. Hierdie plasie van net 6 hektaar moes 'n naam kry en dit was Tienie wat die mooi naam *Skuilkrans* geskep het. Hoewel die gebied vandag 'n dorpsgebied is met 'n uitheemse naam, het die naam *Skuilkrans* gelukkig so inslag gevind dat dit vandag voortleef in onder andere die Laerskool Skuilkrans aan die oorkant van die Morelettaspruit.

Komende uit 'n huisgesin waar sowel Engels as Afrikaans as kommunikasiemedium gebruik is, het Tienie ook dieselfde beleid in haar huis gevolg deur haar kinders volkome tweetalig op te voed. As kleuteronderwyseres het sy ook die waarde van moedertaalonderwys besef. Hiervoor was die nodige literatuur noodsaaklik. In die voorskoolse jare asook in die junior primêre skoolfase speel kleuterlektuur 'n belangrike rol. Engelse en Hollandse kleuterlektuur was beskikbaar maar weinig was in Afrikaans beskikbaar. Hierdie leemte het Tienie Holloway sterk aangevoel. Aanvanklik het sy bekende Engelse versies vertaal, later het sy self ook begin om versies te skryf. Hierdie versies is in *Die Volkstem* onder die skuilnaam Madelifie gepubliseer. Haar eerste bundel, *Die Haasbekkies en ander versies*, het in 1938 by J.L. van Schaik verskyn.

Op 17 Junie 1967 is Tienie Holloway oorlede en tog sou sy deur haar publikasies en die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur bly voortleef. In 1971 en weer in 1974 verskyn *Versies met 'n vonkel* by J.L. van Schaik. By Human & Rousseau verskyn *Rympies van Tienie Holloway* in 1977 en dit word in 1978 opgevolg met *Versies van Tienie Holloway*. Op grond van hierdie laaste twee publikasies word Tienie Holloway postuum deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1979 bekroon met juis die toekenning wat haar naam dra. In paragraaf 1.7 word resensies oor hierdie twee publikasies aangebied. Tydens die bekroningsplegtigheid op 21 Junie 1979 te Stellenbosch het haar eggenoot en insieerder van hierdie toekenning, dit namens haar in ontvangs geneem. Skaars vier maande later op 27 Oktober 1979 is dr. Holloway ook oorlede.

Versies van Tienie Holloway is van 'n waardevolle en interessante *Nawoord*, opgestel deur dr. J.E. Holloway, voorsien. Belangrike biografiese gegewens wat nie vrylik beskikbaar is nie, is dikwels in fyn besonderhede hierin opgeneem. Sonder hierdie volledige gegewens oor Tienie Holloway sou ons ongetwyfeld veel armer gewees het.

Tienie Holloway is die outeur van onder andere die volgende werke:

Die Haasbekkies en ander versies. Pretoria: Van Schaik, 1938.

Hasie Kalbassie. Pretoria: Unie-boekhandel, 1945.

Nuwe kleuterversies. Pretoria: Unie-boekhandel, 1947.

Doempie Domkop. Pretoria: Van Schaik, 1949.

Martha-hulle. Pretoria: Van Schaik, 1951.

Nuwe kinderversies. Johannesburg: APB, 1956.

Versies met 'n vonkel: keur uit die kinderverse; saamgestel deur Jan Kromhout. Pretoria: Van Schaik, 1971.

Rympies van Tienie Holloway. Kaapstad: Human & Rousseau, 1977.

Versies van Tienie Holloway. Kaapstad: Human & Rousseau, 1978.

Bronne geraadpleeg

1. Holloway, Tienie. *Versies van Tienie Holloway*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1978.
2. Kritzinger, S.J. *Rustig vloei die Moreletta*. Pretoria: Rapportryerskorps van Meyerspark, 1980.
3. Lohann, C.A. *Die bekroonde kinderboek en die aanvaarding daarvan deur die kind, met spesiale verwysing na Suid-Afrika*. DPhil-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir CHO, 1972.

1.3 Rothmann, Maria Elizabeth (28 Augustus 1875– 7 September 1975)

Mev. Maria Elizabeth Rothmann is ongetwyfeld by die meeste Suid-Afrikaners meer bekend onder haar skrywersnaam M.E.R. Sy is op 28 Augustus 1875 (net twee weke na die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners) in Swellendam gebore.

Sy was een van vyf kinders, twee seuns en drie dogters. Haar vader, Gert Rothmann, was 'n bekende wamaker. Hy is egter oorlede toe sy slegs negte maande oud was.

Haar skoolonderrig het sy in Engels gekry. Sy het aanvanklik in Swellendam skoolgegaan. Later is sy kosskool toe op Stellenbosch waar sy 'n leerling geword het aan die Duitse meisieskool, die Rynse Instituut. Daarna word sy 'n student aan die South African College School (SACS) in Kaapstad waar sy in 1896 een van die eerste vroue word wat 'n BA-graad in Suid-Afrika behaal het. Hierdie studie is moontlik gemaak deur twee belangrike beurse wat SACS aan haar toegeken het, naamlik die "Queen's" en die "Webb scholarship". Sy het daarna ook 'n onderwyskwalifikasie behaal.

Na haar studies hou M.E.R. vir twee jaar skool in Swellendam. Daarna vertrek sy in 1898 na Johannesburg waar haar suster, Annie, onderwys gegee het en haar broer, Frits, aan die myne verbonde was. As 24-jarige onderwyseres in Boksburg het sy saam met haar broer en suster die spanningsvolle jare voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog beleef. Met die uitbreek van die oorlog word die skool gesluit. Sy gaan egter voort om vir 'n groepie kinders privaat les te gee. Ter wille van haar moeder se versorging keer M.E.R. in Julie 1900 terug na Swellendam.

Deur bemiddeling van haar broer, Hendrik, wat in die poskantoor op Grahamstad gewerk het, slaag sy daarin om 'n assistentpos by 'n privaat seunskool in Grahamstad te kry. In 1902 is sy met die hoof van die skool, meneer H.C.G. Oakshott, getroud. Uit hierdie huwelik is 'n seun, Jacobus, en 'n dogter, Anna, gebore. In 1911 is hulle geskei waarna sy haar eie van vir haar en die twee kinders terugneem. Moeilike jare het hierna gevolg. Eindelik het sy weer 'n pos by 'n skool in Swellendam gekry waar sy skoolhou tot 1917 toe haar moeder oorlede is. Hierna vertrek sy weer na Transvaal waar sy haar by haar broer, Frits, aansluit. Hy het intussen 'n plaas in die Laeveld in die distrik Barberton gekoop waar hy toe boer. Haar twee kinders het sy in kosskole geplaas, Jacobus op Ermelo en Anna



(Fotograaf: Anne Fischer, Kaapstad)

op Worcester. Tydens haar tweejarige verblyf by Frits, begin sy op 42-jarige ouderdom die eerste keer skryf vanweë die eensaamheid op die plaas. Eers was dit artikels vir *Die Brandwag* en toe *Kinders van die Voortrek*, haar eerste boek wat grootliks geïnspireer is deur haar broer. Hierdie boek is in 1920 gepubliseer en in 1960 is dit weer uitgegee met 'n nuwe titel, *Die tweeling trek saam*.

Sy gee 'n jaar lank onderwys in Latyn op Ermelo waarna sy vir twee jaar optree as sub-redaktrise van die nuwe tydskrif, *Die Boervrou*. Haar bydraes in hierdie Afrikaanse vroueblad het daartoe gelei dat sy 'n aanbod gekry het om die nuwe vrouerubriek van *Die Burger* te behartig. So word sy in 1922 die eerste vroueredaktrise van *Die Burger*.

Vanweë haar daadwerklike belangstelling in haar medemens en in maatskaplike werk word sy in 1928 aangestel as organiserende sekretaresse van die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV) in Kaapland. Hierdie pos het sy tot 1938 beklee. Dit was in dié tyd dat sy tydens haar besoeke aan die takke van die ACVV gevind het dat daar 'n algemene gebrek aan leeslus bestaan, veral op die platteland. Die gevolg was dat M.E.R. 'n leidende rol gespeel het in die voorsiening van biblioteekboeke aan laer- en plaasskole op 'n ruilbasis deur ACVV-takke. In hierdie verband het veral die takke te Montagu, Worcester en Tulbagh baanbrekerswerk verrig.

Haar taak as organiserende sekretaresse van die ACVV en haar intense belangstelling in die vrou as landsburger, het haar 'n vanselfsprekende keuse gemaak as lid van die Carnegie-kommissie van ondersoek oor die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika.

Hierdie ondersoek is finansiële deur die Carnegie-korporasie van New York moontlik gemaak. M.E.R. was die enigste vrou in die Kommissie en sy was verantwoordelik vir die deel van die sosiologiese ondersoek wat handel het oor *Die moeder en dogter in die Armblanke huisgesin*. Hierdie ondersoek het geduur van 1929 tot 1932. Na afhandeling van die ondersoek in sy geheel is daar in 1934 Volkskongres gehou. Hiertydens is ses van die 28 kommissielede gekies om toe te sien dat die besluite en aanbevelings uitgevoer word. Dit is haas onnodig om te sê dat M.E.R. weer as een van die ses lede gekies is. As gevolg hiervan was sy dikwels 'n lid van afvaardigings, soms selfs die leier daarvan, na die Eerste Minister en ander kabinetslede. In 1938 het die Carnegie-korporasie aan haar 'n beurs toegeken wat haar in staat gestel het om 'n studiereis na die Verenigde State van Amerika te onderneem. Voor hierdie reis het sy reeds verskillende Europese lande besoek.

Nadat die Voortrekkerbeweging in 1929 doodgeloop het, tree M.E.R. in 1931 op as een van die herstigterslede. Tydens 'n indrukwekkende plegtigheid in 1965 het die Voortrekkerbeweging haar vereer met die toekenning van die Orde van die Vriend van die Voortrekkers.

Haar belangstelling in en meelewing met haar medemens, die feit dat sy uit huis-uit niks anders as Afrikaans was of wou wees nie en haar noue kontak met regerings- en ander leiers veral na die ondersoek van die Carnegie-kommissie, het meegebring dat M.E.R. ook in die partypolitiek betrokke geraak het. Dit was veral die geval in die tyd van die Samesmelting. Haar politieke betrokkenheid het sy hoogtepunt in 1933 bereik toe sy as ondervoorsitster van die Nasionale Party in Kaapland onder dr. D.F. Malan gekies is, 'n posisie wat sy ses maande lank beklee het.

M.E.R. is met drie ere-doktorsgrade vereer. Twee daarvan is in 1950 aan haar toegeken, van die Universiteit van Kaapstad het sy 'n ere-doktorsgraad vir haar letterkundige werk ontvang en een van die Universiteit van Stellenbosch in maatskaplike werk. Haar derde ere-doktorsgraad ontvang sy in 1973 van die Universiteit van Suid-Afrika, die universiteit wat in 'n vroeëre bedeling, tagtig jaar tevore die eksamens moes afneem van Maria Elizabeth Rothmann, toe 'n ingeskrewe student aan SACS in Kaapstad.

Erkenning vir haar letterkundige werk het ook van die kant van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gekom. In 1953 ontvang sy die gesogte Hertzogprys vir prosa op grond van al haar prosawerk. In dieselfde jaar ontvang sy ook erelidmaatskap van die Akademie. Die heruitgawe van *Kinders van die Voortrek* in 1960 onder die nuwe titel *Die tweeling trek saam* besorg in 1961 aan haar die Scheepers-prys vir Jeuglektuur. In 1970 ontvang sy die Tienie Holloway-medalje vir Kleu-

terlektuur vir haar verseboekie *Karli en Kandas* wat in 1969 vir die eerste keer herdruk is nadat dit in 1933 verskyn het. Die treffende swart illustrasies in hierdie boekie is deur haar dogter Anna gedoen.

As blyk van waardering vir haar voortreflike volksdiens ontvang sy in 1966 die Erepenning van die FAK In 1970 het Retief Koch 'n rolprent van haar lewe vir gebruik in skole gemaak.

Vanaf 1928 het M.E.R. in haar rietdakhuisie, Komnader, in Waaihoek, Swellendam, aan die voet van die Langeberge gewoon. Daar het sy na 'n vol en vrugbare lewe van diens aan haar land, haar taal en haar mense op Sondag 7 September 1975 gesterf. Dit was slegs tien dae na haar honderdste verjaardag. Sy is op Swellendam begrawe in die graf waarin haar tienersuster, Martha, en broer, Gert, tagtig jaar gelede en haar broer, Frits, vyftig jaar gelede begrawe is.

Die volgende boeke is onder andere deur M.E.R. geskryf of sy het aandeel daaraan gehad:

Kinders van die Voortrek. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1920.

Die Sondagskind. Pretoria: Van Schaik, 1922.

Hansie en die bessiekinders; bewerking van M.E. Rothmann; prentjies van Elsa Beskow. Pretoria: Van Schaik, 1922.

Vanmelewe, stories van die voorouers. Kaapstad: Nasionale Pers, 1926.

Die Sokka-boek, stories van skaaphond. Kaapstad: Nasionale Pers, 1926.

Onweershoogte en ander verhale. Kaapstad: Nasionale Pers, 1927.

Jong dae, 'n meisies-storie. Kaapstad: Nasionale Pers, 1928.

Die Kammalanders, illustrasies deur Dorothy Barclay. Kaapstad: Nasionale Pers, 1928.

Die oorwinnaar, verhale van president Steyn. Kaapstad: Nasionale Pers, 1929.

Stoute bengel, 'n verhaal uit die lewe. Kaapstad: Nasionale Pers, 1931.

Sosiologiese verslag: (a) *Die Armblanke en die maatskappy,* deur J.R. Albertyn; (b) *Die moeder en dogter van die Armblanke-huisgesin,* deur M.E. Rothmann. Stellenbosch: Pro Ecclesia, 1932. (Carnegie-kommissie van Onderzoek oor die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, Verslag deel V.)

Sokka se plaas. Kaapstad: Nasionale Pers, 1933.

Karli en Kandas, tekeninge deur A.R. Kaapstad: Nasionale Pers, 1933.

Tant Alie van die Transvaal: die dagboek van Alie Badenhorst; vertaal deur M.E. Rothmann, uit Nederlands. Kaapstad: Nasionale Pers, 1939.

Drie vertellings. Kaapstad: Nasionale Pers, 1944.

Na vaste gange. Kaapstad: Nasionale Pers, 1944.

Uit en tuis. Kaapstad: Nasionale Pers, 1946.

Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900-1901; met inleiding en aantekeninge uitgegee deur M.E.R. Kaapstad: Nasionale Pers, 1947.

Die eidelose waagstuk. Kaapstad: Nasionale Pers, 1948.

Die gewers. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1950.

Ons voortgang; feesuitgawe van die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging na vyftig jaar van werk. Elsiesrivier: Nasionale Handelsdrukkery, 1960.

Die tweeling trek saam. (Verwerkte heruitgawe, tekeninge deur Katrine Harries.) Kaapstad: Tafelberg, 1960.

Die Drosty op Swellendam, deur Mimie E. Rothmann en A. Rothmann. Swellendam: Drosty-museum kommissie, 1960.

Vroue wat Jesus geken het. Kaapstad: Tafelberg, 1965.

So is onse maniere. Kaapstad: Tafelberg, 1965.

Kom nader: bloemlesing uit die werk van M.E.R. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1965.

Briewe uit Highveld: mev. A. Geyer se briewe uit Londen aan haar dogter, 28 Mei 1950 tot 3 Junie 1954. Versorg deur M.E.R. Kaapstad: Tafelberg, 1965.

My beskeie deel: 'n outobiografiese vertelling. Kaapstad: Tafelberg, 1972.

M.E.R. van naby gesien. Kaapstad: Tafelberg, 1975.

Na die dood van M.E.R. het Alba Bouwer, Anna Rothmann en Rykie van Reenen 'n interessante versameling van haar briewe byeengebring vir publikasie wat dan ook in 1977 in Kaapstad by Tafelberg-Uitgewers verskyn het met die passende titel *M.E.R. — 'n kosbare erfenis*.

Bronne geraadpleeg

1. Botha, E. M.E.R. as prosaskryfster. *Handhaaf*, 13(1): 8–10; September 1975.
2. Botha, E. M.E.R. — 'n huldeblyk. *Lantern*, 20(3): 85–94; Maart 1971.
3. Cloete, T.T. *Die Afrikaanse literatuur sedert sestig*. Kaapstad: Nasou, 1980.
4. *Gesprekke met skrywers 3*. Kaapstad: Tafelberg, 1973.
5. Muller, A. M.E.R. en die Carnegiekommissie. *Handhaaf*, 13(1): 16–18; September 1975.
6. Nienaber, P.J. *Perspektief en profiel*. Johannesburg: Perskor, 1982.
7. Van Schoor, M.C.E. M.E.R. en die Anglo-Boereoorlog. *Handhaaf*, 13(1): 11–15; September 1975.

□ Nadat hierdie juweeltjie in 1934 verskyn, die eerste keer, word dit in 1970 eers bekroon met die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur. Dit is 'n lang tyd om te wag vir erkenning, maar ek dink die grootste erkenning lê daarin dat 'n jong kind in 1940 kennis gemaak het met Karlien en Kandas en dat haar kleuterdogtertjie in 1975 nog steeds lag vir: "Ja, Meester, dit kan ek: daar's druiwe en melk, en heuning en vlooië, sê sy."

Vir vandag se stadskind bring dit 'n heerlike beeld van die plaas en die lewe daar, van mis gaan haal, en klopse, van 'n oulap en trippens. Maar vir my bly die lekkerste op die tong: Want dis aldag en heeldag se swaardrag en veeldrag.

So ongekompliseerd is *Karlien en Kandas*, so pragtig eenvoudig maar so 'n boek wat jou laat



lekkerkry. Koop tog *Karliën en Kandas* vir u dogtertjie, en u seuntjie, en vir uself.

(A.S., *Gereformeerde Vroueblad*,
November 1975)

□ “Wat kan ek lees?”

’n Heerlike, onverwagse vreugde was dit toe daar nou die dag vir my ’n klein, plat pakkie met die pos aankom — en toe ek dit oopmaak, is dit so waar ’n splinternuwe uitgawe van M.E.R. se lieflike verseboekie *Karliën en Kandas* wat die uitgewers vir my stuur. Ek was lank laas so hartsbly oor iets soos ek was oor hierdie boekie met sy kosbare versies en sy bekoorlike pikswart tekeninkies deur Anna Rothmann wat nou, ná amper twintig jaar weer te kry is in ’n vrolike, helderblou band.

Ek het sommer dadelik gedink hoe lekker dit gaan wees om vir my kleinkinders van Karliën en Kandas te lees. Net die eerste keer dat ek nou weer vir hulle gaan kuier, pak ek dié blou boekie in my koffer, maar ek weet nou al dat ek eers vir my nog een sal moet gaan koop, want my dogter sal nooit dat ek dié een weer saam met my terugbring nie.

Toe die boekie in 1950 verskyn het, was sy nog ’n klein dogtertjie en ons twee het saam groot plesier gehad aan *Karliën en Kandas*. Ek het elke aand met slaaptyd vir haar ’n paar van die versies gelees, totdat ons twee naderhand saam die meeste van die versies sonder die boek kon opsê.

Vir haar was die heel mooiste versie dié een oor Karliën en Kandas wat in die reën loop:

Dit reën dat dit plas,
En Karliën en Kandas
Loop elk in die reën met ’n
sak vir ’n jas.

Ai, hoe lekker, hoe nat!
Die modder is glad!
Wat sien ’n mens al’s as die
reëndruppels spat?
Ou meide met knopkieries,
Jakkals wat trou;
Maar sien jul dit regtig?
Dit gaan dan so gou!

“Al honderd-en-tien,”
Sê Kandas en Karliën
“Ons loop in die reën, en
sien wat ons sien!”

Die versie wat ek graagste opgesê het, was *Kind Oppas*.

“Ai, dis swaar,” sê Karliën vir Kandas
“Om so heeldag die kind op te pas,”
(Want dis aldag en heeldag
se swaardrag en veeldrag)

“Dra jy!” sê Karliën vir Kandas.
“Agge nee,” sê Kandas vir Karliën,
“Moet *ek* tog vir *jou* so bedien?”
(Want dis *vér* dra en swaar dra
En kind dra is lyf pla)

“Neem jou beurt,” sê Kandas vir Karliën.
Sukkel-kla, sukkeldra, eers die een dan die
ander,
— “Ewe lui,” sê hul ma,
Want sy hoor die gekla —
“Dis vinkel die een, en die ander koljander.”

Maar lank voor my Marietjie se kleindogtertjietyd het ons Afrikaanse kinders al saam met Karliën en Kandas besem gepluk, skaapkop gaan haal, klip-klip gespeel, vaatjie gery en akkers opgetel in die dae van die ou *Kleinspan* toe M.E.R. die eerste keer dié versies geskryf het. Daardie versies wás toe en is nou nog van die mooiste versies wat daar ooit oor kinders *vir* kinders geskryf is. En die onfeilbare toets vir die beste kinderboeke — in watter taal ook al — kan maar *nóg* sonder huiwering op *Karliën en Kandas* toegepas word: die grootmens het net so veel plesier daaraan soos die kind.

Die versies gaan oor twee Bruinkinders, Karliën en Kandas, en wat hulle alles gemaak het op die dorp waar hulle saam met hulle mama, saam met Karoels en Galant, saam met Kaatjie en Fielia Versier, saam met Yp van oom Hans en ou Pompoe se klong wat so spog, gewoon en grootgeword het.

As hul mama wil vuurmaak onder die aartappelsop, moet Karliën en Kandas oor die lande loop en by die vlei gaan besemgoed pluk. Hulle skrik vir die kwaai bul, rol soos pampoene deur die

draad, skeur hulle rokke, kom sonder die besem-
goed by die huis aan en kry elkeen 'n dekselse pak.

Pompoe se klong se wa word geleen en hulle
gaan bossies haal bo op die kop. Dit is swaar werk
en hulle kom dikbek huis toe:

Maar vanaand toe die gaar patat so gly
Uit die hoop steekbossie-as,
A, grootbek lag Karlien daarby,
Grootbek lag Kandas!

Hier kort voor Nuwejaar wil Karlien en Kandas
vreeslik graag iets doen om 'n bietjie geld te ver-
dien. Hulle hoor by Yp van oom Hans dat die Nooi
geva het of iemand tog nie mis vir haar blomtuin
wil aandra nie. Dié werk pak die twee met ywer
aan:

Sakkie mis vir 'n oulap!
Twee sak mis is twee!
Drie sak mis vir 'n trippens,
En dit sal die Nooi ons gee.

Uitskei nou vir 'n tydjie;
Elk kry 'n dik sny brood
Met 'n soet appelkooskonfytjie
Ai, maar *dit* laat stoot!

Dit laat woel en rondsoek -
Vieroulap haal ons nog!
Vieroulap? Vyf! 'n Sikspens!
Waar is die klong wat spog?

O, geld is tog iets wat vreugde kan bring!
Afdraend na die huisie loop tweetjies en sing:

O, die borde, borde rys, rys,
En die stukke, stukke vleis, vleis!
O, die borde, borde rys, rys,
En die stukke, stukke vleis, vleis!

Hulle help hulle mama bak vir die Nuwejaar:

Aangemaak is die kaiingkoek,
Klaar die kollewyntjies,
Kruis en dwars lê op die tert
Snaakse tierlantyntjies.

As die Klopse verbygaan met Nuwejaarsdag, stig
die kleingood hul eie klopsie, Kandas as voordan-
ser, Karlien musikant!

"Sie, sie, dan, sie, sie!
Watter klops is dit dié?"
Sal die mense dan vra,
En die naam wat hy dra
Is "Die Kamalongklops"
Want hy kom agterna.

Ou Pompoe se klong
Sê "Wat Kamalong?
Hulle's seker net skaam
Vir die klopsie se naam;
Dis die Miskoekelklops — almal miskoekies
saam!"

Maar die klopsie staan daar,
En die klong is net naar
As hul blaas op hul kamme vir Heppie Nu'jaar.
— En die mense hou sommer die oulappe klaar!

Die Nuwejaarsjolicheid word afgesluit met 'n lor-
rierit waaraan die Kamalongklops ook deel het.

En dan lê ons in die koelte van die doringbome-
plaat
En ons sit en eet en luister hoe die snare met
ons praat
Van oom Ypie se viool en oom Klasie se kitaar
— Tot dit koel word; en dan word ons ook weer
warm van baljaar.

Ja, 'n mens sou natuurlik kon sê dat die tye ver-
ander het en dat die beeld van die lewe wat in dié
versies vasgelê is, glad nie meer geldig is nie. Maar
so 'n beswaar sou op 'n oppervlakkige siening van
die versies berus. Eintlik beduie dit niks om te sê
dat die Bruinkinders nie meer vandag besemgoed
gaan pluk, skaapkop gaan haal, klip-klip speel of
vaatjie ry nie.

Die ware betekenis van die versies lê tog veel
dieper as die Africanawaarde van 'n verbygegane
tydvak wat daarin beskryf word. Die rake siening
van die kind, sy oerdrang om te speel as hy moet
werk, sy verbeelding by die spel, sy onmiddellike
vatbaarheid vir vreugde, sy uitgeslepe streke teen-
oor al wat grootmens is, gee aan M.E.R. se ver-
sies oor Karlien en Kandas 'n trefkrag ver buite
'n beperkte tydvak en 'n spesifieke lewensfeer om.

Word 'n mens se hart, soos koning Dawid s'n,
bewoë deur goeie woorde, het hy groot behae in

die skryfster se behendige aanwending van die taal in hierdie versies:

Dis akkertyd,
Dis geldmaaktyd,
Dis spogtyd van die jaar!
Karlien maak geld,
Kandas maak geld —
'n Hoop geld bymekaar!

Die bergwind waai,
Die takke swaai —
Dis nes die goed baljaar
Soos akkers reën
Al om hul heen —
Hul raap net opmekaar!

Aitammelet!
Hoe bruin, hoe vet
Is hierdie boom se goed!
So blink, so dik!
Kandas se blik is gou tot owerfloed.

“Trippens vir Ma,
Oulap vir ons,
(Vier oulap vir 'n blik)
Wat kan mens al's vir 'n mudsak koop?
Ons eet ons trommeldik!”

Heerlik is ook die fyn humor in die versies, soos byvoorbeeld in een van die heel mooistes, *Sondag-skool*:

Sondags kan jy vir Karlien en Kandas
In Meester se Sondagskool kry,
In Sondagse rokkies, skoon uitgewas,
En Sondagse hoede daarby.

Dan sing hulle saam met Karools en Galant,
Met Kaatjie en Fiela Versier,
'n Liedjie van saamgaan na Kana se strand,
Na 'n heerlike land ver van hier.

Hulle luister hoe Meester vertel van die plek,
hoe die melk en die heuning daar vloei.
Van tamaai trosse druiwe, van Israel wat trek
Om die heidense volk uit te roei.

En dan kom die uitvra. “Kandas, noem jy elk
Van die goed in Land Kana te kry.”
“Ja, Meneer, dit kan ek: daar's druiwe en melk,
En heuning en vlooië”, sê sy.

Heel mooiste in die bundel *Kitaar speel*, 'n suiwer gedig, met in die tweede koeplet een van die verblydendste beelde in die Afrikaanse poësie:

Ou kitaar! Ou kitaar!
By oom Klasie se kitaar
Dans die kleinvolk op die graswerf
In die skemer deurmekaar.
Oor die kam, oor die kam,
Oor die berg se donker kam
Glip die maan se rand so soetjies soos
die oorloop van 'n dam.

Ou Kitaar, ou kitaar,
Ou oom Klasie se kitaar,
Jy speel dansgoed, jy speel malgoed, maar
my hart maak jy ook naar!

By die malkop ou kitaar
Wil die volkies net baljaar,
Dans die riel en dans die polka in die
maanskyn deurmekaar.

Luisteraars is natuurlik goed bekend met M.E.R. se prosawerk, haar bekoorlike sketse en essays in die bundel *Uit en tuis*, haar meesterlike vertelkuns in *Drie vertellings* en *Die gewers*, haar eerbiedige uitbeelding van mense en noulettende waarde-bepaling in haar roman *Die eindelose waagstuk* en *Na vaste gange*. Ons is trots daarop dat M.E.R. een van die drie vroue is aan wie die Hertzogprys toegeken is. Ons is bly dat daar steeds toenemende waardering vir haar belangrike bydrae tot die Afrikaanse letterkunde is. Nuwe uitgawes van haar werk : *Die tweeling trek saam*, *Vroue wat Jesus geken het*, *So is onse maniere* en die bloemlesing *Kom nader* staan klaar op ons rakke. En hier is nou nog 'n onmiskenbare bydrae van ons veelsydige M.E.R.: 'n bundel kinderversies, enig in hul soort, onnavolgbaar en só plesierig dat die groot-mense dit net so geniet soos die kind.

Maak seker dat u die boekie in die hande kry voordat dit 'n genommerde Africana-stuk word. *Karlien en Kandas* deur M.E.R. is deur die Nasionale Boekhandel uitgegee.

(Audrey Blignault, SAUK, Afrikaanse Diens, *Vrouerubriek*, 25 Julie 1969)

1.4 Grobbelaar, Pieter Willem (25 Desember 1930–)

Pieter Grobbelaar is op Kersdag 1930 in Bloemfontein gebore. Sy vader, mnr. J.Z. Grobbelaar, was in die tyd hoof van die Laerskool De Brug buite Bloemfontein. Dit spreek

dus vanself dat die jonge Pieter sy laerskoolloopbaan hier deurbring. Hier voltooi hy standerd 6 aan die einde van 1943. Aangesien 'n oom van hom 'n onderwyser op Rouxville was, besoek hy die Hoërskool Rouxville in 1944 en 1945 waar hy sy standerd 7- en 8-jare deurbring. Vir die volgende twee jaar bevind hy hom aan die Hoërskool Sentraal in Bloemfontein waar hy aan die einde van 1947 matrikuleer.

Aan die begin van 1948 begin hy met sy studies aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. In 1950 behaal hy sy BA-graad. Sy MA-graad in Wysbegeerte behaal hy in 1954, ook by sy alma mater. Die Universiteit van Stellenbosch ken aan hom 'n doktorsgraad in Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde toe aan die einde van 1981.

Aangesien Pieter Grobbelaar van kleins af die vaste voorneme gehad het om eendag 'n skrywer te word, het hy hom op verskillende loopbane toegelê ten einde hom in die rigting te bekwaam. Sy joernalistieke loopbaan begin in 1951 as koerantverslaggewer by *Die Burger* en eindig by *Die Volksblad* in 1956. Hierna word hy omroeper-regisseur by die SAUK, eers in Johannesburg en daarna in Kaapstad. In 1961 is hy by Tafelberg-Uitgewers in Kaapstad werksaam as uitgewersredakteur. In 1962 vestig hy hom op 'n klein vrugte- en wynplasia by Franschhoek waar hy hom as voltydse skrywer/boer in alle erns op die boekmark begin toelê.

Vanaf die begin van 1970 bevind hy hom aan die Universiteit van Stellenbosch as dosent in die Departement Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde. Tans is hy professor en departementshoof van die departement waarvan die naam intussen verander is na die Departement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis.

Pieter W. Grobbelaar is in 1953 met Cornelia Joubert, 'n ou skoolmaat, getroud en hulle het vier kinders.

Pieter W. Grobbelaar is 'n prolifieke skrywer. Hy stel al baie lank belang in die inheemse verhaleskat van Suid-Afrika. Sy eerste kortverhaal het op 2 Julie 1954 in *Die Huisgenoot* verskyn. Daarna het dramas, veral talle radiotekste, gevolg. Sy eerste oorspronklike boek, *Ou Mi'kai vertel: Hoe die Melkweg sy vuur gekry het*, het in 1963 verskyn. Hierna verskyn die een werk na die ander teen 'n ongekenende tempo. Tot 1986 het daar uit sy pen verskyn 37 Afrikaanse sprokies, 8 Afrikaanse kampvuurstories,



Prof. R.B. Zaaiman, President van die SABV, oorhandig die C.P. Hoogenhout-medalje aan Pieter W. Grobbelaar

8 Afrikaanse heldeverhale, 12 Afrikaanse volksvertellings, 3 volksrympies, 7 verwerkings van volksverhale uit ander lande, 7 werke gebaseer op volksverhaaltemas, 3 werke gebaseer op die volksrympie, 6 kultuurhistoriese romans vir die jeug en 2 monografieë. Daarbenewens het ook nog verskyn 2 digbundels, 1 rymbundel, 8 volkskundige werke, 2 kortverhale, 25 kinderboeke, 17 berymings vir kinders, 7 oorspronklike prenteboeke, 3 jeugboeke (waarvan hy mede-outeur was), 17 vertalings vir kleiner kinders, 13 vertalings vir die jeug, 2 vertalings vir volwassenes, 5 bloemlesings, ens. Tussendeur het Pieter W. Grobbelaar nog tyd gevind vir 21 artikels wat in vakkundige tydskrifte verskyn het.

Pieter W. Grobbelaar het in 1968 allerweë hoë lof ingeoes met *Die mooiste Afrikaanse sprokies*, 'n uitmuntende standaard-versameling van 54 inheemse verhale. Dit was dan ook nie vreemd dat hy in 1969 met die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek van 1968 vereër is nie. Dit was die eerste toekenning van vyf wat hy tot dusver ontvang het.

Die tweede toekenning volg in 1971 toe die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur aan hom toeken vir al sy kleuterboeke vir geskiktheid vir hardoplees. Hierdie groep kleuterboeke sluit onder andere die volgende in: *Die mense is bang vir Petrus Alsander*, *As die fluitspeler kom*, *Die Swaaplanders*, *Moesan die muisman* en *Die lui skoenmaker*.

In 1972 vereër die Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde en die ATKV hom met 'n oorkonde vir sy werk in verband met die Afrikaanse volksvertelling.

In 1975 word hy weer deur die Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde en die ATKV vereër, hierdie keer met 'n erepenning vir sy volkskundige geskrifte.

Die laaste toekenning tot dusver ontvang hy in 1976 van die Federasie van Rapportryerskorpsse vir sy werk in verband met die volksrympie in Afrikaans.

In 1986 deel Pieter W. Grobbelaar sy publikasies min of meer soos volg in:

Afrikaanse sprokies

Die mooiste Afrikaanse sprokies. Kaapstad: Human & Rousseau, 1968.

Klaas Luijaard. Kaapstad: Human & Rousseau, 1969.

Wolf en Jakkals in die lang pad. Kaapstad: Human & Rousseau, 1969.

Die gekroonde slang. Kaapstad: Human & Rousseau, 1970.

Hasie Musikant. Kaapstad: Human & Rousseau, 1970.

Die lui skoenmaker. Kaapstad: Human & Rousseau, 1970.

Die gawe van die eenhoring. Kaapstad: Human & Rousseau, 1970.

Die son-seuns. Kaapstad: Human & Rousseau, 1970.

Die riviermeisie. Kaapstad: Human & Rousseau, 1970.

Vlerkvoet. Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.

Die dief in die nag. Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.

Een vir jou en een vir my. Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.

Doktor Jakkals. Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.

Gouelinkie. Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.

Ou Waar-sêer. Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.

Moenie aan my vat nie. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.

Lanterntjie brand. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.

Ouwrou Rooimus. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
Die dokter wat dieretaal kon praat. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
Die wegraak van die bont by. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
Toutrek. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
Die heks van Hexrivier. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
Bobbejaan en die eina-pere. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
Jakkals Tiervreter. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
Die afgunstige leeus. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
Die rob-vrou. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
Goue voël. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
Stories vir die lente. Kaapstad: Human & Rousseau, 1974.
Verhale van die veld. Kaapstad: Human & Rousseau, 1974.
Stories vir die somer. Kaapstad: Human & Rousseau, 1975.
Jakkalsdraf en Wolwedans. Kaapstad: Human & Rousseau, 1982.
Eendag was daar Domjan. Kaapstad: Human & Rousseau, 1983.
'n Koning genaamd Leeu. Kaapstad: Human & Rousseau, 1983.
Uiltjie, Uiltjie in die spieël. Kaapstad: Human & Rousseau, 1984.
Klaas Naald-hulle. Kaapstad: Human & Rousseau, 1985.
Famous South African folktales. Cape Town: Human & Rousseau, 1985.
Wensfontein. Kaapstad: Human & Rousseau, 1986.

Afrikaanse kampvuurstories

Die twee broers. Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.
Slang! Slang! Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.
Maans se straf. Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.
Niekie Appelgryn. Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.
Die laaste leeu van die Karoo. Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.
Man genaamd Mot. Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.
So by my kool! Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.
Die vurige wa. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.

Afrikaanse heldeverhale

Wolraad Woltemade. Kaapstad: Human & Rousseau, 1970.
Die twee kapteins. Kaapstad: Human & Rousseau, 1970.
Die eensame jagter. Kaapstad: Human & Rousseau, 1970.
Hansie Smal. Kaapstad: Human & Rousseau, 1970.

- Racheltjie de Beer.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.
Japie Greyling. Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.
Die landsoeker. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
Die groot Afrikaanse heldeboek. Kaapstad: Human & Rousseau, 1976.

Afrikaanse volksvertellings

- Die mense is bang vir Petrus Alsander.* Kaapstad: Tafelberg, 1969.
Die maanklip. Kaapstad: Human & Rousseau, 1970.
Die vrou wat nie haar mond kon hou nie. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
Die hoë land. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
Pinkie. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
Koning Leeu se verjaardag. Kaapstad: Human & Rousseau, 1973.
Blou-ogies. Kaapstad: Human & Rousseau, 1973.
Duimeling. Kaapstad: Human & Rousseau, 1975.
Die nag der nagte. Kaapstad: Human & Rousseau, 1976.
Hans die geluksoeker. Kaapstad: Human & Rousseau, 1977.
Keiser, keiser Karelyn. Kaapstad: Human & Rousseau, 1981.
Kabouterman. Kaapstad: Human & Rousseau, 1982.

Volksriempies

- Trippe trappe trone.* Kaapstad: Tafelberg, 1969.
Varkies in die bone. Kaapstad: Tafelberg, 1973.
Koeitjies in die klawer. Kaapstad: Tafelberg, 1975.

Verwerkings van volksverhale uit ander lande

- Die vermaaklike lewe van Tyl Uilspieël.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1967.
Die Swaaplanders. Kaapstad: Tafelberg, 1969.
Die mooiste verhale van Hauff. Kaapstad: Human & Rousseau, 1969.
Aandstories vir kleuters. Kaapstad: Human & Rousseau, 1970.
Die avonture van die sewe Swape. Kaapstad: Tafelberg, 1972.
Pas op vir Rapetal! Kaapstad: Tafelberg, 1973.
Aandstories vir kinders. Kaapstad: Human & Rousseau, 1973.

Werke gebaseer op volksverhaal-temas

- Ou Mi'kai vertel: Hoe die Melkweg sy vuur gekry het.* Kaapstad: John Malherbe, 1963.

Ou Mi'kai vertel: Tafelberg se wit karos. Kaapstad: John Malherbe, 1964.

Ou Mi'kai vertel: Die storie van die Kango-grotte. Kaapstad: John Malherbe, 1966.

Antjie Somers loop weer. Kaapstad: Tafelberg, 1965.

Dokter Dinkel van die Ou-Kaap. Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.

Die wit pyl. Kaapstad: Tafelberg, 1974.

Uit ou Mi'kai se dae. Kaapstad: Human & Rousseau, 1976.

Werke gebaseer op die volksrympie

Hiert! daar kom die speelman aan. Kaapstad: Tafelberg, 1969.

Die roerende avonture van Moedertjie Mart en haar kranige kat. Kaapstad: Human & Rousseau, 1973.

Die ram van Kobasdam. Kaapstad: Human & Rousseau, 1975.

Kultuurhistoriese romans vir die jeug

Die nagberg. Kaapstad: Tafelberg, 1965 (saam met J.J.G. Grobbelaar, oor die lewe van Louw Wepener).

Geliefde generaal. Kaapstad: Human & Rousseau, 1968 (oor genl. J.B.M. Hertzog).

Die seun in die pad. Kaapstad: Tafelberg, 1971 (oor die tyd van die eerste Vryburgers).

Lang-Kappie is haar naam. Johannesburg: Perskor, 1976 (oor die Groot Trek).

Die kinders en die veldkornet. Kaapstad: Tafelberg, 1976 (oor die Anglo-Boereoorlog).

Korporaal Woltemade. Kaapstad: Tafelberg, 1978 (oor die Ou-Kaap van die 18de eeu).

Monografieë

Man van die volk. Kaapstad: Human & Rousseau, 1966. (Gedenkalbum oor dr. H.F. Verwoerd.)

Skrywers in beeld: C. Louis Leipoldt. Kaapstad: Tafelberg, 1980.

Digbundels

Onder die skedelvlag. Kaapstad: Tafelberg, 1968.

Klawerjas — Verse van Jan Alleman. Johannesburg: Perskor, 1986.

Rymbundels

My rooi rympieboek. Johannesburg: Perskor, 1977.

Kortverhale

Poorters. Kaapstad: Human & Rousseau, 1984.

Die Alsiende Oog. Johannesburg: Perskor, 1986.

Kinderboeke

- Oom Deon se helikopter.* Kaapstad: John Malherbe, 1964.
- As die fluitspeler kom.* Kaapstad: Tafelberg, 1969.
- Japsnoet.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.
- Storieman se tyd.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
- Huberta gaan op reis.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
- Die seun met die ster in sy hand.* Kaapstad: Tafelberg, 1973.
- Kaskenades op Kykuit.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1974.
- As Pa vertel.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1974.
- Die gawe uit die hemel.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1974.
- Die troue in die poppekas.* Kaapstad: Tafelberg, 1974.
- Hopla-Hans.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1976.
- Die petaljes van die drie Patatte.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1977.
- Mooi potte! Mooi panne!* Kaapstad: Tafelberg, 1978.
- Daar's 'n ding aan die gang in die akkerbos.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1978.
- Die Turkse tapyt.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1979.
- Mannie Aap.* Pretoria: Daan Retief, 1983.
- Fluit-fluit.* Pretoria: Daan Retief, 1983.
- Die aarde moet vry wees.* Pretoria: Daan Retief, 1984.
- Die goue appel.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1984.
- Dankie, meneer Nols.* Pretoria: Daan Retief, 1985.
- As Liefie en Grrr kom kuier.* Pretoria: Daan Retief, 1985.
- Wipplank — ons speel met woorde.* Pretoria: Daan Retief, 1985.

Berymings vir kinders

- Moesan die muisman.* Kaapstad: Tafelberg, 1968.
- Moesan die president.* Kaapstad: Tafelberg, 1973.
- Mietjie soek haar ma.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1973.
- Vlieg op vlug.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1974.
- Kaatjie Kaboes.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1974.
- Krek die vrek.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1974.
- Die mier en die olifant.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1974.
- Ella.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1974.
- 101 Rympies.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1976.
- Diere-maniere.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1976.

- Die wêreld van die Woempe.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1976.
Sors die onstuitbare seeslang. Kaapstad: Human & Rousseau, 1977.
A is akker — 'n ABC-boek. Pretoria: Daan Retief, 1984.
1 tot 12 — My telboek. Pretoria: Daan Retief, 1984.
Yslike Awie. Kaapstad: Human & Rousseau, 1985.
Die boebels van Boebelbommel. Kaapstad: Human & Rousseau, 1986.

Oorspronklike prenteboeke

- Kietsie die sirkuskat.* Kaapstad: HAUM, 1966.
Die lelikste padda. Kaapstad: John Malherbe, 1966.
Harrie Hus huil. Johannesburg: Perskor, 1974.
Pieterwie. Johannesburg: Perskor, 1976.
Harrie Hus hik. Johannesburg: Perskor, 1977.
Rensie en Raaitjie hardloop resies. Kaapstad: Human & Rousseau, 1980.
Die somer van die jagluiperd. Kaapstad: Human & Rousseau, 1980.

Ander

- Knapsak.* Kaapstad: Maskew Miller, 1965.
Die verlore stad. Kaapstad: Human & Rousseau, 1967.
Die groot nuwe Kinderbybel met toeligting. Kaapstad: Human & Rousseau, 1973.
Volkslewe van die Afrikaner: die verhaal van ons volkskunde. Kaapstad: Tafelberg, 1974.
Mens en land. Kaapstad: Tafelberg, 1974. (Die Afrikaner en sy kultuur.)
Spieëlbeeld: Oorlog 1899–1902. Kaapstad: Tafelberg, 1974. (Die Afrikaner en sy kultuur.)
Ons volksfeeste. Kaapstad: Tafelberg, 1975. (Die Afrikaner en sy kultuur.)
Families, familiename en familiewapens. Kaapstad: Tafelberg, 1975. (Die Afrikaner en sy kultuur.)
Afrikaners in die vreemde. Kaapstad: Tafelberg, 1976. (Die Afrikaner en sy kultuur.)
Boerewysheid. Kaapstad: Tafelberg, 1977. (Die Afrikaner en sy kultuur.)
Die groot Afrikaanse fabelboek. Kaapstad: Tafelberg, 1978.
Bietjie baie bogtery — Die groot Afrikaanse knutselboek. Kaapstad: Tafelberg, 1980.
Die Vrystaat en sy mense. Kaapstad: Tafelberg, 1980.
Avontuurkamp. Johannesburg: Perskor, 1985.

Sedert hierdie indeling het daar nog onder andere die volgende boeke deur hom verskyn:

- Doer in Dierlandy.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1986.
Hasie Abdol: speletjies vir almal. Pretoria: Daan Retief, 1986.
Die drie geskenke. Pretoria: Daan Retief, 1987.

Pietie Petronella: 'n ware verhaal van 'n rêrige voël. Pretoria: Daan Retief, 1987.

Sewes Papegaai. Pretoria: Daan Retief, 1987.

Lank lewe Leeuhart. Pretoria: Daan Retief, 1987.

Towerlantern: Afrikaanse oustories. Kaapstad: Human & Rousseau, 1987.

Die huis met die sewe deure. Pretoria: Daan Retief, 1988.

Moosan Muis. Pretoria: Daan Retief, 1988.

Liewe lawwe lolly: 'n nuwe Afrikaanse knutselboek. Kaapstad: Tafelberg, 1988.

Naas die voorafgaande werke het Pieter W. Grobbelaar nog 'n groot aantal boeke in Afrikaans vertaal. Baie van sy eie boeke is ook in Engels vertaal. Daarbenewens dra hy by tot bloemlesings en is hy ook medewerker van belangrike publikasies soos *Die skatkis*, *Ensiklopedie van die wêreld*, *Die Afrikaanse kinderensiklopedie* en die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*.

Bronne geraadpleeg

1. Booyens, Bun. Huldigingswoord by die toekenning van die erepenning vir Afrikaanse volkskultuur aan Pieter W. Grobbelaar. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 32(3): 12; Julie 1976.
2. Botha, Elize. Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur 1971 toegeken aan Pieter W. Grobbelaar. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Jaarboek*, 1971, p.70.
3. Die C.P. Hoogenhout-toekenning vir 1968: Die mooiste Afrikaanse sprokies. *Suid-Afrikaanse Biblioteke*, 37(2): 58–63; Oktober 1968.



□ *As die fluitspeler kom* vertel die verhaal van Fasië wat nie aldag ewe soet was nie. Hy maak nes hy lus het, al sê sy ouers “Moenie”. Op ’n dag klim hy deur ’n klein deurtjie, en beland in ’n eenaardige wêreld waar hy getreiter word met al die din-

ge wat hy verkeerd gedoen het. Die enigste manier om na sy eie wêreld terug te keer, is om die Fluitspeler te hoor speel. Maar nie almal kan hom hoor nie, “en as die Fluitspeler drie maal gekom het sonder dat jy hom hoor, dan het jou kans ver-

bygegaan". Fasia hoor uiteindelik hoe die Fluitspeler speel, en keer terug huis toe, gelukkiger as ooit tevore.

Die verhaal word in 'n vlot skryfstyl vertel. Daar is ook rympies in die teks wat egter nie almal ewe geslaag is nie.

Die boek is eintlik 'n allegorie op die Calvinistiese godsdienste, en as sodanig geslaag. As kinderliteratuur beoordeel, is dit myns insiens egter nie geslaag nie. 'n Dieper betekenis in kinderboeke is wenslik. Dit is onvermydelik dat die jong leser die diepte in die werk sal aanvoel, al sou hy dit nie in woorde kan beskryf nie. Die dieper betekenis of simboliek bepaal in 'n groot mate natuurlik ook die vorm van die verhaal self. Daar is baie sulke voorbeelde in die kinderliteratuur, byvoorbeeld *Gulliver se reise* en die *Namia*-reeks van C.S. Lewis, wat al klassieke geword het.

Die dieperliggende betekenis van *Gulliver* is politieke kommentaar, terwyl Lewis se werke eintlik godsdienstige allegorieë is. Wanneer hulle as kinderboeke beoordeel word, is dit noodsaaklik dat die verhale bloot as verhale moet oortuig. Met ander woorde, dit moet nie vir die leser nodig wees om die simboliek in ag te neem voordat die verhaal self sinvol word nie. By *Gulliver* en Lewis is dit wel die geval. Die verhale is as sodanig genotvol en oortuigend. *Gulliver* en die wesentjies van Lilliput is geloofwaardige karakters, so ook die mense en fantasiekarakters in die werke van C.S. Lewis. Die gebeure is as sodanig interessant en oortuigend, die fantasiewêreld wat in hierdie werke geskep word, is logies en konsekwent opgebou en word onder andere geloofwaardig deur die balans tussen goed en kwaad.

Die fantasiewêreld in *As die fluitspeler* kom, daarenteen, is byna 'n nagmerrie. Fasia word gestraf en getreiter; dit is 'n totaal vreugdelose landskap. Die enigste ligstraal is die Fluitspeler, maar net 'n paar uitverkorenes kan hom hoor. Die gebeure as sodanig pas in die didaktiese en moraliserende verhale van die 17de en 18de eeu. Fasia is net bewus van sy verkeerde dade en dat hy dit liever nie moes gedoen het nie, byvoorbeeld:

Fasia voel 'n bietjie ongemaklik. Hy dink aan sy eie hond en kat, en hoe hy hulle al afgeknou het.

Hy sal nie daarvan hou as hulle nou weer 'n kans moet kry om hom terug te verniel nie.

Hoewel 'n menskarakter, word Fasia nooit werklik méns nie.

Binne die allegoriese of simboliese verband word al hierdie dinge logies en aanvaarbaar, maar die skrywer kan myns insiens nie van 8-10 jariges verwag om eers die simboliek te verstaan vóórdat die verhaal betekenisvol word nie.

As *die fluitspeler* kom deur Pieter W. Grobbelaar is deur Danie van Niekerk geïllustreer en deur Tafelberg-Uitgewers uitgegee.

(Lydia Pienaar, SAUK, Afrikaanse Diens, *Oor skrywers en boeke*, 26 Februarie 1970)

☐ *Die lui skoenmaker, en ander Afrikaanse sprokies*

Hierdie reeks sprokies van Grobbelaar bestaan uit agt bundels, en bevat inheemse sprokies van al die Afrikaanse rasse. Die styl is eenvoudig en ryk aan klank en kleur, en die illustrasies van mej. Harries komplementeer die werk. Hoog aanbeveel vir vierjariges, vir kinders effens ouer en vir storietye.

(Anoniem, *Die Kaapse Bibliotekaris*, Mei 1971)

☐ *Die mense is bang vir Petrus Alsander*

Een van die vereistes wat aan 'n goeie kinderboek gestel word, is dat dit nie net deur kinders geniet word nie, maar ook deur volwassenes geniet kan word. So 'n boek is *Die mense is bang vir Petrus Alsander* deur Pieter W. Grobbelaar. Dit is in 1969 deur Tafelberg-Uitgewers uitgegee. Net soos Uilspieël van ouds, is Petrus Alsander 'n legendariese figuur. Daar in Plettenbergbaai se omgewing het meer as een mens al op sy neus gekyk en dit deur die toedoen van Petrus. Hy maak Jan Storie, die grootprater, bespotlik. 'n Trotse moeder van 'n bruid moet haar trots sluk as sy met Petrus Alsander te doen kry. En selfs 'n grootpraterige walvisjagter leer om nie kragte te meet met Petrus nie.

Net soos Uilspieël is Petrus 'n man vol wysheide: hy lag as hy opdraande loop, want hy weet die af-draande lê voor. Elke hoofstuk vorm 'n aparte episode. Die storie word saaklik, kernagtig meegedeel, sonder onnodige tierlantyntjies. Die boekie het 'n stewige linneband, die drukwerk is keurig en die illustrasies deur A.A. Langdown verhoog die aantreklikheid. 'n Boekie vir oud en jonk.

(C.A. Lohann, SAUK, Afrikaanse Diens,
Oor skrywers en boeke, 2 September 1969)

□ *Die Swaaplanders*

Die Swaaplanders, of Swape, se voorvaders was baie slim, so slim dat hulle hulp van oraloor ingeroep is en die mans van Swaba, die dorpie in die magtige Koninkryk van Misnopotamië, anderkant Utopia, was gevolglik selde tuis. Toe het hulle voorgesê dat hulle vreeslik dom is, en het toe mettertyd regtig dom geword. Hulle lewens is een lagwekkende streek op die ander, soos byvoorbeeld die keer toe hulle 'n nuwe stadhuis gebou het. Hulle het die mure met groot gesukkel gebou gekry en die dak opgesit, maar moes toe tot hulle ontsteltenis merk dat dit in die saal pikdonker is. Al raad is toe maar om die stadhuis af te breek en wanneer hulle dit weer opbou, te sorg dat die lig nie weer ontsnap nie.

In dieselfde trant word vertel hoe die Swape sout gesaai het, maar nie sout kon maai nie, hoe 'n vark die doodstraf gekry het en toe die langste wors in die wêreld geword het, hoe die Swape die son en die maan probeer vang het, en so meer.

Pieter W. Grobbelaar het die Swape se kaskenades uit ou bronne opgediep en vlot oorvertel, met die regte soort humor wat die gebeure nooit ver-spot laat word nie.

Die titelblad meld dat *Die Swaaplanders* "ver-lug is met tekeninge deur Rudolf Luithart, en openbaar gemaak deur Tafelberg-Uitgewers in die jaar eenduisend-negehonderd-nege-en-sestig." Dit is vir ongeveer 11-14 jarige lesers wat hulle aan al die snaaksighede sal kan verkneukel.

(Lydia Pienaar, SAUK, Afrikaanse Diens,
Oor skrywers en boeke, 8 Januarie 1970)

□ *Moesan die Muisman*

Op 'n dag praat Moesan se vrou hom aan om vir sy kroos te gaan kos soek. Moesan is 'n muis, nie sommer 'n gewone muis nie, maar 'n muismán. Soos hy self sê:

Fris in die poot
en sterk van stert
'n halfdosyn katte
is ek werd.
Doem-de-dan!
hier kom ek aan -
ek, Moesan,
die Muisman.

Moesan druk sy poot in die kat se oog en toe die kat spring, kan hy nie goed korrel nie en val hy hom katswink teen die muur. Moesan tart die boer — sy voet gly en hy val hom ook disnis. Die kok in die kombuis slaan na Moesan met 'n lepel, die lepel trek by die deur uit en die kok sit dit agterna. En dan sien die boervrou die muis, spring op 'n stoel van skrik en gil aanmekaar. Moesan eet eers self tot sy maag vol is, toe gaan hy na sy vrou en vertel vir haar dat die wêreld veilig is en dat die kinders maar hul maaltyd kan gaan geniet.

Moesan se wedervaringe word in rym vertel wat, met baie min uitsonderings, lig op die tong lê. Die verhaal is lewendig, vol komiese situasies en selfs in die kort teks word Moesan as karakter oortuigend geteken.

Die situasies self is ongelukkig minder oortuigend. 'n Mens wonder byvoorbeeld of die kat en die boer so lank buite aksie sal bly lê, of die kok so lank na die lepel sal soek en die boervrou op die stoel sal bly staan dat Moesan se kinders in veiligheid kan gaan eet. En sal 'n boervrou soos 'n stadsjuffertjie reageer en op 'n stoel spring as sy 'n muis gewaar?

Die illustrasies is in twee kleure. Hulle neig soms om te karikatuuragtig te word, maar is veelseggend, en gee die beweging en humor van die teks baie goed weer. Die illustrasies vertel Moesan se verhaal in 'n ander medium as die teks en vul dit goed aan — veral Moesan se karakter word eers 'n geheel

wanneer 'n mens dit uit teks sowel as illustrasies leer ken.

Dié prenteboek in redelik klein formaat is vir ongeveer 4-6 jariges.

Moesan die Muisman deur Pieter W. Grobbelaar

is geïllustreer deur Danie van Niekerk. Dit is uitgegee deur Tafelberg-Uitgewers.

(Lydia Pienaar, SAUK, Afrikaanse Diens, *Oor skrywers en boeke*, 4 Februarie 1969)

1.5 Linde, Christovira Frederika (12 Desember 1915–)

Freda Linde is op 12 Desember 1915 op die familieplaas Bruintjiesrivier in die Swellendamse distrik gebore. Hier het haar ouers geboer hoewel haar vader ook 'n bouer van beroep was. Sy is die oudste van drie kinders en daarby die enigste dogter. Hier in die rustige landelike omgewing met haar oupa en oma Linde se huis slegs 'n hanetree van haar ouerhuis, het Freda grootgeword.

Haar laerskoolonderrig tot aan die einde van standerd vyf ontvang Freda aan die plaasskool Middeldrivier. Vanaf die begin van standerd ses woon sy die Girls' High School te Worcester by. Hier gaan sy skool tot aan die einde van 1932 toe sy standerd agt voltooi. Haar standerd nege en tien-jare bring sy aan die Hoërskool Jan van Riebeeck in Kaapstad deur waar sy aan die einde van 1934 matrikuleer.

Freda het as gevolg van finansiële redes nie universiteit toe gegaan nie. Gevolglik het sy direk na haar skoolloopbaan in 'n assuransiekantoor begin werk. Na twee jaar neem haar joernalistieke loopbaan 'n aanvang toe sy 'n betrekking as joernalis by *Die Suiderstem* aanvaar. Hier werk sy as redaktrise van die vroue-afdeling tot 1950. Vervolgens doen sy vryskut-skryfwerk tot aan die einde van 1954. Aan die begin van 1955 begin sy by *Die Huisvrou* werk en wel as redaktrise. Hierdie pos beklee sy tot Augustus 1960 toe sy bedank om 'n betrekking as uitgewersredaktrise by HAUM te aanvaar. In 1964 aanvaar sy 'n soortgelyke betrekking by die uitgewer John Malherbe. Hierdie betrekking beklee sy tot aan die einde van 1971 toe sy besluit om andermaal haar tyd te wy aan vryskut-skryfwerk.

Freda Linde is vandag die mees bekroonde skryfster van kleuter-, kinder- en jeugboeke in Suid-Afrika. Dit is dan ook by uitstek die terreine waarop sy haar bekendheid verwerf het. Haar skrywerstalent het reeds op 'n vroeë ouderdom duidelik na vore gekom. In haar hoërskooljare aan die Hoërskool Jan van Riebeeck skryf sy verskeie bydraes in vir die Afrikaanse Eisteddfod. In 1933, terwyl sy in standerd nege is, wen sy die eerste prys met 'n opstel, "Kinderindrukke", wat later in *Die Huisgenoot* van 10 November 1933 gepubliseer word. In die daaropvolgende jaar herhaal sy met "Ou boeke" nie alleen hierdie prestasie nie, maar verwerf 'n verdere drie eerste pryse vir letterkunde. Albei haar skoolopstelle,



(Fotograaf: Anne Fischer, Kaapstad)

“Kinderindrukke” en “Ou boeke” is in haar debuutbundel, *Terug na die mimosas*, wat in 1944 verskyn het, ingesluit. Hierna hou haar joernalistieke loopbaan haar oënskynlik tot dié mate besig dat haar volgende werk *Swiera aan die waterkant*, eers in 1959 verskyn. Sedertdien het daar ’n groot aantal oorspronklike en vertaalde werke uit haar pen gevloei. Sy het haar reeds as een van die veelsydigste skrywers in Afrikaans bewys. Tog is dit egter op die gebied van die kinderliteratuur waar sy haar grootste bydrae tot dusver gelewer het. Dat daar reeds vertalings in Engels, Duits en twee Afrikatale uitgegee is, is ’n bewys van die hoogstaande kwaliteit van haar werk.

Die eerste van verskeie bekronings wat sou volg, ontvang Freda in 1965. Hierdie toekenning was die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek van die jaar 1964 vir *Snoet-alleen*. Die volgende toekenning ontvang sy in 1973 naamlik die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur op grond van haar werk *Jos en die bok*. Erkenning vir haar werk volg mekaar in hierdie tyd vinnig op. In die daaropvolgende jaar, 1974, word sy twee keer bekroon. Die eerste hiervan was die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek van die jaar 1973 vir *Jos en Klos* terwyl die tweede toekenning die Scheepers-prys vir Jeuglektuur vir die beste jeugboek in die tydperk 1971–1973 was vir *Die singende gras*. Hierdie werk het haar in 1976 ook die W.A. Hofmeyr-prys besorg. Dat daar juis in daardie jaar besluit is om ook jeugliteratuur naas drama, prosa en poësie vir hierdie prys in ag te neem, spreek van die kwaliteit van die bekroonde boek en dus van die werk van Freda Linde. Intussen het Freda in 1975 andermaal die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek van die jaar 1974 vir *By die oog van die fontein* ontvang. Hierdie toekenning ontvang sy in 1978 vir die vierde keer en wel vir *Die kokkewiet en sy vrou* as die beste Afrikaanse kinderboek van die jaar 1977. In 1983 ontvang sy die Scheepers-prys vir Jeuglektuur vir die tydperk 1980-1982 vir *’n Tuiste vir Bitis*. Hierdie toekenning word in 1985 opgevolg met die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur vir *Die Keiserkroon*.

Dit is inderdaad merkwaardig dat ’n vrou soos Freda vir wie dit nie beskore was om kinders van haar eie te hê nie en daarby reeds die aftreejare bereik het, juis op die terrein van die kleuter-, kinderen jeugliteratuur so uitnemend gepresteer het. In die lig hiervan is dit begryplik dat die Instituut vir Navorsing in Kinderlektuur van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO besluit het om in sy navorsingsprogram oor die belangrikste Suid-Afrikaanse kinder- en jeugboekskrywers, eerstens ’n grondige studie van Freda Linde en haar werk te maak. Hierdie belangrike bydrae tot die literatuur oor ons Suid-Afrikaanse skrywers het dan ook in 1983 by Perskor met die titel *Freda Linde* verskyn.

Die volgende boeke is onder andere deur Freda Linde geskryf:

Terug na die mimosas en ander essays. Kaapstad: Unie-Volkspers, 1944.

Swiera aan die waterkant. Kaapstad: HAUM, 1959. (Later heruitgegee as *Vlug na sommige oewer*. Pretoria: Qualitas, 1982.)

Vreemdelinge in my stad. Kaapstad: Tafelberg, 1962.

Die rooi haan. Kaapstad: Simondium, 1963.

Snoet-Alleen. Kaapstad: John Malherbe, 1964.

As jy kan fluit op hierdie maat. Kaapstad: John Malherbe, 1964.

Dakkuiken. Kaapstad: John Malherbe, 1964.

Botter-aas. Kaapstad: John Malherbe, 1966.

Die stadsmusikante. Kaapstad: John Malherbe, 1967.

Ken jy die kierangbos? Kaapstad: John Malherbe, 1967.

Stadsmuis en veldmuis. Kaapstad: John Malherbe, 1969.

- Maraaia Prima-donna*. Kaapstad: John Malherbe, 1970.
Jos en die sog. Kaapstad: John Malherbe, 1971.
Jos en die bok. Kaapstad: John Malherbe, 1972.
Jos en Klos. Kaapstad: John Malherbe, 1973.
Die kraai wat jantjie was. Kaapstad: John Malherbe, 1973.
Die singende gras. Kaapstad: Tafelberg, 1973.
By die oog van die fontein. Kaapstad: Human & Rousseau, 1974.
In die boog van die sekel. Kaapstad: Tafelberg, 1975.
Die kokkewiet en sy vrou. Kaapstad: John Malherbe, 1977.
Die sirkus. Kaapstad: Kinderpers, 1979.
Die gesiglose en ander eenbedrywe. Kaapstad: HAUM, 1980.
'n Tuiste vir Bitis. Kaapstad: Tafelberg, 1980.
Prinses van die park. Pretoria: Qualitas, 1982.
Die Keiserkroon. Pretoria: Qualitas, 1984.
Mevrou Hesseltein se duiwe. Kaapstad: Tafelberg, 1985.
Strepie en Kurfie. Pretoria: Qualitas, 1987.

Freda Linde het ook meegewerk aan die Studiehulpreeks van die College of Careers, naamlik

- Aantekeninge oor "Martjie"* deur Jan F.E. Cilliers. Kaapstad: College of Careers, 1964.

Haar vertaalde werke is onder andere die volgende:

- Das Täubchen auf dem Dach*. Stuttgart: Schwabenverlag, 1968.
Toto and the aardvark. New York: Doubleday, 1969.
The red rooster. Cape Town: Constantia, 1969.
The musicians of Bremen. Cape Town: John Malherbe, 1972.
Flucht in die Wüste. Stuttgart: Thienemanns, 1978.
The singing grass. London: Oxford University Press, 1975.
Jesha. Windhoek: Gamsberg, 1979.
!Nais kha Namib!oa. Windhoek: Gamsberg, 1979.
Schnuffel. Ravensburg: Maierverlag, 1981.
Maraaia Prima-donna, the story of a street-cat. Cape Town: John Malherbe, 1982.

Benewens Freda Linde se oorspronklike en vertaalde werke en die groot aantal oorsese kinderboeke wat sy in Afrikaans vertaal het, is daar van haar prosawerk in verskeie versamelbundels opgeneem.

Bronne geraadpleeg

1. Albertyn, Jeanne. Bekende skryfster. *Die Huisvrou*, November 1964.
2. Botha, Elize. *Suid-Afrikaanse skryfsters van die sestigerjare*. Johannesburg: SAUK, 1965.
3. Cloete, T.T. *Die Afrikaanse literatuur sedert sestig*. Kaapstad: Nasou, 1980.
4. Lohann, Carl. *Freda Linde*. Johannesburg: Perskor, 1983.
5. Pienaar, Lydia. Freda Linde. *Skoolmediasentrum*, 12(1): 15–17; Junie 1980.


□ Met die toekenning van die Tienie Holloway-medalje aan Freda Linde erken die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns die besondere bydrae wat sy op die gebied van die Afrikaanse kleuterlektuur gelewer het.

Die kleuterlektuur stel heel besondere vereistes aan die skrywer. Naas die verbeelding, die fantasie en die vermoë om te vertel, verg hierdie afdeling van die letterkunde ook 'n begrip van en 'n insig in die belewenisveld van die kleuter. Dit is veral hierdie begrip en insig wat vir die skrywer van 'n kleuterboek sy uitgangspunt bepaal. Juis omdat dit 'n hoogs gespesialiseerde onderneming is om só vir kleuters te skryf dat hulle 'n verhaal werklik belewe, is hierdie belangrike afdeling van die letterkunde nog in 'n groot mate onontgin in Afrikaans.

Freda Linde het met haar boeke vir die voor-skoolse kind die bewys gelewer dat sy die vermoë het om binne die raamwerk van dié gespesialiseerde belewenisveld 'n kunswerk te skep. Haar besondere verdienste is dat woord, klank, ritme en simbool in elke kleuterboek wat sy geskryf het, 'n hegte eenheid is.

Met die boek *Jos en die bok* bevestig sy dié vermoë tot buitengewone vormgewing. In dié oorspronklike verhaal van seuntjie en 'n boerbok word kind en dier albei lewende persoonlikhede. Die onverwagte wending in die vertelling dat Jos eers die bok jaag en die bok dan vir Jos, verhoog die spannende aksie en ook die humor wat reeds in die gang van die vertelling geleë is.

Die agtergrond van die plaaslewe in die verhaal is eg en oortuigend. Die aard van 'n onberekenbare en baldadige bokkapater blyk ook duidelik uit die dier se voorkoms, sy houding en sy tergende optrede.



In aansluiting by die belewenisveld van die kleuter is die visuele beeld 'n onmisbare deel van die kleuterboek. Die illustrasies in hierdie boek deur die kunstenaar Marjorie Wallace is goed geïntegreer met die geskrewe teks en is kunswerke in hul eie reg.

In die geheel is *Jos en die bok* 'n heel buitengewone en waardevolle bydrae tot die Afrikaanse kleuterlektuur en erken die Akademie dit as sodanig met die toekenning van die Tienie Holloway-medalje.

(Audrey de Villiers, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, *Jaarboek*, 1973)

□ In die tweede jeugboekkroniek het ek dit nodig geag om vier-en-twintig jeugwerke te bespreek. 'n Kleiner aantal boeke sou uitvoeriger kommentaar oor die bestes moontlik maak. Maar die produksie van die Afrikaanse jeugboek is nou eenmaal so uitgebrei dat 'n kroniek wat nie ongeveer bybly nie spoedig verouder sal wees. Die blote kwantiteit jeugwerke is natuurlik geen waarborg van hul kwaliteit nie. Gedurende 1972 het geen enkele jeugboek verskyn waarvan die gehalte hoogstaande genoeg was om die Scheepers-prys vir Jeuglektuur te verower nie. Een jeugboektoekenning is egter wel vir verlede jaar gedoen: die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur het aan Freda Linde gegaan vir *Jos en die bok*.

Omdat die tekening in die kleuterprenteboek so 'n integrerende deel van die teks uitmaak, verwelkom 'n mens die toenemende neiging by ons uitgewers om die naam van die tekenaar, tesame met dié van die skrywer, na vore te bring. Die kleuter van drie tot vyf jaar lees as't ware die tekeninge van die prenteboek, terwyl die teks aan hom voorgelê word. Wanneer die klein kind tot selfstandige leser van ses of sewe jaar ontwikkel, sal hy, juis vanweë sy leesvermoë, nuwe waardering vir die prenteboek hê.

Na aanleiding van Freda Linde se bekroonde *Jos en die bok* sou 'n mens 'n onderskeid kan tref tussen die prenteboek en die prentestorieboek. Terwyl kontinuïteit in die prenteboek nie juis onmisbaar is nie, bevat die prentestorieboek, soos *Jos en die bok* 'n epiese lyn. Freda Linde se boek is 'n avontuurverhaal in die klein, met stygende spanning, 'n klimaks en 'n bevredigende slot. Dit gaan hier om die vermaaklike penarie waarin 'n plaasseun beland wanneer hy van 'n bokram 'n speelmaat wil maak. Jos se drie vrugtelose pogings om die bure se bok vir Ma te verjaag, word spoedig vir Jos sowel as die bok 'n prettige speletjie — 'n speletjie wat Jos wil voortsit wanneer die bok wegstap.

Gewapen met Pa se sweep, agtervolg Jos die bok totdat ta op hom afstorm. In aller yl moet Jos by die wilde olyfboom opklouter, onderwyl die bok dig-

by lê en die karwats rustig fynkou. Die wyse waarop die uitredding plaasvind, is een bewys van Freda Linde se begrip van die kleuter. Op eie inisiatief maak Jos van sy rooi hemp 'n vlag om sy nood oor te sein. Maar sy uiteindelige bevryder is Pa, wat saam met Wagter op die noodsein reageer en Jos veilig uit die boom tel, terwyl die bok haastig vir die plaashond padgee. Hiermee word nie alleen rekening gehou met die klein kind se behoefte aan 'n gelukkige einde nie, maar ook met 'n kenmerkende teenstrydigheid in die kleuter se aard: sy groeiende onafhanklikheid van grootmense, wat nietemin nog met afhanklikheid gepaard gaan. Die vermaaklike situasie sal by die kleuter se nogal "primitiewe" sin vir humor ingang vind, want hy lag maklik vir die ander man se verknorsing. Die karakters is skerp genoeg omlyn om die avontuur vol fut te hou. Jos is deur-en-deur plaasseun, maar dis die wit-bont bok, met sy bonkige lyf, indrukwekkende horings en yl bokkebaard wat die meeste aandag kry. Die samevloeiing met die teks van Marjorie Wallace se forse, realistiese tweekleurtekening is voorbeeldig. Suiwer vertolk die tekening die skertsende stemming van die verhaal en hulle is feitlik deurgaans so ontwerp dat teenoorstaande bladsye 'n geheel vorm. Vanweë die onontbeerlike saamval van die teks met die ruim tekeninge word 'n sin dikwels in 'n aantal kort reëls gesplits. Dit wek ongelukkig 'n hortende indruk. Nog 'n klein steurnis is die ontbrekende hoofletter op die derde-laaste bladsy. Tot voordeel van die geheel het nóg die tekenares nóg die skryfster onnodige toegewings aan die kleuter gedoen. Jos word byvoorbeeld nie vermooi nie: hy is 'n sproetneuseun met bakore. En Freda Linde kies soms woorde, soos "smak", "beledig", "uitmaak", "voorgee", wat heel waarskynlik vir die kleuter onbekend sal wees. Sulke "moeilike" woorde is egter met oorleg gebruik — daarom sal hul uitwerking verrykend wees. Oor Jos se wedervaringe met 'n ander plaasdier het Freda Linde tevore geskryf in *Jos en die sog*. Vergeleke met sy voorganger verteenwoordig *Jos en die bok* 'n vooruitgang, veral vanweë die jongste verhaal se hegte samehang.

(Rialette Wiehahn, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, September 1973)

1.6 Heese, Hester Maria (26 Oktober 1911–)

Hester Heese is as Hester de Swardt op 26 Oktober 1911 te Kuilsrivier gebore. In daardie jare was Kuilsrivier nog 'n klein landelike dorpie, ongeveer vyf-en-twintig kilometer vanaf Kaapstad. Hier, in 'n gemeenskap wat feitlik soos 'n groot gesin saamgeleef en met mekaar meegeleef het, het sy haar kinder- en jeugjare deurgebring.

As kind het sy haar in die natuur verlustig. Saam met die buurkinders het sy baie Saterdag in die veld deurgebring op soek na veldblomme soos pypies, blou vleipypies, bobbejaantjies en so meer.

Sy gaan in Kuilsrivier skool tot standerd ses. Haar standerd sewe- en agtjare bring sy deur aan die Good Hope-seminarie in die Tuine in Kaapstad en daarna gaan sy na die Hoërskool Jan van Riebeeck in Kaapstad waar sy matrikuleer. Tale was haar geliefkoosde vakke. Behalwe Afrikaans, Engels en Duits het sy ook Afrikaanse Letterkunde geneem wat destyds 'n vak op sy eie was.

Na haar skoolopleiding studeer sy verder aan die Opleidingskollege op Wellington en Stellenbosch en bekwaam haar as kindertuinonderwyseres. Sy begin haar onderwysloopbaan in Upington waar sy vier jaar lank onderwys gee. In hierdie tyd is sy aktief betrokke by die Voortrekkerbeweging. Juis vanweë haar betrokkenheid hierby ontwikkel sy 'n besondere belangstelling in ouer kinders. Na Upington volg twee jaar van skoolhou aan haar alma mater, die Laerskool Jan van Riebeeck, terug in die ou bekende klaskamers maar nou as onderwyseres.

Sy is in 1937 in die Groote Kerk in Kaapstad met dr. Kalie Heese (8 September 1910–21 April 1974) getroud. Hy was destyds as senior lektor in Sielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch verbonde. Hy was 'n jeugmaat wat 'n lewensmaat geword het. Na 'n tydperk van ses jaar van intense meelewing met die studente en hulle werksaamhede, het dr. Heese in 1943 'n beroep as predikant na Malmesbury aanvaar. Vir die volgende sewentien jaar het Hester Heese haar man in die bediening bygestaan. Na Malmesbury het Bonnievale in 1945 gevolg en vandaar het die pastoriegesin in 1955 na Pinelands vertrek. Met die totstandkoming van die Universiteit van Wes-Kaapland is dr. Heese as die eerste professor in Sielkunde aangestel. Vanaf 1960 het die Heeses in hul tuiste "By die Pieke" in Jonkershoek, Stellenbosch gewoon. Daar is prof. Heese op 21 April 1974 op 63-jarige leeftyd oorlede. Hester Heese het na die dood van haar eggenoot tien jaar lank in die historiese Morkelhuis (gebou in 1693) op Stellenbosch gewoon. In 1985 verhuis sy na Prins Albert en later na die Strand waar sy tans woon. Uit die huwelik is vyf kinders gebore wat Hester self by geleentheid beskryf het as "moeders sorg en skat — haar lus, haar las, haar vreug".

Tydens haar pastoriejare het sy baie toneelstukke, opvoerings en godsdienstige voorstellings geskryf wat in die gemeentes opgevoer is. Sels ander gemeentes het vrylik daarvan gebruik gemaak. Ongelukkig is hierdie pennevrugte nooit gepubliseer nie.



(Fotograaf: Johann Stander, Stellenbosch)

Hester Heese is 'n vrugbare skryfster. Haar eerste werk, *Aljander, aljander so deur die bos*, het in 1966 verskyn. Sedertdien het sy verskeie boeke geskryf wat kleuterboeke, verhale vir eerste lesers en kinder- en jeugboeke insluit. Van haar boeke is ook al in Duits vertaal. As blyk van waardering vir haar bydrae tot die Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur het Tafelberg-Uitgewers 'n gedenk-bundel wat drie van haar kinderverhale bevat, by geleentheid van haar sewentigste verjaardag in 1981 uitgegee. Hierdie bundel, *Die rooi tapyt is jou pad*, bevat die verhale "Aljander, aljander so deur die bos", "Die huis op pale" en "Die wildsbok van Vereiland". In 1976 is sy deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns met die Tienie Holloway-medalje vereer vir al haar kleuterboeke. Dat *Bokmakierie sing* 'n baie belangrike bydrae in hierdie verband gelewer het blyk daaruit dat daar verskeie koerante was wat spesifiek hierna verwys het as die bekroonde boek. 'n Verdere eer het haar in 1980 te beurt geval toe die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek van 1979 aan haar toegeken is vir haar boek *Sêra Madêra*. In 1982 word sy andermaal met die Tienie Holloway-medalje bekroon vir haar boek *Sy wat die soen op haar voorkop dra*.

Hester Heese is die skryfster van onder andere die volgende boeke:

Aljander, aljander so deur die bos. Kaapstad: Tafelberg, 1966.

Loekie die rondlopertjie. Kaapstad: Tafelberg, 1966.

Moks van Ver-wêreld. Kaapstad: Tafelberg, 1966.

Opsêgoed vir kleingoed. Kaapstad: Tafelberg, 1966.

Boertjie word ryk. Kaapstad: Tafelberg, 1967.

Kinders van die konka-hut. Kaapstad: Tafelberg, 1967.

Miek, die koerantjoggie. Kaapstad: Tafelberg, 1967.

Die klein pasella. Kaapstad: Tafelberg, 1968.

Hierdie lente. Kaapstad: Tafelberg, 1969.

Ek en jy, Grootbroer. Kaapstad: Tafelberg, 1970.

Die blou duif. Kaapstad: Tafelberg, 1972.

Polkamasurka. Kaapstad: Tafelberg, 1972.

Wat is daai — hê Pappa? Kaapstad: Kinderpers, 1972.

Die huis op pale. Kaapstad: Tafelberg, 1973.

Oustryk. Kaapstad: Kinderpers, 1973.

Die peperboom. Kaapstad: Tafelberg, 1975.

Piet Vrolik en Ben Verstrooi. Kaapstad: Tafelberg, 1975.

Bokmakierie sing: opsêgoed vir kleingoed. Kaapstad: Tafelberg, 1975.

So 'n soort aand. Kaapstad: Kinderpers, 1976.

Sonder jou. Kaapstad: Tafelberg, 1976.

Josef is 'n jong vrugteboom. Kaapstad: Kinderpers, 1976.

Frans se vyf dae in Desember. Kaapstad: Tafelberg, 1977.

Hokaai. Kaapstad: Kinderpers, 1977.

Wannelas. Kaapstad: Tafelberg, 1978.

- Dwars-in-die-weg.* Kaapstad: Tafelberg, 1979.
Sêra Madêra. Kaapstad: Tafelberg, 1979.
Sy wat die soen op haar voorkop dra. Pretoria: Qualitas, 1980.
Die geluid van wakker. Kaapstad: Tafelberg, 1981.
Die rooi tapyt is jou pad. Kaapstad: Tafelberg, 1981.
Kompatjerie is my liedjie. Kaapstad: Tafelberg, 1981.
Kobus het 'n blom. Pretoria: Qualitas, 1982.
Op die vensterbank in April. Pretoria: Qualitas, 1983.
Waarom is die reënboog krom. Pretoria: Qualitas, 1983.
Ek gooi my luike oop. Kaapstad: Tafelberg, 1986.
Moses. Arcadia: Qualitas, 1987.
Ons twee ek en jy. Kaapstad: Dias, 1988.
Wag hier vir my. Oranjezicht: Feniks, 1988.

Saam met P.H. Nortjé skryf sy ook vier leesboeke, naamlik:

- Jeugland ...* Johannesburg: Perskor, 1975.
 St. 1 Die geheim en ander lekkerlees-stories
 St. 2 Wielie-Walie en ander verhale
 St. 3 Die kampioen en ander verhale
 St. 4 Die monster van Wag-'n-bietjie en ander verhale

Bronne geraadpleeg

1. Appealing — and poignant. *The Argus*, 10 May 1976, p. 8.
2. Hester Heese word sewentig. *Die Burger*, 30 Oktober 1981, p. 24.
3. 'n Vrolike sewentig. *Sarie*, 33(13): 8; 23 Desember 1981.

☐ *Geborgenheid in klein wêreld van kleuter*

Bokmakierie sing is 'n bygewerkte uitgawe van *Opsêgoed vir kleingoed* wat in 1966 by Tafelberg-Uitgewers verskyn het. Soos die titel aandui, is daar heelwat van die landelike te bespeur in hierdie boek vol heerlike loslit-rympies. Met haar fyn aanvoeling vir die mooie in die natuur probeer die skryfster om die kind ook so in te stem op die voëls

se roep en die taal van die natuur. In “Veldstorie” pluk sy moederkappies, een wit môrester, 'n bos blou pypies en geelsurings vir hul baba!

In 'n ander gediggie maak 'n vroultjie 'n vuurtjie op 'n groot swart es en met botter en konfyt op vetkoek neem Hester Heese ons tot in Ouma se huisie — 'n wonderlike reis vir die stadskind van vandag wat nie die voorreg het om Ouma se houtvuurtjies te hoor kraak nie.

Die boek bevat al die elemente waarvan 'n kleiner kind hou: herhaling, ritme, klankrykheid en dit neem in "Dorp toe" die kind op 'n heerlike verbeeldingsvlug dorp toe in 'n sinkbad met Ma se broodbord as die stuurwiel. Die tekeninge is baie eenvoudig, maar baie treffend. Dit spreek tot die kind.

Die boek is 'n treffer. Dit bevat nie net opsêgoed nie, maar ook voorleesgoed en selfleesgoed. Die beste weerspieëling van die boekie se trefkrag


lê in die woorde van 'n agtjarige toe hy by die laaste bladsy kom: "Toe wens ek daar kon nog gewees het, maar toe is daar nie meer om te lees nie".

Vir moeders met kleuters en onderwyseresse met kindertuinklasse is hierdie boekie 'n uitkoms. Vir die ouer kind is daar selfs een of twee gedigies om te leer, bv. "Die motorbegräafplaas" waar die skryfster se fyn humorsin veel plesier verskaf.

(F.v.d.W., *Die Kerkbode*,
30 Junie 1976)

□ *Wat is daai — hê Pappa?*

"Op 'n mooi lente-oggend gaan Pappa en Johan stap", só begin *Wat is daai — hê Pappa?* deur Hester Heese. Die wandeling word 'n ontdekkingstog waarop Johan van velerlei bekoorlike en boeiende natuurdinge te wete kom. 'n Gousblom is 'n vonds, so ook 'n brulpadda, 'n meerkat, 'n tarentaal en 'n pou. Hier-



die aantreklike prenteboek verrig tog iets meer as om die kleuter se woordeskat uit te brei. Die verhouding tussen klein en groot word aangeroei en só ook die sekuriteit van die gesinslewe, wanneer Johan ten slotte na Mamma se wagtende arms hardloop. Binne die raamwerk van die wandeling — 'n bekende tegniek van die prenteboek — is

Johan, soos die tipiese kleuter, nuuskierig oor die re en mense in sy onmiddellike omgewing. Daarom is dit telkens hy wat die vraag stel en Pappa wat identifiseer. Die herhalingspatroon van die dialoog sal byval vind en die enkele variasie daarop is sinvol. Botterblom, die koei, kan Johan dadelik eien want, as egosentriese kleuter, weet hy: "Ek

drink haar melk". Die elementêre teks is werklik verryk deur Katrin Schürmann se vrolike, gestileerde kleurtekeninge. Hulle lê die opwinding vas wat eerste ervaringe vir die kind meebring. Tot dié frisse siening van die "gewone" dra dit by dat voorwerpe vanuit wisselende gesigshoeke en afstande geteken is. Die kleuter het egter beswaarlik 'n begrip van perspektief. Daarom sal verskynsels soos die meerkat, wat op 'n afstand klein voorkom, maar van naderby soveel groter is, vrae uitlok. Jammer genoeg, klop die tekening en die teks nie oral presies nie. Die kleure van die pronkende pou: "blou en rooi en groen en pers", word nie deur die tekening gestaaf nie. So ook is die "grys" tarentaal bruin gekleur. Die kleuter se opmerkzaamheid moet nie onderskat word nie: sulke inkonsekwentheid sal hy wel deeglik raaksien. Hester Heese se jongste prenteboek sal nietemin aan die klein kind heelwat genot verskaf.

(Rialette Wiehahn, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, September 1973)

□ *Die peperboom*

Almal wat in die kinderboek belangstel, het met blydschap verneem dat die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur vanjaar deur die S.A. Akademie aan Hester Heese toegeken word. Die kleuterboeke waarvoor sy dié toekenning kry, is die volgende: *Wat is daai — hê Pappa?*, *Oustryk*, *Piet Vrolik en Ben Verstrooi*, *Die peperboom* en *Bokmakierie sing*.

Dié vyf boeke wil ek baie graag by alle ouers van voorskoolse kinders aanbeveel. Hulle is van die beste kleuterboeke wat ons in Afrikaans het. Hester Heese het begrip van die voorskoolse kind. Die gebeure waarvan daar in haar verhale en versies vertel word, is binne die begripsvermoë van die kind. Die handelinge in die verhale sluit aan by die geestelike ontwikkeling en ervaring van die kind, sodat hy hom maklik kan vereenselwig met wat gebeur. Die vertelling in hierdie kleuterboeke hou rekening met die aandag-vermoë van die kleuter en is derhalwe nie te lank nie. Die struktuur van die verhale in die boeke is ook besonder doeltreffend. Daarby is al vyf boeke baie mooi uit-

gegee, kleurryk en lewendig geïllustreer en stewig gebind.

Wat is daai — hê Pappa? is 'n boeiende verhaal van 'n staptog wat 'n seuntjie saam met sy pappa onderneem. Die wêreld langs die sandpad is vol interessante dinge wat keer op keer 'n verrassing bied en uiteindelik tot 'n mooi hoogtepunt lei. Dit is 'n pragtige prenteboek met groot kleur-illustrasies deur Katrin Schürmann. Dit is 'n ideale geskenkboek vir 'n seuntjie van so drie, vier jaar. Dit is 'n uitgawe van die Kinderpers van S.A.

Oustryk is lewendige vertelling van 'n seuntjie wat in sy motor oor die hele wêreld ry. Oustryk ry stad toe, hy ry Karoo toe, hy ry strand toe ... maar toe sy ma hom roep, is hy somer vlak by die deur. *Oustryk* is ook deur Katrin Schürmann geïllustreer en dit is ook 'n uitgawe van die Kinderpers.

Piet Vrolik en Ben Verstrooi is 'n werklik bal-dadige storie van twee kêrels wat 'n muis probeer vang en allerlei koddige ervarings met die onder-neming het. Die vertelling kry 'n besondere vaart deur middel van die vrolike versies wat so tussen die vertelling deur daarin voorkom. Dis 'n lekkerlag-storie vir die kleinspan met 'n vindingryke Uilspieël-element daarin. Die tekeninge deur Nikki Jones sluit baie mooi by die vertelling aan. Dié boek *Piet Vrolik en Ben Verstrooi* is vir kinders wat 'n bietjie ouer is as drie, vier. Dit sou 'n lekker presentboek wees vir 'n seun of dogter van vyf, ses of selfs sewe jaar. *Piet Vrolik en Ben Verstrooi* is 'n uitgawe van Tafelberg.

Die peperboom is 'n verhaal van treffende eenvoud wat met die gelykenis soos dit dikwels in die Bybel voorkom, vergelyk kan word. Dit is 'n verhaal van 'n reisiger deur 'n dorre landstreek wat vriendelik versorg word deur 'n boer en sy vrou en hulle dan op 'n wonderlike wyse beloon. In die werklikheid is hierdie verhaal 'n allegorie oor naasteliefde. Die tekeninge deur Cora Coetzee is stemmingsvol en dramatiese en dra oontsegglik by tot die trefkrag van die verhaal.

Die peperboom kan vir 'n voorskoolse kind gelees word, soos Bybelverhale vir hom gelees word, maar dit is nie 'n boek wat tot één ouderdomsgroep beperk hoef te word nie. 'n Kind van tien, elf jaar sal die verhaal ook met oorgawe lees. Dis 'n uitgawe van Tafelberg.

Bokmakierie sing, wat pas verskyn het, is 'n bygewerkte uitgawe met baie mooi illustrasies, van *Opsêgoed vir kleingood* wat in 1966 verskyn het. Die versies gaan oor dié daaglikse ervarings wat die kind goed ken: 'n mossie wat in die pruimboom sing, Boetie se sywurms wat gevoer word, blomme wat vir Ma en Pa en Pieter gepluk word, Jan en Pietman wat dorp toe ry in ma se groot sinkbad, Wip-wip Japie met sy neus wat opwip en sy ore wat afwip. Die versies is heerlik om te hoor. Hoor nou só 'n versie soos *Kerrie en borrie*:

Daar's kerrie en daar's borrie
Daar's iets vir elke skorrie
Die borrie is vir geelrys
Die kerrie is vir braaivleis

Dit pekel in my tande
Dit pekel in my keel

Dit pekel as dit afglip
My maag word pekelgeel

Daar's kerrie en daar's borrie
Daar's iets vir skorrie-morrie
Die borrie is vir skorrie
Die kerrie is vir morrie.

Of hierdie treffer: *Seepskuimboela*

Daar lê 'n lang vuil modderstreep
Dwarsoor jou regterwang
As jy dit nie gaan afwas nie
Sal Seepskuimboela jou vang.

Bokmakierie sing is 'n uitsoek-boekgeskenk vir 'n kleinkind van 3-7 jaar. Dis 'n uitgawe van Tafelberg.

(Audrey Blignault, SAUK, Afrikaanse Diens,
Vrouerubriek, 11 Junie 1976)

1.7 Holloway, Christina Maria (5 Desember 1888–17 Junie 1967)

In 1979 word Tienie Holloway postuum deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer met juis die medalje wat haar naam dra. Hierdie toekenning is gemaak op grond van twee publikasies wat eers tien jaar na haar dood verskyn het, naamlik

Rympies van Tienie Holloway in 1977 en *Versies van Tienie Holloway* in 1978. Volledige biografiese besonderhede oor Tienie Holloway word in paragraaf 1.2 verstrek.



Dr. J.E. Holloway ontvang die Tienie Holloway-medalje wat postuum aan sy eggenote toegeken is van prof. A.P. Grové, Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
(Fotograaf: Johan Stander, Stellenbosch)

□ *Versies van Tienie Holloway*

Bekoorlike versies

Tienie Holloway se versies is bekoorlik en sal nie net kinders gelukkig maak nie. Sommige digters wat vir grootmense skryf, kan by haar leer hoe om suggestie, humor, ironie, taalspel en al die ander “grootwoorde” te gebruik.

Telkens is daar verbluffende ooreenkomste tussen haar “versies” en die gedigte van o.a. N.P. van Wyk Louw en Opperman. Vergelyk bv. Van Wyk Louw se *Klipwerkverse* met die tweereëlige versie *Rooikop Jannie* van Holloway:

'n Korrelkop is rooikop Jannie hy wil nie, sal nie,
kan nie, gaan nie.

Die versie *Tweespraak* is 'n goeie voorbeeld van Holloway op haar beste: die geniale gebruik van perspektiefwisseling tussen die vraesteller en die kind wat antwoord, die suggestiewe bynaam Kristoffel Pantoffel, en die pragtige wendings wat sprekend is van die kind se verbeeldingsvermoë. In 'n insiggewende nawoord vertel die digter se man hoe sy beïnvloed is deur die ritme van die tam-tam soos gespeel deur die Basoetoes. “Sy wou nie skrywe soos 'n grootmens wat aan kinders vertel nie. Sy wou praat soos kinders praat, haar in hulle bewussyn indink en hulle in hul daaglikse lewe vertolk.”

(Johan van Wyk, *Beeld*,
14 Augustus 1978)



□ *Rympies van Tienie Holloway*

Versameling rympies 'n vreugde

Dit is 'n vreugde dat Human en Rousseau besluit het om die bekoorlike en altyd beminde versies van Tienie Holloway in 'n nuwe versamelde werk uit te gee. Daar is 'n tydloosheid omtrent hierdie eenvoudige rympies wat dit altyd gewild sal hou.

Enige kleuter geniet 'n rympie, al is dit dan net die ritme en die klank van die woorde as hulle nog nie die inhoud daarvan verstaan nie. In hierdie versies is daar boonop 'n heerlike humor wat so eg in die jong kind se wêreldjie pas en dus dubbeld soveel plezier verskaf.

Die versies wissel van die eenvoudigste vierreël-rympies tot ietwat langer gediggies wat 'n verhaaltjie vertel. Hulle is meestal waarlik in die egte volkstradisie met eiesoortige, fyn Afrikaanse humor.



Leon Rousseau het die versameling in oorleg met wyle Tienie Holloway se man geredigeer. Baie min van die oorspronklike rympies is verander.

Dit is gewis nie net kleuters en kinders wat hierdie versies sal geniet nie, maar volwassenes ook. Hoor dan net hoe fyn sê sy 'n ding:

Hoor Oupa Piet in die vlei
hy lag tog so hard en so bly!

As ek so verskeur was,
as ek nou sy kleur was,
sal ek dan so blý lag soos hy?

Hierdie bundel is die eerste van twee boekdele wat nou uitgegee word. Dis gewis 'n goeie keuse vir die boekrak tuis waar daar nog kinders is wat onbevange kan geniet.

(Anoniem, *Die Vaderland*,
23 Februarie 1978)

□ *Rympies van Tienie Holloway en Versies van Tienie Holloway*

'n *Skatkis van verse vir kinders*

Die Tienie Holloway-medalje is vanjaar deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns postuum toegeken aan Tienie Holloway vir haar belangrike bydrae tot die Afrikaanse kleuterlektuur.

Die twee versamelbundels *Rympies van Tienie Holloway* en *Versies van Tienie Holloway* wat onderskeidelik in 1977 en 1978 verskyn het, het die werk van hierdie geniale baanbreekster op die gebied van die Afrikaanse kinderboek as geheel onder die aandag van die Akademie gebring sodat daar opnuut oor die waarde van dié poësie besin kon word. Die bevinding van die Letterkundige Kommissie was dat dié bydrae tot die Afrikaanse kleuterlektuur, selfs in vergelyking met die heel jongste skryfwerk vir kleuters, die erkenning verdien dat dit van die beste is wat ons het.

Tienie Holloway se kinderverse, wat 'n spontane neerslag was van haar omgang met haar eie kinders, kleinkinders en ander kinders, is vir die eerste keer in die dertigerjare gepubliseer in *Die Volkstem* onder die skuilnaam Madeliefie. In 1938 het haar eerste bundel *Haasbekkies en ander verse* by Van Schaik verskyn. Kinders het dadelik van die verse gehou, kleuters het die rympies tot hul eie besit gemaak en skoolkinders het met oorgawe die verse voorgedra.

In die loop van die volgende jare het daar altesaam sewe versebundels van Tienie Holloway verskyn.

Ná haar dood in 1967 het haar eggenoot, dr. J.E. Holloway, op die gedagte gekom om met 'n skenking aan die Akademie 'n medalje in te stel wat 'n toekenning vir besondere bydrae tot die Afrikaanse kleuterlektuur sou wees. Dié medalje, van goud geslaan en met 'n beeltnis van Tienie Holloway daarop, is die eerste keer in 1970 toegeken en wel aan die skryfster M.E.R. Vanjaar was dit 'n besondere gebeurtenis toe die medalje op die jaarvergadering van die Akademie, as postume toekenning aan Tienie Holloway, aan haar eggenoot, dr. J.E. Holloway, oorhandig is.

Dit is 'n verrassende en opwindende ontdekking dat Tienie Holloway werklik poësie geskryf het. Niemand kan dit betwis dat die volgende vers suiver poësie is nie:

WIE WIL RUIL?

Wie wil ruil, wie wil ruil?
Alles sal ek gee
vir 'n geeloog-uil!
My duiwe het kleintjies,
my dassies ook,
maar ek soek 'n uil,
soos 'n geeloog-spook!

Elke aand met die eerste ster
stuur ek my grootste wens daar ver:
"Stuur my 'n uiltjie,
stuur my 'n uil,
net soos die een by die Rooikranskuil!"

Elke maand voor die nuwe maan
agter die rand van die Rooikrans gaan,
gryp ek iets styf in my regterhand
en ek sê vir die maan daar bo die rand:
"Jy wat agter
die krans gaan skuil,
stuur vir my tog
'n geeloog-uil!"

My pa sê hul's blind, my ma sê hul's vuil
maar o, ek verlang na 'n geeloog-uil!

Die vindingryke metrum, die spel van klank, die verlange-beeld van die geeloog-uil en die verrassende slot met sy klinkende teenstelling — dit maak van hierdie vers 'n fyn, afgeronde gedig.

Tienie Holloway het 'n besondere slag met woor-

de en klanke en keer op keer word 'n mens getref deur haar beheer van ritme en rym. Proe net hoe lekker op die tong lê so 'n vers:

HIK

Hikke-pikke-pik
het suiker gesteel.
Hikke-pikke-pik
is wit van die meel.
Hikke-pikke-pik
het lelik geskrik.
Hikke-pik, hikke-pik, hik, hik, hik!

Daar is in baie van die verse 'n baldadige humor, die soort spot-snaaksigheid wat die kleuter goed verstaan en waaraan hy groot plesier het. Kyk maar met hoeveel smaak dra 'n Sub A-outjie die volgende vers voor:

DIE EKKE

Ag, waarom is ek tog so dom,
waarom praat ek tog so krom?
Toe ek by die skool inkom,
sê meester: "Spel jou van."
En net toe ek my vel wou span -
Ag, — net toe ek my span wou vel,
begin die ander hard te tel,
en ek sê: "456EL" —
Die Ekke!

Tienie Holloway se verse het die groot waarde dat hulle die kleuter van woorde en hul betekenis bewus maak:

ÊRENS EN IEWERS

Êrens is my hoed
en iewers is my skoen —
maar waar is êrens?
en waar is iewers?
En wat gaan ek nou doen?

Want Mammie het my hoed
êrens raak gesien —
en Pappie gaan nou dorp toe
en ek gaan saam, miskien.

En Ousus het my skoen
iewers ook gewaar,
maar niemand kom my help nie,
hul sê net: "Soek jy maar."

Die verse in die twee bundels is oorspronklik en verbeeldingryk, dikwels met 'n fyn fantasie in die woordspel of beeld. Die skryfster vertolk die kind se ervaring uit die wêreld van die kind. Sy praat 'n taal wat die kind verstaan.

In sy Nawoord tot die tweede bundel *Versies van Tienie Holloway* vertel haar eggenoot, dr. J.E. Holloway, 'n verhaal wat die betowering van Tienie Holloway se versies raak karakteriseer: "By geleentheid was ons op besoek by 'n gesin in Simon-dium. Daar was 'n dogtertjie van omtrent agt jaar. Sy het die naam Holloway gehoor, en ook dat ek my vrou as Tienie aanspreek.

Stilletjies het sy agter Tienie gaan staan én hoorbaar gefluister: "Gerrie-keperrie-ke-riek-stiek-sterrie ..."

Tienie het terug gefluister: "Was Moeder se grootste skat."

Nog nie oortuig nie, het die dogtertjie aangehou: "Want Mammie-kepammie-ke-riek-stiek-stammie ..."

Weer kom die antwoord: "Het Gerrie so lief gehad."

Verruk steek die dogtertjie haar vingertjie uit en skree: "Jy is Tienie Holloway."

(Audrey Blignault, *Die Burger*,
2 Augustus 1979)

1.8 Heese, Hester Maria (26 Oktober 1911–)

Hester Heese is in 1982 andermaal deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns met die Tienie Holloway-medalje vereer en wel vir haar boek *Sy wat die soen op haar voorkop dra*. Volledige biografiese besonderhede oor Hester Heese word in paragraaf 1.6 verstrek.

Vir die pragtige illustrasies in hierdie boek het Ann Walton in 1981 die Katrine Harries-toekenning ontvang. Volledige biografiese besonderhede oor Ann Walton word in paragraaf 5.6 verstrek.

- *Hester Heese waardige wenner van Tienie Holloway-medalje*

Hester Heese ontvang die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur vir haar prenteboek *Sy wat die soen op haar voorkop dra* uitgegee deur Qualitas in 1980.

Hierdie jongste bekroning is vir mev. Heese 'n besondere geleentheid omdat die boek in 1981 reeds bekroon is met die gesogte Katrine Harries-prys wat deur SAIBI toegeken word. Daarby is dit die tweede keer dat Hester Heese die Tienie Holloway-medalje ontvang.

Mev. Heese, die ouma met die “storiemonst”, vertel met smaak en oorgawe hoe *Sy wat die soen op haar voorkop dra* beslag gekry het. Dit het so gebeur: Haar kleindogter, Karla, toe omtrent so drie jaar, het een oggend vroeg ingedraf en haar 'n soen gegee. Toe ouma om nog 'n soen vra het Karla gesê dat sy alreeds al haar soene uitgedeel het, maar sy het gewilliglik vir mevrou Heese 'n soen op haar voorkop gegee. En daardie selfde nag het die splinternuwe prenteboek gestalte gekry.



Die prenteboek, *Sy wat die soen op haar voorkop dra*, vertel dan ook die verhaal van Karalie, 'n dogtertjie nes Karla wat by die see woon. Karalie wil wegvaar na haar droomeiland, maar voor haar vertrek deel sy eers tien soene uit. Daar is een soen vir die môrester, een vir die vroeë oggendwind en een vir haar beste storiemaat, “die oupa met die glimlag”. En dan is daar 'n soen vir die boepensmaan, maar die tiende soen gee Karalie vir haar eie liewe ma, “sy wat op haar voorkop die lekkerste soen sal dra.”

In hierdie uitstaande kleuterboek beskryf Hester Heese op gevoelvolle wyse die fantasiewêreld van

die kleinkind, en die boek word allerweë beskou as een van haar beste werke. Die skryfster het 'n besonder gelukkige verstandhouding met die illustreerder van haar boeke, Ann Walton. Die illustrasies is kunswerke wat die teks op gepaste wyse interpreteer en aanvul. Daar is 'n byna perfekte balans en korrelasie tussen teks en illustrasies en die boek as geheel is tipografies keurig versorg.

Van hierdie boek het die beoordelaars tereg gesê: "Dit is 'n mylpaal in die Suid-Afrikaanse illustrasiekuns". En inderdaad is hierdie jongste wenner vir Hester Heese 'n mylpaal. Dit bevestig die voorspelling van die *Eikestadnuus* van 15 Junie 1979, p.10 "Uit die skeppende gees ... kan nog lank woorde vloei om positief en vormend tot klein en groot te spreek."

Uit gesprekke met mev. Heese is dit baie duidelik dat sy vir klein en groot skryf. Sy glo onwrikbaar in voorlees, en die saamlees van ouers en kinders. Sy haal Benjamin Bloom aan oor die belangrikheid van voorlees vir die voorskoolse kind. "If the home cannot provide these basic developments, the child is likely to be handicapped in much of his later learning, and the prognosis for his educational development is very poor."

Ouers kan met behulp van biblioteke en boeke hierdie basiese vaardighede by die kind aankweek. Die Universiteit van Stellenbosch se Inligtingsentrum vir Kinderlektuur en Media bied aanvullende leiding en voorligting aan ouers in verband met die leesbehoefte van hul kinders.

Mev. Heese het onlangs nog by 'n leeskring oor die seisoene van die lewe gepraat:

My herfs is 'n vuurvlam
my winter is 'n dorre tak:
my lente is 'n grasgroen botsel,
my somer is 'n swaeltjie op my dak.

Vir hierdie waardige wenner se wye en toegewyde leserspubliek is haar boeke soos groen botsels en soos swaeltjies in die somer — 'n vreugde en rykdom om met ons kinders te deel.

(Jan en Marina le Roux,
Eikestadnuus, 26 Maart 1982)

□ *Tienie Hollowaymedalje vir Kleuterlektuur*

Sy wat die soen op haar voorkop dra, die kleuterboek deur Hester Heese wat vanjaar met die Tienie Hollowaymedalje bekroon word, verteenwoordig 'n hoogtepunt in die ontwikkeling van die Afrikaanse kleuterlektuur. Dit is die eerste prentboek van gehalte wat in volkleur in Suid-Afrika gedruk is en desnieteenstaande teen 'n redelike prys versprei word. Die verbeeldingryke, stemmingsvolle illustrasies het reeds aan die kunstenaars, Ann Walton, die Katrine Harries-toekening van die SA Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese besorg.

Vanaand word die skryfster van dié vindingryke versverhaal deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir 'n heel besondere hydrae tot die Afrikaanse kleuterlektuur bekroon.

In dié boek vertel Hester Heese in vloeiende ritme en dwanglose rym die verhaal van die dogtertjie, Karalie, wat in 'n glasboot na 'n wondereland wil wegvaar, maar voordat sy vertrek, wil sy eers tien soene uitdeel: aan die môrester, die vroeë oggendwind, die tiptol wat in die melkhou sing, die oupa oorkant die straat wat stories vertel, die bantamhaan wat haar soggens wakker roep, die kookkewiet op sy nes in die klimop, die boerboel wat haar ma oppas, die boepensmaan, die rooi malvaplant — en dan die laaste soen:

vir haar eie liewe ma;
sy wat op haar voorkop
die lekkerste soen sal dra.

Wanneer Karalie by die glasboot aankom, wil die bootsman tien soene as beloning vir die vaart hê, maar Karalie het haar soene klaar uitgedeel en sy wil hulle nie weer terugvra nie. Die eis wat die bootsman stel, laat haar skielik besef wáár haar droomland werklik is:

Toe weet Karalie skielik
haar droomland is by haar ma;
sy wat die soen vir altyd
op haar mooi wit voorkop dra.

Die versverhaal sluit gerusstellend met Karalie wat in haar eie bed wakker word net toe die koekoek-klok agtuur slaan.

Die verhaal het 'n vindingryke ontwikkelingsgang tot die getal tien en word dan weer fyn teruggevoer na die begin wat opnuut verrassend in die loop van die gebeure verweef word.

Met min woorde en besondere subtiliteit in die woordgebruik word Karalie se hele wêreld geskep: die mense wat die naaste aan haar is, die diere en plante in haar omgewing wat vir haar van wesenlike belang is. Dié wêreld word deurgaans uit die gesigspunt van die kleuter gesien. Die jong kind se beleving van droom, geluk, toegeneentheid en liefde word konkreet gebeeld, soos dit in die kleuterboek hoort.

Soos in die ervaringswêreld van die kleuter is daar in hierdie verhaal 'n vermenging van werklikheid en fantasie wat steeds in die konkrete geanker bly.

Hester Heese hanteer die oorgange tussen droom en werklikheid met vernuf en vaardigheid sodat die skeiding feitlik deursigtig word.

Die boek het 'n besondere eenheid: die struktuur van die verhaal, die skepping van 'n wêreld wat nóg droom, nóg suiwer fantasie is, die teks en die illustrasies, en les bes, die inhoud en die wêreld van die kleuter.

Sy wat die soen op haar voorkop dra is 'n kleuterboek van onbetwyfelbare gehalte.

(Lydia Snyman, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, *Jaarboek*, 1982)

1.9 Linde, Christovira Frederika (12 Desember 1915–)

In 1985 het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns sy gesogte Tienie Holloway-medalje vir die tweede keer aan Freda Linde toegeken. Hierdie keer was die toekenning gemaak op grond van haar boek *Die Keiserkroon*. Volledige biografiese besonderhede oor Freda Linde word in paragraaf 1.5 verstrekk.

□ *Die Keiserkroon*

Hierdie boek het die 1985 Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang. Dit vertel van Nel en haar boetie wat saam met hulle ouers uit die Kaap na Keetmanshoop verhuis. As Nel sien hoe vaal en lelik hulle nuwe dorp is, met oral net klippe en sand, is sy ontroosbaar. Boonop verlang sy vreeslik na haar maatjie, Lalie. As sy en haar boetie byna

verdwaal toe hulle op pad is na 'n klipkoppie buite die dorp, wat bekend staan as Keiserkroon, ontdek Nel tot haar groot verbasing dat haar nuwe wêreld nie meer so lelik is nie. Ann Walton slaag ook goed daarin om in haar illustrasies die uitgestrekte eensaamheid van die Suidwes-landskap vas te vang.

(Z.J.E., *Die Kaapse Bibliotekaris*, Augustus 1985)

□ *Waar die wind fyn musiek maak*

Die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur word in 1985 toegeken aan Freda Linde vir haar boek *Die Keiserkroon*. Die werk, in sagte kleur geïllustreer deur Ann Walton, maak gebruik van 'n groot lettertipe en die formaat is ook groot — wat duidelik aantoon dat dit vir kleuters bedoel is. Tog sal kinders wat al self kan lees, selfs tot tienjarige ouderdom, die boek waardeer. Die teks berus so min op plot dat 'n lewendige kleintjie nie daarvan sal hou nie, of min daaraan sal hê. Dis die gevoelige luisteraartjie en die selfesertjie wat nie op vinnige uiterlike gebeure ingestel is nie wat dié verhaal oor en oor sal wil hoor of lees en elke keer nuwe diepte daarin gaan ontdek.

Freda Linde se werke word gekenmerk deur hul sober taalgebruik. Hierdie jongste verhaal is geen uitsondering nie en tref selfs meer as van haar vorige boeke vir jong kinders daarin dat sy nie volwassenewoorde gebruik nie maar bly by eenvoudige, stemmingsvolle mededeling. 'n Mens voel wel dat strakheid te ver gevoer word in die veelvuldige sinne na mekaar wat met Sy begin.

Die kern van die verhaal, wat deurentyd betrek word, is 'n gesin se aankoms in Keetmanshoop van die Kaap af en die dogtertjie Nel se moeilike aanpassing by hierdie totale verandering van omgewing. Nel vorm dus die middelpunt: haar belewing word betrek deur 'n fokalisator wat weliswaar buite haar staan maar nooit heeltemal wegbeweeg nie.

Hoe oud Nel is, word nie gesê nie, maar die leser lei af dat sy reeds in die skool is omdat sy van skoolgaan praat en uitsien na die vakansie. Ook omdat sy skoolkind is, kan ouer lesertjies hulle met haar vereenselwig. Geen uitdieping van die hoofkarakter vind plaas nie; Nel word slegs geken deur haar opstand teen dié “boendoe” waar hulle nou moet bly. En dis wat hierdie kenmerk betref dat sy subtiële ontwikkeling ondergaan. Aanvanklik huil en snik sy, dan loop trane nog oor haar wange, maar nuuskierigheid oor die Keiserkroon verdring die hartseer en sy wil na die koppie gaan om haar een groot wens uit te spreek: “om weg te kom, na Lalie toe”. Dan word sy bewus van die wind wat (met allitererende s'e) deur die gras sing:



“sy sien hoe die grashalms oor die blou rotse buig”.

'n Bietjie spanning kom die verhaal ten goede as Nel besef dat haar boetie weg is en sy terugdraai om hom te soek. As sy hom vind en 'n ka-meeldoringpeul uit sy sak trek, kry dié peul byna magiese betekenis. As Nel dit teen haar wang vryf soos haar boetie dit vroeër teen syne gevryf het en bewus word van die sagte dons oor die klip-harde binneste, word die aanraking met wang en oë 'n ontmoeting met die harde en tog pragtige land self. Deur die peul kom aanvaarding van en versoening met die vreemde ruimte. Nou lyk die Keiserkroon “soveel nader” — die vyandigheid is weg. Die wens wat Nel uitspreek as sy werklik by die koppie kom, is subtiel anders as wat sy vroeër gemeen het om te wens: “dat Lalie kom kuier”. Nou wil sy nie meer wegkom en teruggeplaas word in haar vertroude Kaapse omgewing nie: sy wil Lalie hier op haar nuwe woonplek herontmoet. Die versoening met die ruimte word bevestig as sy “vir die tweede keer in haar lewe, nog sagter as by die rotse ... die fyn musiek van wind deur die droë gras” hoor.

Medekarakters in die verhaal is enkellynig. Die geheel word 'n stil maar helder oopdekking van 'n wêrelddeel wat 'n ontvanklike gemoed bewus maak van 'n heel besondere skoonheid.

Dis jammer dat geen bladsynommers in die teks voorkom nie!

(Elsabé Steenberg, *Tydskrif vir Letterkunde*, Augustus 1985)

1.10 Rupert, Carolina Wilhelmina (7 Februarie 1934–)

Die bekende skryfster Rona Rupert is op 7 Februarie 1934 op Calvinia as Carolina Wilhelmina Davel gebore. Sy is die jongste van twee dogters van mnr. en mev. J.S. Davel. Later verhuis die gesin na Bloemfontein waar hulle bly tot aan die einde van haar eerste drie laerskooljare. Hier was sy 'n leerling aan die Meisieskool Oranje. In die tyd besluit haar vader om in die distrik Calvinia, in die Hantam, te gaan boer. Aangesien die skool op Calvinia te ver van die plaas was, loseer Rona by haar ouma op Calvinia. Hier woon sy eers die laerskool en daarna die hoërskool by waar sy aan die einde van 1950 matriculeer.

Vanaf die begin van 1951 studeer Rona aan die Universiteit van Stellenbosch. Sy neem Afrikaans en Musiek as haar hoofvakke vir die BA-graad wat sy aan die einde van 1953 behaal. Daarna skryf sy vir die S.O.D. en die Lisensiaat in Klavier tegelykertyd in en behaal beide kwalifikasies aan die einde van 1954. In 1955 gaan sy Holland toe waar sy Skoolmusiek, met die blokfluit as tweede instrument, aan die Muzieklyceum in Amsterdam bestudeer.

Wanneer Rona aan die einde van 1955 terugkeer, bevind sy haar weer op Stellenbosch; hierdie keer as musikonderwyseres aan die Paul Roos Gimnasium vir die twee jaar 1956–1957.

In 1958 tree sy in die huwelik met mnr. J.A. Rupert. Die egpaar vestig hulle in Londen waar hulle tot 1960 woon. Daarna keer hulle na Suid-Afrika terug en vestig hulle in Stellenbosch waar hulle steeds woon. Uit hierdie huwelik is een dogter, Marian, gebore.

In die jare toe Rona in Londen gewoon het, het sy begin skryf. Dit was 'n reeks wat in *Die Noord-wester* verskyn het en gehandel het oor die lewe oorsee. Haar eerste boek, *Die koningskind van die Hantam* verskyn in 1967 by Tafelberg-Uitgewers. Behalwe dat sy voltyds huisvrou is, volgens haar paspoort, gee sy musiekles aan 'n groep uitgesoekte musiekleerlinge. Tussendeur wy sy haar aandag aan haar skryfwerk.

Haar eerste toekenning vir haar skryfwerk ontvang sy in 1977 toe die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging die C.P. Hoogenhout-toekenning vir 1976 aan haar toeken vir haar boek *Wat maak jy, Hek-*



(Fotograaf: Rothea Olivier)

tor? Sy het die toekenning op 11 November 1977 tydens 'n geselligheid van die Wes-Kaapse Tak van die SABV in ontvangs geneem.

Deur noulettende aandag en doelgerigte toewyding aan haar skryfwerk het Rona Rupert sodanig ontwikkel dat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1980 die Scheepers-prys vir Jeuglektuur aan haar toeken. Hierdie toekenning was gegrond op twee van haar boeke, *Wegloopwinter*, gepubliseer in 1978, en *Woorde is soos wors*, gepubliseer in 1979. En dan in 1985 ontvang sy eers die M.E.R.-prys en daarna die Ou Mutual-prys, in beide gevalle vir *Al Everest se voëls*. Vir die illustrasies in *Al Everest se voëls* ontvang Alida Bothma in 1985 die Katrine Harries-toekenning. In 1989 word sy deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer met die Tienie Holloway-medalje vir *Nou wil almal sien*.

Die volgende boeke is onder andere deur Rona Rupert geskryf:

- Die koningskind van die Hantam*. Kaapstad: Tafelberg, 1967.
- Die verhaal van die vrolike liedjie*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1968.
- Elias loop in die ry*. Kaapstad: Tafelberg, 1968.
- Brandkloof se kinders*. Kaapstad: Tafelberg, 1969.
- By omdraai verby*. Kaapstad: Tafelberg, 1970.
- Cato van Brandkloof*. Kaapstad: Tafelberg, 1971.
- Martinus en die windpomp*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.
- Iets wat vir Anna-Katrien mooi is*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
- Molisana, die seun wat die klei-osse maak*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
- Die musiek wat die koning wil hoor*. Kaapstad: Tafelberg, 1972.
- Die eerste keer*. Kaapstad: Tafelberg, 1974.
- Die dag toe name volop was*. Kaapstad: Kinderpers, 1975.
- Luister Lefa*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1976.
- 14 is anders*. Kaapstad: Tafelberg, 1976.
- Wat maak jy, Hektor?* Kaapstad: Tafelberg, 1976.
- Wegloopwinter*. Kaapstad: Tafelberg, 1978.
- Woorde is soos wors*. Kaapstad: Tafelberg, 1979.
- Die aarbeimense*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1980.
- Dis myne*. Pretoria: Qualitas, 1981.
- Die tweede verslag van 'n buitengewone ontmoeting*. Kaapstad: Tafelberg, 1981.
- Te rooi vir woorde*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1982.
- Wat wil jy maak as jy weet?* Kaapstad: Tafelberg, 1983.
- Ambraal, hoe gaan dit nog?* Kaapstad: Tafelberg, 1983.
- Al Everest se voëls*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1984.
- Ek is Gideon*. Kaapstad: Tafelberg, 1985.

Nou wil almal sien. Kaapstad: Human & Rousseau, 1987.

En wat van my? Kaapstad: Tafelberg, 1987.

Bronne geraadpleeg

1. Bitten by the book bug. *The Cape Times*, 15 November 1977.
2. Blignault, Audrey. Scheepers-prys vir Jeuglektuur aan Rona Rupert; huldigingswoord. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Jaarboek*, 1980, p.25, 38.
3. Koningskind van die Hantam. *Eikestadnuus*, 3 November 1967.
4. Louw, Irma. Stories is haar lewe. *Rooi Rose*, 38(21): 180-181; 19 Mei 1982.
5. Ons stel voor ... Rona Rupert. *Skoolbiblioteek*, 8(2): 18-19; Julie 1976.

☐ *Nou wil almal sien*


Die verhaal handel oor Wikus wat 'n bril kry en skielik baie dinge raaksien. Rona Rupert bring op 'n realistiese wyse die gewaarwordinge van 'n kind in sy grootwordjare na vore.

Omdat Wikus nou so goed kan sien, wil al sy maats sy bril leen, maar kom gou agter dat dit nie gaan oor hoe goed 'n mens kan sien nie, maar hoe 'n mens kyk.

'n Jong kind wat selfbewus voel omdat hy 'n bril moet dra, stel deur middel van hierdie boekie vas dat hy nie só sleg daaraan toe is nie — almal beny Wikus se bril en almal wil nou sien!

Die illustrasies deur Alida Bothma is lewendig en interessant en pas goed aan by die skryfster se gemaklike styl. Kleuters en jong skoolkinders sal baie genot uit dié boek put.

(Henda Groenewald, *Die Vaderland*,
24 Augustus 1987)



☐ “Die skool begin.” Maar “vandag lyk alles anders,” sê Wikus: die blare aan die boom, die visknippies in Janet se hare. Anneke se oë, die prente teen die muur. Wikus sien baie dinge raak, want hy het 'n bril gekry — ook juffrou se ring wat sê dat sy gaan trou. En “nou wil almal sien”. Wikus

sê egter: “Dis nie omdat ek goed kan sien nie ... dis omdat ek weet hoe om te kan kyk.”

Die kinders se optrede en reaksies is volledig uit die kindewêreld, maar te midde van al die opwinding word veel gesê wat nie in woorde of in die illustrasies uitgebeeld word nie: die avontuur

van 'n nuwe bril, menslike verhoudinge, die klein dingetjies wat vir ander belangrik is, die verrykende rol van waarneming in die mens se bestaan, en oënskynlike belemmeringe wat ook 'n positiewe sy het. Rona Rupert slaag inderdaad daarin om met 'n oorspronklike siening en fyn hand van 'n nuwe bril 'n benydenswaardige objek te maak. Hierdie soort implikasies en suggesties is kenmerkend van 'n ware kunswerk.

'n Groot deel van die handeling, karakterbeelding en atmosfeer van die verhaal word deur die lewendige kleurillustrasies uitgebeeld. Trouens, deur die illustrasies hoor en voel 'n mens die lawaai en gewriemel van die kinders in die klaskamer.

(Lydia Snyman, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, April 1988)

Hoofstuk

TWEE



Die C.P. Hoogenhout-
toekenning vir die
beste Afrikaanse
kinderboek

2.1 Die ontstaan van die C.P. Hoogenhout-toekenning

Die instelling van die C.P. Hoogenhout-toekenning is deur die Kaapse Tak van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging (tans bekend as die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese) geïnisieer. Die volgende mosie, soos gepubliseer in die *SABV-Nuusbrief* van Desember 1959, is deur hierdie Tak ingedien en tydens die jaarlikse konferensie van die SABV in 1959 bespreek en eenparig aanvaar:

“Dat die kongres die aanbevelings van die sub-komitee van die tak in verband met Afrikaanse kinderboeke in oorweging neem en na aanleiding daarvan ’n verteenwoordigende Kinderbiblioteekkomitee in die lewe roep om uitvoering aan die voorstelle te gee.” Die aanbevelings is soos volg:

- (1) Dat, ten einde die produksie van Afrikaanse kinderboeke van ’n hoë gehalte aan te moedig, ’n stel vereistes, toegelig met verskeie voorbeelde, in *Suid-Afrikaanse Biblioteke* gepubliseer word.
- (2) Dat herdrukke van die artikel(s) onder uitgewers versprei word.
- (3a) Dat aanbevelings deur bibliotekaris en onderwysers aangaande boeke in ander tale wat geskik is om in Afrikaans vertaal te word na uitgewers ter oorweging gestuur word.
- (b) Dat boeke wat uit druk is, maar herdruk regverdig, onder die aandag van uitgewers gebring word.
- (c) Dat die mees afgeskepte ouderdomsgroep vasgestel en onder die aandag van uitgewers gebring word.
- (4) Dat in Julie van elke jaar die Afrikaanse kinderboeke wat die vorige twaalf maande verskyn het, in oënskyn geneem word en dat die tien of twaalf beste boeke, beide oorspronklike werke en vertalings, in volgorde van verdienste gerangskik word deur ’n keurkomitee wat vir dié doel aangestel word. Elke titel sal geannoteer word en aanbevelings moet so bewoord word dat die uitgewers ’n bruikbare getuigskrif sal ontvang.
- (5a) Dat ’n klein geldprys of medalje aangebied word aan die skrywer en/of kunstenaar van die boek bo-aan die lys. Die prys moet ’n treffende naam hê sodat na die boek verwys kan word as die ’x-pryswenner van 1960’.
- (b) Dat persone of liggame genader word vir die beskikbaarstelling van ’n som geld die rente waarop as jaarlikse prys gebruik kan word. Die prys kan dan na die persoon of liggaam vernoem word.
- (6) Dat geen geld aan die uitgewers aangebied word nie, maar dat hulle die eer sal toekom as die uitgewers van die pryswenner en dat die volledige lys in *Suid-Afrikaanse Biblioteke* en soveel tydskrifte en nuusblaaie as moontlik gepubliseer word.
- (7) Dat die pryswenner en die ander ‘beste boeke van die jaar’ elke jaar by die Konferensie aangekondig word en dat, indien moontlik, die toekenning by daardie geleentheid geskied.

Hieruit blyk dit duidelik dat die belangrikste dryfveer agter hierdie mosie geleë is in die bevordering van die Afrikaanse kinderboek van hoë gehalte deur die bekroning daarvan.

Die Raad van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging het die Kaapse Tak versoek om aan die

gedagtes soos vervat in die mosie, uitvoering te gee. In die daaropvolgende jaar maak die Kaapse Tak sekere aanbevelings wat tot gevolg het die benoeming van 'n komitee wat 'n aanbeveling sou maak betreffende die bekroning van die beste Afrikaanse kinderboek.

Prof. J.G. Kesting het destyds in hierdie saak 'n leidende rol gespeel. Nie alleen was hy die persoon wat die saak vir die eerste keer in 1959 gestel het nie, maar hy was ook benoem as die sameroeper van hierdie nuwe Komitee.

Hierdie Komitee het bepaalde norme vir die Afrikaanse kinderboek vir die ouderdomsgroep 12 jaar en jonger opgestel. Hierdie norme wat in die Januarie 1961-uitgawe van *Suid-Afrikaanse Biblioteke* gepubliseer is, is die volgende:

1. OORSPRONKLIKE WERKE

A. Die skrywersbenadering

1. Die werk sal getuig van 'n skeppende verbeeldingrykheid by die skrywer.
2. Die werk sal uit die kind se omgewing, sy gedagtes, ervaring en gevoelslewe spruit. Blyke van grootmenshouding teenoor die kind, of van 'n blote weergawe van die volwassene se herinnerings- en ervaringslewe in inhoud en styl is vreemd aan die aard van die goeie kinderboek.
3. Die werk sal die kind se verbeelding stimuleer, sy kennis uitbrei en sy gedagte-, gevoels- en ervaringslewe verbreed en ontwikkel.

B. Tema en strekking

1. *Die verbeeldingswerk*

- (a) Die behandeling van die tema sal oorspronklik wees.
- (b) Die verhaal sal opgebou wees om 'n sterk tema met 'n natuurlike klimaks en 'n bevredigende afronding.
- (c) Die verhaal sal 'n getroue weergawe van die werklikheid bied. (Die fantasieverhaal, waarin geen aanspraak op lewensgetrouheid gemaak word nie, is vanselfsprekend nie aan hierdie vereiste verbonde nie. So 'n verhaal sal egter logies en konsekwent wees in sy temabehandeling en sal tot die kind se verbeelding en wondervermoë spreek.)
- (d) Die agtergrond van die verhaal sal oortuigend geskets wees, met alle gegewens noukeurig en in perspektief weergegee.
- (e) Die verhaal sal gegrond wees op 'n natuurlike sin vir waardes en nie ooglopend didakties wees nie.
- (f) Die verhaal sal altyd boeiend vir die kind wees. Na gelang van die aard van die werk sal behandeling of opwinding in mindere of meerdere mate voorkom, maar sensasie sal vermy word.
- (g) Die karakters sal lewe.
- (h) Personifikasie waardeur diere, plante of dinge hul ware identiteit verloor, sal vermy word.
- (i) Vervolgwerke sal saamgestel wees uit afgeronde verhaaleenhede wat elk afsonderlik lesenswaardig is. Voorsiening sal gemaak word vir karakterontwikkeling en tydsverloop.

2. *Die feiteboek*

- (a) Die gegewens sal volkome juis wees en met die tyd tred hou.

- (b) Die materiaal sal gekeur en aangebied word met inagneming van die begripsvermoë en die kennisvlak van die kind vir wie die boek geskryf is.
- (c) Die boek sal 'n inhoudsopgawe en 'n volledige en noukeurige onderwerpsregister insluit.

C. Taal en stelwyse

1. Geen beperking sal op die keuse van vorm gelê word nie. Die werk sal òf in prosa òf in dig- of drama-vorm geskryf wees.
2. Die werk sal leesbaar wees en die kind se belangstelling gaande hou. Die skrywer sal sy gedagtes vertolk in sensitiewe en oortuigende taal.
3. Die woordeskat en stelwyse sal in ooreenstemming wees met die ouderdom van die kind vir wie die werk geskryf is, maar sal nietemin hydra tot die ontwikkeling van die leser se taalvermoë.
4. Die werk sal van hoogstaande literêre peil wees en die leser se smaak vir goeie letterkunde bevorder.
5. Die taal sal keurig versorg en die styl gepas wees.
6. Plat woorde sal so min moontlik in die kinderboek voorkom, terwyl growwe taal geheel-en-al (selfs in verhaaldialoog) vermy sal word.

D. Illustrasies

1. Die illustrasies sal beantwoord aan die standaardvereistes van kunsontwerp en kleurgebruik.
2. Die illustrasies sal by die teks aansluit.
3. Illustrasies sal gewoonlik 'n integrale deel uitmaak van die kinderboek. Enkele volblad-illustrasies is wenslik. Hoe jonger die kind vir wie die boek bedoel is, hoe meer illustrasies sal voorkom en hoe groter sal hulle wees.

E. Boekproduksie

- (a) *Druk*: die lettertipe sal leesbaar en groot genoeg wees om aan te pas by die ouderdomsgroep van die kind vir wie die boek bedoel word.
- (b) *Papier* van 'n hoë gehalte sal gebruik word.
- (c) *Spasiëring*: ruim kantlyne en genoegsame spasie tussen letters en reëls sal die teks mooier laat vertoon en leesbaarheid bevorder. Die linkerkantlyn sal by voorkeur ongebroke bewaar word en onder geen omstandighede sal 'n reël deur 'n illustrasie verdeel word nie.
- (d) Die boek sal skutblaaië bevat waarop geen drukwerk of kaarte sal verskyn nie.
- (e) *Band*: die boek sal stewig en in 'n sterk band ingebind wees. Die katernes sal met linne gestrook en genaai wees, en nie vasgekram nie.
- (f) *Bibliografiese gegewens*: Die name van die skrywer en die illustreerder (met inbegrip van voornamie of voorletters) sal noukeurig en volledig op die titelbladsy verstrek word. Redakteurs, bewerkers en samestellers sal ook daar vermeld word in gevalle waar hulle 'n aandeel in die totstandkoming van die boek het. Die uitgewersdatum sal òf op die titelbladsy òf op die keersy verskyn.

2. VERTALINGS EN BEWERKINGS

- A. Al die beginsels wat in paragrawe A-D hierbo vasgelê word, is ook van toepassing op hierdie afdeling.

- B. 'n Boek wat met die oog op vertaling of bewerking in Afrikaans gekeur word, sal in tema, tekstuur en materiaal geskik wees vir Suid-Afrikaanse kinders van die ouderdomsgroepe vir wie dit oorspronklik geskryf is.
- C. Die Afrikaanse weergawe sal die gees en stelwyse van die oorspronklike werk getrou navolg.
- D. In gevalle waar die illustrasies van die oorspronklike werk in die Afrikaanse weergawe opgeneem word, sal daar noukeurig gelet word op korrelering tussen teks en grafiese voorstelling.

In September 1961 word die volgende aanbevelings deur die Komitee aan die Raad van die SABV voorgelê:

- (a) Dat die norme vir Afrikaanse kinderboeke, soos in die Januarie 1961-uitgawe van *Suid-Afrikaanse Bibliotek* gepubliseer is, aanvaar word as grondslag vir die jaarlikse prystoekenning aan die skrywer of illustreerder van die beste oorspronklike Afrikaanse kinderboek in onmiddellik-voorafgaande jaar, asook die jaarlikse vermelding van hoogstens 12 titels in elk van twee afsonderlike afdelings, onderskeidelik vir oorspronklike en vertaalde werke. Daar is egter besluit dat ook vrye bewerkings van die tekste van uitheemse kinderboeke, wat as nuwe verhale om die illustrasies heen geskrywe is, in ag geneem moet word by die beoordeling van oorspronklike bydraes. Die teks van die norme sal mettertyd gewysig kan word ten einde hierdie besluit te inkorporeer.
- (b) Dat die toekenning aan die skrywer of illustreerder van die bekroonde oorspronklike werk 'n goue medalje sal wees, mits die opbrengs van die betrokke voorafgaande jaar dit natuurlik regverdig.
- (c) Dat die bekroonde werk en hoogstens 11 ander meldenswaardige oorspronklike Afrikaanse kinderboeke in volgorde van verdienstelikheid eervolle vermelding sal verkry op 'n lys wat jaarliks deur die Onderkomitee aan die Raad vir goedkeuring voorgelê word.
- (d) Dat hoogstens 12 vertaalde werke op soortgelyke wyse in 'n afsonderlike lys opgeneem sal word.
- (e) Dat 'n kenmerkende naam vir die medalje gevind moet word, dat 'n erkende kunstenaar gevra moet word om 'n medalje te ontwerp (gebaseer op die motief van die naam en funksie van die toekenning), en dat 'n geskikte sake-onderneming genader moet word om die medalje te vervaardig. Na berekening sal die vorm wat benodig word R40 bedra, terwyl individuele medaljes jaarliks teen 'n koste van sowat R5 gegiet en gegraveer kan word. Daar is nog nie besluit watter metode die Komitee moet volg om 'n naam en ontwerp vir die medalje te vind nie.
- (f) Dat 'n drukpersie met behulp waarvan goue seëls, met die ontwerp van die medalje daarop, gemaak word en jaarliks tot die beskikking van die uitgewer van die bekroonde inheemse werkie gestel word, met die oog op vervaardiging van seëls wat hy op eie koste op eksemplare van die betrokke boek sal aanbring. Die vervaardiging van hierdie drukpersie sal sowat R30 bedra. Hierbenewens word daar ook voorgestel dat die uitgewer 'n sertifikaat van die SA Biblioteekvereniging moet ontvang. Die vervaardiging van die drukpersie kan eers aangepak word nadat die ontwerp van die voorgestelde medalje voltooi is.
- (g) Dat die aankondiging van die uitslag jaarliks voor kongresgangers (verkieslik op die eerste dag van die Jaarkongres) gedoen moet word en dat die skrywer/illustreerder en uitgewer van die bekroonde boek uitgenooi word om hul toekennings by hierdie geleentheid persoonlik in ontvangs te neem.
- (h) Dat die lyste, waarvan in paragrawe (c) en (d) melding gemaak word, met bygaande motivering, vroegetydig aan die redakteur van *Suid-Afrikaanse Bibliotek* vrygestel moet word vir opname in die Oktober-uitgawe van die blad of in die vroegste daaropvolgende nommer.

Die Raad van die SABV het hierdie aanbevelings aanvaar asook dat daar vir die vorige jaar, d.w.s. 1960, 'n toekenning gemaak moes word. Aangesien die naam en ontwerp van die toekenning en die medalje asook die vervaardiging van die drukpersie aandag moes geniet, sou die formele oorhandiging

van die eerste toekenning eers in 1962 geskied. Op 8 November 1962 word die ontwerp van die medalje goedgekeur, 'n drukpersie aangekoop en besluit dat die toekenning bekend sou staan as "Die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek van die jaar".

Die eerste twee toekennings, dié vir 1960 en 1961, is op 18 Desember 1962 in Kaapstad aan die weners oorhandig.

Hoewel die aanvaarde aanbevelings op grond waarvan 'n toekenning gemaak word bepaal dat die toekenning aan die skrywer of illustreerder gemaak word, is daar by twee geleenthede hiervan afgewyk. So is daar vir die jaar 1963 en ook vir 1968 'n toekenning aan sowel die skrywer as die illustreerder gemaak. In die beginjare was daar nog nie 'n afsonderlike toekenning spesifiek vir kleuterlektuur nie. Dit was eers in 1969 dat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns daartoe oorgegaan het om sodanige toekenning, die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur, in te stel. Die gevolg hiervan was dat die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging alle kleuterboeke wat tot aan die einde van 1968 gepubliseer is, ook vir die C.P. Hoogenhout-toekenning in aanmerking geneem het. Met die totstandkoming van die Tienie Holloway-medalje is daar 'n onderlinge ooreenkoms tussen die twee organisasies aangegaan waarvolgens die terrein verdeel is om oorvleueling uit te skakel. Vanaf 1970 word die C.P. Hoogenhout-toekenning dus slegs aan kinderboeke toegeken.

In 1970 het daar by die SABV 'n behoefte ontstaan om 'n afsonderlike toekenning vir illustreerders in te stel. Tydens die jaarlikse konferensie van hierdie liggaam in 1973 is *Die SABV-toekenning vir Suid-Afrikaanse Kinderboek-illustrasies* ingestel sodat die C.P. Hoogenhout-toekenning vanaf 1974 slegs aan outeurs toegeken word. Eersgenoemde toekenning is in 1977 vernoem na Katrine Harries sodat dit sedertdien bekend staan die *Die Katrine Harries-toekenning vir Kinderboek-illustrasies*.

Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging staan vanaf 1 Januarie 1980 bekend as die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese (SAIBI). In die loop van 1980 het die Raad van SAIBI 'n amptelike embleem goedgekeur en besluit dat die embleem op alle medaljes gebruik moet word, met op die keersy die onderskeidende bewoording.

In 1982 is die produksie van 'n enkele jaar, naamlik vir 1981, vir die laaste keer vir die toekenning oorweeg. Die toekenning is daarna tweejaarliks gemaak ten opsigte van die boekproduksie van die voorafgaande twee jaar.

Die volgende toekennings is sedert die instelling van die C.P. Hoogenhout-toekenning gemaak:

1960	Kühne, W.O. <i>Huppel verjaar</i> . Kaapstad: Tafelberg, 1960.
1961	Bouwer, Alba. <i>Katrentjie van Keerweder</i> . Kaapstad: Tafelberg, 1961.
1962	Geen bekroning nie.
1963	Du Plessis, F. as outeur en Katrine Harries as illustreerder van <i>Rympieboek vir kinders</i> . Kaapstad: Tafelberg, 1963.



'n Tekenning van die voorkant van die 9 karaat goue medalje, 'n derde groter as die werklike grootte. Op die agterkant verskyn die naam van die skrywer, die titel en die jaar van publikasie van die bekroonde boek.

- 1964 Linde, Freda. *Snoet-alleen*. Kaapstad: John Malherbe, 1964.
- 1965 Geen bekroning nie.
- 1966 Komnick, G. as illustreerder van *Botter-aas* deur Freda Linde. Kaapstad: John Malherbe, 1966.
- 1967 Komnick, G. as illustreerder van *Die stadsmusikante* deur Freda Linde. Kaapstad: John Malherbe, 1967.
- 1968 Grobbelaar, P.W. as outeur en Katrine Harries as illustreerder van *Die mooiste Afrikaanse sprokies*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1968.



Beide kante van die huidige C.P. Hoogenhout-medalje.

- 1969 Geen bekroning nie.
- 1970 Geen bekroning nie.
- 1971 Bouwer, Alba. *'n Hennetjie met kuikens*. Kaapstad: Tafelberg, 1971.
- 1972 Geen bekroning nie.
- 1973 Linde, Freda. *Jos en Klos*. Kaapstad: John Malherbe, 1973.
- 1974 Linde, Freda. *By die oog van die fontein*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1974.
- 1975 Geen bekroning nie.
- 1976 Rupert, Rona. *Wat maak jy, Hektor?* Kaapstad: Tafelberg, 1976.
- 1977 Linde, Freda. *Die kookwiet en sy vrou*. Kaapstad: John Malherbe, 1977.
- 1978 Geen bekroning nie.
- 1979 Heese, Hester. *Sêra Madêra*. Kaapstad: Tafelberg, 1979.
- 1980 Geen bekroning nie.
- 1981 Geen bekroning nie.
- 1982–1983 Bouwer, Alba. *Vlieg, swaeltjie, vlieg ver*. Kaapstad: Tafelberg, 1983.
- 1984–1985 Tafelberg-Uitgewers vir *Goue lint, my storie begint*, byeengebring deur Linda Rode. Kaapstad: Tafelberg, 1985.

1986–1987 Geen bekroning nie.

1988–1989 Geen bekroning nie.

Bronne geraadpleeg


1. Le Roux, J. de V. 'n Kort oorsig van die geskiedenis van Afrikaanse kinderliteratuur, in *Doer-land-y.* (Kaapstad): Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum, 1986, p. 4-10.
2. Lohann, C.A. *C.P. Hoogenhout-toekenning 1960–1975.* Potchefstroom: SABV, 1977.
3. Lohann, C.A. *Die bekroonde kinderboek en die aanvaarding daarvan deur die kind, met spesiale verwysing na Suid-Afrika.* DPhil-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir CHO, 1972.
4. Lohann, C.A. Kinderboektoekennings. *Skoolbiblioteek*, 10(2): 35; Desember 1978.
5. Lohann, Carl. *Kinderlektuur.* Pretoria: HAUM, 1986.
6. Notule van die 18de Konferensie. *SABV-Nuusbrief*, 11(6): 86-88; Desember 1959.

2.2 Hoogenhout, Casper Peter (11 Maart 1843– 13 Januarie 1922)

Daar was aanvanklik uitgegaan van die gedagte dat persone of liggame genader kon word vir die beskikbaarstelling van 'n bedrag geld waarvan die rente gebruik sou kon word as prys. Uit erkenning hiervoor sou die naam van die donateur aan die prys gekoppel word. Op 8 November 1962, meer as drie jaar nadat hierdie toekenning ter sprake gekom het, is daar besluit om die naam van C.P. Hoogenhout aan die toekenning te verbind.

Wie was C.P. Hoogenhout en waarom is hierdie eer hom aangedoen?

Casper Peter Hoogenhout is op 11 Maart 1843 in Amsterdam gebore. Hy was die oudste kind van die gesin. Op dertienjarige ouderdom is sy moeder oorlede. Sy vader is daarna weer getroud, maar die jonge Casper en sy stiefmoeder kon mekaar skynbaar nie vind nie. Hierdie ongelukkige omstandighede lei daartoe dat hy in 1860 op sewentienjarige ouderdom na Suid-Afrika immigrer. In Kaapstad aanvaar hy 'n klerklike betrekking in die kantoor van die Nederlandse Konsul. In Julie 1866 immigrer 'n Nederlandse taalgeleerde, dr. Arnoldus Pannevis ook na Suid-Afrika en bevind hom in die Paarl waar hy onderwys gee. Hoewel Arnoldus Pannevis net vyf jaar ouer as C.P. Hoogenhout was, sou hy 'n belangrike rol in Hoogenhout se lewe speel. Na die koms van Pannevis het Hoogenhout met hom intiem bevriend geraak en dit het daartoe gelei dat Hoogenhout tot bekering gekom en daarna 'n streng godsdienstige lewe gelei het. Hy het intussen onder Pannevis verder begin studeer en kort voor 1870 het hy onderwyser geword op Groenberg, ongeveer 10 km vanaf Wellington.



In die tyd wat hy op Groenberg skoolgehou het, is hy met mej. Catharina Maria Marais getroud. Uit hierdie huwelik is daar ses kinders gebore.

Hoogenhout tree aan die einde van 1908 met pensioen uit die onderwys. Vir 'n tydperk van ongeveer 40 jaar was hy aan net die een skool verbonde. Na sy aftrede tot sy dood op 13 Januarie 1922 het hy op Optenhorst, Boven Vallei, naby Wellington gewoon.

Daar is reeds verwys na die feit dat Hoogenhout 'n streng godsdienstige lewe begin lei het na sy bekering. As onderwyser het die gesproke en geskrewe woord hom na aan die hart gelê. Teenoor Pannevis het hy by geleentheid opgemerk dat hy graag iets in die destydse spreektaal, die begin van Afrikaans, wou skryf. Dit moes egter ernstig van aard wees. So begin hy om Mattheus 28 te vertaal, dog *De Kerkbode* is nie bereid om die resultaat daarvan te publiseer nie. Van die vele skryfwerk van C.P. Hoogenhout is daar hoofsaaklik een wat ten opsigte van die C.P. Hoogenhout-toekenning van belang is. Die C.P. Hoogenhout-toekenning is juis na hom vernoem omdat die eerste Afrikaanse kinderboek uit sy pen te voorskyn gekom het. Hierdie boek was *Geskiedenis van Josef voor Afirkaanse kinders en huissouwens*.

Hoogenhout was 'n voorstander van 'n Afrikaanse Bybelvertaling en het hierdie boekie as 'n voorbereiding daartoe beskou. Die boekie beslaan 36 bladsye en dek die verhaal soos opgeteken in Genesis 37-50. Die eerste uitgawe van 500 eksimplare is in 1873 deur N.G. Marais in Kaapstad uitgegee. 'n Tweede druk van 1 000 eksimplare het in 1883 verskyn. 'n Derde druk het in 1922 kort na Hoogenhout se dood, by J.L. van Schaik verskyn. Hierdie uitgawe is met pragtige plaatjies geïllustreer. Nog 'n boek van Hoogenhout wat hom kenmerk as 'n ware kindervriend is *Eerste Afrikaanse printjies boeki ver soet kinders* wat in 1879 verskyn het.

C.P. Hoogenhout was een van die eerste skrywers in Afrikaans. Op 14 Augustus 1875 was hy een van die stigters van die Genootskap van Regte Afrikaners. Vir die belangrike bydrae tot die vestiging en uitbouing van Afrikaans is hy in 1917 deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer met die Erelidmaatskap van die Akademie. Hoewel die erelidmaatskap nie met 'n penning of prys gepaard gaan nie, word dit tog as 'n besonder hoë eer beskou, as 'n bekroning op sigself.

C.P. Hoogenhout was 'n beskeie mens, oor homself of oor sy skryfwerk het hy nooit gepraat nie. Daarom dat die einde van sy lewenspad byna onopgemerk by die publiek verbygegaan het. Koerante en tydskrifte het slegs kortliks daarna verwys. Veertig jaar na sy dood sou hy erkenning ontvang vir die eerste kinderboek in Afrikaans sonder dat hy na hierdie erkenning verlang het of dat hy 'n donateur sou wees wat die instelling van die toekenning wat sy naam dra moontlik kon maak.

Bronne geraadpleeg

1. Le Roux, J. de V. 'n Kort oorsig van die geskiedenis van Afrikaanse kinderliteratuur, in *Doer-land-y*. (Kaapstad): Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum, 1986, p. 4-10.
2. Lohann, C.A. *C.P. Hoogenhout-toekenning 1960-1975*. Potchefstroom: SABV, 1977.
3. Lohann, C.A. *Die bekroonde kinderboek en die aanvaarding daarvan deur die kind, met spesiale verwysing na Suid-Afrika*. DPhil -proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir CHO, 1972.
4. Lohann, C.A. Kinderboektoekennings. *Skoolbiblioteek*, 10(2): 35; Desember 1978.
5. Nienaber, P.J. *C.P. Hoogenhout se Geskiedenis van Josef en Catharina, die dogter van die Advokaat*. Johannesburg: Voortrekkerpers, 1940.
6. Nienaber, P.J. *Eerste sooie*. Johannesburg: Perskor, 1975.
7. Notule van die 18de Konferensie. *SABV-Nuusbrief*, 11(6): 86-88; Desember 1959.
8. *Ons skrywers*. Johannesburg: Nasionale Boekhandel, 1955.

2.3 Kühne, Wilhelm Otto (7 Junie 1924– 21 September 1988)

W.O. Kühne is op 7 Junie 1924 in die distrik Graaff-Reinet gebore. Sy kinderjare bring hy deur op sy vader se plaas in die distrik. Sy skoolonder- rig ontvang hy op Graaff-Reinet waar hy dan ook aan die Hoër Volksskool matrikuleer. Hierna stu- deer hy verder aan die Graaff-Reinets Opleidings- kollege waar hy die Primêre Onderwyskursus volg. Na die voltooiing van hierdie kursus skryf hy as student in aan die Paarlse Opleidingskollege waar hy in 1944 die spesialiseringkursus in liggaamli- ke opvoeding voltooi.



(Foto: Die Burger)

Na voltooiing van sy studies tree hy tot die onderwys toe. Sy onderwysloopbaan sou egter van korte duur wees. Na slegs vier jaar in die onderwys, eers aan die Cape Town High School en daarna aan die Laerskool Vredehoek in Kaapstad, sluit hy in Maart 1949 aan by die redaksie van *Die Burger*. Hier werk hy tot 1954 toe hy oorgeplaas is na die redaksie van *Die Huisgenoot* en later na dié van *Sarie Marais*. Na afloop van 'n uitgebreide reis in die buiteland word hy in April 1960 gevra om *Die Jongspan* te redigeer in die afwesigheid van die redakteur wat siekverlof geneem het.

Terug by *Die Burger* rondom die begin van 1964 was hy weer in sy ou pos met die vae omskrywing van "lid van die senior redaksie". In die tyd het hy die hele drama van die Sishen-Saldanha ertsprojek ten nouste meegemaak — van die eerste spoorstawe by Sishen tot by die voltooiing van die ertshawe in Saldanhabaai en die vertrek van die eerste massadraer met erts daarvandaan na Japan.

In die tyd het hy toenemend betrokke geraak by die rubriek "Van alle kante". Van ongeveer 1970 het die rubriek sy voltydse verantwoordelikheid geword en gebly tot die begin van 1980 toe hy afge- tree het — en ook nie afgetree het nie. Sy aftrede het naamlik saamgeval met die naweek van die Laingsburg-vloedramp. Gevolglik het hy opdrag ontvang om die beriggewing daaroor te koördineer en om 'n boek te skryf met al die besonderhede van die ramp van die begin tot die einde daarvan.

Hy was as seiljagverslaggewer ook bevoorreg om die eerste twee Rio-wedvaarte te kon meemaak. Vir talle Afrikaanse lesers was dit hul eerste kennismaking met die seiljagsport met sy eiesoortige terminologie en die interessante leefwyse van seiljagvaarders. Na sy uittrede aan die begin van 1980 kon hy nog as waarnemer 'n reis na Antarktika op die SA Agulhas onderneem.

Wilhelm Kühne het in 1951 in die huwelik getree met Dorothy Margaret Hill, voorheen redaksie- kunstenares van die Nasionale Pers en daarby ook bekende illustreerder van kinderboeke en tydskrif- verhare vir kleuters. Uit hierdie huwelik is twee seuns gebore. Hy is op 21 September 1988 in Kaapstad oorlede.

Kühne se eerste kinderverhale het in vervolgvorm in *Die Klein Burger* verskyn terwyl hy nog aan die onderwys verbonde was. Sy eerste boek, *Die nagvlieërs*, het in 1957 verskyn. Die eer het Kühne te beurt geval om die eerste ontvanger van die C.P. Hoogenhout-toekenning te wees en wel op grond van sy kleuterwerk, *Huppel verjaar*, wat in 1960 verskyn het. Sowel kleuter- as kinderboeke het tot 1969 met die instelling van die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur, vir die C.P. Hoogenhout-toekenning in aanmerking gekom. Hoewel Wilhelm Kühne die toekenning op grond van die teks ontvang het, moet dit tog vermeld word dat die illustrasies deur sy eggenote, Dorothy Hill Kühne, gedoen is.

Die volgende boeke het onder andere uit die pen van Wilhelm Kühne voortgevloei:

Die nagvlieërs. Pretoria: Van Schaik, 1957.

Huppelkind. Kaapstad: Tafelberg, 1958.

Huppel maak 'n plan. Kaapstad: Tafelberg, 1958.

Die indringers. Pretoria: Van Schaik, 1958.

Wip-Huppel-wip. Kaapstad: Tafelberg, 1959.

Vrolike Huppelkind. Kaapstad: Tafelberg, 1959.

Huppel by die water. Kaapstad: Tafelberg, 1960.

Huppel verjaar. Kaapstad: Tafelberg, 1960.

Kassie Krog in die knyp. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1960.

Die kring van Keerom. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1962.

Die wonderlike motor van Barnabas Bombas. Kaapstad: Tafelberg, 1962.

Die mededingers. Pretoria: Van Schaik, 1962.

Hoera vir Klaas Jas! Kaapstad: Tafelberg, 1975.

Piet-'n-Jan. Kaapstad: Tafelberg, 1975.

Die waterskeiding. Kaapstad: Tafelberg, 1981.

Vloedramp. Kaapstad: Tafelberg, 1981.

Huppel en sy maats. Kaapstad: Tafelberg, 1982.

Pip in Otterland. Ceres: Vrugtekwekerskoöperasie, 1983.

Pot, graaf en houtvurk. Kaapstad: Tafelberg, 1983.

Die wonderbaarlike wedervaringe van Jurie Losper en Broer Herklaas. Kaapstad: Tafelberg, 1984.

Eendag was daar 'n witborskraai. Kaapstad: Tafelberg, 1985.

Bronne geraadpleeg

Die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek van die jaar. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 30(4): 133–141; April 1963.

□ *Die Huppelkind-reeks*

W.O. Kühne se Huppel is in die Afrikaanse kinderlektuur naastenby wat A.A. Milne se Christopher Robin in die geskiedenis van die kinderboek in Brittanje is.

Maar naas die rol wat elkeen van dié twee kinders in die ontwikkeling van kinderlektuur in hul onderskeie tale vervul het, het hulle ook 'n klompie interessante eienskappe gemeen.

Albei is eensame kinders wat op verbeeldingsvlugte vele maatjies vind. Hulle en hul maats beleef vele avonture, altyd in die veld en ver van huis.

Christopher Robin se maats kom uit sy speelgoedkas: Huppel ontmoet sy maats deur by die waterkuil rondomtalie te draai en dan tussen sy bene deur te loer. Huppel is 'n ongekunstelde kaalvoetklong en sy kennis is van eie bodem. Sy oupa, wat bestaan maak uit die see en al die wysheid het wat 'n mens met 'n ou man van die see vereenselwig, duik ook kort-kort in die verhare op, anders as wat die geval is met Christopher, wat min kontak met sy ouers uit die Britse middelklas het.

So word elke seuntjie dan ook 'n beeld van sy mense. Christopher Robin is so Engels as die Koninghuis en nannies: Huppel so eg Afrikaans soos bitterbosbessies en waterblombredie.


Huppel het 'n groot leemte in die Afrikaanse kinderlektuur gevul toe dit agttien jaar gelede vir die eerste keer gepubliseer is. In hierdie heruitgawe is daar niks aan die verhare verander nie, maar het Dorothy Hill nuwe illustrasies in kleur geskep.

Kühne laat Huppel met 'n wip en 'n trap oor polle seil; hy trippel-trappel deur die grassies en huppel-huppel oor die plassies. Die ses Huppelboekies is nog speel-speel van die heel beste Afrikaanse kinderverhare.

(Marie Louw, *Beeld*,
19 Julie 1976)

□ *Huppelkind is terug!*

Ja, splinternuut en uitgerys, met vrolike, kleurryke, nuwe omslae, van voor tot agter nuut geïllustreer en in 'n helder nuwe letter geset, is die



Huppelboekie van W.O. Kühne weer met ons. Al ses. Vir almal wat hulle ken, 'n blye wederom. Vir almal wat hulle nog nie ken nie, 'n opwindende kennismaking wat tot blywende vriendskap móét lei.

'n Hele fees in die wêreld van die kinderboek is hierdie nuwe uitgawe van die Huppelreeks agttien jaar ná die verskyning van die eerste Huppelboek. 'n Seker bewys ook dat Huppel reeds die toets van die tyd deurstaan het en nog net so onweerstaanbaar is soos hy dadelik was toe hy só deur sy skepper voorgestel is:

In die middel van die wêreld in die middel van die vlei, het 'n vrolike knapie by sy oupa gebly. Sy naam was Huppel. Nee, Huppel behou sy bekoring. Waarom? Omdat Huppel kwiklewendig is soos elke kleuter wat die storie hoor, apie-nuuskierig soos elke outjie wat die storie self lees en vol wonderlike gedagtes en drome soos elke kind wat die avontuur van die lewe ontdek.

'n Goeie kinderboek wat bly voortleef, is 'n oorspronklike skepping van die skrywer se verbeelding. In 'n goeie kinderboek is die verhaal boeiend en opwindend. Daar is drif, ritme, vonkeling in die taal van die vertelling. Die mense of diere of ander wesens van wie daar vertel word, lewe soos werklike mense. Die plek waar al die gebeur-

tenisse plaasvind, word 'n plek wat 'n mens sien en naderhand regtig ken soos jou eie tuiste. En terwyl 'n mens die storie hoor of lees, is dit asof al die dinge met jou ook gebeur. Net soos Huppel voel jy ook alleen. Jy verlang ook na maats. Jy word ook bang of bly of opgewonde. Jy kan net soos Huppel wonderlike avonture beleef en net so lekker anderkant uitkom.

Huppel en sy oupa, Lekkerland en sy mensies is 'n skepping van suiwer fantasie. Dwarsdeur die ses Huppelboeke word dié fantasie fyn dopgehou. Die verbeeldingswêreld bly volkome wáár: die diep kuil vol soet water wat nooit opdroog nie, die slaapkouse in die hoogste, grootste bome, die Boekwurms wat saans met slapenstyd hul boeke oor hul oë vou, die Nuuskierige Agies wat nooit ophou met vrae vra nie, die besembos met die goudgeel blomme waar die slim ou stokou Storieman wag om sy stories te vertel.

In elke afsonderlike boek is daar 'n boeiende storie: in die eerste boek die storie van Huppel-kind se soektog na sy maatjies en hoe die pad vir hom beduie word deur die stokou, slim ou maraboe, deur Fiefman, die klein kêreltjie met die bril op sy neus, sy visnet met gate so groot soos wawiele en sy mak muis Jasper wat onder die emmer op die solder slaap, deur Vlak-Floors, die kêreltjie wat steweltjies met groen en geel vetertjies maak en deur Steek, die kêreltjie met die fluit wat koekoekes uit blokkies hout kerf vir al die koekoek-klokke in Lekkerland.

Die tweede boek is die storie van Vlak-Floors se waterwa wat deur sy twee handlangertjies, Wie-lie en Walie, getrek word en hoe hulle en Huppel agternagesit word deur Vlei-Floors, die groot lummel met bakore.

Wat is die storie wat ek moet sê
as ek 'n storie van Storieman wil hê?

Dit is die vraag wat Huppel in die derde boek vir almal op die lang, lang pad sonder einde vra, vir Maraboe, vir Boskraai, vir die Versamelvoëls, die Slaapkouse, die Boekwurms en die Nuuskierige Agies. Uiteindelik is dit sy maat Steek wat hom na die Storieman neem en die towerwoorde sê:

Orie gedorie Storieman,
vertel 'n storie AS JY KAN!

En dan vertel die Storieman die heerlike storie van Steek en sy broer Haak, van die verdwynwyn en die verskynwyn en hoe die bye die teerkol op Haak se broek vir 'n aandblom aansien en op Haak toesak.

Die baldadigste storie is dié in die vierde boek waarin daar skaterlagsnaaks vertel word van Huppel en Fiefman se ontmoeting met die Wilde Wolman in die Land van Wol en Hare. Ek ken nie 'n grootmens wat hom nie, net soos elke kind, sal verlustig in die Wilde Wolman se verkwiklike liedjies oor die Land van Wol en Hare nie:

Die seuns werk stekies met tolbosgare,
en af en toe met wol.
Die meisies draai tabaksigare,
van ou verlepte taibosblare
en saans speel hulle tol
in die Land van Wol en Hare.

Die spel met woorde bereik 'n verruklike hoogtepunt in die vyfde boek waarin daar vertel word van die goeie, dom ou Horingsman wat eers 'n spektakel sien, dan 'n mirakel en dan 'n debakel. Hy kom by die huis sonder kos en die Horingvrou slaan hom met die besemstok oor die kop en sê:

Spektakel, mirakel,
mooie debakel!
Besem is reg
om jou te takel!

Die sesde boekie, *Huppel verjaar*, is met die C.P. Hoogenhout-medalje vir kinderliteratuur bekroon. Lekkerland se mense vier Huppel se verjaardag en gee vir hom die Stokou Storieman se koekoek-horlosie wat Steek mooi regmaak en vir die koekoek 'n nuwe wysie leer. Die lummels verdwyn in die diep kuil, Huppel en sy maats vier fees by die Storieman se huis en vir oulaas gaan Huppel sy huppelgang deur Lekkerland:

“Met 'n wip en 'n trap seil Huppel oor die polle
— trippe-trippel deur die grassies, huppel-huppel

oor die plassies. Hy gaan sy geskenk vir Oupa wys."

we geslag kinders toegejuig word. Die reeks behoort op elke kind se boekrak te staan.

Dié reeks kinderboeke is van die beste wat ons in Afrikaans het. Die nuwe uitgawe, met Dorothy Hill se pragtige, nuwe illustrasies, sal deur 'n nu-

(Audrey Blignault, *Die Burger*, 29 Julie 1976)

2.4 Bouwer, Albertha Magdalena (16 Maart 1920–)

Die naam Alba Coetzee, Magriet Coetzee of Alba Hofmeyr is waarskynlik in slegs 'n baie beperkte kring bekend. Omdat hierdie skryfster hoofsaaklik onder haar nooiensvan skryf, is sy vandag wyd en synd as Alba Bouwer bekend.

Alba Bouwer is 'n Vrystater van geboorte. Sy is op 16 Maart 1920 op 'n plaas aan die oewers van die Renosterrivier in die distrik Vredefort gebore. Haar laerskoolonderwys tot standerd 6 ontvang sy aan 'n plaasskool naby hulle plaas. Na die dood van haar vader het haar moeder, wat 'n Blander is, teruggekeer na die ou familieplaas in Klein Drakenstein, distrik Paarl. Haar hoërskooljare bring sy deur aan die Hoër Meisieskool La Rochelle in die Paarl waar sy dan ook matrikuleer.

Na haar skoolloopbaan sit sy haar studies aan die Hugenote-universiteitskollege in Wellington voort. Daar behaal sy 'n BA-graad asook 'n Sekondêre Onderwysdiploma. Vir die volgende ses jaar gee sy onderwys, eers aan die Hoërskool Burgersdorp en daarna vanaf 1947 aan die Hoërskool Jan van Riebeeck in Kaapstad.

Vir 'n jaar lank is sy verbonde aan die redaksie van *Huishouding*, 'n Afrikaanse vroueblad, en wel as die redaktrise daarvan. Hierna aanvaar sy 'n betrekking by die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie en wel as organiseerder van die Afrikaanse kinderprogram in Kaapstad. Hiervandaan is sy in 1950 na die redaksie van die tydskrif *Sarie Marais* as assistentredaktrise. Hierdie betrekking het sy vir die volgende dertien jaar beklee tot sy in 1963 met mnr. Hubert de V. Coetzee, besturende direkteur van die Nasionale Pers, in die huwelik getree het. Na 'n egverbintenis van ses jaar is haar eggenoot in 1969 oorlede.

In 1975 tree Alba Bouwer weer in die huwelik en wel met mnr. Jan (Bietjies) Hofmeyr, 'n prokureur van Riversdal. Hy is 'n broerskind van mnr. Willie Hofmeyr, een van die stigters van die Nasionale Pers en die persoon na wie die W.A. Hofmeyr-prys vernoem is.

As skryfster is Alba Bouwer al verskeie kere vereer. In 1959 ontvang sy vir die eerste keer die Scheepers-prys vir Jeuglektuur op grond van *Stories van Rivierplaas* en *Nuwe stories van Rivierplaas*. In 1962 ontvang sy weer die Scheepers-prys vir *Katrientjie van Keerweder*, *Stories van Bergplaas* en *Stories van Ruyswyck*.



Die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek is reeds by drie geleenthede aan haar toegeken. In 1962 ontvang sy die toekenning vir *Katrientjie van Keerweder* as die beste Afrikaanse kinderboek van 1961. 'n *Hemetjie met kuikens*, gepubliseer in 1971, besorg aan haar haar tweede toekenning. Haar derde toekenning ontvang sy vir *Vlieg, swaeltjie, vlieg ver* as die beste Afrikaanse kinderboek wat in die twee jaar 1982–1983 verskyn het.

Alba Bouwer is die skryfster van onder andere die volgende boeke:

Stories van Rivierplaas. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1955.

Nuwe stories van Rivierplaas. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1956.

Abdoltjie. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1958.

Katrientjie van Keerweder. Kaapstad: Tafelberg, 1961.

Stories van Bergplaas. Kaapstad: Tafelberg, 1963.

Stories van Ruyswyck. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1963.

Dirkie van Driekuul. Kaapstad: Tafelberg, 1966.

Goedgeluk: verjaardagsalbum, deur Audrey Blignault en Alba Bouwer. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1969.

Hemetjie met kuikens. Kaapstad: Tafelberg, 1971.

Afrikaans 100: klein gedenkboek; met byskrifte. Kaapstad: Tafelberg, 1975.

Ienkel dienkel: 'n versieboek vir kleintjies. Kaapstad: Tafelberg, 1980.

Vlieg, swaeltjie, vlieg ver. Kaapstad: Tafelberg, 1983.

My Paarl. Suider-Paarl: Andries Botha, 1987.

Onder 'n skuilnaam:

Gebede van 'n vrou, deur Magriet Coetzee. Kaapstad: Tafelberg, 1973.

Nuwe gebede van 'n vrou. Kaapstad: Tafelberg, 1976.

Aand van die lewe: gebede van 'n bejaarde vrou. Kaapstad: Tafelberg, 1982.

Bronne geraadpleeg

1. Botha, Elize. *Suid-Afrikaanse skryfsters van die sestigerjare*. Johannesburg: SAUK, 1965.
2. Ons stel voor: Alba Bouwer. *Skoolbiblioteek*, 5(1): 20-30; Januarie 1973.
3. 'n Prokureur kom haal vir Alba. *Rapport*, 3 Augustus 1975.

☐ *Alba Bouwer kan haar klein maak*

Alba Bouwer kan haarself klein maak, binne in 'n kinderlyfie klim en die sieltjie daar goed bekryk. En dan kan sy uitklim en met haar doufrisse Afri-

kaans vertel hoe die kind dinge sien en ervaar. Eintlik vertel sy ook nie, sy laat die kind self voor jou leef. So het sy in die *Rivierplaasstories* en *Abdoltjie* klein mensies laat leef en nou het sy weer vir *Katrientjie van Keerweder* geskep.

Reeds die eerste paar sinne oortuig jou weer eens van die skryfster se tintelende verteltrant, so beeldend en raak dat jy vir Katrientjie in jou verbeelding kan sien:

Katrientjie is 'n dikketjie.

Nou nie 'n potjie-dotjie-rondte-rol nie, maar somer net 'n dikketjie. As sy op haar twee ronde bruin beentjies wegstap, sê Pa: 'Raai, Katrien laat my altyd dink aan 'n outydse gemmerpoppie wat lekker styf uitgers het'.

Katrientjie is 'n fantasieryke kind, wat ewig met oop oë loop en droom, volgens haar Ouboet. Sy leef eintlik in 'n droomwêreld. Soms droom sy met oop oë en soms in haar warm wit bedjie.

Die ses verhaaltjies in die boek het 'n sprokiesatmosfeer en Katrien se verbeelding laat haar doodnatuurlik van die werklikheid na die droom oorstep. En dit doen Alba Bouwer ook met die leser. Mens weet nie altyd presies waar werklikheid eindig en droom begin nie.

As uitbeelders van die kindersiel munt Alba Bouwer uit, maar haar skryfwyse op sigself is net so prikkend. Die boek is afgestem op een grondtoon — die ervaringswyse van die kind. Selfs as Ouma vir Katrientjie 'n storie van die oorlog vertel, bly dit kinderlik en ongerep.

Die boek is goed, hy is uitstekend, maar tog meen ek dat hy nie so goed is as die *Stories van Rivierplaas* nie.

Die "droom-stories" van *Katrientjie van Keerweder*, klink nie so eg en natuurlik soos Alie-hulle se doen en late op Rivierplaas nie.

Maar dit daar gelaat. *Katrientjie van Keerweder* is 'n fraai boekie, wat in 'n pragtige taal en keurige styl geskryf is en die "Klein Kateriena" sal bepaald baie lesers se liefing word.

(A. v. Z., *Die Volksblad*,
31 Januarie 1962)

□ 'n Pragtige Maat vir Alie en Abdoltjie

Die kinder karakter wat op dieselfde bankie wil kom sit as Alie van Rivierplaas en Abdoltjie van die Bo-Kaap, sal nie bietjie vroeg moet opstaan nie, het ek nog altyd gedink. En dan weer die een



wat wil kom kers vashou by die beminlikste swartmens, by trouens een van die pragtigste mense, in ons hele letterkunde, Ou Melitie van daardie selfde Rivierplaas!

Met *Katrientjie van Keerweder* het Alba Bouwer egter speel-speel die driekuns verwerf: met hierdie "dikketjie", Katrien, het sy vir die derde maal in 'n handjievol jare 'n karaktertjie geskep wat — ek reken eerlik en sonder grootpraat — 'n plek in kinder- én grootmensharte sal hou so lank as wat Afrikaans gelees word.

En langs Ou Melitie het sy staan gemaak: Tina Tierat, sy wat op 'n oggend haar Nô Trinatjie met 'n verestoffertjie in die nek wakker kielie en in eie persoon ("of ek nou so alte mooi is of nie") al die ongeërgde gevatheid, al die vrolike onafhanklikheid van gees, al die gulle kinderliefde en -begrip van die Bolandse bruijnense saamvat. Daar kan g'n beter gedenkteken opgerig word nie vir die goeie verhoudinge wat onder 'n nou uiteraard verbygaande bedeling hier in die Boland tussen wit en bruin geheers het as dié onprentensieuse kinderboekie, wat soveel meer is as net 'n kinderboek. Seg die Prediker! soos Tina Tierat self sal seg.

Baie op die patroon van Abdoltjie is Katrientjie ook 'n boek wat enersyds onverbeterlik die intieme, besige, enige wêreldjie van 'n kleintjie herskep — lees op bladsy 8 hoe die klein Katerina ná son-

onder in haar kamerjassie by die glasdeur op die stoep uit loop en voel hoe die “skemer haar oog saggies vashou” — en andersyds selfs ’n verstokte groot mens terugvoer na die helaas vir ons verlore tyd toe die grense tussen wat sig- en tasbaar is en wat in die verbeelding leef, nog nie so onverbiddelik was nie; toe ’n mens jou skielik nog in ’n ruimer werklikheid kon bevind, waar jy die taal van die nagwind en die rooigras en die padda kon verstaan en ’n Oupa-horlosie nog vir jou sy “blink ure van mooi dinge” of sy “vaal ure van lelike goed” agter sy groot ou gesig uit te voorskyn kon haal.

Dis ’n verdienste van die boekie dat die oorgang tussen die wêreld van werklikheid en die wêreld van fantasie deurgaans so ongedwonge is.

Oor die letterkundige gehalte van *Katrientjie* sal die literatore ter gelegener tyd weer hul dissertasies lewer. Intussen: ek ken min skrywers wie se taal hul gedagtes so moeiteloos pas as wat by Alba Bouwer die geval is. Sy is — met ’n vonkeling in die oog — een van die allerfynste waarnemers wat ons het (dink aan die beskrywinkie van Ouma Vrystaat!) en haar woorde kan altyd byhou om nie net wat sy sien nie, maar ook wat sy hoor, straal-lewendig vir haar lesers te herskep.

Vir die genot, nee die kraaiende verkneukeling van die kleintjies is daar (al sal daar grootmense wees wat ’n effense gemanierdheid daarin wil begin bespeur) weer daardie heerlike gerondjakkert met woorde op die tong: “Katrientjie is ’n dikketjie . . . nou nie ’n potjie-dotjie-ronde-rol nie . . . met twee ronde oë . . . nou nie albaster-pasterpierung-oë nie . . .” wat klein-klein by die kind ’n plesier in die towerkrag van woorde wakker roep en hom ’n liefde gee vir iets wat nooit alleen deur strokiesprente bevredig sal kan word nie. Maar foei, alle heil, vertalers! Die plan is glo om die boekie in elf ander tale ook uit te gee.

Inhoud daar gelaat: *Katrientjie van Keerweder* is stellig die bes-versorgde volkome Suid-Afrikaanse kinderboek van die jaar. Dit bring ’n mens (jammer so laat) by Katrine Harries, wat vir die soveelste keer as spanmaat van dié skryfster medeskepper was van iets werklik pragtigs. Niks minder as medeskepper inderdaad kan ’n mens ’n kunstenaar noem wat met sulke volmaakte aanvoeling ’n skryfster se presiese nuanse van waarneming weergee nie.

(R.v.R., *Die Burger*,
8 Desember 1961)

2.5 Du Plessis, Francois (8 Januarie 1918–)

Francois du Plessis, meer bekend as Flooi du Plessis by sy wye vriendekring, is op 8 Januarie 1918 op Petrusville aan die suid-oewer van die Oranjerivier gebore waar sy vader, mnr. W.A. du Plessis, winkelier was. Hy is die enigste seun in ’n gesin van vier kinders. Sy laer- en hoërskoolloopbaan voltooi hy hier op Petrusville toe hy in 1935 matrikuleer.

Aan die begin van 1936 bevind hy hom aan die Universiteit van Stellenbosch waar hy sy BA-graad aan die einde van 1938 behaal. Terwyl hy in 1939 met sy MA-studies in Engels besig is, word hy



deur die rektor oorreed om vanaf Julie 1939 'n betrekking in die Parlementsbiblioteek in Kaapstad te aanvaar. In 1942 begin hy deeltjyd aan die Universiteit van Kaapstad vir die nagraadse diploma in Biblioteekkunde te studeer. Dit word later opgevolg met die finale diploma wat deur die destydse Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging aangebied is.

Vanaf 1 Oktober 1943 tot einde Februarie 1945 tree hy op as die eerste voltydse organiseerder van die Vereniging vir Boekverspreiding. In hierdie hoedanigheid het hy baanbrekerswerk gedoen om 'n vrye provinsiale biblioteekdiens vir Kaapland ingestel te kry. Op sy inisiatief het 'n goed ondersteunde openbare vergadering op 14 April 1944 in Kaapstad onder die voorsitterskap van die Administrateur, dr. G. Brand van Zyl, plaasgevind. Hierdie vergadering het deurslaggewende steun verleen aan die totstandkoming van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens in 1945. In hierdie tyd was hy ook verantwoordelik vir die "Cape Libraries Extension Association", 'n vereniging wat die biblioteekdienste vir Kleurlinge bevorder het. Hy het verder gedurende hierdie tyd 'n belangrike bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die Kaapse biblioteekkundige tydskrif, die *Kaapse Boekerye/Cape Libraries*. In 1944 het hy saam met D.H. Varley, hoof van die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad, redakteur van hierdie tydskrif geword.

In 1945 word Flooi du Plessis aangestel as assistent-bibliotekaris van die Universiteit van Stellenbosch. Op 1 Januarie 1968 word hy bevorder tot universiteitsbibliotekaris. Hierdie betrekking beklee hy tot aan die einde van Desember 1983 toe hy afgetree het. Vanaf 1958 tot 1961 het hy ook as deeltjydse dosent in die Departement Biblioteekkunde aan die Universiteit van Stellenbosch opgetree. Vanaf November 1962 tot November 1964 was hy die president van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. In 1986 is hy deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese vereer met die toekenning van lewenslange erelidmaatskap.

In Junie 1949 is hy getroud met Doreen Workey. As bibliotekaresse het sy ook verskeie jare ervaring opgedoen in die Carnegie-biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch. Uit hierdie huwelik is drie dogters en 'n seun gebore. Sedert sy aftrede woon Flooi du Plessis en sy eggenote rustig op Clanwilliam.

Flooi du Plessis het hom ook as skrywer en digter onderskei. In die laat veertiger- en vroeë vyftigerjare het daar van sy kortverhale in *Die Huisgenoot* en *Die Huisvrou* verskyn. Eintlik is dit jammer dat daar nie méér publikasies uit die pen van hierdie begaafde mens gevloei het nie. In 1964 het hy die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek van 1963 ontvang vir sy boek, *Rympieboek vir kinders*.

Die illustrasies in hierdie boek is deur Katrine Harries gedoen. Aangesien sy net so ruim as die skrywer bygedra het tot die sukses van die boek, is daar aan haar ook 'n medalje toegeken. Volledige biografiese besonderhede oor Katrine Harries word in paragraaf 5.2 verstrek.

Die volgende boeke is onder andere die resultaat van Francois du Plessis se penne-arbeid:

Rympieboek vir kinders. Kaapstad: Tafelberg, 1963.

Die eenbeen-kraanvoël. Kaapstad: Human & Rousseau, 1964.

Verskombers. Kaapstad: Tafelberg, 1978.

Bronne geraadpleeg

Kesting, J.G. Twee bekendes tree uit. *SAIBI-Nuusbrief*, 3(12): 12; Desember 1983.

□ *Rympieboek vir kinders*

'n Pragtige boekie met versies vir die kleinspan, met elke bladsy geïllustreer deur Katrine Harries. Dis die soort versies wat die kleintjies se fantasie prikkel en wat hulle maklik aanleer. Hier is 'n voorbeeld:

Diep in die bos is 'n groot geheim,
feetjies met vlerkies sag en fyn,
tienkie-tankie tienkie-tollie-tal,
daar't 'n vlerkie afgeval.

Die illustrasies van Katrine Harries is tekenend van elke versie. 'n Mooi geskenk vir die kleuters en kleinspan.

(Anoniem, *Die Unie*,
1 Februarie 1964)


□ *Fraai nuwe rympieboek vir elke huisgesin met kinders*

Besef die Afrikaanse ouer watter skat van die alderfynste kleinkinderlektuur deesdae in ons taal beskikbaar is? Tafelberg-Uitgewers het eers die beste van oorsee aangedra, en dit het toe seker gehelp om die standaard van ons eie produksie te verhoog. Mnr. F. du Plessis se rympieboek lyk vir my altans na 'n kinderboek wat van geslag tot geslag van Afrikaanse kleuters sal voortlewe.

Mnr. Du Plessis is bibliotekaris op Stellenbosch en die boek is opgedra aan Riaan, Lise, Nina en Jane. Dit is vir my duidelik dat hulle noodsaaklike medeskeppers van die rympies was in die sin dat die vader dit eers op hulle oortjies en hartjies geoefen het voordat hy 'n boek daarvan gemaak het. Geen man *dink* 'n rympie soos die volgende sommer in sy studeerkamer uit nie:

Die wind kom skielik om die hoek
en weg is hy met my pop se broek ...

Hy *lewe* dit eers in die kinderkamer. My eie dogters het dadelik die egtheid van die toon aange-



voel, en binne 'n paar dae kon hulle almal opsê asof hulle dit al jare ken. Die skrywer praat nie af na die kinders toe nie, hy is nie leerderig of soetlik in sy houding teenoor hulle nie, en in heelparty rympies knipoog hy vir sy medesamesweerders soos vir gelykes in humorsin:

Toemaar, Skillie, jy's 'n skat
al maak jy ook so baie nat.

In hierdie erkenning van die waardigheid van die kleuter en sy reg om nie met grootmens-lawwigheid en -sentimentaliteit afgeskeep te word nie, lê vir my die vernaamste sukses van hierdie boek. Hier is 'n vader aan die woord wat in die koninkryk van sy kinders se verbeelding kon ingaan deur self soos 'n kind te word, maar 'n kind wat gesuiwer is van dié eienskappe wat die kleingoed ook soms sulke klein peste kan maak.

Katrine Harries het die boek nie soseer geïllustreer nie as saam geskep, want haar geestige kindertekeninge is volkome met die teks geïntegreer.

Elke Suid-Afrikaanse huisgesin wat so gelukkig

is om nog kleuters in sy midde te hê, is arm sonder hierdie rympieboek. Ek het lank laas 'n publikasie gesien wat ek so sonder voorbehoud kon aanbeveel weens sy volkome suiwerheid van gevoel.

Kan daar nie nog meer kinderlektuur uit daardie vaderhart kom nie — of word Riaan, Lise, Nina en Jane nou al te groot?

(P.J.C., *Die Burger*,
28 Februarie 1964)

2.6 Linde, Christovira Frederika (12 Desember 1915–)


Die eerste van verskeie toekennings wat Freda Linde nog in haar lewe sou ontvang, is deur die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging aan haar toegeken. Hierdie toekenning was die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek van 1964, naamlik *Snoet-Alleen*. Volledige biografiese besonderhede oor Freda Linde word in paragraaf 1.5 verstrek.

□ *Snoet-Alleen*

Dit is die verhaal van Toto wat vir die eerste keer kennis maak met die erdvark Snoet-Alleen toe sy groot broer Goliat kom vertel dat hy die erdvark wil vang om te eet. Toto soek vir Snoet-Alleen om haar te waarsku, want is die erdvark dan nie 'n goeie dier nie?

Dit is 'n verhaal wat klein kinders van sewe jaar af kan geniet, maar wat vir grootmense op 'n ander vlak net so mooi — indien nie nog mooier nie — sal wees. En dit is vir my 'n baie belangrike toetssteen vir 'n kinderboek. Die kind sal bekoor word deur die mooi storie, die liriese styl, die droomwêreld waar Toto met Snoet-Alleen kan gesels en met die mot en met Grasseliet, die naaldekker. Vir die volwasse leser sal dit ook mooi wees, maar hy sal daarby ook die bowetone van 'n ander werklikheid as die materiële en sigbare daarin raaksien.

Freda Linde maak van 'n gewone kinderverhaaltjie 'n kunswerk wat ons 'n ander opvatting van die werklikheid gee, wat die verbeelding sy regte plek gee.



Die verhaaltjie is baie mooi geïllustreer deur die bekende grafiese kunstenaar, Peter Clarke, en is tipografies baie goed versorg sodat dit allesins 'n baie mooi geskenkboekie maak.

(Anoniem, *Naweekpos*,
Januarie 1965)

□ Dis 'n groot gebeurtenis vir Toto as sy broer, Goliath, 'n erdvarkgat naby die rivier kry, want Toto het nog nooit 'n erdvark gesien nie. Maar Goliath dreig om die erdvark dood te maak en te braai en daarvan hou Toto, die klonkie, glad nie.

Die volgende oggend terwyl sy ma met die wasgoed in die rivier besig is, gaan Toto na die erdvark soek, want die vorige aand het sy met haar neus die hut se deur oopgedruk en vir Toto vertel dat haar naam Snoet-Alleen is. Terwyl Toto

soek na die miervreter kom hy dinge teë wat sy klein verstandjie heeltemal verwonderd laat.

'n Boekie met sestig bladsye, elkeen geïllustreer, geskik vir voorlees of om self te lees. Die ritme van die skryfstyl en die helderheid van beskrywing, ook van die fantasie, sal almal boei. Kyk na hierdie voorbeeld: "Toto speel langs die water. Met 'n doring slag hy 'n plakkieblaar oop en sout dit met fyn, skoon sandjies."

(Anoniem, *Die Huisvrou*, Desember 1964)

2.7 Komnick, Günther (9 Augustus 1929–)


Günther Komnick is op 9 Augustus 1929 in Insterburg, Oos-Pruise, gebore. Hy is die oudste, en enigste seun van 'n gesin van drie kinders. Sy vader was 'n kunsskilder. Die grootste gedeelte van sy skooljare bring hy in Löbau in Wes-Pruise deur. In 1945 tydens die Tweede Wêreldoorlog word die gesin, uitgesonderd die oudste dogter, deur die Russe na 'n arbeidskamp in Rusland weggevoer om dwangarbeid te verrig. Gelukkig slaag sy vader daarin om na Wes-Duitsland te ontsnap. In 1948 volg Günther sy vader se voorbeeld en ontsnap ook na Wes-Duitsland.

In 1949 begin Günther Komnick om handelskuns vir ongeveer vier jaar lank in Donau-Eschingen te bestudeer. Na die voltooiing van sy studies werk hy as handelskunstenaar by firmas in Basel en later in Bern, Switzerland.

In Desember 1957 immigrer hy na Suid-Afrika en werk as handelskunstenaar by 'n firma in Johannesburg. Omstreeks dieselfde tyd begin hy fotografie as stokperdjie beoefen. Na slegs enkele maande in Johannesburg, verhuis hy in April 1958 na Kaapstad. Hier werk hy eweneens as handelskunstenaar by 'n gevestigde firma. In Maart 1965 besluit hy om sy eie onderneming te begin en open hy sy eie ateljee, Komnick Studio, vir handelskuns en handelsfotografie.

Günther Komnick het reeds 'n uitstalling van skilderye gehou. Daarby het 'n groot aantal van sy foto's by noemenswaardige foto-uitstallings in onder andere Londen, Seattle, Bulawayo, Johannesburg en Kaapstad toekennings ontvang.

Benewens sy werk as handelskunstenaar ontwerp Günther Komnick ook boekomslae en het hy ook enkele boeke, veral kinderboeke, geïllustreer. Dit beskou hy egter as sy stokperdjie. Dat hy dit wel



met groot erns aangepak het, getuig uit die feit dat hy in twee agtereenvolgende jare, 1966 en 1967, die C.P. Hoogenhout-toekenning ontvang het. Die toekennings is gemaak op grond van sy uitstaande illustrasies, eers in *Botter-aas* en daarna in *Die stadsmusikante*, albei geskryf deur Freda Linde. Komnick geniet die onderskeiding dat hy die eerste, en ook die enigste, illustreerder is wat die C.P. Hoogenhout-toekenning alleen ontvang het. Een keer voor hom en weer een keer na hom, het sowel die skrywer as die illustreerder die toekenning ontvang. Enkele jare later is 'n afsonderlike toekenning vir illustreerders ingestel. Sy twee waardevolle goue medaljes is ongelukkig tydens 'n inbraak in 1976 gesteel. Moontlik lê hierdie twee medaljes vandag in 'n pandjieswinkel in Kaapstad of elders in die land of selfs tussen ou geldstukke en ander medaljes op 'n vlooiemarktafel op die Parade.

Intussen het Günther Komnick self ook 'n boekie geskryf en dit self geïllustreer, naamlik *Die skaapstellers* wat in 1965 deur Tafelberg-Uitgewers uitgegee is. Anthony Delius het die teks in Engels versorg en so het *A tale of two robbers* verskyn.

Hy is in 1968 met mej. Desireë Herbert getroud. Uit hierdie huwelik wat in 1981 ontbind is, is drie kinders gebore.

Die volgende boeke is onder andere deur Günther Komnick geïllustreer:

De Vries, Anne. *Rotjie, seun van die straat*. Kaapstad: HAUM, 1963.

Wessels, Louis. *Die nuwe seun*. Kaapstad: Tafelberg, 1964.

Komnick, Günther. *Die skaapstellers*. Kaapstad: Tafelberg, 1965.

Linde, Freda. *Dakkuiken*. Kaapstad: John Malherbe, 1965.

Linde, Freda. *Botter-aas*. Kaapstad: John Malherbe, 1966.

Linde, Freda. *Die stadsmusikante*. Kaapstad: John Malherbe, 1967.

Linde, Freda. *Stadsmuis en veldmuis*. Kaapstad: John Malherbe, 1968.

Coetzee, Renata. *Funa — food from Africa: roots of traditional African food culture*. Durban: Butterworths, 1982.

Storarr, Patricia. *A colossus of roads*. Cape Town: Murray & Roberts, 1984.

Bronne geraadpleeg

Vermeulen, C.H. C.P. Hoogenhout-toekenning vir 1967. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 36(2): 66-70; Oktober 1968.

☐ *Die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die beste oorspronklike werk*

Die twee bekende vriende in die Suid-Afrikaanse volkskunde, die liggelowige, byna dom Wolf en die skelm Jakkals, het die hele dag sonder sukses gejag, en is nou baie honger. Jakkals stel voor dat hulle 'n vat botter op Boer se solder gaan steel

en dit as aas gebruik om vis te vang. Op 'n slinkse wyse laat Jakkals sommer vir Wolf hierdie swaar werk alleen doen. Die twee druk hul sterte in die botter, steek dit in die water en wag geduldig vir die visse om te byt. Jakkals, wat lankal sy planne agtermekaar gesit het, wag net totdat Wolf aan die slaap raak, vreet dan al die botter op en gaan lê heerlik en slaap. Wolf skrik later wakker net

om uit te vind dat sy stert vasgeys het. Met 'n groot gesukkel kom hy los, maar 'n deel van sy stert bly agter. Om alles te kroon is die bottervaatjie leeg . . . hy is vir die soveelste keer gekul.

In die prenteboek *Botter-aas* het hierdie beken-de verhaal 'n kunswerk geword. Die teks is in rym, wat nie alleen getuig van tegniese vaardigheid, oorspronklike woordgebruik en geslaagde ritme nie, maar ook van so 'n besondere verbeeldingsrykheid dat die ou storie in werklikheid iets nuuts word. 'n Verdere dimensie is ook verkry deur 'n derde karakter, die kraai, te gebruik om sydelingse aanmerkings te maak wat baie tot die karaktertekening bydra en ook die spanning en afwagting verhoog. Deurdat die teks in geslaagde rym is, word die folkloristiese elemente van die verhaal verskerp, word die dramatiese geaksentueer sonder om enigins sensasioneel te word, en word 'n uitstekende atmosfeer geskep. Terselfdertyd spreek dit van 'n bekoorlike eenvoud. In alle opsigte is die teks 'n sprekende voorbeeld van ware kunssin wat selfs in die min woorde van 'n prenteboek tot uiting behoort te kom.

Die tegniese versorging is van die allerbeste. Baie goeie papier is gebruik, die band en naaiwerk is redelik stewig en die boek is van 'n los stofomslag voorsien. Die omslagontwerp is ook nog op die band herhaal. Selfs die skutblaaië het aandag geniet om nie alleen tot die voorkoms van die boek nie, maar ook tot die inhoud by te dra — vergelyk die suggestiewe waarde van die swart skutblaaië met die wit spore daarop. Die omslagontwerp en ook die titelblad tref deur hul eenvoud, goeie balans in ontwerp, teks en illustrasie en trefkrag en interessantheid vir die jong leser. Die lettertipe is paslik, groot en duidelik. Op die drukwerk sal moeilik verbeter kan word. Dit getuig van noukeurige aandag en goeie vakmanskap van blokmaker en drukker. Vergelyk byvoorbeeld illustrasies wat van een bladsy na die ander oorloop en op verskillende paginaseksies gedruk is — by die inbinding is noukeurig sorg gedra dat die eenheid van die illustrasies behoue bly en dat die wolf se voorlyf nie bv. laer of hoër as sy agterlyf op die finale produk verskyn nie. Met die drukwerk is ook sorg gedra dat die ink egalig versprei is en dat in illustrasie en teks elke lyn skerp gereproduseer is.

Maar in hierdie voortreflike boek is die illustrasies van oorwegende belang. Die kunstenaar het van 'n oorspronklike tegniek gebruik gemaak wat onmiddellik aan die boek 'n opvallende andersheid verleen. Die illustrasies is gestileerd sonder om oordrewe te wees en maak 'n kleurrike indruk sonder om enigins skel of smakeloos te wees, ten spyte van die feit dat slegs drie kleure gebruik word. Die illustrasies is inderdaad kunswerke in eie reg en getuig van 'n fyn aanvoeling, skeppende kunssin en tegniese vaardigheid by die illustreerder. Vergelyk bv. stukke kleur wat oënskynlik willekeurig op sommige bladsye voorkom, maar in werklikheid onontbeerlike bestanddele in die algehele ontwerp is.

Die illustrasies is nie net prentjies wat 'n verhaal toelig nie, maar vertel die verhaal op selfs nog 'n treffender wyse as die teks. In dié opsig toon die kunstenaar nie slegs 'n insig in en begrip van die karakters, die gebeure en die folkloristiese elemente van die verhaal nie, maar ook 'n verbeelding wat die verhaal ryker maak en suggestie en spanning verhoog. Vergelyk in dié verband die keuse van die kleure — byvoorbeeld blou om die koue en ys te suggereer asook die wolf se te-leurstelling; die boomstomp wanneer die storie begin, met latere herhalings van hierdie motief, wat aansluiting vind by Wolf se latere stomp stert; die muise en spinnerak op Boer se solder; of die diere van die veld wat kom kyk as Wolf se stert vas-sit. Vergelyk ook die manier waarop die karaktertrekke van die twee karakters net deur lyne en motief gesuggereer word — die glibberige, skelm Jakkals wat letterlik deur die bladsye van die boek sluip, terwyl die goedige, maar ietwat dom Wolf met hang-stert swaar-swaar voortploeter. Selfs gebeure word so gesuggereer, byvoorbeeld die jakkalsfiguur wat die bladsy oorheers as hy botter vreet en vreet en al hoe versadiger word.

Maar seker die vernaamste kenmerk van die illustrasies is die kunstenaar se vermoë om aan die diere se gesigte sprekende uitdrukkings te gee sonder om enigins te verhumaniseer. Dit is asof die leser Jakkals se slinkse planne in sy kop kan "sien" broei; asof hy die swaar werk van vaatjierol op Wolf se gesig kan lees; asof hy deel het aan die goedige liggelowigheid en afwagting soos weergegee op

Wolf se gesig as hy sy stert in die botter doop; en ook aan Jakkals se innerlike glimlag wat 'n mens op sy gesig kan sien as hy wegsloop na die vat; of sy selfvoldaanheid as hy knuppeldik in die boom lê en slaap; of Wolf se ontsteltenis as hy merk dat sy stert vassit. Of selfs die kraai wat sy ongeduld met wydgesperde vlerke te kenne gee as Wolf maar voortsloop sonder om op sy waar-skuwing, dat Jakkals op pad is na die botter, ag te slaan.

Dit is 'n bekende feit dat niemand uit 'n boek kan kry wat nie ook daar ingegaan het nie. Met *Botter-aas* is aan die jong leser 'n boek gegee wat getuig van nie net ware kunstenaarskap nie, maar ook van nadenke en noukeurige beplanning aan die kant van almal wat aan die daarstelling van die finale produk deel gehad het. Dis 'n boek wat getuig van respek vir die jong leser en vir sy geestelike groei en ontwikkeling.

(Anoniem, *Suid-Afrikaanse Biblioteke*,
Januarie 1968)

□ Prentebouke vorm 'n baie belangrike deel van die kleuter se lektuur. Daarom is dit byna vanselfsprekend dat van die bekroonde kleuterbouke ook prentebouke moet wees, en dan is dit gewoonlik ook die illustreerder se bydrae wat vir bekroning in aanmerking kom. In die prentebouk vertel die illustrasies in 'n groot mate die verhaal. So 'n bouk is *Botter-aas*.

Slegs die illustrasies is bekroon. Maar dié is gebaseer op die teks. Dit vertel van Jakkals en Wolf se poging om met gesteelde botter aan hulle sterte vis te vang. Jakkals wag egter net tot Wolf aan die slaap raak en sluipt dan weg om al die botter op te vreet. As Wolf wakker word, is hy nie net sy deel van die botter kwyt nie, maar ook sy stert se punt wat in die veryste water agtergebly het.

Die verwerking van hierdie sprokie deur Freda Linde is 'n goeie voorbeeld van oorspronklikheid ten spyte van 'n bekende tema. Die teks is, an-


ders as in die oorspronklike sprokie, in rymvorm. Die ritme en rym word dikwels gebruik om die klem op die regte plekke te laat val, soos byvoorbeeld:

Jy is groot en sterk. Jy moet die swaar werk doen.
Ek kan die verste sien ... Ek is die spioen.

In die eerste reël is die woorde *jy, groot, sterk, moet, swaar* en *doen* sterk beklemtoon. Dit is eintlik die woorde wat die betekenis dra. En is die twee rymwoorde *doen* en *spioen* dan nie juis tekenend van die twee hoofkarakters nie? Wolf is die een wat al die werk moet doen, terwyl Jakkals die slim een is van wie slegs die verstand werk.

Die sprokie kry ook nuwe waarde deur die oorspronklike siening van die skryfster. Hoe goed word die karakter van Jakkals nie geteken deur die woorde nie:

"Jou beurt", hyg Wolf. "Rol jy nou weer die vat".
"Jy doen dit beter", sê Jakkals en kyk anderpad.



Dit is eintlik die illustrasies wat van hierdie bouk iets heel besonders maak. Die dierefigure is gedeeltelik gesjabloneer deur 'n droë kwas te gebruik. Die skadueringseffek bring mee dat die diere feitlik saamsmelt met die omgewing waarin hulle voorkom. Opvallend is die rol van die subjektie-

we kleurgebruik — rooi vir die geslepe jakkals en swart vir die byna onnosel wolf. Om eentonigheid te voorkom, word blou gebruik vir die water en die koue. Die kleure is ryk sonder om skel te wees.

Sprekend is die gesigsuitdrukings. Met enkele lyne en vlakke word die verhaal eintlik daardeur vertel. Jakkals se geslepenheid, sy onderduimse vriendelikheid en sy voldoening spreek uit sy gesig, terwyl Wolf se moegheid, sy honger en sy magtelose woede weer op sy gesig te lees is. Die tekeninge maak van die twee karakters karikature — maar is hulle dit nie juis in hierdie sprokie nie? Die gesigsuitdrukings maak van die gestileerde figure lewende karakters.

Met hierdie tekeninge het Günther Komnick bewys gelewer dat die illustrasies veel meer kán sê as die teks in 'n prentboek. Al die elemente van die sprokie: die aksie en spanning, die eenvoud, die simboliese, die bepaalde atmosfeer, die absolute waardes, die wreedheid, die direktheid van die verhaal, word eintlik verwesenlik deur die illustrasies. Die wesenlike kenmerk van die Wolf en Jakkals sprokies, soos dit in die volksmond oorgelewer is, is dat dit aards, byna onverfynd is. Basiese elemente vorm die bestanddele daarvan. Die sterke

en die slimme seëvier oor die swakke en die domme. En hierby pas die illustrasies volmaak aan. Die skutblaaie in *Botter-aas* is swart, met wit spore van Jakkals en Wolf dwars daaroor heen. Afgesien van die dekoratiewe waarde wat dit het, dien dit ook om die leser onder die indruk te bring dat die inhoud van die boek maar één van baie soortgelyke episodes in die lewens van dié twee diere is. Want soos die spore in die rigting van die verhaal loop op die voorste skutblaaie, gaan die spore onversteurd verder op die agterste skutblaaie, asof dit nie die laaste keer gaan wees dat Jakkals vir Wolf kul nie.

Die tegniese versorging is van buitengewone gehalte. Die papiergehalte is besonder hoog, die formaat van die boek pas by die inhoud (kyk hoe beweeg Jakkals van die een bladsy na die ander) en die naaiwerk en band is stewig. Die skutblaaie word deur middel van die illustrasies daarop 'n inherente deel van die verhaal. Die lettertipe pas pragtig aan by die illustrasies en die drukwerk is egalig. Die uitgewers verdien alle eer vir 'n puik stukkie drukwerk.

(Carl Lohann, *Die bekroonde kinderboek en die aanvaarding daarvan deur die kind*)

2.8 Komnick, Günther (9 Augustus 1929–)

Nadat Günther Komnick in 1967 daarin geslaag het om die eerste illustreerder te word wat alleen die C.P. Hoogenhout-toekenning kon behaal, herhaal hy hierdie prestasie in die daaropvolgende jaar. Hierdie keer word hy in 1968 bekroon vir sy illustrasies in *Die stadsmusikante* wat in 1967 verskyn het. Volledige biografiese besonderhede oor Günther Komnick word in paragraaf 2.7 verstrek.

□ *C.P. Hoogenhout-toekenning vir 1967*

Eendag was daar 'n afgeleefde esel, 'n ou jaghond, 'n verwese kat en 'n verflenterde hoenderhaan. Hul dae is getel en daarom vat hulle die pad na Bremen om musikante te word. Die verhaal van hierdie stadsmusikante is al eeue oud: as sprokie het dit in die volksmond geleef, en tiperend vir die sprokie, is die konstruksie-elemente verskerp, onnodighede uitgeskakel en die subtile skakeringe en diepere betekenis deur die jare geslyp.

In die Afrikaanse weergawe van Günther Komnick en Freda Linde het die sprokie-element behoue gebly, maar daarby is deur sensitiwiteit en oorspronklikheid in teks en illustrasie soveel aan die alreeds ryk geskakeerde verhaal toegevoeg dat dit inderdaad 'n nuwe skepping geword het.

Teks en illustrasie vorm so 'n eenheid, adem in so 'n mate dieselfde atmosfeer en is selfs tipografies so geïntegreer dat hulle in die bespreking van die werk moeilik geskei kan word.

Die eerste deel van die boek het byna die struktuur van 'n musiek-komposisie met 'n baie besondere ritme! Daar is eers stilstand in teks en illustrasie terwyl die esel oor sy lot besin, dan 'n vinniger ritme wanneer hy begin aanstap, en so word die proses herhaal met elke dier wat bykom. Hierdie patroon word verder beklemtoon deur die refrein in die teks:

Nee wat, ek vat die pad na Bremen,
Daar word ek dalk nog stadsmusikant.

dan

Kom, gaan saam met my na Bremen,
dan word ons stadsmusikante.

dan:

Gaan saam met ons na Bremen,
doer agter die liggroen rante,
Daar's 'n ereplek in Bremen,
vir die beste musikante ...



en uiteindelik, wanneer al vier bymekaar is:

Ons is op pad na Bremen,
doer agter die lae rante.
Kom gaan saam met ons na Bremen,
dan word ons musikante!

Hierdie refrein word heel aan die einde weer teruggebring met:

Ons was op pad na Bremen,
maar DIT is nou ons Bremen ...

Afgesien van die beklemtoning van die ritme in die werk deur die refrein, het dit ook 'n ander funksie. Die refrein as 'n soort lied het ook betrekking op die titel van die werk en op die feit dat die vier karakters na Bremen wil gaan om *musikante* te word. So ook verwysinge soos:

Toe stap hulle vrolik aan
esel, jaghond, kat en haan,
en sing — 'n mooi gemengde koor:
'Die dood lê agter en die lewe voor' ...

Let ook op die subtile manier waarop die karakters in die teks daargestel word: die esel as die leier, as die spreker; die vroulikheid van die kat, in teenstelling met die hond en esel; die planlose hond; en die haan wat ten spyte van die oordeel wat oor hom hang, sy plek op die plaaswerf tot op die heel laaste oomblik wil behou.

Daar is in die daarstelling van die karakters 'n

fyn spot en humor wat die ironie van die situasie verder beklemtoon. Die vroulike kat het die sierlike naam Lelieblom, 'n skerpe kontras met die uiterlike van 'n afgeleefde kat. Dieselfde effek word verkry met die naam Edelhart vir die vertoingde ou haan.

So is daar deurgaans talle voorbeelde van weldeurdagte begrip en gevoeligheid in die teks. Vergelyk byvoorbeeld ook die beskrywing van die geluide wat voor die venster losbars:

'n haan-gekraai
'n hees gebalk
woedende knorre
en 'n lang kreun-kreet.

Waar die steurende wanklank van 'n hond se geknor in vergelyking met die geluide wat 'n haan, 'n esel en 'n kat maak, so treffend deur die woordgebruik gesuggereer word.

Die teks is in die moderne poësie-idioom geskryf, sonder 'n deurlopende endrym, maar met 'n bepaalde ritme-patroon. Hierdie keuse getuig van weldeurdagte begrip: daardeur word nie alleen die onwenslike moontlikheid van sangerigheid in hierdie werk van wisselende beweging en dramatiese gebeure uitgeskakel nie, maar word ook moontlikhede van verhoogde effek deur ritmewisselinge geskep. Vergelyk byvoorbeeld die effek van kort, gejaagde frases om die holderstebolder opmekaarklim van die diere voor die venster te suggereer:

Buite in die donker plant
die esel sy pote
op die vensterbank.
Die-hond-spring-op-die-esel
die-kat-op-die-hond
die-haan-op-die-kat ...

met die kalme rustigheid van 'n aanvaarding van 'n gelukkige bestaan:

In die rowers se huis tussen die beboste rante
het die vier musikante lekker geleef.

Enige aanhaling kan as voorbeeld dien van Freda Linde se fyn aanvoeling vir die klanke van woorde; byvoorbeeld:

'Wyk Satan, wyk!
skree die rowers.
Almal borrel tegelyk
by die deur uit
en iets vreesliks
stort by die venster in ...

Die teks toon ook 'n begrip vir die wese van die prenteboek en sielkundige ontwikkeling van die jong kind, waar die klem ietwat meer op visuele voorstelling val. Vergelyk byvoorbeeld die beskrywing van die diere se reaksie in die bos:

'Ek ruik huis. Ek ruik vleis en rook',
snuif Vuilbaard!
'En haard ...' spin Lelieblom.

Maar ten spyte van die voortreflike teks, is die illustrasies die treffendste faset van die werk.

Op die ritme in die illustrasies is reeds gewys. Daar is verder baie aandag aan die eenheid van die boek gegee, asook aan die ontwikkeling van die tema in die illustrasies, sodat die hele verhaal byna in die illustrasies "gelees" kan word. Verder word afwisseling verkry en moontlike eentonigheid vermy, deur byvoorbeeld die hoek waaruit die diere gesien word, te verander: byvoorbeeld wanneer die esel, hond en kat met die haan op die paal gesels.

Die karakters, hoewel hulle tot die bekende diersoorte — esels, honde, katte en hane — behoort, is onmiskenbare individue. Daarby word hul gemoedstemming besonder geslaagd weergegee; vergelyk byvoorbeeld die moedlose esel aan die begin, die leier van die groep op pad, die verligting nadat 'n oplossing gevind is en hulle na Bremen aanstryk, sy byna hoorbaar woeste gebalk voor die venster en die selfversekerde, vet en uitgeruste esel van die slottoneel. Dieselfde geld die ander karakters.

Die feit dat die karakterskildering en gemoedstemming van die diere verkry is sonder gebruikmaking van enige truuks, sonder om byvoorbeeld aan hulle gesigte uitdrukkinge toe te skryf wat nie eie aan 'n dier is nie, maar deur dit te suggereer met elke lyn wat die dier daarstel, d.w.s. kop, lyf, pote, ens., onderstreep die kunstenaar se fyn waarnemingsvermoë, kunssin, oorspronklikheid en tegniese vaardigheid.

Die kunstenaar toon 'n besondere vermoë om met min kleur baie effektiëf te werk. In die boek is vier kleure gebruik, maar hulle word net op vyf van die ses-en-dertig bladsye saam aangetref. En tog wek die boek die indruk van kleurrykheid. Die keuse van die vier kleure is ook opvallend, veral omdat hulle so goed by mekaar aanpas, mekaar aanvul en ook bydra tot die lewendigheid van die illustrasies. Daar is geen spoor van "doodsheid" in enigeen van die vier kleure en hul verhouding tot mekaar nie.

Besonder geslaagd is die tonele waar karakters en gebeure teen 'n swart agtergrond daargestel word. Hoewel die karakters en hul omgewing duidelik herkenbaar is, word die illusie van nag en donkerte nooit verbreek nie.

Dit is opvallend dat die mees dramatiese elemente in die boek teen 'n donker agtergrond voorgestel word: die geskree voor die venster, die rower se terugkeer, sy "ontvangs" en sy haastige vlug. Dáárdeur word die dramatiese elemente op 'n baie effektiëwe wyse verhoog.

In alle gevalle vorm die twee bladsye wat teenoor mekaar staan 'n hegte eenheid en is besondere aandag aan die balans en ontwerp gegee, nie net van die illustrasies op elke bladsy nie, maar op die twee bladsye wat as geheel teenoor mekaar staan en ook van die illustrasies en teks as geheel.

Die illustrasies is besonder veelseggend, nie net wat die diere-karakters betref nie, maar ook die mense — vergelyk byvoorbeeld die skrik op die rowers se gesigte wanneer die esel by die vensters inkyk. Hulle is ook baie stemmingsvol; soms rustig, soos byvoorbeeld wanneer hulle slaap; soms beweeglik, byvoorbeeld wanneer die rower 'n vuurhoutjie trek; soms is hulle baie dramaties, byvoorbeeld die halsoorkop vlug van die rowers.

Dieselfde elemente van fyn spot, humor en ironie wat in die teks voorkom, word ook in die illustrasies aangetref. Vergelyk byvoorbeeld die afeleefde, brandmaer diere wat so selfversekerd aanstap na Bremen, of die verbaasde, spottende voël op die predikant, of net die gesigsuitdrukkinge van die rowers.

Die illustrasies is gestileerd en 'n ongewone, oorspronklike tegniek is gebruik.

In die prentboek word die verhaal in twee media, nl. teks en illustrasies, vertel. Maar dit sou

'n verarming wees as die twee blote herhalinge van mekaar sou wees. Dat die omgekeerde ook waar is, nl. dat 'n besondere verrykking deur oorspronklikheid en aanvulling verkry kan word, word baie sterk deur *Die stadsmusikante* onderstreep. Byvoorbeeld, wanneer die rower na sy terugkeer na die huis weghardloop, word in die teks net gesê:

Toe was dit klaar
met rowerfeeste in die bos ...

Maar die illustrasies vertel nog veel meer: die rower is verward, bevrees en verskrik, in so 'n mate dat hy selfs die bome in die bos vir spoke aansien en hulle koppel aan sy pas afgelope ervaring. Vergelyk ook die manier waarop die diere se situasie beklemtoon word: die esel buite die hek, die leë toegespykerde hondehok, die eensame kat, die haan byna buite die werf, nl. op die hekpaal. Of ook die afwagting en vrees van die drie agterblywende rowers terwyl die vierde na die huis terugkeer.

Die illustrasies is kunswerke, maar hulle is nog meer as dit; deur die fyn waarnemingsvermoë, begrip, oorspronklikheid en kunssin van hulle skepper gee hulle rykdom van skakeringe aan die verhaal, wat van hulle nie tekeninge nie, maar illustrasies in die ware sin van die woord maak — 'n onmiskenbare en verrykende deel van die letterkunde wat as sodanig ook nog van 'n puik gehalte is.

Die tegniese versorging van die boek is werklik voortreflik. Op die tipografie wat soveel tot die eenheid van die boek bydra, is reeds gewys. Baie goeie papier is gebruik, die boek is stewig genaai en gebind en dit het 'n geslaagde omslagontwerp waarop die vier hoofkarakters op interessante wyse in 'n gebalanseerde groep voorgestel word. Die ontwerp loop oor op die agterkant van die boek, sodat die geheelindruk gewek word van die diere wat dankbaar terugkyk na die pad waarlangs hulle gekom het — dankbaar omdat hulle met hul lewe daarvan afgekom het. Die omslagontwerp is dus sinvol, nie net 'n versiering of advertensie vir die boek nie. Die ritme van die teks en illustrasies is in die omslagontwerp en die bedrukte skutblaai behou. Op die skutblaai stap die vier diere aan, in albei gevalle, voor en agter, weg van die pad waarlangs hulle gekom het. Op die titelblad word

'n tweede kleur op effektiewe wyse gebruik. Die omslagontwerp word op die band herhaal.

Ook die drukwerk is puik en dit is veral opvallend dat waar 'n illustrasie op 'n tweede bladsy oorloop, die bindwerk so sorgvuldig gedoen is dat daar geen breuk in die illustrasie voorkom nie.

As geheel gesien is *Die stadsmusikante* 'n kunswerk waarop ons almal trots kan wees.

(C.H. Vermeulen, *Suid-Afrikaanse Biblioteke*, Oktober 1968)

□ Hierdie prenteboek in vier kleure, is 'n besonder geslaagde oorvertelling van 'n ou Grimm-sprokie. In teks sowel as illustrasies word die ka-

rakers as individuele persoonlikhede daargestel. Die illustrasies is verder ook uiters veelseggend, en toon 'n begrip van en aandag aan subtiële besonderhede, byvoorbeeld die balans tussen 'n stadige en vinniger ritme in die ou vertelling self, die suggestie van "weggooi" deur 'n leë hondehok in die agtergrond en so meer. Daarby is 'n ongewone illustrasietegniek gebruik wat die boek iets anders maak.

Die boek is geskik vir 5-8 jariges, maar omdat die teks seker nie maklik deur kinders wat nog leesmoeilikheid ondervind, baasgeraak sal kan word nie, sal baie van hulle van die onderwyser afhanklik wees om deel aan hierdie boek te hê.

(L.P., *Klasgids*, Augustus 1968)

2.9 Grobbelaar, Pieter Willem (25 Desember 1930 –)

Die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek van 1968 is aan sowel die outeur, Pieter W. Grobbelaar, as die illustreerder, Katrine Harries, toegeken. Die bekroonde boek is *Die mooiste Afrikaanse sprokies*. Dit was die eerste en tot dusver ook die enigste keer dat Pieter Grobbelaar hierdie toekenning ontvang het. Volledige biografiese besonderhede oor Pieter W. Grobbelaar word in paragraaf 1.4 verstrek.



Katrine Harries en Pieter W. Grobbelaar geniet hulle bekroonde werk.

Die mooiste Afrikaanse sprokies bevat 155 illustrasies, waarvan 34 in kleur, deur Katrine Harries. Sommige kenners beskou hierdie as die hoogtepunt in haar werk en ontvang sy dan ook saam met P.W. Grobelaar die C.P. Hoogenhout-toekenning hiervoor. Volledige biografiese besonderhede oor Katrine Harries word in paragraaf 5.2 verstrek.

□ *Die Mooiste Afrikaanse sprokies*


Stellig die mooiste oorspronklike kinderboek in Afrikaans is die bundel van 216 bladsye wat pas verskyn het onder die titel *Die mooiste Afrikaanse sprokies*.

Vyf mense het aan hierdie standaarduitgawe met sy 54 tradisionele sprokies, legendes en volksverhale meegewerk, t.w. Pieter W. Grobelaar wat die verhale uit 'n verskeidenheid ou bronne opgediep en in lewendige, besonder leesbare Afrikaans oorvertel het; Katrine Harries wat die sprokies geïllustreer het op oorspronklike en besonder kunstige wyse (155 tekeninge waarvan 34 in volkleur); daarby drie deskundiges op die gebied van die volksverhaal van blanke Europese herkoms, van Maleier- en van inheemse inboorling-oorsprong, nl. prof. D.J. Opperman, dr. I.D. du Plessis en dr. J.J.G. Grobelaar.

Die materiaal wat al hierdie mense verskaf het, het die uitgewers, Human en Rousseau, in die vorm van 'n pragboek laat verskyn, en so word hierdie publikasie werklik die spoglid van die reeks "Wonderboeke". Dis bowendien 'n stewige boek wat die soms hardhandige lesery van die kleingoed kan verduur.

Sommige van die opgenome verhale is goed bekend, ander minder of glad nie, maar in die vorm waarin hulle hier aangebied word, het jy aan almal plesier, te meer weens die verbeeldingryke illustrasies.

Afgesien van die suiwer vertelgenot wat die verhale verskaf, besit hulle natuurlik groot kulturele en vormende waarde. Klein-klein word die Afrikaanse kind wat hom dalk sou moes tevrede stel met feetjies, elfies, kabouters en dergelike onsin, gedrenk in die eie geestesbesit van sy volk. En ook vir 'n ouer geslag wat miskien groot geword het met die ingevoerde kinderverhaal, sal *Die mooiste*



Afrikaanse sprokies die ontsluiting van 'n onverwagte skatkamer wees.

Hierdie kostelike versameling Afrikaanse folklore is die ideale geskenk vir enige kind of die volwasse belangstellende in ons inheemse verhaalskat in een van sy bekoorlikste vorme.

(P.D. van der Walt, *Die Taalgenoot*, Junie 1969)

□ *Die C.P. Hoogenhout-toekenning vir 1968*

Die mooiste Afrikaanse sprokies is beoordeel teen die agtergrond van die hoë vereistes wat dien as rigsgnoer vir die bekroning van oorspronklike kinderboeke van uitstaande gehalte. Die komitee motiveer sy bekroning in 'n dokument wat deur die Raad goedgekeur is:

Volksverhale bied aan die moderne mens 'n direkte skakel met sy primitiewe verlede. Die eerste spore van die volksverhaal was die sponta-

ne dreunsange van die primitiewe mens wat, soos die geluide van 'n klein kindjie, egosentries was. Na baie jare is gevorder tot vertelling in die derde persoon, tot mites, heldesages en sprokies, wat deur storievertellers vir die vermaak van die stam vertel is. Deur die eeue heen is hierdie vertellinge geslyp totdat hulle as kenmerkende letterkundige genre beslag gekry het.

Sprokies, mites, sages en legendes is in alle wêrelddele vertel, oorvertel en omvorm. In die proses het hulle 'n speël geword van die mense in wie se midde hulle as mondelinge letterkunde gemanifesteer het — van die mense se leefwyse, gewoontes, hul skeppende vermoë, hul verbeelding, geloof en bygeloof en die manier waarop hulle natuurverskynsels aan hulself verklaar het.

Die kind is onbewus van die sosiologiese en antropologiese aspekte van mondelinge letterkunde. Vir hom is slegs die verhale as sodanig van belang — verhale wat deur geslagte heen tot hoogstaande kuns geslyp is. Daarom is nie alle mondelinge letterkunde grootse kinderliteratuur nie, maar slegs dié van volksgroepe wat 'n besondere verbeelding en skeppende vermoë besit het.

Hoewel die kind die verhale bloot as verhale lees, is dit onvermydelik dat hy die sterk nasionale kenmerke in verskillende volksverhale sal aanvoel, soos byvoorbeeld die praktiese sin van die Duitser, die besondere humorsin van die Engelman, en die min woorde van die Skandinawiër.

Mits die mondelinge letterkunde uit eie bodem ook goeie letterkunde is, bied dit aan die kind die geleentheid om die wortels van die bevolkingsgroepe van sy eie land te leer ken. Dit is voorwaar 'n ryke erfenis.

Die mooiste Afrikaanse sprokies bevat vier-en-veertig sprokies, legendes en volksverhale. Sommige het hier ontstaan en is van blanke, kleurling-, Boesman- en Bantoe-herkoms. Ander het saam met die eerste setlaars uit Europa hierheen verhuis en elemente daarin is omvorm om by ons spesifieke omstandighede aan te pas. So het hulle 'n eie Suid-Afrikaanse kleur gekry.

Onder die volksverhale is daar ou bekendes soos "Kaptein Van Hunks en die Duiwel", "Antjie Somers", Wolf en Jakkals-stories, "Hasie Kalbassie", en so meer.

Volgens die skrywer se nawoord is baie van die

verhale in 'n baie kort vorm opgeteken, en moes hulle as 't ware gerekonstrueer word. Die grootste gevaar van so 'n werkwyse is dat dit tot uitbreidinge kan lei, waardeur kwaliteite van die sprokie-element verlore kan raak. Pieter W. Grobelaar het dit tot groot hoogte suksesvol vermy.

Die verhale word in 'n onderhoudende, leesbare en vindingryke skryfstyl vertel, met inagneming van die kenmerke van die volksverhaal as letterkundige vorm. Die rympies wat soms deel van die verhale vorm, is ook baie geslaagd.

As geheel gesien, voldoen die teks ongetwyfeld aan die vereistes van goeie letterkunde. Soms gaan die uitbreidinge ietwat te ver, hier en daar kom ietwat lomp sinne voor en die kort inleidinge by elke verhaal is nie heeltemal paslik in 'n boek vir kinders nie.

Die tipografie is puik en die drukwerk ook. Dit is egter jammer dat goeie papier nie deurgaans gebruik is nie.

Op die illustrasies sal moeilik verbeter kan word. In 'n ander medium as die teks weerspieël hulle nie alleen die gees van die volksverhaal as sodanig nie maar ook dié van die verskillende soorte volksverhale wat in die boek byeen gebring is. Vergelyk byvoorbeeld die klaarblyklik Europees-Kaaps-Hollandse atmosfeer van die illustrasies vir "Kaptein Van Hunks en die Duiwel" met die magtige leeufiguur wat die Hottentotte geskep het om in "Koning Leeu se geskenke" aan elke dier sy besondere bou te gee.

Die 155 illustrasies het besondere eise aan die kunsternares, Katrine Harries, gestel, want die karakters in die verhale is 'n groot verskeidenheid wesens: mense (wat wissel van Europeërs tot primitiewe inboorlinge), diere as deel van die diere-ryk en ook as figure van simboliese betekenis (van so 'n uiteenlopende aard dat hulle van olifante tot muise insluit), insekte, voëls — ja selfs 'n krap en 'n duiwel. Nie een van hierdie karakters is 'n prototipe nie, maar elkeen is 'n individu met sy eie persoonlikheid.

In hierdie uitbeelding is die illustrasies uitmuntend geslaagd. Die persoonlikhede word nie net deur aangrypande gesigsuitdrukkinge weergegee nie, maar die plasing van die karakter in die tekening en elke lyn van sowel die liggaam as die omgewing word ingespan om die trefkrag te verhoog.

Enige illustrasie dien as 'n goeie voorbeeld: byvoorbeeld die hooghartige slang in "Die ondankbare slang", die trotse, "stywenek" hasie wat vir die volmaan sit en sing in "Hasie Haaslip", die benoude Agmat in "Sjeg Joessoeg", of die patetiese Wolf na sy vliegles in "Wolf leer vlieg".

Maar ook die verskeidenheid van atmosfeer en betekenis van die verhale vind op byna onverbetterlike wyse uitdrukking in die illustrasies. Vergelyk byvoorbeeld die verlangende droomverlatenheid van die visser op die strand in "Die Rob-vrou", die avontuurlikheid in "Pinkie", die drama van "Die oorlog tussen die diere en die voëls", die erns in die humor van "Die wegraak van die bont by" en die stormagtigheid van "Die vlieënde Hollander".

Die illustrasies is nie net uitdrukkingryk nie, maar ook ryk aan lewe en beweging — byna asof die karakters enige oomblik van die bladsye kan afstap.

Treffend is ook die wyse waarop 'n eg Suid-Afrikaanse agtergrond gesuggereer word deur die insluiting van inheemse plante in die agtergrond, byvoorbeeld in "Antjie Somers", "Pinkie", "Kleintjie word beesboer" en "Die Afrikaanse Uilspieël".

Die illustrasies word nooit herhalinge van die teks nie — dit is eers wanneer teks en illustrasies saam gelees word dat die volle betekenis en atmosfeer aan die leser oorgedra word. Maar daarby het die kunstenaars deur middel van klein be-

sonderheidjies op 'n oorspronklike wyse nog meer aan die verhale toegevoeg. Die eerste illustrasie, "Pinkie", is 'n goeie voorbeeld. Die teks vermeld: "Pinkie was eintlik die skaapwagter. Bedags sit hy op 'n miershoop in die son en bak, en 'n mens sou dink dat daar niemand is nie." Die tekening toon wel 'n lewende Pinkie op 'n miershoop, maar daar is nog veel meer wat 'n treffende aanvulling tot die teks is: gras, 'n inheemse blom, vier miere wat nie sommer doelloos of ter versiering daar is nie, en selfs 'n kewertjie.

Die meeste van die illustrasies is in swart-en-wit, en om al die reeds genoemde elemente, met so min middele tot haar beskikking, daar te stel, is 'n klinkende bewys van Katrine Harries se besondere kunstenaarskap.

Vier-en-dertig van die 155 illustrasies is in kleur. Die kleure is met oorleg aangewend om bepaalde effekte te verkry, en nie ter wille van blote kleur-rykheid nie. Vergelyk byvoorbeeld twee seetonele, nl. in "Die Rob-vrou" en in "Antjie Somers". Die keuse van die kleure dra op geslaagde wyse daartoe by om die son en hitte in "Antjie Somers" en die koel naglug en ander soort strand in "Die Rob-vrou" te suggereer. Twee bergtonele — in "Die heks van Hexrivier" en "Kaptein Van Hunks en die Duiwel" is nog opvallende voorbeelde van hierdie aspek. Die kleurgebruik bly deurgaans smaakvol en die kleure word nooit skel nie.

(Anoniem, *Suid-Afrikaanse Biblioteke*, Oktober 1969)

2.10 Bouwer, Albertha Magdalena (16 Maart 1920–)

In 1972 word Alba Bouwer die tweede keer deur die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging vereer met die toekenning van die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek wat in 1971 gepubliseer is. Sy behaal hierdie prestasie met 'n *Hennetjie met kuikens*. Volledige biografiese besonderhede oor Alba Bouwer word in paragraaf 2.4 verstrekk.

□ 'n *Hennetjie met kuikens*

"Sarie woon in die Goudstad. Sy woon nie in 'n huis-paleis nie, sommer net in 'n wit huis met 'n stoep en 'n groot moerbeiboom in 'n tuin." En ... "Sara woon in Soweto by Gauteng. Sy woon nie in 'n pondokhok nie, sommer net in 'n klein grys huisie met 'n deur en twee vensters, soos 'n neus en twee oë, met 'n afdakkie bokant die voordeur en 'n perskeboom in 'n tuintjie so groot soos 'n klein kopdoekie."

Sarie en Sara het elkeen 'n ma, en 'n pop ... en 'n storie. Hulle ken mekaar nie, maar hulle ma's Saretjie en Polani, was saam kinders op die plaas. Maar toe het hulle weggetrek en in die groot stad nooit weer by mekaar uitgekome nie.

Ma Sarie vertel vir haar Sarie van die plaas en van die hennetjie met kuikens — die gôkô-tsiehoe-tsiehoe van klei wat Polani vir haar gegee het.

En Polani vertel vir haar Sara dieselfde storie, maar met hier en daar 'n ietsie by, want hâár storie kan nie presies net soos Ma Sarie s'n wees nie.

Toe, op 'n dag, gaan Ma Sarie met haar Sarie inkopies doen. Sarie loop agter 'n hondjie aan en daar, om 'n hoek, hoor sy 'n stem wat 'n liedjie sing wat net sy en haar ma ken, en daar sit klein Sara met hennetjies-met-kuikens om te verkoop. En so kom hulle almal bymekaar uit. Nou weet klein Sarie "hoe ruik 'n stinknuwe sisrokkie na die sool van 'n nuwe velskoene", soos haar ma haar vertel het. En klein Sara weet nou "hoe ruik die wit kind na nuwe melk", soos hâár ma weer vir haar vertel het.

Met hierdie verhaal het die skryfster verskeie probleme besonder knap en behendig hanteer.

Eerstens is daar die verhoudinge tussen blank en nie-blank wat met nugterheid geskilder is. Die aanvaarding van mekaar en respek en toegeneentheid teenoor mekaar is oorwegend, maar Ma-Sarie se tante het in haar kinderdae baie gekla oor haar vriendskap met Polani, sommer sonder rede.

Dan is daar die vorm waarin die verhaal aangebied word. Dit is in drie afsonderlike dele, maar elke deel dra iets by tot die vorige en die volgende, sodat 'n geheelbeeld geskep word en behoue bly. Die eerste twee dele as sodanig is miskien ietwat meer geslaagd as die derde, wat hier en daar effens tekens van gedwongenheid toon.

'N HENNETJIE MET KUIKENS



En derdens is daar die tema self. Eintlik gaan dit oor plaasmense wat saam gewoon en gegroei het op die platteland en in die stad totaal van mekaar vervreemd geraak het, miskien omdat hulle nie van dieselfde bevolkingsgroep is nie. En tog bly hulle in wese dieselfde soort mense — plaasmense. Hierdie hele begrip het eintlik min met die kinderwêreld van die sowat 8-11 jarige te doen — dit is 'n probleem van en vir volwassenes. Om dit so te vervorm en aan te bied dat dit inderdaad deel van die kinderwêreld word, wil gedoen wees. Die skryfster slaag tot baie groot hoogte daarin.

Die grootste verdienste van die werk lê in die karakterbeelding, die opregte menseverhoudinge, en die wyse waarop Alba Bouwer met haar fyn waarneming en oorspronklike, weldeurdagte en gevoelvolle aanwending van die woord alledaagse dinge nuut laat word. Met 'n *Hennetjie met kuikens* het sy haar plek as een van ons heel beste kinderboekskrywers net weer opnuut bevestig.

Die boek is veral geskik vir st. 1-4, maar sommige st. 1's sal dit waarskynlik nog nie self kan lees nie en sal op die belangstellende onderwyser aangewese wees om vir Sarie en klein Sara te kan leer ken.

(Lydia Pienaar, *Klasgids*,
Mei 1972)

□ Die boek wat ek vanoggend onder die vriendelike aandag van luisteraars wil bring, is 'n kinderboek, 'n boek wat vir kinders geskryf is, maar wat só goed geskryf is, met soveel fyn verbeelding geskep is, dat dit tot elke grootmens wat 'n aanvoeling het vir die kuns van die woord, sal spreek. Dié boek is 'n *Hennetjie met kuikens* deur Alba Bouwer wat onlangs by Tafelberg-Uitgewers verskyn het.

Van die mooiste kinderboeke in Afrikaans is deur Alba Bouwer beskryf. Elke boek soos dit verskyn het, is dadelik as 'n heel besondere bydrae tot die Afrikaanse jeug- en kinderlektuur verwelkom: *Stories van Rivierplaas*, *Nuwe stories van Rivierplaas*, *Stories van Ruyswyck*, *Abdoltjie*, *Katrientjie van Keerweder*, *Stories van Bergplaas*, *Dirkie van Driekuul* en nou 'n *Hennetjie met kuikens*.

Soos in haar ander boeke, skryf Alba Bouwer in hierdie boek weer met volkome inlewing in die wêreld van die kind. Die kinders in die boek sien die wêreld soos kinders. Hulle hoor en ruik en voel soos kinders. Hulle dink soos kinders. Hulle is twee lewende, werklike kinders. Só word die twee kinders voorgestel:

Sarie woon in die Goudstad. Sy woon nie in 'n huis-paleis nie, somer net in 'n wit huis met 'n stoep en 'n groot moerbeiboom in 'n tuin. Soggens as die motor Pappa werk toe gedra het en die huis se baie kamers Mamma ingesluk het, dan sit Sarie en Polani onder die groot moerbeiboom.

Sarie is 'n wit dogtertjie en Polani is haar pop wat Ouma Saar van 'n nuwe swart kous en nuwe swart wol gemaak het en toe aangetrek het in 'n rok van nuwe sis en 'n voorskoot van 'n ou stukkies blou sloop.

Sara is die swart dogtertjie.

Sara woon in Soweto by Gauteng. Sy woon nie in 'n pondok-hok nie, somer net 'n klein grys huisie met 'n deur en twee vensters, soos 'n neus en twee oë, met 'n afdakkie bokant die voordeur en 'n perskeboom in 'n tuintjie so groot soos 'n klein kopdoekie. Soggens as Pa Ennerêke weg is na die trein wat hom rakke-takke-rakke-takke tot in die dorp van die groot huise dra en hom daar uitspoeg, en as Ma Polani die pappot gier-

gier-goer-goer voor die agterdeur uitkrap, dan is Sara wakker vir speel onder die perskeboom, Sara en Matêba.

Matêba is die swart kind se pop, die kind met die stokkieslyf en die lappopkop.

Soos 'n sonatina word die verhaal van die wit kind en die swart kind en die wit kind se ma, Sariétjie, en die swart kind se ma, Polani, gebou. In die eerste deel vertel die wit kind se ma vir haar dogtertjie van die dae op die plaas toe Polani haar speelmaat was, toe sy die slaappop uit die winkel present gekry het en hulle die slaappop Iemelaai genoem het, omdat dit 'n vaak naam is, toe Ma Matêba vir Sariétjie 'n hennetjie met kuikens van klei gemaak het.

Gôkô-tsiehoe-tsiehou het Sariétjie die hennetjie-met-kuikens genoem.

"Nou nog, as ek na die plaas verlang," vertel sy "verlang ek na die ruik van sis en boerseep en die roetruik van die gôkô-tsiehoe-tsiehou."

Onder die perskeboom in die kopdoekie-tuin in Soweto vertel Ma Polani vir Sara van die dae op die plaas toe klein Polani saam met haar ma Matêba na die wit huis gegaan het om by Sariétjie te speel. Sy vertel van die pop wat kon slaap en wat toe die naam vol slaap, Iemelaai, gekry het. En sy vertel ook van die hennetjie-met-kuikens wat Ouma Matêba gemaak het en wat Sariétjie gôkô-tsiehoe-tsiehou genoem het.

Maar toe die Sariétjie van die plaas af weggaan na die groot skool van die dorp en sy bly die hele week daar, toe sê sy: Polani, ek vat die gôkô-tsiehoe-tsiehou saam en as ek na jou en die plaas verlang, sal ek na hulle kyk. Dis my groot geluk hierdie gôkô-tsiehoe-tsiehou, Polani. So het sy gesê, Sara. Die Iemelaai, sy het die Iemelaai vergeet, maar sy hou die hennetjie en sy kuikens.

Dan, in die derde deel van die verhaal, loop die eerste en die tweede dele saam in die werklike herontmoeting van die twee ma's met hul dogtertjies. Ná baie jare vind hulle mekaar weer op 'n besige stadstraat waar die swart ma haar klei-hennetjie-met-kuikens aan verbygangers verkoop. Daar is nog één hennetjie-met-kuikens in die kisse oor en dié kry klein Sarie van Sariétjie passella.

Net soos elke groot kinderboek in die letterkunde, kan dié kinderboek ook op meer as één vlak vertolk word. Die kind het plesier aan die vertel van die storie omdat hy verstaan wat gebeur en omdat dit so mooi vertel word. Die grootmens se begrip en waardering gaan dieper. Hy besef dat die skryfster met hierdie verhaal iets wou sê. By die lees van 'n *Hennetjie met kuikens* word dit vir 'n mens duidelik dat die skryfster 'n waardige menslike verhouding tussen blankes en nie-blankes wou uitbeeld, dat sy wou wys op die waarde van opregtheid en natuurlikheid in menslike omgang en dat sy haar geloof in die blywende betekenis van die goeie wat 'n mens beleef, wou verwoord.

Die gesindheid van die kinders teenoor mekaar kom tot uiting in hul saamspeel, saam stout wees, saam groot word. Die liedjie wat Sariétjie onthou, is die liedjie wat Ma Matêba gesing het as sy mielies stamp in die stampblok:

Saa-saa-saa-riétjie,
jy's 'n rooi blom in my hart.
Saa-saa-saa-riétjie,
jy's 'n groot blom in my hart.

En Ma Polani vertel vir haar klein Sara:

Sariétjie is nou die groot vrou, soos ek. Sy het seker ook die man en die kind, soos ek. Maar sy is nog die rooi blom in my hart, daardie Sariétjie. Miskien praat sy ook, miskien sê sy: Waar is Polani van die plaas? Sy is nou die groot vrou, soos ek. Sy het seker ook die man en die kind, soos ek. Maar sy is nog die rooi blom in my hart, daardie Polani.

Die Iemelaai, die slaappop uit die winkel, word simbool van hardheid, onnatuurlikheid, wantroue.

As Ma Polani vir klein Sara vertel van die tannie Pop wat eenkeer op die plaas kom kuier het toe sy en Sariétjie saam kinders was, onthou sy dit só:

Toe praat sy met die wit kind, die Tannie Pop, sy praat sag met die mond, maar sy raas hard met die hart en met die oog en sy bêre haar oog soos die Iemelaai, bêre en haal uit en bêre en haal uit, so maak die Tannie Pop. Sy maak soos

die Iemelaai en sy lyk soos die Iemelaai. Daar-die dag maak ons ons harte leeg vir die Iemelaai en ons speel met die Sarra en die Tebbie wat Nô Sarra gemaak het, maar ons haal nie die Iemelaai uit die kas nie, ons vergeet die Iemelaai.

Ma Sariétjie vertel vir klein Sarie van die lewe en die mense op die plaas en dan sê sy:

Ai, dat 'n mens darem die mense en die dinge wat hy liefhet ook so kan kwytraak.

Hoe is kwytraak, Mamma? vra Sarie.

Kwytraak is sommer verloor, êrens laat wegval en nie weer kry nie, sê Mamma.

Nou't ons alles kwytraak, sê Sarie vir nuwe Polani.

Mamma staan 'n rukkie stil en kyk na die moederboom.

Weet jy wat, Sarie, sê sy, ek dink mos nou: Ek sal altyd vir Ma Matêba en Polani van die plaas lief wees en jy sal altyd so mooi die hennetjie-met-kuikens onthou, dan het ons hulle mos nie regtig kwytraak nie, al het ons hulle nie by ons nie, of hoe?

Die kunstenaar, Katrine Harries, het die tekening vir hierdie boek gemaak en van al haar fyn en keurige illustreerwerk meen ek dat hierdie tekeninge die hoogtepunt is. Die omslag van die boek met die sis-ontwerp was 'n geniale ingewing. Daar is soveel bekoorlike stemming, soveel humor en lewe in hierdie tekeninge dat 'n mens voortdurend nuwe vreugde daarin ontdek.

'n Goeie kinderboek behoort die kind se smaak te ontwikkel en behoort om daardie rede met sorg en liefde uitgegee te word. Tafelberg-Uitgewers wat hierdie kinderboek so mooi uitgegee het, verdien die dank en waardering van almal wat graag vir ons kinders die beste begeer.

'n Werklik goeie kinderboek is nie aan 'n ouderdomsgrens vas te pen nie. Wie kan met sekerheid sê vir watter ouderdomsgroep Mark Twain se *Huckleberry Finn* bedoel is? Of die *Sprokies van Andersen*? Of *Robinson Crusoe*?

Ek sou sê 'n mens kan 'n *Hennetjie met kuikens*

vir alle kinders wat al self kan lees, met vrymoedigheid voorlê. Vir ses-sewejarige sou dit seker met welslae kon voorgelees word.

En verder glo ek dat elke grootmens wat nog nie vergeet het hoe dit is om kind te wees nie, in

hierdie boek iets baie moois en kosbaars sal vind. *'n Hennesjietjie met kuikens* deur Alba Bouwer is deur Tafelberg-Uitgewers uitgegee.

(Audrey Blignault, SAUK, Afrikaanse Diens, *Vrouerubriek*, 28 Januarie 1972)

2.11 Linde, Christovira Frederika (12 Desember 1915–)

In 1974 word Freda Linde vir die tweede keer vereer met die toekenning van die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek wat in 1973 gepubliseer is. *Jos en Klos* is die boek wat aan haar hierdie prestasie besorg het. Volledige biografiese besonderhede oor Freda Linde word in paragraaf 1.5 verstrek.

☐ *Jos en Klos*

Jos het ons al uit die skryfster se vorige boeke leer ken as 'n plaasseun, 'n fyn waarnemer, met 'n besondere liefde vir diere. Klos, die spelerige hanslam met die lang stert, is baie na aan Jos se hart, maar ook net so onbruikbaar as wat 'n hanslam kon wees. Dit word vir Jos 'n groot probleem as sy peettante kom kuier en hy kry duidelike instruksies om Klos op lyn te hou.

Marjorie Wallace slaag daarin om die stemming en beweging van die illustrasies in harmonie met die genotvolle verhaaltjie te plaas.

(H.M. de B., *Libri Natales*, Desember 1973)

☐ *Loomdroomdae en moleste*

Soos ook in Freda Linde se ander kinderboeke vorm die verhouding tussen ruimte, mens en dier die stramien van *Jos en Klos*. Dié verhaal met sy episodiese bou handel oor die ervaring van Jos,

'n klein seuntjie en sy hanslam, Klos, op Oewerplaas. Alhoewel daar nie 'n sterk verhaallyn is nie, sal die kleuter en kleiner kind hom tog kan identifiseer met Jos wat die lewe van oomblik tot oom-



blik en van ervaring tot ervaring beleef. Die fokalisasie is op enkele gevalle na konsekwent vanuit die perspektief van 'n verteller wat empaties op kindervlak saam met Jos deur die verhaal beweeg. En saam met Klos kan ook die leser vir Jos op die voet deur die verhaal volg: stoppelland toe waar die ooie en lammers wei, "dam toe, hoenderhok toe, kraal toe, rivier toe" (p. 19). Jos verwyf sy dae met plaasbedrywighede soos hoenders en varke kosgee, in die stoppelland lê en ooie en hulle lammers dophou, sy ma en die kosgeure in die kombuis opsoek en veral deur met Klos te speel soos onder andere handeervoet saam met hom te "wei".

Voordat Klos aangekom het was Jos — sy pa, ma en Karolus, hulle plaashulp, uitgesonder — eintlik alleen. Sy ouers is wel liefdevol en simpatiek teenoor hom, maar nietemin gesagsfigure en Karolus is meer 'n terggee as 'n vriend. Daarom word Klos vir hom soos 'n speelmaat aan wie hy uiters geheg raak. Intussen word Jos ook nog goed voorberei op tant Myrtle se koms; hy word gewaarsku: "Jy sal jou beste voetjie moet voorsit ... vir tant Myrtle" (p. 35). Hy verduidelik later aan Klos dat dié tant Myrtle van Rhodesië nou wel sy groot tante is, maar dat hy wat Klos is ook 'n peetpa het — Karolus van die plaas, omdat laasgenoemde by was toe die hanslam uit 'n piering skoon reënwater "Klos Merino" gedoop is. Wanneer Klos op lyn moet staan sodat hy by voorbaat kan leer om hom te gedra wanneer tant Myrtle kom, speel Jos "nog meer met Klos sodat hy nie heeltyd hoof vas te staan nie" (p. 39) en belowe: "Ek sal jou altyd hier onder na die rivier toe bring. Met 'n kuiergas hoof ons niks te doen te hê nie" (p. 39). Van hierdie voorneme van Jos om die "skrik" van 'n tante te probeer vermy, het Klos natuurlik geen begrip gehad nie en laat hulle albei op die dakrand van die hoenderhok en sodoende ook later in die pekel beland as hy tant Myrtle stormloop. Die uiteindelijke ophef van die afstandelikhed tussen Jos en tant Myrtle is nie net daaraan toe te skryf dat Klos hulle albei ewe onsag behandel het nie, maar dat tant Myrtle uiteindelik geblyk het 'n baie innemende ou tante te wees. Die gesuggereerde uiteindelijke breek van die ys tussen Jos en tant Myrtle wanneer sy haar hand op sy skouer sit, is die finale bevestiging van die

besonder geslaagde karakterisering in hierdie verhaal.

Die belangrikste bindingsmiddel is die tydstruktuur. Die vertelde tyd duur vanaf die aankom van Klos en die ander lammers in April tot Oktober wanneer tant Myrtle kom kuier. Hierdie fokus op en uitreik na die toekoms verleen besondere prominensie aan tant Myrtle se koms, sodat Jos en Klos se hele samesyn later daardeur geraak word. Verskeie kere maak Jos se pa en ma melding van tant Myrtle se besoek sodat Jos by gedagte aan dié vooruitsig later ergelik teenoor Klos opmerk: "Ek is nou siek en sat vir dié tant Myrtle wat kom kuier in Oktober" (p. 37). Die verhaal verloop hoofsaaklik chronologies, maar behalwe vir genoemde vooruitskouinge in die tyd is daar ook in enkele gevalle sprake van tydspronge en 'n latere terugskou op dié spesifieke weggelate vertelde tyd. So is daar byvoorbeeld 'n tydsprong vanwaar Jos se pa op sy ma se versoek gaan vasstel waarom die hoenders so raas (sonder om dan te vertel presies hoe hy Jos van die hoenderhok se dak af gekry het) tot wanneer Jos later as terugskou aan tant Myrtle vertel hoe sy pa hom van die dakrand afgehelp het en hoe hulle vir Klos op lyn gaan sit het.

Heel terloops, sonder om meer verteltyd daaraan te bestee as aan andere gebeure rakende Klos, word vertel dat Jos vir Klos met die plathand voor die kop stamp. Op dié wyse word die uiteinde reeds vroeg in die verhaal gemotiveer. Hierdie suggestie word verder versterk deur Jos se ma se voor gevoel: "Ma sien moeilikheid ver aankom. 'Jos', sê sy, 'jy moenie Klos leer stamp nie!'" (p. 20). Tog word daar nie veel klem gelê op dié kopstampery van Klos nie, behalwe wanneer Klos vir Jos eenkeer met melkmer en al stamp dat Jos "op die mof se nek te lande kom" (p. 30). Die einde van die verhaal, wanneer Klos vir tant Myrtle van haar voete af stamp, kom dus glad nie as verrassing nie — die spanningslyn kom dan tot 'n hoogtepunt en Jos se vrees word bewaarheid. Die slotwoorde van die verhaal is egter tog verrassend in die opsig dat tant Myrtle se reaksie op die verwagte stamp wel onverwags is wanneer sy haar hand heel begrypend en vergewensgesind op Jos se skouer sit en sê: "Toe ek 'n kind was ... het ek ook 'n

hanslam gehad. Sý naam was Lokkie. Ek het hom ook geleer stamp' ” (p. 52).

Die verhaal is wel byna deurgaans vanuit kinderperspektief gefokaliseer, tog is daar enkele voorbeelde wat spreek van 'n volwassene se kyk. Al is daar 'n poging om die woord “vrugbaar” binne die konteks van die sin te verklaar, bly dit nog 'n vraag of kinders die betekenis van die woord wel sal begryp: “Die omgeknakte stoppels het 'n lekker vrugbare reuk soos klam strooi” (p. 6). Voorts is daar ook die vertederende neerkyk van die volwassene op die kind in die volgende geval: “Teen skemer, as die wind opkom, het die droë are geruis soos stemme wat suutjies praat: ‘Sê vir ons, sê vir ons ... sê vir ons ou seuntjie’ ” (p. 6).

Die gevalle van stylbreuk as gevolg van inkonsekwente fokalisasie word egter heeltemal verdwerg deur die besondere krediet wat die verhaal verdien ten opsigte van taalgebruik. Daar is byvoorbeeld die klankspel soos die veelvuldige gebruik van alliterasie wat aangenaam sal val op die kinderoor. Talle voorbeelde daarvan kom voor wanneer Jos die plantegroei van naderby in minussieuse besonderhede waarneem: “Hy kruip op sy hande en knieë in die gras rond en kou die sappige groen knikkertjies of soek kiesieblaarbessies. Maar as 'n ligte bries die geur van koekemakrank oor die lae bossies bring, spring hy sommer bo-oor Klos, so bly is hy.” (p. 25). Hoe fyner die besonderhede met betrekking tot die ruimte dus, hoe noukeuriger word ook die aandag aan die taal tot selfs in die kleinste elemente daarvan — die klank. Wat veral opvallend is in die verhaal (en dit sluit aan by die poging om vanuit kinderperspektief te

fokaliseer) is die sintuiglikheid met betrekking tot die taalgebruik. So word die ruimte byvoorbeeld sterk sintuiglik beleef en beskryf. Die gevoel en gesigsintuie: “Van toe af wei hulle in die stoppel-land, in die kamp, waar die sagte jong gras groen opslaai tussen die stoppels” (p. 4); die reuksintuig: “Die omgeknakte stoppels het 'n lekker vrugbare reuk soos klam strooi” (p. 6); die gesig- en smaaksintuie: “In die lente was hulle groen, met sappige melkerige are, smaaklik om aan te byt” (p. 6); die gehoorsintuig: “Teen skemer as die wind opkom, het die droë are geruis soos stemme wat suutjies praat” (p. 6); die gesigsintuig: “in Julie bly die bergpieke wit en soggens sit die ryp styf en wit en harig in die houthoop” (p. 26). Ook tydens hulle eerste ontmoeting word Jos se eerste indrukke van tant Myrtle deur middel van konkrete sintuiglikheid gebeeld — hy voel, sien, hoor en ruik haar: “sy soen hom op die wang. Sy het 'n vriendelike stem en grys hare wat blink, en sy ruik lekker, soos kruieblommietjies” (p. 48).

Ook die illustrasies deur Marjorie Wallace sal vir die kind 'n bron van plesier wees. Dit komplementeer die teks besonder goed en slaag daarin om die humor en emosionele geladenheid van die gebeure in die verhaal vas te vang.

Die geheelindruk is dat die verhaalgegewe en taalgebruik met deeglike inagneming van die kind wat met Jos sal identifiseer gekies is, en dat die verhaal dus baie goeie aanklank sal vind by die kleiner kind.

(Betsie van der Westhuizen,
Ongepubliseer)

2.12 Linde, Christovira Frederika (12 Desember 1915–)

Freda Linde slaag daarin om haar prestasie van die vorige jaar te herhaal toe sy in 1975 andermaal vereer word met die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek wat in 1974 gepubliseer is. Hierdie keer was dit *By die oog van die fontein; twee-en-sestig spreukryme* wat aan haar die toekenning besorg het. Volledige biografiese besonderhede oor Freda Linde word in paragraaf 1.5 verstrekk.

□ *Sjarmante spel*

Die klinkende titel is die begin van 'n klinkende skepping — 'n bietjie meer as sewentig Afrikaanse spreuke en segswyses word uitgebrei en saamgeflans tot twee-en-sestig spreukryme. In die rympies word idioom, aanpassing en uitbreiding sjarmante spel en vernuftige vonds.

Die aforistiese borduursels op 'n bekende basiese gegewe sal die kinders boei en amuseer. Hierdie soort spel het besonder baie waarde want daaruit kan die kind heelwat leer in verband met die dinamiese, kreatiewe omgang met die gewone, alledaagse Afrikaanse taalskat.

Geen ywerige en rymlustige kind sal Freda Linde haar voortreflikheid kan nadoen nie, maar die kennismaking met die idee van selfskepping gekombineer met die bekende sal vir die vindingryke en taalsensitiewe kind nuwe horisonne oopmaak.

Fred Mouton se tekeninge lyk sommer of hulle hoort by die sjarmant speelse gees van Freda Linde se besondere nuwe bydrae tot ons kinderlektuur.

(Anna Berg, *Beeld*,
23 Junie 1975)

□ Kinderrympies van 'n nuwe soort kom voor in Freda Linde se *By die oog van die fontein*. Hierdie bundel vir laerskoolkinders bevat twee-en-sestig "spreukryme", waarin 'n groot aantal Afrikaanse spreekwoorde en segswyses op rym gebring is. In veertien van dié ryme het Freda Linde meer as een spreekwoord byeengebring. Die tienreëlige storie-op-rym "Kok en koksmaat" bevat soveel as vier idiome. Waar enkelryme 'n paar idiome bevat, hou hul betekenis meestal nie verband met mekaar nie, bv.:

Besin eer jy begin
want as jou kop eers in
'n bynes is, dan help
dit min om te besin.

In enkele gevalle is die ingeslote idiome egter wel sinoniem:

Jan is dol verlief op Sannie,
maar Sannie sê: "Ons kan nie



nou al dink aan trou nie,
trou's nie perdekoop nie, Jannie
Eers die koutjie, dan die vROUTjie.

Die spreekwoorde kom meestal aan die einde van die ryme voor en "verklaring geskied deur middel van 'n voorafgaande verhaaltjie, soos in "Stertslag" en "Die prooi", of 'n denkkeeldige situasie, wat soms oorspronklik ingeklee is, bv.:

Die grotmens het dit al gedoen
as sy hout te klam was of te groen.
Net ingedraf en uitgedraf,
net dagsê en tot siens geblaf
en na sy grot teruggehaas
om sy vuurtjie aan te blaas.
In voorwêreldlike taal:
ek kom by jou 'n vonkie haal.

Na aanleiding van ses ryme waarin idiome heeltemal omskryf is, sal die kind waarskynlik op die presiese aard van die spreekwoord gewys moet word. Die verwerking van "deur skade en skande word mens wys" is bv. soos volg:

Skade sal jou geld bespaar,
skande bydra tot jou eer.
Weeg die wins op teen die swaar,
dit is hoe jy wysheid leer.

Meermale gee die titels van die ryme egter 'n aanduiding van watter idioome berym is. Agter in die bundel word 'n lys van die verwerkte spreekwoorde en segswyses verstrek. 'n Verskeidenheid van rymskemas word aangewend maar die skryfster gee die voorkeur aan die paarrym. Die baie voorbeelde van rykrym dui miskien op 'n sekere rymarmoede, en tog word soms 'n bepaalde effek daarmee bereik:

Erfgeld is swerfgeld
en spaargeld is swaargeld,
maar grootleef maak kleingeld
van erfgeld en spaargeld.

Drie ryme, waarvoor M.M. Walters (in sy Naskrif)

tereg waardering betuig, bedryf 'n sprankelende spel met die taal. Hulle is: "Na die omstandigheide", die hekelrym "Suur druiwe" en die liriese "Die land van Kokanje" met sy byblywende reëls:

Mammie, Mammie, Mammie,
waar is die Land van Kokanje,
in Kreta, Parys of Spanje?

Die knap tekeninge deur Fred Mouton is deurgaans lewendig en humoristies. Met behulp van *Die oog van die fontein* sal die onderwyseres die kind se idioomeskat op boeiende wyse kan uitbrei.

(Rialette Wiehahn, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, September 1975)

2.13 Rupert, Carolina Wilhelmina (7 Februarie 1934–)

Rona Rupert ontvang die C.P. Hoogenhout-toekenning in 1977 vir haar boek, *Wat maak jy, Hektor?* Volledige biografiese besonderhede oor Rona Rupert word in paragraaf 1.10 verstrek.

☐ Nuwe leesstof vir u kind

Die kind van vandag word dikwels blootgestel aan geweld, aan valsheid, aan oneerlikheid, want hierdie dinge neem 'n prominente plek in in kommunikasiemedie soos die pers, die rolprent en die beeldradio. Die aanslae wat so gemaak word, kan teengewerk word deur kerk en skool en ouerhuis. Dit is nie moontlik, en selfs ook nie wenslik nie, om hierdie media van die kind te probeer weghou nie, want as dit *met oorleg gebruik word*, kan dit 'n positiewe bydrae maak tot die ontwikkeling van die kind. Almal wat kinders in hulle sorg het, het dus 'n verpligting om toe te sien dat die kind die regte boeke lees, na die regte rolprente kyk en inskakel op die regte beeldradioprogramme.

'n Boek wat nuut op die mark is en wat 'n besondere boodskap dra, is *Wat maak jy, Hektor?* geskryf deur Rona Rupert. Die groot gebod, so leer die Nuwe Testament ons, is om die Here jou God lief te hê, en jou naaste soos jouself. Hierdie boek van Rona Rupert verkondig *naasteliefde*. Dit is die verhaal van 'n gebrekklike seun en van sy ouer broer. Hektor, die ouer broer, is knap met hamer en tang, en hy besluit om 'n kiskar te maak. Omdat almal hom spot en terg, sê hy nie wat hy van plan is om te maak nie. Terwyl sy gebrekklike broertjie nooit spot en terg nie, besluit Hektor om die kiskar vir hóm te maak. Dit moet klaar wees as sy broertjie van die hospitaal terugkeer. Hierdie besluit is uit liefde en deernis gebore, en dit maak sy taak lig. Hy gaan heeltemal op in hierdie

liefdesdiens. Die uiteinde is vreugde vir die gebreke-
like seun, maar groter vreugde vir Hektor want
dit is saliger om te gee as om te neem.

Dié skryfster het, met 'n besondere insig in die
kindergemoed en 'n buitengewone begrip van die
emosies van die kind, 'n oortuigende verhaal ge-
skep. Die handeling is eg-menslik. Die karakters
léwe. Die agtergrond waarteen die verhaal afspel,
is wêrelik. Die band van liefde tussen die twee
broers is die stukrag agter elke handeling. Dit al-
les gee die skryfster sonder om sentimenteel te
raak. Daar is 'n suiwerheid en eenvoud in die ver-
telling wat hierdie verhaal iets heel besonders
maak.

Kinders van agt tot tien jaar behoort hierdie ver-
haal te geniet. Dit is uitgegee deur Tafelberg-
Uitgewers. Diegene wat dit nie self wil aankoop
nie, sal dit sekerlik in enige kinderbiblioteek kan
vind, want dit is 'n werk van gehalte.

(C.A. Lohann, *Die Kerkblad*,
13 Julie 1977)

□ Hektor Darries is die hoofpersoon in Rona Ru-
pert se *Wat maak jy, Hektor?* Hy “dra van vroeg
Saterdagoggend af planke aan” (p. 1). Wat hy
daarmee wil maak, wil hy nie sê nie — nie vir sy
ma wat by die kliptafel wasgoed was, nie vir sy pa
wat sy fiets se pap agterwiel pomp, nie vir sy sus-
sie Poppie wat op haar ma se ou hoëhakskoene
aanstellerig voor hom kom staan, nie vir Anita,
Poppie se groot vriendin wat met 'n bottelkarton
vol koejawels by hulle huis aankom en ook nie vir
sy boetie Wellington nie. Maar Wellington vra an-
ders as die ander, versigtig: “Is die ding wat jy
maak, klein of groot?” En as Hektor antwoord:
“Dis vir my om te weet ... en vir jou om uit te vind,”
glimlag Hektor vir die eerste keer, dié Saterdag-
oggend. En dan belowe hy: “As jy van die hospi-
taal af terugkom, ... dan sal jy sien” (p. 11).

Hektor maak 'n kiskar, vir Wellington, wat
hospitaal toe moet gaan om sy been reguit te kry.
Om hierdie situasie draai die verhaal: om Hektor
se plankwarboel waarmee hy die warboel van ge-
dagtes en gevoelens oor sy boetie probeer verberg.

Wellington sal met sy gipsbeen in die kiskar kan
ry en dit sal so 'n deftige kiskar wees dat hy nie
eens sal agterkom hy bly op een plek staan nie.

En toe Wellington eindelijk weer tuis kom, is dit
net wat gebeur, want “Wellington se voet mag nie
ráák aan die grond nie, anders is alles verniet, hy
mag *glad* nie loop nie!”

'n Gelukkige drie weke en twee dae is Wellin-
gton tuis en toe kom die ambulans-kombi hom weer
haal. En daardie aand is die kiskar flenters, want
Adam het die “onderstel”, een van sy sleepwaen-
tjies, kom haal. Maar 'n paar dae later, toe Hek-
tor van die skool kom, sien hy Wellington onder
die bloekomboom stáán. Hy het nie meer 'n kis-
kar nodig nie, want as die gips af is, sal hy kan
hardloop ... met 'n motorwiel wat mens met die
pad kan afrol met 'n stok, of 'n draadkar.

Daarom dra Hektor Darries “die hele Dinsdag-
middag drade aan; selfs doringdraad (as dit nie
geroes is nie) is vir hom nie te onbelangrik nie”.
Maar hierdie keer kan hy by sy gewerskaf sing.
En so eindig die boek.

Die afgelope dekade of wat het sogenaamde
“probleem”-boeke in groot getalle hul verskyning
in die kinderliteratuur gemaak — in sommige lan-
de meer as in ander, en ook by ons. Hierdie “pro-
bleme” dek 'n wye veld: aangenome kinders, on-
getroude moeders, rassevraagstukke, verdowings-
middels, ekonomiese ongelykheid, gebreke-
like kinders, vertraagde kinders en so meer. Sou dit dalk
die kinderliteratuur se voorstelling van die skry-
wer se “betrokkenheid” wees? Hoe dit sy, byna
in al hierdie werke word die persone en die hele
“wêreld-in-die-werk” ondergeskik aan die “pro-
bleem”, sodat die boek as verhaal en as letterkun-
dige werk nie meer oortuig nie.

Wat maak jy, Hektor? is 'n opvallende uitson-
dering. Hier bly die mense hoofsaak. Die Darries-
gesin is waarskynlik Kleurlinge. Dit word nérens
vermeld en dit is nie eens uit die illustrasies dui-
delik nie, maar 'n mens kan dit moontlik aflei van
hul leefwyse wat uit klein besonderheidjies blyk:
pa Dawid gaan elke Saterdagoggend alleen met
sy fiets dorp toe; die blikbad aan die spyker teen
die muur; Hektor se verbintenis met “oom” Adam,
die tuinier; sy ma se kolestoof. Maar dit is nie ter
sake nie. Die tweede seun van hierdie gesin is ge-
breklik. En selfs dit is eintlik ook nie ter sake nie.
Dit gaan hier doodgewoon om mense met uiteen-
lopende persoonlikhede, wat soms plesier in me-

kaar se geselskap vind, wat mekaar soms irriteer, maar wat aan mekaar verbonde is deur 'n sterk samehorigheidsgevoel en 'n liefde vir mekaar as gesinslede. Wellington se operasie word net gebruik om hul persoonlikhede en onderlinge verhoudinge skerp te omlin. 'n Mens sou jou bv. goed kan voorstel dat almal op 'n soortgelyke wyse sou optree as bv. Poppie om die een of ander rede ongelukkig sou wees of van die huis moet weggaan.


Elke karakter is 'n individu wat op sy eie manier optree en sy innerlike gevoelens op sy eie manier moet verwerk.

Pa is selde tuis en speel 'n ondergeskikte rol, maar oor sy plek in die gesin is daar geen twyfel nie. Hy praat min, maar die kinders weet dat hulle moet luister. En as hy dorp toe ry, "groet Dawid Darries hulle, elkeen op die naam ..." (p. 7).

Ma praat en raas, maar dit dien as skerm vir wat sy regtig dink en voel. Poppie sê net wat sy dink. Sy is al een wat dit waag om te sê waaraan almal dink: "Is dit seer as 'n mens se been in gips is?" (p. 25). Hektor praat nie maklik nie; wanneer hy verleë raak gaan kruip hy weg "totdat hy weer soos Hektor voel" (p. 27), maar hy wêet wat binne in sy mense aangaan. Ma sê: "So het 'n mens nog altyd iets om voor dankbaar te wees — dink net hoe moet dit wees sonder 'n huis!" Hektor het geweet sy bedoel eintlik: 'Sonder Wellington is al erg genoeg.' " Wellington aanvaar die lewe soos dit is — en homself ook. Wanneer hy weer hospitaal toe moet gaan, is hy dan die enigste wat "met 'n glimlag tot siens waai" (p. 37). Die ander reageer soos hulle is. Hektor dink: "Daar's darem nog die kiskar," en dit laat hom beter voel. "Maar Poppie gee haar oor aan haar hartseer." En Ma raas: "Hou op! ... hy kom mos weer terug!" Maar haar stem klink ook anders (p. 37). "Niemand wil dit waag om te sê wat hulle die meeste van alles kwel nie: 'Wat gaan nou met Wellington se beentjie gebeur?' " (p. 38).

Deur hierdie teenstelling tussen uiterlike optrede en innerlike gewaarwordinge slaag die skryfster daarin om sterk emosies op 'n ingetoë en nugtere manier weer te gee.

Die persone irriteer mekaar soms ook. Reg aan die begin bv. roep Wellington na Hektor. " 'Ek kom!' is al wat hy sê. En hy dink: 'Moet álmal my



dan vandag uittart?' " (p. 4). Dan "stoot hy die onderdeur weg van hom af oop, harder as wat hy bedoel het. Wellington kantel toe die deur hom vang, maar hy huil nie" (p. 6). En vir Hektor en Poppie is dit soms nodig om vrede te maak, "sonder om daaroor te praat" (p. 24).

'n Opvallende kenmerk van die werk is die manier waarop die verbeeldingswêreld van die kind met groot respek bejeën en uitgebeeld word. Wellington met sy brilraam sonder glase, die aanstellerige Poppie wat in die reën 'n baaimus dra en daarmee stap "asof dit 'n swart sambreel is wat haar tot op haar voete droog hou" (p. 14), die lang, merkwaardige reis in die kiskar met die pap wiele, gebreekte waaierband en die kraan en tuinslang vir 'n vulstasie, en die gipsgesig aan Wellington se voet is vir die leser lagwekkend: "die wit gipskop van 'n mensding met groot rooi oë, en 'n bosiekop, en waar sy tande moet wees, sit Wellington se vyf pienk tone" (p. 31). Vir die karakters is dit egter dodelike erns. Vir Wellington word sy "Gorrelkop" van gips bv. 'n persoon, en hy praat gedurig van óns. En toe hulle Gorrelkop afsny, bly hy getroos: "En hy sê Gorrelkop lewe nog ... Hy sê hy woon nou in die gat onder die prop van die hospitaalbed waarin hulle hom af laat spoel het.

Daar dink hy die hele dag lank seepskuimborrels en wegloupwater” (p. 42).

Wat maak jy, Hektor? is ook ’n waardevolle bydrae tot die Afrikaanse kinderliteratuur.

Die kind se denke is in hoofsaak nog aan die konkrete geanker en dit is een van die redes waarom illustrasies in die kinderliteratuur ter sake is. Daarmee hang ook saam die algemene produksie van die boek, bv. die formaat, gehalte van die papier, die lettertipe en tipografie, wat alles deel van die visuele beeld vorm. Dit is natuurlik logies dat die visuele beeld by die atmosfeer en uitbeelding van die verhaal moet pas, dit moet interpreteer

en aanvul. Uit die aard van die saak moet daar by die keuse van die kunstenaar wat die boek illustreer, sorg gedra word dat hy die verlangde styl en siening het. Die illustreerder van die boek onder bespreking is ’n gelukkige keuse. In *Wat maak jy, Hektor?* is die illustrasies nugter en beeld hulle die nadenkendheid en versteekte emosies van die karakters wat met hul eie dinge besig is, goed uit.

Die boek is aantreklik uitgegee, hoewel die lettertipe groter kon gewees het.

(Lydia Pienaar, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, September 1977)

2.14 Linde, Christovira Frederika (12 Desember 1915–)

In 1978 ontvang Freda Linde die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die vierde keer. Hierdie toekenning is gemaak vir *Die kokkewiet en sy vrou* wat as die beste Afrikaanse kinderboek van 1977 aangewys is. Volledige biografiese besonderhede oor Freda Linde word in paragraaf 1.5 verstrek.

□ *Boek open nuwe wêreld vir kind*

So ’n mooi kinderboek soos *Die kokkewiet en sy vrou* het daar lanklaas verskyn. ’n Mens wil dit graag tipeer met woorde wat Freda Linde gebruik om die “trillende tweesang” van die kokkewiete in die verhaal te beskryf — “sonder vals noot of wanklank.”

Op Kleinplasia woon twee ou mense en in ’n rankplant in die tuin maak twee mak kokkewiete ’n nessie. Die groot vreugde in die twee ou mense se lewes is die gefluitroep van die kokkewiete in hul tuintjie. Martinus, die jong seun wat smiddae die melkkannetjie by die ou mense gaan haal, word al meer betrek by die kokkewietjubeling in die verwaarloosde tuintjie. Dan spuit die ou meneer op

advies van ’n familielid die rankplant vir insekte en die kokkewiete verdwyn. Die plant se blare val af en die spikkeleiertjie bly verlate lê.

Een van die kokkewiete, die mannetjie, kom later terug, sit op die wasgoeddraad en verdwyn dan weer. Martinus gaan soek die kokkewiete in ’n bos, maar kom net met ’n handvol kokkewietvere terug. Hy wys dit vir die ou meneer, maar op Ou Meneer se aandrang nie vir die tante nie. Baie van die lekker verdwyn uit sy besoekies op Kleinplasia. Totdat daar op ’n dag weer twee kokkewiete in ’n malvaplant kom nes maak. Die mannetjie herken Martinus en Ou Meneer dadelik. Maar die wyfie? Dit is Ou Meneer en Martinus se tweede geheim.

Die skryfster vertel die verhaal van die vriendskap tussen mens en mens, en mens en dier op

'n eenvoudige, sober manier. Sy neem die lesertjie, sonder dat hy dit agterkom, op 'n klein ontdekkingsstog. Afsien van die vroegtiener se gevoelige reaksies op dinge, leer hy ook die van ou meneer en die tante ken. Baie dinge word fyn gesuggereer en moet die lesertjie vir homself uitmaak. So word daar byvoorbeeld nêrens gesê hoe die wyfietjie aan haar einde gekom het nie, maar leidrade is daar wel.


(Hannie Schutte, *Die Transvaler*,
16 April 1977)

□ Die tekort aan boeke vir die ouderdomsgroep 8 tot 10 wat vir die kinderleser interessant is en terselfdertyd goeie letterkunde is, is 'n wêreldverskynsel. Daar is oor die hele wêreld net enkele skrywers wat hierdie soort kinderboek as letterkunde werklik met sukses kan hanteer — skrywers soos Elizabeth Coatsworth, Eleanor Farjeon en veral Rumer Godden. Dit was nog altyd vir my 'n interessante verskynsel dat die Afrikaanse letterkunde, wat op 'n betreklik klein taalgemeenskap moet steun en gevolglik oor net 'n handjievol skrywers beskik, tog na verhouding soveel goeie skrywers vir hierdie ouderdomsgroep het.

Freda Linde is een van die skrywers en het reeds 'n besondere bydrae op hierdie gebied gelewer.

Die verhaal in *Die kokkewiet en sy vrou* gaan oor Martinus, die enigste kind van sy ouers, wat op Onderplaas woon. Langsaan, op Kleinplasia, woon twee ou mense. Hulle is al te oud vir boerdery en behalwe mekaar het hulle net Martinus, wat graag daar kuier, en twee kokkewiete wat in die tuintjie boer.

“Die ou meneer en die tante hou daarvan dat 'n mens van die kokkewiete notisie neem. Hulle is trots op die twee voëls wat so mak is” (p. 10). Maar hulle is veel méér as net trots op hul mak voëls. Die twee kokkewiete gee hulle veel plesier, en veral die tante is skoon versot op hulle en half bygelowig oor die voëls. Martinus luister graag na hulle tweesang, bekijk hulle noukeurig, gesels met die ou mense oor hulle en teken hulle by die huis. So word die kokkewiete die middelpunt van dié drie mense se gelukkige lewens.



Maar op 'n dag spuit die oom die plant waarin die kokkewiete nes maak, en daardie aand kon hulle nie slaap nie. Die voëls is weg. En daarmee word alles anders.

“Dis nie meer lekker by die ou mense nie” (p. 47). Die ou oom gesels nie meer nie en die tante glimlag net gewoonte-glimlaggies, met strak oë. Martinus gaan in die veld na die voëls soek en op 'n dag kry hy 'n hele boel kokkewietvere in 'n kol waar die voël om sy lewe geworstel het. Toe hy dit vir die ou meneer wys, sê hy, amper met 'n kwaai stem: “Gooi dit weg, Martinus. Moenie dat die tante dit sien nie!” (p. 40). Martinus droom 'n nagmerrie oor sy ontdekking, maar hy sê niks vir die tante nie — ook nie toe die mannetjie-voël eers alleen terugkom nie. En ook nie toe die mannetjie op dag weer 'n maat het nie. Die tante dink dis die ou wyfietjie wat senuweeagtig geword het, maar Martinus weet dis 'n wilde voël — die mannetjie se tweede vrou.

“Daar is iets vir hom bederf, tussen hom en die tante. Die skaduwee van 'n geheim lê tussen hulle” (p. 52). Maar met die oom is dit anders: “hy weet hulle weet albei — dat hy die ou meneer se geheim nie sal verrai nie” (p. 54).

Met so 'n gegewe is dit maklik om sentimenteel te raak: die arme voëltjie wat dood is, die arme ou mense aan die einde van hulle lewe, wat feitlik niks meer oor het nie en ook nog hulle bron van vreugde verloor, die ou seuntjie wat nog 'n lig in hulle lewe is en vir wie hulle graag wil verwen. Maar nêrens is daar 'n sweem van sentimentaliteit nie — die bekoorlike verhaal word deurgaans sober en eenvoudig vertel.

Vir die kind, wat uiteraard geen letterkundige is nie, is die verhaal van primêre belang — die verhaalgegewe en die behandeling daarvan moet by sy geestelike ontwikkelingspeil pas, die “wêreld-in-die-werk” moet vanuit sy gesigspunt gesien word sodat die verhaal vir hom interessant kan wees. Dit moet ook as sodanig sin hê, d.w.s. sonder dat letterkundige integrasie, bybetekenisse, simboliek, en so meer, daarby betrek hoef te word. By die kinder- of jeugboek wat ook nog as literatuur waardevol is, word die dinge wat dit waardevolle literatuur maak, volkome deur die verhaal bedek, sonder dat eens 'n puntjie daarvan uitsteek. Freda Linde is by uitstek 'n skryfster wat só kan skryf.

Die kokkewiet en sy vrou is dan ook 'n verhaal wat net oënskynlik eenvoudig is. Onder die oppervlak lê 'n fyngeweefde literêre werk. Kyk byvoorbeeld hoe net één eienskap van Martinus dwarsdeur die boek voorkom. Reg aan die begin is hy op pad na die ou mense. Hy kyk na die lap-pie koring langs die huis. Dit lyk groener, en baie groener as 'n paar maande gelede. Toe was daar “net 'n liggroen skynsel asof iemand die land baie liggies met groen kryt ingekleur het” (p. 8). 'n Paar bladsye verder hoor ons: “Tuis teken Martinus [die kokkewiet] graag met waterverf of kryt” (p. 10). Dan weer: hy wil partymaal begin teken sodra hy sy oë oopmaak. Dis amper soos 'n siekte” (p. 15). Op p. 28 word vertel dat hy 'n tekening van die voëls gemaak het, en wanneer hy ná die vakansie tuis kom, pak hy sy nuwe tekeninge uit (p. 48). Dáárom is sy waarneming van die voëleiértjie, byvoorbeeld, doodnatuurlik en in die geheel geïntegreer:

“Dis groenerig blou, met die vlekies en spikkels dig opmekaar aan die breë kant, maar al hoe yler versprei na die punt toe” (p. 28). Die beskrywing van die groen koring is ook nog 'n byna onopsigtelike manier om tydsverloop aan te dui.

Geleidelik word die ou mense en Martinus vir die leser méns, en hul innige verhouding is só omdat dit, in die lig van hul persoonlikhede, nie anders kán wees nie. Teenoor die natuur en die kokkewiete het elkeen ook sy eie instelling, getrou aan sy persoonlikheid, die tante hou nie van onaangename dinge nie en sluit haar oë daarvoor, die ou meneer aanvaar die lewe nes dit is en put vreugde daaruit, maar probeer sy geliefde vrou beskerm, en Martinus het 'n deurdringende belangstelling wat nie rus voordat hy by die kern van die saak uitgekóm het nie.

Daar is 'n subtile humor in die boek. Byvoorbeeld, Martinus het by geleentheid gehoor hoe twee vroue ietwat bitsig praat oor sy ouers wat hom bederf en wat die ou mense “se enigste koei ingepalm het” (p. 16). En hierdie gesprek vind juis by die *sending*basaar plaas. Hierdie insident werp terselfdertyd meer lig op Martinus se karakter. Hy weet wat die ware toedrag van sake is; daarom het hy “anderpad gekyk asof hy nie hoor nie” en hy sê vir homself: “Gelukkig darem, van die ou meneer en die tante — hulle is baie liewe mense, wat nie met 'n mens lol nie” (p. 16).

Maar in wese is die verhaal 'n spel met teenstellinge. Die tante sien in die kokkewiete haar eie lewe met haar man. Daar is ooreenkomste, maar ook kontraste tussen dié twee pare. Soos die kokkewiete is hulle altyd bymekaar, aan mekaar verbind deur begrip en 'n innige verhouding. Die tante is “bygelowig” oor die voëls, sy wil hê dat alles moet bly soos dit nou is — selfs wanneer hulle praat van A.G. Visser se gedig oor 'n tuin met bokmakeries, “Rosa rosarum”, vir sy *tweede* vrou, wil sy dit nie onder die oë sien nie. Sy wil van 'n tweede vrou niks weet nie, nie eens vir die kokkewiet nie! Die ou meneer is anders — ter wille van haar speel hy saam, maar hy aanvaar ook die werklikheid. Hy weet dat die kokkewiet 'n tweede vrou het, sê selfs vir Martinus dat die voël baie het “om voor dankbaar te wees” (p. 54).

Die lewens van die twee pare word baie subtiel met mekaar verbind. Byvoorbeeld, die mannetjie maak meer lawaai as die wyfie en die oom kan lekker lag, byna luidrugtig, terwyl die tante net geluidloos glimlag. Selfs in 'n beskrywing van die ou mense word die verband gelê: “Vir [Martinus] en

seker ook vir die kokkewiete, lyk die ou mense wat daar op die stoepbank sit, kompleet soos twee ou voëls wat hul verkreukelde vere in die oggendson sit en warm maak ..." (p. 18).

Maar daar is ook verskille tussen die kokkewiete en die ou mense. Die kokkewiete lyk eenders, tree baie eenders op. Die ou mense lyk nie na mekaar nie. Hulle het uiteenlopende persoonlikhede — selfs in die manier waarop mense hulle aanspreek, word 'n verskil gemaak: die ou meneer en die tante. Die een kokkewiet kry 'n tweede vrou, daar is belofte van 'n nuwe lewe: "Daar sal binnekort weer eiertjies wees — in die nes in die heining" (nie meer in die rankplant soos die vorige nes nie). Ander eiertjies. En kuikentjies. Ook ander" (p. 52). Vir die ou mense is daardie dinge verby.

Daar is die teenstelling tussen die ouderdom en die jeug — in die persoon van Martinus — die kalmte en stilte in die natuur by die kokkewiete se doodspek, en die angsvolle spanning in die seun se nagmerrie oor dieselfde gebeure. Daar is die teenstelling in die verhoudinge tussen die ou mense, teenoor mekaar en met Martinus, tussen die kokkewiete, teenoor mekaar en teenoor die drie mense, elkeen op sy eie manier — voordat die kokkewiete uit die tuin padgee en daarná.

"Een verskriklike oomblik het alles verander" (p. 42). Aan die einde is niemand ongelukkig nie, maar alles is *anders*. Selfs in klein, oënskynlik onbeduidende besonderheidjies word hierdie spel met teenstelling gevolg — die ou meneer drink koffie en die tante tee.

Die kokkewiet en sy vrou is 'n kinderboek, maar ook letterkunde.

Die kind se denke is in hoofsaak nog aan die konkrete geanker en dit is een van die redes waarom illustrasies in die kinderliteratuur ter sake is. Daarmee hang ook saam die algemene produksie van die boek, bv. die formaat, gehalte van die papier, die lettertype en tipografie, wat alles deel van die visuele beeld vorm. Dit is natuurlik logies dat die visuele beeld by die atmosfeer en uitbeelding van die verhaal moet pas, dit moet interpreter en aanvul. Uit die aard van die saak moet daar by die keuse van die kunstenaar wat die boek illustreer, sorg gedra word dat hy die verlangde styl en siening het. Die illustreerder van die boek onder bespreking is 'n gelukkige keuse. Die mense sowel as die voëls in *Die kokkewiet en sy vrou* lewe, en die fyn lyne pas by die natuur en emosies, wat nooit bruusk word nie.

(Lydia Pienaar, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, September 1977)

2.15 Heese, Hester Maria (26 Oktober 1911 –)

Hester Heese ontvang in 1980 die C.P. Hoogenhout-toekenning vir haar boek *Sêra Madêra* wat as die beste Afrikaanse kinderboek van 1979 aangewys is. Volledige biografiese besonderhede oor Hester Heese word in paragraaf 1.6 verstrek.

□ *Ritme en rym in verhale en verse*

Sêra Madêra is Hester Heese se tweede bundel kinderverse. Die eerste was *Opsêgoed vir klein-goed* wat bygewerk is vir *Bokmakierie sing*.

Die byna dertig verse in *Sêra Madêra* is vir ongeveer 5-7-jariges. Hulle handel oor die onmiddellike wêreld van die kind: oor honger, 'n ouma, 'n ma, 'n baba, waterpokkies, 'n tortelduif, die voëlsang vroeg in die oggend, 'n reënboog, 'n drup-

pel water aan die koperkraan. Maar hierdie wêreld word nuut gemaak deur 'n frisheid van siening:

Die reënboog het nou net geval
uit die wye grysblou lug,
nou lê hy daar in onse dam
so kleurvol op sy rug.

(Uit: *Reënboog*)

En daar is ook plek vir fantasie:

My pa sê daar's snaakse gedoentes en diere
wat dwaal op die Eiland van Honderd Riviere:
bloupers nosters en vaalpensdrosters,
rooi-oog-malrusse en wilde kalmusse.

(Uit: *Honderd Riviere*)

Dit is hierdie oorspronklikheid, tesame met die fyn oor vir klank en ritme en die insig in die kinderwêreld wat aan hierdie verse hulle bekoring gee.

Die tekeninge deur Ann Walton beeld enersyds die uitbundigheid, maar andersyds ook die dromerige ingetoënheid en die innige menseverhouding in die verse baie goed uit.

(Lydia Pienaar, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Maart 1981)

□ As 'n mens 'n kind in die huis het, is dit een van die groot vreugdes van die oggend, die middag of die aand om saam met daardie kind versies te lees. Ek het nog nooit 'n kind teëgekom wat nie van versies hou nie. 'n Kind het 'n natuurlike aanvoeling vir poësie. Hy het behae in ritme en rym, hy verlustig hom in herhaling en in lekkersê-woorde, en die spel van die verbeelding in 'n goeie vers is vir hom 'n opwindende ervaring. Graag beveel ek by luisteraars 'n pragtige boek aan met versies vir kinders deur die bekende skryfster Hester Heese. Die boek het 'n lekker titel: *Sêra Madêra*. Hester Heese het dié kinderverse aan al haar kleinkinders opgedra. Gelukkige kleinkinders om 'n ouma te hê wat sulke lekker galopversies skryf. Maar nou is ons almal se kleinkinders darem ook gelukkig dat die boek met



die versies vir ons ook beskikbaar is. *Sêra Madêra* is 'n heerlike boek vir die Kerstyd en die vakansietyd.

Sêra Madêra

Sêra Madêra
gee vir my brood;
ek's honger, Sêra Madêra.

Ek gee net brood,
liewe Janneman,
vir iemand wat baie mooi vra.

Sêra Madêra,
asseblief,
my Sêra;
gee vir my brood,
my Sêra Madêra.

Natuurlik sal ek gee,
liewe Janneman,
vir iemand wat só mooi vra.
Daar's brood in die broodblik
en eiers in die pan.
Sê nou: dankie, my Sêra Madêra.

Die versies sluit almal by die kind se ervaringswêreld aan: die mense wat die naaste aan hom is: sy ma, sy ouma, die baba, sy pa: die natuur wat hy ken: die klokgrassie wat sing as die wind oor hom gaan, die tortelduif, die kriel en die arend, die jantatarat, die kokkewiet, die vink en die duif, die slak en die olifant. Daar is verse oor die groot wonders wat die kind beleef: die reënboog, die sterre, herfsblare in herfswind, 'n blinkoog druppel aan die kraan en 'n blinkoog mossie wat die druppel sluk.

Ek kan nie wag om saam met my eie kleinseun, Andries, die lieflike, tongkrul vers *Honderd Riviere* te lees nie. Vir 'n kind wat van woorde hou, is so 'n vers mos toe-oog-lekker.

Honderd Riviere

My pa sê daar's snaakse gedoentes en diere
wat dwaal op die eiland van Honderd Riviere;
bloupers nosters en vaalpensdrosters,
rooi-oog-malrusse en wilde kalmusse.

Skoenlappers maak hul reënboogdraaie
en sterre loop in skitterpaaie;
die maan hang altyd vol en heel,
rivierkliprond en eiergeel.

Die eiland se blomme is die mooiste mooi
en hul kleure is rooier as rooi;
dis 'n wonderlike plek by Honderd Riviere
met sy nosters en drosters en vriendlike diere.

Hester Heese het die vermoë om in haar verse 'n wonderlike stemming te skep:

Op Oupa se plaas

Witte laken,
lappieskombes,
warm diep bultak
blaker met kers.

Uil roep op die skoorsteen,
windpomp die raas;
vannag droom ek my weg
op Oupa se plaas.

Dié skryfster het fyn begrip vir 'n kind se fantasie. Lees nou net die volgende versie vir 'n sesjarige en kyk hoe die oë blink:

Droom

Die vis groei in ons moerbeiboom
en wors swem in ons waterstroom.
Die reier met sy lang slangnek
trek mooitjies vir my skewebek,
en in my bed lê vetstertskaap
en snork soos sogvark in haar slaap.
Die hotnotsgot sê baie vroom:
Kinders mag maar nonsens droom.

Die illustrasies in hierdie boek is fyn en suggestief en sluit baie mooi by die versies aan. Die kunstenaar Ann Walton dra werklik by tot die geheelindruk van 'n allerfraaiste boek.

Sêra Madêra is 'n uitmuntende boek vir seuns en dogters van ses, sewe tot nege, tien. Dis 'n heerlike presentboek en vir kinders wat graag voordra is daar baie mooi versies wat hulle vir dié doel kan kies.

(Audrey Blignault, SAUK, Afrikaanse Diens, *Vrouerubriek*, 14 Desember 1979)

2.16 Bouwer, Albertha Magdalena (16 Maart 1920–)

Met *Vlieg, swaeltjie, vlieg ver* slaag Alba Bouwer daarin om vir 'n derde keer bekroon te word met die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek en dit vir boeke wat gepubliseer is in die twee jaar 1982–1983. Volledige biografiese besonderhede oor Alba Bouwer word in paragraaf 2.4 verstrekk.

- Twee streepkop-swaeltjies vlieg heen en weer en op en af oor die dakke en bome van die dorp se huise. Saans slaap hulle tussen ander voëls in die takke van die groot bloekombome langs die dorp. Bedags duik en swaai en duik en swaai hulle oor die dakke en tuine van die dorp. Elke dag soek hulle, soek hulle na 'n mooi plek vir 'n ronde nes met 'n lang tuit wat hulle wil bou sodat die vroujie haar eiertjies kan lê ...
(p. 5).

Met hierdie aanvangsparagraaf begin die klein dramatie wat hom by die huis van Faantjie en Hannatjie, Ma en Pa afspeel. Die swaeltjies besluit dan ook dat die dakke bokant Faantjie-hulle se voordeur 'n gawe plekkie is vir 'n nes en nie baie lank nie, of Mevrouw Swaeltjie broei op haar eiertjies.

Ongelukkig breek die nesses en die eerste broei- sel kleintjies val dood neer op die grond. Faantjie is só ontsteld dat hy sommer begin rusie maak met Hannatjie. Die swaeltjies begin egter dadelik weer om hul nesses te herstel sodat hulle kan broei “voordat dit te koud word om Anderland toe te vlieg ...” (p. 19). Daardie aand bid Faantjie: Lie- we Jesus, moenie dat die swaeltjies weer uitval nie, wat! Ons wil so graag sien hoe lyk hulle. Amen.”

Liewe Jesus het egter ander plannetjies met Faantjie en die swaeltjies en toe die nesses vir 'n tweede keer breek, vlieg Meneer en Mevrouw Swaeltjie maar sonder hulle kroos Anderland toe en laat die drie verwese kleintjies (wat die val da- rem hierdie keer oorleef het) in die sorg van Faan- tjie en sy ma agter.

Hierdie jeugverhaal is nie net die verhaal van drie wees-swaelkindertjies wat deur mense groot- gemaak is nie; dit is veral die verhaal van Faan- tjie wat — deur hierdie nuwe verantwoordelikheid wat hom opgelê is — leer om meer van homself te gee. Hy leer ook dat mens se gebede nie altyd beantwoord word soos mens gedink het dit moet beantwoord word nie. Die swaarste ding wat Faan- tjie leer, is dat daar in die lewe iets soos afskeid bestaan. Toe die eerste swaeltjie sterk genoeg is en wegvlieg, vra Faantjie: “Hy sal terugkom ... hy sal terugkom, nè Ma?” (p. 49).

Met dieselfde deernis en insig in die leefwêreld van 'n kind as wat in haar *Stories van Rivierplaas*, *Stories van Ruyswyck*, *Katrientjie van Keerwe- der* na vore kom, skrywe Alba Bouwer hierdie ver-



haal oor swaeltjievoëltjies en swaeltjekindertjies. Sy “kleur” die boek met die sang van die voëls; die janfrederik skree: “Biétjie-bietjie! Biétjie-bietjie!” en duifie kla aanhoudend: “Sit bietjie syn- toe! Sit bietjie syntoe!”

Sy “kleur” ook haar boek met Ma se verduide- likings aan haar seun met sy onuitputlike bron van vrae:

‘Ma’ sê Faantjie, ‘hoe lank is ’n jaar? Hoe lank is ’n jaar nou, Ma?’

“’n Jaar’, sê Ma, ‘’n jaar is nou so lank soos een halwe somer, een herfs, een winter, een lente en nog een halwe somer. So lank is ’n jaar.’

‘En ’n halwe jaar? Hoe lank is dit, Ma?’

‘So lank soos die swaeltjies se kom en die swael- tjies se gaan,’ sê Ma.

(p. 6 en 7).

Elsabé Steenberg skrywe in haar resensie oor hier- die boekie (*Beeld*, 12 September 1983) dat die skryfster deurgaans “gevoelige kindgerigte taal ge- bruik. Sy verwys o.m. na vergelykings wat uit die kinderervaring kom, soos ’n seun wat Faantjie sien ry, “weg soos ’n wildewind” (p. 6). Faantjie se voor-

kop kry “'n slootjie soos 'n solderappeltjie wat uitdroog” (p. 23); die twee groot swaels sit stil “soos twee opwenpoppe op 'n rak” (p. 29).

Hierdie pragtig versorgde boek — waarvoor Alba Bouwer met die M.E.R.-prys bekroon is — met gepaste swart-en-wit illustrasies deur Alida Bothma, sal vir menige ma en kaalvoeter ure van leesgenot verskaf.

(Susan Kruger, *Die Suidwester*,
2 Maart 1984)

□ 'n Verrykende en eerlike werk

Dis 'n vreugde om ná twaalf jaar weer 'n kinderboek van Alba Bouwer in die hand te kan neem; een wat boonop 'n pragtige voorkoms het omdat dit deur Alida Bothma van fyn, stemmingsvolle potloodtekeninge voorsien is.

Dis die eerste keer dat voëls 'n rol speel in 'n verhaal van dié skryfster. Van swaels, wat skering en inslag van die werk vorm, openbaar sy 'n deeglike kennis wat as onlosmaaklike deel van die gegewe aan die leser deurgegee word.

Ander voëls speel 'n begeleidende rol en hulle klanknabootsende geluide word deur die boek herhaal: 'n duifie kla “Sit bietjie syntoe!” en 'n janfrederik skree “Bietjie-bietjie!”. Die hele werk word in die sleutel van beweging geskryf. Daar is die beweging van die swaeltjies wat vlieg: “Hulle seil ... uit, swaai hoog op in die lug, duik 'n keer laag ... en vlieg toe weer met 'n wye draai die lug in” (p. 28).

Op variërende wyse word dié kragtige vliegwoorde dikwels herhaal. Ewe belangrik, en ook baie herhaal, is die beweging van die swaels se koppe as hulle gedurig “heen en weer en heen en weer kyk” (p. 27); anders sit hulle “knik-kop, knik-kop” (p. 27).

Dis onvermydelik dat die boek sal eindig met woorde wat op beweging dui en ook met die titel skakel: “Vlieg, swaeltjies, vlieg ver! ... Vlieg vinig, vlieg ver, vlieg tog gou weer terug!” (p. 64).

Gevoelige kindgerigte taal word deurgaans gebruik. Daar is vergelykings wat uit die kinderervaring kom, soos 'n seun wat Faantjie op sy fiets sien ry, “weg soos 'n wildewind” (p. 6). Faantjie

se voorkop kry “'n slootjie soos 'n solderappeltjie wat uitdroog” (p. 23); die twee groot swaels sit stil “soos twee opwenpoppe op 'n rak” (p. 29).

Mooie is 'n vergelyking wat geïnspireer word deur Ma se verduideliking dat swaels nie sing nie omdat vlieg vir hulle alles is: “ons swaeltjies vlieg al net so mooi soos 'n liedjie” (p. 48).

Woordvondste word gebruik wat die kind nie ken nie, maar wat in die konteks heerlik verstaanbaar is. Die sterkste swaalkuikentjies is volgens Ma 'n “regte ou hoof-pesaaier” (p. 52); die volkswoord “kentag” word 'n paar keer baie aanvaarbaar gebruik om 'n negatiewe of moedswillige gevoel te omskryf.

Werklik moeilike woorde soos “molesteer”, word opsetlik ingevoeg om begripsvermoë uit te brei; dis weer binne die omgewing waarin dit staan, heel verstaanbaar en word grappig deur Hannatjie verdraai tot “mōresteel” (p. 13).

Oorspronklike samevoegings kom voor, byvoorbeeld “roer-nes”, “kuikens-sonder-ma-of-pa”, “veertjiesag”. Voorts is veral die Kleurlingbedien des Eva en Nelie-Oupa se taal lewendig en sappig, soos Eva wat kla oor die nes wat “aanmekander staad en afdiewel” (p. 27). Maar ook die kinders en veral hul ma besig 'n lekker dialoog wat nie gemiddeld en vervelig op die oor val nie.

Die tyd waarin die verhaal afspeel, is die hede — 'n byna tydlose hede met die klem op seisoensbeleving. Faantjie “voel die somer en hy ruik die geelperskes” (p. 7); boonop word somer ook gekoppel aan beweging: 'n veertjie “warrel” oor die stoep. Die herfs bring ander bewegings: dié van blare wat van die witstinkhoutboom af “dwarrel”.

Winter bring weer visuele indrukke, soos “swart spinnekop-prentjies teen die wit muur” (p. 8). Faantjie verstaan dat 'n halwe jaar so lank is “soos die swaeltjies se kom en die swaeltjies se gaan” (p. 7). Die werk speel af van die somer as die swaeltjies kleintjies grootmaak tot die herfs wanneer die trekvoëls weggaan.

As ruimte word 'n dorp gebruik, maar eintlik val die fokus net op “'n huis met 'n tuin vol hoë bome en baie voëltjies” (p. 5). 'n Groter ruimte word wel gesuggereer deur Pa wat van die werk af kom, die verwysing na Houtbaai waar Ma met 'n voëlkenner gesels en die feit dat die swaels voor die winter na “Anderland” toe vlieg.

Faantjie word van buite en binne waargeneem deur die verteller wat steeds baie naby hom bly. Hy word gebeeld deur wat hy sintuiglik beleef, deur sy gedagtes, ervarings, handeling en dialoog. Die enigste aanduiding van sy ouderdom is dat hy oor 'n jaar skool toe gaan. Sy groot ideaal is om 'n fiets te besit — die beweging daarvan skakel met dié van die swaels.

'n Innerlike beweging word by hom aan die gang gesit: eers bid hy dat lieue Jesus moet keer dat die swaels se tweede nes ook breek, later verloor hy vertroue Boontoe en besluit om “niks, niks weer” (p. 33) te vra nie. Ma lei hom tot beter begrip omtrent God wat “ander planne” het as wat die mens verstaan. Dié groei na insig gaan ook gepaard met die ontwikkeling na insig dat 'n mens dit wat jy liefhet, tog uiteindelik moet loslaat.

Nie net Ma nie, maar ook Nelie-Oupa tree op as mentor wat hom lei tot die besef: “'n iets wat dwars in jou hart kom lê het ... bly maar daar, dis nou gesweer. Jy sil dit ammelewe daar hê, hy is joune en hy blý joune” (p. 62).

lets van 'n ouer se pyn as sy kinders ook eendelik moet weggaan, begin Faantjie aan die hand van Ma se uitleg verstaan — sy noem hulle nie verniet “swaeltjies” nie. Dié beweging-na-begrip word pragtig gehanteer, sonder moralisering.

'n Klein motief wat verder hiermee saamhang, is dat Faantjie aanvanklik nie verstaan hoekom 'n kweper vir Ma “soos groot verlang” (p. 8) ruik nie. Aan die slot weet hy dit wél.

Tog word die beweging ook verder voortgesit: “een van die dae ruik die kombuis na pampoenkoek en kaneel en dan kom die somer en saam met die somer die swaeltjies” (p. 64). Die grootste gang van die lewe, die oorwinning van wat goed is, word bevestig.

Enige mens wat dié werkies lees, ongeag sy ouderdom, sal verryk word deur die eerlike, taalgevoelige verhaal van swaeltjies én mense wat universeel seil, duik en swaai.

(Elsabé Steenberg, *Die Burger*,
15 September 1983)

2.17 Tafelberg-Uitgewers

Anders as wat tot dusver die geval was waar die C.P. Hoogenhout-toekenning aan persone gemaak is, is die toekenning in 1986 die eerste keer aan 'n uitgewer gemaak. Die uitgewer wat die eer te beurt geval het, was Tafelberg-Uitgewers vir die publikasie *Goue lint, my storie begint*.

Die motivering hiervoor lui soos volg: “Aangesien hier nie 'n enkele outeur is nie, maar 'n hele verskeidenheid, behoort die medalje aan Tafelberg-Uitgewers oorhandig te word wat in werklikheid ál die inisiatief geneem het om die bundel tot stand te bring. Dié uitgewers was nie maar net die uitge-



Mnr. Danie van Niekerk ontvang namens Tafelberg-Uitgewers die C.P. Hoogenhout-toekenning van mev. Rudolph, Burgemeestersvrou van Johannesburg.

(Fotograaf: Liz Groves)

wers nie maar die werklike skeppers van die boek. Tafelberg-Uitgewers verdien hoë lof vir die inisiatief om hierdie boek saam te stel, vir die gebalanseerde inhoud en ook vir die puik fisiese versorging."

Hoewel Tafelberg-Uitgewers hierdie toekenning ontvang het op grond van hierdie enkele publikasie, is dit nietemin opvallend hoeveel van die bekroonde boeke oor die jare heen juis deur Tafelberg-Uitgewers uitgegee is. Al was dit dan nie die bedoeling met die toekenning om erkenning aan Tafelberg-Uitgewers te verleen vir sy bydrae tot die bevordering van die goeie Afrikaanse kleuter-, kinder- en jeugboek nie, is dit nietemin gepas dat hierdie uitgewery vandag sy plek inneem in die ry van bekroondes.

□ 'n Ryk oes aan stories vir jonges

Hierdie pragbundel voorsien in 'n groot behoefte: dit bring kort stories en gediggies byeen om ure se leesplezier te verskaf. Primêr is dit wel bedoel om voorgelees te word aan kleuters — ma's en kleuterskooljuffrouens sal dit ewe gretig ter hand neem — maar leesgierige kinders tot sowat agt sal self gelukkige tye met die boek deurbring.

In afsonderlike afdelings word elke keer eers 'n paar gediggies gedruk en dan stories gegee. Die gediggies is meestal ou bekendes en geliefdes; die bydraes van G. Sutherland is weliswaar nie na my wete vroeër gepubliseer nie en ongelyk wat gehalte betref, maar hulle doen ook ouderwets aan.

Tradisionele verhale, gepas oorvertel of vertaal by die sprokies, volksverhale en van die dierestories, word aangevul deur oorspronklike bydraes onder fantasie- en realistiese verhale.

E. Kotze se Boetie Jan-stories onder laasgenoemde afdeling doen veral gevoelig aan wat begrip vir en insig in die jong seuntjie se wêreld betref. By eersgenoemde afdeling was dit darem nie nodig om Langenhoven se stokou moraliserende verhaaltjie *Dirkie mens en snytjie brood* weer nader te sleep nie.

Vir my die heel mooiste storie in die bundel is die Kerslegende *Daardie oggend* van Hester Heese waarmee die bundel afsluit. Die sagte stemming en die sober, suiwer trant gryp 'n leser aan.

Illustrasies deur Alida Bothma voltooi die fees wat die bundel waarlik is. Elke afdeling word ingelui deur illustrasies van Jan Vermeiren wat *O togga! 'n gogga* van Philip de Vos (van wie ook stuitige gediggies opgeneem is) geïllustreer het. 'n



Mens wonder waarom dié illustreerder nie ook pertinent erkenning kry vir sy bydrae nie?

Dis verblydend dat die *begint* van die titel opvolgbundels in die vooruitsig stel. Sulke mooi versorgde boeke met 'n ryk oes aan veral stories kan nie sterk genoeg aanbeveel word nie.

(Elsabé Steenberg, *Beeld*,
15 April 1985)

□ *Goue lint my storie begint* — so lees die titel van die allerlekkerste versameling voorleesstories en versies wat onlangs by Tafelberg verskyn het.

Met so 'n klankryke titel, en 'n glansbuiteblad met kleurrike simbole uit die kinderwêreld, is dit

'n boek wat 'n mens met die eerste oogopslag moeilik kan weerstaan. Te meer nog wanneer jy ontdek dat dit 'n hele fees van stories is, waarmee jy jou voorskoolse- of effens ouer kind, aande lank kan vermaak.

Benewens splinternuwe Afrikaanse stories deur Hester Heese, W.O. Kühne en E. Kotze, en 'n aantal inheemse volksverhale, word immergroen klassieke soos *Rooikappie*, *Repelsteeltjie*, *Aspoestertjie* en *Gouelokkies* vernuftig oorvertel deur Alba Bouwer en Linda Rode. Maar die plesierigste hiervan, is sekerlik Philip de Vos se interpretasie van *Jan en die boontjierank*. Die guitige manier waarop hy hierdie bekende storie sy eie maak, en 'n amper Afrikaanse atmosfeer en karakter daaraan gee — deur die tannie met haar koeksisters en boontjiebredie, en die reus met sy rympe: "Luister

hoe my boepens dreun; ek is lus vir 'n boereseun; vet of maer of slim of dom — boetie, ek is reg vir hom!" — had my eie knapie laat kriel en skater van lekkerkry.

Vir sy prys is *Goue lint my storie begint* uitstekende waarde — as't ware 'n biblioteek in een band. Daar is 50 verhale, 'n magdom pragtige volkleur-illustrasies en 'n stywe handvol versies, verdeel in ses hoofafdelings wat elk 'n boek op sy eie kon wees.

Die inhoud van die boek is met soveel sorg en insig bymekaar gebring, dat selfs die fantasie en die vreemde daarin vir die Afrikaanse kind verstaanbaar is, en aansluit by die dinge in sy eie wêreld, wat hy ken en verstaan.

(Sybelle Albrecht, *Die Vaderland*,
13 Mei 1985)

Hoofstuk

DRIE



Die Scheepers-
prys vir
Jeuglektuur

3.1 Die ontstaan van die Scheepers-prys vir Jeuglektuur

Die instelling van die Scheepers-prys vir Jeuglektuur is moontlik gemaak deur 'n skenking van mnr. F.L. Scheepers en sy eggenote. Mnr. Scheepers het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in die middel vyftigerjare genader met die versoek om 'n prys vir jeuglektuur in te stel aangesien daar op daardie tydstip geen sodanige prys bestaan het nie. In 1956 is 'n bedrag aan die Akademie geskenk waarvan die rente gebruik sal word vir die bevordering van hoogstaande Afrikaanse jeuglektuur vir die rypere jeug.

Die volgende bepalings vir die toekenning van die prys is deur die Akademie neergelê:

1. Die prys staan bekend as die *Scheepers-prys vir Jeuglektuur*.
2. Die prys bestaan uit bedrag van ± R100, jaarliks beskikbaar gestel en geadministreer deur die Akademie.
3. 'n Akademieskomitee, benoem deur die Akademieraad, beveel die skrywer of skryfster aan wat die beste jeuglektuur, geskik vir jongmense tussen twaalf en agtien jaar, lewer. Die aanbeveling moet die vorm van 'n gemotiveerde verslag aanneem.
4. Hierdie werk moet van 'n goeie letterkundige en/of opvoedkundige gehalte getuig en die boek moet staan in die teken van egte Afrikanerkerktrekkenskappe en nasietrots, hoewel dit nie 'n bindende vereiste is nie.
5. Indien in 'n besondere jaar daar geen boek verskyn wat die genoemde vereistes van genoemde komitee bevredig nie, word geen prys toegeken nie en die rente word gevolglik by die kapitaal gevoeg.
6. Ingeval die werk van twee of meer skrywers of skryfsters, of van skrywer en skryfster, van gelyke waarde bevind mag word, sal die rente of dividende onder sulke gelykwaardige skrywers eweredig verdeel word.
7. Dieselfde skrywer of skryfster mag die prys meer as een keer ontvang mits sy/haar werk dit regverdig.
8. Vir 1956, 1957, 1958, 1959 en 1960 word daar vir elke jaar afsonderlik, een boek of skrywer aangewys deur die Akademieskomitee, gekies uit die Afrikaanse letterkunde vanaf die tydperk van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging (± 1900). Daarna word net die oes van elke kalenderjaar in aanmerking geneem en kom slegs een werk in aanmerking.
9. Alle finale besluite in verband met bekroning berus by die Raad en die Raad behou die reg om die procedure van toekenning te verander soos dit hom wenslik lyk.

Na die dood van die egpaar 'n aantal jare later is die Scheepers-prysfonds aangevul met 'n verdere skenking deur hulle kinders, mev. S. Cuyler van Johannesburg en mnr. J.A. Scheepers van Pretoria. Tot 1974 is die prys jaarliks toegeken, maar daarna slegs elke drie jaar. Die prysgeld beloop tans ongeveer R250.

Die volgende toekennings is sedert die instelling van die Scheepers-prys gemaak:

- 1956 Schoeman, P.J. *Drie jong jagters*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1935. *Fanie se veldskooldae*. Johannesburg: Voortrekkerpers, 1948. *Fanie word grootwildjagter*. Johannesburg: Voortrekkerpers, 1950. *"Uitspring kêrels!"* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1951.

- 1957 Kühn, C.H. *Die ruiter in die nag*. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1936. *Kaptein Gereke*. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1937. *Boerseun*. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1943. *Die jongste ruiter*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1954. *Lente*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1953. *Die Kleingeld-korrando*. Pretoria: Van Schaik, 1956.
- 1958 De Klerk, W.A. *Die vallei van die rooi gode*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1945. *Agtien man en 'n meisiekind*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1956. *Die skarlaken eskadriel*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1942. *Die gésel van Namaland*. Johannesburg: APB, 1954. *Poens*. Johannesburg: APB, 1957.
- 1959 Bouwer, Alba. *Stories van Rivierplaas*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1955. *Nuwe stories van Rivierplaas*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1956.
- 1960 De Kock, S.S. Al haar jeugboeke.
- 1961 Rothmann, M.E. *Die tweeling trek saam*. Kaapstad: Tafelberg, 1960.
- 1962 Du Plessis, I.D. Al sy jeugboeke.
- 1963 Nortjé, P.H. *Pennie se vuur*. Kaapstad: Tafelberg, 1959. *Die groen ghoen*. Kaapstad: Tafelberg, 1960.
- 1964 Joubert, G.J. *Oupa Landman se viool*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1951.
- 1965 Bouwer, Alba. *Katrentjie van Keerweder*. Kaapstad: Tafelberg, 1961. *Stories van Bergplaas*. Kaapstad: Tafelberg, 1963. *Stories van Ruyswyck*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1963.
- 1966 Vermaas, H.J. Al sy jeugboeke.
- 1967 Schoeman, P.J. Al sy jeugboeke sedert 1957 en veral *Kampvure wat nie uitbrand nie*. Johannesburg: Voortrekkerpers, 1966.
- 1968 Louw, Anna M. *Die voortreflike familie Smit*. Kaapstad: Tafelberg, 1962.
- 1969 Venter, Ben. *Waterbobbejaan: 'n legende uit die bosveld van Marico*. Johannesburg: Voortrekkerpers, 1968.
- 1970 Kielblock, Karl. *Rebel*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1969.
- 1971 Van Reenen, Rykie. *Heldin uit die vreemde; die verhaal van Emily Hobhouse*. Kaapstad: Tafelberg, 1970.
- 1972 Rothmann, Anna. *Klaasneus-hulle*. Kaapstad: Tafelberg, 1964.
- 1973 Geen toekenning nie.
- 1974 Linde, Freda. *Die singende gras*. Kaapstad: Tafelberg, 1973.
- 1975–1977 Rabie, Jan. *Die seeboek van die Sonderkossers*. Kaapstad: Tafelberg, 1975.
- 1978–1980 Rupert, Rona. *Wegloopwinter*. Kaapstad: Tafelberg, 1978. *Woorde is soos wors*. Kaapstad: Tafelberg, 1979.
- 1981–1983 Linde, Freda. *'n Tuiste vir Bitis*. Kaapstad: Tafelberg, 1980.
- 1984–1986 Van Niekerk, Dolf. *Die haasvanger*. Kaapstad: Tafelberg, 1985.

Bronne geraadpleeg

1. *Die Akademie-pryse, 1909–1974* (plus bylae Akademiepryse, 1975–1980) Pretoria: Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1974.
2. Lohann, C.A. *Die bekroonde kinderboek en die aanvaarding daarvan deur die kind, met spesiale verwysing na Suid-Afrika*. DPhil-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir CHO, 1972.

3. Lohann, C.A. Kinderboektoekennings. *Skoolbiblioteek*, 10(2): 35; Desember 1978.
4. Lohann, Carl. *Kinderlektuur*. Pretoria: HAUM, 1986.
5. Skenker van die Scheepers-prys. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Nuusbrief*, 5(4): 7–11; September 1967.

3.2 Scheepers, Frederick Lucas (2 Maart 1890– 3 Augustus 1967)

Die skenker van die Scheepers-prys vir Jeuglektuur, Frederick Lucas Scheepers, is op 2 Maart 1890 in die distrik Alexandria in die Oos-Kaap gebore. Sy vader het 'n gemengde boerdery bedryf wat ingesluit het mielies, beeste en volstruise. Soos dit dikwels in daardie jare gebeur het, het Fred Scheepers sy skoolloopbaan eers op negejarige ouderdom begin. Die taalmedium in die onderwys was uiteraard Engels en het vir hom as Afrikaanssprekende kind net soos vir sy ander Afrikaanssprekende maats, dikwels vir probleme gesorg. Waar sodanige probleme soms aanleiding gee tot verzet teen en weersin in die aanleer en gebruik van Engels, het dit in sy geval gelei tot 'n begeerte om Engels so gou moontlik te bemeester. Die gevolg was dat hy veral in openbare plekke hoofsaaklik Engels gepraat het.

Vir sy hoërskoolopleiding gaan hy na die Jongenskool te Franschhoek waarna hy sy studies voortsit aan die Universiteit Rhodes te Grahamstad waar hy sy BA-graad behaal. Vervolgens gaan hy na die Normaalkollege, Kaapstad, om hom as onderwyser te bekwaam.

Hy begin sy loopbaan as onderwyser te Sterkstroom in die Kaapprovinsie. Die daaropvolgende jaar aanvaar hy 'n pos te Ventersdorp, Transvaal, waar hy skoolhou tot aan die einde van 1916. Vanaf die begin van 1917 is hy hoof van die Elandskuilse Laerskool, ongeveer sewe kilometer vanaf Ventersdorp, geleë op die familieplaas van die Yssels. Met sy om-en-by die 160 leerlinge was hierdie skool destyds die tweede grootste plaasskool in Transvaal. In daardie jare was die st. 6-eksamen 'n openbare eksamen wat toelating tot die hoërskool verleen het. In 1917 rig hy 'n versoek tot die Direkteur van Onderwys dat die leerlinge toegelaat word om Afrikaans in die eksamen te gebruik in plaas van Nederlands. Hierdie versoek word aanvanklik geweier maar na verdere vertoë word dit wel toegestaan. Sodoende word dit die eerste skool in Suid-Afrika wat Afrikaans as voertaal gebruik het. Sy versoek om Afrikaans as voertaal te gebruik gaan egter terug na die vorige jaar toe hy as sekretaris van die Ventersdorpse tak van die VVOOZA, later die Transvaalse Onderwysersvereniging, voorgestel het dat Afrikaans die voertaal van die Vereniging sal wees en wat toe ook deur die hoofbestuur aanvaar is.



(Foto: Hepburn & Jeanes, Grahamstad)

Die Tweede Vryheidsoorlog en alles wat daarmee saamgegaan het, het egter nie ongemerk by hom as Kolonialer en as Afrikaanssprekende plaasseun verbygegaan nie. Die heldhaftigheid en onverskrokkenheid van die Boere en hulle generaals en ander leiers het 'n groot indruk op hom gemaak. 'n Sterk gevoel van nasie- en taaltrots is hieruit gebore. Dit het dan ook later jare die innerlike dryfveer geword wat tot die totstandkoming van die Scheepers-prys gelei het.

Sy liefde vir sy moedertaal, Afrikaans, dring hom ook om in 1922 by die Universiteit van Suid-Afrika aansoek te doen om Afrikaans in plaas van Nederlands as voertaal te mag gebruik. Sy aansoek word toegestaan en sodoende word hy in daardie jaar die eerste MA-student in Suid-Afrika wat Afrikaans as voertaal gebruik.

Fred L. Scheepers was 'n man wat op verskeie terreine waardevolle bydraes gelewer het. Vir 'n tydperk van 30 jaar vanaf 1920 tot 1950, was hy onderwyser aan die Hoërskool Gimnasium, Potchefstroom. Hier was hy dan ook jare lank voorsitter van die plaaslike Kunsvereniging, lid van die Stadsraad en later ook burgemeester van Potchefstroom. In sy jeugjare het hy aan verskeie sportsoorte deelgeneem soos rugby, swem, atletiek en tennis. Vanaf 1920 tot 1929 is hy lid van die Wes-Transvaalse rugbyspan. Sy belangstelling en liefde vir sport lei daartoe dat hy by die organisasie daarvan betrokke raak en so dien hy later ook lank as voorsitter van die Wes-Transvaalse Hoërskole-atletiekbond asook van die Wes-Transvaalse Atletiek- en Fietsrybond.

Na sy aftrede aan die einde van 1950 hou hy in 'n tydelike hoedanigheid skool eers te Carletonville en vanaf 1953 tot 1961 te Parktown Boys High School in Johannesburg. Hier het hy die tuig finaal neergelê en het hy en sy eggenote hulle gevestig te Boknesstrand, Alexandria. Net soos hyself was sy eggenote, mej. Sara Elizabeth Bakkes met wie hy op 2 Julie 1918 getroud is, 'n Oos-Kaaplander van geboorte. Sy was afkomstig van die plaas Klipfontein in die omgewing van Paterson. Uit hierdie huwelik is 'n seun en 'n dogter gebore. Fred Scheepers is op 3 Augustus 1967 oorlede en sy eggenote twee jaar later. Beide is op Alexandria begrawe.

Fred L. Scheepers was 'n veelsydige mens en in die Scheepers-prys sal sy nagedagtenis bly voortleef.

Bronne geraadpleeg

1. *Die Akademie-pryse, 1909–1974* (plus bylae Akademiepryse, 1975–1980) Pretoria: Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1974.
2. Lohann, C.A. *Die bekroonde kinderboek en die aanvaarding daarvan deur die kind, met spesiale verwysing na Suid-Afrika*. DPhil -proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir CHO, 1972.
3. Lohann, C.A. Kinderboektoekennings. *Skoolbiblioteek*, 10(2): 35; Desember 1978.
4. Skenker van die Scheepers-prys. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Nuusbrief*, 5(4): 7–11; September 1967.

3.3 Schoeman, Pieter Johannes (20 September 1904 – 5 Julie 1988)



Die bekende skrywer P.J. Schoeman is op 20 September 1904 as Pieter Lafras Uys Schoeman in die distrik Utrecht in Natal gebore. Sy oupa was generaal Stefanus Schoeman wat 'n tyd lank waarnemende president van die Suid-Afrikaanse Republiek was. As die tweede jongste seun van 'n groot gesin van nege seuns en vier dogters, bring hy sy vroeë kinderjare deur op die familieplaas St. Helena, geleë aan die Drakensberg naby Utrecht. Naas hierdie plaas het sy pa ook 'n bees- en jagplaas in die omgewing van Nongomo in Zoeloland gehad. Gedurende die wintermaande het die gesin op hierdie plaas gewoon. Dit het die jong Pieter in staat gestel om Zoeloe so goed te leer praat soos die Zoeloes self.

Aan 'n klein plaasskooltjie op die familieplaas ontvang Pieter Schoeman saam met sy broers en susters sy eerste onderwys. Dit was moeilike jare en die boerdery was nie 'n sukses nie. Op dertienjarige ouderdom verkoop sy pa die familieplaas. Sy pleegmoeder en kleindogter van die Voortrekkerleier Andries Hendrik Potgieter, wat getroud was met ds. Jan Stoffberg van Belfast, besluit toe om hom aan te neem aangesien sy geen kinders van haar eie gehad het nie. Sy laat toe ook sy naam na Pieter Johannes verander om haar eie pa te vernoem. Na twee jaar slaag hy standerd vyf in Belfast. Met die verhuising van ds. Stoffberg na die Abraham Kriel-tehuis te Langlaagte, Johannesburg, sit Pieter daarna sy skoolloopbaan aan die Hoërskool Helpmekaar voort. Aan die einde van 1925 matrikuleer hy hier aan die toe nog enigste Afrikaanse hoërskool in Johannesburg.

Vanweë finansiële redes kon Pieter Schoeman nie sy studies dadelik na matriek voortsit nie. Daarby kon hy as 'n plaasseun in sy hart, hom nie in die groot stad tuis voel nie. Die gevolg was dat hy hom vir die volgende twee jaar op sy broer Martiens se plaas in die distrik Wakkerstroom bevind. Met behulp van lenings studeer hy vanaf die begin van 1928 aan die Universiteit van Stellenbosch waar hy aan die einde van 1930 sy BA-graad met Bantoetale en Volkekunde as hoofvakke met lof behaal. Tydens sy studentejare skryf hy artikels vir *Die Huisgenoot* wat hom in staat stel om self ook 'n bydrae te maak tot sy studiegelde. Hierdie artikels is later saamgevat in sy eerste boek, *Die swerwerjager*. Aan die einde van 1931 behaal hy sy MA-graad in Volkekunde ook met lof. Op grond hiervan verwerf hy 'n beurs wat hom in staat sou stel om vir die volgende drie jaar voltyds vir sy doktorsgraad te studeer. Deur hard te werk slaag hy daarin om sy doktorsgraad na twee jaar te kon behaal. Dit het dit vir hom moontlik gemaak om vir 'n jaar aan die London School of Economics in Engeland te gaan studeer. Tydens die koue, mistige winter van 1934 in die verre Londen verlang hy so terug na Zoeloland waar hy as kind saam met sy familie die wintermaande deurgebring het, dat hy *Drie jong jagers* in vyf weke klaar skryf.

Die depressie tydens die dertigerjare het meegebring dat dr. P.J. Schoeman op dertigjarige ouderdom met sy tuiskoms aan die einde van 1934, geen werk kon kry nie. Hy is intussen getroud met Betsie Bosman van Mooirivier. Hulle woon tydelik by haar ouers op die plaas waar hy voltyds skryf. In die middel van 1935 kry hy werk as joernalis by *Die Vaderland*, 'n half-weeklikse koerant in Pretoria. Die verskuiwing van *Die Vaderland* aan die begin van 1936 as dagblad na Johannesburg het Schoeman in 'n moeilike posisie geplaas. Hy het geen begeerte gehad om na Johannesburg te verhuis nie. Sy herinneringe aan sy hoërskooljare in Johannesburg tien jaar tevore was waarskynlik die rede hiervoor. Gelukkig ontvang hy in hierdie tyd 'n aanbod van die Universiteit van Stellenbosch om vanaf die begin van 1936 die pos van senior lektor in Volkekunde te beklee. Teen die einde van 1938 word hy bevorder tot professor en hoof van die Departement Volkekunde-Bantoetale.

Aan die einde van 1946 lê prof. Schoeman die tuig aan die Universiteit van Stellenbosch neer. Hy vestig hom op Stilbaai waar hy hom voltyds aan sy skryfwerk wy. Vir vier jaar hou hy hom hiermee besig. Met die uittrede aan die einde van 1950 van die bekende skrywer Sangiro as hoofwildbewaarder van Suidwes-Afrika, bied die Administrateur van Suidwes-Afrika hierdie pos aan P.J. Schoeman aan. Hy het hierdie pos dan ook tot aan die einde van 1955 beklee.

In die loop van 1957 vestig P.J. Schoeman hom weer op Stellenbosch. Vanaf daardie tyd wy hy hom voltyds aan sy skryfwerk tot met sy afsterwe op 5 Julie 1988.

Dit was P.J. Schoeman nie beskore om 'n seun te hê nie, alleen maar twee dogters. Sy jongste dogter het gelukkig drie seuntjies gehad waarvan die jongste wat slegs agtien maande oud was toe sy in 1974 oorlede is, daarna by sy oupa en oma gewoon het.

P.J. Schoeman se kinderjare en jeugervaring in Noord-Natal in die Zoeloelandse bosveld, tesame met sy verblyf in Suidwes-Afrika in die vyftigerjare, het aan hom 'n haas oneindige skat van kennis besorg. Sy persoonlike belewenis van die skoonheid van die natuur het hom in staat gestel om jeuglektuur van hoë gehalte te skep. Hy was dan ook die eerste skrywer wat deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns bekroon is en wel in 1956 met die Scheepers-prys vir Jeuglektuur op grond van sy vier jeugverhale, *Drie jong jagters*, *Fanie word grootwildjagter*, *Fanie se veldskool-dae* en *"Uitspring kêrels!"* In 1967 het hierdie eer hom weer te beurt geval toe hy die prys ontvang het vir al sy jeugverhale sedert 1957 met spesiale vermelding van *Kampvure wat nie uitbrand nie*. In 1982 het hy die eerste wenner van die Perskor-prys vir Jeuglektuur vir 1982 geword. Sy boek *Jabulies, my eerste hond*, was een van negentien oorspronklike jeugwerke wat tussen Januarie 1980 en Desember 1981 by Perskor verskyn en om die prys meegeding het.

Schoeman se voortreflike jag- en diereverhale het hom besonder geliefd gemaak in die Afrikaanse letterkunde. Van sy boeke is dan ook dikwels in skole voorgeskryf vir die bestudering van die Afrikaanse letterkunde. Dit is haas onnodig om te sê dat verskeie van sy boeke al herhaaldelik herdruk moes word.

Die volgende boeke is onder andere deur P.J. Schoeman geskryf:

Die swerwerjagter. Kaapstad: Nasionale Pers, 1933.

Drie jong jagters. Kaapstad: Nasionale Pers, 1935.

Die jagterprins en ander jagverhale. Pretoria: Van Schaik, 1935.

Sonogies, die Swazi-prinsessie. Johannesburg: Voortrekkerpers, 1938.

Mboza, die Swazi, en ander verhale. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1939.

Op die groot spore. Kaapstad: Nasionale Pers, 1942.

Op die klein spoortjies. Kaapstad: Nasionale Pers, 1944.

- Fanie se veldskooldae.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1948.
- Waar motors nie kan kom nie.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1948.
- Rook op die horison.* Johannesburg: APB, 1949.
- Op ver paaie.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1949.
- Fanie word grootwildjagter.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1950.
- Jagters van die woestynland.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1951.
- "Uitspring, kêrels!"* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1951.
- Waar ver winde waai.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1957.
- Jagters op die groot spore.* Kaapstad: Via Afrika, 1958.
- "Inspring, kêrels!"* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1960.
- Fanie se vuurdoop.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1960.
- Terug op ver paaie.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1962.
- Nobiyane die Zoeloeminnaar.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1963.
- Trados die swerwer-Boesman.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1963.
- Vulindaba.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1964.
- Jetwa — die buffelbul.* Johannesburg: APB, 1965.
- Katjieland.* Johannesburg: APB, 1965.
- Dronkie by die kabouters en feetjies.* Johannesburg: APB, 1965.
- Dronkie maak kinders groot.* Johannesburg: APB, 1966.
- Kampvuur wat nie uitbrand nie.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1966.
- Uit die dagboek van 'n wildbewaarder.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1967.
- Van jagter tot wildliefhebber.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1969.
- Jabula die Zoeloe.* Johannesburg: Perskor, 1972.
- Geliefde ou Afrika-vriende I.* Johannesburg: Perskor, 1975.
- Geliefde ou Afrika-vriende II.* Johannesburg: Perskor, 1976.
- Pampata, die beminde van koning Tsjaka.* Johannesburg: Perskor, 1978.
- Spore wat nie toewaai nie.* Johannesburg: Perskor, 1979.
- Jabulies, my eerste hond.* Johannesburg: Perskor, 1981.

Bronne geraadpleeg

1. Albrecht, Sybelle. P.J. Schoeman het nooit opgehou droom. *Die Vaderland*, 3 Maart 1982.
2. Lategan, F.V. *Skrywers in woord en beeld: P.J. Schoeman.* Johannesburg: Perskor, 1979.
3. Nienaber, P.J. *Perspektief en profiel.* Johannesburg: Perskor, 1982.
4. Op 75 is P.J. Schoeman steeds 'n baie besondere man. *Hoofstad*, 21 November 1979.
5. Perskor-prys vir Jeuglektuur aan P.J. Schoeman. *Tempo*, 9(26): 9; 1982.
6. Veldkind spreek nog tot jeug. *Die Transvaler*, 12 Julie 1982.

□ *Fanie se veldskooldae*

Ons het hier die verhaal van 'n jong boerseun, Fanie, in die oorgangsperiode van sy lewe. Hy is in baie opsigte nog 'n ware kind met die naïewe kindermentaliteit, maar dan weer die ontlukende jongeling wat voor talle vrae te staan kom, wat smag na onafhanklikheid en dan weer verskeurd staan weens kwellende onsekerheid. Hy voel die heerlike aandoeninge, maar ook pynlike verskeurdheid veroorsaak deur tipiese kalwerliefde, veral wanneer die natuurlike beskeidenheid en skamerigheid van die egte boerseun onrus en verleentheid veroorsaak. Telkens word hy met seunsagtige aandurwingsvermoë of impulsiewe lewenslus voortgedryf om die manlike daad aan te pak, maar ewe dikwels vind hy dat sy planne in die war gestuur word deur eie onhandigheid, onervarenheid of selfs kinderlike skamerigheid. Hy is dus die tipiese jong held, maar nie die ideale, jong held van so baie avontuurverhale nie — eerder die jong seun wat die heerlike planne van sy vrugbare verbeelding wil uitwerk, en dan met egte kinderverdriet en -smart moet sien hoe alles verkeerd loop. Hierdie wisselende stemminge van die kindergemoed word pragtig deur die skrywer uitgebeeld. Die komiese grootdoenery van die seun, die patos van kindergeleed en -teleurstelling, die naïwiteit van kindertrots en die spontane opborreling van jeugdige emosies laat die verhaal vir ons leef.

Verder laat die skrywer ons saamleef met hierdie jong seun en saam met hom ervaar ons die bekoring van die wildernis, die vriendskap, vaderlike vermaninge en lewenswysheid van die egte, stamvaste ou Swazi's en die kinderlike bewondering vir die jong voortvarende Swazi-helde wat die verbeelding aanvuur. Hier en daar voel ons wel 'n bietjie onseker of ons in Fanie 'n blote kind moet sien, en of hy alreeds 'n ontlukende jongeling is, maar ook dit hoef nie te hinderlik te wees nie, aangesien die veldlewe by die jong seun 'n mate van onafhanklikheid en manlikheid aankweek wat soms verrassend is.

Dit is 'n seunsverhaal wat met groot vrymoedigheid aanbeveel kan word.

(T.J. Heyns, *Ons Eie Boek*, Desember 1948)

□ *Drie jong jagters*

Kinderklassiek

Om saam te val met P.J. Schoeman se sestigste verjaardag het Nasionale Boekhandel 'n nuwe uitgawe van sy bekende jeugboek *Drie jong jagters* die lig laat sien. Hierdie boek, wat die eerste keer in 1936 verskyn en sedertdien 21 herdrukke beleef het, is een van die min werklike kinderklasieke in Afrikaans.

Baie van die elemente van Schoeman se later werke is hier reeds aanwesig: die dromerseun, die ou Bantoe-jagterfilosoof, die liefde vir die natuur, die jagtogte, om van die vernaamste te noem. Maar hier is dit meer beheersd en maak dit 'n fris indruk, in teenstelling met van sy ander.

Schoeman toon hier 'n besondere begrip vir die wêreld van die kind. Al is die een wat hy hier voorstel, dié van vyftig jaar gelede en meer, sal dit spreek tot elke jong leser. Sy drie hoofkarakters, die drie broers, het ook elkeen 'n baie duidelik omlynde persoonlikheid.

Met die herlees van die boek ná jare het dit soms 'n effens ouderwetse indruk gemaak, ook vanweë die taal, veral die oordrewe gebruik van verkleinwoorde. Miskien moes die uitgewer die skrywer gevra het om die manuskrip weer heeltemal deur te werk sodat dit ook vir die nuwe geslag heeltemal aanvaarbaar kan wees.

(B. de K., *Die Burger*,
22 September 1965)

□ *"Uitspring, kêrels!"*

Op 'n dag het oom Fanie aan sy seuns gesê dat hulle by "'n klomp uitdraaipaaie" gekom het; dat hulle hul koppe bymekaar moet sit, want die plaas is te klein vir nege seuns en dat die seuns moet "uitspring en ... betyds moet uitspring." Vir oom Fanie se seuns, met nog pure murg in die pype, was hierdie opdrag nie 'n aaklige bevel nie, maar 'n blye uitdaging om op eie bene te staan. Die gereedmaking, die afskeid, die trek word met groot lewensblyheid aanvaar en die nuwe, ongerepte tuiste met trots in besit geneem. Die manlikheid



in die seuns onderdruk die hartseer wat soms brand om die agtergeblewe nooientjies en die troosvolle aandwind bring die boodskap dat hulle op nuwe braakland staan, waar “ons drome werklikheid gaan word.”

Schoeman teken hierdie oom Fanie se gesin met eerbied. In hierdie huis word die Boeregebruike nog in hoë aansien gehou, die Bybel neem 'n ereplek in en die kind-ouer-verhouding word op 'n hoë peil gestel. Op oom Fanie se plaas mag daar op 'n Sondag nie eers geskree word nie. Die gesonde meisie-seun-verhouding is pragtig ingevleg in die verhaal.

Van oom Fanie leer die seuns ook wat die verhouding tussen die blanke en die nie-blanke moet wees. Wedersydse respek en eerbied is die grondslag van hierdie verhouding. Die seuns moet die wette teenoor die werkvolk ken en nooit van “n kaffer” praat nie.

“*Uitspring, kêrels!*” is geskryf in Schoeman se versorgde taal en sy rake segging wat aandoen soos “botter op my groenmielie”. Omdat die skrywer so 'n fyn kenner van die Bantoe en sy taal is, vind ons ook in hierdie verhaal telkens die manier om iets op egte Bantoe-wyse te stel: “n mens moet eers klein klippies in die water gooi (sodat) die ou groot krokodil nie met 'n brul wakkerskrik nie”.

“*Uitspring, kêrels!*” is 'n verhaal vir diegene wat nog hou van dit wat suiwer en eg is.

(Resensent en bron onbekend)

□ *Fanie word grootwildjagter*

Hierdie boek is as jeugverhaal bedoel en tog sal hy deur ander lesers ook geniet word. Vir die jeug is daar die jag- en liefdesverhaal. Albei hierdie dra-de is dun, maar die romantiese en fantasieryke dele sal die belangstelling daarin gaande hou. Die boodskappe wat algaande beklemtoon word, sal ook inslaan. Dit staan o.a. in verband met die samewerking van die blanke rasse by ons en die liefde vir ons dier- en boomwêreld. Telkens verras die skrywer ons met epigrammatiese uitsprake. Daarin kom die skrywer se lewenswysheid uit.

Per slot van sake het ons in die boek meer met die Zoeloes as met die jag te doen en hier het die skrywer, dank volkekundige kennis, die kans gekry om 'n paar verteenwoordigers van hulle ras te laat leef. As individu verskil hulle baie van mekaar en hulle bots ook dikwels. Dit bied die skrywer die geleentheid om hulle van verskillende kante te laat sien en dit doen hy besonder goed. In hulle omslagtige, beeldryke taal, met hulle bewonderenswaardige veldkennis, leef hulle voor ons en 'n egte Zoeloe-atmosfeer word gesuggereer.

Meer kompaktheid sou die verhaal ten goede gekom het. As gevolg van die gerektetheit is daar by die gevoelige leser op 'n hele paar plekke 'n daling in sy belangstelling. Die te romantiese dele en die losseregte bou van die werk sal hom minder hinder. Ons kry volop afwisseling met fyn geestige dele.

(M.S.B. Kritzing, *Ons Eie Boek*, XVII(1); 1951)

3.4 Kühn, Christoffel Hermanus (8 Oktober 1903–17 April 1968)


Die gevierde Afrikaanse skrywer C.H. Kühn is veel meer bekend onder sy skrywersnaam Mikro. Hy is op 8 Oktober 1903 op Van Reenensplaas in die distrik Williston, in die Kareeberge, gebore. Hier op Van Reenensplaas het hy die eerste nege jaar van sy lewe deurgebring. Hy was die jongste seun van vier en tweede jongste van 'n huisgesin van sewe. In daardie Karoowêreld het hy vroeg in sy lewe bewus geword van geboorte, lewe en dood. Van droogtes en van reën. Sy skoolopleiding ontvang hy eers op die plaas, toe op Williston, daarna vanaf Januarie 1918 op Robertson en later op Carnarvon waar hy aan die einde van 1922 matrikuleer. Dit was juis op Carnarvon waar die Nederlandse onderwyser, J.D.A. Crafford, sy belangstelling in letterkunde gewek het.

Na sy opleiding sit Mikro sy studies aan die Universiteit van Stellenbosch voort. Hier studeer hy vier jaar lank vir sy BSc (Landbou)-graad. Dit was dan ook hier waar hy die naam Mikro gekry het. Volgens sy weduwee het hy eendag laat by die biologie-klas opgedaag. As verskoning het hy aangevoer dat hy nie sy mikrovlooi kon kry nie. Die klas het uitgebars van die lag as gevolg waarvan die professor hom uit die klas gejaag het. Die mikrovlooi het Mikro geword.

Nadat hy sy graad aan die einde van 1927 behaal het, het hy in 1928 vir die eerste ses maande aan 'n eenmanskooltjie met sewe kinders te Vaalhoek, distrik Williston onderwys gegee waarna hy aan die middelbare skool te Kuilsrivier begin skoolhou. In 1930 moes hy kinders afrig vir 'n konsert en toe kom die gedagte by hom op om 'n toneelstuk te skryf. Hierdie eerste poging van hom, met die titel *Diplomaties*, word nog in dieselfde jaar gepubliseer. In 1932 kry hy langverlof teen halfsalaris wat hom in staat stel om sy onderwysdiploma aan die Universiteit van Kaapstad te voltooi.

In 1930 begin hy om verhale vir *Die Huisgenoot* te skryf. Eers was dit *Rou rieme* wat later opgevolg is deur *Toiings* in die vorm van kortverhale. Tydens sy verblyf in Kuilsrivier was Mikro aktief betrokke by die kultuurbedrywighede van die gemeenskap. Hy was self die stigter van die toneelvereniging en het dikwels die toneelstukke geskryf wat hulle opgevoer het. Mikro het intussen gevorder tot hoof van die middelbare skool De Kuilen in Kuilsrivier. Die tweede laerskool wat jare later in Kuilsrivier gebou is, is dan ook na hom vernoem.

In Maart 1933 is Mikro getroud en uit hierdie huwelik is een seun gebore. In 1942 is hierdie huwelik ontbind. Aan die einde van 1943 bedank Mikro uit die onderwys om hom voortaan voltyds aan sy skryfwerk te wy. In Februarie 1944 is Mikro met Cornelia Jacoba Steyn getroud. Uit hierdie huwelik is twee dogters en seun gebore. Die volgende ses jaar was moeilike jare. Mikro moes skryf om



hom en sy vrou aan die lewe te hou, nie omdat hy wou skryf nie. Hy produseer in hierdie tyd baie ontspanningsleesstof. Die gevolg was dat die boeke nie van sy beste was nie.

Na 'n verblyf van 21 jaar en ses maande te Kuilsrivier laat vaar Mikro die voltydse skryfwerk aan die einde van 1949. Die Kühn-gesin verhuis in 1950 na Oudtshoorn waar Mikro vanaf April 1950 'n pos as dosent in Afrikaans aan die onderwyskollege aanvaar het. Hier bly hy tot aan die einde van 1955, waarna hy redakteur word van *Boerdery in Suid-Afrika*. Die aanvaarding van hierdie betrekking bring mee dat hy na Pretoria verhuis. Vir die eerste keer kry hy nou die geleentheid om sy landbougraad te gebruik. Aan die einde van 1960 word hy ook benoem as nasionale leier van die Landsdiensbeweging, die jeugbeweging van die Departement Landbou-tegniese Dienste. Weens swak gesondheid was Mikro verplig om in 1964 die tuig neer te lê. Tydens die afskeidsgeselligheid wat by die Nasionale Kamp Glen naby Bloemfontein vir hom aangebied is, is die Goue protea-toekenning aan hom oorhandig vir sy bydrae tot grondbewaring in Suid-Afrika.

Na sy aftrede aan die einde van April 1964 het Mikro hom op Somerset-Wes gaan vestig waar hy hom weer voltydse aan sy skryfwerk gewy het. Die Nasionale Filmraad het in 1967 'n dokumentêre rolprent oor die lewe en werk van Mikro gemaak met die doel om dit vir opvoedkundige doeleindes te gebruik. Op 22 November 1967 is 'n afdruk van die rolprent aan hom oorhandig. Skaars vyf maande later op 17 April 1968 is Mikro in sy woning te Somerset-Wes aan 'n hartaanval oorlede.

Mikro se tweede liefde, naas die skryfkuns, was die skilderkuns. Op 42-jarige leeftyd het hy 'n klompie van sy pen-tekeninge aan die bekende kunsskilder Gregoire Boonzaier gewys. Boonzaier het hom aangemoedig om daarmee voort te gaan. Gevolglik het hy ingeskryf as deeltydse student aan die Kaapstadse Kunsskool. Daarna het hy 'n aantal lesse bygewoon. In sy lewe wou hy nooit 'n uitstalling van sy werke hou nie. Na sy dood het Saambou-bouvereniging met die hulp van sy weduwee as 'n huldeblyk ter herdenking van sy geboortedag op 8 Oktober 1969 'n uitstalling in Kaapstad vanaf 6 tot 11 Oktober 1969 gereël.

Mikro het self in sy outobiografie sy skryfwerk in vier fases verdeel. Die eerste fase het gestrek vanaf 1932 tot 1943. Die tweede fase vanaf 1944 tot 1949 beskryf hy as die brood-en-botterskof, dan die derde fase vanaf 1950 tot 1963 terwyl die laaste fase vanaf 1964 tot 1968 strek. Vandag sou 'n vyfde fase wat al die boeke insluit wat na sy dood eers verskyn het, waarskynlik nie onvanpas wees nie. Ten tye van sy afsterwe was sy honderdste boek *Osse van klei*, op die pers. Uiteindelik het daar 111 boeke verskyn wat ingesluit het jeugverhale, speurverhale, avontuurverhale, dramas, sketse, kortverhale, romans, nouvelles en 'n outobiografie. Erkenning vir sy skryfwerk het nie agterweë gebly nie. So vroeg as 1936 ontvang hy die Hertzogprys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir sy twee boeke *Toiings* en *Pelgrims*. Een-en-twintig jaar later word hy weer deur die Akademie vereer en wel met die Scheepers-prys vir Jeuglektuur vir *Die ruiter in die nag*, *Kaptein Gereke*, *Boerseun*, *Die jongste ruiter*, *Die Kleingeld-kommando* en *Lente*.

Intussen het hy ook die W.A. Hofmeyr-prys vir 1955 ontvang vir *Die porseleinkat*. In 'n wedstryd vir jeugverhale wat deur Nasionale Boekhandel uitgeskryf is, word hy in 1961 aangewys as medewenner met sy jeugverhaal *Die goue protea*. Mikro skryf self dat benewens die onderstaande boeke het hy ook 'n groot aantal kortverhale en sketse vir tydskrifte geskryf wat nooit in boekvorm gepubliseer is nie. Hy het ook 'n roman vir 'n dagblad en verskeie radiodramas geskryf.

Die volgende boeke is onder andere deur Mikro geskryf:

Diplomaties. Pretoria: Van Schaik, 1930.

Die grootste genot. Kaapstad: Nasionale Pers, 1931.

Toiings. Pretoria: Van Schaik, 1934.

Rou rieme. Pretoria: Van Schaik, 1935.

- Pelgrims*. Pretoria: Van Schaik, 1935.
- Noekies die klonkie*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1935.
- Net een dag*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1936.
- Die ruiter in die nag*. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1936.
- Kaptein Gereke*. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1937.
- Oeslande*. Pretoria: Van Schaik, 1938.
- Ghoen*. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1938.
- Kompartement 1001E*. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1939.
- Huurlinge*. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1940.
- Moord in die Hotel Barnard*. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1942.
- Huisies teen die heuwel*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1942.
- Boerseun*. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1943.
- Saluut, korporaal!* Johannesburg: Publicite, 1943.
- Daar was nege*. Johannesburg: APB, 1944.
- Vreemdelinge*. Johannesburg: APB, 1944.
- Vier mense*. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1944.
- Basjan Bastiaanse*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1944.
- Coert Bloemsen se geheim*. Johannesburg: APB, 1945.
- Die geheimsinnige M9*. Johannesburg: APB, 1945.
- Op die spoor*. Johannesburg: APB, 1946.
- Die donker stroom*. Johannesburg: APB, 1946.
- Alberdine Bantjies, speurder*. Johannesburg: APB, 1947.
- Klaradynstraat*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1947.
- Moord na ete*. Johannesburg: APB, 1948.
- Die vrou van Petrus Delft*. Johannesburg: APB, 1949.
- Ons lampe gaan dood*. Johannesburg: APB, 1949.
- Nog geen herberg*. Johannesburg: APB, 1949.
- Die oue en die nuwe*. Johannesburg: APB, 1949.
- Daar kom die Alibama*. Johannesburg: APB, 1950.
- Anna Beyers*. Johannesburg: Voortrekkerpers, 1950.
- Wagters in die nag*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1950.
- Die geheimsinnige Salome Rudiger*. Johannesburg: APB, 1951.
- Lente*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1953.
- Die wa-as*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1953.
- Die jongste ruiter*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1954.
- Die houtswaan*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1954.

- Die wit arend.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1955.
- Die porseleinkat.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1955.
- Die parskuip.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1955.
- Die eensame wag.* Johannesburg: APB, 1956.
- Die dae van ons jare.* Pretoria: Van Schaik, 1956.
- Die Kleingeld-kommando.* Pretoria: Van Schaik, 1956.
- Die nooiensuil.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1957.
- Gonnakolk.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1957.
- Die silwerpotlood.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1957.
- Die bont takbok.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1957.
- Die bont takbok word bittereinder.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1958.
- Die bont takbok verken.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1958.
- Generaal Kleingeld.* Pretoria: Van Schaik, 1958.
- Burgers van die Kleingeld-kommando.* Pretoria: Van Schaik, 1958.
- Die weduwee Meraai.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1959.
- Môre is dit nuwe maan.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1959.
- Die koperkan.* Pretoria: Van Schaik, 1959.
- Die blou soldatepak.* Johannesburg: Dagbreek, 1960.
- Die rooi geruite rok.* Johannesburg: Dagbreek, 1960.
- Sias en Mias.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1960.
- Sias se spoetnik.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1960.
- Drie vroue en 'n hond.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1961.
- Die rooi lêer.* Pretoria: Van Schaik, 1961.
- Die swart hings.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1961.
- Voëlvlei se konsert.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1961.
- Die hanskalfie.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1961.
- Jasper die molslang.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1961.
- Kinders van Meraai.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1962.
- Die dames sestien.* Pretoria: Van Schaik, 1962.
- Die goue protea.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1962.
- Die Oranje sneltrein.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1962.
- Abednego die skilpad.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1962.
- Speurder Sias.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1962.
- Die steenbokkie.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1962.
- Ounooi die uil.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1962.
- Afskeid.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1962.

- T in Die Blou Kamer.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1963.
- Die twee goue beddens.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1963.
- Die neef van die goewerneur.* Johannesburg: Dagbreek, 1963.
- Die jongste veldkornet.* Kaapstad: Simondium, 1963.
- Die blonde haarkapper.* Kaapstad: Simondium, 1964.
- 'n Span van 20 muile.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1965.
- Die poskoetsrower.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1965.
- Die witperd van Tan Fienie.* Pretoria: Van Schaik, 1965.
- Dankie Adrianos.* Kaapstad: HAUM, 1965.
- Die koperkanon.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1966.
- Oudepalmiet.* Kaapstad: John Malherbe, 1966.
- Waar die bokmakerie fluit.* Johannesburg: APB, 1966.
- Wit seile.* Kaapstad: HAUM, 1967.
- Die winkelvenster.* Pretoria: Van Schaik, 1967.
- Droomberg.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1967.
- Eerste dae op Biesielaagte.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1967.
- Sewejaartjies.* Johannesburg: APB, 1967.
- Die twee bruin perde van oom Tewie.* Pretoria: Van Schaik, 1967.
- Hy koop toe vir hom 'n pen.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1968.
- Die harp.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1968.
- Kaptein Mias.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1968.
- Kleinjan.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1968.
- Bles van Soekmekaar.* Johannesburg: APB, 1968.
- Die goue eekhorinkie.* Pretoria: Van der Walt, 1968.
- Napoleon die blouskimmel.* Pretoria: Van der Walt, 1968.
- Die wiel.* Pretoria: Van der Walt, 1968.
- Osse van klei.* Johannesburg: APB, 1969.
- Ou Borreldien.* Pretoria: Van der Walt, 1969.
- Ursula.* Pretoria: Van der Walt, 1969.
- Vlam.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1969.
- Slapjan.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1970.

Bronne geraadpleeg

1. Bosman, Fré. Mikro — soos vriend en bewonderaar hom sien. *Die Huisgenoot*, 29 November 1957.
2. C.H. Kühn oorlede; Daar is min mense wat Mikro se werk nie ken nie. *Die Burger*, 18 April 1968.

3. Danksy vlooi het Mikro begin skryf. *Die Burger*, 23 Junie 1978.
4. Gericke, Aletta. Mikro — 'n Pen met liefde gekoop. *Rooi rose*, 30 Julie 1969.
5. Lategan, F.V. Scheepers-prys vir Jeuglektuur, 1957 toegeken aan Mikro (C.H. Kühn). *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 18(1): 17-18; April 1958.
6. Mikro. *Hy koop toe vir hom 'n pen*. Johannesburg: Voortrekkerpers, 1968.
7. Mikro nou honderd boeke oud. *Die Volksblad*, 24 Augustus 1967.
8. Nienaber, P.J. *Perspektief en profiel*. Johannesburg: Perskor, 1982.
9. *Vyftig Afrikaanse skrywers*. Johannesburg: Africana-pers, 1981.



□ Boerseun

Ons opgeskote seuns en dogters sal hierdie boek met genot lees, want aan dapper dade en liefde-sake ontbreek dit nie. Die verhaal is flink vertel en die taal goed versorg. Dit handel oor die lot-gevalle van 'n baas verkenner, Nico Verster, beter onder vriend en vyand as "Boertjie" bekend.

As boerekrygsman beleef hy en sy dapper maats 'n reeks van spannende avonture, van knap stuk-

kies spioeneerwerk, spoorsny en noue ont-komings.

Dis goed dat bekwame skrywers soos Mikro be-gin om sulke volbloedavontuurverhale wat hul stof put uit ons eie geskiedenis vir ons kinders te skry-we. Aangesien die verhaal gedurende 'n oorlog af-speel, word gebeurtenisse aangeroei wat 'n gevoel van bitterheid mag opwek. Tog het die skrywer m.i. daarin geslaag om by sy lesers die waarheid te laat deurstraal dat dit verkeerd is om te dink

dat al jou vyande altyd sleg is en al jou eie mense altyd goed is. Mooi kom dit uit hoe vriend en vyand mekaar kan beveg, en tog wat goed is in mekaar kan waardeer en respekteer.

(J. de V. Heese, *Ons Eie Boek*, Desember 1943)

□ *Die Kleingeld-kommando*

Daar is al baie geskrywe oor die Boere-oorlog en hier is nog 'n verhaal, dié keer oor 'n klompie penkoppe. Die boek sal veral vir jeugdiges interesseer.

Kleingeld Barnard was die aanvoerder van elf penkoppe wat op die Vrystaatse vlaktes veel hoofbrekends vir die Engelse magte veroorsaak het.

Die waaghalsigheid van hierdie klompie penkoppe, hul dapperheid, hul noue ontkomings, hul vasberadenheid om by Genl. De Wet uit te kom — dit alles dra by om die verhaal heel leesbaar te maak.

Die vindingrykheid en leiereienskappe van die jong aanvoerder — 'n vyftienjarige seun — is merkwaaardig.

Groot kuns is dit nie, maar wel ligte en nogal spannende leesstof. Jong seuns veral, sal hierdie boek met genot lees.

(G. McArdell, *Die Staatsamptenaar*, April 1957)

□ *Die jongste ruiter*

Dit is nog een van die *Spannende jeugverhale* van die Nasionale Boekhandel, Beperk. Die held van die storie is die dertienjarige seun van Gert Venter van die plaas Boesmanskolk. Sy naam is Krisjan. Op 'n Sondag in Desember 1900 kom Karl Willemse met 'n patrollie op die plaas aan. Krisjan se pa en sy ouboet is op kommando en hy brand om ook te gaan. By die patrollie is Stoffel Botha, 'n seun van 16 jaar. Die twee maak 'n plan om 'n perd en 'n wapen vir Krisjan te kry. Hulle hendsop 'n Engelse offisier, neem sy perd en geweer af en jaag plaas toe. Krisjan sluit aan en hy gaan met die patrollie na generaal De Wet se kom-

mando in die omgewing van Kroonstad en as rapportryer saam met die kommando onder beskerming van Karl Willemse tot in die Kaapkolonie. Die lotgevalle, die waagstukke en die noue ontkominge van Krisjan word vertel, soos Mikro dit in sy beste styl kan doen. Die boek het 'n historiese agtergrond. Seuns van 10–12 jaar sal dit verslind.

(N.A. Coetzee, *Die Unie*, 1 Julie 1954)

□ *Die ruiter in die nag*

Avonture van 'n verkenner

In sy voorwoord sê die skrywer:

Met hierdie werk wil ons geen aanspraak maak op geskiedkundige juistheid of letterkundige mooiskrywery nie. As iemand wat baie met kinders te doen kry en wat baie belang in hulle stel, weet ons dat hulle baie van avontuurlike verhale hou, en so wil ons ook graag ons deeltjie bydra. *Die ruiter in die nag* is bloot 'n verhaal bedoel vir die jeug, en tog nie vir letterkundige fynproewers nie.

In so 'n boek vir die jeug, uitdruklik sonder enige literêre pretensies, soek 'n mens nie na taalskoonheid of psigologiese uitbeelding nie. Die intrige, die spannende gebeurtenisse is hier hoofsaak, en die groot sonde alleen: verveligheid.

En die avonture van hierdie geheimsinnige en heldhaftige ruiter is werklik so spannend en volg so snel op mekaar dat 'n mens waarlik baie oud en baie sinies moet wees as die boek jou 'n oomblik verveel.

Die ruiter, Sarel Gereke, is 'n dapper verkenner gedurende die Tweede Vryheidsoorlog. Hy is nie 'n kêrel wat grootpraat nie, en uiterlik wek sy kort gestalte en stille houding nouliks die indruk van onverskrokkenheid. Maar op sy verkennings-togte is hy vir die vyand 'n tergende geheimsinnige mag om mee rekening te hou, met sy skerp, vinnige denkvermoë, sy speurdersvernuf, sy uitdagende waaghalsigheid, en sy romantiese verskynning as roerloze Ruiter in die Nag wat soos 'n spook weer kan verdwyn.

Keer op keer hensop hy vingeralleen 'n hele afdeling Engelse wat hom voorlê, en waar hulle hom vang is hy soos seep uit die hande uit, met sy vurige skrande perd, Vonk. Een nag word hy in 'n Engelse kaptein se tent deur vier wagte bewaak, en hy ontsnap doodkalm geselsend in die uniform van die offisier wat binne-in die tent vergeet gebly het gedurende 'n dansparty.

'n Mens glimlag natuurlik by baie naïewe toevallighede wat die held se naelskraap ontkomings in die hand werk, en veral by die uitbeelding van Albert Pretorius, die verraaier, wat darem alteveel van 'n outydse skurk is. Selfs in sy kinderdae sou hy al gesteel het, en by Willemien, wat Sarel ook uit die verte liefhet, gee hy voor dat hy die dapper Ruiters in die Nag is! Die held weer, het "vurige oë, wat laai op laai vonkel" en 'n "gevoelige temperament" wat wonder hoeveel in die slag sal bly.

Die taal is betreklik suiwer, die styl lewendig en saaklik: somtyds 'n bietjie kinderagtig, met die kinderlike herhaling van persoonsname i.p.v. die voornaamwoord b.v.: "Hy sou liever in die bek van 'n kanon instap as om Willemien te vra. Willemien is vir 'n heen-en-weertjies alleen huis-toe. Ongemerkt verdwyn hy, en stap haastig al met die vylanings langs om Willemien alleen te kry wanneer sy terugkom."

Maar watter seun wat avontuur soek, sal soiets hinder?

(H.S., *Die Burger*,
24 Oktober 1936)

□ *Lente*

Die novelle *Lente* het groot bewondering uitgelok toe dit enkele jare gelede in een van ons weekblaaie verskyn het. Tans word dit met 'n paar korter verhale — wat ook handel oor probleme van die kind en jongmens en waarin dieselfde goeie peil gehandhaaf word — in een band aangebied.

Die titelverhaal gee die ontluiking van die meisie Santa te midde van die ontwaking van die lente in die natuur. Met veel begrip beeld Mikro hier (asook in *Kersvreugde*) die opgroeiende jong dogter en seun en die wonder van die eerste liefde, teen die agtergrond van die bedrywige Bolandse

wynplaas. Dan is daar die kleiner kinders met wie ons in hierdie bundel kennis maak — die hulpelose, swak wesentjies met hulle honger na liefde en begrip: Joggem (*Kroonprins en Joggem*), die klonkie Totram (*Totram*) en Liesbet (*Kindjie*)

Die bundel is mooi versorg en behoort 'n nye leserskring te vind.

(I. Rousseau, *Ons Eie Boek*,
XVIII(4); 1952)

□ *Kaptein Gereke*

Goed maar onderskat jeug se mentaliteit

Vir ons skooljeug sal dit seker 'n heuglike tyding wees dat Mikro 'n vervolgd geskryf het op *Die ruiters in die nag*, waarin die oorlogsawonture van daardie baasverkenner, *Kaptein Gereke*, verder verhaal word.

Wat die skrywer in die voorwoord van eersgenoemde boek gesê het, nl. dat dit "geen aanspraak maak op geskiedkundige juistheid of letterkundige mooiskrywery nie," geld ook van hierdie werk. Tog is dit m.i. jammer dat Mikro van hierdie standpunt uitgegaan het. Tereg sê hy self op p. 52 van *Kaptein Gereke*: "Die heldedade van die oorwonene word nooit geroem nie. Die oorwinnaar sal sorg dat dit vergete raak." Juis daarom, meen ek, is dit wenslik dat die skrywer wel deeglik die historiese agtergrond nie moet verwaarloos nie, veral waar die leserspubliek wat hy homself voorstel, nl. ons skooljeug, besonder geneig is tot heldeverering op hierdie ouderdom en geskiedenis een van hul liefingsvakke is. Hoe teleurstellend vir die jong leser word bv. kaptein Gereke se ontmoeting met twee sulke forse heldefigure soos genl. De Wet en pres. Steyn geskets! Aan eersgenoemde word een reëltjie gewy: "Dit was 'n hele gebeurtenis in hul lewe om die gevierde Generaal te ontmoet," en laasgenoemde bring dit nie verder as om almal "ou-seun" te noem nie.

Dit kom my soms voor of die skrywer met die vooropgesette doel voor oë, nl. "om bloot 'n verhaal bedoel vir die jeug en nie vir letterkundige fynproewers" te gee, die intelligensie en kennis van sy jong lesers onderskat. Hoe onwaarskynlik bv.

is dit dat Sarel Gereke direk tussen die vyand inja wat na hom soek, met twee van hul offisiere 'n onderhoud het en tog nie herken word nie (p. 99). Dieselfde kan gesê word van Albert Pretorius wat 'n skoot "hoog deur die bors kry," byna van bloedverlies omkom, "maar veertien dae later heeltemal herstel was" (p. 125). By twee geleenthede word 'n man in die middel van 'n laer geskiet en tog sien niemand die aanrander nie. In *Die ruiter in die nag* word nog gepraat van die eerste en tweede wag om die Boerekamp (p. 9), maar in *Kaptein Gereke* kom en gaan Engelse spioene elke nag in en uit die Boerelaer sonder dat daar ooit ontdek word wie hulle is. Selfs by die mees onkritiese leser ontstaan soms die vraag of die Boere-

kommando's dan nooit brandwagte gehad het nie. Al maak die werkie geen aanspraak op geskiedkundige juistheid nie, hoef dit tog nog nie histories onwaar of tasbaar onwaarskynlik te wees nie.

Dis egter slegs bykomstighede. Die prysenswaardige bedoelings van die skrywer om te voorsien in die groot behoefte aan geskikte Afrikaanse kinderlektuur, verdien alle lof, veral waar die resultaat so 'n boeiende werkie geword het, simpatiek en beskaaf van toon. As ons skoolbiblioteke in die verlede meer van hierdie soort boeke bevat het, sou die algemene klag dat ons volk nie lees nie, seker vandag minder gehoor word.

(Tj. Buning, *Die Brandwag*,
7 Januarie 1938)

3.5 De Klerk, Willem Abraham (7 Maart 1917–)

Willem Abraham de Klerk is by die breë publiek veel meer bekend onder sy skrywersnaam W.A. de Klerk terwyl hy by sy vriende bekend is as Bill. W.A. de Klerk is 'n Vrystater van geboorte. Hy is op 7 Maart 1917 op Marquard gebore waar sy vader, D.P. de Klerk, as prokureur gepraktiseer het. Hy was die tweede seun van drie kinders.

Kort na sy geboorte het die gesin na Kaapstad verhuis waar sy vader 'n bekende stedelike prokureursfirma gestig het. Sy vader, wat later 'n senator sou word, was een van die eerste bewuste Afrikaanse kultuurleiers in die verengelsde moederstad. Hy het dan ook veel gedoen om 'n liefde vir die eie taal en bodem by sy kinders in te skerp. Nogtans besoek die jonge W.A. de Klerk 'n Engelsmedium skool tydens sy eerste twee skooljare. Die volgende vyf jare gaan hy skool aan die Laerskool Jan van Riebeeck. Vir sy hoërskoolonderrig keer hy in 1930 terug na die Vrystaat en wel na die bekende Greykollige in Bloemfontein waar hy aan die einde van 1934 matrikuleer.

In 1935 bevind W.A. de Klerk hom op Stellenbosch waar hy in die Regte aan die universiteit studeer. In die studentelewe het hy 'n leidende rol gespeel. Op verskeie studenteliggame dien hy as bestuurslid en hy is ook gekies as redakteur van *Die Stellenbosche student*. Tydens die laaste twee



jaar van sy verblyf op Stellenbosch het hy hom as loods in die Suid-Afrikaanse Lugmag laat oplei. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 het hy verkies om hom afsydig te hou en gevolglik die vlieëry laat vaar.

Na voltooiing van sy studies word hy aangestel as registrateur vir die Regter-President, regter H.S. van Zyl. In 1941 word W.A. de Klerk toegelaat as advokaat by die Kaapse Balie. In 1943 tree hy in die huwelik met Johanna Magdalena Smith, algemeen bekend as Ena. Uit hierdie huwelik is drie kinders, Johanna Magdalena, Daniël Petrus en Anna Catharine, gebore. Intussen het hy 'n groeiende belangstelling in die skryfkuns ontwikkel. Hy debuteer met *Die skarlaken eskadrl* in 1942 en volg dit in die volgende jaar op met 'n drama, *Uit die goeie aarde*. Hierdie drama is enkele maande na publikasie deur Anna Neethling-Pohl met welslae op die planke gebring. Dit was dan ook die begin van 'n lang tydperk van vrugbare samewerking tussen W.A. de Klerk en Anna Neethling-Pohl. Hierdie publikasies is opgevolg deur verdere publikasies. Tussen die skrywery deur het sy praktyk aan die Balie dermate uitgebrei dat hy die stadium bereik het waar hy 'n keuse moes maak tussen 'n regsloopbaan of literêre loopbaan. Sy keuse het op laasgenoemde geval. Na vyf jaar in die regsberoep, onder andere in Kaapstad en Windhoek, verlaat hy die Balie om vir die volgende agt maande voltyds vryskut skryfwerk te doen.

Einde 1946 sluit W.A. de Klerk hom in Kaapstad by die SAUK aan as omroeper-regisseur. Dit bied hom die geleentheid om tegelykertyd sy literêre loopbaan voort te sit. Vanaf die begin van 1949 werk hy vir die BBC in Londen. Hier sou hy bly tot aan die einde van 1950. Gedurende hierdie twee jaar het hy die geleentheid benut en veel gereis in Europa. In 1951 bevind hy hom weer by die SAUK. In 1953 vestig hy hom as vrugteboer op die plaas Saffier, Klein-Drakenstein, naby Paarl. Hier kon hy nou veel meer aandag aan sy skryfwerk gee. Daarby ontwikkel hy in hierdie tyd 'n besondere belangstelling in omgewingsbewaring.

W.A. de Klerk het by twee geleenthede reisbeurse ontvang. Die eerste was in 1961 toe hy die Bundespresseamt-beurs vir 'n reis na Wes-Duitsland ontvang terwyl die tweede 'n Leader Exchange-beurs na die Verenigde State van Amerika in 1965 was.

Na die dood van mev. Ena de Klerk op 19 Julie 1978 is W.A. de Klerk op 23 Januarie 1982 weer getroud en wel met mev. Finnie Malherbe, die weduwee van die bekende wynmaker, mnr. Willem Malherbe van die plaas Vrolikheid, naby McGregor. Net soos die eerste huwelik 38 jaar gelede, het hierdie een ook op Robertson plaasgevind.

W.A. de Klerk is 'n produktiewe skrywer van prosawerke, dramas, reisverhale en jeugliteratuur. Net een keer het hy van 'n skuilnaam gebruik gemaak, met treurige gevolg. Die titel van hierdie boek is steeds onbekend en so ook die skuilnaam - dit was veral as dramaturg dat W.A. de Klerk naam gemaak het. Die aanmoediging wat hy van Anna Neethling-Pohl ontvang het, die vrugbare toneelsamewerking wat daaruit ontwikkel en die voeling met die lewende toneel wat hy behou het, het veel tot sy sukses bygedra. Daarby het die speelbaarheid van sy stukke meegebring dat dit altyd in aanvraag is.

Erkenning vir sy voortreflike literêre werk het dan ook nie agterweë gebly nie. In 1952 word die Hertzog-prys vir drama aan hom toegeken op grond van *Die jaar van die vuur-os*, *Drie vroue*, *Drie dramas* en *Vlamme oor La Roche*. Met *Die jaar van die vuur-os* het hy ook die eerste prys in die Van Riebeeck-feestoneelwedstryd in 1952 verower. In 1953 word die eerste prys in die Vroue-Landbouvereniging se letterkunde-wedstryd aan hom toegeken vir sy jeugroman, *Die gésel van Namaland*. Die Jubileumprys van die Kaapstadse Afrikaanse Toneelvereniging word in 1955 aan hom toegeken vir *Die twisappel*. In 1958 ken die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom die Scheepers-prys vir Jeuglektuur toe op grond van *Die skarlaken eskadrl*, *Die vallei van die rooi gode*, *Die gésel van Namaland*, *Agtien man en 'n meisiekind* en *Poens*. Met 'n lywige historiese roman oor Suidwes-Afrika, *Die laer*, wen hy in 1964 die nasionale prysvraag van Nasionale Boekhandel. In 1978 word *Die markplein* bekroon met die prys van die Federasie van Rapportryerskorps.

Benewens talle hoorspele en stukke vir die radio, 'n groot aantal tydskrifartikels en radiopraatjies, het W.A. de Klerk onder andere die volgende publikasies die lig laat sien:

- Die skarlaken eskadril.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1942.
- Uit die goeie aarde.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1942.
- Die vallei van die rooi gode.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1945.
- Drie vroue.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1945.
- Die grenslose.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1946.
- Drie dramas.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1947.
- Vlamme oor La Roche.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1949.
- Die wolkemaker.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1949.
- Drie swerwers in Suidwes.* Johannesburg: APB, 1949.
- Nelia Bell.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1951.
- Die jaar van die vuur-os.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1952.
- Adam en Eva.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1953.
- Die uur van verlange.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1953.
- Die eensames.* Johannesburg: APB, 1953.
- Drie swerwers oor die eindere.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1953.
- Die gesel van Namaland.* Johannesburg: APB, 1954.
- Die twisappel.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1955.
- Komedie onder die eike.* Johannesburg: APB, 1955.
- Agtien man en 'n meisiekind.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1956.
- O, heilige onrus.* Johannesburg: APB, 1956.
- Poens, dl I: Die penkopjare.* Johannesburg: APB, 1957.
- Willemien se ligte dae.* Johannesburg: APB, 1958.
- Swerwer op die sonpad.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1959.
- Die soekende mens.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1960.
- Die verste blou-einder.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1962.
- Poens, dl II: Die swerfjaar.* Johannesburg: APB, 1962.
- Vernaa se kind.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1963.
- Wanneer see en branders dreun.* Johannesburg: APB, 1963.
- Die belydenis van Nelia Bell.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1964.
- Die laer.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1964.
- Die witwyne van Suid-Afrika: 'n reis deur die wynlande van die Kaap.* Kaapstad: Balkema, 1967.
- Buite die raamwerk.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1968.
- Klein reis deur Drakenstein.* Johannesburg: Perskor, 1974.

Kleinben drink die bitterbloed. Kaapstad: Tafelberg, 1977. (Oorspronklik uitgegee as *Die verste blou-einder*)
Die markplein. Kaapstad: Tafelberg, 1978.

Tyd van vernuwing: opstelle oor tyd en samelewing. Kaapstad: Tafelberg, 1979.

Die afgrond. Kaapstad: Tafelberg, 1984.

As die reier noord vlieg: kronieke van Onder-Drostersberg. Johannesburg: Perskor, 1985.

W.A. de Klerk was ook die mede-outeur van enkele werke, naamlik

Die berge van die Boland, deur M. Versfeld en W.A. de Klerk. Johannesburg: APB, 1947.

Beweging uitwaarts, deur J.J. Degenaar, W.A. de Klerk en M. Versfeld. Kaapstad: Malherbe, 1969.

Onder die Suiderkruis: verhale vir die junior hoërskool, deur W.A. de Klerk en J.P. Coetzer. Kaapstad: Maskew Miller, 1970.

Bronne geraadpleeg

1. Bosman, F.C.L. Hertzogprys vir Drama, 1952, toegeken aan mnr. W.A. de Klerk. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 12(2): 8-10; Oktober 1952.
2. Cloete, T.T. *Die Afrikaanse literatuur sedert sestig*. Kaapstad: Nasou, 1980.
3. Coetzee, Abel. Die jongste verhaalkuns van W.A. de Klerk. *Tydskrif vir Letterkunde*, 3(4): 5-10; Desember 1953.
4. Nienaber, P.J. *Perspektief en profiel*. Johannesburg: Perskor, 1982.
5. Ons stel voor ... W.A. de Klerk. *Skoolbiblioteek*, 11(2): 23-24; Desember 1979.
6. Van den Heever, C.M. *My jeugland*. Johannesburg: APB, 1953.
7. *Vyftig Afrikaanse skrywers*. Johannesburg: Africana-pers, 1981.

□ *Agtien man en 'n meisiekind*

Nog 'n boek vir al ons maats tussen 11 en 18 is W.A. de Klerk se treffer: *Agtien man en 'n meisiekind*, wat deur Nasionale Boekhandel uitgegee word. Die verhaal voer ons terug na die dae van die beroemde kommandant, Tjaart van der Walt. Dit was gedurende die tydperk toe die Kôsas baie moeilikheid veroorsaak het aan die Oosgrens; toe hulle dikwels die Suurveld binnegedring het en brandstigting en verwoesting gesaai het.

Abraham Groeneveld, 'n seun uit die Langkloof, vergesel komdt. Van der Walt en sy kommando op 'n tog na die Oosgrens om meer uit te vind omtrent die wit vroue wat vermoedelik daar uitgespoel het toe 'n skip in daardie omgewing

gestrand het. Hulle red oom Adolf se dogter Monica uit die hande van die barbare maar op hulle terugtog sneuwel oom Adolf in 'n skermutseling. Maar Monica is as Boeredogter reeds die prototipe van die Voortrekkervrou en alhoewel sy deur droefheid verbyster raak, oorweldig dit haar nie. Monica is 'n liefvallige maar ook fier vrou.

Toe Abraham weer op sy ouers se plaas terugkom, vind hy dat die plaashuis afgebrand is en dat sy ouers en sy twee sustertjies ook die lewe ingeskiet het. Dit was vermoedelik die werk van die Boesmans. Ons lees op bladsy 103:

'n Hond het verlate op die werf geblaf. 'Wagter!' het ek in my ontredde roep. 'Wagter! Waar is hulle, Wagter? Wat het dan gebeur?'

Ek was van die perd af en besig om te hardloop. 'n Paar oomblikke later het ek voor die afgebrande huis gestaan. Alles was wanordelik. Halfgebrande meubels het nog rondgelê. Onder 'n hope stene het ek 'n kind se pop gewaar. Toe eers het die volle besef aaklig in my opgegaan ...

Abraham het teruggegaan na die kommandant en by hulle gebly. In 'n geveg teen die Hottentotte sterf Boet, die kommandant se seun en weereens het iemand sy finale offer gebring ten behoeve van die westerse beskawing aan die suidpunt van Afrika.

Ons maats raai natuurlik reeds dat ons nog nie alles in verband met Monica en Abraham gesê het nie. Maar dit wil julle ook liever self lees, né?

En terwyl 'n mens dan so lekker lees uit *Agtien man en 'n meisiekind*, kan jy gerus let op die mooi gestalte van die ou kommandant, soos De Klerk dit hier uitbeeld. Fier, vindingryk en dapper; beslis en vasberade maar met 'n groot en simpatieke hart ... so 'n leier dwing die liefde en respek van sy volgelinge af. En so 'n leier was kommandant Van der Walt.

(Anoniem, SAUK,
23 Desember 1959)

□ Poens

Aan jeuglektuur is daar in Afrikaans geen tekort nie; aan jeugletterkunde wel. In dié sin moet De Klerk se twee jongste jeugwerke verwelkom word. Elk is op eie terrein 'n brokstukkie lewe van soveel suiwerheid en helderheid dat daar telkens weer na die rak sal teruggekeer word om opnuut te geniet. *Poens* sou 'n mens 'n divertimento kan noem. *Wilhelmien* 'n scherzo — mits dan in gedagte gehou word, soos afdoende deur die musiek bewys is, dat die ligste klanke slegs deur die grootste meester die suiwerste gehanteer kan word.



Poens is die lewendigste klein seun wat ek in Afrikaans ken; veel lewendiger as Fanie of Patrys, want Poens *beleef* nie net nie, hy *leef* ook. Daar

is meer as avontuur en spanning: De Klerk bewys hier met hoeveel spanninge die gewone verhoudinge en situasies van die lewe kan wees, hoe ryk, as ons die oë maar net wil oopmaak. Die bedenking mag geopper word dat die geheimsinnigheid oor Poens se herkoms onnodig is — maar dis geen kernbeswaar nie, want dit gaan nie hier om Poens se soektog om identiteit nie, maar om sy ervaring van die lewe. En “lewe” vir Poens is die kleurrike bestaan op Pienaarsvlei, die omgang met geskaakte en lieue mense, skoolgaan by die strenge, opregte mister Franken, gesels met outa Plaat, bergklim agter die oorlamse ou bobbejaan aan — en ’n spannende potjie met die daggakweker en skelm, Gert Los. Daar is ’n verskeidenheid van lewende karakters: oom Tone en oom Twerms, beminlike, rype tant Patta, Magdel met haar koketterie en haar eie grootwordprobleme; en outa Plaat met sy wysheid-uit-die-aarde, hy wat sonder voorbehoud geglo en gevolg word. Maar al hierdie dinge is in eerste instansie dan gegee in belewenisse en verhoudinge van die kind, met die wonder van sy bestaan; die vermoë om enigiets op gesag te aanvaar, om leed te vergeet, om te geniet of manhaftig te wees, om “diep” dinge te praat, om te begryp en begryp te wil word. Dit is veral ook die elementele lewe van die kind wat aangeglaan word: die kind wat in sy omgewing en die natuur lewe.

(André P. Brink, *Tydskrif vir Letterkunde*, September 1958)

□ *Die skarlaken eskader*

Die gewilde skrywer, W.A. de Klerk, het sy pakkende vliegverhaal, *Die skarlaken eskader* heeltemal hersien en in oorleg met vlieg-deskundiges gemoderniseer. Dit het onlangs by Nasionale Boekhandel verskyn.

Nege man van die Suid-Afrikaanse Lugmag vertrek na die Kalaharie om na ’n passasiersvliegtuig te soek, wat onderweg na die Unie verdwyn het. Hulle word gevang en na die kom van die uitgebrande vulkaan, Marako, geneem.

Dis die vesting van die Leier, wat ’n vernietigende wapen ontwerp het waarmee hy die beskaafde

wêreld wil verpletter. Hier by die kom is die Leier nou juis besig om loodse vir sy Skarlaken Eskader te versamel en op te lei en hy dwing die Suid-Afrikaners om hom te help deur middel van ’n masjien wat hulle selfstandige wil uitkakel.

Helgard de Wet is die voorvegter in die geleedere van ons lugmagmanne, wat steeds probeer om te ontsnap. Uiteindelik ontdek Helgard ’n grot en beland hy in die Leier se laboratorium. Daar vind ’n verwoede geveg plaas en Helgard slaag daarin om die Leier in ’n bad soutsuur te laat beland. Daarna breek hy die masjien wat die ondeurdringbare geel straal veroorsaak en hy kry ook die vliegtuig met die geheime wapen — ’n wapen wat met ’n groen blitsstraal berge ineen laat tuimel het.

Daardie aand ontsnap Helgard en sy maats — maar eers nadat hulle die hele kom van Marako onskadelik gemaak het.

Dis ’n opwindende avontuurverhaal wat veral deur tienderjarige seuns en dogters gretiglik gelees sal word. Onthou dus die titel: *Die skarlaken eskader* deur W.A. de Klerk.

(Anoniem, SAUK,
31 Oktober 1960)

□ *Die vallei van die rooi gode*

Die vallei van die Rooi Gode is ’n baie groot plaas naby die Sederberge. Die eienaar ontdek goud daarop maar besluit om sy ontdekking geheim te hou want hy wil nie hê die natuurskoon van die plek moet geskend word nie. ’n Skurk kom egter ook agter dat daar êrens goud moet wees en probeer om die plaas in die hande te kry. Bergbrande ontstaan, gevaarlike nagritte word onderneem, liefde ontvlam in die harte van twee jong mense, en die verhaal bereik ’n verrassende hoogtepunt wanneer die geskiedenis van twee geheimsinnige mense bekend raak. Die boek bevat dus al die bestanddele van ’n goeie verhaal vir die jongspan — en, soos die skrywer self opmerk, “vir ander wat nog hul verbeelding kan gebruik”.

Die boek het ’n paar mooi illustrasies en is netjies gedruk en gebind.

(J. de V. Heese, *Ons Eie Boek*,
September 1946)

□ *Die gésel van Namaland*

Hierdie werk, wat met die eerste prys deur die Vroue-Landbouvereniging van Kaapland in hulle landswe jeugverhaal-wedstryd bekroon is, voldoen in alle opsigte aan ons verwagtinge. De Klerk het nog eens getoon dat hy 'n geslaagde spanningsverhaal kan skryf, soos ook met sy *Skarlaken eskadriel*.

Vir sy stof gaan hy terug na die veelbewoë dae in Oktober 1904, toe Hendrik Witbooi vir die tweede keer in plotselinge, openlike opstand teen die witman gekom het. Suidwes-Afrika is vir De Klerk geen onbekende gebied nie: ook in hierdie boek maak hy bedrewe gebruik — tot nut van die leerling — van aardrykskundige en geskiedkundige feite. Dat baie oorlewinge daarby ingevleg word, kan ons verwag. Boeiend, en selfs aangrypende soos die stof is — wrede moorde, liggaamlike lyding en skeiding, ontberings, die gedurige “aanraking van die Dood” — tree die motoriese (spannings)moment gou in, reeds op p. 3. Maar dan gelukkig ook De Klerk se skrywerservaring, sy vertelkuns, want anders sou die talryke taferele van die “Boer met sy roer” gou begin verveel het. De Klerk bring afwisseling: daar is die tipiese, maar beminlike en alomteenwoordige Meester Kooy; die sieketrooster, vroedvrou, raat-bediener en “siener”, Tant Mynie; die skoon verhouding tussen die tweelingbroers Jan en Wynand, en Anneke. Eienskappe soos moed, trou, opoffering en edelmoedigheid word telkens onderstreep. Veral hoofstuk 8 is m.i. besonder geslaag vanweë die uit-

beelding van die stroewe Duitse militarisme in teenstelling tot die gemoedeliker maar oneindig praktieser Boeremanier van oorlogvoer.

Aldus is daar baie gegewens — én indrukke wat lank in die jeugdige gemoed sal bly vashaak — wat tot 'n hegte, aksiegekleurde en aanneemlike patroon saamgeweef is. Van die eintlike “gésel”, die roepingbewuste Hendrik Witbooi, kry ons egter nie veel te sien nie. Daar is verder die vraag of die (soort) dood van die dromer-denker Wynand (ontleen aan Remarque?) nie te opsetlik deurgevoer is om die driehoeksprobleem op te los nie; of die optrede en dood van Helgaard Roos gemotiveerd is al dan nie; of party van die boeremense in die laertjie te Kub nie dalk te veel met die trefkrag van hulle idiomatiese taaleie behep is nie; en of (op p. 118 en 119) 'n jong dogter werklik so profeties-fier soos Anneke kan word.

Dit daargelate, kan 'n mens slegs met lof van *Die gésel van Namaland* praat. Orals bevat dit raak beelde en trekkies, en daar is ook ontroerende kort flitse van deurleefde tragedie (p. 56, 76) asook toneeltjies soos die van Wynand se gebed (p. 69) waardeur dit “meerwaarde” verkry bô die stereotiepe jeugboek. Veral is dit die groei en die gewelddadige verbreek van die geestesband tussen die Hollandse skoolmeester en die kunsinnige jong Wynand wat iets teers, amper skrynends aan die werk verleen: die sagte glans van mensliewendheid en siele-adel, wat nie deur kruiddamp en hoewegekleetter aangetas kan word nie.

(J. Kromhout, *Ons Eie Boek*, XX(3); 1954)

3.6 Bouwer, Albertha Magdalena (16 Maart 1920–)

Alba Bouwer is in 1959 vir die eerste keer vir haar literêre werk vereer toe die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan haar die Scheepers-prys vir Jeuglektuur toegeken het. Hierdie toekenning is gemaak op grond van haar twee boeke *Stories van Rivierplaas* en *Nuwe stories van Rivierplaas*. Volledige biografiese besonderhede oor Alba Bouwer word in paragraaf 2.4 verstrek.

☐ *Nuwe stories van Rivierplaas*

Eweas in *Stories van Rivierplaas* het Alba Bouwer hier 'n besonder geslaagde beelding gegee van die laerskooldogter Alie. Haar ideale is nog onverander: om met pronk haarvlegsels te kan spog, om deur haar voortande te kan spoeg en om dik bene te besit as kompensasie vir haar naam Alie Spykerboud.

Alie is 'n tipiese kind van die veld en haar lewe is so spontaan soos die plaasmilieu waarin sy haar bevind. Teenoor haar staan Lulu, die stewig geboude dogter, vol avontuurlus; ou-Melitie is die simpatieke bediende met 'n besondere insig in die kinderhart; en die grootmense almal lewensgetrou en eg uitgebeeld.

Dit is 'n aangename verhaal oor jong meisies wat tegelyk 'n aanwins vir ons letterkunde is.

Die fris dialoog doen egter nie so eg aan soos byvoorbeeld die taal en styl van Boerneef in sy *Bo-plaas* en *Teen die helling* nie. Alba Bouwer se taal is nie altyd suiwer funksioneel nie — dit skep die indruk dat sy die gesprekke afgeluister het om so-doende met raak gesegdes en ongewone wendinge die frisheid van die taal te verhoog. Die taalgebruik is soms by haar iets afsonderliks, iets wat nageaap kan word — dit is nie funksioneel onaf-skeidelik deel van die hele vertelling soos by Boerneef nie. Die gevoel ontstaan dat die taaleienaardighede soms ter wille van effek aangewend word en nie noodwendig uit die karakter en die situasie gegroei het nie.

(M.S. du Buson, *Tydskrif vir Letterkunde*, Junie 1957)

☐ *Nuwe stories van Rivierplaas*

Die Nasionale Boekhandel verdien 'n pluimpie. Party van die goeie klas boeke word smaakvol uitgegee so dat 'n mens se verwagting vir iets goeds reeds deur die uiterlike gewek word. Laat ons erkentlik staan teenoor hierdie teken van vooruitgang in smaak, hierdie bewys van trots in die handwerk van vakmanne. Ek sê dit na aanleiding van die wyse waarop *Nuwe stories van Rivierplaas* deur Alba Bouwer deur hierdie firma uitgegee is. 'n Mens hanteer die werkie met genot: 'n interessante formaat, 'n goeie, ligte letter, vakkundige inrigting van die bladspieël, smaakvolle inpassing van die illustrasies, 'n netjiese band, en die Hemel sy gedank, nie die on-

ooglike advertensietitels asof dit 'n plakkaat vir die straat is nie. Alleen reeds daarvoor dat die buiteband nie beplak is soos 'n sensasiestuk uit Hollywood nie, verdien die uitgewers 'n hartlike hoera.



Dit is die eerste werk van Alba Bouwer wat ek gelees het. Haar instelling is die van iemand wat naskets. Sy soek die situasie eerder as die gebeurtenis, sodat daar betreklik min gebeur, min beweging is. Die gewone in daad en woord en omgewing trek haar aan. Sy gebruik baie karakters: kinders, die ouers, die ou aia en die outa en ander plaasmense, en in hierdie enigsins geslote groep bring sy ánder mense in soos 'n konstabel, 'n blikslaer en sy gesin. Sulke kontakte gee aanleiding tot humoristiese sieninge in 'n kalme, rustige situasie, waarby veral die hooffigure met innigheid geskets word. 'n Vername rol beklee die begrypende ou-Melitie met haar krom taal en warm hart; verder is die wit koppie Alie steeds die midelpunt, waarmee 'n kinderlike sfeer geskep word. Wie die intieme toneeltjie lief het, die nie-teatrale, geëts deur 'n tydsame persoon met groot gevoeligheid, sal die stukkies geniet. Katrine Harries se illustrasies pas goed in en het op sigself mooi eien-skappe.

(Vulpen, *Die Taalgenoot*,
Februarie 1957)

□ *Stories van Rivierplaas*

Wat kan ek lees?

En onse Rivierplaasstories verower toe die wêreld stormenderhand! Hier lê hy, netjies in sy vaalgrys-bloulettertjie-baadjie, kompleet met sy beroemde kiewiet voorop — die tien stories van Rivierplaas waaraan ons Sarie-lesers die afgelope jaar of wat so lekker stuksgewys gelees het en wat nou dadelik dat hulle in boekvorm verskyn, opslae van waarderding maak ver buitekant die kring van ons gereelde lesers. Die Nasionale Boekhandel het dit uitgegee. Die praguitgawe is suiweruit 'n keurige stukkie boekdrukwerk.

Ek dink dit is tekenend van die plek wat klein Alie, Ou-Melitie, en die onbeteuelbare Lulu in ons hart het, hoe groots ons almal op Rivierplaas se sukses is. Ons — dis vir my die mooiste — vir wie die stories glad nie in die eerste plek bedoel was nie! Want hierdie stories was mos vir kinders bedoel. Indien dan miskien nie soseer vir hulle om

self te lees nie, dan wel vir hul ma's en pa's, hul juffrouens, ooms en peet-tantes om vir hulle hardop te lees. En dit wil ek nou hier uit ondervinding sê: daar is geen lekkerder lees aan Rivierplaas as juis so saam-saam nie. En nog 'n ding: u sal lank, lank moet dink voor u my 'n boek kan opnoem wat so vir groot, klein en middelslag tegelykertyd kan bekoor!

Die kinders, wil ek wed, gaan vir Rivierplaas so lief word soos wat ons kleindag vir Sarah Niemeyer se makbobbajaanstorie, Ougus, was. Goeie weet, dit was baie lief.

In die eerste plek dan, is Rivierplaas hulle s'n: daar waar Alie en haar boesemvriedinnnetjie Lulu met die Basoetokinders speel (en nakend die as-dans dans!), waar Alie eiers uithaal, of oor die kraalmuur loer na die melkery saans, waar Alie en Lulu in die heerlike skeertyd wol trap diep binne-in die donker baal; waar Alie en Lulu met hul leitjies en hul griffies en hul sent-botteltjies leiwat na die grys plaasskooltjie gaan; waar Alie langbeen vakansie-oggende met Ou-Melitie en Klein-Melitie en Sanna sit en putu-pap eet in die son en gesels ... en dan is daar nog Brakfontein, by ouma, waar Alie soms gaan kuier, en waar daar "drie lekker dinge" is: bulsakkie om snags op te slaap, 'n donkiekarretjie om bedags in skool toe te ry, en saans se sit by die mieliestronkvuur by die swart stoof in die ou kombuis.

Ou Melitie, watter een van die drie dinge sal dan nou vir my die lekkerste wees — om op 'n bulsakkie te slaap of om soggens op die donkiekarretjie skool toe te ry, of om saans in die kombuis voor die mieliestronkvuur te sit?

En dit is sweerlik net Ou-Melitie wat vir daardie wit koppietjie van "nonwe Alie" 'n bevredigende antwoord sou kon uitdink!

Ou-Melitie, oom Jan en tant Lenie, Outa Hoppies, Kommetjie se kalfie, juffrou Brannard, Ouma, die Ingelsman wie se graf op Brakfontein lê — hierdie, nog so 'n paar, maak die grense van Rivierplaas se heelaltjie uit.

Die skryfster was nie verniet wie weet hoe lank die kinders se Tant Magriet op die radio nie. Sy kan 'n storie vertel soos al wat kind is wat ek ken, hom vertel wil hê. Net so. Met al die geluide (*Pirr-*

pirr, proes Doppie en Sovie, as hulle met die kapkar dorp toe draf, en *ghwier ghwier* praat die skeerders se skêre — hoe jammer is Alie nie dat ouma se breë blink goue trouwing nie ook los sit en kan *triengerieng triengering* sê soos Ou-Melitie se armbande nie!) Met al die oorsê en weersê wat vir 'n kind so lekker is om in sy stories in te wag. Met die vermoë om dit doodnatuurlik vir 'n biesieroei-eieruithaalandjie te maak om ook 'n edele prinses vir 'n klein-dogtertjie te wees. Kortom met die slag om alles met 'n kind se verwonderde oë te kan aanskou en met 'n kind se onbevange verbeelding gestalte te kan gee.

Dit moet wees omdat ons grootmense so mettergrootword hierdie kindergawes verloor of verslyt het — om ons so ver weg gedwaal het van die tyd toe die muur tussen werklikheid en verbeelding waarlik niks dikker as 'n melkdoek was nie dat dit vir ons so wonderlik is om, al is dit net vir 'n paar kwartiertjies, weer terug te glip in daardie paradys waaruit die vlamme swaard ons verdrywe het. Hoe tam en drooggepers 'n mens ook al is, ná 'n teugie Rivierplaas moet jy eenvoudig weer verkwik voel.

Om bietjie langer in die land te wees as die kinders vir wie die skryfster oorspronklik die stories bedoel het, het darem ook 'n paar voordele. Naas die liefde vir Ou-Melitie, wat dadelik met 'n warm vlammetjie van Alie se hartjie na joune oorsprong, het 'n mens nou ook die meer objektiewe siening wat besef hoe 'n allerwonderlikste mens hierdie Basoetovrou moes gewees het — sy wat so vat-vat na haar snuifdosie en haar oë so styf toe kan knyp “of sy wil-wil lag of wil-wil nies”, as Alie met een van haar wonderbaarlike vrae voor 'n dag kom! Hoe 'n uitnemende, gebore kinderkenner die ou swart mens was kan jy tog nou eers reg waardeer. Jy word, omdat jy ietsie meer van die wêreld weet, byvoorbeeld ook meer ontroer as 'n kind deur ouma van Brakfontein, wie se hele wese vir 'n mens ooplê in haar waar sy daar voor die vuur met Alie gesels. Die manne met die voorgeskrewe boeke sal wil praat van “uitmuntenende karaktertekening” en “egte humor” wat ons hier aantref: maar waarlik sulke plegtige woorde voel my by Rivierplaas so onvanpas en uit jou beurt as manel en keil by 'n riengeriengerousie-spelery. Die liefde wat ons vir Rivierplaas se mense het, moet maar dien as

ons huldebetuiging aan die skryfster se kuns. En daar is die groot woord ook nou uit waarom ons sulke wye draaie probeer loop het en tog nie kon vermy nie: Die *Stories van Rivierplaas* is m.i. so 'n stukkie suiwer, pragtige prosakuns as wat ons taal lank present gekry het. Dis vir my vanpas dat die “voorwoordjie” deur M.E.R. moet wees.

Buite alle ander dinge om, is dit vir ons ook nog van waarde vir die pragtige uitbeelding van Afrikaanse plaaslewe; en vir die prentjie van die mooie verhouding tussen Boerkind en Bantoe — daardie saak waaroor ons vandag mos so selfbewus geraak het in ons land — wat die *Stories van Rivierplaas* vir ons bied.

Ten slotte, 'n mens kan net so min aan Rivierplaas as aan Lettie Bock dink sonder om aan Katriene Harries te dink. Die rol wat haar sketsies speel om Rivierplaas vir ons te laat lewe, kan moeilik onderskat word. Wat 'n vonds was dit nie vir ons illustrasie-wêreld nie? Ons kan haar en juffrou Bouwer net toevoeg:

smaak na teer
'k lus vir meer!

en hoop dat hulle sal gehoor gee en nòg maak.
(Elizabeth Tredoux, *Sarie Marais*,
15 Junie 1955)

□ *Stories van Rivierplaas*

“Onse eie Mense”

In haar “voorwoordjie” in hierdie fraai boekie skryf M.E.R.: “Uit die gewone daeliksse lewe, uit die omgang onder mense, kom onse lafenisse, onse vreugdes, en onse voordeel. Daar is van ons, wat sulke vreugdes en lafenisse weer kan ophaal uit die verlede, gekristalliseer, eg en skoon, vir almal tot voortdurende plesier.” Alba Bouwer is een van die gelukkiges wat ou vreugdes opnuut kan laat leef, ook vir ander. In hierdie sketsverhaaltjies van “onse eie mense se daeliksse lewe” op die oop ruimtes van die Vrystaat het sy vreugdevolle beelde uit haar eie kleindogtertjie-dae opgediep — beelde wat noodwendig in die fluidum van die herinneringsverbeelding in geïdealiseerde vorm uitkristalliseer,

en dié laat sy deur haar eenvoudige, kinderlike vertelling leef, “eg en skoon, vir almal tot voortdurende plesier”.

So kom dit dat die leser (veral as hy plaaskind was) in die beeldjies van hierdie kinderidille langvergete vreugdes opnuut beleef. So word selfs daardie lastige voetewas saans voor die stoof as herinneringsbeeld iets dierbaars. “Alie staan eenkant en kyk hoe ou-Melitie se sisrok met sulke kort draaitjies om haar swaai en hoe sy die water uit die Piet-fluit-ketel met ’n lang blink boog in die badjie gooi. S-j-o-r, sjips, sê die straal water as ou-Melitie die ketel skielik weer oplig bokant die badjie en dit dan so ‘klinks’ op die stoof neersit.” En so voort. Uit die gelukkige kinderdae kom die beelde op: doringboomgom soek, putupap eet saam met die volkies, eiers soek in die weglêneste en uithaal nog “so lekker veerwarm” onder die ou broeis “blinkogie-hen” uit, pa en ma se bulsakbed gelyk klop, stilletjies deur outa Jantjie op Prens se rug getel word, wolbaal trap, deur die kleinkalfiekoei in die melkkraal geskraap word; en ja, by Ouma stories hoor van die “Boere-oorlog” en in die groot kapkar saam dorp toe ry en die draaghout “kloppe-kloppe-kloppe” teen die disselboom hoor slaan in die groot stilte van die oop vlakke.

Dit alles en meer beleef die leser saam met en uit die standpunt van Alie, nege jaar oud, en met so ’n sterk verbeelding bedeed dat ou-Melitie, haar

trouhartige Basoeto-aia, op ’n keer ontsteld moes uitroep: “Jo! Darrie koppie van jou sy’s banja klein, mar jy denk die banja storie by darrie koppie, jô-na whe!”

Alie se kindersieltjie gaan voor ons oop deur haar daaglikse doening, veral in haar omgang met die plaasdinge en -mense — haar Siriërmaatjie Lulu, die swart kinders Sanna en klein-Melitie, maar veral in haar vertroulike omgang met ou-Melitie, wat haar “nonwe Alie” beter as alle ander ken en begryp.

Deur haar indieping in die kindersiel herinner Alba Bouwer aan die groot Nederlandse uitbeeldster van die kindergemoed Ina Boudier-Bakker, net soos haar idealiserende instelling op die dierbare dinge van die plaas wat aan die verbygaan is aan Boerneef se Boplaas-sketse laat dink en haar simpatieke skepping van die menslike ou-Melitie aan Franz se Moeder Poulin.

Die wêreld van Alie en ou-Melitie en die ander mense van Rivierplaas is nie groot of groots nie, maar dit is innig en eg, en dit raak die universele omdat Alba Bouwer in haar uitbeelding iets van die algemeen-menslike raakgevat het. Daardeur het sy op die gebied van die kinderuitbeelding ’n positiewe bydrae tot ons letterkunde gelewer.

Die boekie is mooi geïllustreer en, in ooreenstemming met die inhoud, smaakvol uitgegee.

(Felix V. Lategan, *Die Huisgenoot*,
20 Junie 1955)

3.7 De Kock, Susara Susanna (10 Junie 1898–9 Mei 1987)

Vra gerus aan iemand: Wie is mev. S.S. de Kock?, en die antwoord sal heel waarskynlik wees: Ek weet nie? Uitgesonderd haar familie en kennisse is daar waarskynlik min mense wat haar as mev. S.S. de Kock ken. Daarenteen ken die meeste mense, veral Afrikaanse lesers, haar as Sita, die skryfster van ’n groot aantal Afrikaanse boeke.

Sita is op 10 Junie 1898 op die plaas Hoogekraal (vandag Hoëkraal) ongeveer dertig kilometer ten suide van Potchefstroom waar die Mooirivier in die Vaalrivier vloei, gebore. Haar vader, mnr. L.D.C. Bosman, het op die plaas gewoon tot sy dood. Hy het op die plaas ’n skool opgerig en self vir vyftien jaar lank daar as onderwyser opgetree. Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het hy gaan

veg, hy is later gevang en as krygsgevangene na St. Helena gestuur. Sy en haar moeder is ook tydens die oorlog gevang en aanvanklik in die konsentrasiekamp te Potchefstroom aangehou. Later is hulle na die konsentrasiekamp te Merbank in Natal oorgeplaas.

Na die oorlog is die gesin weer op die verwoeste plaas verenig. Nog vyf susters is gebore waarvan die jongste op sewejarige leeftyd oorlede is. Die tweede jongste dogter is later met die bekende beeldhouer, Coert Steynberg, getroud. In die moeilike tye na die oorlog het Sita as die oudste dogter 'n belangrike rol in die huishouding gespeel.

Haar laerskoolopleiding ontvang sy aan die plaasskool waar haar vader die hoof is met een Engelse onderwyseres. In hierdie tyd was daar nog geen Afrikaanse hoërskole nie en is sy gevolglik na haar laerskoolloopbaan na die Girls' High School op Potchefstroom. Sy moes egter die skool vroeg verlaat. As lid van 'n musikale gesin het sy haar musikastudies aan die College of Music, Potchefstroom, voortgesit. Een keer per week het sy per perdekar vanaf die plaas dorptoe gery vir haar musiek- en sanglesse. Later het sy hoede- en kleremakery bestudeer en selfs 'n diploma in verpleging verwerf.

In 1921 tree sy in die huwelik met mnr. A.J. de Kock, 'n onderwyser aan die plaasskool. Uit hierdie huwelik is twee seuns gebore, Lourens Bosman de Kock wat ten tye van sy dood in 1967 hoof van TRUK was, en Arend Silvanus de Kock wat tans 'n boer en sakeman op Bronkhorstspuit is.

Reeds op skool het Sita se skrywerstalent na vore gekom. Toe sy omtrent tien jaar oud was het sy 'n prys gewen met 'n opstel oor "Ou Bles", hul hond wat in die oorlogsmurasie van verdriet dood is. Met verloop van tyd het sy baie boekpryse vir opstelle verower. Na haar huwelik volg sy 'n kursus in joernalistiek aan die "Vere Stent College of journalism and short story writing" in Johannesburg.

Na die sentralisasie van plaasskole aanvaar haar eggenoot 'n pos aan die Laerskool M.L. Fick in Potchefstroom waar hy vir die volgende 25 jaar skoolhou. Hulle vestig hulle in dié tyd op 'n plaas slegs agt kilometer buite Potchefstroom waar hulle deeltjds met rose, hoenders en varke boer. Haar ervarings as plaasvrou en plattelandse onderwyersvrou het haar van veel stof vir haar verhale voorsien wat in boeke verwerk is.

As jong onderwyersvrou en daarby moeder van twee woelige seuntjies plus 'n groot hoenderboerdery wat haar aandag vereis het, was daar nie veel tyd vir die skryf van verhale nie. In April 1924 skryf sy 'n lustige brief aan *Die Huisvrou* in verband met haar sukses wat sy met 'n resep uit dié tydskrif behaal het. Haar brief word in sy geheel as 'n sketsverhaal geplaas en sy word versoek om verdere bydraes te lewer. Kort daarna wen sy die kortverhaalwedstryd van *Die Huisvrou*. Hierna volg kort op mekaar kortverhale en sketse, kinderverhale, jeugverhale, vervolghverhale, dramas, operettes, kindergediggies, tydskrifartikels, reekse vir die radio. Sy begin nou ook om verhale aan *Die Huisgenoot* te stuur, later ook aan *Die Boerevrou*. Haar eerste bundeltjie, *Outa Fransie en ander verhale* verskyn in 1930 by Van Schaik.

Vanaf 1936 tot 1946 was sy lid van die redaksie van *Die Brandwag* waar sy as redaktrise van die kinderafdeling, *Die touleiertjie*, werksaam was. In April 1949 het sy na Europa vertrek op 'n besoek



Sita en haar man tydens hulle goue bruilof, 26 Maart 1971.

van vyf maande. Reeds voor haar vertrek het die BBC in Londen haar versoek om deelydse werk vir die korporasie te doen. In hierdie tyd het haar seun, Bosman, juis musiek in Londen bestudeer. Sy het later dikwels oorsee gereis en elke keer teruggekom met 'n magdom indrukke wat temas vir nuwe skryfwerk geword het. Kort voor haar man se aftrede op Potchefstroom skryf sy soos volg oor haarself:

Is 'n egte ou huishen en speel nie tennis of brug nie; drink ook nie soggens tee op teepartytjies nie, maar werskaf met die tikmasjien of peuter tussen die roosbome of by die varkkampe rond, totdat die wanderlust te sterk word. Pak dan die koffers en laat spat vir 'n maand of ses oor die see om die mens en sy land in die vreemde te gaan betrag. So nie, flenter dit op eie bodem rond en gaan kyk al die mooi plekke. Altyd weer intens bly en dankbaar om veilig tuis te wees en werk rustig tuis totdat dit tyd word vir die volgende toer. Wil op die wyse nog die ganse aardbol gaan kyk. En dis maar al.

Na 40 jaar diens aan die onderwys tree Sita se eggenoot af. Hulle verhuis van Potchefstroom na Amanzimtoti waar hy weer dadelik op versoek tot die onderwys terugkeer, eers aan die Warner Beachskool en later die Kingsway High School. Na 'n verdere vyf jaar diens tree hy finaal uit. Die egpaar vestig hulle daarna in Pretoria omdat albei hulle seuns daar gewoon het. Later verhuis hulle na Bronkhorstspuit waar hulle inwoners van die ouetehuis op die dorp word. Sita is op 9 Mei 1987 oorlede en gedurende Oktober 1987 is haar man ook oorlede.

Vanaf 1959 tot 1969 werk sy aan 'n omvattende boek oor die Bosman-familie. Nadat dit afgehandel is, het sy nog 'n werk van genealogiese aard aangepak en wel oor die De Kock-familie waaruit haar man stam. Hierdie boek het sy, bygestaan deur haar man, in 1973 privaat uitgegee en self versprei.

Erkenning vir haar werk het sy van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang toe hierdie liggaam sy Scheepers-prys vir Jeuglektuur vir 1960 aan haar toegeken het op grond van al haar jeugboeke, 'n totaal van drie-en-dertig. Van die bekendste jeugboeke is onder andere die volgende: *Outa Fransie en ander verhale*, *Janette; 'n dogter wat geen dame wou word nie*, *Uit juffrou se dagboek*, *Mientjie die meisiekind* en *Bennie-Boet*.

Sita is die skryfster van onder andere die volgende boeke:

Outa Fransie en ander verhale. Pretoria: Van Schaik, 1930.

En toe die prins kom. Pretoria: Van Schaik, 1930.

Vonke; kort verhale en sketse. Pretoria: Van Schaik, 1931.

Die stiefma; of, Onbekend maak onbeminde: toneelstukkie in een bedryf. Kaapstad: HAUM, 1932.

Sy les; blyspel in een bedryf. Kaapstad: HAUM, 1932.

Bakvissies; 'n kosskoolverhaal vir dogters. Pretoria: Van Schaik, 1933.

Kleingoed van die vlaktes. Pretoria: Van Schaik, 1934.

Uit juffrou se dagboek, I. Kaapstad: Nasionale Pers, 1934.

Pokkie en Dorkas. Pretoria: Van Schaik, 1935.

Uit juffrou se dagboek, II: juffrou op reis. Kaapstad: Nasionale Pers, 1937.

Rollie-Pollie en die glimlag-feetjies. Kaapstad: Nasionale Pers, 1937.

Janette; 'n dogter wat geen dame wou word nie. Johannesburg: APB, 1937.

Ons kinder-jaarboek. Johannesburg: APB, 1937.

- Die ou Voortrekkerbordjie vertel.* Pretoria: Van Schaik, 1938.
- Ons kinder-jaarboek, No. 2.* Johannesburg: APB, 1938.
- Boetman en Fanus; verhaaltjies van twee knapies op die plaas.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1939.
- Ons kinder-jaarboek, No. 3.* Johannesburg: APB, 1939.
- Groentjies; kaskenades op 'n seunskoskool.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1941.
- Sy held en twee ander verhaaltjies.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1941.
- Miempie en haar sustertjie.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1945.
- Ons kinder-jaarboek, No. 4.* Johannesburg: APB, 1945.
- Daar was eendag.* Johannesburg: APB, 1946.
- Nig Rabie se gedoentes.* Johannesburg: APB, 1946.
- Nuwe môre.* Johannesburg: APB, 1946.
- Twee mense.* Johannesburg: APB, 1946.
- Ons kinder-jaarboek, No. 5.* Johannesburg: APB, 1946.
- Speurder Ella.* Johannesburg: APB, 1947.
- Ons kinder-jaarboek, No. 6.* Johannesburg: APB, 1947.
- Ons kinder-jaarboek, No. 7.* Johannesburg: APB, 1948.
- Loon van die sonde.* Johannesburg: APB, 1949.
- Bennie-Boet.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1951.
- In die aandkoelte.* Johannesburg: APB, 1956.
- Japie en Pietbrak gaan op reis.* Johannesburg: APB, 1951.
- Kleurig en fleurig.* Johannesburg: APB, 1951.
- Soos 'n kosbare kleinood.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1952.
- Uit die puine.* Johannesburg: Dagbreek, 1952.
- Verre horison.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1953.
- Mientjie die meisiekind.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1954.
- Mientjie en die grotman.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1954.
- Mientjie en die aapmens.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1955.
- Die hutjie in die populierbos.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1955.
- Linkie-Winkie; kleuterrympies.* Pretoria: Van Schaik, 1956.
- Mientjie en die tokkolossie.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1956.
- Die towerstaf.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1956.
- Mientjie en die geheime wapen.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1957.
- Finkel en koljander; vier klugspeletjies.* Pretoria: Van Schaik, 1957.
- Ses vroue.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1958.
- Die meisiekind.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1965.
- Die buurt.* Pretoria: Van der Walt, 1967.

Die verlore droom. Pretoria: Van der Walt, 1970.

Die De Kocks van Heilbron. Bronkhorstspuit: Die Skryfster, 1973.

Sewe koppies rys. Johannesburg: Perskor, 1973.

Wekroep. Johannesburg: Perskor, 1976. (Gebaseer op die skryfster se *Uit die puine*.)

Liefste Kadie: sestien briewe aan haar kleindogter Karin 1947-1964. Kaapstad: Tafelberg, 1976.

Klipsop. Johannesburg: Perskor, 1977.

Magriet van die kinderhuis. Pretoria: Daan Retief, 1985. (Oorspronklik uitgegee as *Die verlore droom*.)

'n Man van ponde en dinge. Johannesburg: DALRO, 1986.

Bronne geraadpleeg

1. Neethling-Pohl, Anna. Sita; iets oor die lewe en werk van 'n bekende Afrikaanse skryfster. *Die Huisgenoot*, 6 Julie 1945.
2. Ons stel voor: Sita. *Skoolbiblioteek*, 6(2): 34-40; Julie 1974.
3. Ons vroue: Sita — geliefde skryfster. *Die Huisvrou*, 28(16): 1; 16 Augustus 1949.
4. Skeppers van die Afrikaanse leterkunde. *Lantern*, 24(4): 42; Junie 1975.

□ Bennie-Boet

Bennie-Boet is 'n seunsboek wat te meisieagtig gebly het. Dis my belangrikste beswaar teen 'n werk wat andersins nogal verdienstelik is. Die taal is deurgaans suiwer en eenvoudig, die sielkundige indringing in die puberteitsmentaliteit betreklik geslaag, die situasies soms geestig en selfs humoristies geteken.

Ongelukkig het die skryfster haar held met te veel vertedering benader, is hy té fyntjies, té kleintjies, té kinderagtig en onbeholpe vir 'n 15-jarige plaasseun. Dit gee iets sentimenteels aan sy uitbeelding en ek kan my moeilik voorstel dat die lezerspubliek waarvoor hierdie werk bedoel is, nou juis met die held sal dweep.

Die tekening van die vader en tante, onderwyser(es) en suster bly ook maar uiters vaag, trouens van werklike tipering en mensbeelding is daar deurgaans geen sprake nie. Die enigste uitsondering hierop is Outa Fieland, wie se geradbraakte Afrikaans raak beluister is, maar wat tog ook te volmaak voorgestel word.

(Tj. Buning, *Ons Eie Boek*, XVIII(3); 1952)

□ Mientjie die meisiekind

In alle regverdigheid nou iets vir die dogters. Dan noem ek *Mientjie die meisiekind* wat die eerste in 'n reeks Mientjie-boeke is. Sita is die skryfster, 'n ervare persoon met die pen, wat al gou opval as jy lees met hoeveel fyn trekkies sy haar karaktertjies kan teken, bv. as Mientjie opstuif wanneer die seuns haar as 'n meisiekind te na kom. Hierdie lewendige kuiergas is eintlik die plannemaker en aanhitser as sy vir Klaas en Spikkels oorhaal om die vreemde dinge te gaan ondersoek wat daar blykbaar plaasvind in die ou verlate goudmyn op die walle van die Vaal. Daar is vir jou spanning, asemberowend, hoor! Want hulle ontdek 'n verskuilde ingang na een van die myngange, en koes net betyds weg toe iemand met 'n lantern aankom en by hulle verbygaan. Hulle gaan weer die Sondagmiddag skelm om nader ondersoek in te stel, raak verdwaal in die labirint, val in verbrokkeldende myngange, ontdek dat daar in die spoelgrond deur die geheime oortreders diamante uitgesif word, ensovoorts. Ek glo ook dat die dogters baie aangename ure met hierdie lewenslustige meisiekind se avonture sal beleef en dat hulle sal lek-



kerkry as Mientjie die seuns so rondbeveel en op 'n goeie manier oor hulle baas speel.

(Vulpen, *Die Taalgenoot*,
September 1954)

□ *Janette* — 'n dogter wat geen dame wou word nie

Aantreklike meisieboek

Dis die soort boek wat 'n mens in die hand van opgeskote dogters moet lê om van hulle lesers te maak. Hulle sal hulle nie aan letterkundige tekortkomings, onnatuurlikhede, ens., steur nie, maar die boek verslind. Dis omdat Sita die slag het om interessante boeke veral vir jongmense te skryf. Sy is byvoorbeeld ons geestigste skryfster, en die gesonde lag wat die spanning in 'n verhaal verlig, was nog altyd een van die aantreklikhede van boeiende lektuur.

Janette is 'n plaasdogter wat nie 'n "dame" wil word nie. Sy is die enigste meisie van vier kinders. Die moeder het hulle reeds vroeg verloor. Die vader is in sy versorging van die jong kinders moederlik ter sy gestaan deur die getroue aia Sabien. Nou dat Janette al groterig is en 'n beter opvoeding behoort te geniet, word sy deur die kinderlose suster van haar oorlede moeder uitgenooi om by haar in Johannesburg te kom bly. Sy is welgestel en is met oom Melius, 'n oud-Nederlander, getroud.

Ons voel hoe swaar dit vir die natuurkind is om die aanbod van die tante, teenoor wie die hele familie bevooroordeeld is, aan te neem. Hoe sal sy wat so vry soos 'n seun grootgeword het in die stad en in die deftige huis van tant Ulrica aard? Mooi word die saamhorigheidsgevoel van die familie uitgebring; almal vind dit swaar dat die familiekring gebreek moet word. Ons leef saam met die groepie wat alles vir die vertrek klaar gemaak het. Ons voel selfs saam met aia Sabien, wat haar snaakse nonnie skaars kan mis; ons lag saam met die platjiestreke van Janette wat sy op die nuuskierige en skindergrage buurvroue uithaal.


Van die staanspoor beleef Janette allerhande avonture. In die trein is hierdie moedige dogter haar trane nie meester nie en dan voel sy so skaam. Op die stasie soen sy haar tante se "sjoffer", want sy dink dis haar familie. By haar tante begaan sy die een flater na die ander: die mattegely onder haar uit, sy dink haar tante is 'n bedienende, ens., ens. Die onverwagte gebeur altyd. Met die koms van die woelwater is die vrede in tant Ulrica se huis versteur. Sy is so geskok deur die onvroulike gedrag van haar niggie dat sy die hele dag aan hoofpyn ly en dan moet haar lyfbedienende, 'n kleurlingvrou in wie Janette 'n besondere hekel het, die vlugsout byderhand hê. Almal behalwe oom Melius leef op gespanne voet. Dis jammer dat die skryfster deur haar sug om geestig te

wees, verlei is om tant Ulrica so karikatuuragtig voor te stel. Sy ly gedurig aan hipokonders en Janette se onverantwoordelike gedrag is nie bereken om die boete in haar karakter te voorskyn te roep nie. Oom Melius is nes Janette, 'n mens. Tant Ulrica se optrede uit die hoogte prikkel Janette tot verset, terwyl oom Melius die mooie in haar karakter laat uitkom. Hy probeer versoen, want hy verstaan die dogter en simpatiseer met haar. Deur liefde en sagtheid probeer hy die plaasnimf te lei. Daarby het hulle gemeenskaplike belang, o.a. die mooi tuin. Die wilde Janette begin haar darem naderhand aanpas en ons hoor nie meer so baie van die botsings met die tante nie. Dis opmerklik dat dit veral die invloed van 'n skoolvriendin uit 'n gedistingeerde huis is wat veredelend op haar werk. Sy word Janette se ideaal; haar moeder se sang wek die sluimerende kunstalent in Janette.

Toe Janette die eerste vakansie weer op die plaas is, merk ons dat sy goed op pad is om 'n "dame" te word. Dit blyk uit haar soberder gedrag, haar klere, haar maniere, die behoefte om die meubels wat sedert die dood van haar moeder so staan, anders te rangskik, die metamorfose wat sy die tuin laat ondergaan, die teepartytjies met die uiters dun toebroodjies, die Nederlandsgekleurde taal, ens. Janette is wel nog die aantreklike platjie, maar daar *het* 'n verandering in haar gedrag gekom; haar vader merk dit ook.

Afgesien van die verhaal wat vertel word, vleg die skryfster ook Janette se baie briewe huis-toe in die boek in. Dis egte vrouebriewe en daarom aantreklik. Daarin teken Janette die uiterlike gebeure, maar ook die innerlike dryfvere word gegee. Ons sien sake deur haar bril en vergoeilik die een en ander in haar gedrag. Deurdat sy eerlik is, veral wanneer sy ernstig gesondig het, leer ons die regte Janette uitstekend ken. Nietemin vind 'n mens dit besonder onnatuurlik dat 'n skooldogter sulke goeie en lang briewe op alle onmoontlike tye van die dag huistoe skryf. Hulle herinner dikwels aan die briewe in die briefromans van Betje Wolff en Aagje Deken.

Janette is natuurlik en dikwels oorspronklik stout. Uit die jeugdige leser se standpunt sal dit die vernaamste bekoring wees. Dis net jammer dat sy dikwels onverantwoordelik, 'n mens kan byna



sê gemeen stout is. Dit toon wel dat sy mens is, maar omdat die leser baie gou van haar hou, gee dit op sulke plekke altyd 'n onaangename skok.

Soos reeds gesê, is geestigheid 'n vername kenmerk van die boek. Baie van die snaaksigheid vloei voort uit die ongewone situasies, maar dit bly natuurlik. Dink byv. aan p. 132. Hier en daar vind ons iets geforseerds in die geestigheid. Dis of die skryfster uit haar pad gegaan het om allerhande geestige situasies te kan inbring. Dit staan dikwels in verband met die karikatuuragtige voorstelling van tant Ulrica. Snaaks vind 'n mens Janette se eerlike kritiek van die stads vroue: vir haar lyk hulle darem te maer (sy vergelyk hulle natuurlik met "dik tant Mimmie De Jaar"), hul lippe is onnatuurlik rooi en dit lyk vir haar te komieklik wanneer hulle op hul hoëhakskoene loop.

Die simpatiekste onder die minder karakters in die boek, is oom Melius en aia Sabien. Laasgenoemde praat 'n natuurlike Kleurling-Afrikaans. Sy is spraaksaam, maar 'n staatmaker. Keer op keer sien ons hoe sy haar "oorlê nonnie" idealiseer, veral toe Janette as opgeskote en goedversorgde meisie vir die vakansie weer op die plaas kom. Oom Melius is die egte kinder- en natuurvriend. Hy voel instinktief hoe die vryheidsliewende natuurkind aangepak moet word om die beste uit haar te kry. Hy is die vriend wat haar met die stadselewes met al sy taboes versoen. Mooi bring die skryfster sy wisselende gemoedstemmings in sy taal

uit. Wanneer hy gewoon praat, is dit al taamlik Afrikaans, al bekommer hy hom nie danig baie om die dubbele "nie" nie. Ook het 'n hy eie woorde-skat, veral van troetelwoordjies. Wanneer hy op-gewonde is, staan sy taal baie naby Nederlands en nou en dan slaan hy selfs in sy moedertaal oor.

Letterkundig slaan ek die boek nie hoog aan nie, maar waar by ons so 'n dringende behoefte aan gesonde en boeiende lektuur bestaan, mag ons die betekenis van dergelike werk nie onder-skat nie. Dis jammer dat die band en afwerking van die boek veel te wense laat. Die eksemplaar wat ek besit is wel in "sagte band", maar sal die "liefdevolle" hantering van jeugdige lesers nie lank oorleef nie.

(M.S.B. Kritzinger, *Die Huisgenoot*,
13 Augustus 1937)

□ *Uit juffrou se dagboek*

Dis 'n simpatieke relaas van Juffrou se lief en leed met haar armoedige eenmanskooltjie daar vër in die grammadoelas.

Op eenvoudige wyse gee sy haar stemminge in verband met die snaakse en patetiese voorvalle, veral van die veragterde kinders en hul ouers. Son-

der selfverheffing spreek haar liefdevolle diensvaar-digheid tot die leser. Die karaktertekening van die verskillende kinders tref meer as die ontboeseming van haar eie liefdesgeskiedenis. Die styl is raak, beurtlings grappig en gevoelig.

In hierdie dagboek moet geen diepte van lewens-beskouing of besondere skoonheid van bespiege-ling gesoek word. Dis klein kuns van daelikse werklikheid, maar as sodanig aangename en onderhoudende lektuur.

(Anoniem, *Ons Eie Boek*,
Januarie-Maart 1935)

□ *Outa Fransie*

Outa Fransie en Die Voortrekkerbordjie vertel, deur Sita; en *Matie en sy maats*, deur H. de Vos. Hierdie drie mooi boekies is bedoel vir jong kin-ders; die tweede een sal die kind 'n eerste voor-smaak van ons mooi geskiedenis gee. Vir die meeste kinders sal die Outa-Fransie-tipe bekend en bemind wees. *Matie en sy maats* bevat stories en versies oor diere. Die boekies is uitgawes in die *Uit Eie Bodem*-reeks.

(Anoniem, *Die Burger*,
10 Desember 1938)

3.8 Rothmann, Maria Elizabeth (28 Augustus 1875– 7 September 1975)

In 1960 verskyn 'n verwerkte heruitgawe van *Kinders van die Voortrek*, wat in 1920 die eerste keer gepubliseer is, met 'n nuwe titel, naamlik *Die tweeling trek saam*. In hierdie nuwe uitgawe is Katrine Harries verantwoordelik vir die illustrasies. In 1961 ontvang M.E.R. die Scheepers-prys vir Jeuglektuur op grond van hierdie heruitgawe wat as die beste jeugboek vir 1960 aangewys is. Volledige bio-grafiese besonderhede oor M.E.R. word in paragraaf 2.4 verstrekk.

□ 'n Onvergeetlike beeld

Die heruitgawe van hierdie merkwaardige boek deur een van ons beste Afrikaanse skrywers is werklik 'n verblydende gebeurtenis. Die uitgewers het ons inderdaad 'n groot diens bewys deur dié unieke beeld van die Trekkerslewe in so 'n keurige heruitgawe aan 'n jonger geslag beskikbaar te stel. Dit is 'n boek wat móét voortleef, nie net omdat dit as 'n stuk onvervangbare Africana groot kultuur-historiese waarde het nie, maar ook en veral omdat dit die onbetwisbare en outentieke stemmel van kunsskepping dra.

M.E.R. beskryf die taak wat sy haar in dié werk ten doel gestel het, as volg: "Toe hierdie boekie sowat veertig jaar gelede geskryf is, was dit met 'n doel. Dit was die gewoonte destyds in onse skole om die kleintjies 'n soort aanskouelike weergawe te laat gee van bekende Engelse verhale. Hulle handel (onder leiding) bv. af wat Robinson Crusoe, die held van Daniel Defoe se stories, of Hiawatha, die Rooihuid van Longfellow se gedig, alles sou gedoen het; in dergelyke verhale word alledaagse werksaamhede beskryf, wat die kinders dan moes namaak. Wat presies vir die kind daardeur geskep sou moes word weet ek nie: maar dit was algemene gebruik en die opleiding van kleinkinder-onderwyseresse het sterk klem daarop gelê. Vir my was dit 'n jammerte om die bewoë, waaragtige geskiedenis van onse eie volk so verby te sien, en dié van 'Crusoe' en 'Hiawatha' te gebruik in die opvoeding van onse kinders. En daarom hierdie boekie."

Nou vertel sy die verhaal van één besondere Trekkergesin, die De Langes, wat van hul plaas in die Suurveld saam met 'n groep ander gesinne uit die Kaapkolonie getrek het om dieper die land in 'n nuwe tuiste te soek. Saam met dié Trekkergesin maak die leser die dramatiese gebeurtenisse van die Groot Trek mee, van die uittog uit die Kolonie tot by die moord op Piet Retief en die uitwissing van die Boerelaers wat op dié gebeurtenis gevolg het.

Ontslaglike moeite moet die skryfster gedoen het om dié omvattende en noukeurige kennis van die Trekkerslewe te verkry.

As bron van inligting oor alle moontlike aspekte van die gewone, alledaagse lewe van die Trek-



kers is die boek enig in sy soort. M.E.R. vertel presies wat die Trekkers geëet het, waaruit hul eetgerei bestaan het en hoe hulle hul kos gaargemaak het. Sy vertel van hul kleredrag, hul naaldwerk-gereedskap en hoe hulle hul klere herstel het. Sy beskryf hoe daar vir die kinders skoolgehou is in 'n tydelike buitelug-skooltjie onder die doringbome, hoe daar ink gemaak is van waboomblare en asyn, hoe suinig daar te werk gegaan moes word met die papier. Met verbysterende presiesheid vertel sy hoe die Trekkers op hul lang pad, eers na die noorde en toe weer na Natal, van dag tot dag geleef het, hulle teen gevaar beskerm het, aanvallers afgeweer het, wreedheid en verraad ondervind het en tog nooit afgewyk het van die koers wat hulle ingeslaan het nie.

Die wonder van die boek is egter nie die kennis wat die skryfster openbaar nie, hoewel dit op sigself ontsagwekkend is, maar haar verbeeldingsvolle inlewing in die omstandighede van die Trekkerslewe, haar volkome vereenselwiging met die Trekkerfamilie wat sy beskryf en haar meesterlike her-skepping van die daaglikse leefwyse op die Trekpad.

By die lees van die boek kry 'n mens ál die gevoel dat die skryfster self al die dinge *moet* mee-

gemaak het. Sy *moet* by gewees het toe die wegtrekkende grensboer sy waens gelaai het, toe die velsakkies vol kruit en stafies lood so versigtig tussen die buikplanke ingepak is, toe die huisapteek, die meelkiste, die trommels met brood en beskuit, die sakke vol beesbiltonge, die slopies met stene seep, die erdepotte vol vet die een na die ander op die waens gelaai is. Sy *moet* daar gewees het toe daar op 'n Sondagoggend in die skaduwee van die waens godsdiens gehou is, toe oom Frans Bothma sy gesangboek op die waplank neergelê het en uit sy bruin leer-Bybel voorgelees het.

Sy moet tog oom Frans werklik só gesien het “met sy kaal kop teen die sonstrale wat bo-oor die wa-tent die bietjie gryshare om sy ou gerimpelde gesig laat blink het soos silwer”.

Reeds uit hierdie vroeë werk spreek die onmiskenbare vermoë van die skryfster wat eers in later jare as een van die beste prosaïste in Afrikaans op die Hertzog-prys aanspraak sou maak. Keer op keer slaag sy op kenmerkende wyse daarin om so sterk atmosfeer te skep dat 'n mens teen wil en dank 'n deel word daarvan. Só byvoorbeeld vertel sy van die kosmakery by die kookplek binne-in die laer: “Nou hoor jy net potdeksels klap en water-tjies opgooi, en die skerp gesis van vleis wat braai; en daar is 'n geroer en 'n gebrei in die mieliepotte, en jy sien net stoom trek, en vuur opblaas, en rooktrane afvee; en jy ruik net braai en skroei.”

Treffendste bewys van die sterk beeldingsvermoë is die laaste drie hoofstukke van die boek waarin die dramatiese spanning stap vir stap oplaai van die beskrywing van die oggend toe Piet Retief en sy sewentig man wegtrek na Dingaan se stat tot by die nagtelike aanval van die Zoeloes en die aankoms van die De Langes by die verwoeste buurlaer. In hierdie hoofstukke is daar 'n dinamiese gang, 'n fyn ironie en 'n soberheid van segging wat die hoë tragiek van dié besondere brok geskiedenis waardig is.

Vir almal wat in die meedoënlose gang van die geskiedenis steeds die *mens* soek en selfs in 'n uur van diepe tragiek sy hart aan die algemeen-menslike kan ophaal, sal hierdie boek, nou so mooi uitgegee met die fyn tekening van Katrine Harries, iets heel kosbaars wees.

(Audrey Blignault, *Die Huisgenoot*,
18 November 1960)

□ *Brandhelder eenvoud van M.E.R.*

Wat is dit eintlik aan 'n goed geskrewe boek wat 'n mens dadelik laat voel: hier is kwaliteit? In 'n kort waardering wat Eugène Marais by die verskyning van die eerste druk van M.E.R. se boekie *Kinders van die Voortrek* in 1921 geskryf het — of soos dit nou in deeglik verwerkte en hersiene uitgawe heet: *Die tweeling trek saam* — waag hy 'n antwoord waarmee ek volle instemming wil betuig.

“Styl beteken baie,” so skryf Marais, “maar dit beteken nie alles nie. Die geheim lê in iets anders; wat die skrywer nie helder voor sy gees sien nie, kan hy nooit aan sy leser oordra nie, al het hy 'n hele woordeboek in sy gedagte. Aan die ander kant, alles wat hy self helder sien, alles wat diep uit sy hart kom, besit die geheimsinnige mag om dieselfde gemoedsbeweging en gesigsverbeelding in die leser te verwek.”

As 'n mens die boekie begin lees — eintlik is dit seker in die eerste plaas 'n jeug- of selfs kinderboek — dan kom jy op die eerste paar bladsye al onder die indruk van die waarheid van die uitspraak.

Omdat M.E.R. elke persoon en elke gebeurtenis in dié verhaaltjie só gesien het, volkome helder voor haar gees, maar ook met liefde en begrip, dáárom — en ondanks die feit dat sy 'n kinder-verhaal skryf en daarom doodeenvoudig, ongekompliseerd, sonder afgraaf in die gemoedslewe of die duistere motiewe van die menslike handeling — ja, dáárom slaag dit en is sy in staat om haar siening volmaak aan die leser oor te dra.

Die tweeling trek saam is die verhaal van twee boerekinders aan die Oosgrens van die ou Kolonie. Deur hulle oë sien 'n mens die spanninge van daardie tyd, die opgewonde voorbereidinge vir die groot waagstuk, die trek self en die lewe op die trekpad. Juis omdat dié gegewens op sulke bekende feite gegrond is, moes dit moeilik gewees het om “oorspronklik” te wees.

En tog is dié boek oorspronklik in dié sin dat elke oomblik daarvan die oorspronklikheid en egtheid het wat ware gebeurtenisse het op die oomblik dat hulle vir die eerste keer plaasvind!

Met 'n skerp oog vir besonderhede — dis immers die presiese gebruik daarvan wat tel! — te

ken sy daardie lewe: die maak van die ABC op gladde stukkie hout, die gebruik van uitgerygde garedrade, die hoofreken (omdat gare en papier albei skaars was), ja, die gaarmaak van tesalletjies.

"Die styl beteken nie alles nie," het Marais geskryf. Nee, miskien nie álles nie, maar darem byna álles.

Dié boek is geskryf met 'n brandheldere eenvoud wat 'n mens net in sekere Franse vertellinge

kry, of — en ek sê dit met die volle wete van wat dit beteken — die onopvallende diepte wat 'n mens by Arthur van Schendel of selfs die Bybel kry. Hoër lof is, glo ek, nie moontlik nie.

Die fraai uitgawe, met Katrine Harries se mooi pentekeninge, maak dit ook 'n kosbare besit.

(W.E.G.L., *Die Burger*,
21 Oktober 1960)

3.9 Du Plessis, Izak David (25 Junie 1900– 11 Desember 1981)

Izak David du Plessis is op 25 Junie 1900 op Philipstown in die Kaapprovinsie gebore. Op tweejarige ouderdom verhuis sy ouers na Kaapstad waar sy vader as prokureur gaan praktiseer het. Vanaf 1905 tot 1908 is die gesin terug op Steynsburg. In 1908 is sy moeder oorlede. In die begin van 1909 vestig I.D. du Plessis se vader hom weer in Kaapstad waar hy sou bly tot sy dood in 1929.

In die Kaap het I.D. du Plessis die grootste deel van sy skoolopleiding ontvang. Hy bevind hom aan die begin van 1913 aan die Hoër Jongenskool in Wynberg. Hier het hy 'n latere Eerste Minister,

dr. H.F. Verwoerd, vir twee jaar as klasmaat gehad. Hy voltooi sy skoolloopbaan aan die einde van 1917 waarna hy sy studies aan die Suid-Afrikaanse Kollege voortsit. Later in daardie jaar is die naam verander na die Universiteit van Kaapstad.

Na die voltooiing van sy studies hou I.D. du Plessis vanaf 1922 tot 1924 skool op Worcester. In 1925 keer hy terug na die Universiteit van Kaapstad om vir die BEd-graad te studeer. In 1926 word hy die eerste sportredakteur van *Die Burger* en die volgende jaar word hy aangestel as assistent-redakteur van *Die Huisgenoot*. Vir die volgende vier jaar, 1928–1931, is hy lektor in Afrikaans aan die Kaapse Tegnieke Kollege. Intussen het hy sy studies aan die Universiteit van Kaapstad voortgesit. Aan die einde van 1931 behaal hy sy MA-graad waarna hy aangestel word as lektor in die Departement Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit van Kaapstad. In 1935 behaal hy sy doktorsgraad met 'n proefskrif *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied*.

Dr. I.D. du Plessis was as dosent in Afrikaans aan die Universiteit van Kaapstad tot aan die einde van 1947 verbonde. In 1948 word hy hoof van die Instituut vir Maleise Studies aan dieselfde universiteit.

Aan die begin van 1951 verruil I.D. du Plessis die akademiese lewe vir die staatsdiens. In dié jaar



is hy aangestel as Kommissaris van Kleurlingsake wat toe as 'n afdeling binne die Departement van Binnelandse Sake geskep is. In 1961 het hierdie afdeling 'n volwaardige staatsdepartement geword en is hy bevorder tot Sekretaris van Kleurlingsake. Op 30 Junie 1963 tree hy uit die Staatsdiens, maar hy bly aan as die persoonlike adviseur van die Minister van Kleurlingsake tot aan die einde van 1964. Gedurende hierdie tydperk was hy ten nouste gemoeid met die stigting van die Universiteit van Wes-Kaapland in 1961. Hy is die rektorskap van die inrigting aangebied maar hy wou dit nie aanvaar nie. Met die selfstandigwording van die Universiteit in 1970 het hy die eerste kanselier geword.

Dr. I.D. du Plessis was nooit getroud nie. Op 11 Desember 1981 is hy in Kaapstad oorlede.

Vyftien digbundels het uit sy pen gevloei. In 1937 is hy deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns met die Hertzog-prys vir Poësie vereer, nl. vir *Vreemde liefde* en *Ballades*. Daarbenewens was hy die skrywer van etlike kortverhaalbundels, sprokies en jeugverhale. Dit was juis op grond van al sy jeugverhale, dertien op daardie tydstip, dat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hom in 1962 met die Scheepers-prys vir Jeuglektuur vereer het. Die groot aantal herdrukke wat sy jeugboeke al beleef het, is 'n bewys daarvan dat dit gretig deur die jeug gelees word.

Dr. I.D. du Plessis is die outeur van onder andere die volgende werke:

Die lied van Ali en ander gedigte. Kaapstad: Nasionale Pers, 1931.

Die Springbok. Kaapstad: Nasionale Pers, 1931.

Legendes van alle nasies. Kaapstad: Nasionale Pers, 1932.

In die Sabie; 'n hekeldig. Kaapstad: Nasionale Pers, 1932.

Die silwervaring. Kaapstad: Nasionale Pers, 1933.

Die rugby-kroon. Kaapstad: Nasionale Pers, 1934.

Stryd. Kaapstad: Nasionale Pers, 1935.

Uit die ander wêreld. Kaapstad: Nasionale Pers, 1935.

Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied. Kaapstad: Nasionale Pers, 1935.

Die wedstryd en ander verhale vir die jongspan. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1936.

Ballades. Kaapstad: Nasionale Pers, 1937.

Vreemde liefde. Kaapstad: Nasionale Pers, 1937.

Olimpiade. Kaapstad: Nasionale Pers, 1938.

Maleise liederkat: 'n sangbundel vir die Kaapse kore. Kaapstad: Nasionale Pers, 1939.

Die Maleise samelewing aan die Kaap. Kaapstad: Nasionale Pers, 1939.

Uit die Slamse buurt. Dl I en II. Kaapstad: Nasionale Pers, 1939.

Die skat van Robbeneiland. Kaapstad: Nasionale Pers, 1940.

Rugby in Rio. Kaapstad: Nasionale Pers, 1941.

Goëlery. Kaapstad: Nasionale Pers, 1941.

Kwatryne. Kaapstad: Nasionale Pers, 1941.

Die hart van Java. Kaapstad: Nasionale Pers, 1942.

Die corcovado: kortverhale. Kaapstad: Nasionale Pers, 1942.

Afrikaanse goëlstories, Dl I en II. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1942.

- Die gevleuelde perd en ander Kaapse stories.* Pretoria: Van Schaik, 1943.
- Skermutseling en skote.* Pretoria: Van Schaik, 1943.
- Die verbode ryk: kortverhale.* Bloemfontein: Nasionale Pers, 1943.
- Die vlammende fez.* Kaapstad: Unie-volkspers, 1943.
- Die oog van Boeddha.* Port Elizabeth: Unie-volkspers, 1944.
- Land van ons vadere.* Kaapstad: Unie-volkspers, 1945.
- Gevreesde vriend.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1946.
- Bloemlesing.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1947.
- Kom reis met my.* Johannesburg: APB, 1948.
- Ballade van die eensame seeman.* Kaapstad: Balkema, 1949.
- Lig en skaduwee.* Kaapstad: Balkema, 1952.
- Die mag van die woord: vyftig essays.* Kaapstad: Balkema, 1952.
- Verhalende ballades.* Pretoria: Van Schaik, 1952.
- Goede dood.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1953.
- Die sanger, die bose en die lied.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1955.
- Versamelde prosa.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1960.
- Versamelde ballades.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1961.
- Karoo-verse.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1965.
- Vaderlandse verse.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1966.
- Hasie by die dam.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1966.
- Terugblik.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1967.
- Doederomandro en ander Kaapse stories.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1970.
- Drie wêreld; keur uit sy prosa.* Kaapstad: Tafelberg, 1970.
- Sjog Joesoef.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1970.
- Versamelde verse.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1970.
- Sapen Sewekop en ander Kaapse stories.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.
- Ballade van Broer Blindeman.* Kaapstad: Buren, 1973.
- Aantekeninge uit Tuynstraat: herinnerings en beskouings.* Kaapstad: Tafelberg, 1975.
- Kaapse moppies.* Johannesburg: Perskor, 1977.

Bronne geraadpleeg

1. Du Plessis, I.D. *Aantekeninge uit Tuynstraat: herinnerings en beskouings.* Kaapstad: Tafelberg, 1975.
2. Lategan, F.V. Scheepers-prys vir Jeuglektuur, 1962 toegeken aan dr. I.D. du Plessis. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Jaarboek*, 1962, p. 41-42.
3. Ohlloff, H. I.D. du Plessis (1900-1981). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 22(4): 243-252; Desember 1982.
4. Steynberg, S. I.D. du Plessis gesels. *Die Kaapse Bibliotekaris*, Mei 1974, p. 28.



☐ *Die silwervaring*

Die tweede boek uit mnr. I.D. du Plessis se rugby-trilogie, *Die silwervaring*, wat as 'n vervolgreeks in *Die Huisgenoot* geloop het, het pas in boekvorm verskyn. Hierdie aankondiging sal die skoolseuns van ons land as baie goeie nuus beskou. Mnr. Du Plessis is 'n skrywer na hul wens, want nie alleen behandel hy die sport, wat naaste aan 'n Afrikaner seun se hart lê nie, maar sy boeke laat die ideale, wat elke jong seun koester, helder voor die verbeelding leef. Net so gretig, soos 'n skoolspeler die verslae van die wedstryde, waarin hyself verskyn, in die koerant nalees, so sal hy die avonture wat mnr. Du Plessis se helde van die Springbokspan op die rugbyvelde van Nu-Seeland deurmaak in *Die silwervaring* volg. Hoewel dit maar 'n denkbeeldige toer is wat Willie, Piet, Tokkie en Sigaret, ons ou vriende van *Die Springbok*, in die land van die silwervaring meemaak, slaag die skrywer daarin om die wedervaardighede van die toerspan so realisties voor te stel dat elke jong leser van sy boek sal voel dat hy al die angs en spanning van die toetswedstryde, wat hy in sy verbeelding daar bywoon, met die spelers en toeskouers deurmaak. Die boek kan met alle vrymoedigheid aanbeveel word as geskikte leesstof vir seuns, en het ook hierdie groot voordeel dat dit hulle sal leer om die Afrikaanse sportterme te gebruik in hul alledaagse gesprekke. Die skrywer streef ook daarna om die regte sportgees deur sy geskrifte te help voortplant en ook hierdie doel word bereik, want wen of verloor die Springbokke, wat aan sy toer deelneem, toon die regte Springbokgees, wat alle sportliefhebbers voortgeplant wil sien. *Die*

silwervaring is 'n uitmuntende boek om 'n jong seun as 'n geskenk te gee en behoort een van die populêrste Afrikaanse boeke onder ons jongspan te wees.

(Anoniem, *Die Kerkbode*,
27 September 1933)

☐ *Legendes van alle nasies*

Hierdie soort boek sal vandag met ope arms in die Afrikaanse letterkunde ontvang word. Mnr. Du Plessis is 'n baanbreker op dié gebied en voorsien hier in 'n langgevoelde behoefte aan goeie en geskikte leesstof vir die Afrikaanse kind, veral as ons maar dink hoeveel boeke van hierdie aard, hoofsaaklik oor die Griekse mitologie, op die boekrak van 'n Engelse kind staan. Die Afrikaanse kind ken nog so weinig "legendes van alle nasies", en daarom is dit verblydend dat mnr. Du Plessis hier die leiding op hom geneem het om 'n groot en heerlike land vir ons eie kinders te open.

Die meeste van dié legendes het alreeds in *Die Kleinspan* verskyn, maar is nou uitgegee in die serie "Almal se Boeke". (In die verbygaan kan ons die Nasionale Pers gelukwens met die nuwe en sterk band waarin "Almal se Boeke" nou die lig sien in stede van die vroeëre papierband.)

Mnr. Du Plessis word nes Van den Heever, een van ons mees produktiewe skrywers van vandag: ons ken hom reeds as digter en as skrywer van *Die Springbok*. In sy voorwoord sê hy: "Hierdie stories is nie vertalings van bestaande oorlewerings nie. Slegs die tema van die oorspronklike is ge-

neem en in Afrikaanse vorm geklee ... maar in die algemeen is rekening gehou met die gedagtegang en algemene uitkyk van kinders van ongeveer agt tot twaalf jaar." Vandaar miskien die kortheid hier van die breedvoerige, lang, oorspronklike verhaale. Met snelle vooruitgang en in eenvoudige taal vertel hy van die werke van Herkules: "van 'n paar moet julle darem hoor."

Die gees van die legendes is egter nie meer dié van die oorspronklike nie. Vir die klassieke Griekse kind, sou die storie van Herkules, soos deur Du Plessis vertel, seker baie snaaks geklink het. Sy beelde is dan ook uit die Afrikaanse lewe gegryp: "kon niemand op die eiland vir hom kers vashou nie."

Ek wou dat Du Plessis minder sedelessies aan die end van byna elke verhaal vasknoop; en wens hy het sy gevolgtrekkings liefst teruggehou. Dit verbreek die stemming wat hy by jou gewek het, dit versteur die hele atmosfeer, soos dit so dikwels die geval by Hooft is wanneer hy die mooiste liefdesang bederf met sy klassieke godename en beelde! Pragtig is egter die beskrywing van hoe Thor die reus aanval; dit spreek tot 'n kind, maar dan: "Arme Thor! Die gode het hom lekker uitgelag; maar dit het hom goed gedoen, want hy het daarna nie so groot gepraat oor sy kragte en sy hamer nie."

Ons moet ook beswaar maak teen die wyse waarop die vreemde godename, veral dié van Griekeland, gespel word. Daar is wel nog geen vastheid hier bereik nie (ten spyte van prof. Haarhoff se artikels); maar waarom is dit in die een geval Narsissus en dan weer Acrisius en daarna Herkules? Waarom is die oorspronklike -os nie liewer behou in *Narsissus* nie? En is die lang name soos *Nala* en *Damayanti* nie onuitspreekbaar vir "kinders van ongeveer agt tot twaalf jaar" nie? Hulle is sekerlik nie bekend met sulke Indiese terme soos *radja* nie.

Die skrywer begin sy *Legendes van alle nasies* nie in historiese volgorde nie maar spring van Griekeland en Rome na Egipte en Indië. Mooi sou dit gewees het as hy getrag het om te laat uitkom waar die een of ander saga sy oorsprong het, want seker tog is dit dat baie van hulle deur die een volk van die ander oorgeneem, vormom en hervorm is. Dis juis bekend hoe die towerkuns, en gepaard

daarmee die towerlegendes, van die Ooste oorgekom het na Griekeland en Rome. Hier moes die skrywer die kinders meer leiding gegee het hoe hulle dieselfde drade by verskillende nasies kan naspoor. 'n Gebrek is dit dan ook dat daar geen enkel een van die baie Suid-Afrikaanse legendes, miskien vervorm deur die Boesmans in die vroeë tye, opgeneem is in dié boekie nie.

Dis werklik 'n kuns om die lang, oorspronklike verhaal van *Perseus* so bondig en kort saam te vat en dan nog die wesenlike karaktertrekke daarvan te behou. In teenstelling is die geskiedenis van *Troje* alleen 'n blote opsomming van feite. Maar die skrywer is altyd in kontak met sy jong lesertjies en hy herinner ons dan ook baie aan die aangename verteltrant van Leipoldt. Dis altyd asof hulle met oop mondjies in 'n kring rondom hom sit en luister. Dit kom miskien die beste uit in die storie van Rome. En een van die mooistes is *Die wonderlike peerboom* van China. Hier maak ons kennis met towernaars; ons hoor niks meer van die Griekse gode nie maar wel van drake: "verskriklike gedrogte ... wat allerhande vorms kan aanneem." Daar lê 'n waas van heerlike geheim-sinnigheid oor die storie van die *Reëndraak*.

Dit kom duidelik uit in hierdie boekie hoe die verskillende nasies se legendes hulle aanpas by die omgewing. Dis nie snaaks dat die Eskimo's, wat in 'n donker wêrelddeel gehuisves is, stories vertel van lig en sonskyn nie. Ysland is omring deur die see, en gevolglik die minne. In Nigerië, weer, hoor ons van olifante en skilpaaie. En dan is daar so talryke legendes wat spruit uit die mens se ontevredenheid met sy omstandighede en besittings. Gedurig is daar die sug na rykdom by die armes. Daarom die *Drie wense* in Hongarye of *Die wonderlike haar* van Serwië. Glad nie eienaardig is dat die legendes of sagas 'n sedeles inhou nie, en 'n goue reël is hier: wees vriendelik en behulpsaam teenoor almal, en jy sal beloon word. 'n Groot rol speel die towerkuns, en so dikwels het hulle die hekse of fee arm kerele gehelp om 'n prinses tot vrou te kry. Net soos die Grieke en ander nasies het die Russe getrag om die veranderinge in die natuur met legendes te verklaar. Daarom die pragtige verhaal by hulle van *Die sneekind*. Die Romeniërs verklaar weer *Waarom houtkapper 'n lang snawel het*. In *Wes-Afrika* verneem ons "waarom die

koggelmander kopspeel." Na 'n lang storie konkludeer die skrywer: "Nou weet ons waarom die Eskimo's nooit daaraan sal droom om 'n kraai te skiet nie."

Daar dien nog op gewys te word dat *Willem Tell* glad nie pas in die atmosfeer van hierdie legendes nie al mag daar erken word dat die ware gebeurtenis reeds 'n legende geword het. Dit verbreek die illusie by die kind dat hy in vervloë tye, omwaas met die mistiese, hom beweeg. In verband met Egipteland volg daar 'n algemene vertelling van die piramides, die grafkelders en gebalsemde lyke, en eindelijk hoor ons van die eenvoudige verhaaltjie van die "Boer". Is dit die beste voorbeeld uit die Egiptiese mitologie wat die skrywer vir die kinders kon opdis? Waarom nie liever dié van Isis of Osiris vertel, wat tog meer verband hou met die Grieke, veral waar hy in sy inleiding self sê: "Die kinders sal gou die ooreenkomst tussen die verskillende verhale bespeur. (N.B.) Mag dit hulle aanspoor om ook van die talryke Afrikaanse oorleweringe meer notisie te neem!"

Maar in die algemeen is ons tog baie gunstig gestem teenoor die boekie, veral omdat dit baanbrekerswerk is en in 'n groot behoefte voorsien. Mag mnr. Du Plessis nog verder gaan in dié rigting.

(P.J.N., *Die Huisgenoot*,
27 Januarie 1933)

□ *Die gevleuelde perd en ander Kaapse stories*

Dr. Du Plessis verdien die dank van die kinders van Suid-Afrika dat hy hierdie neëntiental Kaapse stories uit die mond van die Maleiers opgeteken en oorvertel het. Party van die stories is deur die Slamse se voorouers uit die Ooste hierheen gebring; ander is stories wat hulle hier gehoor of self opgemaak het. Die verhaaltjies laat dink aan ons bekende feë-verhale, is vol van onmoontlikhede en wonderwerke, maar sal des te meer genot verskaf.

Die boek is mooi gebind en maak 'n aantreklike geskenk vir die kleinspan.

(J. de V. Heese, *Ons Eie Boek*,
Desember 1943)

□ *Die rugby-kroon*

Propaganda in baie leesbare vorm

Hierdie rugby-verhaal is die derde en laaste van die reeks wat begin het met *Die Springbok* en waarop *Die silwervaring* gevolg het. Die hoofpersone bly dieselfde in al drie die boeke, maar die Springbokke besoek in elkeen 'n ander deel van die wêreld. In *Die rugby-kroon* is hulle nie meer so jonk nie — by hul terugkeer in die vaderland raak een van die vriende al getroud. Op hierdie laaste toer van hul loopbaan bevind die Springbokke hulle in Engeland, waar hulle om die internasionale rugby-louere meeding en die dan ook verower.

Die feit dat *Die Springbok*, wat aan die einde van 1931 verskyn het, reeds 'n vierde druk beleef het, is bewys genoeg van die gretigheid waarmee hierdie vry leersame en boeiende verhale van ons rugby-kampioene gelees word.

As ek juis lees, is hierdie boekies nie opgestel met die doel om hoë literatuur te lewer nie, maar is hulle bedoel as aangename leesstof vir die jeug. In die voorwoord spreek die skrywer hom dan ook as volg uit: "Mag die werk as geheel (t.w. die hele trilogie) help om 'n gesonde sportgees by ons skoolgaande jeug te verwek, om die terminologie van ons nasionale spel te bestendig en om in die behoefte aan kinderlektuur te voorsien."

Dit is dus duidelik dat ons hier te doen het met werk van opvoedkundige en ook taalkundige propaganda, naas die verhaal-interesse, en as sodanig moet ons hulle dan ook beoordeel.

Daar is 'n gevaar — en die aanklag word soms teen ons jongmense ingebring — dat ons net, of hoofsaaklik net, veral in die rugby-seisoen, aan sport en voetbal dink. En daar is wel grond vir hierdie aanklag, want naas sport en goeie gesondheid is verryking van die gees net so broodnodig. Die voetbaljare gaan gou verby, en dan lê daar vir ons die lewe voor, waarin ons in baie van ons vrye ure en in al die lewensbeprowings aangewys is enkel op eie innerlike beskawing. En daarin en daardeur sal 'n voetbalgeheue ons nie help nie.

Maar hierdie verhale bied naas die verheerliking van sportprestasies en die onvermydelike verering van die konings van die rugby-veld ook leersame stof. En miskien kon die skrywer op hierdie sy nog

meer klem gelê het. Dit is bes denkbaar dat die rugby-helde in die vreemde te midde van die Europese beskawing ook 'n aandjie na 'n teater sou gegaan het om na goeie musiek te luister of om dramatiese talent te gaan bewonder. Ook sou hulle wel 'n namiddaggie kon geslyt het in 'n galery waar Engeland se kunsskatte byeengebring is. Of sou hierdeur die opset miskien té pedagogies geword het? Of sou die skrywer die Springbokke daardeur dinge laat doen het wat alte ver van die waarheid verwyderd is?

Nietemin het ons hierdie 'n drietal verhale wat spannend is, vlot en in goeie taal opgestel — bepaald boekies wat elke seun met plesier sal lees en met voordeel kan lees.

(Abr. H. Jonker, *Die Burger*,
2 April 1934)

□ *Die Springbok*

Bekende boek vir seuns nou herdruk

By Nasionale Boekhandel het nou 'n herdruk verskyn van I.D. du Plessis se bekende jeugboek *Die Springbok*. 'n Mens wil hoop dat die ander twee boeke in die reeks, *Die rugbykroon* en *Die silwervaring*, ook binnekort weer verkrygbaar sal wees. Dié drie was vroeër saam in een band.

Hoewel dit hier en daar in die lig van veranderde rugbyreëls aangepas moes word, het *Die Springbok*, wat die eerste keer in 1932 verskyn het en nou sy negende druk beleef, baie min met die jare verouder.

Die Springbok, die eerste deel van die "trilogie", vertel van die skool- en universiteitsdae van Willie Venter en Piet Uys, en hul maats, die vetsak Tokkie en die skraal rooikop Sigaret.

Willie en Piet is albei twee uithaler-rugbyspelers, die een senter, die ander losskakel. Die verskil tussen hulle is dat waar Willie 'n besadigde, gebalanseerde uitkyk op sake het, Piet net vir rugby lewe.

Du Plessis gee in hierdie boeke veel meer as net die blote verhaaltjie. In *Die Springbok* is dit nie so opvallend nie, hoewel die leser 'n interessante kykie in die lewe van die Kaapse Maleiergemeenskap en hul verhouding tot rugby kry. Dit is veral in *Die silwervaring*, waar die maats saam met 'n Springbokspan Nieu-Seeland besoek, dat 'n mens so 'n magdom dinge omtrent dié interessante land leer.

Vir elke reggeaarde seun is *Die Springbok* 'n goeie keuse.

(B. de K., *Die Burger*,
3 Desember 1965)

3.10 Nortjé, Peter Henry (20 Oktober 1920–)

Die bekende skrywer, P.H. Nortjé, is op 20 Oktober 1920 op die familieplaas Klipfontein in die distrik Willowmore, Kaapland, gebore. Hy is die jongste van 'n gesin van vier kinders. Klipfontein lê in die afgeleë Baviaanskloof (Bobbejaanskloof), 'n smal trog tussen die Winterhoek- en Kougaberger, ongeveer tagtig kilometer vanaf Willowmore. Die lang afstand vanaf die naaste dorp dui daarop dat dit afgeleë was met die gevolg dat die gemeenskap in daardie omgewing op sy eie aangewys was vir plesier en ontspanning.



(Fotograaf: Edrich, Stellenbosch)

Op sy vader se plaas was daar 'n plaaswinkel wat in die twintigerjare behoort het aan die vader van een van ons vorige Eerste Ministers, adv. J.G. Strydom. Naas die plaaswinkel was daar ook 'n plaasskool, die Eendracht Primêre Skool, met net een onderwyser. Hier gaan die jong P.H. Nortjé vanaf Sub. A tot aan die einde van standerd ses skool. Daarna besoek hy die hoërskool op Willowmore waar hy aan die einde van 1937 matrikuleer. Die volgende twee jaar studeer hy aan die Opleidingskollege Oudtshoorn vir die Primêre Onderwysersertifikaat. In 1940 gaan hy na die Opleidingskollege Paarl waar hy aan die einde van daardie jaar die Hoër Primêre Onderwysersertifikaat in Liggaamlike Opvoeding verwerf.

In 1941 begin hy sy onderwysloopbaan. Vir die volgende agt jaar gee hy primêre onderwys asook liggaamlike opvoeding aan die hoërskole te Douglas, en Umtata asook aan Dale Kollege in Kingwilliamstown.

Aan die einde van 1948 besluit P.H. Nortjé om hom akademies beter toe te rus. Die gevolg is dat hy hom in die begin van 1949 aan die Universiteit van Stellenbosch bevind waar hy die BA-graad in 1950 en die MEd-graad in 1951 behaal. Die volgende twee jaar gee hy op Riversdal onderwys. Vanaf 1954 is hy hoof van die Hugenate Laerskool op Wellington. Vir die volgende agt jaar beklee hy dié posisie waarna hy in 1962 toetree tot die personeel van die Opleidingskollege Wellington waar hy Opvoedkunde doseer. In 1968 is hy bevorder tot vise-reaktor van hierdie inrigting. In 1982 neem hy waar as rektor — die hoogtepunt van 'n lang en vrugbare onderwysloopbaan. Op 31 Desember 1982 het hy met pensioen uit die diens getree.

Aan die begin van 1983, na 'n verblyf van 29 jaar op Wellington, het P.H. Nortjé en sy eggenote na die Strand verhuis.

P.H. Nortjé is in 1952 getroud met 'n onderwyseres, mej. Mikie van Zyl van Bonnievale, wat ook 'n BA-klasmaat was. Uit hulle huwelik is drie seuns gebore.

Nortjé het op 19-jarige leeftyd begin skryf en wel 'n paar verhaaltjies vir die destydse *Jongspan* om langs hierdie weg as student 'n bietjie sakgeld te verdien. Vir twintig jaar daarna het hy niks geskryf nie. Op 39-jarige leeftyd het hy 'n behoefte ervaar om ter wille van sy eie seuns, sy jeugherinneringe in verhaalvorm te bewaar. So verskyn *Pennie se vuur* in 1959. Op versoek van die uitgewer het hy die volgende jaar *Die groen ghoen* geskryf. Beide boeke was onmiddellik baie gewild en is intussen herhaaldelik herdruk. Verdere werke volg daarna. *Donkerwater*, 'n jeugverhaal wat hom afspreek op die spoeldelwerye van Griekwaland-Wes, verskyn in 1964. *In voetpad se kloof*, 'n jeugverhaal oor die redding van die laaste bergsebra in die Kougaaberg, verskyn in 1970. In die 1982-jeugverhaalwedstryd wat deur Sarie en Tafelberg-Uitgewers uitgeskryf is, slaag P.H. Nortjé daarin om met *Die wildedruif val* die eerste prys te verower.

Benewens hierdie twee jeugverhale is sy talle sketsverhale wat gereeld in *Die Huisgenoot* verskyn het, by twee geleenthede gebundel. Hy het ook saam met twee ander skrywers 'n Afrikaanse leesreeks vir die primêre skool geskryf. Etlike van sy jeugboeke is reeds in ander tale vertaal en uitgegee. *Die groen ghoen* is ook in Engels, Nederlands en Duits vertaal. Vir sy eerste twee boeke, *Pennie se vuur*, en *Die groen ghoen* word hy in 1963 deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns met die Scheepers-prys vir Jeuglektuur vereer.

P.H. Nortjé is die skrywer van onder andere die volgende boeke waarvan sommige ook in Engels en Duits vertaal is:

Pennie se vuur. Kaapstad: Tafelberg, 1959.

Die groen ghoen. Kaapstad: Tafelberg, 1960.

Donkerwater. Kaapstad: Tafelberg, 1964.

Nuut onder die son: sketse uit die lewe van 'n gesin. Kaapstad: Tafelberg, 1967.

In voetpad se kloof. Kaapstad: Tafelberg, 1970.

- Aan die sonkant: 12 sketse.* Kaapstad: Tafelberg, 1971.
Op die sonpad: 10 sketse. Kaapstad: Tafelberg, 1973.
Matewis se mense gaan boer. Kaapstad: Tafelberg, 1973.
Bly of gly. Kaapstad: Tafelberg, 1975.
Operasie sonskyn en ander leesavonture. Johannesburg: Perskor, 1975.
Duisendblaar. Kaapstad: Tafelberg, 1977.
Casper. Johannesburg: Perskor, 1979.
Die wildedruif val. Kaapstad: Tafelberg, 1982.
Klein Hollywood. Kaapstad: Tafelberg, 1982.
The wild grape tree. Cape Town: Tafelberg, 1984.
Korsies van growwe brood. Kaapstad: Tafelberg, 1989.

P.H. Nortjé het saam met Hester Heese 'n Afrikaanse leesreeks, *Jeugland*, vir die primêre skool geskryf. Hy beskou hierdie onderneming as die omvattendste projek ten opsigte van sy skryfwerk wat hy nog aangepak het.

Jeugland ... Johannesburg: Perskor, 1975.

- St. 1 Die geheim en ander lekkerlees-stories
- St. 2 Wielie-Walie en ander verhale
- St. 3 Die kampioen en ander verhale
- St. 4 Die monster van Wag'n-bietjie en ander verhale

Bronne geraadpleeg

1. Mnr. P.H. Nortjé ... *Die Burger*, 31 Mei 1983, p.7.
2. Ons stel voor: P.H. Nortjé. *Skoolbiblioteek*, 4(2): 22-28; Julie 1972.
3. Persoonlik. *Die Unie*, 79(8): 214-215; Februarie 1983.

□ *Pennie se vuur*

'n Kind sal die boek nie maklik neersit nie

Die verskyning van 'n werklik goeie jeugboek is 'n verrassende en verblydende gebeurtenis. *Pennie se vuur* is een van die mooiste jeugboeke wat in die afgelope jare in Afrikaans geskryf is. As ek 'n voorspelling mag waag, wil ek sê dat dit na my mening net so gewild gaan word soos *Patrys-hulle* van E.B. Grosskopf.

Dit is eintlik 'n opwindende ondervinding om

met 'n nuwe skrywer soos P.H. Nortjé kennis te maak. Sommer op die eerste bladsy kom 'n mens al agter dat dié man darem Afrikaans kan skryf, maklik en natuurlik en lewendig, soos die meeste van ons Afrikaans praat, maar soos bitter min van ons Afrikaans skryf, veral nie in 'n boek nie. Die taal in dié boek leef weer, en 'n mens is dankbaar vir die bewys van gesonde verset teen die dwingelandy van die geykte woord en wending waaronder ons arme skryftaal, van Langenhoven dood is, so erbarmlik verskrompel.

'n Verhaal met 'n sterk ontwikkelingsgang is

daar nie in die boek nie; tog is dit deurgaans boeiend. Ek glo nie 'n hoërskoolkind wat die boek begin lees, gaan dit maklik neersit nie. Maar die trefkrag van die boek berus nie op uiterlike gebeure nie, en dáárin lê juis die groot waarde daarvan. Dit bring 'n mens eintlik warmte om die hart om 'n jeugboek te lees waarin ander lewensinhoude as spannende avonture en noue ontkomings uitgebeeld word.

Die bekoring van die boek lê eintlik in die liefdevolle herskepping van die plaaswêreld in die vallei tussen die Winterhoek- en die Kougaberge, van die mense wat daar in die Kloof woon en die lewenspatroon wat deur dié mense gevolg word.

Die sentrale figuur in die boek is die st. IX-skoolseun, Henk, wat die kronieke van 'n onvergeetlike somervakansie op sy ouers se plaas, Sewefontein, vertel. Sy beste maat, Basie, gaan saam met hom plaas toe vir die vakansie en dáár beleef die twee groot dinge. Opwindende gebeurtenisse vind daar wel plaas, soos byvoorbeeld 'n asemblemende bobbejanejag, 'n uitbundige palingvangery, self 'n ongeluk wat amper noodlottig is, maar dis nie hierdie dinge wat die boek so lekker maak om te lees nie. Nee, dis veel eerder die *atmosfeer* van die boek, die hele werklikheid van die streek wat beskryf word en die mense wat daar woon, en, soos ek dit sien, die idealistiese lewensbeskouing wat tot uiting kom.

In oom Rooie se plaaswinkeltjie wat so raak beskryf word, kom die bruinmense van die streek hul benodigdhede koop:

Ek verstom my vir die eidelose geduld waarmee hy die brutale opdragte van die lekkerlywe, die knaende geteem van 'n tandelose ou gryskop en die skugtere fluisterings van die kleintjies aanhoor, en dan vlug en sekuur met sy kort, vet arm-pies die 'tiekie se loogtwak, pennie se vuur, en daler se semp' raakvat en links en regs oor die toonbank stoot.

Daardie *Pennie se vuur* is dié inhoude wat aan die lewe lig en warmte gee en die mens 'n beskuttinkie bied as dit begin donker word. Die *Pennie se vuur* is 'n vertroude omgewing waar 'n mens voel dat jy tuis hoort, dit is 'n goeie menslike verhouding, tussen ouer en kind, tussen die jong mens en die ou mens, tussen man en jong meisie, tus-



sen blank en nie-blank. Die *Pennie se vuur* is die mooie wat daar in die lewe is en die vreugdes waarvan 'n mens jou hart nie hoef terug te hou nie. Dit is die *Pennie se vuur* wat hierdie boek die Afrikaanslesende jeug bied.

Mag ons die hoop uitspreek dat dié skrywer nog méér sulke mooi boeke vir die jeug sal skryf. Miskien sal hy in 'n volgende werk hom daarop kan toelê om 'n hegte eenheid in die opset van sy boek te verkry, moontlik deur die persoonlikheids groei van een of meer van sy hooffigure sterker uit te bou, moontlik deur groter konsentrasie op één sentrale gebeurtenis. Ons wag met geesdrif op sy volgende boek.

(Audrey Blignault, *Die Huisgenoot*,
4 Maart 1960)

□ *Pennie se vuur*

Seuns sal dié boek met oorgawe geniet

Dis gewoonlik 'n kenmerk van die beste gehalte jeuglektuur dat die skrywer alles wat hy te vertel het, ten volle geniet. Soveel genot spreek uit P.H. Nortjé se vertelling van hoe twee seuns hul somervakansie op 'n plaas deurbring, dat dit elke seun wat hierdie boek lees, moet laat watertand.

Onder die beskikbare jeugboeke is *Pennie se vuur* iets besonder, — nie net 'n variasie op die ou tema van spanning en avontuur volgens die resep van helde en boewe nie, maar 'n kroniek van die bedrywighede van 'n klein boeregemeenskap uit die kloof tussen die Kouga- en Winterhoek-berge.

Dis 'n afgesonderde gemeenskap dié, met 'n eiesoortige lewe en wêreld. "Avontuur" is daar wel, soos elke seun gedurende 'n somervakansie sou kan geniet; en die mense en hul milieu, met soveel liefde weergegee, oortuig soos selde in ons jeuglektuur.

'n Verhaal in die gewone sin van die woord is dit nie; eerder 'n beskrywing, met vermaaklike en spannende voorvalle deurspek, waardeur die leser die mense van die kloof en hul gewoontes leer ken, grotendeels deur middel van hul eie geurige boeretaal.

Van die staanspoor is die belangstelling gewek in hul verhouding tot die lewenslustige dogters, Miems en Marie.

Heerlik vermaaklik is hul rit in die "kontrepsie" — 'n eienaardige tremkaravaan, deur Henk se broer gebou. Die boeiendste episode is beslis die strategiese jag op die trop bobbejane. Dan is daar nog die spannende palingvangery, en die vrolike volkspeletjies op Oujaarsaand ... Dit alles bruis van lewenslus en vrolikheid, in 'n vlotte, opgewekte verteltrant.

Of die boek in elke opsig bevredig? Vir my is daar af en toe wel besonderhede wat onverwerk en onnoodwendig bly. Miskien ook moet die skrywer waak teen die neiging om die "boeretaal" of seunstaal té dikwels te gebruik. En hoewel ek oral die gesonde humor en goeie sin vir waardes hoog skat, kan ek tog nie die staaltjie in die eerste hoofstuk as suiwer grap beskou nie.

Tog is die slotsom dat hierdie boek 'n belangrike bydrae tot ons jeuglektuur is. "Soos die ou Kleurling '*Pennie se vuur*' gaan vra by die winkeltjie, so leef hierdie mense, gering en beskeie, maar in 'n weelde en rykdom wat geld nie kan koop nie," sê die stofomslag.

Dis 'n boek wat seuns — en sekerlik ook sommige dogters — met oorgawe sal geniet!

(A.U., *Die Burger*,
29 Januarie 1960)

□ *Die groen ghoen*

P.H. Nortjé se eerste boek, *Pennie se vuur*, het ek nie gelees nie, maar die gunstige bespreking daarvan het my daartoe gebring om nou sy tweede, *Die groen ghoen*, te lees. Hy is sonder twyfel 'n baie welkome toevoeging tot die klein aantal skrywers van goeie, knap geskrewe jeugboeke in Afrikaans!

'n Betoog oor die vereistes van goeie jeugboeke wil ek nie hier probeer afsteek nie, maar twee lyk my essensieel: ten eerste moet die stof — hoe dan ook — interessant wees, so interessant dat 'n jong mens nie maklik die boek opsy sal sit en liever iets anders gaan doen nie; ten tweede moet dit goed geskryf wees, in suiwer, en as dit moontlik is, sprankelende taal.

Die groen ghoen, hoewel die stof daarvan hoegeenaamd nie sensasioneel is nie, is wél interessant, al kon die skrywer miskien die verskillende episodes van dié verhaal nog hechter gebind het; en dit is beslis goed geskryf, met 'n verrassende hantering van die Afrikaanse boeretaal.

Interessant? Ja, ek hoop ons kinders, ook in die stede, sal dit nog interessant vind om te lees hoe Sewefontein se bende, die sg. "Spartaanse Ruiters" hulle inspan om 'n maat na die hoërskool te kry, hoe hulle douvoordag op 'n boontjieland swoeg, jag, berg klim, konsert hou e.s.m.

Ja, maar dit was nie soseer die "storie" wat vir my, gesofistikeerde leser, aan die lees gehou het nie. O nee! Veel eerder Nortjé se vonkelende boeretaal. Ek gee net één staaltjie:

Daar's ongeduld in die donker bruin oë soos hulle die wollerige maanhaar van Bosrug volg en ek weet nét hoe ou Vroujie nou met Pa se bloed werk. Die teken vir elke werksman op Sewefontein is geen horlosie of klok nie, maar ou Vroujie, dié groot noem-noembos wat soos 'n vet naturrelvroujie op die kruin van Bosrug staan. As sy haar eers uit die vuilswart skemer van die wildepruim- en kruisbessiebosse rondom haar losgemaak het, dan kom 'n werksman nie meer op Sewefontein se werf aangesit nie.

(W.E.G.L., *Die Volksblad*,
23 Februarie 1961)

□ Die groen ghoen


Dié tweede boek deur P.H. Nortjé is werklik nog mooier as die eerste een, *Pennie se vuur*, wat verlede jaar verskyn het en met groot geesdrif ontvang is. *Die groen ghoen* het dieselfde vonkelende lewensdrif, dieselfde warm werklikheid van 'n mens en plek wat *Pennie se vuur* tot iets besonder gemaak het. Maar daarby het dié boek nou ook iets wat nog in die eerste boek ontbreek het: die bindstof van 'n werklik boeiende verhaal wat die plek en die mense en al die lekker, interessante dinge wat hulle doen, in 'n mooi, afgeronde geheel saamvat.

Dié verhaal loop eintlik met drie drade deur die boek. Die Spartaanse Ruiters, avontuurlustige benede in die Primêre Skool Eendracht, neem hulle voor om hul behoeftige skoolmaat, Thysie, sonder sy medewete te help om genoeg geld bymekaar te kry om dorpskool toe te kan gaan. Dié geheime onderneming staan bekend onder die kodenaaam *Die groen ghoen*. Dit is die eerste en sterkste draad in die verhaal.

Die tweede draad is Die Ruiters se besluit om die tergende geheim van oom Kortetjie se Geel Deur op te los. En dan is daar nog 'n derde draad, dié van die Engelse kinders se koms na die plaasskool en die beroering wat daarmee in twee van Die Ruiters se gemoedere kom.

Die spanning wat deur dié drievoudige verhaal opgebou word, word goed volgehou tot aan die einde, wanneer die geheim van oom Kortetjie se Geel Deur op verrassende wyse opgelos word, die onderneming groen ghoen sy doel bereik en die twee Engelse kinders hulle plek as volbloed Kloowers inneem.

Wat dié boek met alle goeie jeugboeke gemeen het, is die oortuigende werklikheid van die lewensbeeld wat die skrywer skep. As 'n mens die boek klaar gelees het, ken jy Die Kloof en sy mense asof jy werklik tussen hulle gewoon het. Jy het sous-boontjies geëet in die gloed van die pendoringhoutkole voor die ou Dover-stoof in die kombuis op Sewefontein. Jy het die korsie van jou bruinbrood in 'n blikkie turksvystroop geweek op die gruisplaatjie agter die koeniebosse by meester Van Rooy se skool. Jy ken die lekker winterruik van kareebos en losgeploegde kluite en fluitjiesriet en



die gesellige geluid van bleshoenders wat opvlieg uit die vleislout se sluis. Jy weet hoe dit voel om bo-op 'n wiegende wawrag boontjies toele mied toe te ry en hoe 'n mens bitter word agter jou kiewe as jy aalwynsap tap. Die skrywer herskep 'n wêreld wat hy ken en liefhet. Die loutere lewensvreugde in die boek doen weldadig aan.

Dat die skrywer aan die goeie in die mens glo, word bewys deur die menslike verhoudinge wat hy uitbeeld. Dit doen 'n mens se siel goed om te lees van ouers en kinders wat pleks van smeulende griewe en hooglopende botsings tog 'n bietjie plesier het aan mekaar. Dit ontroer 'n mens om te lees hoe 'n ou mens soos oom Poon Musikant as 'n boeiende persoonlikheid deur die kinders aanvaar word. En die skrywer se siening van rasseverhoudinge — tussen Engelsman en Afrikaner, tussen blank en nie-blank — wat ongedwonge op 'n menswaardige vlak verloop is ook iets waarvoor 'n mens in hierdie dae dankbaar kan wees.

Aan die grond van die skrywer se lewensbeskouing is die vaste geloof dat dit vir mense lekker is as hulle vir mekaar iets kan doen, soos Die Spartaanse Ruiters — ja, eintlik almal daar in Die Kloof vir Thysie gedoen het.

Elke kind wat Afrikaans ken, móét hierdie heerlike boek lees.

(Audrey Blignault, *Die Huisgenoot*,
3 Februarie 1961)

3.11 Joubert, Gert Jacobus (4 Januarie 1907– 6 Maart 1966)

Gert Jacobus Joubert is op 4 Januarie 1907 in die Oos-Vrystaatse dorpie, Kestell, gebore. Hier het sy vader, J.J. Joubert, in die distrik geboer. Hy was die enigste kind uit 'n tweede huwelik. Op vierjarige ouderdom, in 1911, verhuis die gesin na Transvaal en vestig hulle op die plaas Onverwacht in die distrik Ermelo.

Hier op Ermelo het die jong Gert later skoolgegaan. Ongelukkig moes hy weens omstandighede die skool na die aflegging van die standerd 9-eksamen verlaat. Na sy skoolloopbaan word hy voltyds boer op Onverwacht. In die koue winters het hy met sy skape na die Laeveld in Swaziland getrek waar hy grond vir die doel gehuur het. Dit was dan dat hy saans om die kampvuur Nederlandse, Engelse en Skandinawiese jeugverhale en sprokies gelees het.

In 1934 is sy eerste vrou, Anna Pienaar, met wie hy slegs elf maande getroud was, oorlede. In 1938 is hy weer getroud en wel met Isabella Cornelia Pienaar, 'n niggie van sy eerste vrou. Hierdie huwelik vind plaas tydens die Ossewatrek in 1938 en wel by 'n ossewa by die Rooiwal-skool, distrik Ermelo. Uit hierdie huwelik is twee seuns gebore. Isabella is op 1 Desember 1963 oorlede. Hierna is G.J. Joubert weer getroud en wel met Mimmie Gouws.

G.J. Joubert se eerste kortverhaal, "Oom Jannie moet verskyn", het in die uitgawe van 27 Maart 1936 van *Die Huisgenoot* verskyn. Op aanmoediging van die redakteur het hy gereeld verhale vir *Die Huisgenoot* geskryf. Twee bundels kortverhale, *Steiltes* in 1938, en *Penwortels* in 1945, het ook verskyn. Hierna het daar 'n lang tyd verloop voordat prof. F.V. Lategan en mnr. Ben Olivier, destyds hoof van die uitgewersafdeling van Nasionale Boekhandel in Bloemfontein, hom weer sover kon kry om te skryf. Na 'n persoonlike besoek deur laasgenoemde twee here aan Joubert op sy plaas, begin hy skryf aan *Oupa Landman se viool*. Hierdie boek voltooi hy binne drie weke nadat hy elke dag 'n hoofstuk geskryf het. Nadat hy die manuskrip aan prof. Lategan voorgelê het, skryf prof. Lategan op 21 November 1950 aan hom: "Joubertjie — jy het 'n mooi boek gemaak. Sê vanaand dankie dat dit jou gegun is."

Oupa Landman se viool is in 1951 gepubliseer. Hierdie boek is tot 'n groot hoogte outobiografies. Dit is die verhaal van Gert Joubert se lewe. Die hoofkarakter, Johan, is hyself. Die plaas Lankverwag is in werklikheid die Hoëveldse plaas Onverwacht. Hierdie boek is reeds herhaaldelik herdruk en is dikwels vir eksamens in al vier provinsies se skole voorgeskryf.



(Foto: Tunis Krugel Studios, Ermelo)

Dertien jaar later, in 1964, bekroon die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hierdie boek met die Scheepers-prys vir Jeuglektuur. Hierdie toekenning het G.J. Joubert op 27 Junie 1964 in Pretoria ontvang. Maar sy eie gemeenskap het hom nie vergeet nie. Op 3 Septmber 1964 het die Afrikaanse Skakelkomitee van Ermelo hom tydens 'n geselligheid gehuldig vir sy prestasie.

Nog voor *Oupa Landman se viool* verskyn het, skryf Markus Viljoen, destyds redakteur van *Die Huisgenoot* in sy boek *'n Joernalis vertel* (p. 127–128) soos volg oor G.J. Joubert:

Hy is by uitstek die skrywer wat die wel en wee van die boerelewe in Oos-Transvaal uitbeeld — die gesukkel met die skape gedurende die bitter koue winters op die Hoëveld; die wind wat snerpand oor die bruin bulte waai; die skielike mis in die oggende, wat die vogtigheid aan boomblare en draadheininge skielik tot yskeëltjies omtower, wat soms 'n rinkelende geluid in die bome laat hoor as die windjie effens stoot: hierdie harde, onvrugbare en veeleisende wêreld, met sy taai hotnotsgras en suur vleie, is die “Matôtô-land” waar G.J. Joubert se kunstenaarsgees op sy gelukkigste is. Want hy ken dit deur en deur, met al sy luime en grille, sy lieflike sonsondergange en in die woeste ongetemdheid van sy donderstorms in die somer. Dit is die wêreld wat in die somer vriendlik kan glimlag soos die daglumier, maar in die winter koud en kil kan wees soos die Noordelig.

Weens die, menslik gesproke, ontydige en tragiese dood van G.J. Joubert op 6 Maart 1966 het daar slegs drie boeke van hom verskyn, maar sy nagedagtenis leef voort in *Oupa Landman se viool*. Hierdie drie boeke is:

Steiltes. Kaapstad: Nasionale Pers, 1938.

Penwortels. Pretoria: Van Schaik, 1945.

Oupa Landman se viool. Kaapstad: Nasionale Pers, 1951.

Bronne geraadpleeg

1. Joubert se werk spreek spontaan tot die leser. *Die Hoëvelde*, 11 September 1964.
2. Krugel, Lily. Ek ontmoet Oupa Landman. *Radio en TV Dagboek*, 10-16 April 1978, p.10.
3. Krugel, Lily. Hoëveldse boer wen die Scheepers-prys. *Die Huisgenoot*, 42(220): 74–75; 9 Oktober 1964.
4. Nienaber, P.J. Scheepers-prys vir Jeuglektuur, 1964 toegeken aan G.J. Joubert; huldigingswoord. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Jaarboek*, 1964, p. 50-51.
5. *Ons skrywers*. Johannesburg: Nasionale Boekhandel, 1955.
6. Viljoen, J.M.H. *'n Joernalis vertel*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1953.
7. *Vyftig jaar: Gedenkbundel*. Pretoria: Van Schaik, 1964.

□ Lanklaas is 'n verhaal in Afrikaans met soveel geesdrif vertel soos wat ons aantref in *Oupa Landman se viool*. Soos 'n hewige haelstorm laat op 'n somersmiddag, so is hierdie roman. Die skrywer sleep jou mee en hy los jou nie voordat jy die verhaal enduit gelees het nie. Die asemberowende vaart waarmee die kunstenaar vertel, word geskep deur 'n besondere taaltegniek: 'n “geesdrif-

tige” sinsbou en woordgebruik waar herhaling, hervatting, parallelisme en verkorting 'n belangrike rol speel en veral die gevoels- en modale woord veelvuldig gebruik word, en dan veral sy aanwending van kennis van die plaaslewe en sy weiering om die aandag aan iets te skenk wat nie met die boerdery te doen het nie.

Dit is die vernaamste verdienstelikhede van 'n

roman wat baie gelees sal word, wat baie verdeeldheid van mening sal uitlok en wat onteenseglik verdienstelike bestanddele bevat.

Teenoor die verdienstelikes staan heelwat bestanddele wat minder verdienstelik is. Mens lees die roman met groot geesdrif, en as dit af is, nog op dieselfde middag, dan merk jy dat die boek geen nawerking in jou gees het nie, en jy begin jou rekenskap gee van hierdie verskynsel. Waar- aan is dit toe te skrywe? Wat in die roman self lei tot vervlugting van die indruk op die gees?

Die ergste is seker die konsepie van die karakter van Johan. Hy is 'n egte romantiese held, uit die ou skool: meesterlike vioolspeler, uithalerleerling, beoefenaar van die bokskuns soos weinige, en nog meer — met die bypassende liggaamsbou. Hy kan alles en ken alles in die oortreffende trap. Dan die uiters romantiese trek van 'n oupa wat saam viool speel — wat die boek sy naam besorg, 'n volmaakte liefde wat sterf voor die natuurlike voltooiing daarvan, en die mistieke voorwete van die dood. Johan word beskryf as 'n geniale violis, maar daarby oefen hy nooit nie, doen allerlei inspannende werk wat die hande moet vergrof en die vingers hulle soepelheid moet ontnem. Dat Johan onder die omstandighede wat in die roman staan, tog nog daarin slaag om goddelike musiek aan die vioolsnare te ontlok in pleks van aaklige kattegejammer, is blote romantiese versinsel, die saamspeel van Oupa Landman ten spyt.

Dit is jammer van Johan, want in ander gevalle, selfs oomblikke in die lewe van Johan, kry ons tog besonder geslaagde bestanddele. Dink maar aan die simpatieke April, en verder aan Johan waar hy besig is om mure te stapel of om groente uit te haal vir die pot — voorvalle waarvan die uitbeelding besonder belowend begin, en dan skielik verslap, maar wat nietemin daar is om ons oë oop te maak vir die verdienstelikhede van die skrywer.

Op die verdienstelikhede in die taal het ek reeds gewys. Kyk 'n mens egter dieper, dan merk jy dat alle fonkeling nie goud is nie. So is daar tallose ou beelde, wat niks meer sê nie: "Mnr. Smith se senuwees is die afgelope week rou geskaaf deur die matriek-eksamen wat vlak voor die deur staan en elke dag soos 'n skrikwekkende gestalte voor hom oprys"; "somer gedagtes trap swaar en seer

deur sy gemoed"; "en soos suiwer saad op goeie grond geval het"; "soos 'n boom wat stil en alleen op 'n hoë kop waghoe oor die velde" ...

Die heel eerste sin van die boek lees só: "Skoon en donker en vol nuwe belofte lê die grond met stuwende lewe wat weer verjongde groeikrag geput het uit die goeie aarde" — pragtige volsin met ritme en getower met woorde, veral met die duistere toespeling op *grond* en *aarde*, maar probeer 'n mens jou dit veraanskoulik, ontdek jy die holle opgeblasenheid daarvan. Dit is verliteratuurde taal wat alle illusie van werklikheid mis en oplaas vervelig word: "stuwende lewe, roerlose middag, die goue dag, ryk dag, suiwer saad, wagtende grond, kosbare herinnering, suiwer hart, hoë vlugte, veragood" ...

Daarnaas klein taaljuweeltjies soos in die gesprekke tussen Johan en April, Johan as drywer, Johan met sy gedagtes waar hy mure stapel ...

Wat is die grondliggende gebrek wat hierdie roman in sy voë laat los trek het? Oorhaastigheid! Ons besef dit waar ons die beskrywing van 'n donderstorm beleef op p. 149-150. Hiervoor het die kunstenaar slegs 'n bladsy en 'n kwart nodig. As ons dit eers só insien, word die ander gebreke vir ons duidelik. Dan besef ons waarom die boek ons aan so baie ander laat dink: die appelblou skimmel van Visser, bekende werk van ander gewilde romanskrywers. Die skrywer het hom self nie die tyd gegun om sy ingewing in hom te laat besink nie. *Oupa Landman se viool* was bestem om te word die verheerliking van die grond, en dit bevat werklik al die bestanddele wat nodig is vir so 'n verheerliking. Maar dis bederf deur oorhaastigheid. Joubert het nie geduldig, soos 'n man wat mure stapel, sy woorde uitgesoek, gepas en gemeet om te kyk of dit in 'n bepaalde verband pas nie. Hy het nie sy karakters voldoende deurskou en hulle in ewewig langs mekaar opgestel nie. Sy liefde vir die grond en vir die bedryf van die boer het nie ongedwonge gevloei in woorde wat ook tot ons harte spreek nie, wat ons dwing, soos 'n pyn, om dae lank daarmee rond te loop omdat dit ons op 'n verborge manier verryk en veredel het nie.

Die oordeel klink miskien hard. Maar vir 'n man met die onbetwisbare talent van Joubert kan ons dit sê, en hy moet dit kan verdra: van ons belofte-

rykste kunstenaars verwag ons toegewyde, geduldige arbeid, want slegs langs dié weg is die hoogste te bereik. Veral ons prosaïste is in die afgelope jare verwen deur 'n oorgretige mark van tydskrif en skemaboek, met alte weinig gunstige uitsonderinge en het gewoon geraak daaraan om 'n roman binne veertien dae of ses weke af te rammel op die tikmasjien. Daarom het ons romankuns geword wat dit is. Joubert ly nie aan onmag nie, maar aan oorhaastigheid. Die grootse boereroman wat hy aan ons letterkunde wou gee, bly hy nog skuldig.

(Abel Coetzee, *Tydskrif vir Letterkunde*, Maart 1952)

□ Die twee bundels kortverhale en sketse van hierdie kunstenaar het sy groot kennis van en liefde vir die plaas betuig. In *Oupa Landman se viool* het hy na hierdie tema teruggekeer en een van die interessantste romans van die jaar gelewer. Dit blyk egter gou dat die tema met allerhande ongewone romantiese trekke verweef is.

Sommer van die begin af is ons *in* die verhaal en ons leef saam met die held waar hy met die kortgebakerde onderwyser bots en dit goed uitkom dat sy gedagtes, selfs in hierdie spannende eksamentyd, by die wuiwende mielielande van Oos-Transvaal is. Sy ouers het hom egter vir die predikantsamp bestem en soos hy die plaas idealiseer, idealiseer hulle die taak van 'n dominee. Hulle besluit egter om die seun 'n jaar lank op die proef te stel en hom dan finaal te laat kies.

In hierdie kort tyd het die seun getoon waartoe hy in staat is: die baie mure is weer opgestapel, die drade is reggemaak, in die Laeveld met die skape het hy in die droë winter harde bene gekou, maar by dit alles het hy moed gehou en die plaaslewe al liewer gekry. Uit enkele, besonder geslaagde briewe blyk dat hy in hierdie tyd veral deur sy nooientjie, 'n skoolvriendin, besiel is. Haar dood het hom byna gebreek, maar danksy 'n jong spogperd wat hy getem het, het hy na 'n paar jaar sy ewewig teruggekry.

Hierdie deel van die verhaal is nie danig roman-ties nie. Met die oupa-tema kry ons die werklike romantiek. Oupa Landman na wie die kleinkind



lyk en aard, was in hart en niere boer. Die volk het van hierdie ooreenkoms gepraat, vreemde mense het hom daarop geëien en dit het sy ouers elke dag meer getref. Nes sy oupa was hy lief vir die ou viool en kon dit goed bespeel. Telkens wanneer hy speel, verbeel hy hom dat dit eintlik Oupa is wat speel. By verskillende ander geleenthede is dit of hy van die teenwoordigheid en steun van hierdie geïdealiseerde man bewus is. En dit besiel.

Die oupa-tema is 'n goeie vinding. Dis roman-ties, teer en suggestief. Die kontinuïteit van die plaaslewe deur die verskillende geslagte word daar-deur goed gesuggereer. Idealisering pas daarby; dit word 'n bron van besieling en versterk die plaasliefde. Dit bring iets geheimsinnigs in die boek en laat aan reïnkarnasie dink.

Oor hierdie tema kan daar verskil van mening bestaan, maar nie oor die kundige en geesdriftige plaasuitbeelding en aansteeklike arbeidslus nie. Malherbe, Sam Hobson, Steyn van Rooyen, Potgieter, Pasch en Joubert het in die afgelope jare 'n ander toon in ons plaasverhale gebring. Hulle gee die plaaslewe met sy moeilikhede en sy vraagstukke, maar ook die vreugde wat die arbeid met sy oorfloedige vrugte bring. Hulle is in die aarde gewortel en moet daarvan getuig. Hulle is vol nuwe planne, maar uit alles straal die piëteit

vir die oue. Dit word 'n voortsetting van 'n tradisie, maar daarby word die nuwe nie veronagsaam nie.

Ons het hier 'n boek vol geesdrif, vol daadlus. Hy word gedra deur 'n lewenslustige styl en 'n beeldryke taal wat gelaai is met tekenende beelde uit die plaaslewe. (Die lewensvreugde laat soms aan *Pallieter* van Timmermans dink.) Hoe laat hy ons nie sien wat hy gesien het nie. Daar is talle pragbrokke in die werk. Van 'n skynbare nietigheid soos die drywe van 'n span osse of donkies maak Joubert iets besonders en, wat veral van belang is, hy koppel dit aan die leser se eie ervarings. Hy

gee dus oneindig meer as wat op die oog lyk. Naas die realisme, die romantiek en die poësie kry ons af en toe geestige afwisseling.

Die boek is vol besielende, positiewe boodskappe. Dit moet ons verwag in 'n roman waar ons met vooruitstrewende boere wat deur 'n mede-boer geskep is, te doen kry. Hinderlik is dit nooit. Ons is net dankbaar vir hierdie fris boek van Joubert wat na my oordeel deur verskillende soorte lesers geniet sal word, maar veral deur dié wat in hul harte boer is.

(M.S.B. Kritzingen, *Ons Eie Boek*, XVIII(1); 1952)

3.12 Bouwer, Albertha Magdalena (16 Maart 1920–)

In 1962 ontvang Alba Bouwer vir die tweede keer die Scheepers-prys vir Jeuglektuur. Drie van haar boeke, naamlik *Katrientjie van Keerweder*, *Stories van Bergplaas* en *Stories van Ruyswyck*, het vir hierdie prestasie gesorg. Volledige biografiese besonderhede oor Alba Bouwer word in paragraaf 2.4 verstrek.

□ As 'n kind mooi soet gaan slaap

Vir al wat kind is — en vir baie grootmense ook — sal dit die lekkerste nuus van die jaar wees dat daar pas 'n nuwe kinderboek deur Alba Bouwer verskyn het: *Katrientjie van Keerweder*.

Dis 'n pragtige boek oor 'n dogtertjie, nie dié slag oor Alie van Rivierplaas nie, maar oor Katrientjie van Keerweder. Só begin dit; "Katrientjie is 'n dikketjie. Nou nie potjie-dotjie-ronde-rol nie. Sommer net 'n dikketjie."

Is dit nie om van vreeslik lekker te kry nie! Niemand anders as Alba Bouwer begin 'n storie só soos 'n oonddeur wat oopgemaak word as daar klapperkoekies binne-in bak nie. En die beste is dat 'n mens wéét dis nie net daardie eerste ruikie

wat so lekker is nie. Nee, dit sal alles één groot lekkerte wees, net soos *Stories van Rivierplaas* en *Nuwe Stories van Rivierplaas* en *Abdoltjie*.

Katrientjie woon op Keerweder, 'n plaas binne in 'n dorp. Net soos vir Alie en vir Abdoltjie is dit vir Katrientjie elke dag wonderlik om te lewe. By haar op Keerweder woon Ma en Pa, Ouboe wat al skoolgaan en Tina Tierat wat in die kombuis werk en die wasgoed was en die mooiste stories kan vertel. Maar mooier nog as die stories wat sy vertel, is die liedjie wat Tina Tierat altyd sing:

O, die bakkie met die wipstertjie
Het 'n snoetjie wit soos room,
En as 'n kind mooi soet gaan slaap,
Sal hy baie dinge droom.

In die eetkamer op Keerweder staan die oupahorlosie wat lank, lank gelede uit Transvaal Vrystaat toe gegaan het en toe weer uit die Vrystaat Kolonie toe gekom het. Katrientjie weet dat daar baie, baie blink ure agter die oupahorlosie se gesig lê. Van so 'n blink uur van lank gelede vertel die oupahorlosie haar soms.

Hy vertel vir haar van die Paul Kruger-pond wat weggeraak het en weer gevind is op die lang reis toe die oupahorlosie van die Vrystaat af Kolonie toe gekom het, en van die stormnag toe die eekhorinkie uit die eikeboom voor die agterdeur gewaai is en die molle die grond sag gemaak het sodat hy nie moet seerkry nie.

Katrientjie vra vir almal om stories te vertel. Ouma Vrystaat vertel vir haar die pragtige storie van die dag toe Oupa huis toe gekom het terwyl hy op kommando was in die Anglo-Boere-oorlog, en Ouma die plan gekry het om hom in die tapyt toe te rol om hom só weg te steek vir die Engelse soldate wat kom soek het na hom. Tina Tierat vertel die storie van Kaatjie Kaaiman wat vir 'n mens op die loer sit as jy jou met onwettige dinge by diep water ophou.

En Katrientjie belewe self wonderlike stories waarvan net sy en die oupahorlosie weet: hoe dit gebeur het dat die knop van die nuwejaarsblom in die nag oopgaan, en hoe dit eintlik die oupahorlosie was wat vir Katrientjie wakker gemaak het toe die kool vuur uit die kaggel op die tapyt geval het en die huis amper afgebrand het.

Vir enige kind tussen die ouderdom van vyf en tien sal dié boek — lieflik geïllustreer deur Katrine Harries — die allermooiste Kersgeskenk wees. Soos al Alba Bouwer se kinderboeke is ook dié boek pragtig geskryf, met fyn inlewing in die beeldingswêreld van die kind, met 'n meesterlike hantering van fantasie en skepping van atmosfeer — en natuurlik met 'n beheer van keurige Afrikaans wat werklik aan Alba Bouwer se prosa die stempel van suiwer kuns gee.

Katrientjie van Keerweder is uitgegee deur Tafelberg-Uitgewers.

(Audrey Blignault, *Sarie Marais*,
6 Desember 1961)

□ *Katrientjie van Keerweder*

Ons moenie die indruk kry, as ons uitstekende vertalings van die beste kinderboeke uit ander lande lees, dat dit net buitelanders is wat kinderklasieke kan lewer nie. Van ons eie Alba Bouwer het so pas weer 'n boekie ver-

skyn wat seker een van die juwele van ons kinderlektuur gaan word. Dis *Katrientjie van Keerweder* (Tafelberg-Uitgewers) wat weer eens bewys



dat mej. Bouwer vir ons kunswerke met haar pen skep. Dit is werklik 'n genot om die boek te lees. Katrientjie (sy's eintlik die kleine Katerina want

haar ouers het nog die goeie ou boeretradisie gevolg om die grootouers te vernoem) is 'n mollige dogtertjie wat in die Boland groot word maar wat 'n ouma Vrystaat het wat weer grootouers in Transvaal gehad het. In Katrientjie se huis op die plaas binne in 'n dorp staan die oupahorlosie wat saam met die Oom Paulpond uit Transvaal gekom het, toe haar ouma in die Vrystaat nog die kleine Katerina was.

Die ou horlosie wys vir die dogtertjie 'n paar van die blink ure wat hy deur die lang jare heen agter sy gesig weggebêre het. Dit is ook hy wat met sy geslaan aan die end van die boek die dogtertjie wakkermaak sodat sy haar ouers kan roep om die brand te blus wat in die huis uitbreek het. Die van ons wat tydgenote van Alba Bouwer is, herleef saam met Katrientjie daardie salige dae. Ons kinders, wat in stede en woonstelle groot word, moet haar verhaal lees om te beseft net hoe sprokiesagtig hulle ouers en grootouers se kinderdae was.

Dis 'n mooi boek wat veral om die skryfster se verbasende taalgebruik uitstyg. Die sangerigheid van die herhalings van frases en sinne sal vir jong kinders bekoorlik wees. In Alba Bouwer se hande word die eenvoudigste Afrikaans ryk en beeldend. Die oupahorlosie staan "so en asemhaal en luister." Die eekhorning wat uit die boom val, "was 'n klein ou kleintjie." Die grond onder die boom is hard van al die afspoelwater wat daar uitgegooi word en "eekhorning se kind is wegwêreld as hy daar val, dis klaar." Ek wil nie van provinsialisme aangekla word nie maar my hart het darem lekker terugverlang toe ek op p. 96 lees:

'Onder die Bolandse grasdakke kan 'n mens geen stuk reën hoor nie' sê Ma. 'Ek wil my eendag nog 'n sink afdakke hier op Keerweder laat maak net om te staan en luister hoe die reën val. Toe ek 'n kind was in die Vrystaat, kon ek so lekker aan die slaap raak as die reën so op die sinkdak gons'.

Ek bejammer die Afrikaanse kind wat met 'n comic of 'n vertaling van Enid Blyton opgeskep sit terwyl Alba Bouwer in ons eie taal sulke pragtige kinderboeke skryf. *Katrientjie van Keerweder* word

deur haar "ou spanmaat, Katrine" (Harries) met liefde geïllustreer.

(Louise Behrens, *Die Staatsamptenaar*, Februarie 1962)

□ *Stories van Bergplaas*

Vir mense wat nog van mooi dinge hou

Alba Bouwer se jongste boek, *Stories van Bergplaas*, is nie soseer net vir kinders bedoel nie, meen ek, as wêl vir grootmense wat nog iets van hul kinderlike verbeelding oorgehou het, of wat oud genoeg geword het om weer aan hul kinderdae terug te dink. Miskien ook — en ek formuleer dit opsetlik baie versigtig — vir mense wat nog van mooi dinge hou, want daar lê 'n waas van skoonheid oor dié boekie, ...

Grietjie, wat deur die klank van woorde getoor word, en haar meer aardse broertjie Bramie, die bruin-kinders, Klein Willem Houtmens, Jaffie en Diksel, en Trui met Dingetjie op haar heup — dis 'n paar van die grootmense. Daarby kom Lappies, die hondjie, en die ou hoenderhaan, Steier, wat deur sy koppigheid 'n ontydige dood vind.

Maar òf dit nou ai Nonkie se verduideliking van die woord "toeflanker" ("Kom tot uw Heiland, toe flanker nie ...") òf Braampie se wakkerword op ou Kersdag is en die kleure en die geure in die kombuis op daardie dag — dis alles ewe heerlik en verruklik.

Só 'n bruin vrou se wysheid, waar sy van kinders sê: "Ai, ai, lank van doen en kort van dink, dis nou eenmaal kind se geregtigheid!"; waar outa Warie vir Bramie, wat skielik dink hy is lam omdat hulle gespeel het hy is lam, op hol jaag dat hulle soos waenhuiskatte onder die stukvate deurseil; ouma se resepboek wat skuins teen die tee-goedballetjie staan en die geur van daardie kombuis, met prentjies op uit die kinderjare van naeltjies en gemmer en suurlemoen en vars brood, dit roep onmiddellik die meeste van ons.

Hierin is trouens 'n poësie aanwesig, so waar en so waaragtig as dié in enige gedig waaraan 'n mens kan dink. Het Rilke in sy briewe aan 'n jong digter nie vir hom met nadruk aangeraai om die

weg na sy kinderland terug te vind nie, dié ware en onuitputlike bron van álle poësie?

Maar daar is, intiem en byna onopsigtelik met dié verruklike poësie van die aarde vervleg, ook morele standpunte aanwesig, waarmee 'n mens nie anders as rekening móét hou nie: die wedersydse vriendskap en trou tussen blank en bruin plaaskinders; die strenge en tog werklik begrypende geregtigheid in die optrede teenoor nie-blankes in die algemeen. Dit is ligpunte dié in ons menslike verhoudinge, waarvan buitestaanders gewoonlik niks begryp nie.

Terloops, 'n mens voel dié boek behoort eintlik vertaal te word. Maar wie sal dit klaarspeel?

Terwyl 'n mens *Stories van Bergplaas* lees, kry jy in toenemende mate 'n gevoel van opwinding: dis mos beter as alles wat Alba Bouwer al ooit geskryf het — nie heeltemal so naïef as die mooi *Stories* en *Nuwe Stories van Rivierplaas* nie, ryper en nader aan die werklikheid as die byna fantastiese *Abdoltjie*, nie so beperk aan tyd en plek as *Stories van Ruyswyck*.

Kortom, ek voel in hierdie stadium absoluut oortuig daarvan; dis Alba Bouwer se mooiste, mooiste boek!

Ek was jare lank jaloers op boeke soos dié van Eleanor Farjeon in Engels maar *Stories van Bergplaas* is mooier: daar is duursamer kwaliteite daarin en dis wesenlik beter geskryf!

(R.N., *Die Volksblad*,
30 Januarie 1964)

□ *Stories van Bergplaas*

'n Jeugboek uit die wingerdland, die hartland van die Boland, is *Stories van Bergplaas*. Katrine Harries se vonkelende tipering op die stofomslag dui dan ook reeds die sonskynkwaliteit van dié suiver kinderverhaal aan.

Die tienjarige tweeling: Bramie, Braam of in 'n gewigtige oomblik Abraham vir sy vader; en Grietjie, oftewel Margareet vir tant Letta se dawerende roepstem; is die klein dog kragtige dinamo's wat Sadewee (eintlike naam van die plaas; die titel is ietwat misleidend) se kleurrike inhoude in lag en droefenis openbaar.

Lojale bondgenote van dié twee energieke boerelinge is die bruinkinders van die plaas: skugter, intelligente Willem Houtmens, die pretlustige Dik-siel en die-al-in-die-een-kant-swaardra Truitjie met Dingetjie ewig wydsbeen op haar heup.

Hierdie sorgvrye, kommerlose kinderland vind met 'n prettige dosis humor natuurlike aansluiting by die ongedwongenheid van die grootmenswêreld van wit en bruin uit 'n tyd wat verby is. Dis asof sy ons stugge gekultiveerdheid en beskaafdheid wil konfronteer met die vrolike onbeheerstheid van die kind, met sy drang om elke dag leeg te skep en selfs as hy in sluimer tuimel weer by die gedekte tafel van 'n nuwe dag aansit.

Die volwassenes wat hierdie wêreld van die kind gestalte gee, leef nog sonder psigiatriese spanninge en gekompliseerde resepte vir goeie menslike verhoudinge. Weliswaar skerp geïdealiseer soos die kind se sprokie verlang, dog geen eteriese wesens vry van die ban van aardse sorge nie.

Oom Koos en tant Letta is sonder baasskap-etiket begrypende voogde vir die minderes; met strenge, regverdige, Christelike maatstawwe as rigsgoere. Bramie moet vir sagsinnige klein Willem Houtmens om verskoning gaan vra toe die bullebak Giel hom uitgedaag het om die weerlose Kleurlingkind te lyf te gaan.

Die Kleurlingkarakters met hulle warm aardse drifte, valse vrese, en duister bygelowigheid en baldadige humor is in afkoms 'n integrerende deel van die historiese plaaspatroon. In hierdie toonsetting van ou, halfvergete melodieë bly hulle dan ook die dwingende ondertone; 'n essensiële aanwesigheid waarsonder die Bolandse plaaslewe van 'n paar dekades gelede net nie denkbaar is nie. Almal minlike menslike skilderytjies; elkeen duidelik volgens aard en aanleg kinders van hierdie wêreld.

In hierdie bruin-wit verhouding is daar geen bewuste aksente op die verskille in sosiale status nie; die geheel wys op 'n onbestudeerde saamwees in die dag se doenighede waarin die mens self, nie sy kleur nie, funksioneer. Die onverwikkelde milieu van die goeie ou tyd dus. Daarom dan ook dat outa Warie se praktiese, dikwels koddige kommentaar oor al wat lewe met die nodige eerbied ontvang word deur 'n ieder wat deel vorm van die plaas.

Taktvol beduie hy vir Bramie (p. 71) die manier waarop 'n mens "gloef": "Kyk", sê hy, "as 'n mens ding wil gloef, na gloef jy dit, of dit nou regtig is of nie so reg nie." En sy hoogste troef as Bramie wil weet of dit "regtig" is dat liewe Jesus op die Kersfees gebore is: "Kyk, Brampies", sê outa Warie, "nou praat ons nie meer van stories nie, gehoor. Dis dinge wat in die Groot Boek staan en dis regtig soos die doring aan die braambos en die korrel aan die tros, en dis vir almal om te gloef, my ou duusbaas, of ons nou gesien het of nie gesien het nie."

En as outa Warie so af en toe kierang met "be-skaafde" woord of uitdrukking soos "meester teen meester", word die hoë woord hom blymoediglik vergewe.

Byna nog gewigtiger as outa Warie is sy gemoedelik-pruttelrige wederhelfte, ai Nonkie, die siel van die kombuis. Met kleurryke openhartigheid kommentarieer sy op die dag se wel en wee en vorm terselfdertyd Bramie en Grietjie se buiteskoolse opvoeding met 'n paslike woord waar dit hoort. Soos: "ai, ai, lank van doen en kort van dink, dis nou eenmaal kind se geregtigheid."

So is daar ander kleurryke bruinmense in die boek wat bly vassteek in die herinnering: Die rym-dronke Jaffie ("lig in die kop, eerste by die dop", "my ding ek is warm, maar my hart is arm"), die "toornaar" Hans Boesman, kluisenaar, menssku, "sonder vriend of maagd" en die bekkige Klaas Pens.

Dis dan ook omdat haar karakters vaste menslike vorme aanneem; die onreële wêreld telkens teruggevoer word tot realiteit en onmiddellikheid dat 'n boek soos hierdie kantel oor alle versperrings tussen jeug en ouderdom en met sy humanitêre inslag 'n tydlose karakter kry.

Daar is tematies beskou geen bepaalde motief wat die gebeure dramatiseer vind nie; veeleerder is dit episodes in samestelling, gesentreer rondom bepaalde feestelike hoogtepunte in die plaas- en kinderlewe. En al is dit nie heeltemal volgens voor-geskrewe verhaaltegniek nie, word dit met soveel rype, simpatieke insig en behaaglike humor waar gemaak dat opwinding nooit ontbreek nie; behal-

we miskien vir die slotepisode wat uit die toon val en 'n gevoel van onvolkomenheid laat.

Stilisties het hierdie jongste van Alba Bouwer 'n vonkelende verjongingskuur geword. Die romantiek van 'n verbygegane tydperk word in byna vrolike versmaat gerekonstrueer in die breë boere- en Kleurlingidioom. Waar daar in haar vorige werke soms tekens was van opsetlike stylkunsies het haar taal en idioom nou in spontane ongedwongenheid een geword met die karakters wat sy oproep.

Ofskoon daar nêrens bewustelik met historiese tooisels gesmous word nie, beskik die skryfster oor 'n bykans fotografiese taalgeheue — as daar so iets bestaan — ten opsigte van ou gebruike en benaminge uit die sfeer van die boereplaas. 'n Ware fees vir die taalliefhebber; kleinode uit die taalargief wat daarin slaag om die muwwe reuk van kleurlose, korrekte Afrikaanse swaarwigtighede te verdryf.

Dikwels is dit sommer net name wat ruk aan die hart; trompette wat aankondig, roep en vertel; die jare wat agter lê, ryg aan vandag.

Dis die dae van bokkoms, rantsoenemmers, van kierang by die resoene, growwe brood, vet en korelkonfyt, van broodknie in die balie, vleis in die sifkas, naeltjies, anys, droë nartjieskil, gemmer en kaneel; die beeshoring-dopmaat vir die volkies wat al ewig dubbeldop wil steek; die swaeltjies, vlooi-tjie (klein vaatjie), die stukvat. En in die kombuis die oondskop, skuimspaan en klimmeide. Sommer so 'n lekker oordad aan dinge wat was.

Dis die taal van ons mense! So het dit eenmaal gegis, geskuim, geborrel; neutvars gehaal uit die mond van boer en kneg.

Alba Bouwer bring hiermee vir ons letterkunde 'n prestige-produk; die uitvoermark volkome waardig; danksy ook die voortreflike versorging van Tafelberg-Uitgewers en die "pratende" illustrasies van Katrine Harries; gevoelig vir atmosfeer en situasie.

(H.J. Truter, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Junie 1964)

□ *Stories van Ruyswyck*

Nuwe boekie in bekende reeks deur Alba Bouwer

Dié boekie is 'n vervolg op *Stories van Rivierplaas* en *Nuwe stories van Rivierplaas*. Dit is in dieselfde trant geskryf en die leser staan weer onder die bekoring van die ou bekende karakters.

Die hooffiguur is Alie met haar dun beentjies en wit kappie en haar wonderlike drome — dié keer oor die ou plaas wat sy noodgedwonge moes verlaat; ou Melitie is weer daar met haar klingelende armbande en buitengewone insig in die kinderhart; oom Jan, tant Lenie en Hennie — almal van hulle net so suiwer en eg gebeeld as in die eerste bundels.

Maar nou kom daar 'n aantal nuwe karakters by, want Alie van Rivierplaas, die vaal, skugter Vrystatertjie word nou kosskool toe gestuur, na die deftige Bolandse meisieskool Ruyswyck, waar sy op versoek van haar ouers haar onderrig deur medium van Engels sou ontvang.

Ons ontmoet haar in die kantoor van die koshuismoeder juffrou Naudé waar tant Lenie die nodige besonderhede oor haar dogter verstrek. Alie sit op die puntjie van die stoel "soos 'n meerkatjie op 'n miershoop, 'n bewerige meerkatjie op 'n vreemde miershoop."

Daarna maak ons kennis met haar nuwe maats: Hanna Louw, Minnie Bosman, Corrie Jansen en nog baie ander.

Die een hoofstuk na die ander vertel van die koshuislewe, skoolervarings, vakansies op Rivierplaas. Alie word later hoofmeisie van die skool en ontwikkel in 'n jong nooi wie se dae vorentoe "lig en helder en blink" lê.

Soos in haar vorige boeke openbaar die skryfster weer 'n fyn waarnemingsvermoë en 'n diep kennis van die kindergemoed, wat haar in staat stel tot 'n oortuigende voorstelling van haar karakters.

Alie staan voor ons as 'n suiwer kind van die veld wat skielik vreemde invloede moet ondergaan. Maar tussen al die mense weeg die jong gemoed onbewustelik die warboel van vertroude en nuwe ervarings en vorm sy "met onfeilbare aanvoeling vir wat eg en suiwer is in menslike verhoudinge haar norme vir die lewe."

Stories van Ruyswyck is dié soort verhaal wat deur oud en jonk met genot en liefdevolle oorgawe gelees word.

(F.H., *Die Transvaler*,
22 Julie 1963)

□ *Stories van Ruyswyck*

Stories van Ruyswyck volg op *Stories van Rivierplaas* en *Nuwe stories van Rivierplaas* waarvoor Alba Bouwer van allerweë waardering, en ook letterkundige erkenning — vgl. maar die Scheepersprys vir Jeuglektuur — gekry het.

Stories van Ruyswyck dek Alie se hoërskool- en kosskooljare. Die populêre kosskoolverhaal is vlot en, onvermydelik, oppervlakkige ontspanningsleesstof. Nou wil dit egter nie sê dat die kosskooljare taboe is as letterkundige tema nie; trouens om die ryk geleentheid wat dit bied vir die uitbeelding van menslike verhoudings, kan dit 'n boeiende tema word. Maar daar is baie strikke om te vermy; die geykte verhoudings tussen onderwyser en leerling en tussen leerlinge onderling; die geykte situasies soos 'n heldedaad, 'n middernagfees, 'n sportprestasie, en so meer.

Dat Alba Bouwer meer wou gee as net 'n kosskoolverhaal, blyk vir my hieruit dat sy geen uiterlike spanningsituasies nastreef nie, en dat sy die indruk van 'n aaneenstrengeling van kosskool- anekdotes wil vermy deur alle los voorvalle na een sentrale tema te herlei, nl. Alie se kennismaking met die raaisel van die liefde. Die bou van haar verhaal word ook deur hierdie oorweging beïnvloed: Waar die vorige twee Rivierplaas-boeke bestaan uit hoofstukke wat elke keer duidelik as 'n kortverhaal gekonsipieer is, is *Stories van Ruyswyck* 'n deurlopende vertelling om één sentrale tema. Deur die byhaal van minder belangrike voorvalletjies (vgl. o.a. p. 69 en die grootste gedeelte van hoofstuk 10), sluit die verhaal nie altyd so heg om sy tema nie — daarom praat ek opsetlik van 'n *vertelling*. Hierdeur het die boek alreeds 'n agterstand by sy twee voorgangers: dit mis hulle gekonsentreerdheid.

Wat karaktertekening betref: Hoewel mooi en suiwer, bly die onderwyser-leerling-verhoudings vir my gevoel konvensioneel; en ook Alie se verhoudings met haar vriendinne breek nie deur na 'n derde dimensie nie. Die enigste verrassing wat die *kosskool*-verhoudings oplewer, is Santa se geneetheid vir Alie. Fyn sielkundige waarneming sit agter die suggestie van Santa se ongeoorloofde liefde vir Alie. (Vgl. p. 78, 107, 113). Die oortuigendste verhoudings in die boek bly maar nog die tussen Alie en haar ouma, en Alie en Ou-Melitie.

Verder ly *Stories van Ruyswyck* m.i. aan oorgeïdealiseerdheid. Dis 'n beswaar wat ook in hoë mate teen *Jong dae* van M.E.R. en al Marie Malherbe se *kosskool*-verhale ingebring kan word. Van hierdie boeke sê sommige volwassenes dat dit "goeie" boeke vir die jeug is, maar hulle waarde bepaling is in die eerste plek moreel van aard en nie letterkundig nie. By die jeug self is waardering vir dié soort verhaal — dié, naamlik, waar die skrywer hom te veel besig hou met wat die mens behoort te wees en nie met wat hy is nie — bra beperk: hulle is kopsku vir stigting, sy dit ook in vormomming. Nou wil ek geensins beweer dat Alba Bouwer haar ooit aan growwe moralisasie skuldig maak nie, maar saam met twee van die minder deugsame meisies in die verhaal wil jy later kla: "Alie is nie bang nie, en Alie is netjies, en Alie leer so fluks, en wat moet ons nog alles van Alie hoor! ... Een van die dae sal Alie se vlerkies begin groei" (p. 60).

Met die storie-element aan die yl kant, die karaktertekening in die algemeen nogal konvensioneel, die toon té idealisties — miskien om die pastoraalrustige tyd waarin die verhaal afspeel? — het die *kosskool*-gedeeltes in *Stories van Ruyswyck* 'n gedistansieerdheid wat byna aan abstraktheid grens. Dis net wanneer Alie op Rivierplaas is (vgl. in die besonder p. 82-101), dat die vertelling daardie onmiddellikheid kry wat die ander Rivierplaasstories se groot krag is. Daar is bv. Alie

se stryd om Melitie se baba te aanvaar — 'n ontwaking van die seksbewussyn wat mooi inskakel by die liefdestema; Alie by Ouma op Brakfontein - en Alie se vrae aan Ouma dwing-dwing na die liefde se kant toe; Alie se eerste uitnodiging tot opsit. Laasgenoemde episode is vir my die hoogtepunt in die verhaal; dit verteenwoordig 'n juweel in Alba Bouwer se vertelkuns. Humor, kennis van en simpatie met die psige van die adolessent, fyn milieubeelding word hier perfek met mekaar geïntegreer.

Taalkundig is die boek deeglik versorg. Alba Bouwer se styl tref deur haar raak aanwending van die spreektaal, alhoewel ek myself soms afvra of haar gebruik van streektaal en eg volkse uitdrukkings nie soms gevaarlik ná aan effekbejag is nie. Wat die *kosskool*-gedeeltes betref, doen haar styl nie altyd volkome "natuurlik" aan nie. Die vergelyking word m.i. as stylfiguur ooreis. Dis 'n fyn sielkundige grepie om Alie se reaksies op die vreemde by wyse van vergelykings ontleen aan haar Vrystaatse plaaservaring te gee, maar al die netjiese "soos"-vergelykings — pragtig soos sommige van hulle is; vgl. maar:

"... die (trein)wiele dreun oor brug en soos 'n uit-aseem perd begin die trein swik-swik, swik-swik loop" (p. 34) — kry later 'n sweempie van opsetlikheid. Ook is daar talle voorbeelde wat 'n mens laat vrees dat inversie en klanknabootsing tot manierismes by Alba Bouwer mag ontwikkel.

Uit die voorafgaande bespreking sou afgelei kon word dat *Stories van Ruyswyck* nie op dieselfde peil as sy voorgangers is nie. Tog wil ek dit nie 'n insinking noem nie, eerder 'n "tussensang", want daar is gedeeltes in die boek wat van so 'n indringingsvermoë in die gemoed van die adolessent getuig, dat 'n mens wonder of Alba Bouwer nie op die drumpel van 'n nuwe fase in haar skryfloopbaan staan nie.

(Hennie Aucamp, *Kriterium*,
Oktober 1963)

3.13 Vermaas, Hans Jurie (7 Februarie 1922–)

H.J. Vermaas is op 7 Februarie 1922 op Paulpietersburg gebore. Hoewel hy 'n Transvaler van geboorte is, bring hy sy skooljare in die Oranje-Vrystaat deur. Op vyfjarige ouderdom verhuis sy ouers na die erfplaas Hartebeesvlakte in die distrik Vrede. Die aangrensende plaas, Treurniet, is sedert 1863 ook in besit van die familie Vermaas. Die plaasskool was juis op hierdie plaas en daarheen het die jonge Vermaas met 'n treppie en perd gery vir sy laerskoolonderwys. Daarna gaan hy op die dorp skool waar bekendes soos wyle ds. Norval Geldenhuys en dr. Carel de Wet, later minister en ambassadeur in Londen, sy skoolmaats was. Aan die einde van 1941 behaal hy sy Senior Sertifikaat aan die Hoërskool Voortrekker te Bethlehem.



Na die voltooiing van sy skoolloopbaan vertrek hy na Pretoria waar hy by die Departement van Landbou begin werk. Hierdie betrekking het hy later verruil vir een in die afdeling vir veevoeding, van 'n groot sake-onderneming in Johannesburg. Hierdie betrekking het aan hom die geleentheid gebied om Suid-Afrika te deurreis en onskatbare kennis van boerderye en die boeremense in te win.

Aan die einde van 1953 tree Vermaas uit die sakewêreld en begin Januarie 1954 by die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) in Johannesburg te werk. Hier was hy werksaam tot in die eerste helfte van 1958 toe die roepstem van die plaas te sterk geword het. Hy het besluit om te gaan boer en 'n plaas naby Middelburg, Transvaal, gekoop. Benewens sy melkboerdery het hy nog kans gesien om 'n voltydse betrekking in die administrasie-afdeling van die Witbank-hospitaal te aanvaar. Hier is hy werksaam tot aan die einde van 1975 toe hy deur die Departement van Hospitaaldienste na Klerksdorp verplaas is. As gevolg van sy verhuising na Klerksdorp is hy genoodsaak om sy plaas te verkoop. Aan die einde van 1981 tree hy met pensioen uit die diens. Vir die volgende drie jaar woon die egpaar steeds op Klerksdorp waarna die verlange na die Oos-Transvaal te sterk word. Aan die begin van 1985 verhuis hy weer na Middelburg waar hy en sy eggenote vandag rustig in Sipreslaan 48, Kanonkop, woon.

H.J. Vermaas is in 1948 met mej. Catharina Prinsloo van Carolina getroud. Uit die huwelik is geen kinders gebore nie. Hy is 'n geesdriftige hengeljaar en speel ook graag skaak.

Volgens die skrywer het hy begin skryf as 'n uitlaatklep vir die heimwee en verlange na die plaaslewe en die berge van sy jeug. Dit was gedurende die jare toe hy in Johannesburg gebly het. Nadat hy eendag 'n artikel in 'n koerant gelees het oor 'n beoogde wildtuin in die omgewing van Clarens

in die Oranje-Vrystaat, het hy besluit om 'n boek te skryf. Met die nodige aanmoediging van sy vrou en vriende, onder andere dr. Charles Hudson, voltooi hy die manuskrip. *Gekrenkte trots* sien in 1952 die lig. Sedertdien het hy hom onderskei as kolos onder die Afrikaanse jeugboekskrywers. Verskeie van sy werke is of was een of ander tyd voorgeskryf vir hoërskoolleerlinge en sommige selfs vir universiteitstudente. Twee van sy boeke, *Die swartwitpens* en *Present*, is in Duits vertaal en wel onder die titels *Schwarze Antilope* en *Verschworene Gefährten* onderskeidelik.

In 1966 het 'n groot eer hom te beurt geval toe hy 'n uitnodiging ontvang het na die Eerste Wêreldkongres vir Natuurskrywers wat van 30 September tot 4 Oktober 1966 in Montreal, Kanada, plaasgevind het. Hy was deur die organiseerders gekies uit vier name — W.A. de Klerk, P.J. Schoeman en F.A. Venter was die ander drie — wat deur *Die Burger* voorgelê is om Suid-Afrika op die kongres te verteenwoordig. Vanweë die eise van sy melkboerdery kon hy die uitnodiging ongelukkig nie aanvaar nie.

Op 2 Julie 1966 het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom die Scheepers-prys vir Jeuglektuur toegeken op grond van sy volgehoue, waardevolle bydrae tot die Afrikaanse jeugverhaal. Die boeke wat aan hom hierdie toekenning besorg het, was *Gekrenkte trots*, *Sy perd staan gereed*, *Die reus van Doringberg*, *Die swartwitpens*, *Die ysterklip*, *Die nors leeu*, *Present*, *Drietoen van die Vrystaat* en *Die vallei van die skedels*.

Die volgende boeke is onder andere deur H.J. Vermaas geskryf:

- Gekrenkte trots*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1952.
- Sy perd staan gereed*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1954.
- Die reus van Doringberg*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1956.
- Die swartwitpens*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1957.
- Die ysterklip*. Johannesburg: Dagbreek, 1958.
- Die perdedief*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1960.
- Die nors leeu*. Johannesburg: Dagbreek, 1961.
- Present*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1963.
- Drietoen van die Vrystaat*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1964.
- Vallei van die skedels*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1965.
- Oë oor die eindere*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1967.
- Die groot steiltes*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1969.
- Sonskyn en intrekreën*. Kaapstad: Tafelberg, 1971.
- Grenswag*. Roodepoort: CUM, 1981.
- Die perdenooi*. Roodepoort: CUM, 1982.

Bronne geraadpleeg

1. Dubbele eer vir Afrikaanse skrywer. *Sondagstem*, 18 Mei 1966.
2. Hulle het vanjaar ons lesers met boeke "gevoer". *Die Huisgenoot* se Boekebylaag, 14 November 1969, p. 22.
3. Lategan, F.V. Die Scheepers-prys vir Jeuglektuur, 1966 toegeken aan H.J. Vermaas. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Jaarboek*, 1966, p. 54-55.

□ *Die Reus van Doringberg*

Hier is nou 'n baie mooi boek vir die groter kinders. Ek dink egter dat volwassenes ook die boek goeie leesstof sal vind.

Dit is die verhaal van 'n vereensaamde kreupele seuntjie en sy bulkalfie. Wanneer hierdie bulkalfie later 'n vreesaanjaende, gevaarlike kolos word, is dit slegs Woutertjie wat naby hom mag kom, en by hierdie ou vriend kla Woutertjie al sy eensaamheid en verdriet uit.

Maar as hierdie bul later te gevaarlik word en verskeie mense amper doodmaak, moet hy geskiet word, en Woutertjie moet leer om die ontsetten-de leed te dra — die gemis van sy enigste troue vriend.

Dit is 'n verhaal wemelende van die besige lewe op 'n beesplaas in die Vrystaat. Ons sien mooi karakter flitsies van verskeie mense — Langjan Vol-schenk en selfs die swartes op die plaas. Die mooi beskrywings van die plaaslewe sal vir baie seuns die boek interessant maak.

Mooi is ook die verhouding tussen vader en seun. Met innige meegevoel besef die vader sy een-same seuntjie se leed maar mooi leer hy hom dat die dood van die bul 'n verantwoordelikheid op sy skouers plaas — om te leer om met mense om te gaan en vriende te maak, om hom te versoen met sy gebreke en die lewe vol moed aan te pak.

En as hul deur die skemering stap is dit nie meer 'n patetiese Woutertjie nie, maar Wouter, die seun wat met nuwe moed sy kop omhoog hou. En die vader weet vol vreugde, dat die pyn van sy seun-tjie se siel sal genees.

“Mooi is die lewe en God is goed.”

Nie 'n baie diep boek nie, maar mooi. Ek het dit self met genot gelees.

(G. McArdeell, *Die Staatsamptenaar*,
April 1957)

□ *Die Swartwitpens*

Voortreflike natuurverhaal

Elkeen wat *Gekrenkte trots* van dieselfde skrywer

gelees het, sal weet dat ons hier te doen het met 'n gevoelige mens, 'n dieplewende natuur.

Vermaas is 'n skrywer wat met eerbied teenoor die woord vervul is, wat sy stof op voorbeeldige wyse beheers, wat dankbaar put uit die volheid van sy ervaring en die ekstase van sy verbeelding.

So is dit ook in hierdie voortreflike vertelling, geskryf in 'n geesdriftige, meeslepende trant. Die styl is keurig en flink, met netjiese en sorgsame onderskeidings. Dit is die verhaal van 'n meedoën-lose agtervolging, van die verbete stryd tussen 'n skerpsinnige swartwitpensram en 'n jagter wat in koppige volharding sy besluit deurvoer ten spyte van die verskrikking van die bos en die ontsetting van die gevreesde koors, die slopende “bewesiek-te”.

Vir Tjaart is dit 'n obsessie om die pragdier neer te trek, maar soos 'n ideaal wat jou immerlokkend ontwyk, het die edele bok met tergende uitdaging daarin geslaag om net buite die bereik van die jag-ter te bly, totdat die uitputting vir albei te magtig geword het en die einde 'n gevoel van wrange on-vergenoegdheid laat.

Die magtige aandrang om oor die bok te seëvier, word 'n felle drif wat die jagter onweerstaanbaar meesleur. Tog vervlak die beskrywing van die agtervolging nooit in lustelose herhalinge nie. Die verbeelding, die droom en die gevoel van die skrywer het vry spel. Hy herskep die hele boswêreld. Sy intieme kennis van die natuur en die gewoon-tes van die diere is so merkwaardig dat hy pak-kende, oortuigende beskrywinge lewer.

Op 'n heel ander wyse as in die geval van bv. Sangiro en Schoeman slaag Vermaas daarin om 'n besondere atmosfeer te skep. Sy kennis van die omgewing, van die diere, bome, struik en plante is verrassend. Deur gebruik te maak van interes-sante ou woorde, deur op doodnatuurlike wyse te verwys na die vernuf en vindingrykheid, die veld-lore van vorige geslagte, verplaas hy ons meteens in 'n interessante sfeer wat vreembekoorlik is. Ak-koorde van innigheid omring die musiek van die boswêreld waarin daar telkens 'n nuwe tema op-klink, die liriese ruising van die weelde in die na-tuur, die mineurtonige passasies wanneer die span-ning en die stryd om te bestaan weergegee word, die blye jubeling oor die sierlikheid van die bosbewoners.

Die Swartwitpens is 'n werkie wat betower en ontroer, veral wanneer die skrywer die bosveld en sy bewoners uitbeeld. Die tussengedeeltes wat betrekking het op Tjaart se verhouding met Lettie, haar verlange, onsekerheid en kwellinge, val soms buite die toon, maar 'n mens is baie dankbaar vir hierdie suiwere, verfrissende verhaal.

(B. Kok, *Die Huisgenoot*,
11 April 1958)

□ *Present*

H.J. Vermaas is geen onbekende en beslis ook geen onbegaafde skrywer van jeugverhale van bepaalde soort nie. Dink maar bv. aan *Die swartwitpens* en *Die reus van Doringberg*. *Present* is geen uitsondering nie.

Die titel van dié jongste jeugverhaal van Vermaas wat ek gelees het, slaan op 'n merkwaardige hond wat die jong Salie Jacobs by 'n transportryer present gekry het. Salie se pa is 'n Hoëveldse boer wat ook transport ry. Dolf Jacobs het die Groot Trek meegemaak: Vegkop, Bloukrans, Bloedrivier, en die jong Salie groei op in die vroeë jare van die Boererepublieke.

Hy en sy hond maak die harde leerskool van die transportpad in Transvaal en die Transgariëp (Oranje-Vrystaat) deur, maar die grootste gedeelte van hierdie boek handel oor Salie se tog saam met sy vader en broer na Natal. In Natal is dit daardie woelige jare van onrus veroorsaak deur ontevredenheid en ambisieuse Zoeloeprinse soos Cetswayo wat nie genoeg neem met Panda se onderhorigheid nie.

Op pad na Pietermaritzburg slaan Salie-hulle 'n Zoeloe-aanval af, maar in die Natalse hoofstad wag baie moeilikhede hulle in. Daar is militêre bewind in die Britse kolonie, en Salie-hulle moet transport ry en as jaggidse optree vir die offisiere. Gevolglik beleef Salie en sy vernuftige sterk hond die een avontuur na die ander. Die verhaal het egter 'n gelukkige afloop, en die geselskap keer met groot wins terug na hul plaas.

Daar het in die afgelope tyd baie jeugverhale in Afrikaans verskyn: oorspronklike en vertaalde

werk. Onder hierdie beklee *Present* myns insiens 'n voorrangposisie. Dit is 'n verhaal propvol spannende gebeurtenisse, maar altyd oortuigend, en behoort die leser van begin tot end te boei. Vergelyk byvoorbeeld die eerste geveg met die Zoeloes en later ook die byna noodlottige afloop van die jagtog in Zoeloland. Merkwaardig maar ook goed gemotiveerd is die redding deur die hond, want van die begin van die boek af het ons gesien hoe die ingebore eienskappe van *Present* ontwikkel is.

Wat veral 'n mens se waardering uitlok, is die onopsetlike wyse waarop die skrywer sy kennis van daardie tyd, die diere en die natuur gebruik as basis vir sy verhaal. Let byvoorbeeld daarop hoe opvallend word die leser in die historiese sfeer van die verhaal gebring op die eerste paar bladsye. Dwarsdeur die verhaal word hierdie sfeer van die verlede op oortuigende wyse volgehou, hoewel die skrywer se primêre doelstelling sekerlik nie was om 'n historiese roman soos byvoorbeeld *Geknelde land* te skryf nie. Verbeel ek my dit, of hoor 'n mens hier en daar eggo's van *Geknelde land* in hierdie boek? Wat 'n mens bietjie hinder, is die toekomsideaal van één nasieskap in hierdie land by van die Engelse. Nie dat dit onmoontlik of onlofwaardig is nie — dis net so effens geforseerd en didakties (met die oog op die huidige situasie?).

Hoewel die titel van die boek die verwagting wek dat die hond die hooffiguur van die verhaal is, is dit eintlik 'n verhaal van mense met Salie in die sentrum van die aandag. Tog speel *Present* 'n baie belangrike rol. Hierdie verhaal van 'n tydperk uit die lewe van 'n pionierseun is nie alleen boeiend nie, maar ook uiters leersaam. Daar is ook volop afwisseling, byvoorbeeld intens dramatiese momente teenoor werklik kostelike humor. Vir laasgenoemde is veral die mak bobbejaan Adoons verantwoordelik.

Om sy verhaalinhoud wat gegrond is in wat eie is aan ons land en volk, wat altyd interessant is en ook om sy stilistiese gaafheid behoort H.J. Vermaas se jongste boek 'n groot leserkring te verower. Dit is trouens dié soort boek wat met vrug voorgeskryf kan word in die eerste standers van die middelbare skool, veral in die strome waar die klem val op goed geskrewe gebeureverhale wat bewendien 'n gesonde waardeskaal behels.



Die boek is uitgegee deur Nasionale Boekhandel.

(P.D. van der Walt, *Die Taalgenuot*,
Maart 1964)

☐ *Gekrenkte trots*

Ons het hier met 'n eerstelingroman te doen wat van 'n skrywer met meer as middelmatige talent getuig. Sy krag skuil veral in karakter-tipering: Duidelik-belynde karakters word voorgestel soos Willem, die bonkige, die bittereinder-Boer, ook Balt, die skelm wat tog nie sonder 'n tikkie menslikheid is nie, maar veral Koos met sy rooi hare, met sy lewensdrif waarin tegelykertyd lewenstrategie skuil, en Nelie, wie se lewensloop ook die tragiese inhoud. Selfs die byfigure bevredig, omdat hulle helder geteken en as aparte identiteite voorgestel is. Die Boeretipes, die Boereleiers, die

moeder en die mense op die Nuwejaarsfees is duidelik vergestalt.

Treffend is die situasietekening, bv. waar Koos en die Swazi gesels, ook die stormnag wat hy, op jag na Balt, in die berge beleef. Mooi is die atmosfeer van die idilliese, patriargale boerelewe her-skep, en met groot liefde en kennis is veral die Nuwejaarsfees en die landelike lewenswyse, die sedes en gewoontes, die volksgebruike van die tyd aan die vergetelheid ontruk, sonder dat dit in hinderlike relase ontaard het.

Die tema van die boek is suiwer, omdat dit eties van inset is; die boek verdien om in die skole onder die jeug se aandag gebring te word; die atmosfeer is opbouend en leersaam, en deur en deur Afrikaans.

Mooi stylelemente kom in *Gekrenkte trots* voor. Hoofstukke een en elf bevat suiwer en aantreklike prosa; die skryftrant is oorspronklik en eie. Tekenende bywoorde is 'n uitstaande kenmerk van H.J. Vermaas se styl, bv. "hy sit huilende op loop,

ook etsende sinsnedes word aangetref soos “geharde kapaters” se “lang gesigte met die skerp-puntige kinbaard”, om maar enkeles te noem.

Die skrywer het ’n gawe om handeling uit te beeld, sodat dit vol beweging, oortuigend en spannend voordoet; ’n mens dink in dié verband aan die beskrywing van die perdetrop wat van die bergkrans aftuimel, aan die geveg tussen Koos en die Swazi, die talle oorlogsinsidente en die gewone handelswyses op die plaas. Die handeling is geanimeerd.

Mnr. Vermaas se boek is nog geen suiwer kunsroman nie, maar dit staan hoog bo die hedendaagse flou-lektuur uit, en omdat dit hierdie skrywer se eerste werk is, kan ons in die toekoms romans van meer letterkundig-intellektuele aard van hom verwag. Intussen is *Gekrenkte trots* ’n stuttende belofte.

(C.W. Hudson, *Ons Eie Boek*, XVIII(4); 1952)

□ *Vallei van die skedels*

Jagters teen mensvreter

H.J. Vermaas het die laaste paar jaar vir hom ’n goeie naam opgebou met sy boeke wat, hoewel hulle geen literêre pretensie het nie, geskryf is in ’n rasegte, soepel Afrikaans. Daarby is wat hy het om te vertel, byna sonder uitsondering die moeite werd om te lees.

Sy jongste boek, *Vallei van die skedels*, is eintlik ’n jeugverhaal, maar dan nie beperk tot ’n be-

paalde ouderdomsgroep nie. Volgens die skutblad berus die verhaal op historiese gegewens. Dit speel af omstreeks 1825, ver oorkant die Gariep en vertel van ’n stam mensvreter en van Rokotsoane, hy wat alleen oorgebly het.

Twee seuns, Flippie en Kosie, gaan saam met hul pa’s Grootgiel en Piet, oorkant die Gariep olifante jag. Reeds die eerste dag nadat hulle kamp opgeslaan het in ’n verlate vallei, merk hulle ’n groot, lomp gestalte wat vinnig soos ’n dier beweeg maar tog die sluheid van ’n mens het — Rokotsoane.

Vermaas is ’n skrywer wat eers ’n deeglike studie maak van die tydsomstandighede waarteen sy verhale afspeel en van die leefwyse van die mense in daardie tyd. Dan, deur volgehoue aandag aan historiese detail, wat hy onopvallend in die verhaal inwerk, laat hy die wêreld van die karakters voor die leser leef.

In *Vallei van die skedels* het Vermaas daarin geslaag om die spanning ná die eerste bladsye deurentyd nie net vol te hou nie, maar ook te laat styg en om aan die onvermydelike slot die drade weer netjies saam te vat.


Dit is ’n baie interessante gegewe, maar het miskien nie heeltemal genoeg om die lyf vir ’n vollengte-boek nie: die moontlike getal situasies is vanweë die plasing van die verhaal beperk. Soms het ’n mens dan ook die indruk gekry dat die skrywer besig is om die situasies bietjie te rek en aan te dik om die verhaal “lyf” te gee.

Tog is dit ’n eerste klas boek en in ons dae van stygende pryse heeltemal ’n kopie.

(B. de K., *Die Burger*, 8 Oktober 1965)

3.14 Schoeman, Pieter Johannes (20 September 1904 – 5 Julie 1988)

In 1967 ontvang P.J. Schoeman vir die tweede keer die Scheepers-prys vir Jeuglektuur vir al sy jeugverhale wat sedert 1957 tot die einde van 1966 verskyn het. Hoewel al sy jeugverhale in meerdere of mindere mate tot die prestasie bygedra het, is daar nogtans spesiale melding gemaak van *Kampvuur wat nie uitbrand nie*. Volledige biografiese besonderhede oor P.J. Schoeman word in paragraaf 3.3 verstrek.



□ *Waar ver winde waai*

Die gebeure van *Waar ver winde waai* speel af in die noorde van Suidwes-Afrika. Die handeling is maar skraal en is eintlik opgebou uit los gebeurtenisse — ervarings op die jagveld en ander episodes. Dit is die wedervarings, gesprekke en veral filosofiese bespiegelings, waarnemings, ens., van Jack, Jeannie, Penny, Basil, Bill en Johan wat die tema van hierdie verhaal vorm. Weens gebrek aan ruimte bespreek ons slegs enkele aspekte van sy kuns in hierdie roman.

Schoeman maak gebruik van die *eerstepersoon-verhaaltegniek*, waardeur hy net soos Sangiro in *Simba* self ook 'n karakter in sy verhaal word. Dit gee die skrywer natuurlik gulde geleentheid om oor diere, karakters, ens. opmerkings te maak. Hierdeur openbaar Schoeman hom ook as *didaktikus* — hy wil aan die leser wetenskaplike vertel. Voorbeelde hiervan is talryk in die boek, maar ons moet in gedagte hou dat hierdie kennis van die skrywer gegrond is op sy eie ervarings en dus aan sy werk 'n besondere waarde gee. Ons dink in hierdie verband aan interessantheide soos dié op bladsy 47, waar ons iets oor die lewe van die olifant te wete kom, watter dier die gevaarlikste is (p. 181), en ander besonderhede oor die veld.

Die skrywer se *romantiese instelling* teenoor die natuur blyk al uit sy vroegste werk. Hy is die swerwerjagter wat hunker na die bosse. “Die paaie van hulle wat ver kom, gaan altyd maar verder — ver oor die verste blou rante en weer terug oor die rustelose groot see. Dit blyk ook uit sy vereenselwiging met die dier en die natuur, vgl. p. 173 waar hy die olifant wat hy moes skiet, toeroep: “Dan neem ons nou maar afskeid, ou grote. Mag daar vir jou soort ook 'n land wees van ver winde waar nooit koeëls klap nie ... en mag dit 'n mooi land wees waar al die alleenlopers bymekaar kom”. Selfs die titel van die boek getuig van die romantiese ingesteldheid van die skrywer!

Die intieme verhouding tussen die hoofkarakter, Johan, en sy “ou wagter” Kalimbo getuig van die skrywer se idealisering van die Bantoe in sy natuurlike omgewing. In die persoon van Kalimbo vind ons die nou-verweeftheid van die natuurskyners met die veld. Hy ken die jagkuns haarfyn, vgl. die aandeel wat hy gehad het in die episode met Seerlyfie en sy hulp is onmisbaar op die jagveld. Let op na die digterlike beeld-taal wat Kalimbo gebruik, asook sy lewenswysheid as hy op p. 99 verduidelik: “Mamo! En waar moet manmens hart kry om man se taal by vrou te praat soos hy is bang vir ding soos leeu of tier? Om mooi

vrou se hart in jou kraal te bring, is groter oorlog as leeu en tier ... Wond wat vrou my gee, ek kan nie bykom met warm assegaai nie. Is by die hart." Die dier- en veldterme speel 'n groot rol in sy beeldspraak. Baie kenmerke van hierdie Bantoe spreekwyse vind ons ook in die ander karakters se taal — vgl. dié van Penny en Johan. Dit is ook opvallend dat Kalimbo altyd in die nabyheid is en dat hy gedurig kommentaar of raad lewer of sy lewenswyse laat hoor. Hieruit spreek die sterk geestesverwantskap tussen die skrywer en hierdie swart swerwerjagter.

Dit is nie slegs 'n jagverhaal nie. Hoewel daar jag gemaak word op die diere geskied dit, soos by Sangiro, met die oog en nie met die geweer nie. Eerbied en bewondering spreek uit die skrywer se uitbeelding van die wildedier. Die lewe van die dier is vir hom net "net so groot stryd as vir die mens ... vol lewensblyheid, vol tragiek, vol humor en selfs ironie." Daarom vaar hy die ruigste en eensaamste streke in: "En dit is dan dat hy so baie van die dierelewe sien wat hy nie anders sou gesien het nie, omdat hy in sulke gevalle meer sy oë gebruik as sy geweer". (*Die swerwerjagter*, p. 100–101).

Kyk na die simpatieke en waarheidsgetroue weergawe van die stryd tussen die diere — die bokkies wat tot die einde veg, die kameelperd se moederliefde (p. 159), die humoristiese verhaal van Seerlyfie, ens. Ook die byname wat die diere kry, is nie slegs raak nie, maar spreek van liefde vir die diere: Seerlyfie, ou Skewevoet, "man met die horing op die neus", ens. Hy sien die dier in die natuur dus tragies-romanties.

Die liefdeservarings van Johan en Penny word ook in noue verband met dié van die dier uitgebeeld. Die romantiek van die liefde vind ons ook in die ander werk van Schoeman, vgl. die *Fanierreeks*, *Op ver paaie*, ens. Hy gebruik die dier om die verlange in die hart van Penny te openbaar waar sy met die dooie ou Skewevoet praat op p. 78: "Ek praat met toe oë ou Skewevoet, sodat ek jou kan sien soos ek jou graag wil sien ... soos toe sy laas vir jou gesê het: my ou flenteroor ... my ou skewelip ... my ou rondloper ... En as jy miskien nie weet nie, ou Skewevoet, 'n vrou sê partymaal vir iemand wat sy vreeslik liefhet: ..." Hulle gesprekke oor die diere, die veld en hulle

ervarings saam op die jagveld dien slegs om hulle harte, hulle heimweë en verlange en hulle liefde bloot te lê. Kyk hoe gebruik Schoeman ook die sprokie om hulle liefde uit te beeld.

Op p. 30 en 31 word Schoeman se siening van die hart van die vrou mooi uitgebeeld, veral waar Kalimbo aan die woord is: "Omdat elke mansmens 'n moeder het wie se gedagtenis nooit in sy hart sterf nie, soek en soek hy na die vrou wie se gedagtenis ook nie sal sterf nie. Maar hy sal soek en soek, en net weer uitkom waar hy begin het as 'n kind, met niks wat die plek van sy moeder in sy hart kan volmaak nie." Vgl. ook sy verhaal oor Xamah se skepping van die vrou op p. 65–68.

Waar ver winde waai is 'n dier- en jagverhaal wat spreek van gevoelvolle siening en meelewing van die skrywer. Deur sy liefde en kennis van die veld het P.J. Schoeman hier 'n verhaal geskep wat inderdaad 'n verrykking vir die Afrikaanse letterkunde is.

(H.F. Mellet, *Patrys*,
April 1961)

□ "*Inspring kêrels!*"

Die verskyning van 'n nuwe boek deur dr. P.J. Schoeman is altyd 'n hele gebeurtenis vir veral die seuns wat graag jagverhale lees. *Inspring, kêrels!* is die vervolg op *Uitspring kêrels!* wat 'n paar jaar gelede al verskyn het en keer op keer herdruk moes word. Hier sal die herdrukke ook vinnig volg. Martiens en Piet, broers en nog sommer bloedjonk, is besig om vir hulle 'n plaas in die ongetemde boswêreld skoon te maak.

Hulle is nog skaars daar, hul beeskraal is nog nie eens klaar nie, dan gaan Piet al 'n allemintige groot mannetjiesleeu skiet — en dadelik daarna begin hy sleg voel omdat Martiens, wat tog die ouer broer is, nog nie een geskiet het nie. Hy weet nie dat Martiens, 'n paar uur te perd van hom af, ook net toe sy eerste tier geskiet het nie.

Die oorheersende figuur is egter nie Martiens of Piet nie, maar oom Lafras, die afgetrede polisieersant wat by hulle kom bly en hulle gedurig met raad en daad bystaan. Hy het sy lewe op die voorposte en onder die Zoeloes deurgebring en

ken die gebruike van die mense en diere van die veld.

Dit is 'n wêreld wat vir altyd verdwyn het wat hier beskryf word, maar waarvan daar nog genoeg spore rondom ons is vir ons kinders, veral ons seuns, om hulle daarin tuis te voel. Die leser word wel soms moeg vir die twee seuns se oordrewe jaloesie, vir Martiens se kinderagtige swaarmoedigheid en Piet se kinderagtige opvlieëndheid wat hulle plek-plek na karikature laat lyk, en dit is ook waar dat die seuns soms soos digters met pasverwerfde universiteitsgrade praat, maar die boek vergoed op ander maniere daarvoor.

Die skrywer se kennis van wat hy beskryf en sy liefde vir die veld en sy bewoners moet 'n blywende indruk op die jong leser maak.

(Tol de Villiers, *Sarie Marais*,
1 Februarie 1961)

□ *Vulindaba*

In die literatuur is daar plek vir groot verskeidenheid. Daarom maak nie alle boeke daarop aanspraak dat hulle groots en diep, baanbrekend en vernuwend, eksperimenteel, of vir die hoogsigewyde geskryf is nie. Hierdie breër stroom goeie literatuur vir die gewone leser maak 'n belangrike deel van 'n volk se kultuur uit, en elke nuwe boek wat in hierdie behoefte voorsien, moet verwelkom word.

Menige leser sal *Vulindaba* 'n genotvolle boek vind. Vulindaba die ou Zoeloe, tree op as verteller wat die ou tyd oopmaak en die verhale uit sy jeugjare, die glorietydperk van die Zoeloes, aan die skrywer vertel. Saam met Vulindaba, een van die pakdraertjies van die uitsoek-vegtersregiment van die Zoeloes, maak die leser die avontuur deur van gevegte met wildediere; maak hy kennis met die veld; met Tsjaka se onderwerping van die verskillende stamme aan sy gesag; en, les bes, met Tsjaka se eie avontuurlike jeugjare. Saam met die verteller sien die leser die twee udibi (draertjies), Vulindaba en Mvubu, grootword van kind tot jongman. Veral vir die jeug sal dit 'n genotvolle boek wees.

Vir die leser wat dieper soek, duik die ou probleme in Schoeman se werk weer op.

Die werk toon 'n gebrek aan hegte struktuur en epiese noodwendigheid. Dit bestaan uit 'n aantal avontuurlike verhale wat lossies aan mekaar verbind is deur die verteller, Vulindaba. Uit sy jeugherinneringe word daar geput en gemoraliseer teen die agtergrond van die gewone romantiese deuntjie. Die verhaal kry sy epiese gang deur die gemaakte: "Hier eindig die stories vir vanaand." "Sal jy môre-aand weer vir ons vertel?" Hoeveel kragtiger en noodwendiger sou dit nie wees as die leser direk en onmiddellik met die draertjie, Vulindaba, sy kinder- en jeugjare meemaak nie; wanneer Tsjaka se jeugjare nie net 'n storie bly nie, maar 'n noodwendige en integrerende deel van die werk; wanneer die gebeure nie deur middel van langafstandbeheer deur die ou Zoeloe vertel word nie, maar die leser en skrywer direk die lewende wêreld van die Zoeloes in hulle glorietydperk meemaak; wanneer die romantiek van herinneringe oor ou en ver paaie plek maak vir onmiddellike belewing en beelding.

Op sigself is die individuele verhale en die rykdom aan volkekundige en natuurgegewe interessant en boeiend. Dit is egter nie genoegsaam verwerk en deurskou tot 'n samehangende konsepsie wat meer is as losstaande episodes nie.

Met veel meer insig is die lewe van die udibi geteken. Ons maak hierin kennis met die rykgeskaakte lewe van die veewagtertjie wat mettertyd die verhoogde status kry van draers vir die umbonambi tydens hulle gevegte. Nog later sien ons hulle uitgaan om self te jag — eers met die oë en ore, maar dan kry hulle uiteindelik die kans om soos manne aan hulle eerste werklike geveg deel te neem. Die groepslewe is interessant en met fyn kennis geteken, maar die twee hooftfigure, Vulindaba en Mvubu, word weinig meer as tipes in die verhaal.

Die didaktiese element is in hierdie werk beter geïntegreer as in sommige van Schoeman se vorige werke. In *Vulindaba* word die lering deel van die udibi se opvoeding. Uit die stories om die vuur, uit die natuurlewe en uit die umbonambi se gevegte is daar voortdurend lesse te haal vir die jong

knape in hulle skoling vir die dag van môre. Daarom doen die didaktiese minder steurend aan. Tog is dit dikwels nog te opsetlik, byna onbeholpe-opsetlik aangebied. Voordat die verhaal van Tsjaka bv. vertel word, verskyn daar eers die leringstekst: "Net die seun wat deur swaarkry man word in sy hart, kan die groot en ver paaie loop wat vir ons verder bring as waar ons ouers opgehou het. Tsjaka se lewe wys dit mooi vir ons" (p. 123).

Met hierdie nuwe werk van P.J. Schoeman het die Afrikaanse literatuur weliswaar nie 'n groot kunswerk ryker geword nie, maar bepaald 'n genotvolle werk waarvoor daar 'n groot behoefte bestaan.

(C. van Heerden, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Junie 1965)

□ *Jetwa die buffelbul*

Dit is 'n jeugverhaal dié wat in die bosveld, die jagveld afgespeel word. Carel, 'n adolessent, wat 'n groot buffelbul se horings wil bekom as trofee vir sy ryk peetpa, omdat laasgenoemde hom daarvoor R1 000 sal gee wat hom in staat sal stel om universiteit toe te gaan, bevind hom naby 'n wild-reservaat. Carel gaan meld hom aan by kaptein Caldwell, die hoofwildbewaarder van die omgewing. Die kaptein se mooi dogter, Jeannie, is tuis tydens die skoolvakansie. Hulle voel aangetrokke tot mekaar.

'n Paar Zoeloes vergesel Carel, o.a. Dalindaba, vertroueling van sy vader, en sy oppasser op die jagtog.

Een van die Zoeloes wat in diens by die kaptein is, nl. Siba, word deur hom aan Carel geleen om Jetwa, die legendariese en uitgestote groot buffelbul op te spoor. Siba ken die bul, die bos en die gewoontes van buffels; ook het Siba deur die jare in sy hoedanigheid as veldwagter vir Jetwa leer liefkry. Kaptein Caldwell versoek Carel sentimenthalwe om eers 'n foto van die bul te neem voordat hy hom skiet.

Op 'n goeie dag bekruipt Carel, Siba en Dalindaba dan die gevaarlike bul, dog Carel het intussen ook so lief geword vir die ou bul dat hy nie

daartoe in staat is om hom te skiet as hy hom naby en mooi onder skoot kry nie. Hy neem egter die foto.

Nou is Carel bekommerd oor die reaksies van sy peetpa, sy vader, kaptein Caldwell en veral Jeannie. As sy gedrag egter deur almal goedgekeur word, en hy boonop tog nog van sy peetpa die tjek kry, omdat laasgenoemde homself ook sien as "uitgestote ou buffelbul" in sy oujongkêrelbestaan, loop Carel se beker van blydschap oor: "Oom, ek sou daardie ou bul nie vir R2 000 kon geskiet het nie (p. 211).

Indien 'n mens 'n paar weekhede in die verhaalstruktuur kan vergewe, lees 'n mens Schoeman as 'n onderhoudende didaktikus wanneer hy oor die natuur, mense in die veldsituasie en diere filosofer. Soms is sy drang om te onderrig hinderlik opsetlik, soos bv. waar Jeannie somtyds en Carel dikwels hulle pertinente vrae oor die natuur- of diereleure stel (vgl. p. 20, 28, 192 o.a.).

Een van die aantreklikste fasette van die werk is m.i. daarenteen die noukeurige beskrywing van die verrassende dierelewe in die bosveldstreek waar die verhaal hom afspeel, soos o.a. op p. 116 waar die buffelkalfie en p. 32 waar die aandgeluide beskrywe word. Hiermee vermeng, is die altydteenwoordige verlange van die mens na geluk, die "ver paaie" van die hart.

Die leser kan ook die talle verwysinge na die Zoeloefolklore, soos o.a. op p. 192, waardeer waar 'n beskrywing voorkom van die Zoeloe-volksgeeneskunde in verband met die krokodil.

Prysenswaardig is die mooi verhouding wat telkens gestel word tussen die Blankes en die Zoeloes. Veral kaptein Caldwell, Carel, Siba en Dalindaba tree in dié verband voorbeeldig en met gestrenge houding vir die jeugdige leser op.

Talle gelukkige verwoordinge kom in die werk voor: "Hy is 'n man sonder lasplekke" (p. 18); "Die drie klein varkies, met vlagpaaltjies omhoog ..." (p. 23); "... my veldwagters se ore is teen die wind" (p. 28); "Om te wag met hoop, hoop op vervulling, is om 'n murgbeentjie elke uur uit te stamp" (p. 40); "Soos alle ou Zoeloes wat al baie winters op die kop dra ..." (p. 45); "... die honde blaf al in my leë maag" (p. 119); "My, basie, jy moet nou ophou om kaal doringtakies oor ons kaal rûe te trek" (p. 179). Waar sy Afrikaans ge-

drae word op die oorspronklike siening vervat in die Zoeloe-idioom, skep Schoeman telkens iets moois.

Die mooi illustrasies van E. Halliday sorg vir die goeie indruk van die tipografiese versorging. Een van die aantreklikste sketse is sekerlik dié van die koedoebul op p. 98.

Jetwa die buffelbul is, as jeuglektuur genome, 'n mooi bydrae tot ons literatuur in dié opsig. Die opset van die werk is nie te verwickeld vir jong lesers nie. Die beskrewe mensehandeling is modern. Veel van die adolessente lewensbeskouing soos bv. die liefdesgewaarwordinge van die jeugdiges, is met gemoedelike insig beskryf. Daarbenewens is die natuurmilieu waarin die handeling geplaas word met kennis en op verheffende wyse verwoord.

(C.W. Hudson, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Desember 1965)

□ *Kampvure wat nie uitbrand nie*

Dit is die verhaal van 'n jagtog per ossewa sowat veertig jaar gelede, en die tema word saamgevat op bladsy 221: "Daar is dinge in die lewe wat net een keer vir die eerste maal kan gebeur: Jou eerste ja-woord van nooientjie ... jou eerste leeu ... jou eerste buffel ... Dis soos kampvure op die swerwemens se ver paaie — kampvure wat nooit heeltemal uitbrand nie, want hoe verder die swerfpaaie gaan, hoe meer kuier jy terug op die mooi plekies wat agter lê." Met Piet, die vyftienjarige hoofpersoon van die verhaal, gebeur dié dinge wat net een keer kan voorval. Martie is die meisie; Piet se vader en moeder, Martie se ouers en susters en 'n aantal Zoeloes, onder wie Piet se gunsteling, ou Sobantu, is die jaggeselskap.

Al die bekende ingrediënte van 'n Schoeman-jeugverhaal is weer eens in dié boek bymekaar.

Daar is die talle mooi voorbeelde van beeldende taal, gestu op rype lewenswysheid soos op bladsy 159 waar daar oor die boom as natuurverskynsel geskryf word: "Die rustigheid en geduld van 'n boom is vir my iets pragtigs. Die wind waai van enige kant af deur hulle en hulle blare en takke speel altyd saam. Die voëls sit in hulle en maak neste en hulle klaag nie. Ons kap hulle af en dan stoot hulle net 'n paar gomtrane uit. Die wat ons nie afkap nie en ook nie deur veldvure verbrand nie, staan jaar na jaar tevrede op dieselfde plek en verwelkom elke nuwe lente met blydschap."

Daar is die Bosveldatmosfeer wat Schoeman as kenner én as liefhebber beskryf, sonder hinderlike foute wat so dikwels dié soort leesstof kan bederf. Vir die jong leser kan die beskrywing van handeling in die jagveld tegelyk genot en kennis bybring. Schoeman skryf met insig in die sielkundige wêreld van die vyftienjarige paartjie, en behandel die adolessente liefde asof 'n sprokie ontvou word. Die skrywer se kennis van die Zoeloe se taal, sedes en gebruike, en die dissipline van heer en mindere is op opvoedende wyse verwoord. Leersaam is verder die talle vertellinkies oor die dierelewe — al is dit soms opsetlik ingevleg in die verhaal en ook die wyer natuurlere. Elke hoofstuk het een of meer illustrasies van Flip wat die boek se waarde in die soort mark waarvoor dit bedoel is, verhoog.

Soms hinder — aan die teenkant — taalfoute en spelvorme wat inkonsekwent voordoën en die gebruik van die komma. Dikwels negeer Schoeman die by-persone, neig hy om situasies te vlotweg af te maak, te verswyg of te verbloem soos bv. Piet se leeujaag. Die skrywer is soms te geneig om opsetlik kennis op te dring aan die leser, om lewenswaarhede te stel i.p.v. dit te laat vorm kry uit gesprekke, suggestie of verwysings.

In sy geheel genome, is dié werk van Schoeman nogtans 'n boek wat waardeer kan word deur leerlinge in st. 7, 8, 9 in die hoërskool.

(C.W. Hudson, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, September 1966)

3.15 Louw, Anna Margaretha (31 Desember 1913–)

Die bekende skryfster, Anna M. Louw, is op 31 Desember 1913 op die plaas Soetwater in die distrik Calvinia gebore. Haar laerskooljare bring sy deur in die plaasskool waar haar moeder haar onderwyseres is. Hier in die Karoo het sy in haar kinderjare feitlik geen kinderboeke geken nie. Eers later in haar lewe het sy hierdie agterstand ingehaai. Na voltooiing van standerd 6 op die plaasskool gaan sy na die hoërskool op Calvinia. Aan die einde van 1929, op die jeugdige ouderdom van 15 jaar, matrikuleer sy.

Na haar skoolloopbaan gaan Anna M. Louw na die Universiteit van Stellenbosch. Sy volg 'n graadkursus in die tale met Afrikaans–Nederlands en Engels as haar twee hoofvakke. Hierna kom sy in Kaapstad in die sakewêreld te lande.

Anna M. Louw is 'n mens wat haar eie gang gaan. Sy beskou haarself as iemand wat van nature 'n alleenloper is; sy het alleen op die plaas grootgeword. Na haar huwelik vertrek sy en haar eggenoot in 1938 na die Verenigde State van Amerika. Tydens hulle verblyf van twee jaar aldaar studeer sy aan die Universiteit van Columbia in New York in die skone kunste en joernalistiek. In hierdie tyd, soos ook later, reis hulle baie in die vreemde. Terug in Suid-Afrika vestig die gesin hulle in Kaapstad langs die Liesbeekrivier. Sy sit haar studies in die sosiale wetenskappe aan die Universiteit van Kaapstad voort en in 1944 behaal sy die graad BSocSc. Intussen het sy drie kinders ryker geword.

Na haar eerste huwelik is sy weer getroud en wel met 'n ekonoom, dr. Gerhard Bassel. Uit hierdie huwelik is twee dogters, 'n tweeling, gebore. Haar belangstelling in die wysbegeerte het haar in die begin van die sewentigerjare na die Universiteit van Kaapstad terug geneem toe sy vir die buitemuurse kursus ingeskryf het.

Na die voltooiing van haar graad in die sosiale wetenskappe in die veertigerjare was sy vir tien jaar lank vryskut-joernaliste en het sy artikels, kortverhale, hoorspele en toneelstukke en novelles vir *Die Huisgenoot*, *Sarie Marais*, *Naweekpos* en die SAUK geskryf. Haar eerste gepubliseerde boek, *Die onverdeelde uur*, het juis eers as vervolgerhaal in *Sarie Marais* verskyn. Haar boek *Die koms van die komeet* is weliswaar na *Die onverdeelde uur* gepubliseer, maar dit was voltooi voordat sy laasgenoemde begin skryf het.

Erkenning vir haar skryfwerk ontvang sy in 1964 vir die eerste keer en wel vir *20 days that autumn*, haar eerste en enigste boek in Engels. Hiervoor is sy deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns met die Olive Schreiner Literary Award vereer.



(Fotograaf: Tom Burgers, Kaapstad)

In 1962 verskyn *Die voortreflike familie Smit*. Op grond van hierdie boek word Anna M. Louw in 1968 die eerste outeur aan wie die Scheepers-prys vir Jeuglektuur toegeken word op grond van 'n enkele boek. Carfo het hierdie boek verfilm — met groot sukses.

In 1968 verskyn haar groot historiese roman, *Die groot gryse*, wat allerweë as een van die beste historiese romans in Afrikaans bestempel is. Elf jaar lank het sy haar hier en oorsee verdiep in studie van die groot Afrikaner-persoonlikheid, Paul Kruger. Vir hierdie boek is sy deur Nasionale Boekhandel met die W.A. Hofmeyr-prys bekroon. In 1976 ontvang sy die CNA-prys vir *Kroniek van Perdepoort*. Met hierdie boek het sy ook die Hertzog-prys en die W.A. Hofmeyr-prys verower. Die skryfster het ook *Die voortreflike familie Smit* in 'n draaiboek verwerk en dit is deur die SAUK-TV gebeeldsend.

Die volgende boeke het onder andere uit die pen van Anna M. Louw verskyn:

Die onverdeelde uur. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1956.

Die koms van die komeet. Kaapstad: Tafelberg, 1957.

Agter my 'n albatros. Kaapstad: Tafelberg, 1959.

Die voortreflike familie Smit. Kaapstad: Tafelberg, 1962.

20 days that autumn: 21st March–9th April 1960. Cape Town: Tafelberg, 1963.

Die banneling: die lyfwag. Kaapstad: Tafelberg, 1964.

Oom Kobie gee raad. Kaapstad: Tafelberg, 1965.

Die wat met die fluite loop. Kaapstad: Tafelberg, 1967.

Die groot gryse. Kaapstad: Tafelberg, 1968.

'n Geseënde dag; nege verhale. Kaapstad: Tafelberg, 1969.

Kroniek van Perdepoort. Kaapstad: Tafelberg, 1975.

Die derde tempel: essay oor 'n besoek aan Israel. Kaapstad: Tafelberg, 1978.

Op die rug van die tier. Kaapstad: Tafelberg, 1981.

Die loop van die rivier. Kaapstad: Tafelberg, 1986.

Bronne geraadpleeg

1. Anna M. Louw. *Die Huisgenoot* se Boekebylaag, 14 November 1969, p. 17.
2. Blignault, Audrey. Anna M. Louw; Calvinia se vér-kyk-skryfster. *Sarie*, 9 Desember 1981.
3. Bouwer, Alba. Sy groei saam met haar boeke. *Die Volksblad*, 1 Mei 1976.

☐ *Die voortreflike familie Smit*

Hierdie boek gee ons 'n greep uit die bestaan van 'n plattelandse Boeregesin wat vir hom in Kaapstad 'n staanplek probeer vind. Die gesin het

dit nie breed nie, maar dis 'n gesin wat deur sy solidariteit, trots en selfrespek staande gehou word. Die aksent val dus nie op die armoede nie, eerder op die ingebore adel en ordentlikheid wat hierdie familie, onder leiding van Oupa Smit, in

staat stel om, ondanks terugslae, sy man te staan en bo uit te kom.

Dis 'n optimistiese werk, 'n boek vol gesonde idealisme, waarin die skryfster, sonder om uitgesproke didakties te word, 'n alledaagse gesin sien as die sout van die aarde. Daarby het die skryfster haar gebied noukeurig afgebaken, sodat sy sonder pretensie of dikdoenery kan vertel. Dit alles dra by tot die lesenswaardigheid van die boek.

Hierdie familiegeskiedenis — as 'n mens dit 'n familiegeskiedenis kan noem — het geen groot boek geword nie, wil dit ook nie wees nie. Maar jy vra jou af waarom hierdie werk, ondanks sy verdienstes, nie werlik belangrik of boeiend geword het nie. Soos dit my voorkom, begin die beperkinge van die boek juis by wat hierbo as verdienstes genoem is. Dit is goed dat die skryfster haar gebied afbaken en haar hou by die bekende, maar die wêreld van die boek is darem te klein. En dit nie omdat die stof beperk sou wees nie, want dié is nie beperk nie. Ons het immers met 'n hele familie te make in 'n groot stad, 'n familie met 'n verlede. Maar die omgewing, die verlede en die mense word feitlik onontgonne gelaat. Eintlik is dit net Oupa wat ons as mens boei.

Die geheel is on-dig, en die gevolg 'n kleinheid in omvang sowel as in diepte, 'n kleinheid wat maklik in onbenulligheid kan verloop. En dan die kyk op daardie wêreldjie. Teen die idealisme is seker weinig in te bring, maar die skryfster neem haar figure te veel onder beskerming. Sy is te eensydig idealisties, die Smitte te ordentlik, die lewe te vriendelik. Alles val te mooi in patroon. Daar kom enkele situasies voor (bv. die geval van die onwillige konstabel-vryer) wat werklik 'n skrynende verloop kon neem, maar dié geleenthede gaan onbenut verby. Die slim dogter wat die familie se naam moet hoog hou, kry masels vlakvoor die eksamen. Daarmee is die verwagtings vernietig. Maar net tydelik, want rampe tref in hierdie verhaal nie diep nie. Weer kom die Smitte bo uit, en alle dinge werk ten goede mee.

So 'n instelling laat min ruimte vir ironie of humor, om van tragiek nie eens te praat nie. 'n Aangename onderhoudende boek, meer nie.

(A.P. Grové, *Die Huisgenoot*,
9 November 1962)



□ *Hierin sal baie mense hul familie herken*

Die voortreflike familie Smit van Anna M. Louw is weer eens een van dié soort boeke wat talle Afrikaanse oupas en oumas, ouers en kinders gretig sal lees, en dan waarskynlik daarin hul bloedeie kleinkinders, kinders, broers en susters, pa's en ma's sal herken!

Die verhaal word in die eerste persoon vertel deur die intelligente, maar nog onbevange en daarom ook onbedorwe tienerjarige meisie — in haar Matriekjaar — van die familie Smit. Sy vertel die geskiedenis van die lief en leed van 'n min of meer gemiddelde Afrikaanse gesin, soos daar duisende moet wees, wat die plaas vaarwel gesê het om hul lewe in die stad te probeer verbeter. Dit blyk uit alles dat die eerste jare van aanpassing in hul nuwe omgewing ook weer hul eie besonderse probleme meegebring het.

So tussendeur kry ons kykies in die agtergrond van 'n tipiese Afrikaanse gesin: sy politieke oordele en vooroordele, sy geestelike belangstelling, ja, sy verhoudinge tot vriende en selfs Engelssprekende kennisse.

Soos hul stoere voorgeslag op die plaas dit ook geken het, is daar 'n sterk individualistiese streep

in dié gesin. By die oupa veral kan dit nogal oordrewe vorme aanneem en dan tot komiese situasies lei.

Anna M. Louw ken haar mense en idealiseer hulle nooit nie, alhoewel sy met liefde en agting hulle duidelik, met al hul koddighede en koppighede, sien.

Ná die eerste sowat dertig bladsye, wat ek nog al stram gevind het, lees dié boek enduit vlot. Maar 'n mens voel tog, in nabetragting, iets van 'n teurstelling; hoewel dit goed geskryf is, herken hy

daarin nouliks die skryfster wat met haar allereerste werk — die novelle *Die onverdeelde uur* — so bevredigend was. Of kom dié “belofte” tog nog eendag tot ontplooiing?

As ek sê dat *Die voortreflike familie Smit* m.i. 'n Afrikaanse teenvoeter van die gewilde Amerikaanse *Little women* van Louise M. Alcott is, bedoel ek dit hoegenaamd nie geringskattend nie. Dit is in ieder geval literêr veel stewiger.

(W.E.G. Louw, *Die Burger*,
2 November 1962)

3.16 Venter, Jacobus Philippus Benjamin (3 November 1923–)

J.P.B. Venter is alombekend as Ben Venter. Hy is op 3 November 1923 te Lichtenburg in Wes-Transvaal gebore. In hierdie tyd was sy vader predikant van die Hervormde gemeente aldaar. Hy is die oudste van drie seuns en een dogter.

Tussen 1925 en 1930 bevind die predikantsgesin hulle agtereenvolgens vir kort tydperke in Johannesburg, dan in Zeerust en daarna weer in Johannesburg. Vanaf die begin van 1930 woon die gesin in Klerksdorp. Dis dieselfde jaar waarin Ben begin skoolgaan. Vanaf graad een tot standerd vier gaan hy skool by Unie-skool en standerd vyf en ses bring hy deur by die Laerskool President. Rustig vloei die Schoonspruit tussen hierdie twee skole deur, dié spruit waar Pels, die hoofkarakter van sy latere jeugverhaal met dieselfde titel, rustig rondswem. Van die Laerskool President gaan hy na KHS, die Hoërskool Klerksdorp, waar hy aan die einde van 1941 matrikuleer.

Na sy skoolloopbaan gaan Ben Venter na die Universiteit van Pretoria. Hier berei hy hom voor om in die voetspore van sy vader te volg. Aan die einde van 1948 voltooi hy sy teologiese studies.

Louis Trichardt is die eerste standplaas van die jong ds. Ben Venter. In hierdie kombinasie-gemeente wat tot teen die Limpopo gestrek het, het hy tot aan die einde van 1957 gearbei. Hier het hy die Soutpansberge goed leer ken wat later die milieu sou bied vir *Bubo*. Dan aanvaar hy 'n beroep na Elsburg waar hy twee jaar werksaam is. Vanaf die begin van 1960 is hy die predikant van die gemeente te Koster in Wes-Transvaal. Aan die einde van 1965 emeriteer hy aldaar.



(Fotograaf: Alton Berns, Pretoria)

Na sy uittrede uit die bediening werk Ben Venter vir 'n jaar as skakelbeampte vir die Datsun Motor-maatskappy. Dan tree hy tot die Staatsdiens toe. Vanaf 1967 tot die einde van 1978 is hy staatsamptenaar, eers by die Departement van Werke van die Transvaalse Provinsiale Administrasie van 1967 tot 1969 en daarna by die Transvaalse Provinsiale Biblioteek- en Museumdiens. Na sy aftrede in 1978 het Ben Venter die geleentheid gekry om hom voltyds op sy skryfwerk toe te lê.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog was Ben Venter 'n aktiewe lid van die Ossewa-Brandwag. Teen die einde van 1941, voor die matriekeksamen, is hy gevange geneem en alleen die persoonlike tussenkoms van genl. Smuts het voorkom dat hy geïnterneer word. Hy is na slegs twee dae vrygelaat. Voor die ontbinding van die OB het hy gevorder tot die rang van sersant.

Sy belangstelling in militêre aangeleenthede het hom in 1951 by die Burgermag laat aansluit. Deur die bywoning van gereelde kursusse het hy in 1962 gevorder tot die rang van majoor.

Ben Venter is in 1950 getroud. Uit die huwelik is drie seuns, vandag lede van die Weermag, en een dogter gebore.

Wanneer het Ben Venter begin skryf? Behalwe vir bydraes tot sy hoërskool se jaarblad in sy skooljare en daarna tot die studentebld van UP, het hy voor sy eerste boek, *Waterbobbejaan*, niks geskryf nie. Hierdie eerste boek speel af in die Zeerust-distrik. Hierdie wêreld ken hy goed. Sy oupa Venter en sy ooms het op die plaas Malmaniesoog in die distrik geboer. Hier het hulle dikwels in vakansietye kom kuier. Met die verowering van die Scheepers-prys vir Jeuglektuur vir 1969 op grond van hierdie eerste boek, sluit Venter hom aan by 'n klein groepie begaafde skrywers wat oor die jare heen bekroon is. Nog meer uitstaande is die feit dat hy die eerste skrywer is wat die eer te beurt geval het om op grond van sy heel eerste boek bekroon te word. Dit is 'n uitsonderlike prestasie. Dertien publikasies het tot dusver uit sy pen gevloei. Die manuskrip van 'n verhaal rondom die swart mensvreter van Lesotho is voltooi en wag om gepubliseer te word.

Ben Venter het naas sy bekroning deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1969, verdere erkenning vir sy bydrae tot die Afrikaanse letterkunde ontvang. Op 9 Junie 1972 het die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging hom met 'n oorkonde vereer vir sy belangstelling in die volksverhaal en die aanwending daarvan in sy letterkundige werk. Die Hoërskool Langenhoven in Pretoria het hom eweneens op 19 Oktober 1979 gehuldig en vereer met 'n silwerpenning.

Die volgende boeke is onder andere deur Ben Venter geskryf:

Waterbobbejaan: 'n legende uit die bosveld van Marico. Johannesburg: Voortrekkerpers, 1968.

Pels. Johannesburg: Voortrekkerpers, 1969.

Salmaklak: 'n legende van Vaalrivier. Johannesburg: Perskor, 1971.

Frik. Johannesburg: Perskor, 1973.

Stoker. Pretoria: De Jager-HAUM, 1976.

Kommie. Johannesburg: Perskor, 1977.

Lushendje. Windhoek: Die Inboorlingtaalburo, 1977.

Rondom-lelik. Pretoria: HAUM, 1978.

Pòana en sy ratel. Johannesburg: Perskor, 1979.

Malgas: oorlogsperd. Pretoria: HAUM, 1979.

Merzuk: rebellieperd. Pretoria: HAUM, 1980.

Die haelstorm. Pretoria: HAUM, 1981.

Bronne geraadpleeg

Lategan, F.V. Scheepers-prys vir Jeuglektuur 1969 toegeken aan Ben Venter. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Jaarboek*, 1969, p. 66–67.

□ Soos die titel van Ben Venter se bekroonde boek *Waterbobbejaan* aandui, gaan dit in dié roman om die geheimsinnige waterbobbejaan, wat in Marico se omstreke 'n legendariese figuur geword het.


Die skrywer wat 'n legende wil verwerk, kom voor 'n moeilike keuse te staan. Hy kan die legende enersyds aanbied as 'n stuk geskiedenis wat gebaseer is op die herinneringe van “getuies”. Andersyds kan hy met behoud van die essensiële “oerstof”, 'n verhaal skep met sy eie tyd- en ruimtesisteem. Deurdat die skrywer dramatiserend te werk gegaan het, kon die legende nuwe geloofwaardigheid verwerf.

Die betrokkenes word lewende karakters, met die waterbobbejaan self as die hoofakteur. Die vraag ontstaan nooit of daar in der waarheid 'n dier soos die Waterbobbejaan bestaan het nie. Hy word eenvoudig deur die leser aanvaar, en net sy doen en late binne die wêreld-van-die-boek bly ter sake. Dit maak die boek soveel meer boeiend as wat dit as blote feitegeskieding sou gewees het.

Waterbobbejaan verplaas die leser na die voorlaaste jaar van die vorige eeu. 'n Boer — hy dra die Bantoebynaam Sakematlakobata (“Hy wat jou met krag teen die grond gooi”) — se groot ideaal word verwesenlik. Hy en sy gesin betrek die plaas van sy drome.

Tog begin sy probleme reeds die eerste nag. Die tent waarin sy kinders slaap, word omgeruk, en die takkraal van die vee oopgebreek. Dit was egter net die begin van 'n reeks skrikwekkende wedervaringe wat die boer en sy gesin sou deurmaak, want hulle droomplaas is die woonplek van dié geheimsinnige Waterbobbejaan.

En miskien is dit juis die geheimsinnigheid wat die leser en boer se nuuskierigheid prikkel, want, soos die indoeena aan die boer gesê het, “as jy hom soek, sal jy hom nooit kry nie. Maar as jy hom



nie soek nie, sal jy op hom afkom. En jy moet hom tog nie skiet nie: dit sal dan jare lank nie reën nie” (p. 12).

By die dag neem die boer se probleme met die Waterbobbejaan toe en dryf dit hom tot op die rand van wanhoop. Van 'n vriend moet hy selfs hoor dat hy net ontsteld is omdat hy 'n bywoner op die plaas van die oorspronklike eienaar, die Waterbobbejaan, is!

Maar is dit werklik die Waterbobbejaan wat vir al die moleste op die plaas verantwoordelik is? Is hy nie dalk 'n soort beskermengel nie?

Onderwyl die Waterbobbejaan 'n ruk weg was, nadat Sakematlakobata hom in die lemoenboord met 'n sweep bygekom het, tree algemene verval op die plaas in. Bantoes begin steel en plunder, terwyl roofdiere, bobbejane, meerkatte, muishonde, ens., die wêreld feitlik oorneem. So erg word

dit dat Waterbobbejaan se afwesigheid as 'n leemte aangevoel word.

Was die boer nie dalk reg toe hy, ylende na 'n malaria-aanval, voortdurend 'n vriendskaplike "gesprek" met die Waterbobbejaan gevoer het nie? Of is dit die Waterbobbejaan wat feitlik elke nag 'n skaap uit die kraal steel, wat die gruwelike dood van Trappies veroorsaak, vir wie die boer en sy gesin een aand moes vlug in 'n kar waarvan een wiel aan die ingee was? Of is daar dalk 'n ander dier op die plaas wat al sy misdade op Waterbobbejaan se rekening geplaas kry? Want waarop maak Waterbobbejaan anders so moeisam jag? Van een spannende gebeurtenis na die ander word die leser nader aan die antwoord gebring.

In die werk speel die Waterbobbejaan 'n aktiewe rol — nie net deur wat 'n mens van hom hoor nie, maar oor deur wat hy self beleef, aangesien die vertelhoek van die roman dikwels na hom verskuif en 'n mens dan die gebeure deur sy oë sien en sy gedagtelewe leer ken.

Aanvanklik het hierdie vertelhoek my gehinder, aangesien dit afbreuk kan doen aan die misterie van die Waterbobbejaan. Dit kan ook die geloofwaardigheid van die vertelling verydel, omdat niemand in werklikheid tog die gedagtelewe van die Waterbobbejaan kan ken nie. Maar 'n mens moet onthou dat dit nie 'n feitegeskrif is nie, maar 'n roman wat sy eie werklikheid en waarheid moet verower. Kry hierdie vertelhoek dus geloofwaardigheid binne die boekwerklikheid, is dit geslaag. En dit is wat hier gebeur. Boonop dien dit as perspektiefverbreding en laat dit die Waterbobbejaan 'n lewende werklikheid word.

Tog word hierdie vertellersrol soms te ver gevoer. En dink aan die toneel waar die Waterbobbejaan sy grot netjies maak. Hy dink dan terug: "Hy was eenkeer in 'n leë naturellehut. Die inwoners het die vorige dag weggetrek. Waterbobbejaan wil nie hê sy grot moet so van die as lyk nie" (p. 113).

In hierdie roman vind ons basies twee kragte wat botsend teenoor mekaar staan. Aan die een kant is daar die vurige boer, die baanbreker en landskoonmaker, dus die beskawing, met die vrees, wat telkens ter sprake kom, dat die "bos" (natuur) weer kan oorneem. Aan die ander kant

het ons die natuur met sy roofdiere en sy onkruid, wat vernietigend op die beskawing inwerk wanneer dit die kans gegun word.

Tussen hierdie twee kragte staan die Waterbobbejaan, half-mens, half-dier — mens in sy rudimentêre vorm en dier in sy hoogste vorm. Hy is tussen die beskawing en die natuur, "tussen die bos en die mens, in die skemering tussen die lamp en die donker hoeke" (p. 42). Nie by een van die twee hoort hy tuis nie, maar tog is hy inherent deel van albei. Word hy weggeneem, word die balans tussen die twee kragte versteur, wat lei tot die ondergang van een van hulle. Keer hy terug, word die balans herstel.

Die boer en die Waterbobbejaan se weë kruis op een kardinale punt: die beskerming en die beveiliging van hulle woonplek — en by albei is dit dieselfde plaas. Op hierdie punt vind hulle botsinge plaas, maar dis ook hier waar hulle nader aanmekeer beweeg en mekaar (eintlik onbewus) te hulp kom. Hieruit ontspruit en ontknoop die verhaal.

Die belangrike rol wat die boer se jong seuns speel en die spannende situasies waarin hulle betrokke raak, verseker die boek se geslaagdheid as jeugverhaal.

Tog is daar ook fynere uitbeeldings, wat heel waarskynlik die jeugdige leser verby sal gaan, maar die boek vir die volwassene ook genotvol sal maak. Ek dink aan die toneel waar die seuns met kleiosse en waens van skape se onderkake, Voortrekker speel. Elkeen lug sy besware teen die Engelse bewind aan die Kaap en motiveer so die "trek na vryheid". Nadat hulle 'n ruk saam getrek het, kry hulle stry oor die uiteindelige bestemming. Piet wys hulle daarop dat hulle hom as leier gekies het en dus moet maak soos hy sê.

"Wie is jy miskien? Ons is nou vry en ons kan maak soos ons wil," sê Willem. "Ek trek waarheen ek wil."

Die gevolg is: "Die drie trekke verdeel en elkeen het voor sonder sy eie republiek gestig; so ver van mekaar af dat hulle mekaar se skoorstene nie kon sien rook nie" (p. 34).

Waterbobbejaan is 'n boek waaraan 'n mens lekker lees, hoewel uitdrukings soos: "hy het sy bes probeer" (p. 33, ens.), "gewig verloor" (p. 95), "kyk vir vreemde spore" (in die sin van soek, p. 57), "tien ure" (o.a. p. 51), ens., hinder.

Die boek kan beskou word as 'n belangrike bydrae tot die Afrikaanse jeuglektuur (waarvoor dit reeds besondere erkenning gekry het) en folklore. Dit is 'n boeiende werk, maar tog geen grootse werk nie.

Die karakters bly staties. Die grootste ontwikkeling in die boek is ten opsigte van die vermeerdering van die leser se kennis oor die Waterbobbejaan. Hy kan op die ou end gesien word as die mag wat die balans handhaaf tussen natuur en kultuur, maar dit is geen grootse vergestaltung soos bv. 'n *Raka* nie.

'n Mens moet egter duidelik in gedagte hou dat dit ook nie die opset van die boek is om so iets tot stand te bring nie. Dit gaan hier om die ontmaskering van die aard van 'n vreemde en legendariese wese, wat 'n boeiende roman oplewer en een wat verhewe lê bo die gemiddelde leesstof. (Herman Engelbrecht, *Klasgids*, Augustus 1969)

□ Soos ons land en ons lewe al hoe meer 'n verstedelike aanskyn kry, openbaar ons Afrikaners, nes ouer volke, ook 'n groter waardering en liefde vir die verdwynende landelike dinge, onder meer ons eie folklore, en dan ook wel as boustof vir literatuur. Om sulke verhale, liedjies, ens., wat dikwels aan die legendariese en fantastiese raak, literêr te ontgin, is natuurlik reeds sporadies aan te wys in ons vroeë letterkunde, maar dit is veral woordkunstenaars soos Boerneef, Van Wyk Louw en C.G.S. de Villiers wat hierdie ryk goudaar van volksoorlewering raakgeboor het. Hierdie soort kuns sal dan ook myns insiens in die toekoms 'n steeds groter plek in ons kultuurlewe inneem.

'n Mooi resente voorbeeld van die literêre benutting van 'n stuk folklore uit eie bodem is Ben Venter se *Waterbobbejaan*, 'n besonder kunstige en keurige publikasie, wat blyk dat die uitgewer

deur die uiterlike voorkoms van die boek reg wou laat geskied aan die aard en gehalte van die inhoud. As ondertitel het die roman "'n Legende uit die bosveld van Marico", en in die Voorwoord vertel die skrywer een en ander oor die agtergrond van die verhaal — "'n storie wat van ver af kom, 'n storie wat ek winteraande voor die es in Lichtenburg gehoor het as die uitgespitte turf van die vlei rooi gegloei het".

Liefdevolle herinnering van 'n verbygegane geslag van landskoonmakers met hulle swaarkry, vreugde, avontuur en humor — dit het die skepende verbeelding van hierdie begaafde skrywer gestalte laat aanneem in beslis een van die heel gaafste verhale van hierdie aard wat ons het. Venter skryf 'n skoon prosa, eenvoudig en suggestie-ryk; hy skep 'n verhaalwerklikheid waarin oortuigende mensbeelding, dramatiese gebeure maar ook die kostelikste ontspannende humor in 'n netjies gestruktureerde geheel voorkom. Miskien die heel belangrikste verdienste van hierdie woordkunstige vormgewing van die legende is die feit dat die skrywer die geheim van Waterbobbejaan nooit probeer verklaar nie; hoe 'n werklikheid hierdie goedige maar ook kwajongagtige en selfs gevreesde wese, met sy buitengewone krag en geslepenheid, ook al word in sy besondere verhouding tot sy "bywoners" (die eienaar van die plaas en sy gesin), word die waas van geheimsinnigheid wat hom omring, steeds behou.

Konkrete beelding, werklikheidsuggestie, maar basies en wesenlik legende — hierin lê die bekoring en boeiendheid van Ben Venter se rekonstruksie van die Waterbobbejaanoorlewering. Dis pretensielose woordkuns hierdie van 'n fyn teksuur en met 'n wye trefkrag. Verhalende leesstof van dié soort is 'n welkome verryking van ons karakteristieke letterkunde; daarby ideale studiemateriaal in ons skole.

(P.D. van der Walt, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Junie 1969)

3.17 Kielblock, Karl (23 Oktober 1907 –)

Karl Kielblock is 'n Karoo-seun. Hy is op 23 Oktober 1907 op Beaufort-Wes gebore. Daar het hy ook grootgeword. As seun het hy dikwels in die droë rivierlope op sy maag gelê en water uit 'n gora gedrink. In veral sanderige streke lyk dit dikwels of 'n rivier droog is omdat die rivier nie vloei soos ons dit verwag nie. In baie gevalle vloei die water onder die sandoppervlakte. Deur net 'n gat in die sand te krap vloei die water daarin. 'n Riet kan ook in die sand gedruk word en water kan deur die riet gesuig word. Hier het Karl Kielblock skoolgegaan. Sy skoolloopbaan het hy aan die "Boys High" voltooi. Daarna is hy na die Boland waar hy aan die Opleidingskollege Paarl hom as onderwyser gaan bekwaam het.


Aan die einde van 1927 voltooi hy sy studies. Vanaf die begin van 1928 begin hy skoolhou aan die Laerskool Hendrik Louw in die Strand. Met slegs 'n onderbreking van ses maande toe hy gemoeid was met die stigting van die Laerskool Lochnerhof, hou hy tydens sy hele onderwysloopbaan skool by dieselfde skool. Aan die einde van 1967 tree hy met pensioen uit die onderwys. Na sy aftrede het hy in die Strand bly woon en hom voltyds aan sy skryfwerk gewy.

Karl Kielblock is met mej. Vera Abel van Hopefield getroud. Uit hierdie huwelik is twee kinders, 'n seun en 'n dogter, gebore.

Vanaf sy kinderjare was Karl Kielblock lief om te lees. In sy ouerhuis was dan ook baie boeke wat sy belangstelling voortdurend geprikkel het. As seun het hy tot drie boeke per dag gelees. Dit is dan ook nie verbasend dat hy gou die begeerte begin koester het om self te skryf nie. Latere jare nadat verskeie gedigte en kortverhale van hom gepubliseer is, het hy met Mikro kennis gemaak wat ook 'n onderwyser, en wel in Kuilsrivier, was. Dit was dan ook deur die aanmoediging van hierdie kollega van hom dat sy eerste boek, *Die skat van Java*, in 1936 verskyn. Die belangstelling, aanmoediging, kritiek en vriendskap van Mikro is altyd deur hom hoog op prys gestel.

Karl Kielblock was die eerste skrywer wat hom doelbewus toegespits het op die skryf van ligte, maar gesonde nasionaal-gerigte lektuur in Afrikaans. Hy is 'n besonder vrugbare skrywer en daar het 'n groot aantal avontuurverhale, romantiese en geskiedkundige werke van hom verskyn. Hy het sy stof uit ons nasionale romantiek van die Hollandse periode aan die Kaap geput. Sy boeke is by sowel jonk as oud gewild. Van sy boeke soos onder andere *Die vreemdeling* en *Jasper le Feuvre*, word nog gereeld herdruk.

Op 18 September 1970 is hy in Kaapstad deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns met die Scheepers-prys vir Jeuglektuur vereer op grond van sy avontuurverhaal, *Rebel*, wat die vorige jaar by Nasionale Boekhandel verskyn het.



(Fotograaf: Edrich, Stellenbosch)

Trots op hul Karoo-seun wat met sy skrywerstalent soveel bekendheid verwerf het, wou die Kultuurraad van Beaufort-Wes hom so graag op sy sewentigste verjaardag gehuldig het. Karl Kielblock het egter nie sy weg oopgesien om die geleentheid by te woon nie. Wat 'n mooi geleentheid wat onbenut verby gegaan het.

Die volgende boeke het onder andere uit sy pen verskyn:

- Die skat van Java.* Bloemfontein: Nasionale Pers, 1936.
Die vreemdeling. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1938.
Jasper le Feuvre. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1942.
Moord op Eendevlei. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1943.
Die avontuur van die goewerneur se dogter. Johannesburg: Publicite, 1944.
Die avonture van kapt. Elias Sonnenschein. Johannesburg: Publicite, 1944.
Moord in Arkadia. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1944.
Soos water op die grond. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1944.
Guillam Woudberg. Bloemfontein: Nasionale Pers, 1945.
Moord op Kroonbaai. Johannesburg: APB, 1945.
Adriaan Deneys. Kaapstad: Nasionale Pers, 1947.
Moord op Alles Verloren. Kaapstad: Nasionale Pers, 1948.
Moord op Geitjieskop. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1950.
Die swaard verteer. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1950.
Ek, die moordenaar. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1951.
Nooi uit die vreemde. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1955.
Die wraak van Jasper le Feuvre. Kaapstad: Via Afrika, 1958.
Die skaam man. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1959.
Rivier van drome. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1960.
Sonia Clercq. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1960.
Mooier as die blomme. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1961.
Die vete. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1962.
Orrus op Rusdal. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1963.
Lafras Cuyper — kanonnier. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1964.
Moord op Eendevlei. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1964.
Onder die stil waters. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1964.
Die verlore skat. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1964.
Guillam Woudberg keer terug. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1965.
Luitenant Lafras Cuyper. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1965.
Skuil in die skaduwees. Johannesburg: Voortrekkerpers, 1965.
Vaandrig Freyn. Johannesburg: Voortrekkerpers, 1966.

- Die lafaard.* Johannesburg: Voortrekkerpers, 1968.
- Lafras Cuyper en die Hirondelle.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1968.
- Rebel.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1969.
- Die skaam man.* Kaapstad: Nasou, 1969.
- Die raaisel in die spieël.* Kaapstad: Tafelberg, 1970.
- Lodewyk Alleman se soektog.* Kaapstad: Tafelberg, 1971.
- Weerlig slaan twee maal.* Kaapstad: Tafelberg, 1972.
- Lafras Cuyper in die Britse lokval.* Kaapstad: Tafelberg, 1973.
- Die helder stad.* Kaapstad: Tafelberg, 1974.
- Lafras Cuyper in Frankryk.* Kaapstad: Tafelberg, 1975.
- Lafras Cuyper in Venesië.* Kaapstad: Tafelberg, 1977.
- Verhale uit Herodotos.* Kaapstad: Tafelberg, 1977.
- Lafras Cuyper en die gravin.* Kaapstad: Tafelberg, 1979.
- Daar het 'n ster verskyn.* Kaapstad: Human & Rousseau, 1984.

Bronne geraadpleeg

1. Karl Kielblock weier Beaufort se huldiging. *Die Courier*, 28 Oktober 1977.
2. Lategan, F.V. Scheepers-prys vir Jeuglektuur 1970. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Jaarboek*, 1970, p. 76.
3. Nienaber, P.J. *Hier is ons skrywers.* Johannesburg: APB, 1950.
4. *Ons skrywers.* Johannesburg: Nasionale Boekhandel, 1955.

□ *Hier's interessante geskiedenis*

Karl Kielblock verbreek 'n lang stilswye om ons in *Rebel* 'n oorlogverhaal so uit die boonste rake te gee. Vaardig en onderhoudend soos altyd, beskryf hy in die boek die stryd van jong Kaapse rebelle teen die Britse magte in 1901. Omdat min romans oor die oorlog die inval van genl. Hertzog en later van genl. Smuts in Noordwestelike Kaapland as agtergrond gebruik, breek die skrywer hier vir ons betreklik onbekende grond.

Die gegewens in die verhaal is tot groot mate op werklike gebeurtenisse, veral in die loopbaan van genl. Manie Maritz, gegrond ofskoon die hoof-

figuur die jong Gustav Lubeck, wat van sy ouerhuis af wegloop om by die rebelle aan te sluit, denkbeeldig is.

Hierdie vermenging van fantasie en die geskiedenis is goed geslaagd en ons kry veral 'n oortuigende beeld van die destydse kommandant Maritz en van die bewondering wat hy van sy jong burgers geniet het.

Die beskrywing van die gevoel op die Kaaplandse dorpe tussen die mense wat getrou aan die koningin en haar verteenwoordigers bly, en dié wat weer die Republieke in hul strewe om vryheid en reg gesteun het, is veral goed. Die tweespalk en verdriet wat hierdie verdeelde loyaliteit tussen

vriende en familie veroorsaak, verleen 'n tragiese ondertoon aan 'n verhaal van avontuur en moed.

Die liefdesverhaal van Gustav en sy verhouding met die twee susters wie se jong broer eers saam met hom rebelleer en later by die vyand aansluit en swaar gewond word, is goed gehanteer en is verantwoordelik vir die tikseltye romanse waarvan leseresse hou.

Vir die man is daar meer as genoeg avontuur en waaghalsige ondernemings wat met al Kielblock se gewone durf beskryf word. Die boek gaan beslis bydra om die belangstelling by ons jeug vir die geskiedenis van die Driejarige Oorlog en veral die veldtogte in Kaapland te verskerp.

(Louise Behrens, *Die Vaderland*,
6 Februarie 1970)

□ Gegewens uit die Kaapse Rebellestryd in die Noordweste in 1902 vorm die raamwerk vir 'n roman deur die ou bekende Karl Kielblock. In *Rebel* vertel hy die verhaal van Gustaf Lubeck, seun van 'n gesete boer in die Noordweste wat by 'n kommando aansluit. Onder aanvoering van kmdt. en later genl. Manie Maritz veg hulle die oorlog deur.

'n Vlot trant word gehandhaaf en allerlei episodes ingevleg om die verloop van 'n tipiese kommando-operasie te illustreer.

Die kommandolewe word ewenwel nie in diepte verken nie, maar outentisiteit word verleen aan die omgewing. Op knap wyse — d.w.s. onopvallend — het Kielblock die spanning in die Kolonie ten opsigte van die oorlog in die algemeen en die posisie van die rebelle in die besonder ingewerk deur Gustaf Lubeck in aanraking te bring met alle tipes.

Hy is oorspronklik verlief op 'n mooi nooi, Lenore Duist, wie se ouers lojale Kolonianers is. Haar



suster, Delia, hoewel gehoorsaam aan haar ouers, is hom en die rebelle baie goedgesind. Die broer, Jantjie, gaan oorspronklik saam met hom op kommando, maar word gewond en keer terug. Dan sluit hy by die Engelse aan. 'n Ander kêrel, Lothar, is 'n boelie met 'n klein hartjie en saam met sy vader 'n soort oorlogsuitbouter. Delia lei hom in 'n lokval en hy moet ook by die Engelse aansluit.

In die loop van die stryd ontmoet Gustaf beide Jantjie en Lothar in verskeie situasies. Die verhaal, soos te verwagte, eindig met Delia in Gustaf se arms.

(Anoniem, *Die Nataller*,
19 Desember 1969)

3.18 Van Reenen, Rykie van der Byl (31 Desember 1923–)

Rykie van der Byl van Reenen is op 31 Desember 1923 in Darling gebore waar haar ouers in die distrik geboer het. Haar laerskoolonderwys ontvang sy in Darling. Haar hoërskooljare bring sy in Malmesbury deur waar sy matrikuleer.

Hierna gaan sy na die Universiteit van Stellenbosch vir haar universiteitsopleiding. Aan die einde van 1946 voltooi sy haar studies. Reeds gedurende haar universiteitsjare tree sy op as sosiale korrespondent vir *Die Burger*. Dit volg dus bykans as vanselfsprekend dat sy aan die begin van 1947 voltyds lid word van die personeel van *Die Burger*.

Na 'n tyd onderbreek sy haar joernalistieke loopbaan by Nasionale Pers toe sy besluit het om op die familieplaas by Darling te gaan boer. In hierdie tyd kry sy die geleentheid om skool te hou. 'n Oud-onderwyser van haar op Malmesbury wou oorsee gaan en sy was die enigste plaasvervanger wat hulle kon kry. In die tyd gee sy onderrig in Afrikaans en Latyn. Na meer as vyf jaar op die plaas, besluit sy om self oorsee te gaan. Sy bring ongeveer twee jaar in die buiteland deur.

Met haar terugkeer na Suid-Afrika tree sy weer in diens van Nasionale Pers en wel by *Die Burger*. Sy kry die geleentheid om 'n verskeidenheid joernalistieke werk te doen. Tydens die Van Riebeeckfees in 1952 behartig sy 'n daaglikse rubriek oor al die aktiwiteite in verband daarmee. Later is sy verantwoordelik vir die ontstaan van *Die Klein Burger*. Dit word opgevolg met die rubriek "Van alle kante" in *Die Burger*. In 1965 word sy oorgeplaas na *Die Beeld*, 'n Sondagblad wat Nasionale Pers in daardie jaar in Johannesburg gestig het. Benewens haar werk as verslaggewer behartig sy vir dertien jaar lank ook die weeklikse rubriek "Op die Randakker" vir *Die Beeld* en later *Rapport*. 'n Keur uit hierdie rubriek, uitgesoek deur Tobie Boshoff, het in 1980 in boekvorm verskyn en het reeds in 1981 'n tweede druk belewe.

Op 2 Desember 1971 ontvang sy tydens 'n Stadsraadsonthaal in Johannesburg die Scheepers-prys vir Jeuglektuur vir haar eerste omvangryke publikasie *Heldin uit die vreemde*. Hierdie boek is die



Mej. Rykie van Reenen ontvang haar Scheepers-prys van regter V.G. Hiemstra, 1971

(Fotograaf: Geoff Paxton)

resultaat van deeglike navorsing in Suid-Afrika en die buiteland. In sy huldigingswoord het prof. Nienaber onder andere die volgende gesê:

Dink 'n mens aan Rykie van Reenen, dan dink jy direk aan 'n sprankelende skryfstyl. ... Wat dood was, wek sy tot lewe. Aan wat verby was, verleen sy duursaamheid. Die eintlike kragtoets in hierdie liefdevolle lewensbeskrywing is juis die volgehoue uitwan van derduisende gerwe geskiedenis. Daar is vragtevol aangery, uit verskillende oorde: binnelands én buitelands.

Sonder om enigsins afbreuk te doen aan *Heldin uit die vreemde*, is die terrein waarop Rykie van Reenen presteer het by uitstek die joernalistiek. Haar joernalistieke prestasies is dan ook deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns erken toe die Markus Viljoen-medalje vir joernalistieke prestasie op 23 Desember 1982 aan haar toegeken is.

Naas vertaalwerk en 'n inleiding tot 'n publikasie oor Jantjie Wissema, is die volgende boeke onder andere die vrug van Rykie van Reenen se arbeid:

Heldin uit die vreemde; die verhaal van Emily Hobhouse. Kaapstad: Tafelberg, 1970.

Op die Randakker; saamgestel uit die Randakker-rubrieke in *Die Beeld* en *Rapport* deur Tobie Boshoff. Kaapstad: Tafelberg, 1980.

Emily Hobhouse: Boer War letters, edited by Rykie van Reenen. Cape Town: Human & Rousseau, 1984.

Bronne geraadpleeg

1. Cillie, P.J. Markus Viljoenmedalje aan mej. Rykie van Reenen. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, *Jaarboek*, 1982, p.35, 48.
2. Hoë prys vir Van Reenen. *Die Burger*, 26 April 1982, p.3.
3. Nienaber, C.J.M. Scheepers-prys vir Jeuglektuur 1971 toegeken aan Rykie van Reenen; huldigingswoord. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, *Jaarboek*, 1971, p. 67.
4. Rykie van Reenen. *Fair Lady*, 3 September 1969, p. 74 – 75.

□ By die Vrouemonument in Bloemfontein, reg onder die sentrale groep van die Boervrou met haar kind wat pas oorlede is op haar skoot, is 'n blink granietsteen. Hierop is die volgende woorde gebeitel: "Hier rus Emily Hobhouse".

Wie was dié Emily Hobhouse van wie generaal Smuts skryf: "We buried her like a princess?" Wie was dié "Meisie van Engeland" aan wie die Afrikanervolk die groot eer betoon het deur haar by die volksheilighdom in Bloemfontein ter ruste te lê. Op haar kenmerkende en bekoorlike wyse en in die sprankelend-vloeiende geselstrant wat haar

enig maak onder ons vroue-joernaliste, vertel Rykie van Reenen hierdie verhaal van die predikantsdogter uit Cornwallis wat onsterflikheid onder die Afrikanervolk verwerf het. Die werk is boeiend en interessant geskryf en die onderwerp word met diepe piëteit gehanteer. 'n Mens staan dus nie verbaas daaroor dat hierdie werk 'n deurslaggewende rol gespeel het by die Akademie se toekenning van die Scheepers-prys aan Rykie van Reenen nie.

Veel is reeds geskryf oor die lewe en werk van Emily Hobhouse. 'n Mens dink hier aan die werke van Annette Terblanché, *Emily Hobhouse* (Jo-

hannesburg, 1948); aan R.A. Fry se boek *Emily Hobhouse, a memoir* (Londen, 1929); dr. J.D. Kriel se proefskrif oor *Emily Hobhouse en die na-wêë van die Anglo-Boere-oorlog* (Bloemfontein, 1956), asook korter sketse oor haar wat in verskeie werke oor Suid-Afrikaanse vrouefigure verskyn het. Emily Hobhouse het natuurlik self 'n werk nagelaat wat in Afrikaans vertaal is as *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het* (Kaapstad, 1941). Dis duidelik dat Rykie van Reenen uit al hierdie werke moes geput het, maar dan het sy ook waardevolle argivale navorsing gedoen, onder andere die raadpleging van die *Hobhouse memoirs* in die President Steyn-versameling van die Vrystaatse Argiefbewaarplek waarsonder Emily se rol onder die Afrikaners onmiddellik ná die Anglo-Boereoorlog nie beskryf sou kon word nie. Anders as alle vorige skrywers bied Rykie van Reenen ons 'n aaneenlopende verhaal aan in boeien-de verteltrant. Dis asof Emily, die Boervroue, president M.T. Steyn, generaals Hertzog en De Wet hier by ons is terwyl hulle praat.

Vir die Afrikanervolk was Emily Hobhouse "n engel van vertroosting ... ons voorspraak voor dié wêreld, die versorger van ons hongeriges, die heler van ons wonde ..." (Dr. D.F. Malan). Dit was haar hand, "n klein hand, die hand van 'n vrou" wat in die woorde van generaal Smuts na ons uitgesteek is.

Na die dood van haar vader vir wie sy lank moes versorg en verpleeg, het Emily Hobhouse onder die Cornwalliese mynwerkers in die Wilde Weste van Amerika gaan werk. Hierdie ruwe elemente het haar spoedig gewaardeer "as 'n engel uit die hemel".

Later keer sy terug na Engeland, waar sy wel-dra onder diegene tel wat die Boere steun in hul tragiese worstelstryd teen 'n wêreldmag. Berigte oor die ellendige toestand in die konsentrasiekampe laat haar besluit om, ten spyte van sterk teenkanti-ging, persoonlik te kom ondersoek instel. Weliswaar word sy net toegelaat om die kampe besuide Bloemfontein te besoek. Haar verslae oor haar wedervaringe, haar briewe en haar toesprake het 'n groot bohaai veroorsaak.

Toe sy in Oktober 1901 weer in Tafelbaai aankom, word sy toegang geweier en hardhandig na Engeland teruggestuur. Maar weer keer sy terug,



want daar is nog soveel wat sy moet doen om 'n verslane volk te help oprig.

Ons vergesel Emily op haar reise deur die verwoeste eertydse Boererepublieke, ons is saam met haar waar sy haar padkos deel met die verarmde aristokrate van die Afrikaanse veld, ons staan by waar sy die moeders en dogters met spin- en weefskole aanhelp.

Geen wonder dat sy as een van ons aanvaar is nie. Sy moes die Vrouemonument kom onthul, maar siekte het haar halfpad laat omdraai. Toe sy sterf, het die Afrikanerdom aangedring dat sy sou kom rus tussen hulle vir wie sy soveel opgeoffer het. Daarom dat haar asse in die Vrouemonument ingemessel is.

Hierdie boek behoeft geen aanbeveling. Dit hoort in die huis van elkeen wat homself Afrikaner noem. Dan betaal ons 'n ereskuuld.

(A.P.J. van Rensburg, *Die Taalgenoot*, September 1971)

□ Dit gebeur nie dikwels dat daar 'n boek verskyn waarvan ek sonder voorbehoud kan sê: Hier is nou 'n boek wat elke vrou in die land behoort te lees nie, maar nou hét daar so 'n boek verskyn. Dit is Rykie van Reenen se boek oor Emily Hobhouse: *Heldin uit die vreemde — Die verhaal van Emily Hobhouse* wat as nommer twee in die reeks *S.A. Gallery* teen die end van verlede jaar deur Tafelberg-Uitgewers uitgegee is.

Waarom sê ek dat elke vrou in die land hierdie boek behoort te lees? Ek sê dit om drie redes: Eerstens omdat die boek 'n merkwaardige verhaal en — let wel — 'n ware verhaal uit ons land se geskiedenis bied wat op 'n besondere manier tot elke vrou móét spreek; tweedens omdat die boek 'n histories-juiste beeld gee van 'n brok geskiedenis wat veral die vrou geraak het; derdens omdat die boek 'n onbetwisbare trefkrag het juis vir die vrou van dié tyd wat gekenmerk word deur 'n wêreldwye verskuiwing van waardes en 'n geringskating van individuele optrede in die lotgevalle van mense.

In elf hoofstukke word daar in hierdie boek die verhaal van Emily Hobhouse vertel, die verhaal van die Engelse vrou wat tydens die Anglo-Boereoorlog deur haar onverskrokke optrede die Britse volk se gewete oor die lyding van die vroue en kinders in die Britse konsentrasiekampe wakker geskud het.

Oppervlakkig beskou, is dit 'n beskeie aanbieding wat geen volledige biografie, diep-delwende vertolking van persoonlikheid of ontleding van motiewe wil wees nie, maar in werklikheid is dit 'n uitmuntende monografie, histories verantwoord en so boeiend geskryf dat 'n mens die boek net nie kan neersit as jy eers begin lees het nie.

Rykie van Reenen begin die verhaal met 'n aangrypende beskrywing van Emily Hobhouse se herbegraving uit die Tweekoringkerk van Bloemfontein gevolg deur die indrukwekkende optog na die Vrouemonument waar die vierkantige kissie in 'n opening in die gedenksuil weggeleë is. Uit die woorde wat ds. J.D. Kestell dié oggend in sy begrafnisrede oor Emily Hobhouse gesê het en uit die toesprake wat daar by die Vrouemonument gehou is deur dr. D.F. Malan, generaal Kemp, dr. N.J. van der Merwe en generaal Smuts, kry 'n mens heel aan die begin van die boek 'n indruk van die

groot betekenis wat die Engelse vrou vir die Boerevolk van Suid-Afrika gehad het.

“Emily Hobhouse was een van ons in die diepste en volste sin van die woord”, sê dr. D.F. Malan, op daardie tydstip minister van buitelandse sake. “Daarom kan sy wees soos niemand anders nie, 'n mag tot versoening, 'n skakel van verbinding, 'n hoeksteen in die gebou van 'n groot en verenigde Suid-Afrikaanse nasie.” Generaal Kemp, die Unie se minister van landbou, roep die tonele van verwoesting op wat hy self beleef het, met vroue en kinders herbergloos uitgedryf op die vlakte. Maar aan die ander kant onthou hy Emily Hobhouse en “as Suid-Afrika nie dankbaar is vir 'n vrou soos Emily Hobhouse nie, dan is Suid-Afrika werklik nie werd om 'n groot volk te word nie,” sê hy.

Dr. N.J. van der Merwe, president Steyn se skoonseun, praat as 'n seun wat self in die konsentrasiekampe was. “As herinnering aan daardie dae 'n wrok teen Engeland in my hart laat opkom, dan is daar een naam wat dit weer laat sak: Emily Hobhouse,” sê hy.

Generaal Smuts, jarelange vriend van Emily Hobhouse, beklemtoon in sy toespraak die mag en verreikende invloed van die vrou op die verloop van wêreldgebeure. “Die lewe van Emily Hobhouse is 'n treffende getuigenis van hierdie mag,” sê hy. “Ons het alleen gestaan in die wêreld, verstote tussen die volkere, die kleinste nasie teenoor die magtigste ryk op aarde. En toe is 'n klein hand, die hand van 'n vrou, na ons uitgesteek. In daardie donkerste uur, toe dit gelyk het of ons nasie gedoem was tot uitwissing, het sy soos 'n engel verskyn, soos 'n gesant uit die hemel — en die vreemdste was dat sy 'n Engelse vrou was.” Aan die slot van hierdie treffende beskrywing stel die skryfster die vraag: “Dié Emily Hobhouse, wie was sy?” En dan begin sy vertel wie Emily Hobhouse was, hoe sy grootgeword het as predikantdogter in Cornwallis, hoe dit gebeur het dat sy as jong vrou in Londen bewus geword het van die Anglo-Boereoorlog, skerp in opstand gekom het teen Brittanje se optrede en later besluit het om self na Suid-Afrika te kom om die toestande hier te ondersoek. Dramaties ontvou die verhaal van Emily Hobhouse se besoeke aan die konsentrasiekampe, haar reaksies op wat sy daar beleef het en haar

praktiese planne om onmiddellik hulp aan te bied. Met toenemende verwondering lees 'n mens hoe sy na Engeland teruggegaan het om geld en goedere in te samel, hoe sy in 1901 weer na Suid-Afrika kom, maar nie toegelaat word om aan land te gaan nie, hoe sy tog volhou met haar verbete voorneme om die Boeremense te help en na die oorlog terugkeer om die verarmde Boerevroue te leer spin en weef. Die verhaal bereik sy hoogtepunt wanneer sy deur president Steyn gevra word om op 16 Desember 1913 die Vrouemonument in Bloemfontein te onthul. Sy neem die uitnodiging aan, maar haar gesondheid is teen hierdie tyd so swak dat sy by Beaufort-Wes moet omdraai. Haar ontroerende rede word deur haar vriend Charlie Fichardt aan die skare by die Vrouemonument voorgelees:

Jul afgestorwenes se dapper eenvoud spreek tot die vroue van die wêreld en is van nou af ingeweef in die weg van elke vrou se lewe ...

Tot die vroue veral, sal hierdie monument spreek: jul land vra jul lewe en jul kragte nou in 'n ander rigting. Ingewikkelde vraagstukke verrys ... wat ernstige gevolge inhou vir die welvaart van jul seuns en dogters. Dit is julle taak om hierdie probleme in jul huise deur te dink, julle taak om 'n reinigende invloed uit te oefen op die politiek, julle taak om leiding te gee in die staat ...

My vriende, dwarsdeur die wêreld kom die dag van die vrou nader, haar eeu breek aan.

Só goed vertel Rykie van Reenen dié wonderbaarlike verhaal dat die mens Emily Hobhouse vir die leser werklik leef teen die agtergrond van die dramatiese en dikwels vreeslike verloop van die geskiedkundige gebeure.

Onvergeetlik is die beeld wat sy van die naoorlogse verwoesting soos deur Emily Hobhouse gesien, in haar verhaal gee.

Dit is naby Lindley dat hulle op 'n oggend 'n meisietjie in 'n blou sisrokkie op 'n brandmaer ou perd teenkom, op pad dorp toe agter haar vader aan, wat vooruit stap om werk te gaan soek. Hulle hou by haar stil om pad te vra, en gesels 'n paar woorde:

'Hoe gaan dit met julle?'

'Dit gaan goed, antie.'

'Het julle dan kos?'

'Nee, antie, ons het nie kos nie.'

'Jy bedoel seker: Julle het nie vleiskos nie?'

'Nee, antie, ons het nie vleis nie.'

'Maar darem aartappels of groente?'

'Nee, antie, ons het nie groente nie.'

'Tog darem seker brood.'

'Nee, antie, ons het nie brood nie.'

'Wat! niks brood of meel nie! Wat eet julle dan?'

'Mielies, antie.'

'Het julle darem genoeg daárvan?'

Die kind se oë word klam, 'Dis amper op, antie,' fluister sy. Emily gee haar die halwe broodjie wat sy by haar het. Vir die eerste keer kom so 'n amper-glimlaggie oor die maer gesiggie. 'Ma sal baie bly wees,' sê sy, ruk die ou perd se leisels op en ry op 'n haastige skommeldraffie terug huis toe.

Meer as een keer verlustig die skryfster haar ook in die humor wat daar onuitwisbaar selfs in die teenspoedigste omstandighede kan skuil.

Sy beskryf die modelkamp by Norvalspont:

Mense mag bedags kom en gaan; hulle gaan selfs piekniek maak langs die rivier. 'n Groentetuin is aangelê, en, deels om die mans besig te hou, het die kamp-kommandant hulle laat tennisbane maak vir die ontspanning van die kampmense.

Daar was drie tenniscourte, sê mev. Jacoba Christina von Moltke, gebore Boshoff, meer as 'n halfeeu later (sy was saam met haar suster en broertjie, die latere professor S.P.E. Boshoff in die kamp.) Daar was die blanko-court nou vir die

effens hoëres, daar was die hospitaalcourt en dan nog 'n derde court so vir die mixture class — want u moet verstaan, sê sy, daar was in so 'n kamp allerhande klaste mense.

Baie mooi is ook Rykie van Reenen se beskrywing van Emily Hobhouse se noodoproep om meer kleres wat sy aan haar komitee in Engeland rig.

“En terloops,” laat weet Emily Hobhouse aan die Distress-Fund-komitee tuis, “die bloeses wat julle aanstuur as bedoel vir volwassenes, pas net meisies so van twaalf, dertien — dis gans te klein vir ‘the well-developed Boer maiden, who is really a fine creature. Could an out, out, out woman’s size be procured’.”

Ek het gemeen dat ek redelik goed vertrou is met die Suid-Afrikaanse geskiedenis, maar na die lees van die boek moet ek bekén dat ek baie dinge nooit geweet het nie. Ek het byvoorbeeld nie geweet nie dat daar in die tyd van die Anglo-Boereoorlog ook vir nie-Blankes konsentrasiekampe was.

Rykie van Reenen vertel dat Emily Hobhouse herhaaldelik ander vrou-verenigings, ander liggame, soos Bloemfontein se Loyal Ladies smeek om terwyl sy dit hoegenaamd nie ook nog kan bybring nie, ondersoek in te stel na die verskriklike nood dáár.

Ek het nie geweet dat bekende Suid-Afrikaanse politici vir hulle pakke kleres laat maak het van Emily Hobhouse-hulle se geweefde stowwe nie. Baie mooi was dit vir my om te lees:

‘Genade, mev. Poultney, maar ek ly vir my land’ swets die Johannesburgse prokureur Harry Hofmeyr in sy pak. Generaal Smuts sê hy voel ‘soos ’n volstruiswyfie’ in syne. Maar selfs die redakteur van die *Cape Times* in Kaapstad loop trots in ’n pak van tuisgeweef.

Ek het ook nie geweet dat Emily Hobhouse die beeldhouer Anton van Wouw raad gegee het met die ontwerp van die beeldegroep vir die Vrouemonument nie, dat sy die jong kunstenaar Hugo Naudé persoonlik geken en aangemoedig het nie en dat sy president Paul Kruger in sy ballingskap ná die oorlog in die buiteland opgesoek het en voor sy dood nog ’n spesiale brief van groot waardering van hom ontvang het nie.

Terwyl ek dié boek oor Emily Hobhouse lees het, het die gedagte by my opgekom: wat sou die oordeel van historici buite Suid-Afrika vandag oor dié Engelse vrou wees? Ek het Winston Churchill se *History of the English-speaking peoples* geraadpleeg. In sy hoofstuk *The South African War* erken hy sonder voorbehoud dat Emily Hobhouse die verskriklike feite oor die konsentrasiekampe blootgelê het, dat Chamberlain daarna die kampe onder burgelike beheer geplaas het en dat die toestande gevolglik verbeter het. In die *History of the Twentieth Century* onder redaksie van A.J.P. Taylor wat verlede jaar verskyn het, sê die historikus G.H. le May prontuit dat die feite oor die skandalige toestande in die konsentrasiekampe deur Emily Hobhouse se toedoen aan die lig gekom het en dat die onthulling ongetwyfeld bygedra het tot die ongunstige wêreldmening oor Brittanje se rol in die Anglo-Boereoorlog. Die verloop van die geskiedenis word altyd weer opnuut vertolk en herwaardeer.

Hoe die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog ook al in die toekoms benader gaan word, glo ek nie dat die lewe en strewe van dié Engelse vrou wat die Boerevolk in hul donkerste uur bygestaan het, ooit anders gesien kan word as wat Rykie van Reenen dit in haar boek *Heldin uit die vreemde* sien nie.

(Audrey Blignault, SAUK, Afrikaanse Diens, *Vrouerubriek*, 29 Januarie 1971)

3.19 Rothmann, Anna Wilhelmina (11 Julie 1904 –)



(Fotograaf: John Warner, Robertson)

Mej. Anna Rothmann is op 11 Julie 1904 in Grahamstad gebore. Sy is die jongste van twee kinders van die baie bekende skryfster Miemie Rothmann en mnr. H.C.G. Oakshott. Nadat haar ouers in 1911 geskei is, het haar moeder weer haar nooiens van vir haar en haar twee kinders, Jacobus en Anna, teruggeneem. In dié tyd keer hulle na Swellendam waar haar moeder grootgeword het, terug. Hier hou haar moeder skool tot 1917 terwyl sy en haar broer ook daar skoolgaan. Wanneer M.E.R. aan die begin van 1918 na Transvaal verhuis om tydelik by haar broer in te woon, bly Anna op Worcester agter. Sy bring 'n deel van haar hoërskooljare daar deur terwyl sy in die koshuis woon. Later volg sy haar moeder na die noorde waar sy aan die einde van 1921 aan die Pretoria High School for Girls matriculeer.

Aan die begin van 1922 is Anna na die Universiteit van Stellenbosch waar sy 'n BSc-graad met dierkunde en plantkunde as haar hoofvakke voltooi. Daarna bekwaam sy haar as onderwyseres met die voltooiing van die Senior Onderwysdiploma.

Anna Rothmann begin haar onderwysloopbaan in 1926 aan die Paarlse Opleidingskollege waar sy as 22-jarige dosent voor 'n klas aspirant-onderwysers staan. Saam met haar op die personeel is die bekende natuurkundige, dr. S.H. Skaife, wat ook haar departementshoof was. In 1931 keer Anna terug na die Universiteit van Stellenbosch vir 'n MSc-graad in insektekunde wat sy met onderskeiding verwerf het. In hierdie tyd doen sy ook die treffende swart illustrasies in haar moeder se boekie *Karlien en Kandas*.

In 1935 breek 'n nuwe tydvak in die lewe van Anna Rothmann aan. Sy word aangestel as hoof van die museum-skooldienste van die Albanie-museum in Grahamstad. Hierdie diens het glaskaste met voorbeelde van voëls, diere, insekte en so meer, onder die skole van Oos-Kaapland gesirkuleer. Sy het die kaste opgestel en by elkeen 'n stel notas vir die gebruik van die onderwyser gemaak. Toe sy na twintig jaar, aan die einde van 1954, uit die diens tree, het sy afskrifte van die meeste van die notas saamgeneem. Hulle sou later 'n belangrike bron vir die skryf van haar boeke wees.

In 1938 het haar moeder, M.E.R., 'n reisbeurs van die Carnegie-korporasie van New York ontvang. Aangesien ma en dogter soos twee vriendinne was, is hulle met die gedeelde beurs oorsee. Terwyl M.E.R. maatskaplike werk in Kentucky in die VSA bestudeer het, het Anna die Amerikaanse museums en veral die wonderlike skooldiens van die Field-museum in Chicago, gaan besigtig. Op die terugreis deur Europa het hulle twee weke in Venisië vertoef. In dié tyd het Anna 'n reeks artikels vir *Die Jongspan* geskryf. Hierdie artikels is later in 'n bundel, *Venisië, die stad in die see*, uitgegee. Daarbenewens het sy ook 'n boekie, *Museum school services in South Africa and in the USA*, geskryf.

In 1948 het mej. Rothmann 'n belangrike besluit geneem. Sy het in daardie stadium aanvaar dat sy nie sou trou en geen eie kind sou hê nie. En tog wou sy graag 'n kind hê. So het dit gekom dat sy besluit het om 'n kind aan te neem, 'n baba van 'n paar weke oud. Wat kon haar naam anders wees as Miemie Rothmann. Later verklaar Anna dat sy weet dit was die beste ding wat sy in haar hele lewe gedoen het.

Anna Rothmann se uittrede uit die diens van die Albanie-museum is verhaas deur die sorg wat haar bejaarde moeder te Swellendam nodig gehad het. Vir die volgende bykans een-en-twintig jaar het sy haar moeder tot die einde van haar lewe in 1975 versorg.

Terug op Swellendam kon Anna nie tuis by "Kom nader" stilsit nie. Dadelik het sy by die historiese museum, die Drostdy van Swellendam, begin werk. Aan die begin van 1976 het sy die tuig neergelê. In hierdie jare het sy saam met haar moeder 'n mooi brosjure oor die Drostdy opgestel, getiteld: *Die Drostdy op Swellendam*. Daarbenewens was sy die sekretaresse van die Musiekkklub, lid van die skoolraad en van die biblioteekomitee.

Dit was eers aan die begin van die sestigerjare dat Anna Rothmann begin het om haar interessante ervarings in die Albanie-museum met dooie en lewendige diere, voëls en insekte neer te skryf. So verskyn *Klaasneus-hulle* in 1964 en 'n jaar later *Kraai-hulle*. Beide boeke het sy self in Engels vertaal en hulle is gelyktydig met die Afrikaanse uitgawe uitgegee. Eergenoemde is uitgegee onder die titel *The elephant shrew and company* terwyl laasgenoemde verskyn het met die titel *Crow and company*. Beide publikasies is geïllustreer deur C.T. Astley Maberly, 'n persoon wat Anna self aan die uitgewers voorgestel het. Die feit dat Maberly later wreed vermoor is, het Anna Rothmann baie diep geraak. Die lang stilte na die verskyning van *Kraai-hulle* in 1965 tot met die verskyning van *Kriek-hulle* in 1979 moet dan ook aan die skokkende gebeure toegeskryf word. Sy het self by geleentheid verklaar dat na Maberly se dood sy glad nie verder kans gesien het vir boeke maak nie. Die sukses van die twee boeke het sy toegeskryf aan sy illustrasies. Tussendeur het Anna aandag gegee aan die vertaling van boeke.

Anna Rothmann se boeke is nie net jeuglektuur nie, dis daarby ook vakliteratuur wat letterkunde geword het. Dit is asof hierdie waarheid eers duidelik na vore gekom het met die latere herdruk van *Klaasneus-hulle*, want in 1972 ontvang sy die Scheepers-prys vir Jeuglektuur van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir hierdie werk.

Op 12 September 1980 is Anna Rothmann deur die Albanie-museum vereer vir haar dienste as die eerste organiseerder van die Museum-skooldiens. Die fisiese fasiliteite vir die museum-skooldiens het sedert haar aftrede ontoereikend geword. 'n Nuwe vleuel is gevolglik by die Albanie-museum aangebou om die skooldiens te huisves. Hierdie vleuel is tydens dié geleentheid heel gepas na haar vernoem.

Behalwe verskeie ander boeke wat Anna Rothmann vertaal het, is sy die skryfster van onder andere die volgende boeke:

Venisië, die stad in die see. Johannesburg: APB, (s.j.)

Museum school services in South Africa and in the USA. Pretoria: Van Schaik, (s.j.)

Klaasneus-hulle. Kaapstad: Tafelberg, 1964.

The elephant shrew and company. Cape Town: Tafelberg, 1964.

Kraai-hulle. Kaapstad: Tafelberg, 1965.

Crow and company. Cape Town: Tafelberg, 1965.

Kriek-hulle. Kaapstad: Tafelberg, 1979.

Bronne geraadpleeg

1. Botha, Elize. Ons stel voor: M.E.R. *Skoolbiblioteek*, 7(2): 18–24; Julie 1975.
2. De Villiers, Audrey. Scheepers-prys vir Jeuglektuur 1972 toegeken aan Anna Rothmann. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Jaarboek*, 1972, p. 52–53.
3. Du Toit, Estelle. Ontmoet Anna Rothmann, skryfster van natuurboeke vir kinders. *Landbouweekblad*, 17 Augustus 1979, p. 102–103.
4. Die mense praat oor ... *Sarie Marais*, 18 Julie 1962, p. 46.
5. Mocke, Adriaan. Ons stel voor: Anna Rothmann. *Skoolmediasentrum*, 12(2): 14–17; Desember 1980.
6. Werker uit die veld. *Sarie Marais*, 22 September 1976, p. 36–37.

□ *Klaasneus-hulle*

Anna Rothmann (dogter van die bekende skryfster M.E.R.) het negentien jaar gewerk by die Albanie-museum op Grahamstad, een van die oudste en bekendste museums in ons land. So het sy oor die jare kennis gemaak met allerhande interessante diere en dit is van hulle wat sy vertel. Haar hartstogtelike liefde en belangstelling vir die diere van die veld spreek duidelik uit elke skets.

Die boekie bevat 'n groot verskeidenheid interessante feite oor die voorkoms en gewoontes van ystervarke, skilpaaie, rooikatte, krimpvarkies, klaasneuse, meerkatte, vlermuise, geitjies, broekmannetjies en nog ander diere. Alles is gebaseer op werklike ondervindinge en waarneminge wat boeiend aan die leser oorgedra word. Die gegewens word so subtiel in die vertellings ingewerk dat die leser eintlik eers nadat hy die skets klaar gelees het agterkom dat hy sommer 'n hele aantal interessantheide van diere geleer het.

Die aangename verteltrant en effektiewe beskrywings van die diere maak die boekie 'n genot om te lees — en dit is geskryf vir alle lede van die huisgesin: “Dit is baie snaaks om 'n lewendige krimpvarkie die eerste keer te sien — amper net so snaaks asof 'n mens 'n hareborsel sou sien asemhaal. Want minder na 'n dier kan geen dier seker lyk nie” (p. 59). En oor die veldmuise se nes wat sy dopgehou het skryf sy: “Ek het lank gesit. Alles was doodstil. Ver onder lê die kalm blou see, en die veld lê so rustig in die môreson dat dit lyk of alles aan die slaap is. Maar alles was hoege-

naamd nie aan die slaap nie, want skielik spring daar vier muise gelyk by verskillende gate van die nes uit. Terwyl ek nog wonder of dit nou 'n soort speletjie is, verskyn daar op die agterste muise se hakke 'n gedaante in die opening en ek kyk in 'n *gesig* vas: van 'n geelslang! Versteek kyk ons mekaar tien tellings lank aan — ek roerloos op die klipbank, hy halflyf uit die gat, so naby dat ek hom met 'n stok sou kon aanraak. Toe verdwyn hy weer soos 'n skaduwee in die gang” (p. 86). Van die broekmannetjies (ruspes van sekere motte) vertel die skryfster bv.: “Partykeer sien 'n mens 'n bondeltjie gras of stokkies van so 'n duim lank, wat lyk asof dit loop, met rukkerige bewegings. Dit loop regtig, en dit is 'n broekmannetjie” (p. 119). “In ons museum was daar die wonderlikste klipbroekmannetjie. Sy huisie was 'n duim lank, maar onder die vergrootglas kon 'n mens sien dat daar niks minder as sewehonderd klippies in was nie. En alles was net met die fynste sydraadjie vasgeheg” (p. 121). Die hele boek is deurspek met hierdie tipe van eie waarneminge wat op 'n meeverende wyse oortel word.

Hierdie boek is 'n baie welkome bydrae tot die Afrikaanse literatuur oor die doen en late van Suid-Afrikaanse diere. Daar bestaan 'n groot skat van hierdie soort werkies in die Europese lande. Die meeste is geskryf deur amateur waarnemers en hier by ons lê die veld nog braak vir sulke persone om die groot verskeidenheid in ons natuur aan die leserspubliek bekend te stel. *Klaasneus-hulle* is 'n boek wat ten sterkste aanbeveel kan word en waarmee die skryfster gelukgewens moet word.

Dit is ook in Engels beskikbaar onder die titel *The elephant shrew and company*.

(P.A.J. Ryke, *Koers*,
Mei 1965)


□ Mens sien hulle, die klein diertjies van die veld, maar jy neem hulle nie waar nie en hulle ontglip jou aandag net so vinnig as wat 'n muis by jou voete verby glip, of 'n vlermuis oor jou kop woerts of 'n geitjie in sy gaatjie verdwyn, en dan beseft 'n mens nie watter interessante goedjies almal is nie.

Eers as jy saam met 'n kenner soos Anna Rothmann 'n verkenningstog onderneem, word jy beïndruk deur die wonder van die skepping, ook in die klein: 'n broekmannetjie in sy stokkieshuisie, 'n klaasneus met sy "pikswart slurpie" wat lyk soos "'n stukkie gomlastiek wat op 'n slap veer gestel is". Die instinkte en gewoontes van diere soos die skilpaaie, krimpvarkies, ag, elke dier wat 'n wonderwerk op sy eie is, word in die boek 'n aangrypende en boeiende begrip.

Wat hier vertel word, is gebaseer op werklike ondervindinge en waarneming deur die skryfster wat vir negentien jaar aan 'n museum verbonde was waar sy noue kontak met die diere gehad het en uit liefde en belangstelling self speurwerk gedoen het.

Haar los, gemaklike, beeldende verteltrant bring mee dat die kind die boek as leesstof sal geniet en dit nie sal beskou as 'n droë feiteboek nie. Die beskrywing van die diere lees soos verhaaltjies. Hoe suksesvol *Klaasneus-hulle* is, het ek gesien toe ek die boek aan 'n negejarige nefie gegee het om te lees en hy vir 'n dag doof en stom was, verlore in Anna Rothmann se dierewêreld.

Die boek bevat baie feite wat vir my nuut is en wat vir baie lesers sekere bygelowe omtrent dié diere sal opklaar, soos dat koggelmanders en geitjies en die broekmannetjie giftig is. 'n Broekmannetjie is dan maar net 'n gewone rusper! Ek het meteens onthou hoe ek as kind met 'n hart wat in my keel klop oor dié onskadelike goedjies gespring het omdat ek gehoor het hulle is giftig. En die bloukopkoggelmander. Die boekie het my laat dink aan die konsternasie die dag toe ek so 'n ou



koggelmander opgetel het menende dat dit 'n klip was. En al die tyd is hy so onskadelik soos 'n kuintjie en is sy kop maar net met paringstyd so blou.

Die boek sal vir sowel kinders as grootmense 'n openbaring wees, soos bv. die verhaal van Barnie die skilpad wat so mak geword het dat hy sy nooi se stem onthou het; hoe spelerig olifante is, bv. dat hulle vir hulle 'n glybaan by die watergat maak om op hulle sitplekke teen af te seil, of die mak rooikatte se kapperjolle of die vlermuis met sy radar-apparaat wat hom selfs deur 'n gonsende elektriese waaier stuur sonder dat hy hom beseer.

Die boek het terselfdertyd in Engels en Afrikaans verskyn. Dit kom my voor asof die Afrikaanse boek uit die Engels vertaal is, want hier en daar tref 'n mens taallompighede aan, bv. "hulle sal nooit op hul togte by enige ding in die pad verbyloop sonder om dit met die slurp te ondersoek nie" (p. 37) of "dit was 'n aardigheid om hulle met mekaar te sien speel, of met 'n papierballetjie" (p. 44). Die sinne in Afrikaans is soms te stomp en kortaf vir my smaak.

Maar die boek is heeltemal leesbaar, uiters boeiend en interessant en 'n mens wil dit veral onder kinders se aandag bring, omdat daar so weinig kinders op plase grootword waar hulle eerstehandse

kennis van die diere kan opdoen en omdat so baie van die diere aan die verdwyn is en dus later nie meer geken sal kan word nie, behalwe deur middel van boeke. Selfs volwassenes sal met minder afkeer en meer begrip van die nut van sommige van die diere, soos die vlermuis, met hulle kan saamleef nadat hulle die boek gelees het.

Foto's en die lewendige en veelseggende tekeninge deur die kunstenaar C.T. Ashley, vul die teks pragtig aan. Deur die tekeninge word die skryfster se beskrywings van die diere nog helderder en kan

'n mens die diere só beter van mekaar onderskei soos die verskillende soorte muise, of die koggelmanders, akkedisse en hul verwante.

Dit is 'n lofwaardige werk hierdie wat 'n mens op 'n interessante verkenningstog neem en wat jou ook 'n insae gee in die bedrywighede by 'n museum. Hoewel die boek volgens die styl vir kinders geskryf is, sal volwassenes dit eweneens leerzaam vind.

(Anna van Zyl, *Kriterium*,
Oktober 1965)

3.20 Linde, Christovira Frederika (12 Desember 1915–)

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het Freda Linde in 1974 vereer met die toekenning van die Scheepers-prys vir Jeuglektuur aan haar vir haar boek *Die singende gras*. Hierdie boek is as die beste Afrikaanse jeugboek aangewys wat in die drie jaar, 1971–1973, verskyn het. Met hierdie prestasie word sy die eerste, en tot dusver die enigste, persoon wat sowel die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur, die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek en die Scheepers-prys vir Jeuglektuur kon ontvang. Volledige biografiese besonderhede oor Freda Linde word in paragraaf 1.5 verstrek.

☐ *Hier is een van heel bestes!*

Freda Linde se nuwe jeugboek, een van die bestes in Afrikaans, speel af in Suidwes — 'n landstreek wat so beskryf word dat 'n mens voel asof jy self daar is. Lans, 'n seun van sowat 12 of 13 jaar, werk by 'n hotel langs die nasionale pad, naby die Hardap-reservaat. Deur die bemiddeling van eerwaarde Morgenrood het hy van die sendingskool af hiernatoe gekom. Dis Lans se werk om Jesha, die kameel, op te pas. Eers was die dier vir almal 'n aardigheid, maar nou staan sy verwaarloos, jaar in en jaar uit, in die bloedige son — ingehok in 'n kampie. Niemand gee vir haar om nie, net Lans.

Die grootste deel van die gebeure het te doen met Lans en die kameel. Uiteindelik word sy verkoop. Lans verkry vergunning om haar self na haar nuwe baas, Kurt Adelbert, se plaas te neem. Dié tog bring vir die seun avontuur, en ook 'n groot hartseer. Die hoteleienaar, Weissfeld, het eendag aan Lans gesê: "Onnosel ... dit help nie om lief te wees vir 'n kameel nie!" Maar hy was tog verkeerd, want Lans se hartseer bring vir hom 'n nuwe werkgewer wat sy besondere natuurlike gawes na waarde skat en nuwe vergesigte vir hom open.

Buiten die hoof-intrige is daar verskeie nuwe-intriges wat almal met mekaar verweef is en deurentyd karakters, handeling en onderliggende betekenis belig.


In dit alles bly die kameel die middelpunt. Ook die karakters staan teen wil en dank in verband met die kameel: die hoteleienaar en sy vrou, Frau Gisa; die besoeker, mev. Bergen; een van die klan- te, Alsoon Potgieter; sy vriend, Kurt Adelbert; die werknemers, Skeppman en Ma-Sêra; en selfs eerw. Morgenrood.

Alles het om die een of ander rede om die kameel begin draai — dit was nie meer net hy en Jesha nie — hoewel niemand regtig iets vir haar oorgehad het nie, behalwe hy en, op haar eie manier, Ma-Sêra. Frau Gisa wou haar nie meer sien nie, omdat sy haar aan haar eie ingehokte bestaan laat dink het. Vir Weissfeld was Jesha net sonde en ergernis, en hy was bly oor die kans om haar saam met die saal te verkoop teen 'n goeie prys. Vir mev. Bergen was die kameel iets vir 'n foto — wat sy nou het. Skeppman — hy kon Jesha nie veel nie. Alsoon Potgieter het gesê die vernaamste vir 'n ou kameel is dat haar vel skoongehou moet word ... Eerw. Morgenrood het gesê: 'Glo en doen. Jy is die wagter, nie die slagter nie.'

Ook die eintlike hooftema van die werk word uitgebou met die kameel as middelpunt, nl. *swaardra*. "Swaardra" staan natuurlik in verband met die kameel as lasdier, maar dit word ook nog regstreeks in verband gebring met "glo" en "hoop" — "hoop" word in dié verband vertolk as "doen". Wanneer eerw. Morgenrood praat van "geloof, hoop en liefde, dié drie", kom die woorde vir Lans soos 'n "bekende weerklank", want die geoloog Alsoon Potgieter het vir hom tevore geterg met "ryloop, goeiehoop en swaardra, dié drie" en Lans het toe maar saam gelag, al kon hy glad nie die grappe verstaan nie.

Dis eers na die ondervinding in die Visrivierbedding toe hy in die vroeë ure moet toekyk hoe Jesha sterf, dat Lans besef waaraan 'n mens die swaarste dra — aan liefde vir iets of iemand. As hy later wegstap met die ongemaklike kameelsaal, en dit van die een na die ander skouer versit, kom hy tot die slotsom: "Hongerly, goeiehoop en swaardra ... dis die beste swaardra wat daar is."

Die karakters se persoonlikhede word in groot mate geopenbaar deur hulle gesindheid en optrede teenoor die kameel, net soos in hul optrede



teenoor mekaar. Dit word ook deurgevoer t.o.v. ander aspekte van hul daaglikse bestaan — soos die gras, wat kenmerkend vir daardie landstreek is. Vir Weissfeld beteken dit 'n goeie karakoeljaar, by Frau Gisa roep dit die herinnering aan witblonde hare op, en dis wit grasstingels wat Skeppman verraai.

En vir Lans? Vir hom is die graspluime "sag soos pluus; sy bene skuif tussen die polle deur sonder dat sy velskoene hulle plattrap, want hoewel die halms wyd uitsprei boontoe, staan die polle nie so naby mekaar as wat 'n mens sou dink nie. Net bo sluit die lang pluime inmekaar soos vere, nie groen nie maar groenwit, en rooierig, en effens pers. Hier aan die voet van die tafelkop waar die gras al droog is, skuur dit 'n dowwe snarespel teen die leer van sy skoene terwyl hy stadig aanstryk ..."

Vir Lans "sing" die gras. Hy is 'n natuurkind met mensevrees en ook nog 'n kommunikasieprobleem, want hy hinkel. Die enigste met wie hy ooit onbelemmerd gesels het, was Jesha.

Die volwassenes met wie hy in aanraking kom, hul verhoudinge en die gebeure, word deur Lans ervaar en aanvaar. Die ongekunstelde jong leser, wie se belewenisveld grootliks met dié van Lans sal ooreenstem, sal dit moontlik ook so ondervind. Maar op 'n besonder bedrewe manier laat die skryfster die leser egter baie méér begryp as wat

Lans self begryp. Die jong leser wat ryper as Lans is, sal meer begryp, maar die volle implikasies lê eers in die belewenisveld van die volwassene.

Byvoorbeeld, vir Lans is Skeppman net sy “vy-and”, maar vir die leser word hy méns: onderduims, ja, maar ook ’n mens met ’n sin vir humor, met ’n vermoë om ander te vermaak, met ’n sterk begeerte om aanvaar te word in ’n kring wat hy hoër ag as sy eie; ’n mens met goeie maniere wat sy woord goed doen, maar wat ook niks sal ontien om sy doel te bereik nie. Dan weer, is daar ’n subtile uitbeelding van ’n bepaalde psigiese gesteldheid tussen Frau Gisa en mev. Bergen. Dit is eers die volwasse leser wat die situasie ten volle sal begryp. Lans kry hierin self nooit insig nie. Hy aanvaar die twee se optrede eenvoudig — soos die jong leser dit hoogs waarskynlik ook sal doen. Vir Lans — en die jong leser — is die wêreld van die volwassenes om hom nie altyd verstaanbaar of verklaarbaar nie.

Die karakters is in die eerste plaas mense, maar ook besonder individuele mense — verskeie van hulle is selfs daar “verplant”; van elders, soos die bome. Frau Gisa kom bv. van ’n stad naby die see, soos ’n mens aflei van die plaat wat sy dikwels speel. Sy is romantikus en is rusteloos, maar gebonde aan ’n agtergrond waaruit sy tog nie kan of wil loskom nie.

Weissfeld is ’n selfgemaakte mens met suiwer materialistiese waardes. Vir eerw. Morgenrood, daarenteen, het die materiële geen waarde nie. Mev. Bergen is wêreldwys en selfsugtig in haar metodes om haar eie begeertes te bevredig. Ma-Sêra is ’n moederlike, lojale karakter wat ’n primitiewe wysheid besit — sy is die enigste wat al die karakters werklik as mense verstaan. Alsoon Potgieter is wetenskaplike. Hy het waardering vir die natuur — as wetenskaplike. Adelbert is ’n idealis en hervormer; ’n man wat nie sy voete op die aarde het nie, maar tog presies weet wat hy doen.

Die karakters se verhoudinge teenoor mekaar is nooit staties nie, maar vloeibaar, soos dit in die gewone lewe ook is. Byvoorbeeld, Lans en Weissfeld het niks gemeen nie, maar tog maak hulle met mekaar kontak wanneer hulle saam lag toe die kameel ’n “stinkende groenbruin braaksel” oor Skeppman uitspoeg. In dié verhaal lê humor en erns dikwels baie na aan mekaar.

Die karakters is egter benewens mense en individue ook die draers van uiteenlopende waardes. Hulle is verteenwoordigend van die groot menslike gemeenskap; veral van die botsende waardes in die beskaafde wêreld. Lans alleen is natuurkind, en in dié opsig staan hy téénoor almal. Vir hom is die beskawing ’n verwarrende wêreld, en hy voel hom verbonde aan Jesha, die kameel, wat die versinnebeelding van die oeroue natuur word.

Die singende gras is ’n geskakeerde literêre werk — en terselfdertyd ’n boeiende, genotvolle jeugverhaal.

(Lydia Pienaar, *Die Burger*,
29 November 1973)

□ *Vir die jeug nog ’n treffer*

Dit is wel so dat wat leesstof vir volwassenes betref, die Afrikaanse letterkunde nie juis besondere hoogtepunte in 1973 opgelewer het nie. Wat die kinder en jeuglektuur aangaan, is sake gelukkig anders gesteld.

En dan is daar Freda Linde se jeugroman, *Die singende gras*. Die agtergrond van die verhaal is die boeiende landskap van Suidwes-Afrika, die hooffiguur is die Rehoboth-Basterseun Lans, en die gebeure draai om die heel ongewone avontuur met ’n kameel.

Lans werk as kameel-oppasser en algemene hulp by die Steinhaus, ’n hotel langs die grootpad. Die kameel was eers die rydier van Frau Gisa en ook ’n toeriste-atraksie, maar deesdae staan dit verlate in ’n kampie. Tussen die seun en die kameel ontwikkel ’n besondere verhouding, en die kern van die verhaal is die tog wat Lans en die kameel aflê na die diereplaas. Dit word ’n hele avontuur en keerpunt in Lans se lewe, en dan eindig die verhaal met ’n mooi verrassende hoogtepunt.

Wat ’n mens veral waardeer, is die oortuigingskrag waarmee die seun gebeeld word in sy liefde vir die dier en die landskap, sy verhouding tot die ander mense van die Steinhaus. Die skryfster laat alles ’n boeiende werklikheid word deur die sintuie en gees van die seun, en so kom die titel van die *singende gras* tot sy volle reg.

Met ekonomie van middele word 'n landstreek en 'n klein gemeenskap opgeroep — die natuurlike en gesonde verhoudinge tussen wit, gekleurde en swart. Want daar is die Duitse hotel-eienaar en sy vrou, die sendeling, die Afrikanergeoloog, die dierebewaarder van Zuflucht, die Hererovrou en die Kleurlingbediendes van die hotel. En in die sentrum, as binding en belewenisperspektief: Lans.

Dis 'n verhaal met 'n ryke duiding, met beelden-ke krag en feitelike interessantheid wat die sukses daarvan by die jeug waarborg. Jonger lesers

sal gepak word deur die oppervlak-elemente, maar dis 'n stuk woordkuns so vol subtiliteite van stof en struktuur dat dit eintlik ryper lesers sal wees wat die roman na regte kan waardeer. Indien die werk vertaal word, sal dit bepaald 'n treffer in wyer kring wees, want ek het min jeugverhale in die hedendaagse wêreldliteratuur gelees wat met *Die singende gras* vergelyk kan word.

(P.D. van der Walt, *Die Transvaler*,
18 Februarie 1974)

3.21 Rabie, Jan Sebastiaan (14 November 1920–)


Jan Sebastiaan Rabie is op 14 November 1920 in die distrik George gebore. Hy is uit 'n gesin van vyf seuns en twee dogters die oudste seun van sy ouers, Johannes Wilhelm Rabie en Susanna Maria Rabie. In die eerste vyf jaar van sy lewe verhuis sy ouers eers na Stellenbosch, daarna na die Paarl en vandaar na Riethuiskraal in die distrik Riversdal. Sy vader was 'n onderwyser.

Op vyfjarige ouderdom begin hy skoolgaan en van sy twaalfde tot sestiende jaar bevind hy hom aan die Hoërskool Riversdal waar hy aan die einde van 1936 matrikuleer. Hierna studeer hy aan die Universiteit van Stellenbosch waar hy aan die einde van 1939 sy BA-graad behaal. In 1940 volg hy 'n onderwyskursus en behaal sy SOD aan die einde van daardie jaar. Vir die volgende paar jaar hou hy skool. In 1945 skryf hy weer by die Universiteit van Stellenbosch in en behaal aan die einde van daardie jaar sy MA in Nederlands.

Na die verkryging van sy MA-graad in Desember 1945 gaan woon hy in Simonstad om hom voltyds aan sy skryfwerk te wy. Hierdie verblyf was egter van korte duur want aan die einde van Julie 1946 verhuis hy na Johannesburg.

Na 'n kort verblyf vanaf Augustus 1946 in Johannesburg, vertrek hy in 1948 na Europa.

Hy bevind hom hoofsaaklik in Frankryk waar hy ook aan die Sorbonne Universiteit studeer. Hier kom hy ook in noue aanraking met die angste, verwarring en geestelike nood van die na-oorlogse mens wat sy skryfwerk nie onveranderd sou laat nie. In 1955 keer hy terug na Suid-Afrika. Vanaf 1955 tot 1960 is hy omroeper by die SAUK in Kaapstad waarna hy hom voltyds wy aan sy skryfwerk en hom veral toelê op 'n studie van die kortverhaal.



(Foto: Rapport)

Hy en sy vrou, die skilderes Marjorie Wallace, is op 4 Januarie 1955 getroud. Hulle het nie kinders nie en woon tans op Onrusrivier waar hy voltyds skrywer is. Saam het hulle baie in die buiteland gereis, deur Amerika, Europa en Griekeland. Hulle het egter nie net as toeriste gereis nie. Hulle het onder andere 'n tydlang op Kreta gewoon as werkers. Dit het hom in staat gestel om 'n indringende kennis van die eiland te verwerf. *'n Haan vir Eloúnda* is die vrug van hierdie verblyf.

In 1975 verskyn *Die seeboek van die Sonderkossers*. In 1977 word hy op grond van hierdie boek bekroon met die Scheepers-prys vir Jeuglektuur.

Jan Rabie is die skrywer van onder andere die volgende boeke:

- Daan Donsies en Hendrik Horrelopoot*. Pretoria: Jeugland, 1947.
- Nog skyn die sterre*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1943.
- Geen somer*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1944.
- Vertrou op môre*. Johannesburg: APB, 1946.
- Die pad na mekaar*. Johannesburg: APB, 1947.
- Groen reise*. Johannesburg: APB, 1950.
- Een-en-twintig*. Kaapstad: Balkema, 1956.
- Swart ster oor die Karoo; 'n toekoms fantasie*. Kaapstad: Balkema, 1957.
- Dakkamer en agterplaas; verhale 1947-1957*. Kaapstad: Balkema, 1957.
- Ons, die afgod*. Kaapstad: Balkema, 1958.
- Twee strandlopers*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1960.
- Die evolusie van nasionalisme*. Kaapstad: Mishoringpers, 1960.
- Die groen planeet*. Kaapstad: Balkema, 1961.
- Mens-alleen*. Johannesburg: APB, 1963.
- Eiland voor Afrika*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1964.
- Die groot anders-maak*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1964.
- Die roos aan die pels*. Kaapstad: John Malherbe, 1966.
- Polemika 1957-1965*. Kaapstad: John Malherbe, 1966.
- In memoriam Ingrid Jonker*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1966.
- Waar jy sterwe*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1966.
- Klipwieg*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1970.
- 'n Haan vir Eloúnda: hulde aan 'n Kretense dorpie*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.
- Die hemelblom*. Kaapstad: Tafelberg, 1971.
- Die seeboek van die Sonderkossers*. Kaapstad: Tafelberg, 1975.
- Ark*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1977.
- Jan Rabie: versamelerhale*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1980.
- Johanna se storie*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1981.
- 'n Boek vir Onrus*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1982.

Droomberge—Sederberge. Kaapstad: Saayman & Weber, 1985.

En oseaan. Kaapstad: Human & Rousseau, 1985.

Bronne geraadpleeg

1. Cloete, T.T. *Die Afrikaanse literatuur sedert sestig.* Kaapstad: Nasou, 1980.
2. Nienaber, P.J. *Hier is ons skrywers.* Johannesburg, APB, 1949.
3. Nienaber, P.J. *Perspektief en profiel.* Johannesburg: Perskor, 1982.
4. *Vyftig Afrikaanse skrywers.* Johannesburg: Africana-pers, 1981.


□ Die Akademie se Scheepersprys vir Jeuglektuur, dit wil sê vir die beste jeugboek wat die afgelope drie jaar verskyn het, is vanjaar toegeken aan Jan Rabie vir sy *Die seeboek van die Sonderkossers*. Ek wil hom graag daarmee gelukwens.

Die seeboek van die Sonderkossers is 'n titel wat lekker op die tong lê. Die verhaal gaan oor 'n unieke tog langs die see deur 'n kundige en onderneme vader, sy veertienjarige dogter en twee vyftienjarige seuns: 'n buurkind en 'n nefie uit Johannesburg. Hulle val in die pad met net 'n paar noodsaaklikhede in 'n rugsak en met hoegenaamd geen winkelkos nie, nie eens sout nie. Die doel van die hele onderneming is om soos die Strandlopers vanouds net van die see en van die duineveld se veldkosse te lewe — beskermde plante en vleisdiere is ook taboe, en vuurhoutjies ook.

Op so 'n tog, met sy “gesonde” ontberings, as 'n mens dit so kan noem, en die “op-mekaar-aangewesenheid” van die deelnemers, is dit onvermydelik dat hulle mekaar beter sal leer ken, en 'n mate van karakterontwikkeling is ook nie onvanpas nie.

Die twee seuns is uiteenlopende karakters, elkeen met sy eie probleme. Die nefie Bennie se ouers is aan die skei en dit het hom senuweeagtig en onseker van homself gemaak en hy het op 'n keer selfs van die huis weggeloop. Jan Theron, oftewel Kraai, is vet en hy gaan saam “omdat ek nikswerd in rugby is. Met stap en swem is ek beter, en in die see sal ek my man kan staan.”

Bennie en Kraai word op die ou end maats, grootliks as gevolg van Leentjie se ietwat oordrewe bemoeienis. Telkens is daar by haar 'n onna-



tuurlike insig en verwoording van gedagtes en emosies. Ook die ander karakters en die menseverhoudings oortuig nie altyd nie. 'n Mens mis soms 'n mate van soberheid en ingetoënheid en 'n kinderlike of tienderjarige perspektief wat dit waardevol sou gemaak het.

Die boek se groot verdienste lê in die bekendstelling van die natuur — deur beskrywing, verduideliking deur pa Daniël en veral deur ontdekking en beleving deur die drie kinders. Uit die aard van die saak is dit in 'n werk soos *Die seeboek van die Sonderkossers* noodsaaklik dat veel inligting oorgedra moet word: hoe die see en die strandveld lyk, hoe 'n mens seekos kan bekom en kan voorberei, watter plante geëet kan word, hoe 'n mens weet waar jy vir water moet grawe, ensomeer. Nêrens word die aanbieding egter 'n koue katalogus van feite of 'n skoolles nie. So leer

Leentjie byvoorbeeld 'n seehaas ken: "Sy sien onder aan 'n skuinsklip 'n groot koek seelower wat lyk soos 'n rooi speldekussing versier met wit rosies, en onverwags ook 'n dik bruin dierasie met twee ore nes 'n hasie. Toe sy verheug daarnaas buk, sien sy dit is 'n snaakse soort slak so groot soos 'n mens se voet wat daar in die vlak water dryf. Sy druk aan die pap lyf, en onmiddellik skiet die seehaas 'n wolk rooipers vloestof uit en begin sy flappe roer."

Gaandeweg bekom die kinders meer kennis, 'n skerper waarnemingsvermoë en bowe-al 'n waarderend vir die wonder van natuurdinge — selfs van oënskynlik alledaagse vaal sand: "Almal kyk na die fyn korrels sand wat tesame sandvaal lyk, en tog elkeen met talle ander innerlike kleure glim. 'Kyk hoe rond is dit deur die see geslyp,' sê Daniël weer so dromerig. So rond en omring soos dit nou is deur 'n onsigbare valletjie water, kan selfs die woeste branders dit nie verder vrywe nie."

Die tragiek van besoedeling, die teenstelling tussen die ongerepte natuur en die nabyheid van beskawing met sy bierblikkies, plastiekbottels en skerp stukke glas, en die sterk en gemotiveerde pleidooi vir bewaring word op 'n natuurlike en oortuigende manier deel van die verhaal en van die karakters se belewenisse.

Aan die einde van die ekspedisie sien en ervaar die kinders die see en die strandveld heel anders as aan die begin. As Leentjie na hul avontuur gevra word, kan sy dan met sekerheid antwoord: "... ons is hier omdat ons nog 'n wilde plekkie in ons hart wil hê." *Die seeboek van die Sonderkossers* laat 'n nuwe wêreld oopgaan — 'n wilde plekkie wat die jong leser lank sal onthou.

(Lydia Pienaar, SAUK, Afrikaanse Diens,
Oor skrywers en boeke, 28 April 1977)

□ Dit is altyd vir my 'n groot vreugde as daar 'n jeugboek verskyn wat ek met geesdrif by luisteraars kan aanbeveel. Ek weet dat die meeste ouers baie graag vir hul kinders goeie leesstof wil gee en ook werklik belangstel in die boeke wat hul kinders lees. Dit is ook 'n diep bevredigende ervaring om saam met 'n mens se kinders 'n boek te lees en te bespreek. Van die gelukkigste herinne-

rings wat ek het, is die boeke wat ek en my ma saam gelees en bespreek het. Een van die grootste plesiere van ma-wees was vir my om weer op my beurt saam met my dogter die heerlikste uitsoekboeke te lees en te bespreek.

Só 'n heerlike, regtig héerlike uitsoekboek wil ek vanoggend by luisteraars aanbeveel: dit is *Die seeboek van die Sonderkossers* deur Jan Rabie. Ja, dit is 'n jeugboek, maar soos al die heel beste jeugboeke, is dit ook 'n boek vir die volwasse leser wat in 'n goeie boek behae het. Ek moet dadelik beken: ek het twee tydlose dae van suiwer geluk met hierdie boek: *Die seeboek van die Sonderkossers* deurgebring. En nou wil ek vir elkeen by wie ek kom, sê: Kyk tog hierdie pragtige boek oor die see en die veld en die bome en die bosse. Dis so iets moois, so iets ánders, so iets salwens vir 'n mens se gees in hierdie tyd dat 'n mens dit móét lees. As daar kinders in die huis is van twaalf jaar en ouer, is dit nou hulle boek, maar elke grootmens wat nog bewus is van die natuurlewe en nog 'n hunkering het na die oerdinge van die bestaan, kan gerus ook maar die boek aanskaf. Die boek is met die fynste inlewing en verbeelding geïllustreer deur Marjorie Wallace — een-en-twintig swart en wit illustrasies en 'n kleurryke stofomslag wat elke kunsliefhebber se hart sal verbly.

In die boek word die verhaal vertel van 'n stap-tog langs die kus, maar dis geen gewone staptog nie — nee, dis 'n uitdagende onderneming wat deur vier mense aangedurf word: 'n tog om die kus sonder kos wat saamgeneem word, sonder vuurhoutjies of flitse of iets beskaafds soos sjokolade in die rugsak. Leentjie Olivier, 'n skooldogter van veertien, stel hul doel só aan haar pa, Daniël: "Maar onthou Pappa nie verlede somer toe Pappa so geskimp het op vandag se kinders nie? Wat so sag en bederf grootword en niks van swaarkry soos die ouer geslag weet nie? Pappa't gesê: aag hulle sal nikswerd bly lê as 'n mens hul ou motorfietse en dra-radio's afvat, en hulle ver van kafees en bioskope af neem en sê toe, loop kry swaar, loop oorleef soos 'n Voortrekker of 'n terrorist in die wildernis. Toe't Bennie, hy was mos verlede somer hier, toe't hy vir Pappa gedaag om saam met Pappa om ons kus te gaan oorleef. En toe't Pappagesê tog, eendag kan ons dalk, en sonder om 'n druppel kos saam te neem."

Dit is die uitdaging wat die ekspedisie aanvaar: twee weke lank gaan hulle langs die kus probeer oorlewe. Wie gaan die beste uithou? Om eenuur in die môre laai Leentjie se ma die vier lede van die ekspedisie langs die see af, ver weg van enige beskawing. Die vier is: Leentjie en haar pa, Daniël, haar neef, Bennie wat van Johannesburg af kom en 'n maat, Kraai Theron, wat nikswerd in rugby is, maar beter met stap en swem. Die twee seuns is albei vyftien.

Die Sonderkossers loop langs die kus, maar hulle vermy die stranddorpie. Snags slaap hulle in die sterlig teen 'n duin. Soms vind hulle 'n gerieflike grot en bly 'n paar dae daar. Kos kry hulle uit die see of van veldplante. Wonderlik boeiend word die verhaal van hul daaglikse soektog na kos: arikreukels, perlemoen, strandpampoen, Strandveldse bessies en ander plantkosse, wilde groentes soos misbredie, wilderaap, molslaai, veldkool, klawersuring, vinkelwortel, tolbosheuning. Om vuur te maak met tontelbossies, vuurklip en stokkiesdraai word 'n daaglikse uitdaging. Die verkryging van lewensnoodsaaklike water vereis voortdurende opmerkzaamheid en kundigheid.

As die boer Groot-Theuns de Bruyn eendag die Sonderkossers vra of hulle dan bang is dat die bom dalk op Kaapstad sal val en nou al vooraf loop en oefen hoe om te oorleef, antwoord Leentjie hom met helder sekerheid: "Nee, oom, ons is hier omdat ons nog 'n wilde plekkie in ons hart wil hê."

Dié antwoord herinner mens dadelik aan die beroemde uitspraak van die Amerikaanse natuurkundige en skrywer, Henry Thoreau, wat in sy onsterflike werk oor die natuurlewe *Walden* dié uitspraak gee: In wildheid is die behoud van die wêreld.

Die seeboek van die Sonderkossers is in die eerste plek 'n verhaal van 'n opwindende avontuur en van die vier mense wat aan dié avontuur deelgeneem het, maar dit is ook baie méér as 'n boeiende verhaal: Dit is 'n hartstogtelike pleidooi vir die behoud van ons natuurlewe. In 'n gesprek met die drie jongmense sê Leentjie se pa, Daniël: "Die wetenskaplikes vertel dat die see die moeder van alle lewe op hierdie planeet is. Ons bloed onthou dit."

Die mens se diepe verbondenheid met die see is 'n deurlopende tema in die boek. Die see in al sy stemminge en in die wonderbaarlike openba-

ring van sy veelsydige lewe is die oorheersende teenwoordigheid in die boek. Die gevaar van die besoedeling van die see en die bedreiging van die lewe in die see spreek onvergeetlik uit die verhaal van die pikkewyn, die ernstige ouderlinkie van die see, wat Bennie aandra, besmeer met ru-olie en té uitgeput om self te eet. Die Sonderkossers skraap die olie met sand en fyngemaalde kalkklip af en voer die pikkewyn met klipvisies wat hulle vang. Later, as hy weer skoon is van die olie, swem hulle in die see in en los hom op 'n wrak, sodat hy daarvandaan weer sy lewe kan hervat.

Soos die vakansiedae verbygaan, word die uitdaging van oorlewing vir elkeen van die Sonderkossers 'n werklikheid, 'n onvergeetlike ervaring. Stadigaan ryp hulle ook tot belangrike en beslissende insigte. Oorlewing is nie net 'n kwessie van kos nie; dis ook dissipline en stamina. Mense wat saam die uitdaging aanvaar, raak noodgedwonge op mekaar ingestel en leer om saam te leef ten spyte van verskille. 'n Sterk spanningslyn in die verhaal is die ontwikkeling van die verhouding tussen die twee seuns wat aanvanklik nie met mekaar kan klaarkom nie.

Vir elkeen van die vier Sonderkossers bring die verbintenis met die see sy eie besondere verrykings:

So kom dit dus dat Daniël in die bloue môre langs die see eerder loop en besin oor homself. Wat is sy hoogste? Hoe loof hy die Skepper? Deur skoonheid te soek? Of waarheid? En wat is waarheid in 'n alikreukel of 'n makriel? Sy vorm, sy kleur? Of ewigheid? Hy kan tog nie die onveranderbaarste dinge, 'n korreltjie sand of 'n drupel water, saamdra as toonstukke van God nie?

Nee, dit moet iets wees wat vir hom, Daniël, aangryp omdat dit namens hom van al dié dinge kan praat. Iets eenvoudigs en tog seldsaam. Iets simbolies van wat hy oor die teenstrydige paradoks van lewe en dood voel. Iets so broos 'n oorwinning van vorm en orde oor die jaloerse chaos van materie soos ... soos.

En dan, in 'n sloep van die see, vind hy wat hy soek: een van die fynste, skaarsste skulpe aan ons suidkus: 'n wenteltrap. 'n Brose wit spiraal met iets van die ewigheid daarin opgekrul.

(Audrey Blignault, SAUK, Afrikaanse Diens, *Vrouerubriek*, 13 Februarie 1976)

3.22 Rupert, Carolina Wilhelmina (7 Februarie 1934–)

Drie jaar nadat Rona Rupert die C.P. Hoogenhout-toekenning ontvang het, slaag sy daarin om in 1980 bekroon te word met die Scheepers-prys vir Jeuglektuur. Hierdie bekroning is gedoen op grond van twee van haar publikasies, naamlik *Wegloopwinter* wat in 1978 verskyn het, en *Woorde is soos wors* wat in 1979 gepubliseer is. Volledige biografiese besonderhede oor Rona Rupert word in paragraaf 1.10 verstrek.

□ *Wegloopwinter*

Met haar begrip vir en kennis van die kind se gemoed kruip Rona Rupert met *Wegloopwinter* weer diep in elke kinderhart.

Fat-Clown Manuel is bitter ongelukkig en eenzaam tuis en op skool. Hy haat homself weens sy vetheid. Hy het geen vriende nie en draai stokkies. Toevallig maak hy vriende met 'n vriendelike stert-swaaiende hondjie, en dié vriend laat hom in die moeilikheid beland en só maak hy kennis met sers. Kroukamp. Dan kom hy in aanraking met die sirkus, wat sy hele lewe verander.

Dis 'n boeiende verhaal vol verrassings. Die skryfster se aanvoeling van die kind se gedagte-wêreld, haar raak beskrywings van die omgewing en gebeurtenisse en 'n snelle ontwikkeling in die verhaal tref en boei.

Sy het in 1977 die C.P. Hoogenhout-prys gewen met *Wat maak jy, Hektor?* In hierdie boekie gaan sy in daardie trant voort. As gevestigde Afrikaanse skryfster het sy geen bekendstelling nodig nie en is ook hierdie boekie een wat op elke boekrak hoort.

(H.B., *Die Burger*,
1 Februarie 1979)

□ In hierdie boek is dit 'n krisis wat 'n nuwe lewe laat begin. Rona Rupert se Manuel Fernandez woon nog waar hy altyd gewoon het, en tog kan hy aan die einde van die boek nie wag "vir volgende week, volgende jaar, vir die wêreld om van vóór af oor nuut te begin nie."

Manuel woon in Observatory, 'n arm deel van Kaapstad. Sy huis lyk soos baie ander: "... die ou bruin verf skilfer af van die houtpilare wat moeg lyk van die las van die ewe afgeskilferde holrug-sink-veranda. Die balkies van die houthortjies het lank gelede al begin uitval, en die hortjies hang skeef. En die stoep lê vol stukkende blare. 'n Gat in een van die vensterruite is toegeplak met karton, en die pienk gordyn aan die binnekant is gevlek van die klammigheid wat tóg ingekom het. Dit is meneer Morgenbesser se kamer."

Meneer Morgenbesser (letterlik vertaal: "môre beter") is die loseerder. Van hom weet Manuel eintlik niks. Die ander mense wat saam met hom daar woon, is sy ma, wat by droogskoonmakers werk, en sy ouer broer Carlos. Lank gelede het sy pa en sy suster Jenny ook daar gebly. Maar hy weet nie regtig wat van sy pa geword het nie, en Jenny het weggegaan omdat sy met sy ma baklei het.

Manuel se verhaal word in die derde persoon vertel, maar die verteller bly deurgaans na aan die

seun. Dit word dus eintlik 'n derde-persoon-ek-ver-teller.


Op 'n baie natuurlike manier word die eensaamheid van die karakters en hulle gebrek aan kommunikasie met mekaar beskryf en gesuggereer. Dit word ook duidelik dat hulle almal hulle eie hartseer en kwellings het. Manuel is vet en word daaroor gespot. Hy verlang na Jenny, bewonder sy broer Carlos, wat hom ignoreer, soek sy ma se vriendelikheid. Sy ma het die hartseer oor haar man en dogter, die bekommernis oor geld en die twee seuns wat sy vermoed stoutigheid aanvang. Carlos wil weg uit Observatory en meen hy het 'n misoes van 'n broer. Meneer Morgenbesser het 'n foto "van 'n seun wat met skrefiesoë teen die son in na iets kyk en wat glimlag onder die bars van die raam."

Die karakters sou ook graag hulle lewe met mekaar wou deel, maar kán nie, soos Manuel by geleentheid dink: "... hy sou trane in sy oë kon kry, en haar van alles vertel, as hy homself dit toegelaat het. Maar hy het nie. Sy verstand het sy tong uit gewoonte gekeer, en hy het net gesê — maar vriendelik: 'Oraait, dankie, Ma.'"

Vir Manuel is eet iets wat help, maar as hy daarmee klaar is, "haal die eensaamheid hard asem in sy nek." Alexander help ook. Hy is 'n herdershond vir wie Manuel elke Woensdag by 'n deftige huis gaan kuier, wanneer die eienaars rolbal speel. Een oggend draai hy stokkies en gaan na Alexander, maar niemand is tuis nie. Hy klim oor die hek, beseer sy enkel en word daar betrap deur twee polisiemanne en twee skollies wat hulle skuld op hom probeer pak.

Maar een van die geregsdienaars het ook 'n seun gehad, en te midde van dit alles "ontmoet die man hom met sy oë, grys oë, agter 'n bril." Manuel moet saam polisiekantoor toe, en dit is hierdie krisis en die gevolge daarvan wat geleidelik sy hele lewe begin verander.

Sersant Kroukamp neem hom na 'n herdershondvertoning en die volgende dag na 'n repetisie van die Osler-sirkus in Plumstead. Hy staan en kyk en skrik so groot toe hy sy broer as een van die sweefstokartieste herken, dat hy op die verhoog hardloop en soos 'n egte hanswors val. Hy word toe 'n hanswors in die sirkus. Dit gee hom al klaar meer selfvertroue, sodat hy die



gespot in die skool beter kan verdra. Hy en Carlos deel nou 'n belangstelling en Carlos sê: "Manuel Fernandez, hy is my broer" op so 'n manier asof hy wil hê hulle moet weet!

'n Paar dae later vind Manuel die dame wat die kostuums in orde hou waar sy bewusteloos geslaan is deur 'n inbreker. Eers kan hy die situasie nie hanteer nie en hardloop weg, maar dan bel hy vir sersant Kroukamp.

Anders as aan die begin, kom hy in hierdie krisis met die volle waarheid uit, sodat die sersant kan sê: "Luister, jy kan maar vergeet van die weghardloop. Wat jy moet onthou, is dat jy teruggekom het."

Na hierdie gebeure word sy ma in die dame se plek by die sirkus betrek. Hulle gaan haar haal om verstelwerk te doen, en dié aand kom hulle baie laat tuis. Van meneer Morgenbesser en sy aandete het hulle heeltemal vergeet. Vir hom was dit 'n krisis: "Ek was bekommerd," sê hy, "ek was bang iets is verkeerd — as mens onrustig is moet jy iets dóén," en toe maak hy maar vir hulle sop warm.

So het al die karakters dan in sekere sin vir mekaar "léwend" geword. Weliswaar is dit maar nog net die "wakker word", die begin, en daarom

sê sersant Kroukamp ook: “Jy en ek het nog baie om te leer, maar ons het al ver gekom.”

In hierdie jeugboek word Manuel se probleme en die hele kwessie van menslike verhoudinge in ’n boeiende verhaal ingeklee: sy botsing met die gereg, en dan natuurlik die opwindende wêreld van die sirkus, waar hy ook vir die eerste keer vriende het.

Na my wete is dit die eerste Afrikaanse jeugboek van gehalte wat in ’n stadsmilieu afspeel. Die stad en in die besonder die voorstad Observatory word vir die leser werklikheid, en so ook die sirkus met sy helder ligte, glinsterende kostuums en polsende musiek, maar ook die hele lewe en werk agter die skerms.

Dit is egter nie die sirkus wat mens onthou nie — hoe interessant hierdie ongewone wêreld ook al is — maar wel die karakters, en dit is die groot verdienste van hierdie werk. Manuel word met besondere insig en diepte uitgebeeld, met ’n seker hand wat ’n fyn balans tussen die gebeure, gedagtes, dialoog, gevoel, direkte mededeling en suggestie handhaaf. Die ander karakters word minder volledig uitgewerk, maar ook hulle is méns.

Hulle gebrek aan kommunikasie en die ontwikkeling in hierdie verband word eweneens sonder aarseling op natuurlike en oortuigende wyse gehanteer.

Soos reeds blyk uit die aanhalings wat in hierdie bespreking gebruik is, skryf Rona Rupert hier met suiwer aanvoeling vir woord en atmosfeer in ’n vlot verteltrant. Daar is ’n natuurlikheid in die dialoog uit Observatory en die sirkus en ’n kinderlike vermoë om emosies te konkretiseer, bv.: “En toe stap hy met sy groot skoene aan by Colm se kantoor uit, groot treë, lang treë, ver treë, verby Blakestraat 3a, bo-oor die berg, oor die reën, tot waar Carlos hoog in die lug vlieg van een gespanne koord na die ander, en waar hy en Kasper grappe maak, en daaroor lag!” Hierdie aanskoulikheid vind mens ook in gewone beskrywings soos “haar stem peul deur die windskreies om die deur,” of, “Wat van al die asems, dink hy, in en uit, miljoene asems in miljoene huise, wat nooit ophou nie.”

Van die ouer kind se probleme is menseverhouding, kommunikasie en ’n ontdekking van

homself — elemente wat hy in *Wegloopwinter* sal terugvind. Maar die belangrikste bly die mens Manuel. In hierdie verband sluit die illustrasies besonder goed by die teks aan. Manuel word in verskillende situasies uitgebeeld, en sy goedstemming word besonder sensitief geïnterpreteer — ’n vet seun wat potsierlik sou kon lyk, maar nooit lagwekkend word nie omdat die illustreerder ook verby die vet na die méns gekyk het.

Kritiek wat moontlik geopper kan word, is dat die aanrading by die sirkus een krisis te véél is, dat dit baie gerieflik gebeur om Manuel se ma in haar seuns se belangstelling te laat deel. Of miskien dat ietwat meer aandag aan die ander karakters gegee moet word om van ’n mate van enkellynigheid weg te kom en die boek ’n volwaardige jeugromán te maak.

Maar feit bly dat *Wegloopwinter* een van die beste jeugboeke is wat nog oorspronklik in Afrikaans verskyn het. Afgesien daarvan is dit ook ’n belangrike werk omdat dit sekere ongewone aspekte bevat: agtergrond wat tot dusver nog nie ontgin is nie en ’n diepte van karakterbeelding wat op ’n baie besondere wyse m.b.t. verteller en aanbieding verkry word.

(Lydia Pienaar, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Maart 1980)

□ Woorde is soos wors

Fyn insig en kennis in kinderboek

Veral in haar jonger boeke konsentreer Rona Rupert op die uitbeelding van armrige kinders wat daarby met besondere probleme te kampe het. In hierdie boek is daar verdere “gemene delers”; soos in *Wegloopwinter*, speel ’n jeugsirkus ’n belangrike rol. Die skryfster se liefde vir musiek, wat byvoorbeeld in *Die musiek wat die koning wou hoor* die tema gevorm het kom in die verhaal tot uiting in die feit dat die hoofkarakter se beste maat ’n pa het wat in die stadsorkes speel, en ’n suster wat lewe vir haar klavier. Soos byvoorbeeld in *Brandkloof se kinders* is hier ook weer ’n ek-verteller aan die woord.

Maar dan noem ek dit “gemene delers” in die beste sin van die woord. Dié boek is ook iets geheel op sy eie, met ’n atmosfeer en wêreld eie aan homself — ’n werk van gehalte.

Wat ’n mens opval, is die deeglike kennis wat die skryfster openbaar van die ruimte waarin sy haar karakters plaas: Kaapstad met sy wind en berg en dreigende winterreën in laat-April, ’n woonstel in ’n gebou wat ironies Brighton House heet, ’n hospitaal: in die besonder ook die jeugsirkus wat die spil vorm waarom die hoofkarakter Josias se lewe wentel. Niks is vaag of lukraak nie; elke ding word beskryf asof dit werklik en lewend is.


Tydaanwending is interessant en tog nie verwarrend vir die kinderleser nie. Die geheel word meegedeel as iets wat klaar gebeur het: oorkoepelend word dus van die verlede tydsvorm gebruik gemaak, hoewel daar onopsigtelike oorskakeling is na die historiese praesens wat in Afrikaans die normale manier van vertel is.

Die verhaal begin in April, skakel na ’n ruk terug na Februarie om te verduidelik hoe Josias en sy boetie en sussies in die kinderhuis beland het, en neem die storie dan weer op waar dit in April gelaat is. Net die heel laaste kort hoofstuk word in latere hede geplaas.

Hierdie manier van terugskouing bring wel bepaalde distansiëring mee tussen verhaal en leser, gee laasgenoemde minder kans om direk betrokke te voel by die gebeurde, maar in ’n mate word hiervoor vergoed deur die gebruik van die eerste-persoonverteller, wat juis weer ’n nouer betrokkenheid impliseer.

Hoewel die klem nie val op oppervlakkige uiterlike gebeurde nie, is die gang van die verhaal van die eerste bladsy af spannend. Elke handeling spruit gemotiveerd uit die vorige of uit die karakter van die hoofpersoon: dit geld ook die krisis as Josias se boetie berg op verdwyn. Hy het voorheen al weggeloop, en Josias se leuen dat hy self teen die berg gaan draf, maak so ’n optrede heeltemal oortuigend. Net so aanvaarbaar is die klimaks, waarin Georgie lewend gevind word en waarin Josias se maat Meyer sy spraak terugkry.

Elke skyn van sensasie of ’n te maklike oplossing word verniy: Meyer het begin hakkkel toe sy ma dood is, nou laat nog ’n skok, maar ’n seun-



tjie wat lewe, hom die sielkundige belemmering afskud. Daarby kom die mooi ontwikkeling dat die spraakverlies die gevolg was van eie skok en smart; die terugwen word moontlik omdat hy hom verheug oor ’n ’n ander mens se gesinslid wat lewend uit ’n ongeluk gekom het.

Omdat alle probleme nie opgelos word nie — Josias se pa kom nie terug nie en hy en die ander moet in die gehate kinderhuis bly — kry die kinderleser ook die waardevolle indruk dat alle moeilikhede nie oornag verdwyn nie, maar dat die personasies leer om dit te verwerk.

Daar word van baie personasies gebruik gemaak in die boek — dis moontlik dat lesers hier en daar verwar sal word. Die hoofkarakter staan egter baie sterk sentraal en word ’n volledige seun met goeie en swak punte. Sy verhouding met volwassenes is meestal positief en word nie beklemtoon nie. Sy sussies bly vae figure, maar die boetie speel ’n belangriker rol. Sy weglouery uit die kinderhuis, die begeerte om ook na die jeugsirkus te gaan, vorm ’n newetema wat die werk verryk.

Met fyn insig en bietjie humor word verwys na Josias se bewondering vir June, die leidster van die dogtersakrobate by die sirkus, wat later verflou en dan vervang word deur sy groot verering vir Meyer se mooi suster Lana. Die sterkste word Josias se verhouding met sy maat — eers vyand

— Meyer geteken; dis deur hierdie verhouding wat hy groei wat eie insig betref.

Die illustrasies in hierdie boek is met smaak gedoen en verhoog die waarde van 'n werk wat ons kinderliteratuur ten goede kom.

(Elsabé Steenberg, *Die Burger*,
14 Februarie 1980)

□ *Woorde is soos wors*

In hierdie boek het 'n mens te doen met 'n karakter wat om die een of ander rede 'n besondere alleenheid ken: dié van 'n kind wat van sy ouerhuis weggeneem word, van 'n seun wat erg hakkell.

Rona Rupert se *Woorde is soos wors* speel in dieselfde omgewing af as haar *Wegloopwinter*: 'n arm woonbuurt in Kaapstad en die jeugsirkus. Die hoofkarakters in albei boeke is buitestaanders: Manuel in *Wegloopwinter*, omdat hy vet is en uitgelag word en die twee seuns Josias en Meyer in *Woorde is soos wors*, om ánder as fisieke redes. En albei boeke handel oor kommunikasie, maar nie vanuit dieselfde uitgangspunt nie. In *Wegloopwinter* kan die gesinslede nie met mekaar praat nie, nie wêrklik nie; in *Woorde is soos wors* bestaan daar wel kommunikasie — maar sonder woorde, omdat Meyer so erg hakkell dat hy letterlik nie kan praat nie.

Josias is 'n twaalfjarige met 'n bepaalde volwassenheid wat die omstandighede op hom afgedwing het. Hy is die oudste van vyf kinders. Sy pa het die gesin twee jaar gelede verlaat. Sy ma werk smiddags en saans in 'n viswinkel en moet so sukkel dat sy nie behoorlik na die kinders kan omsien nie. En as sy siek word, is dit Josias wat moet besluit om te gaan hulp soek, want, "het Mita gesoebat, 'jy's die oudste, jy moet wêet wat om te doen!'" Só kom 'die hele situasie onder die aandag van die Kinderwelsyn, en die vier oudste kinders word na St. Andrew's gestuur. "Dit is 'n koshuis vir kinders wie se ouers nie self vir hulle kan sorg nie", soos Josias dit later stel.

Die enigste ligpunt in Josias se bestaan is die jeugsirkus, waarna "ek uit my hart uit ... verlang, soos na 'n mens, soos ek eers na Pa verlang het toe hy weg is." Maar dan vervreem Josias hom van

hierdie anker toe hy vir Meyer by "sy" poppekas aantref en hom slaan. Later is dit Bob, een van die twee volwassenes by die sirkus, wat hom aanraai om met Meyer maats te maak. "Ons het elk een 'n storie, elkeen sy eie hartseer." sê Bob. En Meyer het ook 'n "storie": sy ma is oorlede en as gevolg van die skok het hy sy spraak verloor.

Die vriendskap tussen Josias en Meyer is o.a. ook 'n uitbeelding van kommunikasie sonder woorde. "Woorde? ... Wat is woorde? Woorde is soos ... soos wors. Both highly overrated." Meyer "gesels" met sy kop, sy hande, sy oë. "Dit wys jou, het ek later vir Meyer gesê, die punt is nie of jy kan praat nie, dit is of jy verstaan." Buitendien sal geen woorde in 'n woordeboek kan sê wat 'n mens soms in jou hart voel nie, het Josias ondervind. Maar later, heelwat later, toe Meyer weer kon praat, word woorde tog ook belangrik: "Wat sou die lewe werd gewees het as daar nie wors of woorde was nie?" En Josias moet dan erken dat "woorde is soos wors" twee betekenis kan hê.

Afgesien van sy volwassenheid, moet Josias ook 'n gevoelige mens wees om ander se praat-sonderwoorde te kan verstaan. Hy is iemand wat bv. heel van die begin af gesigsuitdrukking raaksien — die uitdrukkinglose gesigte van die skollies of van sy boetie Georgie, wat sy lippe op mekaar knyp. Maar dit is veral oë waarna hy kyk. Dit is dan ook opvallend hoe effektief hierdie deel van die mens se gesig telkens gebruik word om kommunikasie sowel as emosie uit te beeld: "Ek het probeer onthou of Ma maer of vet was, maar al wat ek kon onthou, was haar oë. Hulle is donkerbruin, baie donker, en aan haar oë kan 'n mens altyd sien wat sy dink," "die angstigheid in sy oë het my sonder die oefening al kortasem laat voel," "ek het na die vuil punte van my skoene gekyk en Meyer se donker oë daar gesien," "sonder die bril het sy oë anders — groter en sagter — gelyk," "ek het gesien dat hy my soek; sy oë het verander toe hy my kry."

"Van alleenwees laat ek my van niemand leer nie," sê Josias. En dit, tesame met sy sensitiwiteit en volwassenheid, gee hom 'n besondere begrip en waarnemingsvermoë t.o.v. ander mense.

Josias is die ek-verteller, en sy karaktereenskappe word gebruik om die gebeurtenisse en die karakters te ontplooi. Innerlike emosies speel 'n

groot rol — dié van Josias self, dié van Meyer, wat goed gesuggereer word, maar ook dié van die ander karakters, soos die opstandige Georgie, Meyer se pa en Josias se ma, wat almal hulle “eie hartseer” ken. Maar o.a. juis omdat dit alles deur die oë van ’n seun gesien word, is daar ’n nugterheid en aanvaarding wat die volwassene nie ken nie.

Vir die volwassene bv. is die versukkelde vrou, die verhongerde katte by die vuilisblikke, die modderkleurige geboue en die motorwrak in die buurt ’n treurige prentjie, maar vir Josias is dit soos dit is: hy kan nie eens onthou of sy ma sukkel of nie, die katte is iets wat hy ken en wie se voorbeeld hy by die poppekas kan gebruik, die modderkleurige woonstelblok is sy tuiste, en die ou Chev sonder wiele “is die lekkerste speelplek wat ons ooit gehad het.”

Dit is natuurlik hierdie volgehoue perspektief uit die kind se belewenisveld wat van hierdie werk so ’n geslaagde *jeugboek* maak.

Afgesien van die innerlike spanning, word uitelike opwinding veral verkry deur die drie skollies wat Josias aanrand en sy arm breek en die soektog na Georgie waardeur Meyer sy spraak terugkry. Veral hierdie laaste toneel word knap ge-

hanteer. Dit is opvallend — en geslaag — dat Josias nie onmiddellik daarvan bewus word dat Meyer kan praat nie, vanweë sy bekommernis oor sy boetie.

By twee geleenthede verskuif die tyd van die hede na die verlede. Dit word behendig gehanteer met natuurlike en onopvallende oorgange.

Die dialoog en woordgebruik pas by die stads-agtergrond en -mense sonder dat woorde om die nodige kleur te verleen soos “skons”, “chips”, “blyd” en enkele Engelse woorde oordadig gebruik word.

Die boek het ’n enkellynigheid, waardeur sommige aspekte, bv. die ma en Linda, of die ander karakters in die koshuis vergete raak. En die volwassenes soos Denis, Bob, mnr. Lubbe en mnr. Lindner is moontlik té simpatiek en begrypend op ’n half eenderse manier. Maar dit is punte van kritiek wat geheel en al verdring word deur die onbetwisbare letterkundige waarde van die boek. Dié werk is ’n waardige wenner van die Scheepersprys vir 1977-1979.

(Lydia Pienaar, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Maart 1981)

3.23 Linde, Christovira Frederika (12 Desember 1915–)

Nege jaar nadat Freda Linde die eerste keer die Scheepers-prys ontvang het, herhaal sy hierdie prestasie. Hierdie keer word die toekenning in 1983 gemaak vir ’n *Tuiste vir Bitis* wat die beste Afrikaanse jeugboek was wat in die tydperk 1980–1982 gepubliseer is. Volledige biografiese besonderhede oor Freda Linde word in paragraaf 1.5 verstrekk.

☐ Lig op ongure dier bring nuwe kennis

Wat ’n mens by elke boek van hierdie skryfster beïndruk, is haar fyn kennis van die Suid-Afrikaanse veld. Dis of sy nie net elke bos by die

naam ken nie, maar ook elke klip. En soos in haar vorige boeke, bring sy in haar nuwe jeugverhaal ook een besondere dier in fokus: in hierdie geval ’n pofadder.

In die loop van die verhaal word inligting oor

dié slang ongemerk ingevleg: waar hy graag slaap, wat en wanneer hy eet, hoeveel kleintjies die wyfie kry.

Freda Linde se grootste prestasie is dat sy 'n tradisioneel ongure diersoort só kan belig dat die leser se kennis omtrent hom nie net aangevul word nie, maar dat hy 'n begrip, 'n soort eerbied, vir die slang ontwikkel.

Nie net is die slang hier eerder protagonis as antagonist nie, maar hy word self slagoffer van die bose, en deur hom val ook die menslike hoofkarakter, die seun Martinus, die kwade ten prooi in die vorm van bespotting en afpersing.

Deur die pofadder reik die skryfster ook af na 'n dieper dimensie, deur verwysing na die legendariese waterslang waaraan die bruinmense glo en wat nie meer met 'n blote, realistiese slang veel te make het nie.

Daar is ook sprake van die tokkelossie, vir die bruinmense na aanpassing van die oorspronklike Tokkelos wat in die folklore van byvoorbeeld die Zoeloes lewe, 'n bose mag.

Gepas heet die misdadige bruin seun wie se optrede vir die spanning in die werk verantwoordelik is, dan ook Tokkels, want daar word geglo dat hy uit die saad van die tokkelossie voortkom.

Die byna sestienjarige plaasseun Martinus laat 'n mens dink aan die jonger seuntjie in *Die kokewiet en sy vrou* wat net met effens ander spelling Marthinus heet, ook 'n enigste kind is en tekkentalent openbaar.

Martinus is 'n fyn waarnemer en ontwikkel deur die boek van 'n seun wat intens in sy liefding-pofadder Bitis belangstel en hom ten alle koste veral van Tokkels probeer beskerm, tot 'n meer volwasse karakter wat bereid is om die slang in 'n reservaat los te laat en wat besluit om later navorsing te doen oor pofadders en só te help om effektiewe serum teen die byt van pofadders te ontwikkel.

Spanning wat rondom die aanhou van die pofadder in 'n hok ontwikkel, bring verhoudings op die voorgrond, veral dié tussen Martinus en sy ma.

Dis 'n geskakeerde verhouding wat wissel van wrok teenoor die ma wat slange verafsku tot liefde wat tot uiting kom as Martinus van sy tekening vir sy ma present gee.

Daar is ook ontwikkeling tot begrip vir sy ma se intuitiewe vrees. Ook in sy vriendskap met die bruin seun Dawid speel Bitis 'n beslissende rol: Martinus kom tot insig in die feit dat hy byna Dawid se dood deur 'n slangbyt veroorsaak het, en hy besef hoe lewensgevaarlik 'n pofadder werklik kan wees.

Hoewel daar nie veel ontwikkeling is in Martinus se vriendskap met die dokter se dogter Elsie is nie, kry hy deur haar 'n blik op die verwikkeldheid van menseverhoudings, aangesien haar ouers geskei is en sy haar ma opnuut moet leer vind.

In hierdie verhaal, waarin daar geen hoofstuk-inleiding is nie, bring die pofadder 'n hegte en tog geskakeerde eenheid tot stand.

Anders as in *Die singende gras*, word geen verhoudings bygesleep wat met die eintlike verhaal niks te make het nie. Die perspektief en ruimte bly deurgaans op verantwoorde wyse dieselfde, naamlik hoofsaaklik Martinus se oogpunt, of dié van 'n alwetende verteller wat baie na aan hom staan, en die agtergrond van 'n plaas naby Swellendam.

Tydsverloop is 'n hele aantal maande en só is dit ook noodsaaklik.

Deurgaans is die taalgebruik eenvoudig en sober, ontdaan van sentiment of oordramatisering. Juis daarom glo die leser die nuwe indruk wat hy hier van 'n eers onbekende en gevreesde pofadder kry en groei hy deur aanraking met die boek nie net tot eerbied vir slange nie, maar, soos in al Freda Linde se werke, tot eerbied vir die lewe self.

(Elsabé Steenberg, *Die Volksblad*,
12 November 1980)

□ 'n *Tuiste vir Bitis* is die jongste jeugverhaal van Freda Linde, wat reeds in 1974 die S.A. Akademie se Scheepersprys vir Jeuglektuur ontvang het vir *Die singende gras*.

Haar nuwe boek is merkwaardig in baie opsigte: Dit is so 'n spannende verhaal dat die leser dit moeilik neersit; dit is 'n boek wat aan die moeilike

ke vereistes van die jeugwerk voldoen; en dit is 'n roman met soveel fasette dat selfs die volwassene dit weer en weer kan lees en telkens nuwe betekenis daarin vind.

Die verhaalgegewe is ongewoon en boeiend; Martinus is besig om die pofadder Bitis in die veld mak te maak. Sy is aan sy voetstappe gewoond, sy ken sy stem, hy kan haar met 'n stok streel. Maar die dag toe hy gedwing word om haar met blote hande in veiligheid te bring omdat 'n onverskillige seun met 'n rekker haar wil vernietig, besef hy: "Dis nie meer Bitis nie, maar gevaar, koud, onbekend, wat hy hardhandig vasdruk." Nou het hy wel 'n sak en 'n hok nodig.

Dit is maar die begin van die verhaal van hoe Martinus die tradisionele vyand van die mens teen die mens moet beskerm.

As jeugboek slaag *'n Tuiste vir Bitis* daarin om jeugboek te bly: daar word nooit deur 'n volwassene kommentaar gelewer nie. Die perspektief is deurgaans dié van Martinus. Hy verstaan byvoorbeeld nie die rede vir die verwydering tussen sy vriendin Elsie se ouers nie, of Elsie se ingewikkelde verhouding met haar ma nie.

Al wat hy ervaar, is dat Elsie se kom en gaan ongewoon is. Waar Martinus wel meer verstaan as wat vir die leser waarskynlik lyk, word dit deeglik gemotiveer deur die uitbeelding van sy karakter: hy is 'n begaafde kind wat by simpatieke volwassenes meer aanklank vind as by die meeste kinders van sy eie ouderdom, en hy het 'n besondere goeie waarnemingsvermoë.

Die ander figure in die verhaal word ook in hul kompleksiteit uitgebeeld, soos Tokkels, die bruin tronkvoël, wat Martinus se slang wil skiet, sy horlosie van hom afdwing, en 'n uitdagende maar onthullende stelling maak: "Ek kán sien op 'n horlosie".

'n Sterk tema in die verhaal is vooroordeel. Die mens was nog altyd (natuurlik) bevooroordeel teenoor die slang, maar meestal is sy vrese ongegrond: die slang verdedig eerder as om aan te val, hy is baie verwondbaar, en baie mooier as wat die mens wil raaksien. Die gemeenskap is wantrouig teenoor iemand wat ongewoon optree, soos om hom met slange (Satan!) op te hou. Maar Martinus wil beskerm eerder as om blindelings dood te kap.



En hy het meer om te beskerm as waarvan die gemeenskap wil weet. Tokkels is deur die tokkelossie "gevaar", en dit is volgens sy ouma Johenna die rede vir sy misdadige neigings. Martinus se ma kan nooit ontslae wees van haar blote vrées vir die slang nie.

Freda Linde is 'n ware kenner van die natuur. Haar beskrywing van die boek se agtergrond en Martinus se ervaring daarvan is op sigself 'n leeservaring: "Nog altyd het hy slange bewonder oor hul sagte gang, ook vir Bitis. Net water kan beweeg soos slang. Maar die rye, rye ribspiertjies wat so sag en honderdvoudig riffel, was onder sy hande één sterk snoer wat golf van weerstand. Nou, agterna voel hy nog hoe haar rugskubbetjies soos knoppies teen sy palms druk in haar worsteling om los te kom. Maar weerstand het hy verwag. Daar was net die een ding wat hom van stryk gebring het, die kille aanraak."

Freda Linde is 'n skryfster wat woorde kán gebruik. En *'n Tuiste vir Bitis* is waarskynlik die beste boek vir jong lesers wat nog uit haar pen verskyn het.

(Erné Potgieter, *Die Burger*,
9 Oktober 1980)

3.24 Van Niekerk, Rudolf Johannes (22 Februarie 1929–)



Dolf van Niekerk het op 22 Februarie 1929 sy eerste lewenslig aanskou daar in die Suid-Vrystaatse wêreld, op Edenburg. Sy vader, met dieselfde name as Dolf, was die kleremaker op die dorp. Op die ouderdom van slegs drie jaar verloor Dolf en sy ouer suster hul moeder deur die dood. Later is sy vader weer getroud.

Dolf het op sy geboortedorp grootgeword. Nadat hy in 1946 aan die plaaslike skool gematrikuleer het, skryf hy hom in aan die destydse Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat. Hier behaal hy in 1949 die BA-graad met Wysbegeerte en Sosiologie as hoofvakke, met lof.

In 1950 word hy omroeper/regisseur by die SAUK in Johannesburg, asook vir 'n kort rukkie in die Kaap. Na vier jaar verlaat hy die SAUK om sy HonsBA-graad in Wysbegeerte aan die Universiteit van Suid-Afrika met lof te voltooi. Daarna is hy vir twee jaar terug by die SAUK om in Desember 1956 die eerste omroeper te word van die Departement van Landbou se radiodiens *Landbouradio* wat gereeld vanaf Januarie 1957 uitgesaai word. Inmiddels begin hy weer studeer, en behaal in September 1967 die MA-graad in Wysbegeerte met lof aan die Universiteit van Pretoria.

In 1969 word hy bevorder tot Assistent-direkteur in die Afdeling Landbou-inligting van die Departement Landbou-tegniese Dienste. In 1972 en 1978 word hy weer bevorder tot Adjunk-direkteur en Direkteur van die Afdeling onderskeidelik. Hy is reeds drie keer deur die Departement na die buiteland gestuur om verskillende fasette van inligtingsdienste binne landbouverband te bestudeer. In 1982 behaal hy, weer aan die Universiteit van Pretoria, die DPhil-graad in Wysbegeerte.

Dolf van Niekerk se verbintenis met die uitsaaiwese het 'n belangrike invloed op sy skryfwerk gehad. Hy begin om prosa te skryf benewens 'n verskeidenheid radiowerk wat hoorspele, hoorbeelde en radiovervolgverhale insluit. Later voeg hy dramas vir televisie en digbundels by. Reeds in die vroeë vyftigerjare verskyn van sy gedigte in *Standpunte*. In 1958 debuteer hy met die kort roman *Gannavlei*. Sy eerste toneelstuk, *Kwart voor dagbreek* word in 1961 deur NTO opgevoer.

Die Eugène Marais-aanmoedigingsprys vir prosa wat in die drie jare 1961–1963 verskyn het, is in 1964 deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan Dolf van Niekerk toegeken vir sy bundel kortverhale, *Skepsels*. In die daaropvolgende jaar word hy weer deur die Akademie bekroon, en wel met die SAUK-prys vir Afrikaanse hoorspele op grond van sy reeks hoorbeelde *Land van ons vaders*. In 1971 ontvang hy hierdie prys vir die tweede keer, hierdie keer vir die hoorspel *Kamer 99*, en in 1977 word die Artes-toekenning vir die beste radioteks aan hom oorhandig. Die Federasie van Rapportryerkorpe ken sy Ruiterbeeld-toekenning in 1984 aan hom toe vir die hoorspel *Niemand se dag nie* en ander werke. Met sy jeugverhaal, *Die haasvanger*, behaal Dolf van Niekerk

in 1986 'n dubbele prestasie. Eers ontvang hy Nasionale Pers se M.E.R.-prys daarvoor en daarna ook die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se Scheepers-prys vir Jeuglektuur.

Tuis tussen vele inheemse bome by sy huis in Murrayfield, Pretoria, vlakby Tienie Holloway se Skuilkrans, vind 'n mens Dolf dikwels by sy wedvlugduiwe. Anders as oor sy eie talente, praat hy met geesdrif oor sy duiwe. Vir ongeveer vyftien jaar het hy aktief aan wedvlugte deelgeneem en het hy verskeie kere die klubkampioenskap gewen. Vandag konsentreer hy egter slegs op die teel van duiwe. "My duiweboerdery is sommer malligheid, maar dit is terselfdertyd ook wetenskap."

Die volgende publikasies het onder andere uit sy pen verskyn:

- Gannavlei*. Johannesburg: Dagbreek-boekhandel, 1958.
Die son struikel. Johannesburg: Dagbreek-boekhandel, 1960.
Kwart voor dagbreek. Johannesburg: APB, 1961.
Skepsels. Johannesburg: APB, 1963.
Die moeder. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1965.
Land van ons vaders. Johannesburg: APB, 1966.
Skrik kom huistoe. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1968.
Die paddas; satiriese eenakter. Johannesburg: DALRO, 1968.
Kamer 99. Johannesburg: Perskor, 1973.
Karoosange. Kaapstad: Tafelberg, 1975.
Die nagloper. Kaapstad: Human & Rousseau, 1976.
Woord in die môre. Johannesburg: Perskor, 1978.
Kort lewe van 'n reisiger. Kaapstad: Tafelberg, 1979.
Niemand se dag nie. Johannesburg: Perskor, 1982.
'n Bietjie luisterkuier. Pretoria: Folio, 1983.
Karel Kousop. Kaapstad: Tafelberg, 1985.
Die haasvanger. Kaapstad: Tafelberg, 1985.

Bronne geraadpleeg

1. Bosman, F.C.L. Eugène Marais-aanmoedigingsprys vir prosa, 1964 toegeken aan ... Dolf van Niekerk: Huldigingswoord. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Jaarboek*, 1964, p. 46–47.
2. De Bruyn, Pieter. SAUK-prys vir Afrikaanse hoorspele, 1970 toegeken aan Dolf van Niekerk: Huldigingswoord. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Jaarboek*, 1971, p. 81.
3. Dolf van Niekerk — TV en die skrywer. *Keur*, 5 Maart 1976, p. 26–27.
4. Jonker, Linda. Dolf boer op die letterkunde se wenakker. *Die Transvaler* (Ritsgids-bylae), 13 Januarie 1979, p. 67.
5. Marais, J.F. SAUK-prys vir Afrikaanse hoorspele, 1965 toegeken aan Dolf van Niekerk vir sy reeks hoorbeelde *Land van ons vaders*: Huldigingswoord. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Jaarboek*, 1965, p. 45–46.
6. Scholtz, Jan. Dolf van Niekerk skryf, skryf — en skryf. *Die Huisgenoot*, 13 Februarie 1976, p. 16–19.
7. Snyman, Lydia. Scheepersprys vir Jeuglektuur aan Dolf van Niekerk. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Jaarboek*, 1986, p. 30.

□ *Skeiding en die kind*

Die suiwerheid van hierdie novelle vir die jeug imponeer.

Dit pas by die sober voorstelling van die hoofkarakter dat 'n mens nie onmiddellik verneem wat sy naam is nie; eers mettertyd word hy Lourens, en nog later kom sy noemnaam Kiewiet ter sprake.

Hy het immers geen sterk bewustheid van eie identiteit nie, hy dwaal in die veld rond, praat min en voel onwennig tussen mense. Selfs op die atletiekbaan hou hy die meeste van die stuk waar hy alleen kan hardloop. Sy swak verhouding met sy ma maak hom selfgesentreerd.

Die werk met sy kort hoofstukke wat die verhaale progressief vertel, gaan om verhoudings. Kiewiet verlang dikwels na sy pa wat selde huis toe kom; hy neem aan atletiek deel as sy pa toestemming gegee het en gaan soek hom later by die werk as dambouer op, waar hy hom dwing om die verwydering tussen hom en sy vrou te verduidelik.

Dit doen die man deels, sodat Kiewiet steeds nie sy ma se bitterheid en uiteindelik finale verwerping begryp nie. Met sy ma verswak sy verhouding tot hy eis dat sy alles verduidelik. Dit doen sy in die klimaks: "Tussen hier en Uitkyk lê 'n plaas ... Daar bly 'n vrou — gaan vra haar..."


As Kiewiet Boskop toe gaan en sy pa en die "ander vrou" liefdevol bymekaar sien, word gesuggereer dat hy die verhouding aanvaar. Dit lei tot die versoenende slot as hy met sy tas koers kry "na sy ma toe" — sy geestelike ma wat hom, soos sy pa, sal laat tuis voel.

Die verhouding met die meisie Janet word sober en oortuigend gebeeld, en die ontdekking van Kiewiet as atleet word oortuigend gehanteer en ontwikkel.

Dis 'n uitstekende werk dié wat baie aandag verdien.

(Elsabé Steenberg, *Die Burger*,
13 Maart 1986)

□ Na 'n lang stilswye op die letterkunde-front kom Dolf van Niekerk met 'n verhaal vir die jeug



wat só suiwer is dat dit die leser lank daarna bybly. Dit pas by die sober voorstelling van die hoofkarakter dat 'n mens nie onmiddellik weet wat sy naam is nie: eers mettertyd word hy Lourens, en nóg later kom sy noemnaam Kiewiet ter sprake. Hy weet immers self nie mooi wie hy is nie; sy jeugjare het hom geen sterk bewustheid van eie identiteit gegee nie. Hy skram weg van mense; selfs as hy vir sy skool begin hardloop hou hy die meeste van dié dele van die baan waar hy alleen hardloop. Tog, juis omdat hy steeds meer verwerp word deur sy ma, is hy selfgesentreerd — dit vind veruiterliking in die groot aantal sinne wat met *Hy* begin.

Die novelle gaan om verhoudings. Omdat sy pa selde huis toe kom en hy geen warmte by sy ma vind nie, leef Kiewiet in die veld naby die dorp. En juis sy weggekeerdheid verbitter sy ma sodat sy hom nog méér en uiteindelik, in die krisis, finaal verwerp. Hy het sy pa gedwing om die verwydering tussen hom en sy ma te verduidelik en 'n gedeeltelike antwoord daarin gekry dat die man nie tuis was toé hulle dogtertjie oorlede is nie. In die klimaks dwing hy, wat gewoonlik min praat, sy ma om klaar uit te lê: "Tussen hier en Uitkyk

lê 'n plaas. Die plaas se naam is Boskop. Daar bly 'n vrou — gaan vra háár" (p. 81).

Die suggestie is daar dat hierdie onwettige verhouding aangeknoop is omdat man en vrou mekaar nie kon vind nie en dat alles daardeur verder befloers is. Kiewiet gaan Boskop toe en sien die vrou en sy pa rustig bymekaar, wat hom laat begryp dat hier liefde en aanvaarding vir hom ook sal wees. Pragtig is die sober slot as die seun met sy tas koers kry "na sy ma toe" (p. 88) — nie sy biologiese ma nie, maar die een by wie hy geestelik sal tuis kom.

Soos die verhouding met sy ma versleg, word sy behoefte aan sy pa groter en vind hy by hom belangstelling vir sy hardlopery, trouens ook aanmoediging. Verder kry sy lewe sin in die skaam maar intense gevoel vir Janet wat sensitief en oortuigend gebeeld word.

Die ontwikkeling van Kiewiet as atleet word met insig gehanteer. Dis oortuigend dat sy ma se onthulling oor die ander vrou in sy pa se lewe sy

vermoë om goed te hardloop, aantast — op dié stadium is hy ook nie gereed vir enige fisieke oorwinning nie.


Die novelle se titel wys na die veld, die doodmaak van hase deur ysters, 'n kuns wat Kiewiet uitstekend bemeester. Sy gevoel vir Janet lei daartoe dat hy ten slotte nie meer sy ysters wil gebruik nie: daar is 'n eendersheid tussen "Janet en die warmte van die haas se lêplek" (p. 77). Op 'n dieper vlak wys sy gooi van die ysters na die poging om sy ongelukkigheid en alleenheid as gevolg van sy ma se verwerping te vernietig. Uiteindelik is dit ook nie meer nodig nie, want daar word versoening gesuggereer tussen hom, sy pa en 'ma'.

Persoonlik sou ek 'n stiller ontwerp en 'n hardbandomslag aan hierdie pragtige werkie gegun het.

(Elsabé Steenberg, *Tydskrif vir Letterkunde*, Februarie 1986)

Hoofstuk

VIER



Die Percy FitzPatrick-toekenning vir die beste Suid-Afrikaanse kinderboek in Engels

4.1 Die ontstaan van die Percy FitzPatrick-toekenning

Die geskiedenis van die Percy FitzPatrick-toekenning dateer terug tot die jaar 1968. Dit was in daardie jaar dat die Natalse Tak van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging die volgende mosie by die jaarlikse konferensie van die SABV in Johannesburg voorgelê het:

That the Council of the SALA be asked to investigate the establishment of a prize on the lines of the C.P. Hoogenhout Award for the best SA children's book in the English language: provided that the place of publication and nationality of the author need not necessarily be South African.

Tydens die vier-en-twintigste jaarlikse konferensie van die SABV in September 1969 in Durban het hierdie saak weer aandag geniet. By hierdie geleentheid het die Konferensie die volgende beskrywingspunt van die Natalse Tak oorweeg:

- (a) Dat die Raad van die SABV versoek word om in 1970 die eerste jaarlikse toekenning vir die beste Suid-Afrikaanse kinderboek in Engels te gee, om saam te val met die herdenking van die aankoms van die 1820-Setlaars in Suid-Afrika.
- (b) Dat die toekenning bekend sal staan as die Percy FitzPatrick-prys.

Na deeglike bespreking het die Konferensie die mosie aanvaar en besluit dat die toekenning as die Percy FitzPatrick-toekenning bekend sal staan nadat verskeie name oorweeg is.

Aanvanklik is daar gestipuleer dat slegs boeke wat deur Suid-Afrikaanse skrywers geskryf en uitgegee deur Suid-Afrikaanse uitgewers vir oorweging in aanmerking geneem sal word. Gevolglik is daar reg van die begin af probleme ervaar om aanvaarbare voorleggings te vind, selfs niesteenstaande die feit dat die Raad van die SABV besluit het om boeke wat gedurende die vyf jaar voor die instelling van die toekenning gepubliseer is, ook in aanmerking te neem. Die rede hiervoor was dat skrywers van Engelse boeke oënskynlik verkies dat hulle boeke in die buiteland gepubliseer word met die oog op die wêreldmark. Dit het meegebring dat die Natalse Tak in 1974 weer 'n beskrywingspunt voor die Konferensie van die SABV gelê het waarin gevra word dat elke goeie kinderboek in Engels, mits dit deur 'n Suid-Afrikaanse outeur geskryf is, of 'n Suid-Afrikaanse agtergrond of gesigspunt het, in aanmerking sal kom vir die Percy FitzPatrick-toekenning.

Die Natalse Tak het hierdie beskrywingspunt breedvoerig soos volg gemotiveer:

Die Percy FitzPatrick-toekenning vir die beste Suid-Afrikaanse kinderboek, reeds ingestel in 1969, is nog nooit toegeken nie, want alhoewel boeke van 'n goeie kwaliteit gepubliseer is, is hulle gepubliseer buite Suid-Afrika en het daarom nie in aanmerking gekom nie.

Dit veryd die doel van die toekenning.

Die doel is sekerlik om die aandag te vestig op goeie kinderboeke wat 'n Suid-Afrikaanse agtergrond of gesigspunt het, omdat ons glo dat sulke boeke ons kinders kan help om beter en gelukkiger burgers te wees — mens kan selfs sover gaan om te sê beter en gelukkiger mense te wees.

Daar is uitstekende Suid-Afrikaanse kinderboeke in Engels (soos reeds hierbo vermeld) maar om ekonomiese redes is hulle nog altyd buite Suid-Afrika gepubliseer. Die eerste boek wat ons Toekenning gedenk, *Jock of the Bushveld*, is in 1907 oorsee gepubliseer.

Die Natalse skryfster, Jenny Seed, het 'n hele reeks uitstekende Suid-Afrikaanse kinderboeke geskryf, te wete:

Canvas City, 1968: omtrent die Diamant-stormloop;

The voice of the great elephant: omtrent Shaka;

The prince of the bay, 1970: omtrent Henry Francis Fynn;

Kulumi, the brave, 1970: 'n prentboek oor die Zoeloes;

The great thirst, 1971: aangaande die oproerige stamme van wat later Suidwes-Afrika geword het;

The broken spear, 1972: omtrent die Groot Trek in Natal;

The red dust soldiers: 'n geïllustreerde verhaal oor die beleëring van Ladysmith.

Elk van hierdie werke is beslis die beste van sy soort, maar omdat hulle oorsee gepubliseer is kon hulle nie in aanmerking kom vir die Percy FitzPatrick-toekenning nie, en waarskynlik om hierdie rede nie so bekend onder Suid-Afrikaners, selfs onder bibliotekarisse nie, soos wat hulle behoort te wees nie.

Om toe te laat dat hierdie toedrag van sake voortduur sal 'n verlies wees vir beide ons kinders en skrywers.

Hierdie beskrywingspunt is deur die Konferensie aanvaar. In die Oktober 1977-uitgawe van *Suid-Afrikaanse Biblioteke* skryf Louw dat die Raad van die SABV besluit het dat "South African author shall mean a South African citizen, regardless of place of residence, and foreign citizens who have a permanent residential address in South Africa."

Die ontwerp van die goue medalje is presies dieselfde as dié vir die C.P. Hoogenhout-toekennings, slegs die bewoording verskil.

Nieteenstaande die wysiging van die toekenningsvoorwaardes, sou daar nog etlike jare verloop voordat die toekenning vir die eerste keer in 1980 aan Marguerite Poland toegeken sou word. Die toekenning gegrond op die jaarlikse boekproduksie is die laaste keer vir die jaar 1981 oorweeg. Sedertdien word die toekenning tweejaarliks gemaak ten opsigte van die produksie van die voorafgaande twee jaar.

Die volgende toekennings is sedert die instelling van die Percy FitzPatrick-toekenning gemaak:

1970–1978 Geen toekennings nie.

1979 Poland, Marguerite. *The mantis and the moon*. Johannesburg: Ravan, 1979.

1980–1981 Geen toekennings nie.

1982–1983 Poland, Marguerite. *The wood-ash stars*. Cape Town: David Philip, 1983.

1984–1985 Geen toekenning nie.

1986–1987 Beake, Lesley. *The Strollers*. Cape Town: Maskew Miller Longman, 1987.

1988–1989 Beake, Lesley. *A cageful of butterflies*. Cape Town: Maskew Miller, 1989.

Bronne geraadpleeg

1. Heale, Jay. Suid-Afrikaanse kinderboeke in Engels, in *Doer-land-y*. (Kaapstad): Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum, 1986, p. 11-15.

2. Lohann, Carl. *Kinderlektuur*. Pretoria: HAUM, 1986.
3. Louw, A. The Percy FitzPatrick Award for Children's Books. *Suid-Afrikaanse Biblioteke*, 45(2): 67-71; Oktober 1977.
4. South African books for South African children. *SAIBI-Nuusbrief*, 1(3): 5; Maart 1981.
5. Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. *Jaarlikse konferensie 1969*. Potchefstroom: SABV, 1969.
6. Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. *Referate gelewer tydens die 25ste jaarlikse konferensie, Oos-Londen 1970*. Potchefstroom: SABV, 1970.
7. Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. *Referate gelewer tydens die nege-en-twintigste jaarlikse konferensie, Pietermaritzburg 1974*. Pietermaritzburg: SABV, 1974.


4.2 FitzPatrick, James Percy (24 Julie 1862 – 24 Januarie 1931)

Die Percy FitzPatrick-toekenning is vernoem na die outeur van *Jock of the Bushveld* wat as die begin van die Suid-Afrikaanse kinderboek in Engels beskou word. Wie was Percy FitzPatrick?

James Percy FitzPatrick is op 24 Julie 1862 te Kingwilliamstown gebore. Hy was die oudste kind van James Coleman FitzPatrick, regter van die Kaapse Hooggeregshof wat ten tye van sy geboorte in Brits Kaffraria diens gedoen het, en Jenny FitzGerald. Beide sy ouers was van Ierse afkoms en het pas die vorige jaar in die Kaap aangekom. In 1865 is Brits Kaffraria by die Kaapkolonie ingelyf en in 1869 is sy vader na Kaapstad verplaas. Na Percy is daar nog drie seuns en vier dogters gebore.

Op twaalfjarige ouderdom het sy ouers hom na 'n skool in Engeland, St Gregory's College te Downside naby Bath, gestuur. As gevolg van sy vader se kwynende gesondheid, keer Percy aan die einde van 1877 na Suid-Afrika terug. Vanaf 1878 woon hy eers St Aidan's College in Grahamstad en daarna die South African College in Kaapstad by. In Januarie 1880 skryf hy die universiteitstoelatingeksamen wat hy egter druip. 'n Maand later, op 6 Februarie 1880 is sy vader oorlede en is hy verplig om te gaan werk.

Vanaf die begin van 1880 werk Percy by die Standard Bank in Kaapstad. Hy verwys na die gebou as "The Cage" wat duidelik toon dat hy nie baie gelukkig in sy werk was nie. Op 18 Junie 1884 bedank hy sy werk. Die avontuurlus het hom beetgepak. Al waar hy aan dink in dié tyd is die Oos-Transvaalse goudvelde. Hy vertrek per skip na Durban, vandaar per trein tot in Pietermaritzburg van waar hy saam met 'n transportryer per ossewa na Lydenburg vertrek. Op die goudvelde is hy genoodsaak om ter wille van 'n inkomste 'n verskeidenheid van werk te doen. In 1885 begin hy om tussen



Lourenco Marques (vandag Maputo) en die goudvelde transport te ry met ossewaens. In 1887 kom sy transportryery aan 'n einde toe al sy osse as gevolg van tsetsevlêë gevrek het. Hy word redakteur van die *Barberton Herald* wat aan die firma Cohen and Graumann behoort. In 1889 tree hy in die huwelik met Elizabeth Lillian Cubitt. In dieselfde jaar verplaas sy werkgever hom na Johannesburg.

In 1891 staan hy aan die hoof van die ekspedisie van Lord Randolph Churchill na Masjionaland. Sy ervaringe tydens hierdie ekspedisie vind neerslag in sy eerste boek, *Through Mashonaland with pick and pen*. In 1892 keer hy terug na Johannesburg en tree in diens van die firma Herman Eckstein waarvan hy in 1898 'n vennoot word.

In hierdie tyd raak hy as Engelssprekende inwoner van Johannesburg aktief betrokke by die probleme wat die Uitlanders ervaar. Hy word in 1895 gekies as sekretaris van die Reform Committee. Hierdeur het hy onder die invloed van Cecil Rhodes en dr. L.S. Jameson gekom. Na die mislukte inval gelei deur Jameson in Januarie 1896 word Percy FitzPatrick ook in hegtenis geneem en tot twee jaar tronkstraf en R4 000 boete gevonnis. Na onderhandelinge is hy na vier maande op 30 Mei 1896 vrygelaat nadat hy 'n onderneming geteken het dat hy vir die volgende drie jaar nie aan politieke bedrywighede sou deelneem nie.

Slegs 'n maand voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899 verskyn sy boek *The Transvaal from within: a private record of public affairs* waarin hy die Uitlanders se saak stel. Hierdie boek was baie gewild en het binne vier maande sewe groot herdrukke beleef. Dit is ook in Nederlands en Frans vertaal. In hierdie tyd bevind die FitzPatrick-gesin hulle juis in Engeland met vakansie. As gevolg van sy betrokkenheid by die Uitlanders en die inhoud van sy pas verskene boek, word hy met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in 'n nie-amptelike hoedanigheid aangestel as oorlogsadviseur vir die Britse regering. Aan die einde van 1901 keer hy terug na Suid-Afrika.

In 1902 word hy gekies as President van die Kamer van Mynwese, in Mei 1903 word hy aangestel as lid van die Transvaalse Wetgewende Raad en 'n maand later ook as lid van die Interkoloniale Raad. Met die verkryging van selfregering deur Transvaal in 1907, behaal Percy FitzPatrick as lid van die Progressiewe Party sy eerste oorwinning in 'n politieke verkiesing toe hy Sir Richard Solomon, die leier van die Het Volk-National Association bondgenootskap, in die kiesafdeling Pretoria-Suid-Sentraal verslaan. Hy was 'n groot voorstander van unifikasie en was 'n lid van die Transvaalse afvaardiging na die Nasionale Konvensie in 1909. Met die eerste verkiesing vir die Unie-parlement het hy 'n opskudding veroorsaak deur die aangewese Eerste Minister, genl. Louis Botha, in die kiesafdeling Pretoria-Oos te verslaan. In 1920 tree hy uit die aktiewe politiek.

Sy oudste seun het in 1917 in Frankryk tydens die Eerste Wêreldoorlog gesneuel. Na die oorlog koop hy die terrein van die Delvillebos in Frankryk. Onder sy leiding en voorsitterskap samel 'n komitee fondse in vir die oprigting van 'n gedenkteken op die terrein ter herinnering aan die duisende Suid-Afrikaanse soldate wat daar gesneuel het. Tydens die onthulling van die gedenkteken deur die eggenote van genl. Louis Botha, skenk hy die terrein aan die Suid-Afrikaanse regering. Later is twee replikas van hierdie gedenkteken in Suid-Afrika onthul, die een voor die Uniegebou in Pretoria en die ander een in die Kompanjiestuine in Kaapstad.

Percy FitzPatrick was ook die vader van die Sondagsriviernedersetting en die pionier van sitrusboerdery in die Sondagsriviervallei. Dit is waar hy hom gevestig het, veral na sy uittrede uit die aktiewe politiek. Op sy plaas naby Uitenhage het hy vir hom 'n huis, "Amanzi", gebou. Vanaf "The Outlook", 'n uitkykpunt oor die Sondagsriviervallei, het hy 'n pragtige uitsig oor die vallei gehad vanwaar hy dan ook die ontwikkeling gereeld waargeneem het. Na sy dood op 24 Januarie 1931 is hy daar begrawe. In 1953 is sy graf tot historiese gedenkwaardigheid verklaar.

Hy is by twee geleenthede deur die Britse regering met ridderskappe vereer. Teen die einde van 1902 is hy vereer vir sy dienste tydens die Anglo-Boereoorlog. Vanaf dié tyd is hy bekend as Sir Percy

FitzPatrick. Na Uniewording in 1910 is hy die tweede keer vereer met die benoeming tot Knight Commander of the Order of St Michael and St George. Daarna kon hy die letters K.C.M.G. agter sy naam skryf.

Hoewel Sir Percy FitzPatrick vandag hoofsaaklik onthou word as die skrywer van *Jock of the Bushveld*, blyk dit uit hierdie kort biografiese skets dat hy 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel het. Hy het verskeie boeke geskryf, soos onder andere:

Through Mashonaland with pick and pen. Johannesburg: Argus, 1892.

The outspan: tales of South Africa. London: Heinemann, 1897.

The Transvaal from within. London: Heinemann, 1899.

Jock of the Bushveld. London: Longmans, 1907.


'n Versameling van sy herinneringe is na sy dood in 1932 in Londen deur Cassell gepubliseer onder die titel *South African memories*. Behalwe hierdie publikasies het hy verskeie korter werke oor politieke aangeleenthede, sitrusverbouing en die Sondagsriernedersetting geskryf.

Jock of the Bushveld is sy eerste en enigste kinderboek en die verhaal is gebaseer op sy ervaringe as transportryer in die Transvaalse Laeveld in die jare tagtig van die vorige eeu. Hierdie boek was vanaf die begin baie gewild en is reeds in verskeie tale vertaal, onder andere in Afrikaans, Nederlands, Frans, Xhosa en Zoeloe. Daar bestaan vandag min twyfel dat *Jock of the Bushveld* een van die klassieke verhale van Suid-Afrika is. Daarby word dit beskou as een van die beste hondeverhale wat nog ooit gepubliseer is. 'n Minder bekende feit is dat dit sedert die eerste uitgawe in September 1907 nog nooit uit druk was nie, dit is nog altyd beskikbaar. In 1986 is daar ook in Suid-Afrika 'n rolprent gemaak wat op hierdie boek gebaseer is en ook dieselfde titel dra.

In die tyd toe Sir Percy FitzPatrick *Jock of the Bushveld* geskryf het, was hy 'n welgestelde man. Hy was vasberade dat hierdie boek van hom goed geïllustreer moes word. Tydens 'n besoek aan Londen besoek hy 'n kunssuitstalling. Dit was hier waar hy 'n waterverfskildery van 'n koedoe te siene kry.

Die kunstenaar was Edmund Caldwell en Sir Percy FitzPatrick betaal hom om na Oos-Transvaal te kom om vertrouwd te raak met die Oos-Transvaalse landskap en diere om daarna sy boek te illustreer. Caldwell het die uitnodiging met vreugde aangeneem.

In Barberton is daar voor die stadsaal 'n standbeeld opgerig ter ere van die onvergeetlike Jock wat waarskynlik Suid-Afrika se bekendste hond is. Hierdie standbeeld is deur Ivan Mitford-Barberton van Kaapstad gemaak en goedgegunstig geskenk deur mev. Cecily Mackie-Niven, die dogter van wyle Sir Percy FitzPatrick. Tussen Barberton en Noord-Kaap is Jock se baken onder 'n doringboom langs die pad waar Jock en Sir Percy so dikwels gekampeer het.



Miskien moet hier ook verwys word na 'n ander verhaal wat met Jock verband hou. Dit was in 1936 dat Conrad Frederich Genal die mure van 'n hotel op Barberton asook die van 'n ander hotel naby Kaapmuiden beskilder het met tonele uit *Jock of the Bushveld*. Hy was in die vorige eeu 'n lid van die Franse Vreemdelinge Legioen. In 1890 besluit hy dat hy genoeg gehad het van die lewe in die Legioen. Terwyl hulle skip in die Suezkanaal is, spring hy oorboord en begin hy sy stap-tog suidwaarts vanuit



Die standbeeld van Jock in Barberton

Egipte. Al langs die Nylrivier stap hy tot hy uiteindelik Suid-Afrika bereik. Intussen bly hy aan die lewe deur friese te skilder van die omgewing waarin hy hom bevind en dit dan te verkoop. Tydens die Eerste Wêreldoorlog word hy as Duitser in Durban geïnterneer, maar hy slaag daarin om te ontsnap en sit sy swerwersbestaan voort. En so bevind hy hom in 1936 in Barberton om Jock en sy baas op sy besondere wyse te verewig. Genal is op 2 Junie 1939 in die ouderdom van 64 jaar in Durban na 'n asma-aanval oorlede.

Bronne geraadpleeg

1. *Afrikaanse Kinderensiklopedie*. 2de hersiene uitgawe. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1964.
2. Cartwright, A.P. *The first South African; the life and times of Sir Percy FitzPatrick*. Cape Town: Purnell, 1971.
3. Duminy, A.H. and W.R. Guest. *FitzPatrick: South African politician selected papers, 1888-1906*. Johannesburg: McGraw-Hill, 1976.
4. *Ensiklopedie van die wêreld*. Deel 4. Stellenbosch: Albertyn, 1973.
5. Heale, Jay. Suid-Afrikaanse kinderboeke in Engels, in *Doer-land-y*. (Kaapstad): Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum, 1986, p. 11-15.
6. Louw, A. The Percy FitzPatrick Award for Children's Books. *Suid-Afrikaanse Biblioteke*, 45(2): 67-71; Oktober 1977.
7. Niven, Cecily. *Recollections of Sir Percy FitzPatrick*. Johannesburg: SABC, 1961.
8. South African books for South African children. *SAIBI-Nuusbrief*, 1(3): 5; Maart 1981.
9. *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*. Volume 4. Cape Town: Nasou, 1971.
10. Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. *Jaarlikse konferensie 1969*. Potchefstroom: SABV, 1969.

11. Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. *Referate gelewer tydens die 25ste jaarlikse konferensie, Oos-Londen 1970*. Potchefstroom: SABV, 1970.
12. Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. *Referate gelewer tydens die nege-en-twintigste jaarlikse konferensie, Pietermaritzburg 1974*. Pietermaritzburg: SABV, 1974.
13. Wallis, J.P.R. *Fitz; the story of Sir Percy FitzPatrick*. London: Macmillan, 1955.

4.3 Poland, Marguerite (3 April 1950 –)

Mev. Marguerite Oosthuizen is as Marguerite Poland op 3 April 1950 in Johannesburg gebore. Nie lank daarna nie het die gesin na Port Elizabeth verhuis waar hulle op 'n landbouhoewe buite die stad woon. Hierdie omgewing het 'n blywende indruk op haar gelaat. Sy skryf: "It wasn't very beautiful or particularly wild, but it was surrounded by thick coastal vegetation in which lived the smaller, less appreciated animals of the bush — snakes, monkeys, bushbuck, duikers and porcupines. For me it was — and is — endlessly beautiful, and what I write is often a celebration of a childhood spent there."



(Foto: Ravan Press)

Die gesin het vir kort tydperke in Zimbabwe, toe nog Rhodesië, en in Johannesburg gewoon. Toe Marguerite dertien jaar oud was, het die gesin na die Oos-Kaap teruggekeer. Haar laer- en hoërskooljare bring sy deur by die St. Dominic Klooster in Walmer, Port Elizabeth, waar sy matrikuleer. Vanaf 1968 studeer sy aan die Universiteit Rhodes te Grahamstad. Aan die einde van 1970 behaal sy haar BA-graad met Xhosa en Sosiale Antropologie as haar hoofvakke.

Hierna gaan sy na die Universiteit van Stellenbosch ("romantic reasons I'm afraid — a law student") waar sy 'n honneursgraad in Xhosa behaal en ook 'n kursus in Sotho voltooi. In 1972 werk sy as etnoloog by die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad. Hier tussen die Boesmanuitstallings kry sy die geleentheid om veel van die kultuur van die inheemse volke te leer. Vir haar werk het sy baie navorsing oor Boesmans gedoen. Die legendes van die ywerige waarnemers van die natuurlewe het haar so bekoor dat sy talle van haar eie stories daarom geweef het. Daarby kruis haar paaie met die van Cora Coetzee wat ook in hierdie tyd daar werk as illustreerder van wetenskaplike publikasies. So ontstaan daar 'n hegte vriendskap tussen hierdie twee.

In 1973 tree sy in die huwelik met Martin Oosthuizen. Die egpaar verhuis na Durban waar hy sedertdien as prokureur praktiseer. In Durban werk Marguerite as navorsingsassistent by die Sentrum vir Toegepaste Sosiale Wetenskappe. Die verskeidenheid projekte waarby sy betrokke is bied aan

haar die geleentheid om besoek af te lê aan die Transkei, Zoeloeland en afgeleë dele van Natal. In 1975 word sy oorgeplaas na die Killie Campbell Africana-biblioteek. Vanaf die begin van 1976 studeer sy weer voltyds en wel vir 'n MA-graad oor Zoeloelegendes. Sedert Januarie 1977 toe haar eerste dogter gebore is, is sy voltyds ma en skryfster. Sedertdien het sy nog 'n dogter ryker geword.

Marguerite Poland is daarvan oortuig dat daar 'n behoefte bestaan aan inheemse verhale. Tot kort gelede is daar weinig Engelse kinderboeke in Suid-Afrika gepubliseer. Vir haar is dit belangrik dat kinders in Suid-Afrika hulle kan identifiseer met die karakters en agtergrond van haar verhale. Sy is 'n begaafde skryfster wat reeds verskeie kinderboeke asook een vir volwassenes gepubliseer het. Omdat haar verhale so eg Suid-Afrikaans is, het die meeste van hulle gelyktydig in Engels en Afrikaans verskyn.

Haar eerste boek, *The mantis and the moon*, verskyn in 1979. Leigh Voigt, 'n niggie van Marguerite, was vir die illustrasies verantwoordelik. Met hierdie werk slaag sy daarin om in 1980 bekroon te word met die Percy FitzPatrick-toekenning vir die beste Suid-Afrikaanse kinderboek in Engels. Wat hierdie prestasie soveel groter maak, is die feit dat hierdie toekenning wat agt jaar tevore deur die destydse Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging ingestel is, nou vir die eerste keer toegeken is. In dieselfde jaar verskyn ook *Die muis sonder snorbaard* met Cora Coetzee as die illustreerder. Vir hierdie illustrasies is Cora in 1980 met die Katrine Harries-toekenning bekroon. 'n Groot oomblik vir twee vriendinne.

Na haar groot prestasie het Marguerite nie stilgesit in haar woning in Kloof, buite Durban nie. Na enkele ander boeke, verskyn *The wood-ash stars* in 1983. Weer eens word Marguerite bekroon en daarby is dit ook die tweede keer dat die toekenning gemaak word.

Marguerite Poland is die skryfster van onder andere die volgende boeke:

The mantis and the moon: stories for the children of Africa. Johannesburg: Ravan, 1979.

Die muis sonder snorbaard. Kaapstad: Tafelberg, 1979.

Nqalu, the mouse with no whiskers. Cape Town: Tafelberg, 1980.

Die bidsprinkaan en die maan. Johannesburg: Ravan, 1980.

Once at KwaFubesi. Johannesburg: Ravan, 1981.

As die boerboonblomme val. Kaapstad: Tafelberg, 1982.

The bush shrike. Johannesburg: Ravan, 1982.

The fiery-necked nightjar. Johannesburg: Ravan, 1983.

The wood-ash stars. Cape Town: David Philip, 1983.

Die vuurkoolsterre. Kaapstad: Human & Rousseau, 1983.

Marcus and the boxing gloves. Cape Town: Tafelberg, 1984.

Marcus en die bokshandskoene. Kaapstad: Tafelberg, 1984.

The small clay bull. Cape Town: David Philip, 1986.

Die klein kleibulletjie. Kaapstad: Human & Rousseau, 1986.

Shadow of the wild hare. Cape Town: David Philip, 1986.

Train to Doringbult. London: Bodley Head, 1987.

Marcus and the go-kart. Cape Town: Tafelberg, 1988.

Marcus en die kaskar. Kaapstad: Tafelberg, 1988.

Bronne geraadpleeg

1. Ahrends, Ilse. The children's librarian in profile — Marguerite Poland. *Die Kaapse Bibliotekaris*, Februarie 1986, p. 11–12.
2. Moolman, Elretha. Elke diertjie sy plesiertjie in haar boeke. *Beeld*, 11 November 1980, p.12.
3. Percy FitzPatrick award. *SAIBI-Nuusbrief*, 10(4): 56; Oktober 1984.
4. Poland, Marguerite. Do local children still believe in pink elephants? *Sunday Times*, 14 March 1982, p.5.
5. Retief, Linda. Author's profile: Marguerite Poland. *Vrystaatse Biblioteke*, April-Junie 1987, p. 41–45.
6. South African books for South African children. *SAIBI-Nuusbrief*, 1(3): 5; Maart 1981.

☐ *Mantis is a great success*

When cousins Marguerite Poland and Leigh Voigt got together to put out an essentially African English children's book, they did not know it would be so successful that it would be translated into Afrikaans.

'The publishers took quite a chance in accepting the book, because there is such a small market for such books in South Africa', Mrs Poland said.

But in the first 11 days of issue, 1 100 copies were sold and the 3 600 copies printed are now nearly sold out. Ravan Press are about to have a reprint of the book, and the stories are being translated into Afrikaans.

Mrs Poland, who has a master's degree in Zululand, describes the stories as her own perception of Africa through a child's eyes.

She wrote the stories while her first child was having his 'afternoon snooze.'

All the tales are her own invention, although her background in African mythology and folklore from the reading and research she has done was an important influence.

The South African child, especially the English-speaking one who reads or hears the stories is put in touch with animals particular to Africa.

Unlike the tame English countryside most of us grew to identify with through the books we read as children, the descriptions of the veld and the animal sounds in *The Mantis* bring this land alive and magically immediate to the reader.



And while the animals are credited with human abilities and characteristics such as the otter Ntini and his flute, and Mbiba, the grey rat and his hunting bag — they are still very much part of their natural habitat.

The stories also serve an educational function by giving out many snippets of information about the habits of the various animals.

The illustrations show what the animals look like as well as portraying their emotions as related in the stories.

(Vicky Gunn, *The Argus*,
30 April 1980)

☐ Ooit gehoor van die avonture van Ntini, die ottertjie, of Mpungutye die jakkals? Of die verhaal

van 'n silwer-gespikkelde spookmot, of van Fudo en die Turksy-Strooptog?

Nee? Koop dan gerus die versameling kinder-verhale *Die bidsprinkaan en die maan* deur Marguerite Poland, onlangs uit Engels (*The mantis and the moon*) vertaal deur Mariesan Meiring.

The mantis and the moon het ook onlangs 'n rare prestasie ingepalm. Dis die eerste wenner van die Percy FitzPatrick-prys wat agt jaar gelede deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese ingestel is.

Ms. Poland vertel sy verkies om te skryf oor "die klein diere waarvan ons almal iets weet", eerder as oor leeus, olifante en dies meer. Haar verhale is gegrond op deeglike navorsing oor die diere se gewoontes en het hul kreatiewe bron in die volks-verhale van die swartmense.

"Hulle is 'n verbeeldingryke herskepping van die verhale, eerder as 'n woord-vir-woord vertelling," se ms. Poland. (Sy besit 'n MA-graad in sosiale antropologie met Zoeloe-volksverhale as haar spesialiteit.) "Ongelukkig is die swartmense se volks-verhale, wat hoofsaaklik mondelings oorgedra is, 'n tradisie wat uitsterf. Baie min is in druk opgeneem. Dat die tradisie kwyn, is verstaanbaar: in die moderne stadslewe is daar eintlik geen plek vir ou verhale nie."

Boonop is ms. Poland uiters lief vir haar diere. Oor die tjirp van 'n enkele voël sal sy 'n hele boek kan skryf, vertel sy. Sy kan die diere in haar verhaaltjies as volwaardige persoonlikhede visualiseer. Dáárom is die tekeninge in die boek realisties en verfynd uitgebeeld, eerder as eenvoudige kinder-tekeninge.

Maar by diere wil sy bly. Oor kinders sal sy nie maklik kan skryf nie. Die alledaagse lewe van 'n swart kind, byvoorbeeld, is buite die kennis van 'n wit skrywer, voel sy. Dit moet so, want hul werklikheid is anders. "Dis maklik om patroniserend te raak, om die pot mis te sit. Ek dink nie 'n wit skrywer sou iets kon skryf soos *The Story of Mboma* deur die skoolkind Mboma Dladla nie, wat rêrig iets vir die swartkind beteken."

Diere, voel sy, het 'n universele aantrekkingskrag vir alle kinders. "Maar dis verbasend," sê ms. Poland, "hoe min werklike Engelse Suid-Afrikaanse letterkunde daar vir kinders is. Ons moet altyd staatmaak op boeke soos *Winnie The Pooh* — ek was self as kind baie lief daarvoor."

Selfs as kind het ms. Poland die drang gehad om te skryf. "Joernalis is ek nou nie, en Engels was nie my sterkste vak nie, maar ek was altyd besig met die een of ander 'boek'. Hoe bloos ek vandag oor hulle! Ek het oor allerhande dinge geskryf waaroor 'n mens as kind nie die minste benul het nie."

Ms. Poland is getroud met twee klein kinders. Om iets skeppends met haar tyd te doen, het sy twee diereverhale geskryf, en hulle na Ravan-Pers toe gestuur. Die redakteur, Mike Kirkwood, het nog ses gevra. So is *The mantis and the moon* gebore. Op die oomblik werk ms. Poland aan nog 'n versameling verhale oor diere.

(William Pretorius, *Rapport*,
9 November 1980)


4.4 Poland, Marguerite (3 April 1950–)

Nadat Marguerite Poland in 1980 daarin geslaag het om die eerste persoon te word aan wie die Percy FitzPatrick-toekenning toegeken is, herhaal sy hierdie prestasie in 1984. Daarby is dit slegs die tweede keer dat hierdie toekenning gemaak is. Die bekroonde boek, *The wood-ash stars*, is ook in Afrikaans uitgegee. Die puik illustrasies in hierdie boek is deur Shanne Altshuler gedoen. Volledige biografiese besonderhede oor Marguerite Poland word in paragraaf 4.3 verstrek.

□ *The wood-ash stars* is an enchanting book. Its uniqueness lies in the fact that the four short stories it contains are not traditional folk tales. Marguerite Poland has, by some magic, absorbed the "feel" of the story-telling tradition of four different Southern African peoples, so that these original stories have the ring of authenticity. The title story, "The wood-ash stars", is in the style of the San (Bushman) culture. It is an account of the creation of the Milky Way — the thousands of little stars are, "the old ones say ... really a handful of wood-ash glowing in the dark. For once a young San girl named Xama threw the embers of her fire into the sky to light the way for Gau the hunter, lost out in the desert wastes in the darkness of the night." Such is the lyrical quality of the writing in this tender story of love and fear and suffering.

"The Tale of Nombulelo" from the Xhosa tradition is apparently more sinister. A disobedient child is lost in the hills and meets a strange old woman who sets her to grind mealies. However hard she works, there are more and more cobs left in the basket. After she falls asleep she is found alone by her worried family, but the quiet laughter of the old woman follows her home, not menacing now but revealed, surely, as a caring guardian teaching a lesson that will be remembered. The third story, "Tobane and the Watermelon", is Tsongan. In contrast to the first two this is a lively comic tale about a group of boys who try to outwit grumpy old MaMewewe, the diviner's wife. Trick and countertrick culminate in a splendid compromise, with everyone happy and knowing, but not admitting to knowing, exactly what everyone else has been up to. "Child of the Doves", set in Zululand, is the gentle final story, where beautiful Fikile, the most beloved wife of the headman, unable to bear a child, miraculously receives a baby daughter from two magical wood doves.

Throughout the book the illustrations by Shanne Altshuler delight the eye and contribute to the pleasure of the reader. They use warm, earthy colours and stylized lines and shading to bring the characters in the stories, and their settings, to life. I do not hesitate to recommend *The wood-*



ash stars to anyone from around eight years old who responds to the magic of folk tales.

(Wendy Claridge, *The African Book Publishing Record*, 10(2); 1984)

□ *Pure gold in the wood-ash stars*

Striking gold in South Africa is an old story! But among South African stories one doesn't strike gold so often.

The wood-ash stars can be regarded as a nugget of purest value. None of your wishy-washy aluvial stuff either.

Author, artist and designer have combined to create a book that is wholly indigenous, yet can hold its own on the highest international standards.

Marguerite Poland's new book combines two of her greatest strengths: her accurate knowledge of African folktale, and her ability to paint accurate word-pictures of real people in action.

For though the folk in these stories are mingled with magic, they remain totally credible as people.

The conversation rings true, the reactions are genuine and the fun is warm and compassionate.

The wood-ash stars contains four little stories, each set in a different slice of South Africa, and each a subtly different type of story.

And let me hastily assure you that these are no rehashed versions of dredged-up old fables ... they are brand-new stories, fashioned with extreme skill.

The title story is a Bushman hunting tale, created around the charming idea that the Milky Way was made by embers of a wood-ash fire flung high into the sky, and the final tale is set in Zululand.

In this one the perceptive reader will find the whole mystery of motherhood, echoed cleverly in the superb illustrations.

Many will want this book for the illustrations alone. They combine a totally accurate knowledge of the different African settings with the ability to select relevant detail and arrange it in stunning fashion.

East London artist, Shanne Altshuler captures the mood and the flavour of Africa in these works of art.

We, as adults, can appreciate the skill; our children will imbibe that skill as they explore the details of the costumes, the birds and the creatures, the whole way of life.

Read these stories to your younger children, and allow your older ones a copy to treasure as their own. The book is magic and each story contains a different sort of magic.

There is the magic of love between a boy and girl, the magic created by childhood fears, the magic of mischief, and the magic of motherhood.

But the gold is not fairy gold. It is of lasting value and top quality.

(Jay Heale, *Sunday Times*,
23 October 1983)

4.5 Beake, Lesley (1 September 1949–)

Lesley Beake is op 1 September 1949 in Edinburgh, Skotland, gebore as die oudste kind van Jim en Sheila Dewar waar haar vader 'n vloot-argitek en bootbouer was. Sy het ook 'n jonger broer en suster.

Haar skoolloopbaan begin sy in 1954 by die Primêre Skool Juniper Green in Edinburgh. Sy voltooi haar skoolloopbaan in 1965 aan die George Watson's Ladies' College, Edinburgh, waaraan sy vanaf 1959 verbonde was. Aan die einde van 1965 emigreer die gesin eers na Knysna waar hulle vir agtien maande woonagtig is en daarna na Kaapstad. Terwyl die gesin in Knysna woonagtig was, gaan Lesley Beake in 1966 na die Universiteit Rhodes in Grahamstad met die oog op 'n onderwysloopbaan. Aan die einde van 1969 voltooi sy haar studies toe sy die Hoër Primêre Onderwysdiploma behaal. In 1970 en 1971 sit sy haar studies deelyds aan die Universiteit van Suid-Afrika voort.



(Foto: Maskew Miller Longman)

In 1970 word sy aangestel as onderwyseres aan die Hoërskool Adelaide in die Oos-Kaap waar sy Kuns aan al die klasse onderrig. Die volgende twee jaar gee sy onderwys aan die Hoërskool Butterworth, Transkei, as klasonderwyseres vir standers 2, 3 en 4. Vanaf die begin van 1973 bevind sy haar vir die volgende drie jaar in die Wes-Kaap en wel aan die Laerskool Huguenot in Wellington waar sy klasonderwyseres is vir standers 2 en 3 en Kuns onderrig aan al die klasse. Hierna gaan sy vir ses jaar na Natal, eers as waarnemende departementshoof vir Wiskunde aan die Laerskool Dannhauser vanaf 1975 tot 1976 en dan as waarnemende departementshoof vir Engels aan die Laerskool Southlands in Durban vanaf 1977 tot 1978. Die laaste twee jaar in Natal bring sy deur aan die Hoërskool King Edward, Matatiele, in Oos-Griekwaland. In hierdie tyd ontvang sy ook 'n merietetoekening van die Natalse Onderwysdepartement.

Tydens haar verblyf in Matatiele het sy haar eggenoot, Gerry Beake, ontmoet wat ook daar werk-saam was. Hulle is in 1980 getroud. Kort na hulle troue vertrek hulle na die buiteland waar hulle vir nege maande deur Europa en Engeland toer. Hierna vestig hulle tydelik in Oxford terwyl Gerry vir jaar aan 'n kollege studeer. Hier leer Lesley veel van binnenshuiseversiering terwyl sy werk-saam is as winkelassistente by die firma Laura Ashley in Oxford. In 1982 en 1983 woon die gesin in Qatar in die Midde-Ooste waar Gerry verbonde is aan 'n Britse ingenieursfirma. In teenstelling met die situasie in Engeland was hier heelwat onderwysgeleenthede vir Lesley. Hier het sy aktief betrokke geraak by volwasse-onderwys veral sover dit die onderrig van Engels as tweede taal betref.

In 1984 keer hulle terug na Suid-Afrika en vestig hulle in Houtbaai. Dit was ook die jaar waarin Lesley begin het om te skryf. Daarbenewens begin sy 'n met navorsingsagentskap met die doel om inligting te voorsien aan onder andere advertensieagentskappe, filmmakers en skrywers. Heelwat genealogiese navorsing word ook deur die agentskap gedoen. Die sukses en omvang van die onderne-ming het later die aanstelling van vryskut navorsers op 'n deelydse basis genoodsaak. In 1988 het 'n vennoot haar by Lesley aangesluit wat tans in beheer is van die agentskap na die verhuising van Lesley na Namibië in Mei 1989.

Lesley Beake het haar skrywersloopbaan in 1984 begin met *Rainbow* wat eers in 1989 gepubliseer is. In 1987 verskyn *The Strollers* waarmee sy Maskew Miller Longman se "Young Africa Award" vir 1987 verower. In September 1988 ontvang sy ook die Percy FitzPatrick-toekening van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese vir hierdie boek. Daarna ontvang sy die derde prys in die volgende "Young Africa Award" kompetisie vir *Traveller*. In die 1989 kompetisie vir die "Young Africa Award" behaal sy tweede plek met *A cageful of butterflies*. In September 1990 ontvang sy weer eens die Percy FitzPatrick-toekening vir *A cageful of butterflies*. Verdere publikasies kan in die toekoms verwag word.

Benewens die gemelde toekennings wat sy ontvang het, het sy ook twee ander toekennings in 1989 ontvang, naamlik die "Cosmopolitan Oscar Award for a woman of achievement" en die "J&B Rare achievers Award for outstanding achievement in the field of Literature".

Lesley Beake is die skryfster van onder andere die volgende boeke:

Detained at Her Majesty's pleasure. Cape Town: Tafelberg, 1986.

The Strollers. Cape Town: Maskew Miller Longman, 1987.

Rainbow. Cape Town: Maskew Miller Longman, 1989.

Traveller. Cape Town: Maskew Miller Longman, 1989.

Merino. Cape Town: Maskew Miller Longman, 1989.

A cageful of butterflies. Cape Town: Maskew Miller Longman, 1989.


□ *The Strollers* is a remarkable book. It won the MML Young Africa Award in 1987, but it is a book for serious adults as well. Lesley Beake continues in the tradition of other South African chroniclers of the lives of the dispossessed. Like Alex La Guma she sees the faces of the faceless and hears the voices of those who suffer in silence.

The Strollers are children who live in the streets. The setting is Cape Town. We meet twelve year old Johnny Xhashan who dreams of playing the saxophone like his friend Blue; we meet Mesana, the child with the instincts of a woman, who is skilled at booming (begging) and ten year old Abel Blou who loves films and video games. And there is little Finkie whose constant coughing announces a grave illness. The strollers must beware of police raids, gangs of young criminals and other armies of violence. They must always be on guard.

What makes the novel so alive is the vitality of the characters and Lesley Beake's affection for them. She understands them. Johnny, for instance, wanted to go to school; but there were too many students for each overworked teacher, and there was no personal encouragement either in the classroom or at home. Boredom and disappointment replaced anticipation and curiosity. He left school and left his mother, a prisoner of poverty and daily drudgery. He chose life as a stroller.

The story reveals a serious problem in many societies. After all the suffering of children is not a new theme. In Europe Blake and Dostoevski spoke out against their societies that permitted children to struggle like rats in order to survive. But *The Strollers* is a specifically South African story. The landscapes and repeated phrases in Afrikaans speak of a world Lesley Beake knows. She does not lecture the reader, nor is she sentimental. She holds the mirror up to her society, letting us smell, taste and witness the atmosphere of the strollers. And this is not a story without a certain joy, for the children look out for each other and find occasional allies in the adult world. Lesley Beake's song of both innocence and experience is recommended for library collections.

(Donald Burness, *The African Book Publishing Record*, vol. 14(3); 1988)



□ This outstanding book for everyone 11 or older was the prize-winning contribution to the Maskew Miller Longman Young Africa writing competition.

Based on the author's own observations and research, as well as on academic research into the socio-economic conditions of the street children of Cape Town, the book explores the lives and adventures of a group of 'strollers', as seen through the eyes of a young boy from the Flats called Johnny.

Johnny, who is beaten at home, and caned and humiliated at school, rejects the harshness and deprivation of his home life and joins a group of street children, led by his friend, Abel. At first Johnny enjoys the freedom of life away from home and school, as well as the support and protection that the 'family' of children provides.

Gradually, however, the independence and well-being of the children is threatened by the police, by the older 'bergies', by hunger, lack of shelter and illness. Although this is essentially a children's book, its writer has not glossed over the violence and pain of the children's lives, or the way in which they seek escape through sniffing glue and petrol.

All is not bleakness and gloom, however, and there are moments of delightful humour and so-

me delicious and affectionate descriptions of Abraham, the dreaded member of the Spider Man gang, who is also a foppishly overdressed comic figure, and very gentle at heart.

Lesley Beake's grasp of the texture and flavour of the language and wry humour of the street people, old and young, is very sure. Although they have been discarded by society, she invests them

with dignity and humanity, and weaves their impoverished lives into a story that is moving without being sentimental.

The book aims, and succeeds, at both raising the level of social awareness of the reader and telling an entertaining and absorbing story.

(Evan Aupaiais, *Fair Lady*,
2 March 1988)


4.6 Beake, Lesley (1 September 1949–)

Tydens die jaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese in September 1990, is die Percy FitzPatrick-toekenning vir die tweede keer aan Lesley Beake toegeken. Hierdie keer was dit vir haar boek *A cageful of butterflies*. Volledige biografiese besonderhede oor Lesley Beake word in paragraaf 4.5 verstrekk.

□ *A cageful of butterflies*

Mponyane is a Zulu boy who is deaf and dumb, yet creates a close friendship with Frank, the farmer's son, for whom he is to be "umtalaan" (companion). But Frank has his problems too — his father is in prison (unjustly, it turns out) and there is a bully boy, Koos, who is just as troubled inside. Mix that together with poverty, drought (on a northern Natal farm) and a mother trying to hold the family together — and you have quite a situation. There's a story, too, but as it's told from the many different points of view, it's a bit hard to follow. It's polished, clever writing — brilliantly perceptive of the world of a boy who can neither hear nor speak — but it's not easy reading for young readers.

Yet it is one of our first young novels about a handicapped child — and certainly the first I know of a handicapped black child. Compassionate, exciting (at the end), bitter, blunt: it's a slice of real



life that can be so intensified on a farm where the interplay of characters can grate so harshly.

(Janine Clatworthy, *Ongepubliseer*)

□ The beautifully-written novel *A cageful of butterflies* explores the relationship between Frank, a seven-year-old, and Mponyane, who is some years older and totally deaf. The story is set in northern Natal and opens with Mponyane's grandfather bringing the boy to the Saunderson family. Mr Saunderson is currently serving a jail sentence for a crime he did not commit, leaving his wife and two children struggling to survive on a drought-stricken farm.

The limitations imposed on Mponyane by his deafness are never quite transcended, but it is in his caring relationship with Frank that Mponyane attains a sense of achievement and fulfilment. This is reciprocated by Frank's total acceptance of Mponyane's central position in his life and their ability to communicate without sound.



The book is most successful where it describes Mponyane's inner life. Because of his deafness he has developed an extraordinary sensitivity to his surroundings.

There is a beautiful lyrical quality to much of the writing which makes this a special book indeed.

(Judith Kalk, *Weekly Mail*,
27 April 1990)

Hoofstuk

VYF



Die Katrine Harries-
toekenning vir
Kinderboek-
illustrasies

5.1 Die ontstaan van die Katrine Harries-toekenning

Die Katrine Harries-toekenning vir Kinderboekillustrasies vind sy ontstaan in die instelling van die C.P. Hoogenhout-toekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek in 1960 deur die destydse Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging (SABV). Laasgenoemde toekenning het veral ten doel die bevordering van die Afrikaanse kinderboek van hoë gehalte. Die norme vir Afrikaanse kinderboeke was dan ook so geformuleer dat nie net die skrywer daarvan nie maar ook die illustreerder in aanmerking gekom het vir die toekenning. Hierdie norme is in hoofstuk 2 by die bespreking van die C.P. Hoogenhout-toekenning breedvoerig uiteengesit.

Die bekroning van illustreerders saam met skrywers het voortgeduur tot 1970. In daardie jaar het daar by die SABV 'n behoefte ontstaan om 'n afsonderlike toekenning vir illustreerders in te stel. Tydens die jaarlikse konferensie van hierdie liggaam in 1973 is die *SABV-toekenning vir Suid-Afrikaanse Kinderboekillustrasies* ingestel sodat die C.P. Hoogenhout-toekenning vanaf 1974 slegs aan outeurs toegeken word. In 1977 is die toekenning vernoem na Katrine Harries en staan dit sedertdien bekend as die Katrine Harries-toekenning vir Kinderboekillustrasies.

Gedurende die periode toe illustreerders in aanmerking gekom het vir die C.P. Hoogenhout-toekenning, het Katrine Harries by twee geleenthede die toekenning saam met die outeurs ontvang. Die eerste geleentheid was toe sy en F. du Plessis die toekenning ontvang het vir *Rympieboek vir kinders* wat in 1963 by Tafelberg-Uitgewers verskyn het. *Die mooiste Afrikaanse sprokies* deur P.W. Grobbelaar, uitgegee deur Human & Rousseau in 1968, is ook deur haar geïllustreer en hiervoor tesame met die outeur het sy weer eens die toekenning ontvang. By twee ander geleenthede het slegs die illustreerder die C.P. Hoogenhout-toekenning ontvang. In beide gevalle was die illustreerder Günther Komnick. Daarby is die toekenning in laasgenoemde geval in twee agtereenvolgende jare, 1966 en 1967, gemaak. Beide boeke is geskryf deur Freda Linde en albei is uitgegee deur John Malherbe. Die eerste was *Botter-aas* en die tweede *Die stadsmusikante*.

Dit was Katrine Harries beskore om die enigste illustreerder te wees wat die toekenning bekend as die SABV-toekenning vir Suid-Afrikaanse Kinderboekillustrasies te kon ontvang en wel beide kere wat hierdie toekenning gemaak is, naamlik vir 1974 en 1976. Geen toekenning is in 1975 gemaak nie. Vanaf 1977 dra die toekenning haar naam en is dit sedertdien deur Ann Walton, Cora Coetzee, Adriaan van Zyl, Alida Bothma, Niki Daly en Jeremy Grimsdell verwerf.

Soos in die geval van die C.P. Hoogenhout-toekenning is die Komitee vir Kinderboeke van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese (die opvolger van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging) verantwoordelik vir die keuring en aanbeveling van die wenner wat deur die Raad van laasgenoemde liggaam aangewys word. Die toekenning aan die illustreerder van die bekroonde werk bestaan uit 'n goue medalje soortgelyk aan die medalje vir die C.P. Hoogenhout-toekenning. Slegs die bewoording verskil. Die toekenning vir 1980 was die laaste wat op jaarlikse grondslag gemaak is. Die toekenning word sedertdien tweejaarliks gemaak ten opsigte van die produksie van die voorafgaande twee jaar.

Die volgende toekennings is sedert die instelling van die Katrine Harries-toekenning gemaak:

- 1974 Katrine Harries as die illustreerder van *Rympies vir kleuters* deur Leon Rousseau. Kaapstad: Human & Rousseau, 1974.
- 1975 Geen toekenning nie.
- 1976 Katrine Harries as die illustreerder van *Herelandgoed* deur Leon Rousseau. Kaapstad: Human & Rousseau, 1976.
- 1977 Geen toekenning nie.
- 1978 Geen toekenning nie.
- 1979 Cora Coetzee as die illustreerder van *Die muis sonder snorbaard* deur Marguerite Poland. Kaapstad: Tafelberg, 1979; asook as die illustreerder van die verhaal "Oupa Kyken" deur Alba Bouwer in *Storiehuis, woordpaleis* saamgestel deur die Instituut vir Navorsing in Kinder- en Jeuglektuur. Kaapstad: Tafelberg, 1979.
- 1980 Ann Walton as die illustreerder van *Sy wat die soen op haar voorkop dra* deur Hester Heese. Pretoria: Qualitas, 1980.
- 1981 – 1982 Adriaan van Zyl as die illustreerder van *Kobus het 'n blom* deur Hester Heese. Pretoria: Qualitas, 1982.
- 1983 – 1984 Alida Bothma as die illustreerder van *Al Everest se voëls* deur Rona Rupert. Kaapstad: Tafelberg, 1985; asook as die illustreerder van *Die aarde moet vry wees* deur Pieter W. Grobbelaar. Pretoria: Daan Retief, 1984.
- 1985 – 1986 Niki Daly as die illustreerder van *Not so fast, Songololo* deur Niki Daly. Cape Town: Human & Rousseau, 1985.
- 1987 – 1988 Jeremy Grimsdell as die illustreerder van *Lank lewe Leeuhart* en *Moesan Muis* deur Pieter W. Grobbelaar. Pretoria: Daan Retief, 1987 en 1988 onderskeidelik.

Bronne geraadpleeg

1. Bedford, Emma. Geïllustreerde kinderboeke in Suid-Afrika, in *Doer-land-y*. (Kaapstad): SA Nasionale Kunsmuseum, 1986, p. 20–27.

5.2 Harries, Katarine Friderike (23 November 1914 – 24 Februarie 1978)



(Foto: Nasionale Koerante)

Daar is nou reeds herhaaldelik na Katrine Harries verwys. Reeds ten tye van die instelling van die afsonderlike toekenning vir kinderboekillustrasies was daar 'n behoefte en begeerte om die toekenning na haar te vernoem. Alleen maar die feit dat die bestaande twee toekennings, die C.P. Hoogenhout-toekenning en die Percy FitzPatrick-toekenning, na reeds oorlede persone vernoem is, het die Raad van die destydse Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging laat besluit om nie haar naam op daardie stadium aan die toekenning te verbind nie. Kort voor haar oorlye, terwyl sy dit nog self kon meemaak, is daar egter besluit om die toekenning na haar te vernoem.

Wie was Katrine Harries? Katarine Friderike Harries was 'n Duitse meisie wat ons land, Suid-Afrika, kom verryk het met haar talente. Sy is op 23 November 1914 in Schmargendorf, 'n westelike voorstad van Berlyn in Duitsland, gebore. Dit was kort na die begin van die Eerste Wêreldoorlog in Augustus 1914. Haar 27-jarige vader, Robert Harries, het twee weke voor haar geboorte aan die gevegsfront in Frankryk gesneeu. Haar ouers was albei kunstenaars. Haar moeder, Eva Salinger, wat van Joodse afkoms was, het aan die Königliche Kunstgewerbeschule in Berlyn gestudeer en dit is ook waar sy Robert Harries ontmoet het.

Reeds op vroeë ouderdom blyk dit dat Katrine die kunstalente van haar ouers geërf het. Sy was veral lief om nadat sy 'n boek gelees het, prentjies te teken wat by die verhaal pas. Op 16-jarige leeftyd is sy toegelaat tot 'n voorbereidende kunsskool, die Studie-Ateliers für Malerei und Plastik. Vanaf 1933 tot 1938 sit sy haar studies voort aan die Verenigde Staatsschulen für Freie und Angewandte Kunst, Berlyn-Charlottenburg.

In die beginjare van die Hitler-regime het Katrine en haar weduwee-moeder nie veel gehad om oor bekommerd te wees nie. Sy was die dogter van 'n Duitse soldaat wat in die Eerste Wêreldoorlog gesneeu het, terwyl haar moeder, hoewel van Joodse afkoms, reeds op 'n jeugdige leeftyd die Protestantse geloof aangeneem het. In 1936 emigreer haar moeder se broer en sy eggenote na Suid-Afrika en aan die begin van 1938 volg die grootmoeder van Katrine asook haar moeder se suster en haar man hulle na Suid-Afrika. By beide geleenthede is Katrine en haar moeder genooi om saam te gaan maar elke keer is die uitnodiging van die hand gewys. Teen die einde van 1938 het Katrine haar kunsonderrig voltooi. Omstandighede in Duitsland het toenemend ongunstig vir persone van Joodse herkoms geword. In die middel van 1939 volg sy en haar moeder die voorbeeld van die ander lede van hul familie en verlaat Duitsland om hulle ook in Suid-Afrika te vestig.

'n Verandering soos hierdie is nooit maklik nie. Gelukkig het hulle familie in Kaapstad en woon sy en haar moeder die eerste jaar by haar oom en tante in Oranjezicht. In hierdie tyd ontwerp sy reklamekaarte. Hierdie sporadiese illustrasiewerk was egter nie voldoende nie. In Augustus 1940 slaag sy daarin om 'n voltydse betrekking te bekom by 'n firma wat versierde stinkhout-ornamente en borsspelde vervaardig. Vir die volgende vyf jaar verdien sy haar inkomste deur Suid-Afrikaanse blomme en inheemse Bantoemotiewe te skilder. Hoewel hierdie werk suiwer sleurwerk was, was sy nietemin verseker van 'n vaste inkomste en het dit haar in staat gestel om na 'n woonstel in Vredehoek te verhuis waar sy en haar moeder kon woon.

Intussen het Katrine verskeie mense in Kaapstad leer ken en het hulle ook bewus geraak van haar kunstalent. Tussendeur kry sy opdragte om illustrasies vir tydskrifte soos onder andere *Die Jongspan* te doen. In 1940 illustreer sy haar eerste kinderboek. Dit was veral deur bemiddeling van die kunskritikus Bernard Lewis dat sy werk as illustreerder vir Nasionale Pers se boeke en weekblaaie, *Die Huisgenoot* en *Sarie Marais*, gekry het. In Februarie 1943 stel sy vir die eerste maal en daarby saam met Jean Welz en Bruce Franck, haar werk in die Argus-kunssaal ten toon.

Teen die einde van die Tweede Wereldoorlog het die aanvraag na stinkhout-ornamente sterk gedaal en Katrine was genoodsaak om elders werk te vind. Gelukkig ontmoet sy in hierdie tyd Julian Rollnick van The African Bookman, 'n persoon wat veral geïnteresseerd was in die uitgee van boeke van hoogstaande tipografiese gehalte. Sy begin gevolglik om illustrasies vir verskillende boeke te doen, onder andere vir 'n Engelse kinderboek, *Kana and his dog*. Was dit nie vir haar pragtige illustrasies nie, sou hierdie boek van slegs vyftien bladsye waarskynlik ongemerk verby gegaan het.

Vanaf 1948 werk Katrine as illustreerder hoofsaaklik vir Nasionale Pers en sy filiaalmaatskappye. Sy illustreer vanaf 1949 tot 1954 uitsluitlik verhale in tydskrifte asook stofomslae van boeke. Eers vanaf 1955 verskyn daar weer boeke waarin sy vir die illustrasies verantwoordelik was.

In die begin van 1950 word Katrine Harries aangestel as deeltydse lektrese aan die Michaelis-kunsskool van die Universiteit van Kaapstad. Daar het sy 'n departement van grafiese kuns en later 'n kursus in tipografie begin. In 1960 is sy as voltydse lektrese en in 1970 as senior lektrese aangestel. Hier het sy gewerk tot aan die einde van 1977 toe sy weens swak gesondheid genoodsaak was om vroegtydig af te tree. Op 24 Februarie 1978 is sy oorlede.

Oor 'n tydperk van 36 jaar het Katrine Harries meer as sestig boeke geïllustreer waarvan die meeste in Afrikaans geskryf is. Daarby was die meeste hiervan weer kinderboeke. Oor Katrine Harries en haar werk skryf Hans Fransen van die Suid-Afrikaanse Kunsmuseum by geleentheid soos volg:

Die hele vier dekades van haar artistieke loopbaan lank het Katrine Harries rustig gewerk aan haar doerwerk en aan haar boekillustrasies, etse, lito's en krytportrette; haar onderwerpe intiem en beskeie, haar styl selde eksperimenteel en nooit opvallend nie. Maar ná haar dood vroeg hierdie jaar het 'n terugblik op haar werk 'n mens laat besef dat hierdie teruggetrokke vrou lank een van Kaapstad se mees konstante en bekwame kunstenaars was.

As 'n illustratrise is haar vrugbare oeuvre waarskynlik ongeëwenaard in Suid-Afrika en het dit aansienlik bygedra tot die gehalte van die plaaslike boekontwerp. As portrettis toon sy 'n diepe insig in die persoonlikhede van haar onderwerpe, en bly haar onteenseglike tekentalente altyd op die tweede vlak. As grafikus het sy die moontlikhede van verskeie mediums goed verstaan, en hoewel sy self nie juis in eksperimente belanggestel het nie het sy deurgaans daarin geslaag om daardie begrip en haar eerbied vir die plaat en die steen aan jaar na jaar se grafiese kunsstudente by Michaelis oor te dra.

Katrine Harries het ruim erkenning gekry vir haar bydrae tot die standaard van boekontwerp in Suid-Afrika. Reeds in 1952 ontvang sy die Kaapse Drie-eeuvestigting se toekenning van verdienste vir litografie. Vir haar puik illustrasies in *Rympieboek vir kinders* en *Die mooiste Afrikaanse sprokies* ontvang sy die C.P. Hoogenhout-toekenning vir 1963 en 1968 onderskeidelik. Twee keer ontvang

sy die SABV-toekenning vir Suid-Afrikaanse Kinderboekillustrasies, eers vir haar illustrasies in *Rympies vir kleuters* (1974) en daarna *Herelandgoed* (1976). Juis as gevolg van die feit dat diegene wat ná aan haar geleef het in 1977 bewus geraak het van die erns van haar gesondheidstoestand, het die SABV besluit om laasgenoemde toekenning na haar te vernoem ter erkenning van haar belangrike bydrae op die gebied van kinderboekillustrasies. Haar gesondheid was reeds so swak dat sy die funksie wat hiervoor vir 11 November 1977 gereël is nie kon bywoon nie. 'n Bietjie meer as drie maande later op 24 Februarie 1978 is sy oorlede.

In 1973 is sy ook deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer met die Ere-medalje vir grafiese kuns. Twee boeke deur haar geïllustreer is in 1961 en 1969 deur die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging genomineer as van die bes-ontwerpte Suid-Afrikaanse boeke van die jaar.

Die volgende boeke, in chronologiese volgorde, is almal deur Katrine Harries geïllustreer. Ongeveer dertig boeke waarvan sy alleenlik vir die stofomslae verantwoordelik was, is nie by hierdie lys ingesluit nie.

Collodi, Carlo. *Die avonture van Pinokkio*. Geoutoriseerde vertaling deur Marie Malherbe. Tweede druk. Kaapstad: Nasionale Pers, 1940. (Die eerste uitgawe, gepubliseer in 1937, bevat die oorspronklike Italiaanse kleurplate.)

Pauw, Rene. *Die kindertjies luister*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1942.

Konig, Juliet. *Fugitive child*. Johannesburg: South African Jewish War Appeal, 1945.

Roux, E.R. & Lerner, L.D. *AB adult readers*, book one—book four. Cape Town: The African Bookman, 1945.

Hertslet, Jessie. *Kana and his dog*. Cape Town: The African Bookman, 1946.

Middlemiss, Ernest. *Cape country*. Cape Town: The African Bookman, 1946.

Roux, Edward. *The veld and the future*. Cape Town: The African Bookman, 1946.

Cervantes Saavedra, Miguel de. *The ingenious knight Don Quixote de la Mancha pays a visit to a printing office in Barcelona*. Johannesburg: The Imprint Society, 1947.

Le Roux, N.J. *Op die bergtop*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1948.

Rosenthal, Eric. *The South African Saturday book*. London: Hutchinson, 1948.

Salinger, J. *Die storie van die slapende Hansie en die storie van Truitjie die dromer*. Uit die Duits vertaal deur Anna Louw. Kaapstad: Nasionale Pers, 1948.

Blignault, Audrey. *In klein maat*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1955.

Bouwer, Alba. *Stories van Rivierplaas*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1955.

Postma, Minnie. *Ek en my bediende*. Kaapstad: Balkema, 1955.

Die Uniale Raad vir Volksang en Volkspele. *Ons eie volkspele*. 1955.

Bouwer, Alba. *Nuwe stories van Rivierplaas*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1956.

Postma, Minnie. *Lettie Bock kom kuier*. Kaapstad: Balkema, 1956.

Blignault, Audrey. *Die vrolike lied*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1957.

Gerber, Hilda. *Traditional cookery of the Cape Malays*. Cape Town: Balkema, 1957.

Postma, Minnie. *Tot siens Talettie*. Kaapstad: Balkema, 1957.

Bouwer, Alba. *Abdoltjie*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1958.

Marais, Eugène. *Dwaalstories*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1959.

- Postma, Minnie. *Alweer my bediendes*. Pretoria: Van Schaik, 1959.
- Pretorius, Gert. *Boetatjie*. Kaapstad: Culemborg, 1959.
- Datei. *Ure met horings*. Kaapstad: Tafelberg, 1960.
- De Villiers, Mavis. *Tuisbly se karretjie*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1960.
- M.E.R. *Die tweeling trek saam*. Kaapstad: Tafelberg, 1960.
- Bouwer, Alba. *Katrientjie van Keerweder*. Kaapstad: Tafelberg, 1961.
- De Klerk, Hélène. *Bontgesiggie*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1961.
- Blignault, Audrey. *Met ligter tred*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1962.
- Collodi, Carlo. *Die avonture van Pinokkio*. Geoutoriseerde vertaling deur Marie Malherbe. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1962. (Hersiene uitgawe met nuwe illustrasies.)
- Bouwer, Alba. *Stories van Bergplaas*. Kaapstad: Tafelberg, 1963.
- Du Plessis, Francois. *Rympieboek vir kinders*. Kaapstad: Tafelberg, 1963.
- Datei. *Ure vol seesand*. Kaapstad: Tafelberg, 1964.
- Blignault, Audrey. *Die blye dae*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1965.
- Goethe, J.W. *Die leerling-towenaar*. Vertel deur Alba Bouwer na die klassieke verhaal van Goethe. Kaapstad: Tafelberg, 1965.
- Irving, Washington. *Rip van Winkel*. Vertel deur Alba Bouwer na die ou verhaal van Washington Irving. Kaapstad: Tafelberg, 1965.
- Mikro. *Die witperd van Tan Fienie*. Pretoria: Van Schaik, 1965.
- Bouwer, Alba. *Dirkie van Driekuul*. Kaapstad: Tafelberg, 1966.
- Brand, Marta. *Die towenaar se blou doek*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1966.
- Louw, N.P. van Wyk. *Raka*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1966.
- Van der Merwe, Elizabeth & Du Raan, Anna. *Die kleuterstorieboek*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1966.
- Hok, otjie, hok!*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1966.
- Du Raan, Anna. *Lammetjie in die trommeltjie*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1967.
- Opperman, D.J. *Kinderkeur uit A.G. Visser*. Pretoria: Van Schaik, 1967.
- Grobbelaar, Pieter W. *Die mooiste Afrikaanse sprokies*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1968.
- Blignault, Audrey & Bouwer, Alba. *Goedgeluk. Verjaardagalbum*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1969.
- Grobbelaar, Pieter W. *Klaas luiwaard, en ander Afrikaanse sprokies*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1969.
- Grobbelaar, Pieter W. *Wolf en jakkals in die lang pad, en ander Afrikaanse sprokies*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1969.
- Grobbelaar, Pieter W. *Die gawe van die eenhoring, en ander Afrikaanse sprokies*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1970.
- Grobbelaar, Pieter W. *Die gekroonde slang, en ander Afrikaanse sprokies*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1970.
- Grobbelaar, Pieter W. *Hasie musikant, en ander Afrikaanse sprokies*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1970.
- Grobbelaar, Pieter W. *Die lui skoenmaker, en ander Afrikaanse sprokies*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1970.

- Grobbelaar, Pieter W. *Die riviermeisie, en ander Afrikaanse sprokies*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1970.
- Grobbelaar, Pieter W. *Die sonseuns, en ander Afrikaanse sprokies*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1970.
- Bouwer, Alba. *'n Hennetjie met kuikens*. Kaapstad: Tafelberg, 1971.
- Grobbelaar, Pieter W. *Die dokter wat dieretaal kon praat*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
- Grobbelaar, Pieter W. *Ouvrou Rooimus, en ander Afrikaanse sprokies*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
- Rousseau, Leon. *Rympies vir kleuters*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1974.
- Rousseau, Leon. *Herelandgoed*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1976.

Bronne geraadpleeg

1. Bedford, Emma. Geïllustreerde kinderboeke in Suid-Afrika, in *Doer-land-y*. (Kaapstad): SA Nasionale Kunsmuseum, 1986, p. 20–27.
2. Harmsen, Frieda. Katrine Harries. *Lantern*, 20(2): 22–28; Desember 1970.
3. *Katrine Harries, 1914–1978*, word ten toon gestel te Kaapstad, Pretoria, Durban, Johannesburg. [s.p.] SA Nasionale Kunsmuseum [s.j.]
4. Lohann, C.A. Katrine Harries, 1914–1978. *Skoolbiblioteek*, 10(2): 36–37; Desember 1978.
5. Lohann, C.A. Katrine Harries, 1914–1978. *Suid-Afrikaanse Biblioteke*, 46(1): 48; Julie 1978.
6. Lohann, C.A. Kinderboektoekennings. *Skoolbiblioteek*, 10(2): 35; Desember 1978.
7. Scholtz, J. du P. *Katrine Harries, life and work*. Cape Town: Tafelberg, 1978.

5.3 Harries, Katarine Friderike (23 November 1914–24 Februarie 1978)

Nadat Katrine Harries reeds twee keer tevore die C.P. Hoogenhout-toekenning vir haar illustrasies ontvang het, is sy in 1975 die eerste wenner van die nuut ingestelde SABV-toekenning vir Suid-Afrikaanse Kinderboekillustrasies. Hierdie toekenning is aan haar gemaak op grond van haar illustrasies in *Rympies vir kleuters* wat in 1974 verskyn het. Volledige biografiese besonderhede oor Katrine Harries word in paragraaf 5.2 verstrek.

□ In *Rympies vir kleuters* het Leon Rousseau meer as tweehonderd volksrympies byeengebring. Die kern van die bundel is suiwer Afrikaanse volksrympies. Tot hierdie groot groep reken Rousseau ook W. Versfeld se verwerking van bekende Engelse “nursery rhymes”. Sy verantwoording hier-


voor is: “Met al hul gebreke het Versfeld se berymings in ons taal klassiek geword. Om ‘Humpty Dumpty’ (‘Oompie Doompie’) of ‘Jack and Jill’ (‘Griet en Pieter met ’n watergieter’) vandag opnuut te wil berym, sou byna heiligskennis wees.” Daarnaas is outentieke volksryme uit Nederland,

Duitsland en Engeland — ons vernaamste kulturele stamlande — gerekonstrueer om by die gees van die Afrikaanse volksryme aan te sluit. Enkele “kunsryme” deur die samesteller self is ook opgeneem en sluit op uitmuntende wyse by ons tradisionele ryme aan. Nie alleen die kleuter nie, maar ook die kind in sy eerste skooljare sal genot uit hierdie aantreklike bundel put. Die noukeurige indeling van die rympies in agt-en-twintig afdelings hou deurgaans rekening met die jong kind se ontwikkeling. Die nuttige aanhef by nagenoeg elke afdeling verklaar boeiende aspekte van die rympies, wys op hul herkoms en die wyse waarop hulle voorgedra word. Die jong baba kan reeds met die vinger- en toonrympies bekend gemaak word. Sodoende “leer hy (onbewus) die klank en die gevoel van sy eie taal”. Vir die ouer baba wat al ’n bietjie kan saamspeel, is daar klopryme, knieryme, kieleryme, dans- en speelryme en handspeletjies. Geskik vir die kind in die vroeë laerskoolklasse is ABC-rympies, Boerespellings, spreukryme, snelsêrs, raaiselryme en die talle rympies oor diere en boeiende “karakters”.

Dit is nie verbasend dat daar ’n mate van verdubbeling tussen hierdie *Rympies vir kleuters* en Pieter W. Grobbelaar se twee volksrympieboeke *Trippie trappe trone* en *Varkies in die bone* bestaan nie. Ek kon egter slegs vier ryme in hierdie bundel vind wat presies met hul teenhangers in Grobbelaar se versameling ooreenstem. Rousseau se uitgangspunt was “om oormatige modernisering en verwerking van ons klassieke volksrympies sover moontlik (te) vermy”. Daarom het hy hier en daar ook argaïese woordvorme behou wat deur Grobbelaar verafrikaans is. Die kielerympie “Gaan na die mark” sluit bv. met die reëls “Hier kom die krappie aangelope/en onder die armpie ingekrope!” Grobbelaar maak hiervan:

Hier kom krappie
aangesluis
en onder die armpie
ingebruip!

Naas die bekende ryme het Rousseau ook ’n verbasende hoeveelheid feitlik vergete Afrikaans volksrympies ingesluit, wat o.m. in die afdelings klopp- of beslaanryme, handspeletjies, etenstydryme en ABC-rympies voorkom. Rousseau se ver-



moë om self klinkende ryme te maak, spreek uit sy eie verwerking van bekende Engelse rympies soos die stapelrym ‘Die huis van Koos Delpont’ (‘The house that Jack built’) en ‘Ou mamma Laffras en haar hond’ (‘Old Mother Hubbard’) wat ingrypend verskil van E.P. du Plessis se redaksie van dié rym in *My eerste rympieboek*. Die samesteller se eie skeppinge, wat nie op werklike volksryme gebaseer is nie, is “Die bruilof van die voëls”, waarvan daar ook ’n afsonderlike prentboek gemaak is, en “Die diere-ABC”. In laasgenoemde gaan leering en pret op sprankelende wyse hand aan hand. Hieruit kom bv.:

C is chinchilla,
met stert soos ’n kwas.
Honderd van hom
maak ’n baie duur jas.

en

M is vir muil,
sy ma is ’n perd.
Sy pa was ’n donkie
en weinig werd.

Rympies vir kleuters kan, vanweë die verteenwoordigende inhoud, die kunstige kleurtekening deur Katrine Harries en die puik tegniese versorging,

met reg 'n standaard-versameling vir jong kinders uit die Afrikaanse volkspoësie genoem word.

(Rialette Wiehahn, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, September 1975)

□ 'n Pa of ma (oupa of ouma) wat nie stories en rympies ken nie of nie katel-atel-fi-fateltaal, of kinderlatyn soos Leon Rousseau dit in sy *Rympies vir kleuters* noem, kan praat nie, moet seker maar "uit" voel in kleutergeselskap.

Om weer van nuuts af te besef hoe 'n belangrike rol die rympie in die kleuter se lewe speel, moet 'n mens net weer die meer as 200 rympies wat Rousseau hier saamgebring het, lees.

Kleuterrympies is iets wat nie "verstaan" hoef te word nie, daarom dat 'n moeder reeds aan haar jong baba allerhande rympie-dinge beduie. Dis

Duimpie,
Pruimpie,
Appel en Peer;
Pinkie bly die
grootmeneer.

wanneer sy 'n klein handjie in hare neem, dis

Hierdie varkie gaan mark toe
hierdie varkie bly tuis.

wanneer sy toontjies afdroë en al verstaan die baba nie verstaan hy tog en bly die rympie iets kosbaar tussen hom en sy moeder.

Later is dit ander soorte rympies wat vir die kindjie opgesê word — die kloprym terwyl onder sy voetsool geklop word, die knierym terwyl hy op die knieperdjie ry, kielieryme, dans- en speelryme.

Die skrywer het die ryme in afdelings soos hierbo genoem en nog baie ander soos handspeletjies,

kindergebede, wiegeliedjies, diereliedjies, ABC-rympies, en nog talle meer, ingedeel, sodat die persoon wat die boek gebruik, maklik die rympies wat vir sy doel geskik is, kan vind.

Die skrywer het ses jaar lank aan sy standaard-versameling kinderrympies gewerk en die boek bevat elke bekende tradisionele kinderrympie en vele ander vergete rympies wat Rousseau nou weer opgediep het asook verwerkings van volksrympies uit ons belangrikste stamlande — Nederland, Duitsland, Engeland. Die skrywer vertel dat hy by hierdie verwerkings meermale tot die ontdekking gekom het dat van ons klassieke kinderrympies net fragmente van langer Nederlandse of Duitse ryme is.

Omdat die skrywer sover moontlik die volkskunskenmerke van die ryme wou bewaar, het hy weggekram van modernisering en verwerking. So byvoorbeeld, het die skrywer Versveld se verwerking van Engelse "Nursery rhymes" soos Oompie Doompie en Griet en Pieter met 'n watergieter onveranderd opgeneem, hulle gebreke ten spyte, want deur etlike geslagte se aanvaarding van hierdie rympies het dit volksbesit geword.

Om nou oor 'n boek vol rympies te praat en nie een aan te haal nie, klink nie reg nie, maar om een uit 'n boek vol rympies te kies, is weer nie maklik nie, dus neem ons maar sommer die een waar die boek oopval.

Repel, skepel, lepelsteel —
ou tant Kotie eet te veel.
Spek en eiers,
snoek en eiers,
ses kalkoene, perlemoene,
twaalf pasteie, rye preie.
Dit is vir tant Koot te veel —
repel, skepel, lepelsteel.

Rympies vir kleuters deur Leon Rousseau bevat 'n aantal pragtige meerkleurige tekeninge van Katarine Harries en is deur Human en Rousseau uitgegee.

(Hannie Schutte, *Die Transvaler*,
8 Maart 1975)

5.4 Harries, Katarine Friderike (23 November 1914 – 24 Februarie 1978)

In 1977 word die SABV-toekenning vir Kinderboekillustrasies vir 'n tweede keer aan Katrine Harries toegeken. Hierdie keer was dit vir haar illustrasies in *Herelandgoed* wat in 1976 verskyn het. Volledige biografiese besonderhede oor Katrine Harries word in paragraaf 5.2 verstrekk.

□ *Herelandgoed* — uitgegee deur H & R Kaapstad. Die teks deur Leon Rousseau en tekeninge deur Katrine Harries. Die 22 heel bekende Afrikaanse vanne se betekenis en herkoms, ambagte en beroepe.

Teks is spaarsaam gebruik — meesal net 'n sin en die betekenis word verder duidelik deur illustrasies. Katrine Harries het geen bekendstelling nodig as illustreerder nie, en die 23 tekeninge hierin vervat, weerspieël dit weer eens.

Haar los dog sensitiewe tegniek van skloptiele tinte en lynwerk slaag baie duidelik daarin om die gees en milieu van die vroeë Kaapse lewe te skets. Sy maak ook deurgaans gebruik van twee kinderfiguurtjies, wat dit vir die kleinspan moontlik sal maak om daarmee te identifiseer.

(L. Strydom, *Die Transvaler*,
31 Desember 1976)

□ The herelandgoed of the title is a large estate set in the South Africa of, at a guess, Van der Stel vintage. There is plenty of work for butchers, bakers, carpenters, weavers, brewers and the like.



Leon Rousseau has selected 22 Afrikaans surnames left over from these early days and has given explanations of the meaning of the names, all in rhyme. Ackerman, Saayman, Muller, De Jager, Gerber, Schoeman — they're all there, illustrated to perfection by Katrine Harries. Children will read this picture book over and over again. A glossary of English names makes for interesting comparison, listing Miller, Hunter, Tanner, Brewer, Cooper, Taylor, Cook, Smith and Baker.

(Rykie Pretorius, *The Argus*,
23 Februarie 1977)

5.5 Coetzee, Cornelia (2 Desember 1940–)

Cora Coetzee is op 2 Desember 1940 in Stellenbosch gebore. Haar vader, prof. B.I.C. van Eeden, was professor in Bantoetale aan die Universiteit van Stellenbosch. Sy het ook nog 'n broer en suster. Haar laerskooljare bring sy deur aan die Laerskool Bloemhof te Stellenbosch. Aan die einde van 1958 matrikuleer sy aan die Hoër Meisieskool Bloemhof, Stellenbosch.

Vanaf 1959 studeer Cora aan die Universiteit van Stellenbosch. Sy behaal haar BA-graad met geskiedenis en sielkunde as hoofvakke in 1961 en besluit om haar as onderwyseres te bekwaam. Aan die einde van 1962 behaal sy haar Sekondêre Onderwysersdiploma. Haar belangstelling in die grafiese kuns laat haar afsien van haar skoolhouplanne en sy skryf weer in, hierdie keer vir die vierjarige BA-graad in Grafiese Kuns wat sy aan die einde van 1966 verwerf.

In 1967 is sy werksaam as grafiese kunstenaar by die Nasionale Handelsdrukkery te Goodwood. Haar huwelik in hierdie jaar met dr. Johan F. Coetzee, 'n medikus, lei haar paaie vir die eerste keer uit die Wes-Kaap. Vir die volgende drie jaar bevind die egpaar hulle eers in Oos-Londen en daarna in Welkom in die Oranje-Vrystaat. In hierdie tyd doen sy 'n bietjie vryskutwerk.

In 1970 keer die Coetzees terug na die Kaap waar Cora se eggenoot as narkotiseur praktiseer. Cora aanvaar 'n betrekking as kunstenaar by die Suid-Afrikaanse Museum in die Kompanjiestuine in Kaapstad, waar sy verantwoordelik is vir die illustrasies in wetenskaplike publikasies. Hier is sy werksaam tot 1974 met die geboorte van die eerste van haar twee seuns. Sedertdien werk sy as vryskut boekillustreerder en grafiese kunstenaar vanuit haar huis in Welgemoed, Bellville.

Sedert 1965 toe die eerste boek wat sy geïllustreer het, gepubliseer is, het daar ongeveer vyftig publikasies verskyn wat deur haar geïllustreer is. Dit sluit in onder andere drie boeke oor Suid-Afrikaanse kookkuns. Hoewel sy nie 'n skrywer is nie, het sy wel twee boeke uitgegee, een wat tekeninge bevat van haar geboortedorp, getitel *Eikestad*, en die ander een met tekeninge van Suidwes-Afrika, getitel *Namibia*. Laasgenoemde is die resultaat van gereelde jaarlikse besoeke aan hierdie landstreek. Dit weerspieël ook haar aangetrokkenheid tot die ongerepte natuur en afgeleë plekke. 'n Mens sal haar dan ook dikwels tydens naweke in 'n afgeleë Kaapse vissersdorpie vind waar sy besig is om haar talente te beoefen. Haar pragtige kinderboekillustrasies het nie ongemerk verbygegaan nie. Nadat die SABV-toekenning vir Kinderboekillustrasies kort voor die dood van Katrine Harries na hierdie begaafde kunstenaars vernoem is, is Cora Coetzee die eerste persoon wat die toekenning met die nuwe naam ontvang. Die Katrine Harries-toekenning vir Kinderboekillustrasies word in 1980 aan haar toegeken vir haar illustrasies in *Die muis sonder snorbaard* asook vir haar illustrasies by die verhaal "Oupa Kyken" in *Storiehuis, woordpaleis*. Beide hierdie publikasies het in 1979 by Tafelberg-Uitgewers verskyn.



Cora Coetzee het reeds vier suksesvolle uitstallings van haar werke gehou, hoofsaaklik sketse van outydse opstalle, geboue, die see en landskappe. Geeneen van haar kinderboekillustrasies en boekomslae is al uitgestal met die doel om dit te verkoop nie.

Die media waarmee sy graag werk is meestal waterverf en pentekeninge. Sommige kenmerkende eienskappe is haar delikate lyne, 'n humoristiese inslag en die vermoë om 'n tipies Suid-Afrikaanse atmosfeer weer te gee.

Cora Coetzee is ook 'n gesogte spotprenttekenaar. As gevolg van haar assosiasie met die mediese wêreld word sy dikwels deur dokters genader om opvoedkundige mediese publikasies te illustreer.

Die volgende boeke waarvan sommige in sowel Afrikaans en Engels uitgegee is, is onder andere deur Cora Coetzee geïllustreer:

- De Villiers, Siena. *Haai Selina jok jy nie?* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1965.
- De Jongh, Meindert. *Die kat op die toring*. Pretoria: Van Schaik, 1966.
- De Jongh, Meindert. *Die boemelaar en die klein muishondjie*. Pretoria: Van Schaik, 1966.
- Mikro. *Die twee bruin perde van oom Tewie*. Pretoria: Van Schaik, 1967.
- Trümpelmann, G.P.J. *Die Siegfriedsage*. Kaapstad: Nasou, 1967.
- Rousseau, Leon. *Professor Oer en sy diere*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.
- Rupert, Rona. *Martinus en die windpomp*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.
- Trümpelmann, G.P.J. *Zu Lust und Lehr*. Kaapstad: Maskew Miller, 1971.
- Visser, Tryna. *Die hartseer likkewaan*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1971.
- Grobbelaar, Pieter W. *Huberta gaan op reis*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
- Grobbelaar, Pieter W. *Storieman se tyd*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
- Grobbelaar, Pieter W. *Pinkie*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1972.
- Kensley, Brian. *Sea shells of Southern Africa*. Cape Town: Maskew Miller, 1973.
- Lubbe, Aletta. *Diere se dinge*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1973.
- Grobbelaar, Pieter W. *Koning Leeu se verjaardag*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1973.
- Heese, Marie. *Die Pikkewouters van Amper-stamperland*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1974.
- Thesen, Hjalmar P. *Country days*. Cape Town: David Philip, 1974.
- Grobbelaar, Pieter W. *As pa vertel*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1974.
- Hendriks, P.G. *'n Spyker vir Slypsteenkop*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1974.
- Heese, Hester. *Die peperboom*. Kaapstad: Tafelberg, 1975.
- Opperman, Marié. *Die opraak van die vuur*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1975.
- Grobbelaar, Pieter W. *Hopla-Hans*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1976.
- Visser, Tryna. *Die appelboomskool*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1976.
- Grobbelaar, Pieter W. *Uit ou Mi'kai se dae: stories en rympies*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1976.
- Langenhoven, C.J. *Jantjie Muis en Jakob Slang*. Kaapstad: Tafelberg, 1976.
- Coetzee, Cora. *Eikestad*. Kaapstad: Struik, 1976.
- Opperman, Marié. *Mbodse en die Langsnoet-heksie en ander inheemse verhale*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1977.

- Langenhoven, C.J. *Brolloks en Bittergal*. Kaapstad: Tafelberg, 1977.
- Langenhoven, C.J. *Die Krismiskinders*. Kaapstad: Tafelberg, 1978.
- Joubert, Thana. *As Benna moet boer*. Kaapstad: Tafelberg, 1978.
- Coetzee, Cora. *Namibia*. Cape Town: Struik, 1979.
- Instituut vir Navorsing in Kinder- en Jeuglektuur. *Storiehuis, woordpaleis*. Kaapstad: Tafelberg, 1979.
- So eet ons in Stellenbosch*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1979.
- Poland, Marguerite. *Die muis sonder snorbaard*. Kaapstad: Tafelberg, 1979.
- Poland, Marguerite. *Nqalu, the mouse with no whiskers*. Cape Town: Tafelberg, 1980.
- Veldsman, P. *Eet saam met Leipoldt*. Kaapstad: Tafelberg, 1980.
- Steenberg, Elsabé. *Soek-soek op soek*. Kaapstad: Tafelberg, 1980.
- Van der Merwe, C.N. *Die heldedaa van Mientjie Mier en ander verhale*. Kaapstad: Tafelberg, 1981.
- Kühne, W.O. *Die wonderbaarlike motor van Barnabas Bombas*. Kaapstad: Tafelberg, 1981.
- De Jongh, Marietjie. *Die tandkitaar*. Kaapstad: Tafelberg, 1981.
- Opperman, D.J. *Nuwe kleuterverseboek*. Kaapstad: Tafelberg, 1981.
- Van Straten, Cecily. *The fish eagle and the dung beetle*. Cape Town: Human & Rousseau, 1982.
- Opperman, D.J. *Nuwe klein verseboek*. Kaapstad: Tafelberg, 1982.
- Brink, Matie. *Dis nou potjiekos*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1983.
- Mittner, Esme. *Waar is al die moeders heen?* Kaapstad: Tafelberg, 1983.
- Von Wielligh, G.R. *Dierestories*. Pretoria: Van Schaik, 1983.
- De Jongh, Marietjie. *Die man met die gaatjie in sy trui*. Kaapstad: Tafelberg, 1983.
- Poland, Marguerite. *Marcus en die bokshandskoene*. Kaapstad: Tafelberg, 1984.
- Poland, Marguerite. *Marcus and the boxing gloves*. Cape Town: Tafelberg, 1984.
- Joubert, Elsa. *Die vier vriende en ander stories uit Afrika*. Kaapstad: Tafelberg, 1985.
- Blignault, Audrey. *Die goue vreugde*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1985.
- Kuhne, Klaus. *Joey, Bobo and the one-eyed ostrich*. Cape Town: Tafelberg, 1986.
- De Vos, P. *Wolfgang Amadeus Muis*. Kaapstad: Tafelberg, 1986.
- Wagner, P. *The ostrich story*. Cape Town: Chameleon, 1986.
- Norridge, R. *Wonderful Mr Boon of the Bushveld*. Cape Town: Tafelberg, 1986.
- De Kock, Lochner. *Kelin die dwergmannetjie*. Kaapstad: Tafelberg, 1987.
- Van Straten, Cecily. *Huberta's journey*. Cape Town: Tafelberg, 1988.
- Poland, Marguerite. *Marcus en die kaskar*. Kaapstad: Tafelberg, 1988.

Bronne geraadpleeg

1. Potgieter, Alida. Illustreerders van Afrikaanse kinderboeke. *Die Kaapse Bibliotekaris*, Augustus 1981, p. 3–6.
2. Suid-Afrikaanse kinderboekillustreerders. *Skoolmediasentrum*, 16(2): 19–20; Desember 1984.
3. Van Rooyen, Marietjie. Met 'n pen deur 300 jaar. *Sarie*, 17 Oktober 1979, p. 22.

□ *Die muis sonder snorbaard*

Nqalu is 'n klein gestreepte veldmuisie met 'n groot probleem; hy het nie 'n snorbaard nie. Daarby is hy so skaam en skugter dat hy meestal onder die blare wegkruip.

Om Nqalu se nood en soektog na 'n lang, blink snorbaard, het Marguerite Poland 'n fyn kinder-verhaal met die titel *Die muis sonder snorbaard*, gewef. Dit blyk dadelik dat die skryfster 'n veldmens moet wees. Net 'n mens met liefde en kennis kan die natuur so raak en gevoelig beskryf. Sy vat jou as't ware aan die hand om saam met Nqalu na die Gees van die Olifant te soek, daar waar otter hom belowe het hy sal geholpe raak.

Die pad is lank en vol gevare vir 'n veldmuisie, maar algaande ontwikkel sy muiskaraktertjie en skud hy ou vrese af. 'n Mense-verhaal met dierepelers?

Daar is 'n varsheid in dié boek: soos die mooi beeldspraak: die oumense sê mos die sterre is klein kalbaslampies wat die aandluggie saans vol vet maak en dan aansteek, en wat die dagbreekwind-

jie dan weer doodblaas; die bangheid lê soos 'n yskoue rivierklip in sy maag.

Verder word *Die muis sonder snorbaard* verryk deur die kultuur en legende van die Bantoe. Dis asof jy 'n veraf getrom van dromme hoor terwyl jy lees. Daar is Thekwane, die stil bruin hamerkopvoël, wat 'n teken van die bose is, maar hy het die geheim van die voorvaders en weet waar die Gees van die Olifant bly. 'n Stokou horingbekvoël is die pontman by die rivier voor die Berg van die Voorvaders.


Die skryfster is goed toegerus om oor die Bantoe te skryf. Benewens 'n liefde vir dié mense, het sy 'n Honneursgraad in Xhosa en kan sy die taal vlot praat. Sy woon in Durban.

Sy en Cora Coetzee, wat die illustrasies van die boek gedoen het, is jarelange vriendinne. Dis duidelik dat daar 'n mooi begrip tussen skryfster en illustreerder is. Verhaal en illustrasies vul mekaar aan. Met goeie aanvoeling vir die atmosfeer wat die skryfster geskep het, gee Cora in aardse bruin kleure gestalte aan die karaktertjies. En watter juweeltjies is dit nie.

(A.L., *Die Burger*,
20 Desember 1979)

□ *Die muis sonder snorbaard*

Die verhaal van 'n streepmuis, Nqalu, wat skaam is omdat hy nie 'n snorbaard het soos ander muisie nie. Die otter raai hom aan om na die Gees van die Olifant te gaan. Nqalu pak die reis na die verre Berg aan en bewys op pad daarheen sy dapperheid deur eers die skelm blouaap teen te staan en deur later sonder huiwering oor die rivier van die dooies te vaar om by die Berg van die Voorvaders te kom. 'n Bekoorlike verhaal met 'n folkloristiese inslag en fyn illustrasies deur Cora Coetzee wat ook die humor goed uitbeeld. Die toneeltjie waar Nqalu twee dronk rotte ontmoet en die een waar die klomp diere stry oor die smous se ware, is kostelik!



(A.P., *Die Kaapse Bibliotekaris*,
Januarie 1980)

□ *Storiehuis, woordpaleis*

Uitmuntende toevoeging tot ons kinderlektuur

'n Boek wat my laat verlang na 'n rustige, televisielose aand saam met my kinders voor 'n kaggelvuur, is *Storiehuis, woordpaleis*, want dis by uitstek 'n boek om te deel en om voorgelees te word.

In hierdie bundel is van ons beste kinderboekskrywers (almal reeds bekroon!) aan die woord, en elke verhaal besit daardie fyngevoeligheid vir woord en atmosfeer wat tog só noodsaaklik is vir die siel van die kind. Ook die illustrasies is van besonder hoë gehalte deur bekende kunstenaars: Peter Buchanan, Cora Coetzee, Lizé Groenewald, Nikki Jones, Sheila Nowers, Alida van der Merwe-Bothma en Ann Walton.

Daar is eerstens die kostelike verhaal *Oupa Kyken* van Alba Bouwer met illustrasies (ware juweeltjies!), deur Cora Coetzee. Dat 'n ellendige ou volstruis nou soveel drama kan veroorsaak! Dis 'n heerlik humoristiese verhaal met karaktertjies eg en warm-menslik uitgebeeld.

Ons noem haar sommer deur Hester Heese is eintlik 'n fyn familieskets, bedoel vir die jongste kind in 'n gesin; die enetjie met wie die groteres nog spot en wat wéét hy is nog maar net 'n japsnoet in die ander se oë.

Op meesterlike wyse karakteriseer die skryfster elke gesinslid en laat die leser met 'n warm gevoel om die hart omdat Pa, die heerlike sterk, manlike Pa elkeen van sy kinders haarfyn ken en begryp.

Van Rona Rupert is daar in haar kenmerkende styl die pragtige verhaal van *Kiewedoe en Pypkaneel*. Vir Kiewedoe, die grootmaakkind van Goliat en Dorien van Boven, is Pypkaneel sy kosbaarste besitting. Hierdie presenthaan van hom kan dans sodra Kiewedoe begin sing, maar dis net sy geheim.

En al is Kiewedoe nou hoë lief vir sy antie Dorien en oom Goliat en vir sy bekende omgewing — as Pypkaneel geslag moet word sal hy maar sy vertroude wêreldjie moet prysgee en met sy haan moet vlug. Dit is 'n verhaal van die krag van liefde — dié sterk mag van liefde wat alles oorwin.

In *Huis, paleis, pondok* verhaal Elsabé Steen-

berg op gevoelige wyse die aanvanklike teësin wat dogtertjie teenoor haar nuwe bababoetie ervaar.

Aletta was lank die gekoesterde enetjie om wie Ma en Pa se liefde en belangstelling gedraai het en nou moet sy dit meteens deel met 'n lelike, skreeuende klein bababoetie. Maar dan gebeur daar iets wat die moederinstink in haar laat wakker word en wat 'n las was, word meteens 'n heerlike vreugde ...!

Die skryfster besit die vermoë om 'n kind se gedagte- en gevoelswêreld op te maak; om deur die oë van die gesond-positiewe, liefdevol te verwerk. Daarom kan die jong lesertjie hom ten volle vereenselwig met Aletta se negatiewe gevoelens en saam met haar groei tot 'n ouer suster.

Die bundel sou nie volledig gewees het sonder 'n bydrae deur die bekende Pieter W. Grobbelaar met 'n ou Afrikaanse volksverhaal *Ou groenenag* nie. Daar is ook 'n paar oulik-geïllustreerde rympies deur F. du Plessis (illustrasies Nikki Jones) en 'n klompie gediggies deur Freda Linde wat jou nogeens verwonderd laat oor die skoonheid van ritme en segkrag van ons mooi taal:

Rooivleis — koejawel vet geswel
van reën en persrooi adamsy,
en soetlemoen oranje-geel
van son — altwee kan my kry!

Hierdie bundel is moontlik gemaak deur die Instituut vir Navorsing in Kinder- en Jeuglektuur aan die Potchefstroomse Universiteit onder leiding van prof. C.A. Lohann en is 'n uitmuntende toevoeging tot die Afrikaanse kinderlektuur.

(E.V., *Die Volksblad*,
14 Mei 1980)

□ *Storiehuis, woordpaleis*

Uithaler-verhale en verse

Wie lees kinderverhale? Pa's en ma's, natuurlik, en kleingod wat net begin lees. Maar ek dink dit is die pa's en ma's wat *Storiehuis, woordpaleis* gaan lees, en onderwysers ook, want in hierdie band is nou 'n klompie bydraes wat baie oortjies gaan laat spits.

En die kleingoed gaan moeilik raak wanneer die voorleser nie na die volgende stap wil oorgaan nie. Die verhaal is soms aan die lang kant, maar ek dink nie dit sal hinder nie. Die leser sal, soos Flooi du Plessis dit stel, “ly aan aanhou-praat”.

Die Instituut vir Navorsing in Kinder- en Jeuglektuur van die Potchefstroomse Universiteit het met hierdie boek werklik 'n groot bydrae gelewer tot die Afrikaanse kinderlektuur. Om sewe bekreunde skrywers te kry om elk 'n stuk by te dra tot hierdie versameling, was werklik 'n blink gedagte, en met die keuse van illustreerders kan daar ook nie fout gevind word nie.

En soveel style as wat die illustreerders openbaar, soveel uiteenlopende soorte kinderverhale is daar. Ek het Elsbé Steenberg se verhaal (*Huis, paleis, pondok*) oor 'n meisietjie wat leer dat dit nie so onaardig is om nie meer die enigste kind in 'n gesin te wees nie, die meeste geniet. Maar ek begryp ook hoekom Rona Rupert se dogter, Marian, so baie van *Kiewedoe en Pypkaneel* gehou het. En dan is daar Freda Linde se mooi spel met woord in “Taalles St. 5”:

Kinders, 'draw' en 'pull' beteken trek.
In Afrikaans is trek korrek:
jy deponeer en trek 'n tjek, soos elke Engelsman
en jy mag salaris trek net solank jy kan

en as jy 'n lasdier is,
mag jy selfs 'n waentjie trek
soos in die tweede taal.
Net 'n been mag jy nie trek nie
om watter rede weet ek nie.

Pragtig, maar ook baie leersaam! Ook Flooi du Plessis se verse is mooi, maar hier dink ek wil hy die kleingoed dwing om te vra: “Wat is koliek?” “Wat is 'n dakspreu?” “Wat is 'n boerpampoen?” en so meer. By sowel Du Plessis as Linde se verse is daar ook baie wat die kleingoed sal laat lag.

Nie al die verhaal is vir ouer kinders bedoel nie. Pieter W. Grobbelaar se *Ou groenenag*, wat eintlik 'n oorvertelling van 'n ou Afrikaanse volksverhaal is, gaan die klein-kleingoed se ogies laat rek.

Maar as u soek na 'n boek om die kinders mee te vermaak, hoef u nie verder as *Storiehuis, woordpaleis* te kyk nie. Buiten die name wat ek hier genoem het, is daar ook nog mooi bydraes deur Alba Bouwer en Hester Heese, en die illustrasies is deur Cora Coetzee, Nikki Jones, Lizé Groenewald, Peter Buchanan, Ann Walton, Alida Bothma en Sheila Nowers.

'n Geheimpie: dis nie net mense met kinders wat *Storiehuis, woordpaleis* geniet nie.

(Kerneels Breytenbach,
Die Burger, 29 Mei 1980)

5.6 Walton, Anna Helena (19 Januarie 1941 –)

Anna Helena Botha, vandag algemeen bekend as Ann Walton, is op 19 Januarie 1941 in Kaapstad gebore. Sy is die enigste kind van 'n vlieënier van die Suid-Afrikaanse lugmag, Daniël Lourens Botha, en sy eggenote Phyllis Flitcroft. Na haar vader se oorlye het sy en haar moeder na Durban verhuis waar haar moeder se familie gewoon het.

Haar laerskooljare bring sy in Durban deur, eers aan die Oakford Priory en daarna die Gordon Road Primary School. Hierna gaan sy na die Loreto Convent in Pretoria en in 1958 matrikuleer sy aan die Pretoria High School for Girls. In 1959 studeer sy aan die Technikon in Pretoria.

Ann Walton begin haar beroepsloopbaan in 1960 toe sy vir dié jaar werksaam is by die Staatsbibliotheek in Pretoria. Haar hunkering na haar geboortestad lei haar na Kaapstad waar sy vanaf die begin

van 1961 by die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens werk. Vervolgens werk sy eers as ontwerper vir Kamber Clothing in Kaapstad en daarna vir Maskew Miller-Uitgewers. Tans is sy werksaam as vryskut-kunsteenaar.

Intussen het Ann Walton by die Universiteit van Suid-Afrika ingeskryf vir die BA-graad in Beeldende Kuns wat sy dan ook in 1980 behaal. Tussen al haar vryskutwerk deur is sy tans besig met navorsing vir haar MA-graad in Beeldende Kuns.

Ann Walton se loopbaan as illustreerder het in 1974 begin toe sy 'n verhaal wat in *Fair Lady* gepubliseer is, geïllustreer het. Sederdien het sy ook al meer as vyftig boeke geïllustreer. Die uitstaande illustrasies in Hester Heese se boek *Sy wat die soen op haar voorkop dra* wat in 1980 gepubliseer is, het haar die gesogte Katrine Harries-toekenning in 1981 besorg. Daarvolgens kan sy vandag as een van die beste kinderboekillustreerders in Suid-Afrika beskou word. Hester Heese het in 1982 die Tienie Holloway-medalje vir hierdie boek ontvang.

Sy is op 13 Desember 1967 met Alan Walton te Somerset-Wes getroud. Die egpaar het drie seuns en woon in die skilderagtige Houtbaai, Kaapstad.

Die volgende boeke is onder andere deur Ann Walton geïllustreer:

Heese, Hester. *Wat is daai — hê Pappa?* Kaapstad: Kinderpers, 1972.

Linde, Freda. *Die kookwiel en sy vrou*. Kaapstad: John Malherbe, 1977.

Heese, Hester, *Sêra Madêra*. Kaapstad: Tafelberg, 1979.

Heese, Hester. *Sy wat die soen op haar voorkop dra*. Pretoria: Qualitas, 1980.

Visser, T. *Versies vir jong mense*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1980.

Winckler, C.H. *Knakkie*. Kaapstad: John Malherbe, 1980.

Winckler, C.H. *Knakkie die boodskapper*. Kaapstad: John Malherbe, 1980.

Heese, Hester. *Kampatjerie is my liedjie*. Kaapstad: Tafelberg, 1981.

Linde, Freda. *Vlug na sonnige oewer*. Pretoria: Qualitas, 1982.

Linde, Freda. *Prinses van die park*. Pretoria: Qualitas, 1982.

Winckler, C.H. *Knakkie en die vreemde spoor*. Kaapstad: John Malherbe, 1982.

Koller, T. *Die gelukskind*. Pretoria: Daan Retief, 1983.

Seed, J. *The shell*. Pretoria: Daan Retief, 1983.



Die skryfster Hester Heese en Ann Walton tydens die oorhandiging van die Katrine Harries-toekenning aan Ann Walton saam met prof. Carl Lohann, Voorsitter van die Komitee vir Kinderboeke van SAIPI

(Foto: Die Burger)

- Heese, Hester. *Waarom is die reënboog krom*. Pretoria: Qualitas, 1983.
- Linde, Freda. *Die Keiserkroon*. Pretoria: Qualitas, 1984.
- Grobbelaar, P.W. *1 tot 12 — my telboek*. Pretoria: Daan Retief, 1984.
- Ramsbottom, M. *The magician's magic box*. Cape Town: John Malherbe, 1982.
- Potgieter, Ern . *Die parlement*. Pretoria: Qualitas, 1985.
- Seed, J. *The lost prince*. Pretoria: Daan Retief, 1985.
- Seed, J. *The disappearing rabbit*. Pretoria: Daan Retief, 1986.
- Muir, Karen. *Vegetable dyeing in South Africa*. Hout Bay: Weaverbird, 1986.
- Lawrence, M. *Well I never!* Pretoria: Daan Retief, 1987.
- Heese, H. *Wag hier vir my*. Oranjezicht: Feniks, 1988.

Bronne geraadpleeg

1. Ann Walton vir illustrasies bekroon. *SAIBI-Nuusbrief*, 1(10): 5; Oktober 1981.

□ Soene vir die sterre, kokkewiet en ... ma

Die prenteboek vertel van Karalie wat by die see woon, en wil wegvaar na 'n droom-eiland. Sy besluit om tien soene weg te gee voor sy vertrek: een vir die m rester — “hy wat so blinkoog maak teen die ylblou lig daar ver”; een vir die vroe  oggendwind “om hom ook bly te maak”; een “wind-op met die ooswind” vir die “kokkewiet op sy nes in die klimop teen die muur” ...

Die tiende soen gee Karalie vir haar “eie liewe ma; sy wat op haar voorkop die lekkerste soen sal dra.”

Nou kan sy wegvaar — maar haar bestemming is 'n verrassing.

In haar jongste kleuterboek bereik Hester Heese se woordkuns 'n poetiese hoogtepunt. Die werk is nie net 'n bekoorlike fantasie nie, maar ook 'n storie waarin elke woord noukeurig vir die kleuter gekies is.

Ann Walton se illustrasies is kunswerke — ofskoon hulle uitstekende kleuterboek-tekeninge is. Die atmosfeer van die verhaal word volmaak



weergegee. Elke teke ning is vir die kleuter interpreteerbaar vanuit sy eie ervaringsw reld.

Die gehalte van die volkleur-drukwerk het ek nog nooit gesien in 'n prenteboek wat in Suid-Afrika geproduseer is nie. 'n Pluimpie vir Qualitas!

Hester Heese het reeds 'n groot bydrae gelewer tot ons kinderliteratuur. Di  enkele boek is waarskynlik haar grootste.

(Ern  Potgieter, *Beeld*,
18 Maart 1981)

5.7 Van Zyl, Jacobus Adriaan Louw (20 September 1957–)

Adriaan van Zyl is op 20 September 1957 in Vredenburg gebore waar sy vader, mnr. A.H.P. van Zyl, ouditeur is. Adriaan en sy suster is die enigste kinders van die gesin.

Vanaf 1963 tot 1970 woon Adriaan van Zyl die Laerskool Vredenburg by. Sy hoërskooljare bring hy by die Hoërskool Vredenburg deur waar hy aan die einde van 1975 matrikuleer. Hierna gaan hy na die Universiteit van Stellenbosch waar hy die graad BA(Ed) in Beeldende Kuns in 1979 verwerf. Hy sit sy studies daar voort en behaal die Honneurs BA(Ed)-graad in Beeldende Kuns in die daaropvolgende jaar. Die voltooiing van sy verpligte militêre diens is die volgende op sy agenda. Sedert die voltooiing hiervan in Junie 1984 wy Adriaan hom voltyds aan skilderwerk.



Sy loopbaan as illustreerder is baie beperk deurdat hy nog slegs een boek geïllustreer het. Volgens hom konsentreer hy eintlik op skilderwerke en het hy die projek slegs aangepak omdat dr. Lydia Snyman hom oortuig het dat hy dit wel sal kan doen. Dat die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese hom in 1983 aangewys het as die wenner van die Katrine Harries-toekenning vir Kinderboekillustrasies is 'n duidelike bewys dat hy dit inderdaad kon doen. Die bekroning was gedoen vir sy illustrasies in *Kobus het 'n blom* deur Hester Heese. Dat die bekroning gedoen is vir sy eerste illustrasies spreek van die talent waaroor hy beskik. Dit is jammer dat so 'n jong en begaafde kunstenaar geen verdere illustrasies vir kinderboeke tot dusver gedoen het nie.

As skilder neem Adriaan van Zyl sedert 1977 gereeld deel aan groeptentoonstellings in onder andere Durban, Kaapstad, Bellville en Johannesburg. Sedert 1984 is sy werke ook gereeld te sien by die Gerard Read Gallery in Rosebank, Johannesburg.

Adriaan van Zyl is nog ongetroud en woon by sy ouers in Vredenburg.

Sy bekroonde illustrasies het verskyn in:

Heese, Hester. *Kobus het 'n blom*. Pretoria: Qualitas, 1982.

Bronne geraadpleeg

Prestige toekenning vir illustrasies. *SAIBI-Nuusbrief*, 3(10): 12; Oktober 1983.

□ 'n Jong kunstenaar, Adriaan van Zyl, het met die eerste boek wat hy geïllustreer het, verlede jaar die Katrine Harries-toekenning gewen. Hy was verantwoordelik vir die illustrasies van Hester Heese se boek *Kobus het 'n blom*, uitgegee deur Qualitas.

Die motivering vir die toekenning lui as volg: "Dit gebeur selde dat 'n kunstenaar met 'n nuwe benadering kom wat so onmiddellik tref soos hier. Adriaan van Zyl se meesterlike illustrasies in hierdie bekoorlike verhaal is voorbeelde van 'n relatief nuwe kunsrigting, die super-realisme, wat te ruggryp na die 17e eeu — o.a. na Vermeer en sy tydgenote. Verskeie aspekte val onmiddellik op: voortrefflike tegniek, 'n verbeeldingryke en stemmingsvolle uitbeelding van die verhaal met 'n verdere uitbouing van die hoofkarakter se persoonlikheid en sy verhouding met sy omgewing om hom, die vernuftige wyse waarop perspektiefprobleme oorkom is, die wyse waarop die boek as 'n eenheid gekonspieer is en die manier waarop 'n verdere verbeeldingsdimensie gesuggereer word. Deur die baie subtile kleurgebruik en aanwending van skaduering verkry die kunstenaar 'n atmosfeer wat spreek. Die uiters geslaagde komposisie en afwisseling in toon verleen aan hierdie illustrasies 'n frisse oorspronklikheid."

Hy het tydens die (1983) jaarkonferensie van die SA Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese in Bloemfontein die prys in ontvangs geneem. Die Katrine Harries-medalje is aan hom oorhandig deur prof. Carl Lohann, voorsitter van die Komitee vir Kinderboeke, wat die beoordeling waargeneem het.

"Met hierdie illustrasies betree die illustrasiekuns in Suid-Afrika 'n nuwe fase.

Die suiwer en professionele hantering deur die kunstenaar van die boeiende tema van die verhaal wat deur die skryfster op haar kenmerkend-sensitiwe wyse vergestalt is, bring mee dat die teks en die illustrasies 'n byna volmaakte eenheid vorm.

Die bydrae van die uitgewer, in die vorm van die uitstekende fisiese versorging van die boek, is eweneens uitmuntend. *Kobus het 'n blom* is 'n baie goeie voorbeeld van die spanoptrede van skryfster, illustreerder en uitgewer om 'n kinderboek daar te stel wat in enige land ter wêreld as van die hoogste gehalte beskou sal kan word."

(Ilse Ahrends, *Die Kaapse Bibliotekaris*, Februarie 1984)



□ Hierdie kleuterboek openbaar die soberheid van mededeling en die fyn, stemmingsvolle hantering van stof van die skryfster se beste werke.

Die verhaal, as 'n mens dit 'n verhaal kan noem, is baie eenvoudig en enkellynig. Twee ruimtes word betrek en skep teenstelling: plaas teenoor see, elkedagse werklikheid teenoor 'n seevakansie. Daar is egter ook sterk bindinge: by die see verlang Kobus na sy blom en vind iets daarvan terug in die geel van 'n sambreel en van "sonspatsels" (die bladsye is ongenommer). Die werkie eindig as Kobus en sy ouers terugkeer na die eerste ruimte, en nou vind hy weer 'n suidissel wat hom omgekeerd aan "n spatsel van die son" herinner.

Sober en tog boeiend word die stadia van die suidissel in die fokus gehou, totdat die enkele blom van die begin verrassend aanleiding gee tot 'n "hele kamp vol" suidissels. Met die vreugdevolle ontdekking eindig die verhaal.

Kobus as enigste karakter word baie strak en ongenuanseerd geteken. Hy voel intens besitlik teenoor dinge wat hy as sy eiendom beskou: sy blom, sy kano en sy koeie. Maar dis die blom waaraan hy hom heg: hy groet die suidissel soggens en saans, kyk hoe sy blare verdwyn en is byna te bang om asem te haal by die saadjies. Hy dink terug aan sy blom as hy by die see is, verlang na hom en, as hy tuis die hele weiland vol suidissels aantref, heg hy hom weer aan één: "Dié blom by die hek is die mooiste." Die blom word ook weer plegtig gegroet.

Altijd is Kobus alleen — sy ma en pa word net genoem as dit onvermydelik is, omdat hy saam met hulle see toe gaan en terugkeer, maar verder speel

hy op sy eie of versorg “sy” koeie. Juis omdat hy so ’n alleenkind is, oortuig sy gehegtheid aan ’n blom.

Terwyl die suidissel self deurgaans objektief beskryf word as blom, kom daar ’n bietjie persoonlikasie by die verwysing ná ’n uil en ’n vark. Maar dis veral die wind wat persoonifiserend geteken word: eers steur hy hom nie aan die saad nie, later steek hy die saad tussen die wilgertakke weg en wieg die bome. Só word sy stemmingvolle rol benadruk; ’n kleuter sal dit doodnatuurlik vind.

’n Volwasse verteller bly deur die verhaal aan die woord. Hier en daar word wel oorgeskakel na Kobus se eie gevoelens, maar slegs dan word *vertel* hoe hy verlang, soos verder ook wat hy doen, eerder as dat gebeeld word. Dit gaan nie daarom

dat ’n kleuter hom met Kobus kan identifiseer nie — dis net ’n idee wat stilweg gestalte kry aan die hand van ’n seun se ervarings.

Illustrasies deur Adriaan van Zyl, wat veel meer plek beslaan as die teks, is vir my gevoel té strak om tot die jong kind te spreek. Die ernstige donkerkopseun (wat altyd dieselfde klere dra behalwe as hy ’n swembroek aan het, en ’n trui in die winter) lyk heeltemal te groot om ’n kleuter te wees.

Veral die jong kind wat gevoelig is vir stemming kan plesier vind in die boek — maar selfs hy sal ’n sterker storie-element en ’mooi prente’ mis.

(Elsabé Steenberg,
Ongepubliseer)

5.8 Bothma, Alida Susanna (31 Januarie 1953 —)

Alida Bothma is op 31 Januarie 1953 in Pretoria gebore as die jongste van ’n gesin van drie dogters. Haar vader, mnr. A.J. van der Merwe, was destyds Adjunk-sekretaris van die Departement van Gemeenskapsbou. Hy is oorlede toe Alida slegs tien jaar oud was.

Vanaf 1959 tot 1965 is Alida ’n leerling aan die Laerskool Pretoria-Oos. Hierna gaan sy na die Afrikaanse Hoër Meisieskool, Pretoria waar sy in 1970 matrikuleer. Dit was veral gedurende haar hoërskooljare dat haar kunstalente ontluik het. Met ’n ma wat self baie kuns in haar gehad het en haar oudste suster, Bernice, as haar kunsonderwyseres op hoërskool, kon Alida dikwels saam met haar suster tot laat in die nag sit en skilder. Dit was dan ook juis Bernice wat haar baie geïnspireer het. Vandag het Alida hoë waardering vir haar moeder wat haar baie maal laat aanpas het by haar en haar suster se verfgiere. Alida skryf self verder: “Iets waaroor ek baie jammer is, is oor ’n kans wat ek laat verbygaan het. My ma was bereid om my oorsee te laat studeer, maar hulle sê mos die liefde is blind! — en ongelukkig het ek die geleentheid laat verbygaan omdat ek verlief was en nie wou weggaan nie! Nou is ek baie jammer daarvoor, want so ’n geleentheid sal nooit weer moontlik wees nie.”



(Foto: Beeld)

In 1971 studeer sy aan die Kunsskool van die Technikon, Pretoria en in 1972 en 1973 aan die Technikon, Kaapstad, waar sy haar driejaarkursus in Grafiese Kuns voltooi. Vir die volgende ongeveer drie jaar werk sy by 'n advertensie-agentskap in Kaapstad as illustreerder. Heelwat van haar werk vind neerslag in onder andere brosjures en advertensies.

In 1976 tree sy in die huwelik met Stephan Bothma wat, net soos sy bekende vader Paul Bothma, aan die SAUK verbonde is. Vir 'n jaar lank toer die egpaar oorsee, hoofsaaklik in Suid-Amerika waar sy heelwat van die Suid-Amerikaanse Indiane skets en skilder.

Na hul terugkeer in 1977 doen sy vryskutwerk, eers vir 'n kort rukkie in Kaapstad en dan in 1978 en 1979 in Johannesburg, hoofsaaklik vir advertensie-maatskappye. Vanaf 1980 bevind die Bothmas hulle in Port Elizabeth waar Alida haar veral op kinderboek-illustrasies begin toespits het.

Om haar illustrasies vir haarself interessant te hou en ook om haar boeke nie 'n eentonige voorkoms te gee nie, probeer sy om haar media vir die illustrasies soveel as moontlik te wissel. Naas die illustreer van boeke, skilder sy ook graag. Van haar waterwerfwerk is al in 1979 in Duitsland op 'n internasionale waterverftentoonstelling uitgestal. In 1976 het sy haar eerste kinderboek, *Wat maak jy, Hektor?* deur Rona Rupert, geïllustreer. Tot dusver het sy al meer as vyftig kinderboeke asook meer as twintig boekomslae geïllustreer.

Haar illustrasies het vroeg reeds die aandag getrek. Haar illustrasies in *Luister Lefa* en *Die aarbeimense* is dan ook tydens die beoordeling van boeke vir die toekenning van die Katrine Harries-toekenning eervol vermeld. In 1985 is die Katrine Harries-toekenning aan haar toegeken op grond van haar illustrasies in *Al Everest se voëls* deur Rona Rupert en *Die aarde moet vry wees* deur Pieter W. Grobbelaar. Seker haar omvangrykste en belangrikste projek tot nou toe, was die 140 illustrasies wat sy vir die pragpublikasie *Goue lint, my storie begint*, gemaak het. Sowat 103 van haar oorspronklike illustrasies vir die boek is in Kaapstad uitgestal.

Tussen die opvoeding van haar drie dogters deur gaan Alida Bothma as begaafde kunstenaar voort met die beoefening van haar kunstalente. Die volgende boeke is onder andere deur haar geïllustreer:

Rupert, R. *Wat maak jy, Hektor?* Kaapstad: Tafelberg, 1976.

Rupert, R. *Luister Lefa*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1976.

Marais, E. *Piet van snaar*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1977.

Opperman, M. *Die kraaie en die ryk kaptein*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1977.

Heese, H. *Frans se vyf dae in Desember*. Kaapstad: Tafelberg, 1977.

Rupert, R. *Wegloopwinter*. Kaapstad: Tafelberg, 1978.

Messerschmidt, S. *Skoentjies en klompies*. Pretoria: Daan Retief, 1978.

My eie seestorieboek, saamgestel deur Eric Stander. Pretoria: Daan Retief, 1978.

Van Schalkwyk, N. *Die geheim van die bergvolk*. Pretoria: Daan Retief, 1978.

Haggard, R. *Allan Quatermain*, oorvertel deur B. Ferreira. Pretoria: Daan Retief, 1978.

Spyri, J. *Heidi die huppelkind*, oorvertel deur Tannie Susan. Pretoria: Daan Retief, 1978.

Twain, M. *Huckleberry Finn*, oorvertel deur B. Ferreira. Pretoria: Daan Retief, 1978.

Martin, E. *Moriti*. Pretoria: Daan Retief, 1979.

Koller, T. *Vasie se nag*. Pretoria: Daan Retief, 1979.

Blignaut, T. *'n Sussie vir Sindie*. Pretoria: Daan Retief, 1979.

Kotzé, S. *Die wonderwiegie*. Pretoria: Daan Retief, 1979.

- Van den Heever, E. *Die ABC vir die kleinspan*. Pretoria: Daan Retief, 1979.
- Koller, T. *Flenters*. Pretoria: Daan Retief, 1979.
- Misheiker, B. *Die sirkus kry 'n nuwe nar*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1979.
- Messerschmidt, E. *Sprokies oor towerwoorde*. Pretoria: Daan Retief, 1979.
- Opperman, E. *Jasper Bobbejaan word boer*. Pretoria: Daan Retief, 1979.
- Rupert, R. *Woorde is soos wors*. Kaapstad: Tafelberg, 1979.
- Rupert, R. Kiewiedoe en pypkaneel, in *Storiehuis, woordpaleis*. Kaapstad: Tafelberg, 1979.
- Rupert, R. *Die aarbeimense*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1980.
- Sadie, J. *Die swart duikboot*. Pretoria: Daan Retief, 1980.
- Kotzé, S. *Die silwer beker*. Pretoria: Daan Retief, 1979.
- Van den Heever, E. *Die windkinders*. Pretoria: Daan Retief, 1979.
- Kotzé, S. *Die hoogmoedige volstruis*. Pretoria: Daan Retief, 1980.
- Opperman, E. *Gomtriëna se bruilof*. Pretoria: Daan Retief, 1980.
- Ras, J. *Giep Grootpoot*. Pretoria: Daan Retief, 1980.
- Rupert, R. *Dis myne*. Pretoria: Qualitas, 1981.
- Van der Merwe, E. *Kinderverse in gerwe*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1981.
- Rupert, R. *Tweede verslag van 'n buitengewone ontmoeting*. Kaapstad: Tafelberg, 1981.
- Raimondo, J. *Die drakeblom*. Pretoria: Daan Retief, 1981.
- Botha, D. *Die uil in die pad*. Kaapstad: Tafelberg, 1981.
- Rupert, R. *Te rooi vir woorde*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1982.
- Geldenhuis, J. *Die reëndruppels*. Pretoria: Daan Retief, 1982.
- Steenberg, E. *Simonetta en die spinnekop*. Kaapstad: Tafelberg, 1982.
- Rupert, R. *Runaway winter*. Cape Town: Tafelberg, 1982.
- Hugo, H. *Rolfie se robot*. Roodepoort: CUM, 1982.
- Symington, H. *As die wind daaroor gaan*. Pretoria: J.P. van der Walt, 1982.
- Visser, A.J.J. *Die harlekyn verskyn*. Kaapstad: Tafelberg, 1982.
- Bouwer, A. *Vlieg, swaeltjie, vlieg ver*. Kaapstad: Tafelberg, 1983.
- Rupert, R. *Wat wil jy maak as jy weet?* Kaapstad: Tafelberg, 1983.
- Grobbelaar, P.W. *Mannie Aap*. Pretoria: Daan Retief, 1983.
- Grobbelaar, P.W. *A is akker: ABC-boek*. Pretoria: Daan Retief, 1983.
- Deetlefs, R. *Een droomboom*. Kaapstad: Tafelberg, 1983.
- Grobbelaar, P.W. *Die aarde moet vry wees*. Pretoria: Daan Retief, 1984.
- Sacks, M. *Themba gaan sy vader haal*, vertaal deur A. Jonker. Kaapstad: Human & Rousseau, 1984.
- Goue lint, my storie begint*, byeengebring deur L. Rode. Kaapstad: Tafelberg, 1985.
- Linde, F. *Mevrou Hesseltein se duiwe*. Kaapstad: Tafelberg, 1985.
- Steenberg, E. *Eendag die blou voël*. Kaapstad: HAUM, 1985.

Storytime, compiled by Jay Heale. Cape Town: Tafelberg, 1986.

Grobbelaar, P.W. *Doer in Dierlandy*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1986.

Rupert, R. *Nou wil almal sien*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1987.

Rupert, R. *En wat van my?* Kaapstad: Tafelberg, 1987.

Koller, T. *Frankie's night*. Pretoria: Daan Retief, 1987.

Kotze, G. *Die kalbasdraertjie*. Kaapstad: Tafelberg, 1987.

Koller, T. *Rags*. Pretoria: Daan Retief, 1988.

Heese, H. *Ons twee ek en jy*. Kaapstad: Dias, 1988.

Steenberg, E. *Masilo en die monster*. Pretoria: Van Schaik, 1988.

Lambrechts, M. *Mientjie se offer*. Kaapstad: Tafelberg, 1988.

Goue fluit, my storie is uit: verhale, verse en raaisels, byeengebring deur Linda Rode. Kaapstad: Tafelberg, 1988.

Scannell, J. *Spreuke van Langenhoven*. Kaapstad: Tafelberg, 1988.

Bronne geraadpleeg

1. Ellis, Zirkëa. Die kinderbibliotekaris: Alida Bothma. *Die Kaapse Bibliotekaris*, Mei 1986, p. 15–16.
2. Potgieter, Alida. Illustreerders van Afrikaanse kinderboeke. *Die Kaapse Bibliotekaris*, Augustus 1981, p. 3–6.
3. Suid-Afrikaanse kinderboekillustreerders. *Skoolmediasentrum*, 17(2): 7–8; Desember 1985.

☐ *Die aarde moet vry wees*

Nuwe jeugverhale uit eie bodem

Die boekie vir kleuters of jong lesers is aantreklik uitgegee, met gehaltetekeninge deur die bekende illustreerder Alida Bothma. Werklike koerantknipsels word gebruik om rommel voor te stel en dit maak 'n effektiewe indruk — maar moet daar ook koerante wees by die vragmotors met stootskrapers wat juis die rommel gaan verwyder?

Die lettertipe is ietwat klein vir baie jong lesertjies.

Wat die storie betref: ja, 'n storie kan dit skaars

genoem word. Daar is lekker woordspel met mors, jors, lui en lak en 'n kinderleser sal seker onder die indruk kom van die verwoestende gevolge van



rommelstrooi — selfs die dreigende slot dien tot waarskuwing.

Maar die feit dat die geheel eintlik maar gaan om 'n kwalik bedekte preek, verminder die waarde. Hoeveel meer kry dr. Seuss reg met *Die loraks*, waar besoedeling in heerlike fantasiegedaante 'n rol speel!

In die boekie waarom dit hier gaan, is weliswaar ook fantasie, maar dit word opsetlik en byna blant ingespan om 'n suiwerende doel te dien.

Die titel self, en woorde soos *ontkom*, *provinsiale verkeersmag*, *beleërde stad*, *noue ontcoming*, wys onontkombaar op die waarskuwende volwasse verteller wat deurgaans aan die woord is.

(Elsabé Steenberg, *Beeld*,
22 Oktober 1984)

□ *Die aarde moet vry wees*

'n Opstapelende kinderverhaal oor besoedeling

Die aarde moet vry wees van Pieter W. Grobelaar is nie net die verhaal van die eenmalige besoedelingsprobleem van die dorpie Walhal nie — dis die verhaal van besoedeling vanaf die vroegste tye tot vandag. Die kleiner leser sal die oppervlakverhaal heeltemal bevredigend vind, maar vir die sensitiewe groter kind is hier heelwat te ontdek onder die oppervlak.

Op eerste sig kom die titel ietwat verhuld voor. Dis eers na die lees van die hele teks dat die titel agterhaalbaar is: die aarde moet vry wees van rommel, anders versmoor en sterf dit mettertyd.

In hierdie verhaal word vertel van die dorpsgemeenskap van Walhal wat so argeloos rommel gestrooi het dat hulle uiteindelik begrawe is daaronder. Hulle nood word deur Tokkie, 'n bokwagttertjie, besef en hy bring die noodberig aan die mense van die naburige vallei, wat dan die Walhalls en die aarde onder hulle met stootskrapers onder die rommel uit bevry. Wanneer hulle bevry word, verhuis die Walhalls na alle moontlike windrigtings en word so deel van die wêreldgemeenskap, waar hulle maar weer van vooraf begin mors. 'n Goeie oppervlakverhaal dus, maar ook 'n verhaal met 'n dieptestruktuur.

Tog is daar ook in sekere opsigte minder diepte as wat verwag sou word. So 'n geval is die karakterisering van Tokkie, wat as held met wie die kinderleser kan identifiseer, figureer. Alhoewel hy die held is, is sy rol in die verhaal betreklik klein. Slegs by twee geleenthede tree hy die verhaalgerebure binne: wanneer hy as bokwagttertjie bo-op 'n berg sit en sien hoe erg dit daaronder in die dal gaan (hy herinner hier nogal aan die Griekse gode wat vanaf die berg Olimpos kyk) en die tweede keer wanneer hy in die naburige vallei gaan vertel van die letterlike en figuurlike gemors waarin die mense van Walhal verkeer. Omdat Tokkie so selde in die verhaal ter sprake kom, is ook die kinderleser se geleenthede vir identifikasie beperk; kinders sal waarskynlik nie identifiseer met volwassenes soos die burgemeester of kommandant Boem nie. Al sou dit dan nie die doel wees om diepte of dimensie aan die karakter van Tokkie te gee nie, is hy nogtans funksioneel in die opsig dat hy tipe is van die kinderheld. Hoewel hy as kind nie in 'n posisie is om 'n krisis van hierdie omvang op te los nie, is hy tog 'n baie belangrike skakel tussen diegene wat in nood verkeer en diegene wat hulle tot hulp kom. Dis juis deur Tokkie se optrede dat die reddingsaksie in beweging kom en momentum kry. Al is Tokkie dan slegs 'n tipe, kan die kinderleser hom steeds identifiseer met die belangrike rol wat 'n kind kan speel in krisissituasies — in die geval van hierdie verhaal die sleutelrol van Tokkie in die reddingsaksie.

Die belangrikste medekarakters is die inwoners van Walhal wie se luiheid en morsigheid die spil is waarom alles draai. Veral die naamgewing van die gesin Mors-Jors beklemtoon hulle oorheersende eienskappe: Pa Lui-Lak-Mors-Jors, Ma Lui-Lak-Mors-Jors, Sus Lui-Lak-Mors-Jors, en Boet Lui-Lak-Mors-Jors. Die draers van die saamgestelde van Lui-Lak-Mors-Jors was "die ergste van almal" (p. 4), want inwoners van Walhal met dié van was "die luiste lakke en die morsigste jorse wat 'n mens kan kry" (p. 4). Verder sal die verhaal die kinderleser ook insig gee in die samestelling van verskillende samelewingsverbande, alhoewel die Wydsaaikorporasie en die KOREWAMO (Komitee vir die Redding van Walhal in die Moepeldal) seker nie onder die benaminge in die reële werklikheid bekend sal staan nie. Belangrike figure in die sa-

melewning wat hier ter sprake kom is die burge-meester, die provinsiale verkeershoof, die kommandant en die president.

Daar is ook terloopse kritiek op die samelewning wat ten alle koste toesprake gelewer wil hê by alle denkbare geleenthede — wanneer die president self kom om die reddingsaksie met 'n paar gepaste woorde te bemoedig en hy dan ontdek dat hy sy bril by die huis vergeet het, is dit vir almal om't ewe of hy sy toespraak lewer al dan nie. Verdere geïmpliseerde kritiek is dat die luiheid en arge-loosheid van enkelinge nie net die dorpsgemeenskap direk om hulle raak nie, maar selfs naburige dorpe en uiteindelik die hele wêreldgemeenskap, omdat sulke mense maar altyd en oral mors en so veroorsaak dat die aarde langamerhand sterf.

Aan die woord is 'n alwetende verteller wat met olimpiese uitsig fokaliseer. Hierby sluit die karakterisering van Tokkie in 'n mate aan. Soos wat die "alwetende" Griekse gode vanaf die berg Olimpos alles kan waarneem wat op die aarde gebeur, so is Tokkie ook fokaliseerder van die geleidelike verslegting van toestande in die dal. Sy uitsig op die dal lei tot insig in die implikasies van die gevaar en daadwerklike optrede. Omdat Tokkie egter so min in die verhaal figureer, het dit ook implikasies vir die perspektief waarvanuit die verhaal vertel word: daar is 'n afstandelikeheid tussen die kinderleser en Tokkie (en die positiewe waardes wat hy verteenwoordig), omdat die verhaal nie konsekwent vanuit die kind (dit wil sê ook Tokkie met wie die kinderleser wil identifiseer) se belewing gefokaliseer word nie.

Wat die ruimtelike situering betref verwys Wal-hal, die "klein-klein dorpie" in die Moepeldal na Walhalla in die Noorse mitologie. Die betrek van die pleknaam "Moepeldal" gee die verhaal onmid-dellik 'n agtergrond wat tyd en ruimte sedert die dagbreek van die tyd tot vandag van die heel noordelike 'n mitologiese Skandinawië tot die teenswoordige Suid-Afrika oorspan. Die verwysing na Walhal reeds in die tweede sin van die verhaal is vernuftig in die opsig dat dit 'n mitologiese verwy-sing is na die oerbegin van die mensdom wat maar van altyd af geneig was om die aarde te besoedel.

As gevolg van die baie verteltyd wat bestee word aan die geleidelike ontwikkeling van die besoede-lingsprobleem, is daar 'n ietwat trae verhaalgang.

Dit sluit egter funksioneel goed aan by die gelei-delike oploop van die spanning tot by die krisis waarin die Walhalls hulleself onder die rommel begrawe het en alles onder die rommel ook dood is. Ongeveer net soveel verteltyd word bestee aan die oplos van die krisis deur die optrede van die naburige vallei se reddingspanne wat die Walhal-lers onder die rommel uit bevry. Die verhaalgang vorder veral besonder moeisaam vanwaar die op-tog georganiseer en gemobiliseer moet word tot waar die uiteindelijke daadwerklike opruiming be-gin. 'n Ietwat lang verteltyd dus vanaf die krisis tot die hoogtepunt, maar binne die struktuur van hierdie verhaal heeltemal geregverdig, omdat dit aansluit by die idee dat dit 'n geweldige groot or-ganisatie verg om 'n probleem op te los wat ander as gevolg van 'n argelose houding laat ontwik-kel het.

Die oorheersende indruk met betrekking tot die taalgebruik is die opstapelende effek wat bereik word deur middel van herhalings, figuurlike taal-gebruik, polisindeton, hiperbool en alliterasie. Dit is 'n verhaal van opstapelning, versameling en vermenigvuldiging van betekenislae, tydsverwysings na verlede, hede en toekoms, 'n hele skare ka-rakters, 'n reuse optog voertuie en die opstape-ling van getallereekse wat meestal geen logiese ver-band met mekaar toon nie. Alles met betrekking tot die opstapelende taal en styl is dus parallel met die inhoud van die verhaal: die inwoners van Wal-hal mors en mors ook laag op laag. Betreffende herhaling as stylmiddel wat bydra tot die opstape-lende effek is daar die geslaagde woordspel en ont-ginning van verskeie kombinasieoortlikhede van "luie lak" en "morsjors" - woorde wat aangenaam is op die oor van die kinderleser. 'n Ander voor-beeld van veelvuldige herhaling is die volgende: "en die Lui-Lak-Mors-Jorse mors en mors en mors" (p. 19). Die herhaling dra ook by tot die hiperboliese effek: "Hulle sak weg in die riwwe en riwwe gemors" (p. 22). Tot in die heel laaste sin van die verhaal word herhaling as vermenigvul-di-gingstegniek deurgevoer: "En die aarde sterf bietjies-bietjies. Bietjies-bietjies sterf die aarde el-ke dag" (p. 40). Daar is vele voorbeelde van opsta-peling van klanke, onder andere wanneer die boodskappers op hulle motorfietse met 'n "gedon-der en gedreun" wegtrek en dit opgevolg word met

die “gebrul en gebeef” van die stootskrapers wat aangeskakel word (p. 30).

Een van die winste van die verhaal is dat die aanvanklike onordelike opstapeling van getalreëke wat nie logiese verband toon nie, wel ordelik in gelid kom ten opsigte van sowel eenderse getalle as tipografie tydens operasie skoonmaak. In ander gevalle funksioneer die tipografie weer as uitheffingstegniek:

Bottels en blikke en plastieksakke.
Ysters en ou buitebande en stukke karton (p. 40).

Bostaande tipografiese uitheffing word dan verder beklemtoon maar ook afgewissel met die polisin-detiese herhaling van “en”:

Koerante en stompies en spuitkannetjies en koel-drankdoppies en uitgediende motorvoertuie en teerkonkas en stukke boupuin, en alles wat mens kan bedink (p. 40).

Die belangrikste gelyklopende motiewe is dié van die gevarieerde herhalings van “Lui-Lak-Mors-Jors” en die in geringer mate herhaalde titelwoorde (p. 12 en p. 40).

Alle verhaalgegewe dra dus by tot die vermenigvuldigende, byna oorweldigende indruk wat die geheel skep. Die taalgebruik is treffend omdat dit aansluit by die verswelgende en versmorende resultaat van ’n steeds groeiende rommelprobleem. En dis waarskynlik juis dit wat die verhaaltitel uiteindelik beteken: die aarde moet vry wees van die rommel wat dit wil verswelg en uiteindelik sal laat sterf.

Die eerste indruk wat die illustrasies skep is dat dit argelose sameflansings is. Ook kinderlesers sal kan insien dat die illustrasies daarom goed by die teks pas; net soos wat rommelstrooiers argeloos papiere, blikke, plastiekbottels en wat nie alles nie, laat rondlê, so is die illustrasies ook ’n uitstekende voorbeeld van ’n skynbaar argelose collagetegniek. Die “saamgeflansdheid” en oor- en byme-kaargeplakte indruk wat die illustrasies skep, is ’n met die verhaal parallelle uitbeelding van die slordigheid van die inwoners van Walhal. Die illustrasies is ’n samestelling van onder andere tekeninge met bordkryt en kleurpotlood en veral die plak van stukkie geskeurde (nié gesnipperde) koe-

rant. Met die verloop van die verhaal neem die koerantskeursels steeds ’n groter deel van die illustrasies in, sodat dit op dié wyse die teks, waarin die besoedelingsprobleem ook steeds groter word, beklemtoon. Dié “smerige” illustrasies van Alida Bothma bevestig nie net die verhaal nie; bladsy vir bladsy intensiveer dit die toenemende bedreiging van die verswelgende rommel.

Behalwe vir vae herkenning van vertaalde kinderverhale met dieselfde tema en dieselfde woordspelings as in hierdie verhaal, is hier ’n betreklik duidelike herinnering aan die prosawerk van Etienne Leroux, een van die sterkste eksponente van die collagetegniek in die literatuur. Ooreenkomste met die werk van Leroux is onder andere die volgende: die ruimtelike situering (Walhal) in hierdie verhaal en Walhalla in 18-44; die grootskaalse organisering van stootskrapers en ander voertuie in hierdie verhaal en die groot logistieke organisasie in *Magersfontein, o Magersfontein* — in albei gevalle eindig dit in ’n reuse optog; die elemente van destruksie in hierdie verhaal wat veroorsaak is deur rommelstrooi en die destruksie en chaos in byvoorbeeld *Ons Hymie* veroorsaak deur ’n aardbewing; die satiriese vertelhouding in die kinderverhaal veral tydens operasie opruim en byna deurgaans in die werk van Leroux; die collagetegniek in die kinderverhaal in die teks (oorheenprojektering van verskillende ruimtes en verskillende tye) asook in die illustrasies en die collagetegniek soos in *Magersfontein, o Magersfontein*. Die ooreenkomste berus nie soos die Leroux-prosa op Jung se dieptepsigologie nie; dit kom voor asof dit eerder die geval is dat hierdie kinderverhaal ooreenkom met konkrete grepe uit die romans van Leroux.

Uiteindelik is die tema duidelik (alhoewel die diaktiese inslag daarvan betreklik verhuul is): as die mensdom aanhou rommel strooi, sal die aarde mettertyd doodgaan. Verder word ook geïmpliseer dat al kan ’n kind dikwels self nie groot take verrig nie, kan hy ’n sleutelrol speel in die bevryding van die aarde van rommel. Die verhaal wil dus nie “gelukkig” eindig nie; dit het ’n appèlstruktuur wat die leser teen die einde oproep om ’n positiewe bydrae te lewer om te verhoed dat die aarde onder die rommel begrawe word en sterf.

Kinders sal hierdie verhaal en sy illustrasies nie

“mooi” vind nie — en juis daarom sal die verhaal in sy doel slaag: dit wil uitbeeld dat rommelstrooi en die uiteinde daarvan allermins “mooi” is. Heeltemal tereg eindig die verhaal op ’n ietwat ontstellende toon: “Bietjies-bietjies sterf die aarde elke dag” (p. 40).

(Betsie van der Westhuizen,
Ongepubliseer)

□ *Al Everest se voëls*

Jeugverhaal met diepte

Everest, die tweede jongste van vier kinders, is swaksiende. Maar sy ma sê hy is genoem na die hoogste berg in die wêreld omdat sy wêét hy sal nog ’n groot man word. Hy is ook kleurblind en kan net geel en blou sien. Toe gee sy oom vir hom ’n blou budjie present en meteens kan hy ’n voël ook sien, deur sy oë teenaan die kou te druk, en kan hy ook aan hom vat en hom voel.

Die budjie ontsnap egter en sy ma laat koop vir hom ’n ander een. Dié is egter groen en Everest het geen erg aan hom nie. Met groot insig en liefde draai sy sussie stokkies om die budjie om te ruil vir ’n lieflike heldergeel voëltjie, ’n spatseltjie son in Everest se grys wêreld.

As die kat egter die voëltjie vang en opvreet, leer Everest ’n groot waarheid: wat jy in jou hart het, kan nie van jou weggeenem word nie.

Die verhaal het baie diepte; die innige en hegte gesinsverhouding, die deernis van die familie vir dié gestremde kind kom subtiel na vore deur dialoog en gestaltgewing.

Vir die leser wat dieper kyk, word die voëls simbool van geluk. Solank die mens, die armsalig swaksiende en swakbegrypende mens, dit uitwendig wil ervaar, ontglip dit ons grypende hande, maar as ons eers beseft dat dit binne ons lê, besit ons dit.

Die illustrasies verdien besondere vermelding. Alida Bothma maak gebruik van papier-collage-tegniek en skep illustrasies wat die gees en bedoeling van die verhaal uitmuntend weergee. Die dowe, vae figure soos waargeneem deur die swak oë van die seun, is grys en vaagomlynd. Maar lig en

helder die blou en geel voëltjies, die vrolike geggie van sy liefste sussie, die helder hoop van die glinsterende son.

(EV, *Die Volksblad*,
20 Oktober 1984)

□ *Al Everest se voëls*

Soos in baie van haar kinderboeke, kies Rona Rupert hier ook Bruinmense as karakters. Dit word nooit eksplisiet gesê nie — die laaste jare word die woorde Bruin en Swart angsvallig vermy, soms tot ’n punt van belaglikheid — maar die omstandighede van die gesin, hulle doen en late en omgewing dui daarop. Ook die kinders se name — Viktoria, Elbert, Born-Lady en Everest — is eerder tekenend van Bruinmense se voorliefdes as dié van Blankes.

Everest, die agtjarige hoofkarakter, word gekenmerk deur sy bysiendheid. Hy kyk “met sy ore en sy neus en sy hande” na dinge soos eers deur die verteller meegedeel maar dan deur Everest se optrede oortuigend gebeeld word. Sy liefde vir die budjie wat sy oom vir hom koop, is nie ’n primêre of groeiende geesdrif nie; hy soek na enigiets wat net aan hom kan behoort en waarvan hy die kleur kan onderskei.

Die budjies self word nie lewendig en sterk kenmerkend geteken nie, daarom voel die lesertjie ook nie baie betrokke by elk se verdwyning deur wegvlieg, terugruil en katvangs nie. Dis veelseggend dat die bloue wat eerste gekoop word en die gele wat deur Born-Lady aangedra word, respektieflik deur ’n ongeluk ontvlug en geëet word. Die middelste voëltjie, ’n groene, word nooit aanvaar nie omdat Everest groen-rooi-kleurblind is en hy dus geen vreugde het van sy kleur nie.

Van Everest weet die jong leser nie veel nie. Hy ondergaan dit wat gebeur meestal passief; selfs die dieper insig van die slot — dat iets moois voortbestaan in die herinnering — word deur Born-Lady vir hom uitgespel. In *Vlieg, swaeltjie, vlieg ver* van Alba Bouwer is dit ook ’n ander karakter, Oupa-Nelie, wat verduidelik dat mens niks verloor wat hy liefhet nie: “’n iets wat in jou hart kom lê het, net een maal dwars in jou hart kom lê het, daardie

iets bly maar daar, dis nou gesweer.” Dis meer aanvaarbaar dat ’n wyse ouer persoon so iets sal sê as ’n jong kind. En daarby bly dit ook nie: Faantjie reageer daarop, bring self die laaste stukkie insig as hy roep dat die swaels “tog gou weer terug” moet kom. Die reikwydte van dié verhaaltjie word veel groter. In *Al Everest se voëls* kom Everest glad nie weer in die slot aan die beurt met praat of handel nie, sodat die boekie nie wesenlik met hóm in die middelpunt eindig nie.

Medekarakters is taamlik vaag. Die boetie Elbert is áltyd gaaf en vriendelik teenoor Everest; Viktoria word darem een keer tot jaloesie opgewek as Everest weer ’n budjie kry en sy sê: “party mense is darem baie gelukkig...” Met Born-Lady het Everest ’n mooi verhouding en hy doen alles

wat sy vra omdat sy vir hom gunste doen. Dit voel darem alles te maklik en onmoontlik: dat kinders so sonder konflik kan lewe. Genuanseerd is die verhoudings nie.

Taalgebruik is versigtig en korrek (’n enkele keer sê Born-Lady darem *Koebaai*) en gee die indruk van neutraliteit en selfs volwassenheid. Dit gee ’n kinderleser nie ’n skokkie van verrassing nie en geen karakter word deur sy dialoog geïndividualiseer nie.

Die werkie is goed beplan en word versier deur illustrasies deur Alida Bothma wat die dowwe wêreld van Everest pragtig vaslê.

(Elsabé Steenberg, *Tydskrif vir Letterkunde*, Augustus 1985)

5.9 Daly, Nicholas (13 Junie 1946–)

Die bekende skrywer en illustreerder Niki Daly is op 13 Junie 1946 in Kaapstad gebore as die tweede seun van George en Sally Daly. Benewens ’n broer het Niki ook nog ’n suster.

Sy laerskooljare bring hy aan die Observatory Boys Primary School deur. Hierna gaan hy na die Observatory Boys High School waar hy aan die einde van 1964 matrikuleer. Gedurende die daaropvolgende twee jaar doen hy sy verpligte militêre diens.

In 1967 skryf hy hom in as student in grafiese ontwerp aan die Kaapse Technikon. Aan die einde van 1969 voltooi hy sy kursus. Hy begin sy loopbaan by ’n advertensie-agentskap in Kaapstad, maar besluit in 1970 om na Londen te gaan. In Londen aangekom, sluit hy by die CBS Record Company aan waar hy vanaf 1971 tot 1973 as sanger en liedjieskrywer werksaam is. Daarna, vir die volgende twee jaar, beklee hy ’n pos as junior kunsredakteur by ’n advertensie-agentskap in Londen. In 1976 tree hy toe tot die doserende personeel van die East Ham Technical College in Londen waar hy die verantwoordelikheid vir die onderrig van grafiese kuns op hom neem. Hy beklee die pos tot aan die einde van 1979 toe hy besluit om na Suid-Afrika terug te keer. By sy terugkeer vestig hy hom weer in sy geboortestad, Kaapstad.



Niki Daly is in 1974 met Judith Kenny getroud. Die egpaar het twee seuns, Leo en Joseph.

Terwyl Niki in Londen woonagtig was, het hy in sy vrye tyd illustrasiewerk gedoen. In 1978 begin hy om boeke te illustreer en om self ook boeke te skryf. Dat hy hiervan 'n sukses gemaak het, blyk uit die feit dat hy reeds in 1978 'n toekenning vir illustrasies van die British Arts Council asook van die Provincial Booksellers ontvang het. Hierdie toekenning was gegrond op sy illustrasies in *The little girl who lived down the road*. Hierdie toekennings word later opgevolg met twee verdere toekennings. In 1987 ontvang hy ook die Parents Choice Award in die Verenigde State van Amerika vir *Not so fast, Songololo*. Vir die illustrasies in hierdie boek wat deur homself geskryf en geïllustreer is, ontvang hy ook in September 1987 die Katrine Harries-toekenning. Van sy boeke wat almal in Engels gekryf word, is al in Afrikaans, Duits, Nederlands en Sweeds vertaal. Die meeste van sy boeke word feitlik gelyktydig in sowel Engeland as Amerika deur verskillende uitgewers uitgegee. *Not so fast, Songololo* is byvoorbeeld deur Human & Rousseau in Suid-Afrika in Engels en Afrikaans uitgegee, terwyl dit in Engeland deur Gollancz en in Amerika deur M.K. McElderry/Atheneum in Engels uitgegee is. Benewens sy skrywery en illustrasies vir boeke, doen hy ook illustrasiewerk vir die opvoedkundige bylaes van *Fair Lady*. Sedert sy terugkeer na Suid-Afrika was Niki Daly aanvanklik voltyds skrywer en illustreerder, tans is hy aan die Universiteit van Stellenbosch verbonde as dosent in grafiese kuns.

Die volgende boeke is onder andere deur hom geskryf en ook geïllustreer:

- The little girl who lived down the road*. London: Collins, 1978.
- Vim the rag mouse*. London: Gollancz, 1979.
- Joseph's other red sock*. London: Gollancz, 1982.
- Leo's Christmas surprise*. London: Gollancz, 1983.
- Ben's gingerbread man*. London: Walker, 1985.
- Ben se gemmerkoekmannetjie*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1985.
- Monsters are like that*. London: Walker, 1985.
- Monsters maak maar so*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1985.
- Teddy's ear*. London: Walker, 1985.
- Teddy se oor*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1985.
- Thank you, Henrietta*. London: Walker, 1985.
- Dankie, Katrien*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1986.
- Not so fast, Songololo!* Cape Town: Human & Rousseau, 1985.
- Nie so vinnig nie, Songololo!* Kaapstad: Human & Rousseau, 1985.
- Just like Archie*. London: Walker, 1986.
- Net soos Attie*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1986.
- Look at me!* London: Walker, 1986.
- Kyk net hier!* Kaapstad: Human & Rousseau, 1986.
- Die dag van die reënboog*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1989.

Die volgende boeke deur ander outeurs is onder andere deur Niki Daly geïllustreer:

- The Collins book of nursery rhymes*. London: Collins, 1981.

Hersom, Kathleen. *Maybe it's a tiger*. London: Macmillan, 1981.

Visser, A.J.J. *Hier kiek-kiek en hiep-hiep daar*. Kaapstad: Tafelberg, 1981.

Saayman, Cecilia. *Bolmakiesie oor die maan*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1982.

De Jongh, Marietjie. *Moeilikheid met Jan*. Kaapstad: Tafelberg, 1983.

Baum, Louis. *I want to see the moon*. London: Bodley Head, 1984.

Bronne geraadpleeg

1. Bedford, Emma. Geïllustreerde kinderboeke in Suid-Afrika, in *Doer-land-y*. (Kaapstad): S.A. Kunsmuseum, 1986, p. 20-27.
2. *Contemporary authors*, vol. 111. Detroit: Gale Research Company, 1984.


□ *Not so fast, Songololo!*

The names in *Not so fast, Songololo!* should be read aloud or sung. There is Malusi, whose grandmother calls him Songololo. He calls her Gogo. The baby is Uzuti, an older brother is Mongi and Mr Motiki owns the dog that is barking as Gogo walks slowly up the road stopping to lean on her cane and catch her breath.

Malusi does things slowly too, by choice. He takes time out to play when he should be putting on his worn-out, hand-me-down tackies. Tackies are sneakers in South Africa. Malusi's mother wants him to hurry so he can help Gogo with her shopping.

Waiting for the bus to the city, Malusi dawdles, kicking an old beer can around till the bus flattens it. Once there, he looks into store windows where he sees such handsome red tackies with white stripes that it is hard to tear himself away. But he is a responsible child and he guides his granny across streets filled with "mad cars" and traffic lights that mix her up.

At the end of the shopping expedition, Gogo leads Malusi back to the shoe store, unpins the purse she carries in her sleeve and, wonder of wonders, buys the red tackies for him. "Malusi felt so happy that it hurt him just to sit still." An illustration catches the moment: Malusi, his body tense with the joy of new shoes, his face shining up at



his grandmother. When they leave the store he swings off proudly in his handsome footgear as Gogo, smiling, calls out "Not so fast, Songololo!" There is a sweet spirit in this simple, neatly constructed story. Heavy old Gogo in her flowered dress and skinny, wide-eyed Malusi care quietly for each other. She thinks he is very clever to know the names of all the cars that pass by. And when he observes that "she looked older in the city," it is a sympathetic observation. Like other well-chosen details in this narrative, it rings true.

Niki Daly's easy watercolors over loose pencil sketching pick up bright patterns and make sen-

sitive studies of individual black faces. South Africa is not a headline here, it is background in a story for children. Older readers who note the poverty of the characters or contrast a bus filled with black passengers to cars driven only by whites will recognize the troubled situation that is an unspoken presence in this affectionate tale.

A note on the book jacket states that the author's United States earnings "will be donated to various needy causes in South Africa, among them the organization, READ, that is establishing lending libraries in black schools." In that case, buy several copies.

(Karla Kuskin, *The New York Times*,
June 1, 1986)

□ A warm, loving story of a little black boy and his grandmother is apparently set in South Africa. The little boy, Malusi, "liked doing things slowly" and was therefore a good companion for Gogo, his grandmother, on a trip to the city. The quintessential grandmother, she is a comfortable, pa-

tient, massive woman who walks with a cane. "Gogo was old, but her face shone like new school shoes. Her hands were large and used to hard work, but they were gentle." She has a pet name for Malusi, Songololo. Malusi helps Gogo on the bus, in the stores, and across the streets. He's a perceptive child — "She looked older in the city, he thought." In the shop windows Malusi admires some bright red sneakers. His own shoes are worn out, and Gogo, equally perceptive, buys him the glorious red tackies. It is very subtly suggested that Gogo denies herself some much needed new shoes to do so. The pride and joy on Malusi's face as he strides along in his new shoes is a triumph of artistic expression — the reader can clearly see his feelings. "Not so fast, Songololo", says Gogo, and they laugh together." The watercolor illustrations are splendidly evocative of the affection between the generations and of the South African city scene, which, surprisingly, is hardly distinguishable from an American city. The beautiful, gentle book about the ordinary occurrences of daily life has an extraordinary effect.

(A.A.F., *The Horn Book Magazine*,
LXII (5): 577; September/October 1986)

5.10 Grimsdell, Jeremy (10 April 1942 —)

Jeremy Grimsdell kom oorspronklik van Engeland af. Hy is op 10 April 1942 op Fulmer, Buckinghamshire, in Engeland gebore as die seun van James en Phyllis Grimsdell. Sy vader was 'n direkteur van 'n ingenieursonderneming aldaar.

Vanaf 1948 tot 1954 besoek Jeremy die Laerskool Holmwood en daarna tot 1959 die Hoërskool Mill Hill. Albei hierdie skole is in Londen geleë. Vanaf 1960 bevind Jeremy hom as student aan die Universiteit van Cambridge. Na verwerwing van sy graad in Dierkunde studeer hy verder en behaal aan die einde van 1964 'n nagraadse diploma in Landbou.

In 1965 maak hy kennis met Afrika waar hy sedertdien omvattende ekologiese navorsing in verskeie Afrikalande gedoen het. Aanvanklik gaan hy na Uganda waar hy navorsing doen oor die ekologie van die buffel. Hierdie navorsing lei tot 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Cambridge in

1969. Vanaf 1969 tot 1973 is hy in diens van die Nasionale Raad vir Wetenskaplike Navorsing in Zambië as 'n senior wetenskaplike beampte. In hierdie tyd onderneem hy ekologiese navorsing in die noorde van Zambië. Hierna gaan hy na Tanzanië waar hy as senior ekoloog aan die Serengeti Navorsingsinstituut verbonde is. Die volgende Afrikaland waarheen hy gaan, is Kenia. Hy vestig hom in Nairobi as konsultant vir verskeie organisasies. Hiervandaan onderneem hy vanaf 1977 tot 1981 verskeie ekologiese studies in Kenia, Ethiopië en Mali. In 1981 beweeg hy verder suidwaarts toe hy 'n pos aanvaar as senior navorser aan die Instituut vir Natuurlike Hulpbronne aan die Universiteit van Natal in Pietermaritzburg. Hier was hy verantwoordelik vir toesig oor verskeie ekologiese navorsingsprojekte en was hy ook betrokke by die ontwikkeling van 'n gerekenariseerde geografiese databasis vir Natal en KwaZulu. In Februarie 1986 tree hy uit diens van die Universiteit van Natal om hom voltyds te wy aan vryskut illustrasiewerk.



Jeremy Grimsdell en dr. H.J.M. Retief van HAUM-Daan Retief Uitgewers

(Foto: HAUM-Daan Retief)

Jeremy skryf sy belangstelling in diere en tropiese gebiede toe aan die feit dat sy moeder heelwat stories aan hom voorgelees het tydens sy kleinkinderjare. Dit was veral die "Jungle Books" van Rudyard Kipling wat op hom groot indruk gemaak het. Sy vroeë illustrasies was dan ook hoofsaaklik diere. In 1985 het hy sy eerste uitstalling van diere-illustrasies saam met internasionaal-bekende illustreerders van natuurlewe by die Norman Dunn-galery te Hilton gehou. Een van sy werke is ook in 1985 gekies om deel te vorm van 'n uitstalling wat in Natal gesirkuleer het. Sy eerste formele onderrig in kuns ontvang hy in 1986 toe hy aandklasse by die Tegniese Kollege in Pietermaritzburg bywoon. Vanaf 1988 gee hy ook deelyds klas aan die Tegniese Kollege in Tekenkuns. In 1987 word hy aangewys as die wenner van 'n landswye wedstryd vir kinderboekillustrasies wat deur HAUM-Daan Retief Uitgewers uitgeskryf is. Vir hierdie illustrasies in *Lank lewe Leeuhart* en *Moesan Muis* word hy in 1989 ook deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese bekroon met die Katrine Harries-toekenning.

Die volgende boeke is onder andere deur hom geïllustreer terwyl enkeles tans in die proses van uitgawe is. Die twee boeke van P.W. Grobbelaar is ook in Engels uitgegee.

Grobbelaar, P.W. *Lank lewe Leeuhart*. Pretoria: Daan Retief, 1987.

Grobbelaar, P.W. *Moesan Muis*. Pretoria: Daan Retief, 1988.

Munitich, B. *A Year on the farm*. Cape Town: Human & Rousseau, 1989.

□ *Lank lewe Leeuhart* is 'n baie aantreklike boekie met fyn genuanseerde illustrasies deur Jeremy Grimsdell wat 'n eerste prys verower het in die illustrasie-wedstryd van HAUM en Daan Retief Uitgewers.

Pieter W. Grobbelaar, bekende kinderboekskrywer vertel die storie. Leeuhart se vuurtjie word doodgeblaas deur die monster, Skrikkewaan. Saam met sy skarminkelmaat, Kalant, agtervolg Leeuhart die Skrikkewaan. Dan ontdek hy dat dit eintlik die getoorde prinses Jasmyn is.

Dit is 'n heel boeiende storie vir klein mensies.

(A. v. Z., *Die Volksblad*,
24 Oktober 1987)

□ *Genot vir jongspan*

As u wil weet hoe beoordelaars te werk gaan om die wenner van 'n wedstryd vir kinderboek-illustrasies aan te wys, kan u gerus deur dié boekie *Lank lewe Leeuhart* blaai wat aan Jeremy Grimsdell die Daan Retief-prys, in die betrokke kategorie besorg het.

Maar dit is nie net die illustrasies, in volkleur, propvol detail en prettig daarby, wat lof verdien nie. Die teks is vol verdienste en dit sal nie verbaas nie as Pieter W. Grobbelaar, wat hom al gevestig het as een van Suid-Afrika se vernuftigste skrywers van kinderlektuur, die illustreerder geïnspireer het! Die verhaal het as hoofkarakters die held, Leeuhart, monster, Skrikkewaan, Leeuhart se maat, Kalant, selfs 'n heks met kat kompleet op 'n besemstok ... en 'n prinses!

(J.H., *Beeld*,
7 September 1987)

□ *Moesan Muis*

'n Vrolike kleuterverhaal wat in rym geskryf is vertel van die avonture van Moesan Muis, 'fris in die



poot, en sterk van hart'. Moesan se gesin is honger en sy vrou daag hom uit om die plaashuis in te vaar en te gaan kos soek. Die geluk is aan Moesan se kant en per toeval sit hy die kat, Boer en Boer se vrou koud. Moesan keer as oorwinnaar na sy gesin terug. Die verhaaltjie is vol komiese humor wat so reg in die kraal van die kleuter sal val. Die karikatuuragtige kleurillustrasies is smaakvol en aantreklik en die boekie is mooi versorg. Veral geskik vir voorlees aan drie- tot vyfjariges.

(E. de R., *Die Kaapse Bibliotekaris*,
Oktober 1988)

□ Pieter W. Grobbelaar is nie verniet bekend as een van Suid-Afrika se oorspronklikste skeppers en grootste versamelaars van kinder- en volksverhale nie. Die kostelike storie bevestig dit opnuut. Die teks, in rymvorm, asook Grimsdell se illustrasies is voortreflik en boonop propvol humor.

Moesan se vrou konfronteer hom op 'n dag met 'n lastige vraag: "Is hy man of muis?" Waarop hy die boer se huis op horings neem, die kat op sy neus laat kyk en agterna met reg kan spog: "Doem-de-dan! Hier kom ek aan, ek, Moesan, die Muisman."

(Johan Holzapfel, *Beeld*,
6 November 1989)

Personeregister

- Beake, Lesley 4.5, 4.6
 Bothma, Alida 5.8
 Bouwer, Alba 2.4, 2.10, 2.16, 3.6, 3.12
 Coetzee, Cora 5.5
 Daly, Niki 5.9
 De Klerk, W.A. 3.5
 De Kock, S.S. 3.7
 Du Plessis, F. 2.5
 Du Plessis, I.D. 3.9
 FitzPatrick, Percy 4.2
 Grimsdell, Jeremy 5.10
 Grobbelaar, Pieter W. 1.4, 2.9
 Harries, Katrine 5.2, 5.3, 5.4
 Heese, Hester 1.6, 1.8, 2.15
 Holloway, Tienie 1.2, 1.7
 Hoogenhout, C.P. 2.2
 Joubert, G.J. 3.11
 Kielblock, Karl 3.17
 Komnick, Günther 2.7, 2.8
 Kühn, C.H. 3.4
 Kühne, Wilhelm O. 2.3
 Linde, Freda 1.5, 1.9, 2.6, 2.11, 2.12, 2.14, 3.20, 3.23
 Louw, Anna M. 3.15
 MER *kyk* Rothmann, M.E.
 Mikro *kyk* Kühn, C.H.
 Nortjé, P.H. 3.10
 Poland, Marguerite 4.3, 4.4
 Rabie, Jan 3.21
 Rothmann, Anna 3.19
 Rothmann, M.E. 1.3, 3.8
 Rupert, Rona 1.10, 2.13, 3.22
 Scheepers, F.L. 3.2
 Schoeman, P.J. 3.3, 3.14
 Sita *kyk* De Kock, S.S.
 Tafelberg-Uitgewers 2.17
 Van Niekerk, Dolf 3.24
 Van Reenen, Rykie 3.18
 Van Zyl, Adriaan 5.7
 Venter, Ben 3.16
 Vermaas, H.J. 3.13
 Walton, Ann 5.6

Register van bekroonde boeke

Die aarde moet vry wees
 Agtien man en 'n meisiekind
 Al Everest se voëls
 As die fluitspeler kom
 Bennie-Boet
 Boerseun
 Bokmakierie sing
 Botter-aas
 By die oog van die fontein
 A cageful of butterflies
 Drie jong jagters
 Fanie se veldskooldae
 Fanie word grootwildjagter
 Gekrenkte trots
 Die gésel van Namaland
 Die gevleuelde perd
 Goue lint, my storie begint
 Die groen ghoen
 Die haasvanger
 Heldin uit die vreemde
 'n Hennetjie met kuikens
 Herelandgoed
 Huppel verjaar
 Huppelkind
 "Inspring, kêrels!"

Janette
 Jetwa die buffelbul
 Die jongste ruiter
 Jos en die bok
 Jos en Klos
 Kampvure wat nie uitbrand nie
 Kaptein Gereke
 Karlien en Kandas
 Katrientjie van Keerweder
 Die Keiserkroon
 Klaasneus-hulle
 Die Kleingeld-kommando
 Kobus het 'n blom
 Die kikkewiet en sy vrou
 Lank lewe Leeuhart
 Die lui skoenmaker
 Legendes van alle nasies
 Lente
 The mantis and the moon
 Die mense is bang vir Petrus Alsander
 Mientjie die meisiekind
 Moesan die Muisman
 Moesan Muis
 Die mooiste Afrikaanse sprokies
 Die muis sonder snorbaard

- | | |
|-----------------------------------|-------------------------------------|
| Not so fast, Songololo! | Storiehuis, woordpaleis |
| Nou wil almal sien | Stories van Bergplaas |
| Nuwe stories van Rivierplaas | Stories van Rivierplaas |
| Oupa Landman se voo! | Stories van Ruyswyck |
| Oustryk | The Strollers |
| Outa Fransie | Die Swaaplanders |
| Pennie se vuur | Die swartwitpens |
| Die peperboom | Sy wat die soen op haar voorkop dra |
| Piet Vrolik en Ben Verstrooi | 'n Tuiste vir Bitis |
| Poens | Die tweeling trek saam |
| Present | Uit juffrou se dagboek |
| Die reus van Doringberg | "Uitspring, kêrels!" |
| Rebel | Die vallei van die rooi gode |
| Die rugby-kroon | Vallei van die skedels |
| Die ruiter in die nag | Versies van Tienie Holloway |
| Rympieboek vir kinders | Vlieg, swaeltjie, vlieg ver |
| Rympies van Tienie Holloway | Die voortreflike familie Smit |
| Rympies vir kleuters | Vulindaba |
| Die seeboek van die Sonderkossers | Waar ver winde waai |
| Sêra Madêra | Wat is daai — hê Pappa? |
| Die silwervaring | Wat maak jy, Hektor? |
| Die singende gras | Waterbobbejaan |
| Die skarlaken eskader | Wegloopwinter |
| Snoet-alleen | The wood-ash stars |
| Die Springbok | Woorde is soos wors |
| Die stadsmusikante | |